

**JY KAN DIE BYBEL VERSTAAN!**

***Paulus se Eerste Briewe:  
Galasiërs en I & II  
Tessalonisense***

BOB UTLEY  
PROFESSOR VAN HERMENEUTIEK  
(BYBELUITLEG)

*STUDIEGIDSKOMMENTAAR-REEKS  
NUWE TESTAMENT, VOL. 7*

BYBELLESSE INTERNASIONAAL, MARSHALL, TEXAS  
1997 (HERSIEN 2010)  
[www.BibleLessonsIntl.com](http://www.BibleLessonsIntl.com)

# INHOUDSOPGAWE

Voorwoord deur die skrywer: hoe kan hierdie kommentaar van nut wees?.....	i
Opmerkings deur die redakteur.....	iii
'n Nota van die vertaler.....	iv
Gids tot konstruktiewe Bybellees: 'n persoonlike soeke na bevestigbare waarheid .....	v
Afkortings gebruik in hierdie kommentaar .....	xi
Kommentaar:	
Inleiding tot Galasiërs.....	1
Galasiërs 1 .....	5
Galasiërs 2 .....	22
Galasiërs 3 .....	35
Galasiërs 4 .....	55
Galasiërs 5 .....	67
Galasiërs 6 .....	81
Paulus se briewe aan die Tessalonisense .....	89
Inleiding tot die Tessalonisense-briewe.....	90
I Tessalonisense 1 .....	96
I Tessalonisense 2 .....	113
I Tessalonisense 3 .....	129
I Tessalonisense 4.....	136
I Tessalonisense 5 .....	148
II Tessalonisense 1.....	162
II Tessalonisense 2.....	171
II Tessalonisense 3.....	184
Bylaag Een: Bondige definisies van Griekse grammatikale terme .....	190
Bylaag Twee: Tekskritiese opmerkings .....	197
Bylaag Drie: Woordelys.....	200
Bylaag Vier: Leerstellige uitspraak.....	208

## VIR SPESIALE AANDAG INHOUDSOPGAWE

Stuur ( <i>apostellō</i> ), Gal. 1:1 .....	6
Messias, Gal. 1:1 .....	7
Vader, Gal. 1:1 .....	8
Die opstanding, Gal. 1:1 .....	8
Kerk ( <i>ekklesia</i> ), Gal. 1:4 .....	9
Hierdie bedeling en die bedeling wat kom, Gal. 1:4 .....	10
Die wil ( <i>thelēma</i> ) van God, Gal. 1:4 .....	11
Heerlikheid ( <i>doxa</i> ), Gal. 1:5 .....	12
Vir ewig (griekse idioom), Gal. 1:5 .....	12
Amen, Gal. 1:5 .....	12
Bob se evangeliese vooroordele, Gal. 1:7 .....	14
Vervloek ( <i>anathema</i> ), Gal. 1:8 .....	15
Fariseërs, Gal. 1:13 .....	17
Paulus se gebruik van ‘ <i>huper</i> ’-samestellings, Gal. 1:13 .....	18
Vlees ( <i>sarx</i> ), Gal. 1:16 .....	20
‘Waarheid’ in Paulus se geskrifte, Gal. 2:5 .....	25
Jakobus, die halfbroer van Jesus, Gal. 2:9 .....	27
<i>Koinōnia</i> , Gal. 2:9 .....	27
Barnabas, Gal. 2:13 .....	29
Regverdigheid, Gal. 2:21 .....	32
Dit is noodsaaklik om te volhard, Gal. 3:4 .....	38
Glo, vertrou, geloof en getrouheid in die Ou Testament (אמן), Gal. 3:6 .....	39
Geloof, glo of vertrou, in die Nuwe Testament, Gal. 3:6 .....	41
Loskoop/losprys, Gal. 3:13 .....	44
Verbond, Gal. 3:15-17 .....	46
Van nul en geen waarde ( <i>katargeō</i> ), Gal. 3:17 .....	47
Paulus se siening van die Mosaïese wet, Gal. 3:19 .....	48
Doop, Gal. 3:27 .....	51
Rassisme, Gal. 3:28 .....	51
Paulus se gebruik van <i>kosmos</i> (wêreld), Gal. 4:3 .....	58
Triniteit, Gal. 4:4 .....	58

Die hart, Gal. 4:6 .....	60
Gelowiges se erfporisie, Gal. 4:7 .....	60
Tipologie, Gal. 4:24 .....	65
Die ligging van die berg Sinai, Gal. 4:25 .....	65
Volharding, Gal. 5:4 .....	70
Afvalligheid ( <i>aphistēmi</i> ), Gal. 5:4 .....	71
Hoop, Gal. 5:5 .....	73
Suurdeeg, Gal. 5:9 .....	74
Sondes en sedes in die NT, Gal. 5:19 .....	76
Die koninkryk van God, Gal. 5:21 .....	78
Roem, Gal. 6:4 .....	83
Vernietig, Ruïneer, Korrupteer ( <i>phtheirō</i> ), Gal. 6:8 .....	85
Paulus se lof, gebed en danksegging aan God, Gal. 6:18.....	87
Silas/Silvanus, I Tess. 1:1 .....	97
Vader, I Tess. 1:1 .....	98
Danksegging, I Tess. 1:2 .....	99
Bemiddelaarsgebed, I Tess. 1:2 .....	101
Uitverkiesing, I Tess. 1:4 .....	104
Vorm ( <i>tupos</i> ), I Tess. 1:7 .....	106
Oosterse literatuur, I Tess. 1:8 .....	106
Name vir God, I Tess. 1:10 .....	107
Die <i>kerygma</i> van die vroeë kerk, I Tess. 1:10 .....	109
Beproewing, I Tess. 1:10 .....	110
God as mens beskryf (antropomorfe taal), I Tess. 2:2 .....	111
Moed ( <i>parrhēsia</i> ), I Tess. 2:2 .....	115
Blaamloos, onskuldig, skuldloos, onberispelik, I Tess. 2:10 .....	117
Uitverkiesing/predestinasie en die erns van teologiese balans, I Tess. 2:12 .....	119
Die koninkryk van God, I Tess. 2:12 .....	119
OT-profesie, I Tess. 2:15 .....	121
NT-profesie, I Tess. 2:15 .....	123
Bose persoonlikheid, I Tess. 2:18 .....	126
Die verskyning van Jesus enige oomblik versus nog nie (NT-paradoks), I Tess. 2:19 .....	128
Waarom ly Christene?, I Tess. 3:3 .....	130

‘Beproewing’ – Griekse terme en konnotasies, I Tess. 3:5 .....	131
Oorvloedig ( <i>perisseuō</i> ), I Tess. 3:12 .....	133
NT-Terme vir Christus se terugkoms, I Tess. 3:13 .....	134
Heiliges, I Tess. 3:13 .....	135
Die wil ( <i>thelēma</i> ) van God, I Tess. 4:3 .....	138
Heiligmaking, I Tess. 4:3 .....	138
Rykdom, I Tess. 4:12 .....	141
Die verskyning van Jesus enige oomblik versus nog nie, I Tess. 4:15 .....	144
Die gebruik van horings in Israel, I Tess. 4:16 .....	145
Sy koms op die wolke, I Tess. 4:17 .....	146
Eskatologie, I Tess. 5:4 .....	150
Griekse werkwoordtipe wat vir verlossing gebruik word, I Tess. 5:9 .....	154
Toeligting, I Tess. 5:11 .....	155
Die Heilige Gees as Persoon, I Tess. 5:19 .....	158
Moet Christene mekaar oordeel?, I Tess. 5:21 .....	159
Vuur, II Tess. 1:7 .....	165
Ken (met meestal Deuteronomium as paradigma), II Tess. 1:8 .....	166
Ewig, II Tess. 1:9 .....	167
Waar is die gestorwenes?, II Tess. 1:9 .....	167
Geroep, II Tess. 1:11 .....	169
Die naam van die Here, II Tess. 1:12 .....	170
Apokaliptiese literatuur, kontekstuele insigte tot II Tess. 1:1-12 .....	172
<i>Archē</i> , II Tess. 2:13 .....	181
Salwing in die Bybel, II Tess. 2:14 .....	181

# VOORWOORD DEUR DIE SKRYWER: HOE KAN HIERDIE KOMMENTAAR VAN NUT WEES?

Skrifuitleg is 'n rasonale en geestelike proses. Dit poog om die inspirasie van 'n antieke skrywer te verstaan sodat die boodskap van God kan deurskemer, en sodoende daagliks toegepas kan word.

Die geestelike proses is van kardinale belang, maar moeilik om te definieer. Dit vereis die tipe oopheid van gemoed wat totale oorgawe aan God sal toelaat. Daar moet 'n begeerte wees, eerstens vir Hom; tweedens om Hom te ken; en derdens om Hom te dien. Hierdie proses behels gebed, belydenis en die bereidwilligheid om veranderinge in jou lewenstyl aan te bring. Die Gees is van kardinale belang in die interpretasie-proses. Hoekom opregte, toegewyde Christene dus die Bybel verskillend verstaan, bly 'n enigma.

Die rasonale proses is makliker om te beskryf. Ons moet konsekwent en regverdig wees in ons interpretasie van die teks, en waak daarteen om deur persoonlike vooroordele, of dié van 'n denominasie, beïnvloed te word. Ons is almal histories gekondisioneer. Niemand kan heeltemal neutraal en objektief wees tydens vertolking nie. Hierdie kommentaar bied 'n weldeurdagte, rasonale proses om sulke vooroordele te oorkom, en is gestruktureer rondom drie verklarende beginsels.

## Eerste Beginsel

Die eerste beginsel is om die historiese konteks waarbinne 'n Bybelboek geskryf is, in ag te neem. Dit sluit in die historiese geleentheid wat ontstaan het vir die skrywer om aan te gryp. Die oorspronklike skrywer het 'n doel gehad met die teks – 'n boodskap om oor te dra. Dus kan geen betekenis aan 'n teks toegeskryf word tensy dit deel was van die oorspronklike, antieke, geïnspireerde skrywer se bedoeling nie. Sý bedoeling, eerder as historiese, emosionele, kulturele, persoonlike of kerklike aspirasies, is sleutel tot 'n verklaring van die teks. Toepassing is 'n belangrike komponent van vertolking, maar toepassing moet noodwendig voorafgegaan word deur 'n grondige interpretasie. Hier is dit nodig om te herbevestig dat elke Bybelse teks een, en slegs maar één betekenis het. Hierdie betekenis is afhanklik van die bedoeling wat die oorspronklike skrywer onder leiding van die Gees aan sy tydgenote wou kommunikeer. Die enkele betekenis mag wel verskeie toepassings hê in verskillende kulture en situasies, maar hierdie toepassings moet skakel met die sentrale waarheid van die outeur se oorspronklike bedoeling. Daarom is hierdie studiegids-kommentaar ontwerp om 'n inleiding tot elke boek van die Bybel te voorsien.

## Tweede Beginsel

Die tweede beginsel is om die literêre eenhede te identifiseer. Elke Bybelboek is 'n eenheidsdokument. Ontleders het nie die reg om een aspek van die waarheid te isoleer ten koste van 'n ander nie. Daarom moet ons daarna strew om die doel van die Bybelboek in sy geheel te begryp, voordat ons die individuele literêre eenhede begin interpreteer. Die individuele dele – hoofstukke, paragrawe, of verse – kan nie bedoel wat die hele eenheid nie bedoel nie. Interpretasie moet vanuit 'n deduktiewe benadering van die geheel na 'n induktiewe benadering tot die dele vorder. Hierdie studiegids-kommentaar is as sodanig ontwerp om die student te help om die struktuur van elke letterkundige eenheid, aan die hand van paragrawe te analiseer. Paragrafering en hoofstuk-verdeling is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot bepaling van die oorspronklike skrywer se gedagtegang en bedoeling.

Die sleutel tot die Bybelse outeur se vermeende bedoeling met die teks, is paragraaf-vlak interpretasie – nie sins-, frase- of woord-vlak nie. Paragrafe is gebaseer op 'n deurlopende onderwerp, dikwels die tema- of onderwerp-sin genoem. Elke woord, frase en sin in die paragrafe hou op 'n manier met mekaar verband om by te dra tot ondersteuning van hierdie sentrale tema. Hulle beperk dit, verbreed dit, verduidelik dit, en/of bevraagteken dit. 'n Ware sleutel tot deeglike verklaring is om die oorspronklike outeur se gedagtegang op 'n paragraaf-vir-paragraaf basis deur die individuele literêre eenhede wat die Bybelboek opmaak, te volg. Hierdie studiegids-kommentaar is ontwerp om die student te help met hierdie proses. Ten einde die teks te ontsluit, word verskeie moderne Engelse vertalings met mekaar vergelyk. Hierdie vertalings is gekies op grond van die verskillende vertalingsteorieë wat hulle huldig.

1. *The United Bible Society's Greek Text* is die vierde gewysigde weergawe (UBS<sup>4</sup>). Paragraafindeling is hier deur moderne tekskundiges behartig.
2. *The New King James Version* (NKJV) is 'n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*. Sy paragraafindelings is langer as die ander vertalings. Hierdie langer eenhede help die student om die breë bedoeling van die onderwerpe as 'n geheel te verstaan.
3. *The New Revised Standard Version* (NRSV) is 'n gewysigde woord-vir-woord vertaling. Dit vorm 'n middeweg tussen die volgende twee moderne vertalings. Sy paragraafindelings is redelik hulpvaardig in die identifisering van onderwerpe.
4. *The Today's English Version* (TEV) is 'n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is. Dit poog om die Bybel op 'n manier te vertaal dat 'n moderne Engelse leser of spreker die betekenis van die Griekse teks sal begryp. Dikwels (en spesifiek ook in die evangelies) word paragraafindelings volgens spreker gedoen eerder as onderwerp. Hierdie metode word ook deur die NIV gebruik. Vir die ontleder se

doeleindes is dit nie juis hulpvaardig nie. Dit is interessant om te let daarop dat die UBS<sup>4</sup> sowel as die TEV deur dieselfde entiteit gepubliseer word, en tog verskil die paragrafering.

5. *The Jerusalem Bible* (JB) is nog 'n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op 'n Franse Katolieke vertaling. Dit is baie nuttig omrede die vergelyking van paragrawe vanuit 'n Europese perspektief.
6. Die gedrukte teks is die 1995 *Updated New American Standard Bible* (NASB), wat 'n woord-vir-woord vertaling is. Die vers-vir-vers kommentaar volg hierdie paragrafering.

### **Derde Beginsel**

Die derde beginsel is om die Bybel in verskillende vertalings te lees om die breedste moontlike greep te kry op die spektrum van betekenis (semantiese veld) wat Bybelse woorde en frases kan hê. Dikwels kan 'n Griekse woord of frase op verskeie maniere verstaan word. Verskillende vertalings verhelder dus die verskeidenheid moontlikhede, en help om die Griekse manuskrip se variasies te identifiseer en te verduidelik. Hierdie alternatiewe beïnvloed nie leerstellige waarheid nie, maar help ons eerder in ons poging om die oorspronklike skrywer van die teks se bedoeling te herontdek.

### **Vierde Beginsel**

Die vierde beginsel is om die literêre genre in ag te neem. Die oorspronklike geïnspireerde skrywers het verkies om hulle boodskappe in verskillende vorme op te teken (bv. historiese narratief, historiese drama, poësie, profesie, evangelie (gelykenis), brief, apokalipties). Hierdie verskillende vorme het spesiale sleutels tot interpretasie (sien Gordon Fee en Doug Stuart, *How to Read the Bible for All Its Worth* of Robert Stein, *Playing by the Rules*).

Hierdie kommentaar bied 'n vinnige manier vir die student om sy interpretasies na te gaan. Dit is nie veronderstel om bepalend of voorskriftelik te wees nie, maar eerder informatief en gedagteprikkelend. Dikwels help ander moontlike interpretasies ons om nie so bevooroordeeld, dogmaties of denominasie-vas te wees nie. Ontleders het 'n wye spektrum van interpretasie-moontlikhede nodig om die dubbelsinnigheid in die antieke teks raak te sien. Dit is skokkend hoe min akkoord daar tussen Christene bestaan wat almal die Bybel as hulle brondokument erken.

Hierdie beginsels het my gehelp om baie van my historiese kondisionering te oorkom deur my te dwing om met die antieke teks te worstel. Ek hoop dat dit vir jou ook tot seën sal wees.

Bob Utley  
Oos-Texas Baptistiese Universiteit  
Junie 27, 1996

## OPMERKINGS VAN DIE REDAKTEUR

Die Bybelstudiekommentaar-reeks wat nou met “’n eerste elementêre handleiding, Matteus” voortgesit word, bied groot voordeel vir Bybelstudente oral ter wêreld. Hoewel daar in Engels baie kommentare en studieleidings, teen uiters billike koste tot stand kom, is Bob Utley s’n ontwerp om Bybelstudente op alle vlakke tot nut te wees. Dit geld jong Christene met beperkte kennis van die Bybel tot deurwinterde geleerdes met breedvoerige kennis van die oorspronklike tale. Die reeks is daarin uniek dat dit die Bybelstudent van vyf parallele paragraafindelings vooraan elke hoofstuk voorsien. Hierdie indelings help die student om deur vergelyking die strekking van die outeur se gedagtes, en die punt wat hy wil maak, duideliker waar te neem as wat die geval sou wees met net een vertaling voor hande. Al is dit so dat die paragraafindelings nie geïnspireer is nie, is hulle tog van kardinale belang vir enigeen wat die opwindende waarhede van die Bybel vir hulself wil blootlê.

Hierdie volume, wat die eerste gedoop word hoewel dit eintlik die tweede is om te verskyn, gaan in die biblioteek van enigeen wat die evangelie wil lees of bestudeer, onmisbaar geag word. Dr. Utley se volledige stel sal uiteindelik die hele Nuwe Testament omvat en aan die Bybelstudent die geleentheid bied om op eie houtjie die Bybel korrek te gebruik en te verstaan. Bestudering van die Bybel is ‘n proses wat geestelike groei ten doel het, maar selfs dit is alleen haalbaar deur die gebruik van rasonale metodes. Die skrywer van hierdie reeks wil aanvaar dat elke leser, wat tyd met die Bybel wil deurbring, die kommentaar slegs as ‘n gids sal gebruik en nie onnadenkend daarop sal steun nie. Dr. Utley het waarlik die gawe om die Bybelstudent tot op die drumpel van selfwerkzaamheid met Bybelinterpretasie te bring. Dit is ons opregte begeerte dat die studie met behulp van elke nuwe kommentaar, al meer mense eerstehands die genoegdoening sal laat smaak om deur God self onderrig te word.

William G. Wells  
Junie 23, 1997



## ‘N NOTA VAN DIE VERTALER

*Die Bybel: Ou Afrikaanse Vertaling* (OAV)<sup>1</sup> se oorspronklike titel is *Die Bybel in Afrikaans*, en is vir die eerste keer uitgegee in 1933 deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. ‘n Hersiene weergawe het in 1954 gevolg, maar dit was eers met die druk van *Die Bybel: Nuwe Vertaling* (NAV)<sup>2</sup> in 1983 dat die konsep van die ou- en nuwe-vertalings in die volksmond posgevat het. Sedertdien het hierdie benamings so gebruiklik geword, dat dit net gepas is om dienooreenkomstig na die twee te verwys in hierdie kommentaar.

Die teksgedeeltes word uit die OAV aangehaal om twee redes. Eerstens paragrafeer die OAV nie, maar skei die teks eerder op ‘n vers-vir-vers basis. Die teks staan dus neutraal teenoor die paragrafering soos die Engelse weergawes dit hanteer. Verder is die OAV, soos die NASB wat in die Engelse bronteks van hierdie kommentaar gebruik word, ‘n woord-vir-woord letterlike vertaling. Die woordkeuse en sinskonstruksie van hierdie twee weergawes stem dus grotendeels ooreen, wat die toepaslikheid van die kommentaar op die Afrikaanse teksgedeelte ondersteun en sodoende verwarring voorkom.

Die onderskeie onderwerpe word egter deur die NAV onderstreep deur die gebruik van paragrafering wat dan ook dikwels verskil van die Engelse weergawes. Voor elke hoofstuk word die Engelse weergawes se paragraafverdeling dus saam met die paragraafverdeling van die NAV gelys ter verryking van leessiklus twee. Die NAV is ‘n gewysigde woord-vir-woord-vertaling. Die gevolg is dat die stelwyse van hierdie vertaling dikwels minder volksvreemd voorkom. Dit is ook die vertaling waarmee die meerderheid Afrikaanssprekendes bekend is. Om hierdie rede word die alternatiewe stelwyse van die NAV ook aangehaal waar die twee vertalings daadwerklik van mekaar verskil.

Mag hierdie Bybelkommentaar vir u verrykend en tot seën wees.

Me. Mieke Fourie  
Winter, 2011

---

<sup>1</sup> © Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans 1954 – met verloop van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

<sup>2</sup> © Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans 1983 – met verloop van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

# GIDS TOT KONSTUKTIEWE BYBELLEES: ‘N PERSOONLIKE SOEKE NA BEVESTIGBARE WAARHEID

Kan ons die waarheid ken? Waar kry ons dit? Kan ons dit deur logika bevestig? Is daar ‘n absolute gesag? Is daar absolute waarhede wat ons lewens kan organiseer; ons wêreld? Het die lewe betekenis? Hoekom is ons hier? Waarheen is ons op pad? Hierdie vrae – vrae waaroor alle rasonale mense wonder – rus reeds sedert die begin van tyd swaar op die mens se intellek (Pred. 1:13-18; 3:9-11). Ek onthou nog my persoonlike soeke na ‘n sentrale ordeningsbeginsel vir my eie lewe. Reeds op ‘n jong ouderdom het ek ‘n Christen-gelowige geword, grotendeels omdat mense wat belangrike rolle gespeel het in my familie lewe, getuies was van die waarheid. Naderende volwassenheid het ook ‘n toename in die erns van die vrae oor my wêreld veroorsaak. Eenvoudige kulturele en religieuse clichés het nie betekenis verleen aan die ervarings waarvan ek gelees het, of wat ek ervaar het nie. Dit was ‘n baie verwarrende tydperk in my lewe. Ek het bly soek en smag, en dikwels het ek ook hulpeloos gevoel in die aangesig van hierdie onsensitiewe, harde wêreld waarin ek lewe.

Baie mense het aangevoer dat hulle die antwoorde op hierdie kernvraagstukke het, maar navorsing en refleksie het getoon dat hulle antwoorde gebaseer was op die volgende: (1) persoonlike filosofieë, (2) antieke mites, (3) persoonlike ervarings, of (4) sielkundige projeksie. Ek het die een of ander bevestiging nodig gehad, harde bewyse, ‘n rasionaal waarop ek ‘n wêreldsiening kon baseer; my integrerende middelpunt; my rede om te leef.

Ek het my bevestiging gekry deur Bybelstudie. Eers het ek begin soek vir bewyse dat dit geloofwaardig is, wat ek gevind het in (1) die historiese betroubaarheid van die Bybel soos bewys deur die argeologie, (2) die akkuraatheid van die profesieë van die Ou Testament, (3) die eenheid van die Bybel-boodskap oor die sestienhonderd jaar van sy totstandkoming, en (4) die persoonlike getuienis van mense wie se lewens permanent verander is deur hulle ervaring van die Bybel. Christenskap, as ‘n eenheidsstelsel van geloofsleer en prakties glo, het die vermoë om die komplekse vrae van die menslike bestaan te hanteer. Dit het nie net ‘n rasonale raamwerk daargestel nie, maar die ondervindelike aspek van Bybelse geloof het my groot emosionele blydskap en stabiliteit verskaf.

Ek het gedog dat ek my sentrale ordeningsbeginsel gevind het – Christus, soos verstaan deur die Skrif. Dit was ‘n emosionele ervaring. Ek kan egter steeds die skok en die pyn onthou toe ek begin agterkom hoeveel verskillende interpretasies daar van hierdie boek beskikbaar was – dikwels selfs nog binne dieselfde kerk of denkskool! Bevestiging van die Bybel se inspirasie en betroubaarheid was nie die einde nie, maar bloot die begin. Hoe kon ek die verskeidenheid uiteenlopende interpretasies van die vele moeilike passasies in die Skrif, bevestig of verwerp? Die een kommentator was klaarblyklik so gesaghebbend en betroubaar soos die volgende!

Hierdie kwelling was bestem om my lewens- en geloofsdoelwit te word. Ek het geweet dat my geloof in Christus my groot vrede en blydskap verskaf het. Ek (1) het gesmag na absolute waarhede te midde al die relatiewiteit van my kultuur (in die post-modernistiese tydperk boonop!); (2) wou sekerheid kry oor die dogmatisme van uiteenlopende geloofstelsels (wêreldgelowe); en (3) het die arrogansie van denominasies steurend gevind. In my soeke na geldige benaderings tot die interpretasie van antieke tekste, was ek verras om my eie historiese-, kulturele-, denominasionele- en ervarings-vooroordele te ontdek. Dikwels het ek die Bybel gelees bloot om my eie sienings te herbevestig. Ek het dit as ‘n bron van dogma gebruik om te gebruik as wapen teen ander om sodoende my eie onsekerheid en wanopvattinge te herbevestig. Dit was pynlik om tot hierdie besef te kom!

Hoewel ek nooit heeltemal objektief kan wees nie, kan ek ‘n beter leser van die Bybel word. Ek kan my vooroordele bekamp deur hulle te identifiseer en hulle aanwesigheid te erken. Die verklaarder is dikwels die grootste vyand van ‘n daadwerklike verstaan van die Bybel!

Laat my toe om ‘n aantal van die voorveronderstellings te noem wat ek huldig in my persoonlike studie van die Bybel sodat jy, die leser, hulle saam met my kan ontleed:

## I. Voorveronderstellings

- (1) Ek glo die Bybel is die enigste geïnspireerde, self-openbaring van die een ware God. Daarom is dit nodig om tydens interpretasie in ag te neem dat dit die Heilige Gees is wat deur ‘n menslike skrywer, wat leef gedurende ‘n spesifieke historiese tydperk, ‘n boodskap probeer kommunikeer.
- (2) Ek glo dat die Bybel geskryf is deur die gewone mens – vir alle mense! God poog om so duidelik as moontlik met ons te praat, gegewe ‘n historiese en kulturele konteks. God steek nie waarheid weg nie – Hy wil hê ons moet verstaan! Daarom moet dit verklaar word binne die konteks van die tyd waarin die tekste ontstaan het, nie ons s’n nie. Die Bybel behoort nie vir ons te beteken wat dit nie beteken het vir diegene wat dit eerste gehoor of gelees het nie. Dit is verstaanbaar deur die gemiddelde menslike intellek en gebruik normale menslike kommunikasievorme en tegnieke.
- (3) Ek glo die Bybel het ‘n verenigde boodskap en doel. Die boodskap word nie weerspreek nie, hoewel daar soms moeilike en paradoksale passasies voorkom. Dus is die beste verklaarder van die Bybel die Bybel self.
- (4) Ek glo dat elke passasie (behalwe die profesieë) slegs een betekenis het, gebaseer op die oorspronklike skrywer se bedoeling. ‘n Aantal aanwysers dui hierop:

- (a) die verkose genre (literêre styl) om die boodskap oor te dra
- (b) die historiese milieu en/of spesifieke geleentheid wat die skryfproses gestimuleer het
- (c) die literêre konteks van die boek in geheel, sowel as van elke literêre eenheid afsonderlik
- (d) die tekstuele ontwerp (uitleg) van die literêre eenheid soos dit skakel met die boodskap in geheel
- (e) die spesifieke grammatiese tegnieke gebruik om die boodskap oor te dra
- (f) woordkeuse
- (g) parallelismes


Die studie van elkeen van hierdie aspekte word die doel van ons studie van 'n passasie. Voordat ek my metodologie vir doeltreffende Bybellees verduidelik, wil ek eers 'n aantal onvanpaste metodes bespreek. Die volgende metodes is almal vandag in gebruik en veroorsaak soveel diversiteit van interpretasie dat hulle liefers vermy moet word.

## II. Onvanpaste Metodes

- (1) Ignoreer die literêre konteks van die boeke van die Bybel en gebruik elke sin, frase of selfs individuele woord as stelling van waarheid, ongeag die verwantskap met die outeur se bedoeling of die breër konteks. Dit word dikwels "letterlike uitleg" ("proof-texting") genoem.
- (2) Ignoreer die historiese konteks waarbinne die boeke geskryf is deur 'n veronderstelde historiese milieu te fabriseer met min of geen ondersteuning van die teks self nie.
- (3) Ignoreer die historiese konteks van die boeke en lees dit op dieselfde manier as die oggendkoerant, asof dit hoofsaaklik geskryf is vir moderne individuele Christene.
- (4) Ignoreer die historiese konteks van die boeke deur die teks te allegoriseer tot 'n filosofiese of teologiese boodskap totaal onverwant aan die boodskap wat die eerste luisteraars daaruit sou neem, of aan die oorspronklike skrywer se bedoeling.
- (5) Ignoreer die oorspronklike boodskap deur eerder jou eie sisteem van teologie, liefingsonderwerp of hedendaagse kwessies daarmee te vermeng om sodoende die teks uit verband te ruk in terme van die oorspronklike outeur se bedoeling en boodskap. Hierdie fenomeen volg dikwels 'n eerste lees van die Bybel as 'n metode om die spreker se gesag daar te stel en word dikwels na verwys as "lesersrespons"/"wat-die-tekse-vir-my-beteken"-interpretasie. Ten minste drie verwante komponente kom voor in alle geskrewe menslike kommunikasie:



In die verlede het verskillende leestegnieke op een van die drie komponente gefokus. Om egter waarlik die unieke inspirasie van die Bybel te bevestig, is 'n gewysigde diagram meer gepas:



Eintlik moet al drie komponente in ag geneem word tydens die interpretasie-proses. Met bevestiging ten doel, fokus my interpretasie op die eerste twee komponente: die oorspronklike outeur en die teks. Ek is heel moontlik besig om te reageer op die misbruike wat ek al gesien het deur (1) allegorisering of spiritualisering van die teks en (2) "leser-respons"-interpretasie (wat-dit-vir-my-beteken). Misbruik mag intree op enige stadium van die proses. Ons moet altyd waak daarteen dat ons motiewe, vooroordele, tegnieke en toepassing nie die oorwegende faktore word tydens ontleding nie. Maar hoe bekamp 'n mens hierdie faktore as daar geen grense is waarbinne interpretasie kan plaasvind nie; geen kriteria of beperkings nie? Dit is waar outeursbedoeling en die struktuur van die teks vir my in 'n mate helderheid verskaf oor hoe die sogenaamde moontlike interpretasies uitgeskakel kan word.

In ag genome hierdie onvanpaste leestegnieke, keer ons nou na benaderings wat meer gepas is vir doeltreffende Bybellees en interpretasie, en wat 'n mate van bevestiging en konsekwentheid bied.

### III. Moontlike Benaderings tot Goeie Bybellees

Op hierdie stadium is die unieke tegnieke van spesifieke genre-interpretasies nie van belang nie, maar eerder die algemene hermeneutiese beginsels wat geld vir alle tipes Bybelse tekste. 'n Goeie boek vir genre-spesifieke benaderings is *How To Read The Bible For All Its Worth* deur Gordon Fee en Douglas Stuart, uitgegee deur Zondervan.

My metodologie fokus aanvanklik daarop dat die leser die Heilige Gees toelaat om die Bybel toe te lig deur vier persoonlike leessiklusse. Dit maak die Gees, die teks en die leser prominent, nie sekondêr tot die proses nie. Dit beskerm ook die leser daarvan om te veel deur kommentaarskrywers beïnvloed te word. Ek het al gehoor mense sê: "Die Bybel werp baie lig op kommentare." Dit is nie veronderstel om afbrekend van studiegids-kommentare te wees nie, maar is eerder 'n versoek op die leser om die gepaste tyd te kies vir hulle gebruik.

Dit moet vir ons moontlik wees om ons interpretasies te staaf uit die teks self. Drie aspekte voorsien ten minste in 'n mate bevestiging:

- (1) geskiedkundige milieu
- (2) literêre konteks
- (3) grammatiese strukture (sintaks)
- (4) kontemporêre woordgebruik
- (5) relevante parallelle passasies
- (6) genre

Dit moet vir ons moontlik wees om logiese redes te verskaf vir ons interpretasies. Die Bybel is ons enigste bron van geloof en praktyk. Ongelukkig stem Christene dikwels nie saam oor die boodskappe van die Bybel nie.

Die vier leessiklusse is ontwerp om die volgende verklarende insigte te bied:

- (1) Die eerste leessiklus
  - (a) Lees die boek in een sessie deur. Lees dit weer, maar gebruik 'n alternatiewe vertaling – indien moontlik vanuit 'n verskillende vertaling-denkskool.
    - (i) woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
    - (ii) dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)
    - (iii) parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
  - (b) Identifiseer die sentrale doel van die geskrif in geheel. Wat is die tema?
  - (c) Isoleer (indien moontlik) 'n literêre eenheid – 'n hoofstuk, 'n paragraaf of 'n sin – wat duidelik die sentrale doel of tema daarstel.
  - (d) Identifiseer die dominante literêre genre
    - (i) Ou Testament
      - 1) Hebreëuse narratief
      - 2) Hebreëuse poësie (wysheidsliteratuur, Psalms)
      - 3) Hebreëuse profesie (prosa, poësie)
      - 4) Wetskodes
    - (ii) Nuwe Testament
      - 1) Narratiewe (evangelies, Handeling)
      - 2) Gelykenisse (evangelies)
      - 3) Briewe
      - 4) Apokaliptiese literatuur
- (2) Die tweede leessiklus
  - (a) Lees die hele boek weer en identifiseer die hoofonderwerpe.
  - (b) Stel 'n raamwerk van die hoofonderwerpe op en som elkeen se inhoud kortliks op in 'n eenvoudige stelling.
  - (c) Vergelyk jou doelstelling en breë raamwerk met studiegidse.
- (3) Die derde leessiklus
  - (a) Lees die hele boek weer en identifiseer die historiese milieu en spesifieke geleentheid wat die skrywer genoop het om die boek te skryf.
  - (b) Lys die historiese items wat in die boek genoem word
    - (i) die outeur
    - (ii) die datum
    - (iii) die ontvangers
    - (iv) die spesifieke stimulasie vir die skryf daarvan
    - (v) aspekte van die kulturele milieu wat verwant is aan bg. stimulasie
    - (vi) verwysings na historiese figure en gebeure
  - (c) Verbreed jou raamwerk tot 'n paragraaf-vlak vir daardie deel van die Bybelboek wat jy interpreteer. Interpreteer altyd die literêre eenheid as 'n geheel. Dit mag 'n hele paar hoofstukke of paragrawe insluit, maar stel jou in staat om die oorspronklike skrywer se logika en tekstuele ontwerp te volg.
  - (d) Vergelyk jou historiese skets met dié van studiegidse.
- (4) Die vierde leessiklus
  - (a) Lees die spesifieke literêre eenheid weer in 'n verskeidenheid vertalings

- (i) woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
- (ii) dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)
- (iii) parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
- (b) Soek vir literêre of grammatiese strukture
  - (i) herhaalde frases (Ef. 1:6, 12, 13)
  - (ii) herhaalde grammatiese strukture (Rom. 8:31)
  - (iii) kontrasterende konsepte
- (c) Lys die volgende items:
  - (i) noemenswaardige terme
  - (ii) ongewone terme
  - (iii) belangrike grammatiese strukture
  - (iv) besonder moeilike woorde, frases of sinne
- (d) Soek vir relevante parallelismes
  - (i) soek vir die duidelikste passasie oor jou onderwerp deur die volgende te gebruik:
    - a) “sistematiese teologie”-boeke
    - b) verwysing-Bybels
    - c) ooreenstemmings
  - (ii) Soek vir ‘n moontlik paradoksale paar binne jou onderwerp. Baie Bybelse waarhede word daargestel in dialektiese pare; heelwat konflik tussen denominasies is te wyte aan letterlik lees van ‘n halwe Bybelse stelling. Die hele Bybel is geïnspireer en ons moet poog om sy volledige boodskap te verstaan om sodoende ‘n gebalanseerde perspektief oor die Skrif in ons interpretasie te hê.
  - (iii) Soek vir parallelle binne dieselfde boek, werk van dieselfde outeur of uit dieselfde genre; die Bybel is sy eie beste ontleder omdat hy slegs een outeur het: die Gees.
- (e) Gebruik studiegidse om jou historiese skets en ander konteks-elemente na te gaan:
  - (i) studie-Bybels
  - (ii) Bybel ensiklopedieë, handboeke en woordeboeke
  - (iii) inleidings tot die Bybel
  - (iv) Bybel-kommentare (op hierdie stadium van jou studie is dit nodig om die gelowige gemeenskap – verlede én hede – toe te laat om jou te help om die regte rigting in te slaan.)

#### IV. Toepassing van Bybel-interpretasie

Op hierdie stadium rig ons die gesprek op toepassing. Jy het nou tyd gehad om die teks in sy oorspronklike milieu te verstaan; nou moet jy die insig wat dit jou bring in jou lewe en kultuur toepas. Ek definieer Bybelse gesag as “‘n verstaan van wat die oorspronklike Bybelse outeur wou sê vir die lesers van sy dag (in die historiese konteks), en die toepassing van daardie selfde waarhede op jou eie dag (in jou eie konteks)”.

Interpretasie moet gevolg word deur implementering van die oorspronklike outeur se bedoeling in tyd sowel as logika. Ons kan nie ‘n Bybelse passasie vandag toepas voordat ons weet wat die bedoeling was in die konteks waarin dit geskryf is nie! ‘n Bybelpassasie kan nie bedoel wat dit nooit bedoel het nie!

Jou uitgebreide raamwerk op paragraafvlak (leessiklus #3) sal jou lei. Toepassing moet op ‘n paragraaf-vlak gedoen word, nie op woord-vlak nie. Woorde het slegs in konteks betekenis; dieselfde geld vir frases en sinne. Die enigste geïnspireerde persoon betrokke in die interpretasie-proses is die oorspronklike outeur. Ons kan net sy leiding volg deur die verheldering deur die Heilige Gees. Maar verheldering is nie inspirasie nie. Om te sê “dus sê die Here”, moet ons die oorspronklike outeur se bedoeling ken in die saak. Toepassing moet spesifiek verband hou met die algemene bedoeling van die teks in geheel, die spesifieke literêre eenheid en paragraaf-vlak ontwikkeling van gedagtes.

Moenie dat die kwessies van die dag die Bybel interpreteer nie; laat die Bybel vir homself praat! Dit mag verg dat ons beginsels uit die teks assimileer. Hierdie beginsels is geldig indien die teks dit ondersteun. Ongelukkig is ons beginsels dikwels juis dít: ons beginsels – nie dié van die teks nie.

Dit is belangrik om in Bybel-toepassing te onthou dat (behalwe die profesieë) elke Bybelteks slegs een geldige betekenis het. Daardie betekenis is verwant aan die bedoeling van die oorspronklike skrywer in sy aanspraak van ‘n krisis van sy dag. Baie moontlike toepassings kan afgelei word van hierdie een bedoeling. Die toepassing is gebaseer op die ontvanger se behoeftes, maar moet verband hou met die oorspronklike outeur se bedoeling.

#### V. Die Geestelike Aspek van Interpretasie

Tot dusver het ek die logiese en tekstuele prosesse betrokke by interpretasie en toepassing bespreek. Laat my nou toe om kortliks die geestelik kant van interpretasie aan te raak. Ek het die volgende oorsiglyk hulpvaardig gevind:

- (1) Bid vir die Gees se hulp (vgl. 1 Kor. 1:26-2:16).
- (2) Bid vir persoonlike vergifnis en reiniging van gekende sonde (vgl. 1 Joh. 1:9).
- (3) Bid vir ‘n groter begeerte om God te ken (vgl. Ps. 19:7-14; 42:1 e.v.; 119:1 e.v.)
- (4) Implementeer enige nuwe insigte onmiddellik in jou eie lewe.
- (5) Bly nederig en onderrigbaar.

Dit is so moeilik om die balans te handhaaf tussen die logiese proses en die geestelike leierskap van die Heilige Gees. Die volgende aanhalings help my hiermee:

- (1) uit James W. Sire, *Scripture Twisting*, bl. 17-18:

“The illumination comes to the minds of God’s people – not just to the spiritual elite. There is no guru class in biblical Christianity, no illuminati, no people through whom all proper interpretation must come. And so, while the Holy Spirit gives special gifts of wisdom, knowledge and spiritual discernment, He does not assign these gifted Christians to be the only authoritative interpreters of His Word. It is up to each of His people to learn, to judge and to discern by reference to the Bible which stands as the authority even to those to whom God has given special abilities. To summarize, the assumption I am making throughout the entire book is that the Bible is God’s true revelation to all humanity, that it is our ultimate authority on all matters about which it speaks, that it is not a total mystery but can be adequately understood by ordinary people in every culture.”

- (2) oor Kierkegaard, uit Bernard Ramm, *Protestant Biblical Interpretation*, bl. 75:

“According to Kierkegaard the grammatical, lexical, and historical study of the Bible was necessary but preliminary to the true reading of the Bible. To read the Bible *as God’s word* one must read it with his heart in his mouth, on tip-toe, with eager expectancy, in conversation with God. To read the Bible thoughtlessly or carelessly or academically or professionally is not to read the Bible as God’s Word. As one reads it as a love letter is read, then one reads it as the Word of God.”

- (3) H.H. Rowley in *The Relevance of the Bible*, bl. 19:

“No merely intellectual understanding of the Bible, however complete, can possess all its treasures. It does not despise such understanding of the spiritual treasures of this book if it is to be complete. And for that spiritual understanding something more than intellectual alertness is necessary. Spiritual things are spiritually discerned, and the Bible student needs an attitude of spiritual receptivity, an eagerness to find God that he may yield himself to Him, if he is to pass beyond his scientific study unto the richer inheritance of this greatest of all books.”

## VI. Hierdie Kommentaar se Metode

Die *Studiegids-Kommentaar* is ontwerp om jou te help met die interpretasie-prosedure op die volgende maniere:

- (1) ‘n Kort historiese uiteensetting as bekendstelling van elke boek. Gaan hierdie inligting na nadat jy leessiklus #3 voltooi het.
- (2) Die verskillende dele van die literêre eenheid word in konteks geplaas aan die begin van elke hoofstuk om jou te wys hoe dit gestruktureer is.
- (3) Aan die begin van elke hoofstuk of groot literêre eenheid word die paragraafindeling saam met hulle beskrywende onderskrifte verskaf. Dit word uit die volgende moderne vertalings geneem:
  - (a) The New American Standard Bible, 1995 weergawe (NASB)
  - (b) The New King James Version (NKJV)
  - (c) The New Revised Standard Version (NRSV)
  - (d) Today’s English Version (TEV)
  - (e) The New Jerusalem Bible (NJB)
  - (f) Die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV)

Paragrafering is nie geïnspireer nie. Dit moet uit die konteks afgelei word. Deur ‘n vergelyking van ‘n aantal moderne vertalings vanuit verskillende vertaling-denkskole en teologiese perspektiewe, word dit vir ons moontlik om die veronderstelde struktuur van die skrywer se gedagtes te analiseer. Elke paragraaf het een hoofwaarheid. Dit word gewoonlik die “tema-sin” of “sentrale idee van die teks” genoem. Hierdie eenheidsvormende gedagte is die sleutel tot gepaste historiese, grammatiese interpretasie. Ons moet nooit interpreteer, preek of onderrig oor minder as ‘n paragraaf nie! Onthou ook dat elke paragraaf verwant is aan die omliggende paragrafe. Dit is hoekom ‘n paragraaf-vlak raamwerk van die hele boek so belangrik is. Dit moet vir ons moontlik wees om die logiese vloei van die onderwerp te volg volgens die bedoeling van die oorspronklike outeur.

- (4) Bob se notas volg ‘n vers-vir-vers benadering tot interpretasie. Dit dwing ons om die oorspronklike outeur se gedagtegang te volg. Die notas bied inligting oor ‘n verskeidenheid aspekte:
  - (a) literêre konteks
  - (b) historiese, kulturele insigte
  - (c) grammatiese inligting
  - (d) woord-ontleding
  - (e) relevante parallelismes
- (5) Soms word die gedrukte teks in die kommentaar uit *The New American Standard Version* (1995 weergawe) afgewissel met die vertalings van verskeie ander moderne weergaves:
  - (a) *The New King James Version* (NKJV) is ‘n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*.
  - (b) *The New Revised Standard Version* (NRSV) is ‘n gewysigde woord-vir-woord vertaling van die National Council of Churches se *Revised Standard Version*.
  - (c) *The Today’s English Version* (TEV) is ‘n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is.
  - (d) *The Jerusalem Bible* (JB) is nog ‘n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op ‘n Franse Katolieke vertaling.

- (6) Vir diegene wat nie Grieks-magtig is nie kan die vergelyking van Engelse en Afrikaanse vertalings oor en weer help om 'n aantal probleme in die teks te identifiseer:
- (a) manuskripvariasie
  - (b) alternatiewe woordbetekenisse
  - (c) grammaties-moeilike teks en struktuur
  - (d) dubbelsinnige tekste

Hoewel die Engelse en Afrikaanse vertalings nie hierdie probleme kan oplos nie, word hulle wel hierdeur as plekke vir dieper en meer aandagtige studie geïdentifiseer.

- (7) Elke hoofstuk word afgesluit met 'n aantal besprekingsvrae wat poog om die belangrikste kwessies vir interpretasie uit daardie hoofstuk toe te lig.

## AFKORTINGS GEBRUIK IN HIERDIE KOMMENTAAR

AB	<i>Anchor Bible Commentaries</i> , red. William Foxwell Albright en David Noel Freedman
ABD	<i>Anchor Bible Dictionary</i> (6 vols.), red. David Noel Freedman
AKOT	<i>Analytical Key to the Old Testament</i> deur John Joseph Owens
ANET	<i>Ancient Near Eastern Texts</i> , James B. Pritchard
BAGD	<i>A Greek-English Lexicon of the New Testament and Early Christian Literature</i> , Walter Bauer, 2 <sup>de</sup> uitgawe deur F.W. Gingrich en Frederick Danker
BDB	<i>A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament</i> deur F. Brown, S. R. Driver en C.A. Briggs
BHS	<i>Biblia Hebraica Stuttgartensia</i> , GBS, 1997
IDB	<i>The Interpreter's Dictionary of the Bible</i> (4 vols.), red. George A. Buttrick
ISBE	<i>International Standard Bible Encyclopedia</i> (5 vols.), red. James Orr
JB	Jerusalem Bible
JPSOA	<i>The Holy Scriptures According to the Masoretic Text: A New Translation</i> (The Jewish Publication Society of America)
KB	<i>The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament</i> by Ludwig Koehler and Walter Baumgartner
LAM	<i>The Holy Bible From Ancient Eastern Manuscripts</i> (the Peshitta) by George M. Lamsa
LXX	Septuagint (Grieks-Engels) deur Zondervan, 1970
MOF	<i>A New Translation of the Bible</i> deur James Moffatt
MT	Masoretiese Hebreuse Teks
NAB	New American Bible Text
NASB	New American Standard Bible
NAV	Die Bybel: Nuwe Afrikaanse Vertaling deur Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983
NEB	New English Bible
NET	NET Bible: New English Translation, Second Beta Edition
NIDNTT	<i>New International Dictionary of New Testament Theology</i> (4 volumes), deur Colin Brown
NIDOTTE	<i>New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis</i> (5 vols.), red. Willem A. van Gemeren
NRSV	New Revised Standard Bible
NIV	New International Version
NJB	New Jerusalem Bible
NT	Nuwe Testament



OAV	Die Bybel: Ou Afrikaanse Vertaling (Hersiene Uitgawe) deur Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1954
OT	Ou Testament
OTPG	<i>Old Testament Passing Guide</i> deur Todd S. Beall, William A. Banks en Colin Smith
REB	Revised English Bible
RSV	Revised Standard Version
SEPT	The Septuagint (Grieks-Engels) deur Zondervan, 1970
TCNT	The Twentieth Century New Testament
TEV	Today's English Version van United Bible Societies
YLT	<i>Young's Literal Translation of the Holy Bible</i> deur Robert Young
ZPBE	<i>Zondervan Pictorial Bible Encyclopedia</i> (5 vols.), red. Merrill C. Tenney

**PAULUS SE BRIEF**

**AAN DIE**

**GALASIËRS**

# INLEIDING TOT GALASIËRS

## INLEIDING

- A. Die boeke van Galasiërs en Romeine is die duidelikste uitdrukking van die nuwe verbond van verlossing deur genade alleen, deur geloof alleen in Christus alleen! Galasiërs is al ‘die Magna Carta van Christenvryheid’ genoem.
- B. Hierdie brief het die Protestantse Hervorming aangevuur.
1. Martin Luther sê: “Die klein boekie van Galasiërs is my brief; ek het myself daaraan verbind; dit is my vrou.”
  2. John Wesley het gesê hy het langdurige vrede gevind in ‘n preek oor Galasiërs.
  3. In sy *Study Guide Commentary*, bl. 11, het Curtis Vaughan geskryf: “min boeke het so ‘n daadwerklike indruk op die gedagtes van mense gehad, so ‘n belangrike uitwerking op die gang van menslike geskiedenis gehad of volgehou om met soveel belang te spreek tot die diepste behoeftes van die moderne lewe.”
- C. Hierdie doktrine-georiënteerde brief, moontlik Paulus se eerste, was ‘n voorwoord tot Romeine en sy ontwikkeling van die doktrine van regverdiging van genade deur geloof afsonderlik van Judaïsme se klem op ‘n werke-geregtigheid deur gehoorsaamheid aan die Mosaïese wet en tradisies van die ouderlinge (d.w.s. mondelinge tradisies).
1. Verlossing kan nie gevind word in beide menslike optrede en genade nie.
  2. Verlossing moet gevind word in óf menslike optrede óf genade.
  3. Christus-gelykvormigheid is die gevolg van ‘n ware bekering.
  4. Teologies gesproke is daar ‘n verskil tussen Judaïsme se wettiesheid wat redding bring en Christelike wettiesheid, wat probeer om Christelike vryheid te beoordeel en te beperk. Paulus het Judaïsme se optrede-gebaseerde model afgekeur as verdoemenswaardig, maar is bereid om te werk met Christelike wettiesheid (d.w.s. swak geloof, vgl. Rom. 14:1-15:15; 1 Korintiërs 8-10). Dit is die vrye evangelie van verlossing deur genade deur geloof wat Paulus verdedig, maar tog erken hy steeds die wettiese tendense van sommige gelowiges.
- D. Hierdie radikale vrye verlossing deur genade alleen deur geloof alleen, in Christus alleen is desperaatlik nodig in ons dag as gevolg van die voortdurende, subtiele aantrekkingskrag van ons self-georiënteerde, werke-georiënteerde geloofsbewustheid. In elke era word die eenvoudige waarheid van God se inisierende, self-gewende, onvoorwaardelike verbondsliefde bemiddel deur menslike bekering en nederige geloof uitgedaag! Dit is nie dat die valse leraars besig was om Christus se sentrale plek in verlossing te verwerp nie, maar hulle was besig om voorwaardes aan Hom te heg. Dit is nie wát bygevoeg word nie, maar dát ons hoegenaamd byvoeg!

## OUTEUR

Paulus se outeurskap van hierdie brief is nog nooit ernstig betwyfel nie, aangesien dit ‘n belangrike steunpilaar vorm van die Pauliniese Corpus. Galasiërs is baie outobiografies en persoonlik. Dit is hoogs emosioneel, maar bied tog evangeliese waarheid.

## DATUM EN ONTVANGERS

- A. Hierdie twee aspekte van agtergrondmateriaal moet saam mee omgegaan word aangesien twee teenstrydige teorieë oor die identiteite van die ontvangers die datering van die brief beïnvloed. Beide teorieë dra logies gewig, maar met beperkte Bybelse bewyse.
- B. Die twee teorieë is as volg:
1. Die tradisionele teorie wat tot die agtiende eeu konsensus geniet het.
    - a. Dit word die ‘Noordelike Galasiërs-teorie’ genoem.
    - b. Dit veronderstel dat ‘Galasië’ verwys na die etniese Galasiërs van die noordelik-sentrale plato van Turkye (vgl. 1 Pet. 1:1). Hierdie etniese Galasiërs was Kelties (Grieks *Keltoi* of Latynse *Gall*) wat hierdie area beset het in die derde eeu v.C. Hulle is ‘Gallo-Graccians’ genoem om hulle te onderskei van hulle Wes-Europese broers. Hulle is in 230 v.C. verslaan deur Attalus I, die koning van Pergamum. Hulle geografiese invloed was beperk tot noordelik-sentraal Klein-Asië van moderne Turkye.
    - c. Indien hierdie etniese groep veronderstel word dan sou die datum die middel-50s wees, gedurende Paulus se tweede of derde sendingreis. Paulus is vergesel op sy reis deur Silas en Timoteus.
    - d. Paulus se ongesteldheid in Gal. 4:13 word deur sommige met malaria verbind. Hulle stel dat Paulus Noord gegaan het tot in die hooglande om weg te kom van die modderige, malariabesmette, kustelike laaglande.
  2. Die tweede teorie word vooropgegaan deur Sir Wm. M. Ramsay, *St. Paul the Traveller and Roman Citizen*, New York; G. P. Putnam’s Sons, 1896.
    - a. Waar die tradisionele teorie ‘Galasië’ as etnies gedefinieer het, definieer hierdie teorie dit as administratief. Dit lyk of Paulus dikwels Romeinse provinsiale name gebruik het (vgl. 1 Kor. 16:19; 2

- Kor. 1:1; 8:1, ens.) Die Romeinse provinsie van ‘Galasië’ het ‘n groter area ingesluit as etniese ‘Galasië’. Hierdie etniese Kelte het Rome baie vroeg reeds ondersteun en is daarvoor beloon met meer plaaslike onafhanklikheid en uitgebreide territoriale gesag. Indien hierdie groot area bekend was as ‘Galasië’, dan is dit moontlik dat Paulus se eerste sendingreis na hierdie suidelike stede van Antiogië in Pisidië, Lisië, Derbe en Ikonium, opgeteken in Handeling 13-14, die lokasie van hierdie kerke was.
- b. Indien hierdie ‘Suidelik Teorie’ aangehang word, sou die datum baie vroeg gewees het—na aan, maar voor, die ‘raad van Jerusalem’ van Handeling 15, wat dieselfde onderwerp aanspreek as die boek van Galasiërs. Die Raad het plaasgevind in 48-49 n.C. en die brief is waarskynlik geskryf gedurende dieselfde tydperk. Indien dit waar is is Galasiërs die eerste brief van Paulus in ons Nuwe Testament.
  - c. Daar is bewyse wat die suidelike Galasiërs-teorie ondersteun:
    - (1) Paulus se metgeselle word nie by name genoem nie, maar Barnabas word drie keer genoem (vgl. 2:1,9,13). Dit strook met Paulus se eerste sendingreis.
    - (2) Dit word vermeld dat Titus onbesny was (vgl. 2:1-5). Dit pas die beste in voor die Jerusalem raad van Handeling 15.
    - (3) Melding van Petrus (vgl. 2:11-14) en die probleem van vertrouensvriendskap met heidene pas die beste voor die Jerusalem raad.
    - (4) Toe die geld na Jerusalem geneem is is verskeie van Paulus se metgeselle uit verskillende areas gelys (vgl. Han. 20:4). Daar word egter geen genoem uit die noordelike stede van Galasië afkomstig nie, hoewel ons weet dat hierdie etniese Galasiëse kerke deelgeneem het (vgl. 1 Kor. 16:1).
3. Vir die gedetailleerde uiteensetting van die verskillende argumente rondom hierdie teorieë, raadpleeg ‘n tegniese kommentaar. Elkeen het geldige punte, maar op hierdie stadium bestaan geen konsensus nie, hoewel die ‘Suidelike Teorie’ al die feite oënskynlik die beste pas.
- C. Verhouding van Galasiërs met Handeling:
1. Paulus het Jerusalem vyf keer besoek, opgeteken deur Lukas in die boek van Handeling:
    - a. 9:26-30, na sy bekering
    - b. 11:30; 12:25, om hongersnoodverligting van die heidenkerke te bring
    - c. 15:1-30, die Jerusalem raad
    - d. 18:22, kort besoek
    - e. 21:15 e.v., nog ‘n verduideliking van heidenwerk
  2. Daar is twee besoeke aan Jerusalem opgeskryf in Galasiërs:
    - a. 1:18, na drie jaar
    - b. 2:1, na veertien jaar
  3. Dit lyk mees waarskynlik dat Han. 9:26 verwant is aan Gal. 1:18. Han. 11:30 of 15:1 e.v. of ‘n onbekende besoek word moontlik in Gal. 2:1 genoem.
  4. Daar is sekere verskille tussen die Han. 15 en Gal. 2 weergawes, maar dit is waarskynlik as gevolg van:
    - a. verskillende perspektiewe
    - b. verskillende doelwitte van Lukas en Paulus
    - c. die feit dat Galasiërs 2 moontlik plaasgevind het voor, maar tog tesame met, die ontmoeting beskryf in Han. 15.
- D. Moontlike kronologie van Paulus se skrewe volgens F. F. Bruce en Murry Harris met etlike wysigings.

	<b><u>Boek</u></b>	<b><u>Datum</u></b>	<b><u>Skryfplek</u></b>	<b><u>Verhouding tot Handeling</u></b>
1.	Galasiërs	48	Siriese Antiogië	14:28; 15:2
2.	I Tessalonisense	50	Korinte	18:5
3.	II Tessalonisense	50	Korinte	
4.	I Korintiërs	55	Efese	19:20
5.	II Korintiërs	56	Masedonië	20:2
6.	Romeine	57	Korinte	20:3
7.-10.	Tronkbriewe			
	Kolossense	vroeë 60s	Rome	
	Efesiërs	vroeë 60s	Rome	
	Filemon	vroeë 60s	Rome	
	Filippense	laat 62-63	Rome	28:30-31
11.-13.	Vierde Sendingreis			
	I Timoteus	63 (of later,	Masedonië	
	Titus	63 maar voor 68	Efese (?)	
	II Timoteus	64 n.C.)	Rome	

## DOEL VAN DIE BRIEF

- A. Paulus het drie verskillende areas van kommer aangaande die boodskap van die valse leraars aangespreek. Hierdie ketters is “verjoodsers” (vgl. II Korintiërs 3) genoem, omdat hulle geglo het dat jy ‘n Jood moes word voordat jy ‘n Christen kon word (vgl. 6:12). Sy kommer gaan om die aanklagtes van die verjoodsers (afgelei uit Paulus se verdedigende uitsprake):
1. Paulus was nie werklik ‘n apostel soos die Twaalf nie (vgl. Han. 1:21-22); daarom was hy afhanklik van hulle gesag, of ten minste die gesag van die moederkerk in Jerusalem.
  2. Paulus se boodskappe was anders as hulle s’n en dus vals. Dit blyk direk verband te hou met die konsep van ‘regverdiging deur geloof apart van die wet’. Die apostels in Jerusalem was steeds baie Joods in hulle persoonlike lewens.
  3. ‘n Element van vrydenkery (*libertinism*) was op ‘n manier aan hierdie kerke verbind (vgl. 5:18-6:8). Presies hoe dit verduidelik moet word is omstrede. Sommige voel daar was twee teikengroepe in Paulus se briewe: verjoodsers en gnostieke (vgl. 4:8-11). Nietemin, dit lyk of hierdie verse liefs met pagaanse praktyke vereenselwig moet word. Die gelowige Jode was bekommerd oor die lewenstyl van gelowige heidene. Wat was die verwantskap tussen Paulus se radikaal vrye genade en pagaanse afgodery en oordadigheid?
- B. Doktrinaal is hierdie brief ‘n voorloper vir Paulus se brief aan die Romeine. Hierdie twee boeke bevat Paulus se hoofdoktrines, herhaal en ontwikkel in verskillende omgewings en later opgesom in Efesiërs.
- C. In werklikheid fokus Galasiërs op die verskille tussen die ou verbond (OT) in Moses en die nuwe verbond (NT) in Christus. Die rabbyne het uit die eerste verstaan (Paulus reageer nie teen die Mosaïese verbond nie, maar die verkeerde uitleg en toepassing daarvan deur Joodse tradisie) dat God se aanvaarding op menslike optrede gebaseer is, maar die tweede was gebaseer op ‘n nuwe hart en ‘n nuwe gees (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-38). Albei was op God se genade gebaseer; albei verlang regverdigde mense. Die verskil tussen die twee lê in hoe regverdigheid bewerkstellig word. Dit word in die NT-boek van Hebreërs ontwikkel.

## KORT OORSIG

- A. Voorwoord, 1:1-10
1. algemene inleiding tot die boek
  2. die geleentheid waarvoor die boek geskryf word
- B. Paulus verdedig sy apostelskap, 1:11-2:14
- C. Paulus verdedig die doktrinale waarheid van sy evangelie, 2:15-4:20
- D. Paulus verdedig die praktiese implikasies van sy evangelie, 5:1-6:10
- E. Persoonlike opsomming en slot, 6:11-18  
Soos in al Paulus se briewe is daar ‘n doktrinale gedeelte (d.w.s. hoofstukke 1-4) en ‘n praktiese gedeelte (d.w.s. hoofstukke 5-6).

## LEESSIKLUS EEN (sien bl. vii)

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waarvoor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie

Lees die hele Bybelboek in een slag deur. Verduidelik die sentrale tema van die hele boek in jou eie woorde.

1. Tema van hele boek
2. Tipe literatuur (genre)

## LEESSIKLUS TWEE (sien bl. vii)

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waarvoor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hele Bybelboek ‘n tweede keer in een slag deur. Identifiseer die hoofonderwerpe en stel elke onderwerp in ‘n enkele sin.

1. Onderwerp van eerste letterkundige eenheid
2. Onderwerp van tweede letterkundige eenheid
3. Onderwerp van derde letterkundige eenheid
4. Onderwerp van vierde letterkundige eenheid
5. Ens.

# GALASIËRS 1

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS\*

UBS <sup>4</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Salutation 1:1-5	Greetings 1:1-5	The Salutation 1:1-5	Salutation 1:1-2	Address 1:1-5	Inleiding 1:1a 1:1b 1:2 1:3-5
There is No Other Gospel 1:6-9 1:10	Only One Gospel 1:6-10	The Galatian Apostasy 1:6-10	The One Gospel 1:6-9 1:10	A Warning 1:6-10	Daar is geen ander evangelie nie 1:6-9 1:10
How Paul Became An Apostle 1:11-12 1:13-17	Call to Apostleship 1:11-17	Paul's Vindication of His Apostleship 1:11-12 1:13-17	How Paul Became an Apostle 1:11-12 1:13-14 1:15-19	God's Call 1:11-24	Hoe Paulus 'n apostel geword het 1:11-12 1:13-14 1:15-17
1:18-24	Contacts at Jerusalem 1:18-24	1:18-24	1:20 1:21-24		1:18-20 1:21-24

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegids kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

\* Hoewel nie geïnspireerd nie is paragraafverdelings die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling. Elke moderne vertaling het hoofstuk een verdeel en opgesom. Duidelik is verse 1-5, 6-10, 11-17 en 18-24 denkeenhede (paragraawe). Elke paragraaf het een sentrale onderwerp, waarheid of gedagte. Elke weergawe omvat daardie onderwerp op sy eie unieke manier. Terwyl jy die teks lees, dink oor watter vertaling jou begrip van die onderwerp en versverdeling die beste pas.

Let daarop dat die TEV verse 1-5 in drie onderwerpe struktureer terwyl die ander slegs een het. Let ook op hoe verse 6-10 in UBS<sup>4</sup> en TEV vers 10 'n aparte denk maak. Die opsommende stellings verskil ook: UBS<sup>4</sup>, NKJV en TEV karakteriseer dit as 'n verwysing na 'die evangelie', maar NRSV en JB verstaan die paragraaf as 'n 'waarskuwing' en verbind dit met kettery.

In elke hoofstuk moet jy eers die Bybel lees en probeer om sy onderwerpe (paragraawe) te bepaal. Vergelyk dan jou ontleding met die moderne vertalings. Slegs wanneer jy die oorspronklike skrywer se bedoeling begryp deur sy logika en uiteensetting te verstaan kan jy die Bybel waarlik verstaan. Slegs die oorspronklike skrywer was onder inspirasie—lesers het nie die reg om die boodskap te verander of aan te pas nie. Bybellesers is wel verantwoordelik vir die toepassing van hierdie geïnspireerde waarheid in hulle daaglikse lewens.

## INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Verse 1-5 vorm die voorwoord van Galasiërs en is een sin in Grieks.
- B. Paulus se gebruiklike danksegging (vgl. Romeine, I en II Korintiërs, Efesiërs, Filippense, Kolossense, I en II Tessalonisense) is afwesig. Dit weerspieël die spanning tussen Paulus en hierdie groep kerke.
- C. Verse 6-10 bewerkstellig die teologiese tema van die hele boek. Mens kan amper sê dat hierdie aantal verse al die teologiese elemente bevat wat Paulus in die brief ontwikkel.
- D. Galasiërs 1:11-2:21 vorm 'n outobiografiese gedeelte waarin Paulus sy apostelskap verdedig en sodoende ook sy evangelie. Dit is soortgelyk aan II Korintiërs 10-13.
- E. Galasiërs 1:11-2:14 word as volg verdeel:
  - 1. Paulus was nie afhanklik van die apostels in Jerusalem nie, 1:11-24.
  - 2. Paulus is erken deur die kerk in Jerusalem, 2:1-10.
  - 3. 'n Voorbeeld van Paulus se gelykheid, 2:11-14.
- F. Die hoofgedeelte van die brief is 2:15-6:10. Dit kan as volg verdeel word:
  - 1. Paulus verdedig die doktrinale waarhede van sy evangelie, 2:15-4:20.
  - 2. Paulus verdedig die implikasies van sy evangelie, 5:1-6:10.

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 1:1-5

<sup>1</sup>PAULUS, 'n apostel nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het, <sup>2</sup>en al die broeders wat by my is—aan die gemeentes van Galasië: <sup>3</sup>Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus, <sup>4</sup>wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bese wêreld, volgens die wil van onse God en Vader, <sup>5</sup>aan wie die heerlikheid toekom in alle ewigheid! Amen.

**1:1 “Paulus”** Saulus van Tarsus word die eerste keer Paulus genoem in Handeling 13:9. Die meeste Jode van die ‘diaspora’ het waarskynlik 'n Hebreeuse naam en 'n Griekse naam gehad. Indien wel het Saulus se ouers hom hierdie naam gegee, maar hoekom verskyn “Paulus” dan skielik in Handeling 13? Moontlik (1) het ander hom so begin noem of (2) het hy begin om met die term ‘klein’ of ‘minste’ na homself te verwys. Die Griekse naam *Paulos* beteken ‘klein’. Verskeie teorieë oor die oorsprong van hierdie Griekse naam bestaan:

- 1. die tweede eeuse tradisie dat Paulus kort, vet, kaalkop, met geboë bene, ruie wenkbroue en uitpeul oë was is 'n moontlike oorsprong van die naam, afgelei van 'n nie-kanonieke boek uit Tessalonika, genaamd *Paulus en Thekla*.
- 2. passasies waar Paulus homself ‘die geringste van die heiliges’ noem omdat hy die kerk vervolg het, soos in Han. 9:1-2 (vgl. I Kor. 15:9; Ef. 3:8; I Tim. 1:15).

Sommige sien hierdie ‘geringheid’ as die oorsprong van die selfverkose titel. In 'n boek soos Galasiërs, waar hy sy onafhanklikheid en gelykheid met die Jerusalem twaalf beklemtoon, blyk hierdie moontlikheid ietwat onwaarskynlik te wees (vgl. II Kor. 11:5; 12:11; 15:10).

■ **“n apostel”** ‘Apostel’ kom van die Griekse woord, ‘om te stuur’ (*apostellō*). Jesus kies twaalf van sy dissipels om by Hom te wees op 'n spesiale manier en noem hulle ‘apostels’ (vgl. Mark. 6:30; Luk. 6:13).

Paulus stel sy apostelskap in al sy briewe behalwe Filippense, I en II Tessalonisense en Filemon. Die inleidende paragraaf is een van die sterkste bevestigings van sy apostelskap in enige van sy briewe as gevolg van die situasies in die kerke waar valse leraars probeer het om sy evangelie te weerlê deur hom persoonlik aan te val.

### VIR SPESIALE AANDAG: STUUR (APOSTELLŌ)

*Apostellō* is die algemene Griekse woord vir ‘stuur’. Hierdie term het verskeie teologiese gebruike:

- A. Die rabbyne het dit gebruik vir iemand wat aangestel en gestuur is as verteenwoordiger van 'n ander – soortgelyk aan wat ons vandag 'n ambassadeur sou noem.
- B. Dikwels verwys die term na Jesus wat gestuur is deur die Vader. In Johannes kry die term 'n Messiaanse konnotasie (vgl. Mat. 10:40; 15:24; Mark. 9:37; Luk. 9:48 en veral Joh. 4:34; 5:24,30,36,37,38; 6:29,38,39,40,57; 7:29; 8:42; 10:36; 11:42; 17:3,8,18,21,23,25; 20:21). Dit word ook gebruik met betrekking tot die uitstuur van gelowiges deur Jesus (vgl. Joh. 17:18; 20:21).
- C. Die NT gebruik dit vir dissipels:
  - 1. Die oorspronklike binnekring van twaalf dissipels (Luk. 6:13; Han. 1:21-22).
  - 2. 'n Spesiale groep van helpers en medewerkers:



- a. Barnabas (vgl. Han. 14:4,14)
  - b. Andronikus en Junias (KJV, Junia, vgl. Rom. 16:7)
  - c. Apollos (vgl. I Kor. 4:6-9)
  - d. Jakobus, broer van die Here (Gal. 1:19)
  - e. Silvanus en Timoteus (I Tess. 2:6)
  - f. moontlik ook Titus (vgl. II Kor. 8:23)
  - g. moontlik ook Epafroditus (vgl. Fil. 2:25)
3. 'n Voortdurende gawe in die kerk (vgl. I Kor. 12:28-29; Ef. 4:11).
  4. Paulus gebruik hierdie titel vir homself in die meeste van sy briewe ter bevestiging van sy Godgegewe gesag as afgevaardigde van Christus (vgl. Rom. 1:1; II Tim. 1:1; I Kor. 1:1; II Kor. 1:1; Gal. 1:1; Ef. 1:1; Kol. 1:1; I Tim. 1:1; Tit. 1:1).

- ▣ **OAV** “nie vanweë mense of deur ‘n mens nie”
- NAV** “dank ek nie aan mense nie. Ek is ook nie deur ‘n mens aangestel nie”
- NASB** “not sent from men, nor through the agency of man”
- NKJV** “not from men nor through man”
- NRSV** “sent neither by human commission nor from human authorities”
- TEV** “did not come from man or by means of man”
- JB** “who does not owe his authority to men or his appointment to any human being”

Dit onderstreep een van Paulus se grootste argumente, dat sy apostelskap nie van 'n menslike nie, maar 'n goddelike bron afkomstig is (vgl. verse 12,16). Die valse leraars het dalk beweer dat Paulus sy evangelie van (1) die twaalf in Jerusalem (vgl. Han. 9:19-22); of (2) die moederkerk ontvang het, maar dit subtiel verander het. Paulus verdedig homself in hierdie opsig, nie oor sy getuigskrifte of reputasie nie, maar omdat sy evangelie opsigself in gedrang was (vgl. II Kor. 10-13).

▣ **“maar deur Jesus Christus en God die Vader”** Let op Paulus se brawe stelling dat hy sy openbaring en die inhoud van die evangelie ontvang het van die opgestane, verheerlikte Jesus self (vgl. 1:12). Hoewel Paulus nie die kriteria vir apostelskap uiteengesit in Han. 1:21-22 bevredig het nie, het hy geglo dat hy deur die Here geroep is om hierdie spesifieke taak te verrig (d.w.s. apostel aan die heidene).

‘Jesus’ beteken ‘JHWH red’ (vgl. Mat. 1:21). Dit is dieselfde as die Hebreeuse naam, Josua. Wanneer hierdie term op sy eie gebruik word in die NT, beklemtoon dit die menslikheid van Jesus (vgl. Ef. 4:21).

‘Christus’ is gelykstaande aan die Hebreeuse term, *Messias*, of ‘Gesalfde Een’ (sien Vir Spesiale Aandag: Messias hieronder), wat die OT-beloofte van die unieke roeping, godsgeïnspireerde, komende Een om die nuwe era van geregtigheid in te lei, beklemtoon.

‘Jesus Christus’ en ‘God die Vader’ word deur een VOORSETSEL verbind wat die NT-skrywer se manier was om die volle godheid van Christus te beklemtoon; dit word in vers 1 sowel as vers 3 aangetref (vgl. I Tess. 1:1; 3:11; II Tess. 1:2,12; 2:16).

God is Vader, nie in die sin van seksuele generasie of kronologiese voorganger nie, maar in die sin van interpersoonlike verhouding en leierskap, soos in 'n Joodse huishouding.

## VIR SPESIALE AANDAG: MESSIAS

Dit word geneem uit my kommentaar-aantekening by Daniël 9:6. Die probleem met die uitleg van hierdie vers is al die moontlike betekenis wat met die term, ‘Messias’ of ‘gesalfde een’, verbind word (BDB 603).

1. gebruik van Joodse konings (bv. I Sam. 2:10; 12:3)
2. gebruik van Joodse priesters (bv. Lev. 4:3,5)
3. gebruik van Kores (vgl. Jes. 45:1)
4. #1 en #2 word gekombineer in Psalm 110 en Saggaria 4
5. gebruik van God se spesiale, komende, Dawidiese koning om die nuwe eeu van geregtigheid in te bring
  - a. lyn van Juda (vgl. Gen. 49:10)
  - b. huis van Jesse (vgl. II Sam. 7)
  - c. universele heerskappy (vgl. Ps. 2; Jes. 9:6; 11:1-5; Mig. 5:1-4 e.v.)

Ek voel persoonlik aangetrokke tot die vereenselwiging van ‘n gesalfde een’ met Jesus van Nasaret as vanweë:

1. die bekendstelling van 'n ewige koninkryk in Dan. 2 gedurende die vierde ryk
2. die bekendstelling van “'n seun van die mens” wat 'n ewige koninkryk ontvang in Dan. 7:13
3. die verlossende naskrifte van Dan. 9:24 wat dui op 'n hoogtepunt vir gevalle wêreldgeskiedenis
4. Jesus se gebruik van die boek van Daniël in die NT (vgl. Mat. 24:15; Mark. 13:14)

## VIR SPESIALE AANDAG: VADER

In die OT reeds word die intieme familie-metafoor van God as Vader bekendgestel:

1. Die volk Israel word die ‘seun’ van JHWH genoem (vgl. Hos. 11:1; Mal. 3:17).
2. Selfs vroeër in Deuteronomium verskyn die analogie van God as Vader (Deut. 1:31).
3. In Deut. 32 word Israel ‘sy kinders’ genoem en God hulle ‘Vader’.
4. Hierdie analogie kom ook voor in Ps. 103:13 en word in Ps. 68:5 ontwikkel tot ‘die Vader van wese’.
5. Dit was algemeen in die profetiese boeke (vgl. Jes. 1:2; 63:8; Israel as seun, God as Vader, 63:16; 64:8; Jer. 3:4, 19; 31:9).

Jesus het Aramees gepraat, wat beteken dat die gebruik van die Griekse *Pater* op baie plekke waar ‘Vader’ voorkom, moontlik die Aramese *Abba* mag weerspieël (vgl. 14:36). Hierdie familiale aanspreekwyse (‘Pappa’) toon Jesus se intieme verhouding met die Vader. Die feit dat hy dit so duidelik ten toon stel vir sy volgelinge, dien ook as aansporing om ons eie intieme verhouding met die Vader te smee. Die term ‘Vader’ word slegs in die OT gebruik om na JHWH te verwys, maar Jesus het dit deurgaans en dikwels gebruik. Dit is ’n belangrike openbaring oor ons nuwe verhouding met God in Christus.

■ **“wat Hom uit die dode opgewek het”** Paulus beklemtoon dat dit God die Vader was wat Jesus uit die dood opgewek het. Dit was beide die Vader en die Seun wat hom die evangelie gegee het. Paulus was moontlik besig om te sê dat hy geroep is deur die Opgestane Heer terwyl die twaalf in Jerusalem geroep is deur die steeds menslike Here, hoewel dit moontlik te veel in die frase inlees.

In die meeste passasies is dit God die Vader wat Jesus uit die dood opwek en daardeur die goddelike stempel van goedkeuring op sy prediking plaas (vgl. II Kor. 4:14; Han. 2:24; 3:15; 10:40; Rom. 6:4; I Pet. 1:21). In Rom. 8:17 is dit God die Gees wat Jesus uit die dood opwek. In Johannes 10:17-18 voer God die Seun egter aan dat Hy sy eie lewe afgelê en weer opgeneem het. Dit toon die aaneenlopendheid tussen die werk van die persone van die Triniteit.

## VIR SPESIALE AANDAG: DIE OPSTANDING

- A. Bewyse van die opstanding
  1. Vyftig dae later met Pinkster het die opstanding die hoofsaak van Petrus se prediking geword (vgl. Han. 2). Duisende wat in hierdie gebied gewoon het, het dit geglo.
  2. Die lewens van sy dissipels het plotseling ’n ommekeer gesien; van verslaenheid (hulle het nie die opstanding verwag nie) tot ’n onbeskroomdheid wat op oortuiging berus wat selfs vir martelaarskap nie teruggestaan het nie.
- B. Wat die opstanding duidelik uitwys is
  1. dat Jesus inderdaad was Wie Hy van getuig het (vgl. Mat. 12:38-40 – voorspelling van die Messias se dood en opstanding);
  2. dat die lewe van Jesus, sy leringe en sy plaasvervangende dood, God se goedkeuring wegdra (vgl. Rom. 4:25); en
  3. dat ’n liggaamlike opstanding aan alle Christene beloof word (vgl. I Kor. 15).
- C. Aanduidings van Jesus dat Hy sou opstaan:
  1. Mat. 12:38-40; 16:21; 17:9,22,23; 20:18-19; 26:32; 27:63
  2. Mark. 8:31; 9:1-10,31; 14:28,58
  3. Luk. 9:22-27
  4. Joh. 2:19-22; 12:34; hoofstukke 14-16
- D. Verdere studie:
  1. *Evidence that Demands a Verdict* deur Josh McDowell
  2. *Who Moved the Stone?* deur Frank Morrison
  3. *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible*, s.v. “Resurrection”, “Resurrection of Jesus Christ”
  4. *Systematic Theology* deur L. Berkhof, bl. 346, 720.

**1:2 “en al die broeders wat by my is”** Ongelukkig vir moderne Bybelstudente het Paulus nie sy metgeselle benoem om sodoende een van die twee teorieë oor die ontvangers van die brief te bevestig nie. Die Noordelike Teorie fokus op etniese Galasië terwyl die Suidelike Teorie fokus op die Romeinse administratiewe provinsie van Galasië. Paulus sê nie of dit Barnabas (eerste reis) of Timoteus en Silas (tweede reis) was nie. Die naam ‘Barnabas’ word drie keer in Galasië genoem, wat die eerste reis en dus die vroeë datum impliseer.

Paulus gebruik ‘broeders’ dikwels in hierdie brief (vgl. 3:15; 4:12; 5:11; 6:18), moontlik omdat sy boodskap aan hierdie kerke so skerp, streng en aanvallend was. Paulus lei dikwels nuwe onderwerpe in deur te begin met ‘broeders’.<sup>3</sup>

■ **“aan die gemeentes van Galasië”** Weereens bly die spesifieke lokasie van hierdie kerke onbekend. Sommige voel dat dit Noordelike Galasië is (vgl. I Pet. 1:1), en dateer dus hierdie brief in die middel 50s n.C. Han. 26:6 en 18:23 word gesien

<sup>3</sup> Die NAV laat die sinsnede met “broeders” heeltemal uit. Dit dui egter ook nie eens vers twee met ’n gebruikelike syfer aan nie, wat voorstel dat hier moontlik ’n drukkersduideling ingetree het – vert.

as bewys dat Paulus gepreek het in hierdie area. Ander interpreteer Galasië as die Romeinse provinsie van Galasië, wat 'n veel groter area, na verwys in Han. 13 en 14, insluit om sodoende te dui op die eerste sendingreis van Paulus en Barnabas. Dit sou die datum in die laat 40s n.C. plaas, net voor, maar nie terselfdertyd met die Jerusalem raad van Han. 15 nie.

## VIR SPESIALE AANDAG: KERK (*EKKLESIA*)

Die Griekse term, *ekklesia*, is 'n samestelling van twee woorde: 'vanuit' en 'geroep', wat dus 'deur God geroepenes' impliseer. Die vroeë kerk het die woord uit sekulêre gebruik oorgeneem (vgl. Han. 19:32,39,41) in navolging van die LXX, wat dit gebruik het om 'die gemeente van Israel' (BDB 874 – vgl. Num. 16:3; 20:4) te beskryf. Vir hulle het dit beteken dat hulle die voortsetting van die OT-volk van God was. Hulle was die nuwe Israel (vgl. Rom. 2:28-29; Gal. 6:16; I Pet. 2:5,9; Openb. 1:6), die vervulling van God se wêreldsending (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Mat. 28:18-20; Luk. 24:47; Han. 1:8).

Hierdie woord kom verskeie kere in die evangelies en Handelingte voor:

1. 'n sekulêre byeenkoms (vergadering) van die stad se inwoners, Han. 19:32,39,41
2. die universele volk van God in Christus, Mat. 16:18 en Efesiërs
3. 'n plaaslike gemeente van gelowiges in Christus, Mat. 18:17; Han. 5:11 (hier verwys dit na die kerk in Jerusalem)
4. die mense van Israel, Han. 7:38, in Stefanus se preek
5. die volk van God in 'n streek, Han. 8:3 (Judea of Palestina)

**1:3 “Genade vir julle en vrede”** Die normale Griekse briefgroet was die woord *charein*. Paulus het dit kenmerkend verander na die eendersklinkende Christenterm, *charis*, of genade. Baie het al voorgestel dat Paulus die Griekse begroeting van 'genade' met die Hebreeuse begroeting, 'vrede' (*shalom*) gekombineer het. Hoewel dit 'n aantreklike teorie is, lees dit moontlik te veel in hierdie tipies Pauliniese inleidingsfrase in. Teologies gesproke is dit interessant om te sien dat alleenlik genade vrede voorafgaan.

- **OAV** “onse Here”
- NAV** “die Here”
- NASB** “the Lord”

Die Griekse term, *kurios*, se betekenis is soortgelyk aan dié van die Hebreeuse term, *adon*. Beide is gebruik in die sin van 'meneer', 'meester', 'eienaar', 'eggenoot', of 'heer' (vgl. Gen. 24:9; Eks. 21:4; II Sam. 2:7; en Mat. 6:24; Joh. 4:11; 9:36). Dit het egter ook later verwys na Jesus as God se Afgevaardigde, die Messias (vgl. Joh. 9:38).

Die OT-gebruik van die term kom van die latere onwilligheid van Judaïsme om die verbondsnaam vir God, JHWH, uit te spreek – die Hebreeuse WERKWOORD, 'om te wees' (vgl. Eks. 3:14). Hulle was bang dat hulle die gebod sou oortree wat stel dat die naam van die Here nie ydelik gebruik moet word nie. Die logika was as hulle dit glad nie uitspreek nie hulle dit nie ydelik kan gebruik nie. Dus het hulle die Hebreeuse *adon* (Heer), met soortgelyke betekenis as die Griekse *kurios* (Heer) in die plek daarvan gebruik. Die NT-skrywers gebruik hierdie term om die volle godheid van Christus te beskryf. Die frase, 'Jesus is Heer', was die openbare geloofsbelofte en doopsformulering van die vroeë kerk (vgl. Rom. 10:9-14).

JHWH

1. Dit is die naam wat godheid weerspieël as die verbondsluitende God; God as redder, verlosser! Mense breek verbonde, maar God is lojaal in sy woord, belofte en verbond (vgl. Ps. 103).  
Hierdie naam word aanvanklik in kombinasie met *Elohim* aangetref in Gen. 2:4. Daar is nie twee skeppingsverhale in Genesis 1-2 nie, maar twee klemme: (1) God (d.w.s. *Elohim*) as die skepper van die heelal (die fisiese) en (2) God as die spesiale skepper van die mens (d.w.s. JHWH). Genesis 2:4 begin die spesiale openbaring oor die ereposisie en doel van die mens sowel as die probleem van sonde en opstand wat met die unieke posisie gepaardgaan.
2. In Gen. 4:26 word gesê: “toe het hulle [mense] die naam van die HERE [JHWH] begin aanroep.” Eks. 6:3 impliseer egter dat vroeë verbondsmense (die patriarge en hulle families) God slegs as *El-Shaddai* geken het. Die naam JHWH word slegs een keer in Eks. 3:13-16 verduidelik, veral vers 14. Moses se skryfwerk verklaar egter dikwels woorde deur populêre woordspel eerder as etimologie (vgl. Gen. 17:4; 27:36; 29:13-35). Daar is verskeie teorieë oor die betekenis van die naam (geneem uit IDB, vol. 2, bl. 409-11):
  - a. van 'n Arabiese wortel, 'om vurige liefde te toon'
  - b. van 'n Arabiese wortel, 'om te blaas' (JHWH as God van storms)
  - c. van 'n Oegaritiese (Kanaänitiese) wortel, 'om te praat'
  - d. volg 'n Fenisiese inskripsie, 'n KOUSATIEWE DEELWOORD wat 'die Een wat onderhou' of 'die Een wat bewerkstellig' beteken
  - e. van die Hebreeuse *Qal*-vorm, 'die Een wat is' of 'die Een wat aanwesig is' (in die toekomstige tyd: 'die Een wat sal wees')
  - f. van die Hebreeuse *Hifil*-vorm, 'die Een wat veroorsaak om te wees'
  - g. van die Hebreeuse wortel, 'om te leef' (bv. Gen. 3:20), wat 'die ewiglewende, eniglewende Een' beteken

- h. in die konteks van Eks. 3:13-16 'n spel op die IMPERFEKTUM-vorm gebruik in 'n PERFEKTUM-sin: 'Ek sal aanhou wees wat Ek is' of 'Ek sal aanhou wees wat Ek altyd was'<sup>4</sup> (vgl. J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Old Testament*, bl. 67).  
Die volle naam, JHWH, word dikwels afgekort of moontlik in 'n oorspronklike vorm uitgedruk:  
(1) Ja (*Yah*) (bv. Hallelu-ja)  
(2) Jahu (*Yahu*) (name, bv. die 'saja' in Jesaja)  
(3) Jo (*Yo*) (name, bv. Joël)
3. Soos *El* word JHWH dikwels in kombinasies met ander terme aangetref wat gegewe eienskappe van die Verbondsgod van Israel beklemtoon. Hoewel daar baie meer moontlike kombinasie terme bestaan, volg hier slegs etlike voorbeelde:
- JHWH-*Jireh* (JHWH sal voorsien), Gen. 22:14
  - JHWH-*Rophekha* (JHWH is jou geneser), Eks. 15:26
  - JHWH-*Nissi* (JHWH is my banier), Eks. 17:15
  - JHWH-*Meqaddishkem* (JHWH is die Een wat jou heilig), Eks. 31:13
  - JHWH-*Shalom* (JHWH is vrede), Rig. 6:24
  - JHWH-*Sabbaoth* (JHWH van die leërskaer), I Sam. 1:3, 11; 4:4; 15:2 en dikwels in die profete
  - JHWH-*ro 'I* (JHWH is my herder), Ps. 23:1
  - JHWH-*Sidqenu* (JHWH ons geregtigheid), Jer. 23:6
  - JHWH-*Shamma* (JHWH is daar), Eseg. 48:35

**1:4** Hierdie reeks frases verlig drie belangrike aspekte van Paulus se evangeliese boodskap. Paulus verbreed die inleiding om die sentraliteit van die persoon en werk van Jesus van Nasaret te toon. Die drie aspekte is:

- Sy plaasvervangende dood, namens ons (vgl. Rom. 4:25; 5:6,8; I Kor. 15:3; II Kor. 5:14,21)
- Sy inleiding van die nuwe Messiaanse era—dit is 'n AORISTUS MIDDELSPRAAKVORM wat beteken: 'Hy Self het ons eens en vir altyd uitgetrek' uit die huidige bese era uit.
- Sy doelstelling was onderdanig aan die ewige verlossingsplan van God. Hy kom om te sterf (vgl. Gen. 3:15; Jes. 53:4,10; Mark. 10:45; Joh. 3:16; Han. 2:22-23; 4:27-28; II Kor. 5:21; II Tim. 1:9; I Pet. 1:20 en Openb. 13:8).  
Sien Vir Spesiale Aandag: Bob se Evangeliese Vooroordele by Gal. 1:7.

“[B]ose” staan in 'n KLEMPOSISIE wat die idee dat hierdie 'n gevalle, goddelose era is oordra (vgl. Joh. 12:31; II Kor. 4:4; Ef. 2:2-7). Die konsep van die twee Joodse bedelings—'n huidige bese era en die era wat kom, wat aangebring sal word deur God se Messias—kan gesien word in Mat. 12:32; 13:39; 28:20 en ander passasies in die NT. Hoewel Jesus die nuwe era ingelei het is dit nog nie ten volle voltrek nie.

☐ **“wat Homself gegee het vir ons sondes”** Die woord 'gawe' is 'n metafoor vir God se inisiërende, vrye genade teenoor sondige mens.

- Jesus gee Homself, vgl. Mat. 20:28; Luk. 22:19; Gal. 1:4; I Tim. 2:6
- God gee sy Seun vir die wêreld, vgl. Joh. 3:16; I Joh. 4:10
- Jesus is die gawe van God, vgl. Joh. 4:10; Rom. 5:15; II Kor. 9:15
- regverdiging uit genade deur geloof in Christus is 'n gawe van God, vgl. Rom. 3:24; Ef. 2:8

☐	<b>OAV</b>	<b>“ons kan uitred”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“ons te verlos”</b>
	<b>NASB, NIV</b>	<b>“rescue us”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“deliver us”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“to set us free”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“to deliver us”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“to liberate us”</b>

Dit is 'n AORISTUS MIDDELSUBJUNKTIEF. In Han. 7:10,34 word dit gebruik van die eksodus. Jesus is die nuwe Moses/nuwe eksodus! In die konteks van Galasiërs beteken dit dat Christus se dood aan gelowiges vergifnis van sonde bring (vgl. Jes. 53), moontlik aan alle mense. Dit is God se wil dat die sondige mensdom gered word (vgl. Joh. 3:16; I Tim. 2:4; II Pet. 3:9).

☐ **“die teenwoordige bese wêreld”** Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

### **VIR SPESIALE AANDAG: HIERDIE BEDELING EN DIE BEDELING WAT KOM**

Die profete van die OT het oor die toekoms gedink as 'n verlengstuk van die hede. Hulle was van mening dat dit 'n herstel van geografiese Israel moes inhou. Maar die aanbreek van 'n nuwe dag was nie uitgesluit nie (vgl. Jes. 65:17; 66:22). Die volgehoue afvalligheid van JHWH, selfs ná die terugkeer uit ballingskap, het 'n nuwe paradigma in die Joodse tussentestament apokaliptiese literatuur ingelei (bv. I Enoch, IV Esra, II Barug). Dit is hierdie paradigma wat die onderskeid tussen die twee eras laat blyk: die huidige bese bedeling onder beheer van Satan en 'n toekomstige bedeling van geregtigheid onder beheer van die Gees, ingelei deur 'n (dikwels krygsvaardige tipe) Messias.

<sup>4</sup> 'Ek sal bly wat Ek is' of 'Ek sal bly wat Ek altyd was' – vert.

Op hierdie gebied van die teologie kom klaarblyklik nuwe insig na vore. Teoloë verwys hierna as ‘voortgaande openbaring’, wat leerstellig as ‘eskatologie’ bekend staan. Die NT bekragtig hierdie opvatting van twee bedelings as ‘n nuwe kosmiese werklikheid van ‘twee eras’ (temporale dualisme).

<u>Jesus</u>	<u>Paulus</u>	<u>Hebreërs</u>
Mat. 12:32	Rom. 12:2	Heb. 1:2
Mat. 13:22	I Kor. 1:20; 2:6, 8; 3:18	6:5
Mark. 10:30	II Kor. 4:4	11:3
Luk. 16:8	Gal. 1:4	
Luk. 18:30	Ef. 1:21; 2:1, 7; 6:12	
Luk. 20:34-35	I Tim. 6:17	
	II Tim. 4:10	
	Tit. 2:12	

In NT teologie het hierdie twee Joodse eras die aspek van ‘oorvleueling’ bygekry as gevolg van die onverwagse (en dikwels misverstande) Skrif oor die twee verskynings van die Messias. Die menswording van Jesus het die OT-profesieë vervul en daarmee vind die intrede van die nuwe era plaas. Die OT (profesieë) sien Hom ook kom as Regter en Oorwinnaar. In sy eerste verskyning is Hy die Lydende Knecht van die Here (Jes. 53), nederig en sagmoedig (vgl. Sag. 9:9). Hy sal egter met groot krag weer verskyn; net soos die profete voorspel het (vgl. Openb. 19). Hierdie tweeledige-vervulling veroorsaak dat die koninkryk ingelei is, maar nog nie volledig aangebreek het nie.

■ “volgens die wil van onse God en Vader” Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

## **VIR SPESIALE AANDAG: DIE WIL (*thelēma*) VAN GOD**

### **DIE EVANGELIE VAN JOHANNES**

- Jesus het gekom om die Vader se wil te doen (4:34; 5:30; 6:38)
- om op die laaste dag almal op te wek wat die Vader aan die Seun gegee het (6:39)
- dat almal in die Seun sal glo (vgl. 6:29, 40)
- die doen van God se wil hou verband met gebedsverhoring (9:31 en I Joh. 5:14)

### **DIE SINOPTIESE EVANGELIES**

- om God se wil te doen, is noodsaaklik (vgl. Mat. 7:21)
- om God se wil te doen maak mense tot broers en susters van Jesus (Mat. 12:50; Mark. 3:35)
- dit is nie God se wil dat iemand verlore gaan nie (Mat. 18:14; I Tim. 2:4; 2 Pet. 3:9)
- Golgota was die Vader se wil vir Jesus (vgl. Mat. 26:42; Luk. 22:42)

### **PAULUS SE BRIEWE**

- die volwassenheid en diensbaarheid van alle gelowiges (Rom. 12:1-2)
- dat gelowiges van hierdie bose eeu verlos word (vgl. Gal. 1:4)
- God se wil was sy verlossingsplan (Ef. 1:5, 9, 11)
- dat gelowiges deel kry aan ‘n Gees-vervulde lewe (Ef. 5:17-18)
- dat gelowiges vervul word met alle kennis van God (Kol. 1:9)
- dat gelowiges volmaak en volkome in God se wil sal staan (Kol. 4:12)
- dat gelowiges heiligmaking sal nastreef (I Tess. 4:3)
- dat gelowiges in alles dankbaar sal wees (I Tess. 5:18)

### **PETRUS SE BRIEWE**

- gelowiges doen reg om aan owerhede onderdanig te wees en bring so die onkunde van dwase tot swye (I Pet. 2:15)
- kan die lyding van gelowiges tot gevolg hê (I Pet. 3:17; 4:19)
- dat gelowiges nie selfgesentreerde lewens sal lei nie (vgl. I Pet. 4:2)

### **JOHANNES SE BRIEWE**

- dat gelowiges ewig sal lewe (I Joh. 2:17)
- dat gelowiges vrymoedigheid oor gebedsverhoring sal hê (I Joh. 5:14)

**1:5 “aan wie die heerlijkheid toekom in alle ewigheid”** Tipies Paulinies, breek hierdie doksologie in die konteks in as gevolg van die majesteit van God. Die VOORNAAMWOORDE in Paulus se skryfwerk het dikwels dubbelsinnige antesedente. Die meeste van die tyd in hierdie gevalle verwys die MANLIKE VOORNAAMWOORD na God die Vader.

■ “die heerlijkheid” In die OT was die mees algemene Hebreeuse woord vir “heerlikheid” (*kabod*, BDB 217) oorspronklik ‘n handelsterm (wat verwys na die gebruik van ‘n paar skale) wat beteken ‘om swaar te wees’. Dit wat swaar was, was waardevol, of het intrinsieke waarde gehad. Dikwels is die konsep van helderheid (*shekinah*-wolk of heerlijkheid gedurende die wildernis dwaalperiode) bygevoeg om God se majesteit uit te druk. Hy alleen was waardig en eerbaar. Hy is te helder

vir gevalle mense om te aanskou. God kan slegs waarlik geken word deur Christus (vgl. Jer. 1:14; Mat. 17:2; Heb. 1:3; Jak. 2:1).

Die term 'heerlik' is ietwat dubbelsinnig:

1. dit kan parallel staan tot 'die geregtigheid van God'
2. dit kan verwys na die 'heiligheid' of 'volmaaktheid' van God
3. dit kan verwys na die beeld van God waarin die mens geskep is (vgl. Gen. 1:26-27; 5:1; 9:6), maar wat later vertroebel is deur eiewillige ongehoorsaamheid (vgl. Gen. 3:1-22).

### **VIR SPESIALE AANDAG: HEERLIKHEID (*doxa*)**

Die Bybelse konsep van 'heerlikheid' is moeilik om te definieer. Gelowiges vind heerlikheid in hulle begrip van die ewangelie en verheerlik hulself dus in God, nie in hulleself nie (vgl. 1:29-31; Jer. 9:23-24).

Die mees algemene Hebreeuse woord vir "heerlikheid" in die OT (*kbd*, BDB 217) was oorspronklik 'n handelsterm wat verwant was aan die gebruik van 'n paar skale ('om swaar te wees'). Dit wat swaar was, was waardevol, of het intrinsieke waarde gehad. Die konsep van helderheid is dikwels by die woord gevoeg om God se majesteit uit te druk (vgl. Eks. 19:16-18; 24:17; Jes. 60:1-2). Hy alleen is waardig en eerbaar. Hy is te helder vir gevalle mense om te aanskou (vgl. Eks. 33:17-23; Jes. 6:5). JHWH kan slegs waarlik geken word deur Christus (vgl. Joh. 12:45; 14:8-11; Kol. 1:15; Heb. 1:3). Die term 'heerlikheid' is ietwat dubbelsinnig:

1. dit kan parallel staan tot 'die geregtigheid van God'
2. dit kan verwys na die 'heiligheid' of 'volmaaktheid' van God
3. dit kan verwys na die beeld van God waarin die mens geskep is (vgl. Gen. 1:26-27; 5:1; 9:6), maar wat later vertroebel is deur eiewillige ongehoorsaamheid (vgl. Gen. 3:1-21). Dit word aanvanklik gebruik van JHWH se aanwesigheid by sy mense gedurende die wildernis swerwinge in Eks. 16:7,10; Lev. 9:23; en Num. 14:10.

■ **"in alle ewigheid"** Letterlik 'tot in ewigheid van ewigheid'.

### **VIR SPESIALE AANDAG: VIR EWIG (GRIEKSE IDIOOM)**

Een Griekse idiomatiese uitdrukking is 'tot in ewigheid' (vgl. Luk. 1:33; Rom. 1:25; 11:36; 16:27; Gal. 1:5; I Tim. 1:17), wat moontlik die Hebreeuse *'olam* weerspieël. Sien Robert B. Girdlestone, *Synonyms of the Old Testament*, bl. 319-321, en OT-Vir Spesiale Aandag: Vir Ewig (*'Olam*). Ander verwante frases is 'in der ewigheid' (NAV, vgl. Mat. 21:19 [Mark. 11:14]; Luk. 1:55; Joh. 6:58; 8:35; 12:34; 13:8; 14:15; II Kor. 9:9) en 'tot in alle ewigheid' (NAV, vgl. Ef. 3:21). Daar word klaarblyklik geen onderskeid getref tussen hierdie Griekse idioome vir 'vir ewig' nie. Die term 'ewigheid' (*ages*) is dalk MEERVOUDIG in 'n figuurlike sin, of die rabbyne grammatiese konstruksie genaamd 'die meervoud van majesteit', of dit verwys moontlik na die konsep van verskeie 'eras' of 'bedelings' in die Joodse sin van 'era van boosheid', 'bedeling wat kom' of 'era van geregtigheid'.

■ **"Amen"** Hierdie is 'n vorm van die OT-Hebreeuse term vir 'geloof' (*emeth*, vgl. Hab. 2:4, sien Vir Spesiale Aandag by 3:6). Die oorspronklike etimologie was 'om standvastig of seker te wees'. Die konnotasie het egter verander na 'dit wat bevestig sal word' (vgl. II Kor. 1:20). Dit is metafories gebruik van iemand wat gelowig, lojaal, standvastig en betroubaar was (vgl. Robert B. Girdlestone, *Synonyms of the Old Testament*, bl. 102-106). Hier vorm dit 'n slot tot 'n doksologie aan God die Vader (vgl. Rom. 1:25; 9:5; 11:36; 16:27; Ef. 3:21; Fil. 4:20).

### **VIR SPESIALE AANDAG: AMEN**

#### **I. OU TESTAMENT**

- A. Die woord "Amen" (BDB 53) word afgelei van die Hebreeuse woord vir waarheid (*emeth*) of eerbaarheid (*emun*, *emunah*) en geloof of gelowigheid.
- B. Etimologies verklaar kom dit neer op iemand wat stewig of vas staan. Die teenoorgestelde daarvan sal wees dat iemand onvas is, gly (Deut. 28:64-67; 38:16; Ps. 40:2; 73:18; Jer. 23:12) of struikel (vgl. Ps. 73:2). Vanuit hierdie letterlike betekenis het 'n metaforiese toepassing ontwikkel, naamlik getrouheid, betroubaarheid, loyaliteit en vertroubaarheid (Gen. 15:16; Hab. 2:4).
- C. Skrifvoorbeelde van spesiale gebruik:
  1. 'n pilaar of suil (II Kon. 18:16; I Tim. 3:15)
  2. ondersteuning (Eks. 17:12)
  3. onwankelbaarheid (Eks. 17:12)
  4. stabiliteit (Jes. 33:6; 34:5-7)
  5. waar/waarheid (I Kon. 10:6; 17:24; 22:16; Spr. 12:22)
  6. ferm/fermheid (II Kron. 20:20; Jes. 7:9)
  7. betroubaar – Tora (Ps. 119:43; 142, 151, 168)
- D. Daar is ook twee ander woorde in die OT wat aktiewe geloof beskryf:

1. *batach*, vertrouwe
  2. *yra*, ontsag, respek, aanbidding (vgl. Gen. 22:12)
- E. 'n Liturgiese gebruik het ontwikkel uit die gedagte aan vertrouwe en betroubaarheid; 'n ware of betroubare opmerking of stelling van iemand anders kon daardeur beaam word (vgl. Deut. 27:15-26; Neh. 8:6; Ps. 41:13; 72:19; 89:52; 106:48).
- F. Die teologiese sleutel in dié verband, is dat dit nie om die mens nie, maar om JHWH se getrouheid gaan (Eks. 34:6; Deut. 32:4; Ps. 108:4; 115:1; 117:2; 138:2). 'n Gevalle mensdom se enigste hoop is die genadige, betroubare verbondslojaliteit van JHWH en sy beloftes.
- Diegene wat Jahweh (JHWH) ken, moet soos Hy wees (Hab. 2:4). Die Bybel is geskiedenis op rekord van hoe God besig was, en is, om sy beeld in die mensdom te herstel (Gen. 1:26-27). Verlossing herstel die mens tot 'n vermoë om weer met God in vriendskapsvertrouwe te verkeer. Dit is waarvoor die mens geskape is.
- II. NUWE TESTAMENT
- A. Die gebruik van "Amen" as 'n slotbevestiging, uitgespreek in liturgiese konteks, is algemeen in die NT (vgl. I Kor. 14:16; II Kor. 1:20; Openb. 1:7; 5:14; 7:12).
- B. Die gebruik van die woord as 'n afsluiting van gebed is ook eie aan die NT (vgl. Rom. 1:25; 9:5; 11:36; 16:27; Gal. 1:5; 6:18; Ef. 3:21; Fil. 4:20; II Tess. 3:18; I Tim. 1:17; 6:16; II Tim. 4:18).
- C. Dis net Jesus wat by geleentheid van belangrike mededelings dié term gebruik; dikwels in dubbelvorm (herhalend) aldus Johannes (vgl. Luk. 4:24; 12:37; 18:17,29; 21:32; 23:43).
- D. Dit word as 'n titel vir Jesus in Openbaring (3:14) gebruik (waarskynlik 'n titel van JHWH vanuit Jes. 65:16).
- E. Die konsep van getrouheid van geloof, betroubaarheid en vertrouwe, word uitgedruk in die term *pistos* of *pistis*, wat vertaal word as 'vertrou', 'geloof' en 'glo'.

### OAV TEKS: 1:6-10

<sup>6</sup>Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, <sup>7</sup>terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai. <sup>8</sup>Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! <sup>9</sup>Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees! <sup>10</sup>Soek ek dan nou die guns van mense of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie.

**1:6 "Ek verwonder my"** In plaas van 'n danksegging—algemeen in Pauliniese skrewe—verwonder Paulus hom (die WERKWOORD word slegs hier en in II Tess. 1:10 in Paulus se geskifte aangetref) aan hoe vinnig die Galasiërs hulle deur die valse leraars laat weglei het van die suiwer, eenvoudige, majestueuse evangelie van regverdiging deur genade in geloof.

▣ **"so gou"** Twee betekenisse is moontlik: (1) so gou nadat hulle die evangelie wat Paulus verkondig het aanvaar het, of (2) so gou nadat die valse leraars opgedaag het.

▣ **"afvallig word van hom"** Hierdie werkwoord is in die TEENWOORDIGE TYD, wat aandui dat die Galasiërs besig was om weg te draai. 'Afvallig word' is 'n militêre term vir 'n opstand. Let daarop dat die klem op die persoonlike element van wegdraai van God Self val deur Paulus se evangelie te verwerp. Dit kan 'n TEENWOORDIG PASSIEWE SPRAAKVORM wees, maar die breër konteks (vgl. 3:1 e.v. en 5:7) impliseer 'n TEENWOORDIGE MIDDELVORM. Dit beklemtoon dat, hoewel die valse leraars die afvalligwording veroorsaak het, die Galasiërs ingewillig het.

▣ **"wat julle deur die genade van Christus geroep het"** Die frase "julle. . .geroep het" verwys gewoonlik na 'n daad van God die Vader (vgl. Rom. 8:30; 9:24; I Kor. 1:9). Dit is belangrik as gevolg van die tekstuele probleem afkomstig van die byvoeging van die frase "van Christus". Dit word nie in die papyrus P<sup>46</sup>, F<sup>\*</sup> of G aangetref nie, maar wel in die papyrus P<sup>51</sup> en die hooflettertekste  $\aleph$ , A, B, K en F<sup>2</sup>. "Van Jesus Christus" word aangetref in MS D. Dit mag 'n vroeë byvoeging wees om duidelik te maak dat dit die Vader is wat ons deur Christus roep. Dit moet weer gestel word: God neem altyd die inisiatief in menslike verlossing (vgl. Joh. 6:44,65; Rom. 9; Ef. 1:3-14). Sien Vir Spesiale Aandag: Uitverkiesing by I Tess. 1:4 en Vir Spesiale Aandag: Geroep by II Tess. 1:11.

▣ **"na 'n ander evangelie toe"** "Ander" (*heteros*) word soms in die sin van "'n ander soort' gebruik (vgl. II Kor. 11:4). In vers 7 word *allos* (d.w.s. 'nog een van dieselfde soort') gebruik; dit kan vertaal word as 'nog een van dieselfde soort in 'n reeks'. In Koine Grieks was hierdie terme egter besig om sinoniem te raak en daar moenie te sterk aangedring word op 'n onderskeid nie. In hierdie konteks was Paulus egter duidelik besig om albei te gebruik om 'n kontras te skep.

- 1:7 OAV** "terwyl daar geen ander is nie"  
**NAV** "Daar is geen ander evangelie nie!"  
**NASB** "which is *really* not another"  
**NKJV** "not that there is another gospel"  
**NRSV** "not that there is another gospel"

**TEV** “there is no ‘other gospel’”

**NJB** “Not that there van be more than one Good News”

Daar is nie twee evangelies nie, hoewel die een ware evangelie dikwels verwring word. Die KJV-vertaling van 2:7 word dikwels verklaar om te verwys na twee evangelies, een vir die Grieke en een vir die Jode. Dit is ‘n jammerte en ‘n vals afleiding, hoewel dit moontlik ‘n stelling van die valse leraars kon gewees het.

■ **OAV** “behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring”

**NAV** “en dit is hulle wat vir julle in verwarring bring”

**NASB** “only there are some who are disturbing you”

**NKJV** “but there are some who trouble you”

**NRSV** “but there are some who are confusing you”

**TEV** “there are some people who are upsetting you”

**NJB** “it is merely that some troublemakers among you”

“[I]n die war bring” verwys na ‘n doelbewuste daad soos ‘n militêre opstand (d.w.s. hierdie konteks het verskeie militêre terme). Valse leraars is MEERVOUDIG in 5:12, maar slegs die leier van die valse leraars word moontlik bedoel op grond van die gebruik van die ENKELVOUD in 5:7 en twee keer in 5:10. Hulle word ‘opstokers’ genoem in 5:12. Baie veronderstel die verjoodsers van Galasië is sinoniem met die bekeerde Fariseërs of priesters van Han. 15:1,5,24. Hulle beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan om ‘n Jood te word voordat jy ‘n Christen kan word. Die verjoodsers se klem op die Joodse wet kan gesien word in:

1. die noodsaaklikheid van besnydenis (vgl. 2:3-4; 5:1; 6:12-15)
2. hulle waarneming van spesiale dae (vgl. 4:10)
3. ‘n moontlike insluiting van die voedselwette implisiet in Paulus se konfrontasie met Petrus (vgl. 2:11-14)

Dit was waarskynlik dieselfde groep valse leraars waarvan in II Kor. 11:26 en I Tess. 2:14-16 melding gemaak word. Hulle probleem was nie dat hulle die sentrale plek van Christus in verlossing ontken het nie, maar dat hulle ook gehoorsaming van die Mosaïese wet geverg het, wat genade met menslike werke verwar. Die nuwe verbond fokus nie op menslike meriete nie (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-38).

Die teologiese en praktiese probleem van hoe die OT en NT met mekaar in verband staan, bestaan vandag nog. Hier volg ‘n aantal moontlikhede wat oor die jare voorgestel is:

1. ignoreer die OT
2. vergroot die OT
3. behou die etiek, maar nie die kultus van Israel nie
4. lees die NT deur die oog van die OT-kategorieë
5. lees die OT deur die nuwe boodskap van Jesus
6. sien dit as ‘n belofte (OT) en vervulling (NT)

Ek het gesukkel met hierdie kwessie! Dit lyk vir my of die OT sonder twyfel openbaring is (vgl. Mat. 5:17-19; II Tim. 3:15-16). Dit is nie moontlik om die Bybel te verstaan sonder Genesis nie. Die OT openbaar God sonder twyfel op wonderbaarlike maniere, maar dit lyk vir my of Judaïsme die Mosaïese verbond verkeerd hanteer het deur die menslike aspek van die verbond te beklemtoon! Ek verkies om die goddelike universele aspek daarvan (d.w.s. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6) te beklemtoon met ‘n noodsaaklike verbondsreaksie van die mens!

Die NT het die nasionale beloftes aan Israel geuniversaliseer, waardeur die oorspronklike bedoeling van God om die gevalle mensdom, na sy beeld en gelykenis geskep, te verlos (vgl. Gen. 1:26-27) ten volle kon realiseer! Een God, een wêreld, een manier om die vertrouensvriendskap te herstel (d.w.s. Jesaja se boodskap)!

## **VIR SPESIALE AANDAG: BOB SE EVANGELIESE VOORORDELE**

Ek moet aan u, die leser, toegee dat ek op hierdie stadium sterk afwyk, want my sistematiese teologie is nie Calvinisties of Dispensasionalisties nie, maar eerder Die Groot Opdrag – evangelisasie. Ek glo God het van altyd af ‘n plan vir die verlossing van die hele mensheid (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Jer. 31:31-34; Eseg. 18; 36:22-39; Han. 2:23; 3:18; 4:28; 13:29; Rom. 3:9-18, 19-20, 21-32); almal wat na sy beeld en gelykenis geskape is (vgl. Gen. 1:26-27). Die verbonde word in Christus verenig (vgl. Gal. 3:28-29; Kol. 3:11). Jesus is God se geheimenis wat bedek was, maar nou geopenbaar is (vgl. Ef. 2:11-3:13)!

Hierdie vooroordeel kleur my skrifuitleg algeheel. Ek lees alle tekste deur, en vanuit, hierdie voorveronderstelling. Dit is sekerlik ‘n vooroordeel (alle skrifverklaarders het dit!), maar dit is ‘n voorveronderstelling wat uit die Bybel self gevorm is.

■ **OAV** “en die evangelie van Christus wil verdraai”

**NAV** “wat die evangelie van Christus probeer verdraai”

**NASB** “and want to distort the gospel of Christ”

**NKJV, NRSV** “and want to pervert the gospel of Christ”

**TEV** “and trying to change the gospel of Christ”

**NJB** “want to change the Good News of Christ”



‘Wil verdraai’ is ’n AORISTUS INFINITIEF wat ‘om om te draai’ beteken, moontlik nog ‘n militêre term. Hoewel moraliteit ‘n belangrike element van die evangelie is, volg dit altyd verlossing na. Dit gaan dit nie vooraf soos die verjoodsers dit wou hê nie (vgl. Ef. 2:8-9,10). Paulus se evangelie was Christus, dan Christus-gelykvormigheid; hulle evangelie was werke-regverdigheid (Mosaïese wet) en dan God se regverdigheid in Christus.

**1:8 “Maar al sou”** Dit is ’n DERDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN met ’n AORISTUS MIDDELSUBJUNKTIEF wat ’n hipotetiese situasie aandui (vgl. II Kor. 11:3-4). Paulus voer aan dat indien hy, of ’n engel uit die hemel, ’n ander evangelie sou verkondig, hulle veroordeel en van God afgesonder moet word.

- **OAV** “laat hom ’n vervloeking wees”
- NAV** “die vloek van God sal hom tref!”
- NASB** “he is to be accursed”
- NKJV** “let him be accursed”
- NRSV** “let that one be accursed”
- TEV** “may he be condemned to hell”
- NJB** “he is to be condemned”

‘Vervloek’ (*anathema*, vgl. Mat. 18:7; Rom. 9:3; I Kor. 12:3; 15:22) weerspieël moontlik die Hebreeuse woord, *herem*, wat gebruik is in die sin van iets aan God opdra. *Herem* het ’n negatiewe konnotasie ontwikkel vanweë die gebruik in die geval van Jerigo aan God opgedra vir verwoesting (vgl. Jos. 6-7). God se vervloeking is ’n natuurlike gevolg van sy mense se minagting van die verbond (vgl. Deut. 27:11-26). Nietemin, Paulus het hierdie term spesifiek gebruik om die gewigtigheid van die valse leraars se evangelie te toon deur hulle aan God se toorn op te dra.

Sintakties is verse 8 en 9 parallel. Die DERDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN van vers 8 toon egter potensiële aksie (d.w.s. hipotetiese), terwyl die EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN van vers 9 huidige, veronderstelde aksie toon (d.w.s. die prediking van die valse leraars).

### **VIR SPESIALE AANDAG: VERVLOEK (*anathema*)**

Daar is in Hebreeus verskeie woorde wat “vervloek” beteken. *Herem* is gebruik vir iets wat aan God gewy was (vgl. die LXX, *anathema*; Lev. 27:28) en was gewoonlik veronderstel om vernietig te word (vgl. Deut. 7:26; Jos. 6:17-18; 17:12). Die term was gebruiklik in die konteks van “heilige oorlog”. God se opdrag was ’n vernietigingsoorlog teen die Kanaäniete, en Jerigo was die eerste geleentheid hiervoor; die “eerste vrug”.

In die NT word *anathema* en sy verwante vorme in ’n verskeidenheid van betekenis gebruik:

1. as ’n gawe of offerande aan God (vgl. Luk. 21:5);
2. as ’n eed om dood te maak (vgl. Han. 23:14);
3. om te vloek of te sweer (vgl. Mark. 14:71)
4. as ’n afwysingsformule met betrekking tot Jesus (vgl. I Kor. 12:3); of
5. om iemand aan die oordeel en straf van God oor te laat (vgl. Rom. 9:3; Kor. 16:22; Gal. 1:8-9).

**1:9 “Soos ons vantevore gesê het”** Dit is ’n PERFECTUM INDIKATIEWE MEERVOUD wat verwys na die voormalige lering en prediking van Paulus se sendingspan.

■ **“’n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het”** Die WERKWOORD “ontvang” (*paralambanō*, AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF) is ’n tegniese term in rabbynse literatuur vir die oordrag van die mondelinge tradisie, wat impliseer dat Paulus besig was om die evangeliese tradisie oor te dra (vgl. vers 12; I Kor. 11:23; 15:3; Fil. 4:9; I Tess. 2:13; 4:1; II Tess. 3:6), maar die konteks stel duidelik dat hy nie hierdie tradisie van ander mense ontvang het nie (vgl. vers 12).

Om ’n Christen te word moes ’n mens die evangelie ontvang (vgl. Joh. 1:12) of anders gestel, die evangelie glo (vgl. Joh. 3:16). Christenbekering het drie aspekte waarvan almal kardinaal is (al drie stem ooreen met die drie gebruike van *pistis-pistellō*, sien aantekening by 1:23-24):

1. verwelkom Jesus persoonlik (’n persoon om in te glo)
2. glo in die NT-waarhede oor Hom (waarhede oor daardie persoon om te bevestig)
3. leef ’n lewe soos Hy gelewe het (’n lewe om to leef soos daardie persoon s’n)

Dit moet verhelder word dat die sentrale elemente van Paulus se evangelie direk van Jesus gekom het (vgl. vers 12). Paulus oordink en ontwikkel hulle vir ’n aantal jare voordat hy die moederkerk en sy leiers in Jerusalem gaan besoek (vgl. Gal. 1:18; 2:1). Nietemin, Paulus het ook heelwat geleer oor die woorde en daede van Jesus uit diegene wat Hom in die vlees geken het:

1. diegene wat hy vervolg het getuig
2. hy het Stefanus se verweer gesien en gehoor (vgl. Han. 7:58)
3. Ananias getuig aan hom (vgl. Han. 9:10-19)
4. hy het vir 15 dae by Petrus gekuier (vgl. 1:18)

Verder haal Paulus ook baie spreuke of gesange van die vroeë kerk aan in sy skrewe (vgl. 1:4-5; I Kor. 15:3-4; Ef. 5:14; Fil. 2:6-11; Kol. 1:15-20; I Tim. 3:16); en noem Christelike tradisies verskeie kere (vgl. I Kor. 11:2; II Tess. 3:6). Paulus was besig om in baie spesifieke terme baie versigtig te praat as gevolg van die aantugings van die valse leraars.

**1:10 “Soek ek dan nou die guns van mense, of van God?”** Dit is ‘n ontwikkeling en voortsetting van die tema wat in 1:1 ingelei is. Paulus se streng woorde aan die valse leraars bewys dat hy nie probeer het om by mense guns te wen soos hulle klaarblyklik beweer het nie. Paulus is moontlik gekritiseer vir sy stelling dat hy alle dinge vir alle mense geword het, soortgelyk aan I Kor. 9:19-27; Han. 21:17-26. Dit is misverstaan as:

1. ’n toegewing aan pagaanse kultuur
2. die prediking van twee verskillende evangelies—een vir Jode en ’n ander, makliker een vir paganiste

▣ **“As”** Vers 10 is ’n TWEEDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN wat ’n stelling uitdruk in teenstelling met die feite. Vergroot sou die sin lees: “Indien ek steeds die guns van mense gesoek het, dan sou ek nie ’n dienskneg van Christus gewees het nie, wat ek wel is.” Sien Bylaag Een, VII.

- ▣ **OAV** “ek nog mense behaag”
- NAV** “ek nog steeds die guns van mense soek”
- NASB** “I were still trying to please men”

Die woord “nog” of “nog steeds” is veelbesproke. Impliseer dit dat hy nooit die guns van mense probeer wen het nie of erken hy dat hy as ’n ywerige Fariseër in sy jongdae wel probeer het om mense se guns te wen (d.w.s. Fariseërs, vgl. 1:14)?

- ▣ **OAV** “dan sou ek nie ’n dienskneg van Christus wees nie”
- NAV** “sou ek geen dienaar van Christus wees nie”
- NASB** “I would not be a bond-servant of Christ”

Dit is ’n heenwysing op Christus se lering dat mens nie twee meesters kan dien nie (vgl. Mat. 6:24). “Dienskneg” is moontlik deur Paulus gebruik om te verwys na

1. Jesus as HERE en Paulus as slaaf
2. ’n eretitel vir leierskap van die OT, gebruik vir Moses (vgl. Deut. 34:5; Jos. 8:31,33), Josua (vgl. Jos. 24:29; Rigt. 2:8) en Dawid (vgl. II Sam. 7:5; titel, Psalm 18)

#### **OAV TEKS: 1:11-17**

<sup>11</sup>Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. <sup>12</sup>Want ek het dit ook nie van ’n mens ontvang of geleer nie, maar deur ’n openbaring van Jesus Christus. <sup>13</sup>Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het; <sup>14</sup>en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral ’n yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders. <sup>15</sup>Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, <sup>16</sup>om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie, <sup>17</sup>en ook nie na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus.

**1:11-2:14** Dit is ’n literêre eenheid waarin Paulus sy eie apostelskap verdedig om sodoende sy evangelie te verdedig.

- 1:11 OAV** “Maar ek maak julle bekend, broeders”
- NAV** “Dit moet julle goed besef, broers”
- NASB** “For I would have you know, brethren”
- NKJV** “But I make known to you, brethren”
- NRSV** “For I want you to know, brothers and sisters”
- TEV** “Let me tell you, my brothers”
- NJB** “The fact is, brothers, and I want you to realize this”

Die KJV vertaal dit as “I certify to you,” wat ’n tegniese weergawe van die frase is (vgl. I Kor. 12:3; 15:1; II Kor. 8:1).

- 1:11-12 OAV** “dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie van die mens is nie”
- NAV** “die evangelie wat ek verkondig, is nie deur ’n mens uitgedink nie”
- NASB** “the gospel which was preached by me is not according to man”

Dit begin ’n frase wat die twee ontkennde stellings van 1:1 herhaal. Paulus beweer dat sy boodskap nie ’n menslike oorsprong het nie (vgl. II Tess. 2:13; II Pet. 1:20-21). Verder beweer hy dat hy dit nie van enige mens ontvang het nie. Die woord “ontvang” is gebruik van studente in rabbynse skole. Die evangelie was in teenstelling met die lering wat Paulus as ’n rabbynse student in Jerusalem ontvang het. Dit is aan hom geleer deur ’n openbaring van Jesus Christus, op die pad na Damaskus sowel as in Arabië (vgl. Ef. 3:2-3). Dit word drie kere genoem in verse 11-12!

Die woord “evangelie” en die WERKWOORD “verkondig” is ’n samestelling van:

1. *eu*, ‘goed’; en
2. *angelion*, ‘nuus’ of ‘boodskap’.

Paulus gebruik hulle saam in I Kor. 15:1.

**1:12 “’n openbaring van Jesus Christus”** Dit is óf ’n SUBJEKTIEWE GENITIEF-TYDVORM (wat Jesus as die agent van openbaring beklemtoon, d.w.s. teenoor “van mense”) of ’n OBJEKTIEWE GENITIEF-TYDVORM (wat Jesus as die inhoud van die openbaring beklemtoon, vgl. vers 16).

**1:13 OAV “julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom”**  
**NAV “Julle het immers gehoor van my optrede toe ek destyds nog ‘n aanhanger van die Joodse leer was”**  
**NASB “you have heard of my former manner of life in Judaism”**

Dit is nie seker hoe hierdie kerke gehoor het nie:

1. dit was algemene kennis
2. Paulus het hulle meegedeel
3. die valse leraars het verwys na sy vroeër optrede

“Jodedom” verwys klaarblyklik na Fariseïsme (vgl. Han. 26:4-5). Ná die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. deur die Romeinse generaal, Titus, het die Fariseïese party na die stad van Jamnia verskuif. Die Saddusese element is heeltemal uitgewis en Fariseïsme het ontwikkel tot moderne rabbynse Judaïsme. Paulus vermeld iets van sy lewe as ’n ywerige Fariseër in Fil. 3:4-6.

## VIR SPESIALE AANDAG: FARISEËRS

- I. Die term het een van die volgende moontlik oorspronge:
  - A. “Om afgesonder te wees”; die groep het gedurende die Makkabese tyd tot stand gekom (die siening wat die meeste steun geniet).
  - B. “Om te verdeel”; dis nog ’n betekenis wat die stamwoord onderliggend aan “Fariseër” kan hê. Sommige meen dat dit op “interpreteerder” kan dui.
  - C. “Persies”; onderliggend hieraan is ’n Aramese wortel. Sommige van die Fariseërs se beskouinge verrai verwantskap met die Persiese Zoroastrianisme, veral dualisme.
- II. Dit het ontwikkel tydens die Makkabese era vanuit die Hassidim (die toegewydenes). Verskeie groepe in reaksie (soos die Esseners) teen die Griekse Hellenisme en, in besonder, die optrede van Antiochus IV Epifanus, het in dié tyd tot stand gekom. Josefus in sy *Antiquities of the Jews* was die eerste om van die bestaan van die “Fariseërs” gewag te maak (8:5:1-3).
- III. Hulle belangrikste doktrines:
  - A. Geloof in die koms van ‘n Messias.
  - B. Die handeling van God in gebeure van die dag, waarin hulle die Sadduseërs direk geopponeer het. Die Fariseërs se leringe is ’n teologiese kontrapunt van die Sadduseëse doktrine.
  - C. ’n Hiernamaals op hierdie aardse bestaan gebaseer wat loon en straf insluit. Dit mag aan Dan. 12:2 ontleen wees.
  - D. Die gesag van die OT en die Mondelinge Tradisies (die Talmoed). Dit het vir hulle gegaan om gehoorsaamheid aan die rabbynse geleerdes se interpretasie van die OT (Sjammai, die konserwatiewe groep en Hillel, die liberale groep); twee filosofiese strominge van konserwatiewes en liberaliste wie se dialoog en menings oor wat die Skrif leer, in die Babiloniese en die onvoltooide Palestynse Talmoed opgeteken is, in die geloof dat Moses hierdie interpretasies reeds op Sinai ontvang het. Die werklike historiese aanvang van hierdie aantekeninge was die koms van Esra en die aantekeninge van die manne van die “Groot Sinagoge,” wat later bekend was as die Sanhedrin.
  - E. ’n Hoogs ontwikkelde engele-leer wat oor goeie en slegte geestelike wesens handel, voortgevloei uit Persiese dualisme en ontwikkel deur die Joodse literatuur van die era tussen die Ou en Nuwe Testament.

- ☉ **OAV “dat ek die gemeente van God uitermate vervolg”**  
**NAV “Ek het die kerk van God tot die uiterste vervolg”**  
**NASB “how I used to persecute beyond measure”**  
**NKJV “how I persecuted”**  
**NRSV “I was violently persecuting”**  
**TEV “how I persecuted without mercy”**  
**NJB “how much damage I did to it”**

Hierdie IMPERFEKTUM TYDVORM WERKWOORD word gebruik in Han. 9:4 om te verwys na sy herhaaldelike aktiwiteit beskryf in Han. 8:1-3; 22:20 en 26:10 (vgl. I. Kor. 15:9; I Tim. 1:13). Hierdie is dieselfde algemene konteks waarin Paulus sy persoonlike getuienis afgelê het.

Vir ‘uitermate’ (oordrywing), sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

## VIR SPESIALE AANDAG: PAULUS SE GEBRUIK VAN “HUPER”-SAMESTELLINGS

Paulus was baie lief daarvoor om nuwe woorde te skep deur gebruik te maak van die Griekse VOORSETSEL *huper*, wat as “bowenal” (“above” of “upper”) vertaal kan word. Wanneer dit saam met die ABLATIEWE GENITIEF gebruik word, beteken dit “namens”/“ten behoeve van” (“on behalf of”). Dit kan ook “aangaande” (“about”) of “betreffende” (“concerning”) beteken, soos *peri* (vgl. II Kor. 8:23; II Tes. 2:1). Maar wanneer dit met die AKKUSATIEF gebruik word, beteken dit “bokant”, “oor” of “anderkant” (“above”, “over” of “beyond”). Vergelyk verder A.T. Robertson se *A Grammar of the Greek New Testament in the Light of Historical Research*, bl. 625-633. Wanneer Paulus ’n konsep wou beklemtoon het hy hierdie VOORSETSEL in verbindings gebruik.

### A. *Hapax legomenon* (kom net een maal in NT voor)

1. *Huperakmos*, uitstel van huweliksnaaming (I Kor. 7:36)
2. *Huperauxanō*, geloof wat grootliks toeneem (II Tes. 1:3)
3. *Huperbainō*, benadeel of te nakom (I Tes. 4:6)
4. *Huperkeina*, plekke anderkant (II Kor. 10:6)
5. *Huperekteina*, vêr uitstrek (II Kor. 1:14)
6. *Huperentugchanō*, intree vir (Rom. 8:26)
7. *Hupernikaō*, meer as oorwinnaars (Rom. 8:37)
8. *Huperpleonazō*, baie oorvloedig (I Tim. 1:14)
9. *Huperupsoō*, uitermate verhoog (Fil. 2:9)
10. *Huperfroneō*, meer van homself dink (Rom. 12:3)

### B. Woorde slegs in Paulus se geskifte gebruik:

1. *Huperairomai*, homself verhef (II Kor. 12:7; II Tes. 2:4)
2. *Huperballontōs*, alles oortreffende (II Kor. 11:23, BYWOORD hier, maar WERKWOORD in II Kor. 3:10; 9:14; Ef. 1:19; 2:7; 3:19)
3. *Huperbolē*, uitermate, buitengewoon (Rom. 7:13; I Kor. 12:31; II Kor. 1:8; 4:17; 22:7; Gal. 1:13)
4. *Huperekerissou*, buite alle mate (Ef. 3:20; I Tes. 3:10; 5:13)
5. *Huperlian*, uitnemende (apostels), in die hoogste mate (II Kor. 2:1; I Tim. 2:2)
6. *Huperochē*, prominent, hooggeplaas (I Kor. 2:1; I Tim. 2:2)
7. *Huperperisseuō*, meer geword (Rom. 5:2; meer oorvloedig (MIDDELVORM), II Kor. 7:4)

### C. Woorde deur Paulus gebruik en selde deur ander NT-skrywers:

1. *Huperanō*, vêr bo (Ef. 1:21; 4:10; Heb. 9:5)
2. *Huperechoō*, hooggeplaastes, hoër ag as self (Rom. 1:13; Fil. 2:3; 3:8; 4:7; I Pet. 2:13)
3. *Huperēphanos*, hooghartig, aanmatigend (Rom. 1:30; II Tim. 3:2; Luk. 1:51; Jak. 4:6; I Pet. 5:5)

Paulus was ’n baie passiwolle man; wanneer mense en dinge goed was, noem hy dit baie goed, maar wanneer dinge nie goed was nie, noem hy dit baie sleg. Hierdie VOORSETSEL het hom in staat gestel om sy gevoelens oor sonde, homself, oor Christus en die evangelie kragtig uit te spreek.

## ■ OAV “die gemeente van God”

NAV “die kerk van God”

NASB “the church of God”

*Ekklesia* is ’n Griekse samstelling uit ‘vanuit’ en ‘om te roep’. Dit is in Koine Grieks gebruik om enige soort samekoms te beskryf, soos ’n dorpsvergadering (vgl. Han. 19:32). Die kerk het hierdie term gekies omdat dit gebruik word in die Septuaginta, die Griekse vertaling van die Ou Testament, al so vroeg as 250 v.C. geskryf vir die biblioteek in Alexandrië, Egipte. Die Griekse term vertaal die Hebreeuse term *qahal* wat gebruik is in die verbondsfrase ‘die samekoms van Israel’ (vgl. Num. 20:4). Die NT-skrywers voer aan dat hulle die ‘deur God-geroepenes’ was wat die mense van God was in hulle tyd. Hulle het geen radikale breek gesien tussen die OT-mense van God en hulleself, die NT-mense van God nie. Ons moet aanvoer dat die kerk van Jesus Christus die ware erfgenaam van die OT-geskifte is, nie moderne rabbynse Judaïsme nie.

Let op dat Paulus die plaaslike kerke noem in 1:2 en die universele kerk in 1:13. ‘Kerk’ word op drie verskillende maniere gebruik in die NT:

1. huiskerke (vgl. Rom. 16:5)
2. plaaslike of gebiedskerke (vgl. 1:2; I Kor. 1:2)
3. die hele gemeente van Christus op aarde (1:13; Mat. 16:18; Ef. 1:22; 3:21; 5:23-32)

■ “en dit verwoes het” Hierdie werkwoordfrase is ’n IMPERFEKTUM TYDVORM, wat herhaalde aksie in die verlede aandui.

1:14 OAV “dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd onder my stamgenote”

NAV “in die Joodse leer het ek onder my volksgenote bo baie van my leeftyd uitgestyg”

NASB “I was advancing in Judaism beyond many of my contemporaries”

Dit verwys na Paulus se mede-rabbynse studente in Jerusalem. Niemand is meer entusiasties as ‘n eerstejaar teologiestudent nie! Die Joodse ywer vir die wet was/is eintlik toewyding; ywer sonder kennis en waarheid (vgl. Rom. 10:2 e.v.) Paulus het probeer om sy Joodse tydgenote se guns te wen!

- **OAV** “terwyl ek veral ’n yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders”
- NAV** “want ek was ’n fanatieke yweraar vir die oorgelewerde leer van my voorvaders”
- NASB** “being more extremely zealous for my ancestral traditions”

Hier is die gebruik van die term “oorleweringe” wat ’n tegniese term vir ‘die mondelinge tradisie’ was. Die Jode het geglo dat die mondelinge oorleweringe, soos die Ou Testament, deur God aan Moses gegee is op berg Sinai. Die mondelinge oorleweringe was veronderstel om die Ou Testament te omvat, te verdedig en te interpreteer. Dit is later gekodifiseer in die Babiloniese en Palestynse Talmoads en het uiteindelik geformuleerde volksverhale geword eerder as ‘n belangrike geloofsverhouding (vgl. Jes. 29:13; Kol. 2:16-23; II Tim. 3:1-5). Sien aantekening oor ‘tradisies’ by II Tess. 2:15.

- 1:15**
- OAV** “Maar toe dit God”
  - NAV** “Maar God het”
  - NASB** “But when God”
  - NKJV** “But when it pleased God”
  - NRSV** “But when God”
  - TEV** “But God”
  - NJB** “Then God”

Baie betroubare antieke manuskripte gebruik in plaas van die term ‘God’ die MANLIKE VOORNAAMWOORD ‘hy’ (vgl. manuskripte P<sup>46</sup> en B). *Theos* (God) kom voor in manuskripte **ⲛ**, A en D. Dit was waarskynlik oorspronklik ‘hy’ en oorskrywers het later *theos* bygevoeg om die dubbelsinnige VOORNAAMWOORD te verhelder. Sien Bylaag Twee.

■ “wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het” Paulus verwys na die roeping van sommige OT-profete, spesifiek Jeremia (vgl. Jer. 1:4-5, of die Dienskneg van JHWH, Jesaja 49:1,5). Hy ervaar ‘n godelike roeping na die bediening (vgl. Rom. 1:1). Dit is nog ‘n manier om te beklemtoon dat sy gesag en apostelskap nie van mense afkomstig is nie (vgl. verse 1,11-12). Die idee daarvan om ‘geroep’ te wees deur God word beklemtoon deur Paulus se persoonlike getuigenis (vgl. Han. 9:1-19; 13:2; 22:1-16; 26:9-18). Sommige van die sterkste Bybelse passasies oor uitverkiesing kan gevind word in Paulus se skrewes (vgl. Romeine 9 en Efesiërs 1).

Dit is interessant dat Paulus se “deur sy genade” blyk sinoniem te wees met ‘Heilige Gees’. Die terminologie is algemeen in Paulus se skrewes (vgl. Rom. 3:24; I Kor. 15:10; II Kor. 6:1; Ef. 2:8).

Genade reflekteer die onveranderende karakter van God en die Gees vorm die brug tussen Heilige God en sondige mense (vgl. Joh. 6:44,65).

- 1:16**
- OAV** “om sy Seun in my te openbaar”
  - NAV** “om sy Seun aan my te openbaar”
  - NASB, NKJV, NJB** “to reveal His Son in me”
  - NRSV, TEV** “to reveal his Son to me”

“Om te openbaar” (*apocaluptō*), wat ‘openbaring’ vertaal word in vers 12, beteken gewoonlik ‘’n helder manifestasie of onthulling’. Klaarblyklik het dit gebeur op die Damaskuspad en later in Arabië (vgl. vers 17).

Die frase “in my” is omstrede. Sommige glo dit beteken dat God Jesus aan Paulus openbaar het terwyl ander dink dit beteken dat God Jesus deur Paulus openbaar het. Albei is waar. Die *Revised English Bible*-vertaling kombineer albei moontlikhede (“to reveal His Son in and through me”). Die breër konteks lyk of dit die eerste opsie beter pas, maar in vers 16 pas die tweede opsie beter.

■ “sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig” Die frase “in my” staan parallel tot “onder die heidene”. God het Paulus geroep om die heiden te roep (vgl. Han. 9:15; 22:15; 26:16-18; Rom. 1:5; 11:13; 15:16; Gal. 2:7,9; Ef. 3:8; I Tim. 2:7). Ons lei die Engelse woord ‘etnies’ van die Griekse woord vir ‘heidene’ af.

- **OAV** “het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie”
- NAV** “het ek nie dadelik daarna mense geraadpleeg”
- NASB** “I did not immediately consult with flesh and blood”
- NKJV** “I did not immediately confer with flesh and blood”
- NRSV** “I did not confer with any human being”
- TEV** “I did not go to anyone for advice”
- NJB** “I did not stop to discuss this with any human being”

Dit verwys oënskynlik na Paulus se privaatstudietyd in Arabië (vgl. vers 17). Ons is nie seker hoe lank hy daar studeer het of hoe lank hy in Arabië vertoef het nie. Dit was waarskynlik die Nabateïese koninkryk wat baie naby aan (suidoos van) die stad van Damaskus was (vgl. II Kor. 11:32). In vers 18 lyk dit of hy so lank as drie jaar kon vertoef het (maar nie noodwendig nie). Paulus se basiese doel met melding hiervan (dit word weggelaat uit die boek van Handelingen) was om te wys dat hy nie die evangelie van die apostels in Jerusalem ontvang het of amptelike deur die kerk in Jerusalem aanvaar is nie, maar van God en deur God (vgl. verse 1,11-12).

‘Vlees’ het seksuele konnotasies. Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

### **VIR SPESIALE AANDAG: VLEES (*sarx*)**

Hierdie term word die meeste deur Paulus gebruik in Galasiërs en sy teologiese ontwikkeling in Romeine. Kundiges verskil oor hoe om die verskillende konnotasies van die term te karakteriseer. Daar is sekerlik ’n verskeie betekenis wat oorvleuel. Die volgende is bloot ’n poging om die wye semantiese veld van die term op te som:

- A. die menslike liggaam, Joh. 1:14; Rom. 2:28; I Kor. 5:5; 7:28; II Kor. 4:11; 7:5; 12:7; Gal. 1:16; 2:16,20; 4:13; Fil. 1:22; Kol. 1:22,24; 2:5; I Tim. 3:16
- B. menslike afkoms, Joh. 3:6; Rom. 1:3; 4:1; 9:3,5,8; 11:14; I Kor. 10:18; Gal. 4:23,29
- C. die menslike persoon, Rom. 3:20; 7:5; 8:7-8; I Kor. 1:29; II Kor. 10:3; Gal. 2:16; 5:24
- D. menslike spraak, Joh. 8:15; I Kor. 1:26; II Kor. 1:12; 5:16; 10:2; Gal. 6:12
- E. menslike swakheid, Rom. 6:19; 7:18; 8:5-6,9; II Kor. 10:4; Gal. 3:3; 5:13,16,19-21; Kol. 2:18
- F. vyandigheid van mense teenoor God, verwant aan die nagevolge van die val, Rom. 7:14; 13:14; I Kor. 3:1,3; Ef. 2:3; Kol. 2:18; I Pet. 2:11; I Joh. 2:16

**1:17 “na die wat voor my apostels was”** Paulus erken sonder twyfel die leierskap van die oorspronklike twaalf, maar beklemtoon ook homself as hulle gelyke.

### **OAV TEKS: 1:18-24**

<sup>18</sup>Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly; <sup>19</sup>en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here. <sup>20</sup>En wat ek julle skryf—voor die aangesig van God, ek lieg nie! <sup>21</sup>Daarna het ek gekom in die streke van Sírïë en Cilicië; <sup>22</sup>en ek was persoonlik onbekend by die Christelike gemeentes van Judéa; <sup>23</sup>hulle het net gehoor: hy wat ons vroeër vervolg het, verkondig nou die geloof wat hy vroeër besig was om uit te roei. <sup>24</sup>En hulle het God verheerlik in my.

- 1:18 OAV** “Vervolgens drie jaar daarna het ek na Jerusalem opgegaan”
- NAV** “Eers drie jaar later het ek Jerusalem toe gegaan”
- NASB** “Then three years later I went up to Jerusalem”

Paulus erken vryelik dat hy Jerusalem besoek het. Die sin beklemtoon dat Paulus geen kontak met Jerusalem of die twaalf gehad het tot drie jaar ná sy bekering nie. Die boek van Handelingte rapporteer vyf besoeke deur Paulus aan Jerusalem, maar Galasiërs rapporteer net twee. Dit is baie moeilik om te bepaal watter van hierdie besoeke in Handelingte opgeteken ooreenstem met dié opgeteken in Galasiërs en of daar verdere besoeke was. Die meeste mense glo dat hierdie besoek wat in vers 18 vermeld word ooreenstem met die besoek opgeteken in Han. 9:26-30. Sien Inleiding, Datum en Ontvangers, C.

■ **“kennis te maak”** Dit is ’n Griekse frase waarvan die Engelse woord ‘geskiedenis’ ontleen word. Paulus het gegaan (1) om Petrus te leer ken of (2) vir die spesifiek doel om Jesus se lering by Petrus te leer. Paulus het egter nie die heelyd by Petrus vertoef nie (vgl. Han. 9:28-30). Hy het in die gebied gepreek en waarskynlik net die aande en die Sabbat by hom deurgebring. Hierdie vers beklemtoon ook dat hy slegs vir vyftien dae daar gebly het, wat gans te kort is vir uitvoerige instruksie. In ag genome die Pauliniese terminologie en teologie so ooglopend in I en II Petrus, het Petrus dalk meer by Paulus geleer as andersom.

- **OAV** “Petrus”
- NAV** “Sefas”
- NASB, NRSV, NJB** “Cephas”
- NKJV, TEV** “Peter”

Sefas (Aramees vir ‘rots’) word aangetref in MSS P<sup>46</sup>, P<sup>51</sup>, **ℵ**<sup>\*</sup>, A, B. Petrus (Grieks vir ‘rotsblok’) word aangetref in MSS **ℵ**<sup>c</sup>, D, F, G, K, L en P. Paulus gebruik ‘Sefas’ in 2:9,11,14.

**1:19 “en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here”** Die Griekse sin is baie dubbelsinnig. Die konteks impliseer dat Jakobus ’n apostel was, maar hierdie betekenis is onseker. Dit (apostels) kon verwys het na Petrus in vers 18. Jakobus blyk ’n ‘apostel’ te wees in dieselfde sin as wat die volgende dit was: Barnabas (vgl. Han. 14:4,14); Andronikus en Junias (vgl. Rom. 16:7); Apollos (vgl. II Kor. 4:9); Epafroditus (Fil. 2:25); of Silas en Timoteus (vgl. I Tess. 2:6; Han. 18:5). Hierdie Jakobus word geïdentifiseer as die Here se halfbroer (vgl. Mat. 13:55; Mark. 6:3) om hom sodoende te onderskei van Jakobus die apostel, deel van die binnekring, wat vroeg reeds vermoor is (vgl. Han. 12). Vir verskeie generasies het die kerk in Jerusalem ’n fisiese familielid van Jesus as hulle leier gehad. Verskeie Bybelse passasies (vgl. Han. 12:17; 15:13; 21:18; I Kor. 15:7; en Jak. 1:1) toon dat Jakobus ’n baie belangrike leier in die kerk in Jerusalem was. Sien Vir Spesiale Aandag: Jakobus, die halfbroer van Jesus by 2:9.

Vir ‘apostels’ sien Vir Spesiale Aandag: Gestuur by 1:1.

- 1:20 OAV** “voor die aangesig van God, ek lieg nie!”

**NAV** “God is my getuie”

**NASB** “I assure you before God that I am not lying”

Paulus het geweet hoe ernstig eedswering is en het dit steeds nodig geag om sy geloofwaardigheid so te bevestig (vgl. Rom. 9:1; I Tim. 2:7). Paulus gebruik elders ook vir God as getuie van sy geloofwaardigheid (vgl. Rom. 1:9; II Kor. 1:23; 4:2; 11:31; I Tess. 2:5,10). Paulus was oortuig van die goddelike oorsprong van sy inhoud en sy boodskap.

**1:21 OAV** “Daarna het ek gekom in die streke van Sirië en Cilisië”

**NAV** “Daarna is ek na Sirië en Silisië toe”

**NASB** “Then I went into the regions of Syria and Cilicia”

Sirië en Silisië was Romeinse provinsies, maar die kleiner provinsie van Silisië was nie heeltemal onafhanklik nie (vgl. Han. 15:41). Dit is moontlik die rede hoekom dit tweede genoem word, selfs al val hy kronologies eerste. Paulus se werk was eerste in Silisië, want dit was die area waarin Tarsus, sy tuisdorp, was. Dit lyk of dit in Han. 9:30 opgeteken is. Paulus se tyd in Sirië is saam met sy tyd in Antiogië opgeteken, die hoofstad van die Romeinse provinsie, Sirië. Die tydperk is opgeteken in Han. 11:25-26.

**1:22 OAV** “en ek was persoonlik onbekend by die Christelike gemeentes van Judéa”

**NAV** “Die gemeentes van Christus in Judea het my toe nog nie persoonlik geken nie”

**NASB** “but I was *still* unknown by sight to the churches of Judea”

Die Griekse woord ‘onbekend’ word weerspieël in die verwante woord, ‘agnosties’. ‘Kenniss’ (*gnosis*) het in hierdie geval die ALFA PRIVATIEF wat dit ontken. Dit is ietwat verrassend, aangesien Paulus ’n bekende vervolger van die kerk was, hoewel nie al die kerke geweet het wie hy is nie en hy het ook nie erkenning van die Palestynse kerke gesoek vir sy bediening nie.

■ “kerke” Sien Vir Spesiale Aandag by 1:2.

**1:23-24** Hoewel Paulus nie erkenning van hierdie vroeë Joodse Christenkerke gesoek het nie, het hulle dit wel vir hom gegee (vgl. vers 24) toe hulle hoor van sy bediening aan die heidene. Dit is nog ’n punt in sy argument teen die Joodse ‘Christen’ valse leraars wat gesê het dat die nodige gesag in hom ontbreek.

■ “die geloof” Hierdie term het moontlik ’n aantal onderskeie konnotasies. Oor die algemeen help die aanwesigheid of afwesigheid van die LIDWOORD nie om die betekenis te verhelder nie.

1. OT-agtergrond beteken ‘geloofwaardigheid’ en ‘betroubaarheid’, daarom word dit gebruik om ons geloof in die geloofwaardigheid van God of ons vertroue in die betroubaarheid van God te beskryf
2. in ons aanvaarding of ontvangs van God se vrye aanbod van vergifnis in Christus
3. in die sin van getrou en godvresend lewe
4. in die gemeenskaplike sin van die Christengeloof of waarheid oor Jesus (vgl. Han. 6:7 en Judas verse 3 en 20)

In verskeie passasies, soos II Tess. 3:2, is dit moeilik om te weet watter betekenis Paulus in gedagte het. Hier pas opsie #4 die beste.

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ’n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ’n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wat is uniek aan Paulus se aanvangsopmerkings aan die kerke in Galasië?
2. Noem die drie frases wat die persoon en werk van Christus beskryf in vers 4.
3. Hoekom was Paulus so ontsteld oor die optrede van die Galasiese kerke?
4. Wie was die valse leraars en wat was die basiese inhoud van hulle boodskap?
5. Wat beteken die term: ‘ervloek’?
6. Hoe bewys Paulus dat hy nie mense se guns probeer wen nie?
7. Hoekom herhaal Paulus die klem van 1:1 weer in verse 11 en 12?
8. Hoe was die valse leraars besig om Paulus se voormalige lewe teen hom te gebruik?
9. Hoekom het Paulus na Arabië gereis?
10. Verduidelik sommige van die moontlike aantuigings wat die valse leraars teen Paulus ingestel het en hoe het hy hulle beantwoord in 1:10 e.v.

# GALASIËRS 2

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>d</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Paul Accepted by Other Apostles	Defending the Gospel	Paul's Apostleship Recognized in Jerusalem	Paul and the Other Apostles	The Meeting at Jerusalem	Paulus word deur die ander apostels erken
2:1-10	2:1-10	2:1-10	2:1-5 2:6-10	2:1-10	2:1-2 2:3-5 2:6-8 2:9-10
Paul Rebukes Peter at Antioch	No Return to the Law	Paul Rebukes Peter's Inconsistency at Antioch	Paul Argues with Peter	Peter and Paul at Antioch	In Antiogië wys Paulus vir Petrus tereg
2:11-21	2:11-21	2:11-14 A Statement of Principle 2:15-21	2:11-14 2:15-16 2:17-21	2:11-13 2:14 The Gospel as Preached by Paul 2:15-21	2:11-13 2:14 Geregtigheid uit die geloof 2:15-16 2:17-21

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Hierdie gedeelte sit die literêre eenheid voort (Paulus verdedig sy apostelskap) wat in 1:11 begin en aangaan tot by 2:14.
- B. In 2:15-21 lei 'n oorgangspassasie die inhoud van Paulus se evangelie in, wat verder uitgebrei word in hoofstukke 3 & 4. Dit is Paulus se outobiografiese verdediging van sy apostelskap en evangelie gebaseer op die openbarende wil van God en nie op enige menslike oorleweringe nie, selfs nie dié van die twaalf apostels en die Jerusalem kerk nie.
- C. Hierdie gedeelte is bekend vir sy problematiese interpretasie om twee redes:
  1. Die eerste gedeelte, verse 1-10, bevat grammatiese onreëlmatighede. Paulus begin 'n onderwerp in verse 1 en 2, maar in verse 3-10 breek hy in hierdie onderwerp in met 'n reeks van drie tussensinne en gebroke sinne. Die onderwerp van verse 1-2 word voortgesit in verse 6-10. Hoewel dit moeilik is om grammaties uiteen te sit, is die oorkoepelende betekenis duidelik.  
Deur die ongewone leestekens van verse 1-10 te vergelyk in moderne vertalings (d.w.s. tussensinne, skuinsstreepe, beletselttekens) word dit duidelik hoe moeilik dit is om Paulus se argument te volg.
  2. Die volgende gedeelte, verse 11-21, is ook moeilik om te interpreteer omdat die gevolgtrekking van Paulus en Petrus se gesprek onseker is. Die NRSV-, TEV- en JB-vertalings beperk die aanhaling tot vers 14 terwyl



die NASB die aanhaling eers by vers 21 eindig. Ek dink Paulus sluit sy toespraak aan Petrus af in vers 14 en dat 'n teologiese opsomming met betrekking tot gelowige Jode en verjoodsers se siening van die rol van die wet begin in vers 15 en aangaan tot vers 21.

Paulus beantwoord 'n reeks vrae, aantuigings en misverstande oor sy evangelie van God se vrye genade in verse 15-21. Die vrae is nie van Petrus nie, maar van die verjoodsers en hulle Fariseïese ondersteuners. Sy reaksie op hierdie vrae word uitgebrei in hoofstukke 3 en 4.

## WOORD- EN FRASE-STUDIE

### OAV TEKS: 2:1-10

<sup>1</sup>DAARNA, veertien jaar later, het ek weer na Jerusalem opgegaan met Barnabas, en Titus ook saamgeneem. <sup>2</sup>Maar ek het opgegaan op grond van 'n openbaring en hulle die evangelie voorgelê wat ek onder die heidene verkondig; en afsonderlik aan die wat in aansien was, dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie. <sup>3</sup>Maar selfs is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is; <sup>4</sup>en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring; <sup>5</sup>aan wie ons selfs nie 'n oomblik in onderworpenheid toegegee het nie, sodat die waarheid van die evangelie by julle bestendig sou bly. <sup>6</sup>Maar van die wat in aansien was—wat julle vroeër was, maak by my geen verskil nie; God neem die persoon van die mens nie aan nie—hulle dan wat in aansien was, het my niks meer opgelê nie. <sup>7</sup>Maar, intendeel, toe hulle sien dat aan my die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Petrus dié vir die besnedenes <sup>8</sup>—want Hy wat Petrus bekragtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes, het my ook bekragtig met die oog op die heidene—<sup>9</sup>en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfás en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee, sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan; <sup>10</sup>alleen moes ons aan die armes dink, wat ek my juis ook beywer het om te doen.

**2:1 “veertien jaar later”** Die veertien jaar periode is 'n omstrede punt onder kundiges. Die periode van tyd kan betrekking hê op:

1. Paulus se gesprek (vgl. 1:15-16);
2. Paulus se tyd in Arabië (vgl. 1:17); of
3. sy eerste besoek aan Jerusalem (vgl. 1:18).

Die tydsfaktor is slegs insiggewend in dat dit toon hoe ver uitmekaar en sporadies sy besoeke aan en dus kontak met die apostels in Jerusalem was.

■ **“het ek weer na Jerusalem opgegaan”** “[W]eer” impliseer die tweede of 'n latere besoek. Die presiese tyd is onseker, want in Handelingte word vyf verskillende besoeke deur Paulus aan Jerusalem opgeteken. Die laaste twee is te laat om na hierdie konteks te verwys, maar watter een van die ander drie hy hier bedoel is onseker. Ek glo persoonlik dat Galasiërs 2 ooreenstem met Handelingte 15 omdat Barnabas in beide gevalle aanwesig is, die onderwerpmateriaal dieselfde is en Petrus en Jakobus albei genoem word. Behalwe vir hierdie outeur se spekulاسie glo ander kundiges soos die uitnemende F. F. Bruce in die *New International Commentary Series* en Richard Longeneeker in die *Ward Biblical Commentary Series* dat Galasiërs 2 verwys na die hongersnoodbesoek opgeteken in Handelingte 11:30.

Die frase “na Jerusalem opgegaan” is teologies van aard. 'n Verwysing van die teenoorgestelde kom voor in Handelingte 11:27 wanneer hulle “na Antiogië af( . . .)kom”. Omdat Jerusalem die heilige stad is word die rigting daarheen vanaf enige punt ‘op’ geag.

■ **“met Barnabas”** Handelingte 4:36 verskaf die inligting dat Barnabas 'n Leviet van Siprus met die naam, Josef, was. Die dissipels het hom die bynaam, Barnabas, gegee, wat ‘seun van vertroosting’ beteken. Hy was die eerste een wat Paulus se bekering aanvaar het (vgl. Han. 11:24). Hy was duidelik 'n leier in die Jerusalem kerk (vgl. Han. 11:22). Hy was die sendeling-metgesel van Paulus op die eerste sendingreis (vgl. I Kor. 9:6). Sien Vir Spesiale Aandag by 2:13.

■ **“Titus ook saamgeneem”** Titus was een van Paulus se getroue helpers (vgl. II Kor. 8:23). Hy het hom veral gebruik in problematiese areas soos Korinte en Kreta. Hy was ten volle heiden en nie half-heiden soos Timoteus nie. Die Jerusalem kerk het nie daarop aangedring dat Paulus hom moet besny nie (vgl. Han. 15). Dit is verrassend dat Titus nooit by name in Handelingte genoem word nie. Heer William Ramsay en A. T. Robertson spekuleer dat Titus Lukas se broer was, wat die afwesigheid verduidelik (‘n teken van familiële nederigheid), maar hiervoor bestaan geen konkrete bewyse nie. Martin Luther spekuleer dat Paulus vir Titus saamgevat het Jerusalem toe as 'n proefkonyn. Ander sê dat hy Titus saamgevat het, maar eers later besef het hoe gewigtig die kerk se versuim om aan te dring dat Titus besny word, selfs al was hy van suiwer Griekse afkoms, werklik was (vgl. vers 3).

**2:2 “ek het opgegaan op grond van ‘n openbaring”** Indien aanvaar word dat Handelingte 15 die konteks was, veroorsaak Han. 15:2 'n probleem. Nietemin, die aanname word gemaak dat die openbaring van een van die vyf profete by Antiogië gekom het, wat dit toe aan die kerk oorgedra het. Die kerk by Antiogië het op sy beurt die behoefte om aan Jerusalem besoek af te lê aan Paulus oorgedra.

■ **“en hulle die evangelie voorgelê wat ek onder die heidene verkondig”** Dit is baie belangrik vanweë die verhouding met verse 3-5. Hoekom het Paulus die evangelie aan die apostels voorgelê? (1) Wou hy hê dat hulle met hom moes saamstem en sy evangelie moes bevestig? Of (2) was hy besig om te reageer op die aanwesigheid van valse leraars? Die laaste moontlikheid pas die tussensin van verse 4 en 5 die beste. Hierdie verslagdoening blyk parallel te wees met Han. 15:12.

- **OAV** “en afsonderlik aan die wat in aansien was”
- NAV** “en dit nog afsonderlik met die leiers bespreek”
- NASB** “but *I did so in private to those who were of reputation*”
- NKJV** “but *privately to those who were of reputation*”
- NRSV** “(though only in a private meeting with the acknowledged leaders)”
- TEV** “In a private meeting with the leaders”
- NJB** “and privately I laid before the leading men”

Dit is problematies om Handeling 15 te lees met ’n privaat vergadering ingedagte. Handeling 15:2b en vers 6 kan egter verwys na ’n vergadering van die top leierskap. Paulus het moontlik eers met die leierskap ontmoet vir ’n beter gehoor eerder as om die hele gemeente te vergader wat moontlik reeds deur verjoodsers infiltrer is (diegene wat aangedring het daarop dat mens eers Joods moes word om gered te kan word).

Sommige kundiges het onlangs voorgestel, moontlik vanweë die oorbeklemtoning van die Tubingen-teoloë van Duitsland, dat daar spanning tussen Paulus en die apostels in Jerusalem was. Sommige voer aan dat Paulus se drie ongewone frases wat na die Jerusalem leiers verwys in 2:2, 6 (twee keer) en 9 ietwat tartend was. Hierdie frases kan afbrekend geag word met drie punte in gedagte:

1. Hulle onderstreep die valse leraars se oorbeklemtoning van die oorspronklike twaalf apostels in hulle poging om Paulus te verkleineer, nie dat daar op ’n persoonlike vlak spanning tussen Paulus en die twaalf was nie.
2. Paulus was moontlik teleurgesteld met sekere van die apostels se dade in Han. 8:1 waar hulle nie werklik die wêreldwye missie van die kerk gesnap het nie, of met Petrus se skaamtelike onttrekking van die vertrouensvriendskap met heidene omdat sommige van Jerusalem af opgedaag het in Gal. 2:11-14.
3. Hierdie frases verwys dalk nie na die apostels nie, maar na ander kerkleiers wat aanspraak gemaak het op gesag of hulle verwys net na sekere apostels.

- **OAV** “dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie”
- NAV** “Ek sou sekerheid hê dat ek nie tevergeefs werk of gewerk het nie”
- NASB, TEV** “for fear that I might be running, or had run, in vain”
- NKJV** “lest by any means I might run, or had run, in vain”
- NRSV** “in order to make sure that I was not running, or had not run, in vain”
- NJB** “for fear the course I was adopting or had already adopted would not be allowed”

Duidelik verwys hierdie nie na Paulus wat teologiese bevestiging van die Jerusalem leiers soek nie, want dit sou teen die hele konteks ingaan. Maar hier was die haalbaarheid van die sendinguitreik na die heidene op die spel (vgl. II Kor. 7:14; 9:9) en Paulus het gehoop en gebid vir konsensus wat hy kort daarna sou ontvang. Paulus spreek ook elders soortgelyke kommer uit (vgl. Fil. 2:16; I Tess. 3:5).

**2:3 “Maar selfs is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy ’n Griek is”** Ten spyte van die ooglopende betekenis ontstaan vroeë rondom:

1. ’n manuskripvariasie in vers 5 waar die woord ‘nie’ uitgelaat word in die Westerse familie van manuskripte, spesifiek manuskrip D;
2. die dubbelsinnigheid van vers 4 wat veroorsaak dat sommige sê dat Paulus wel vir Titus besny het, nie uit dwang nie, maar om sy vryheid te suggereer.

Dit ondermyn egter die hele struktuur van Paulus se argument. Paulus was reeds onder aanval, klaarblyklik omdat hy Timoteus besny het (vgl. Han. 16:3) wat half-Joods was, maar hy sou nie vir ’n oomblik die besnydenis van Titus toelaat nie. In werklikheid was die kwessie nie regtig oor besnydenis nie (vgl. Rom. 2:28-29 en Gal. 6:15), maar hoe ’n mens in die reg kom by God. In Galasiërs stel Paulus die werke-oriëntasie van die Jode en verjoodsers teenoor die genade-oriëntasie van die evangelie van Jesus.

- 2:4 OAV** “en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het”
- NAV** “dit was mense wat onder vals voorwendsels in die gemeente ingedring het”
- NASB** “But *it was because of false brethren. . .secretly brought in*”
- NKJV** “but *this occurred because of false brethren secretly brought in*”
- NRSV** “But because of false believers secretly brought in”
- TEV** “had pretended to be brothers and joined the group”
- NJB** “The question came up only because some who do not really belong to the brotherhood have furtively crept in”

Hierdie vals broers word op ander plekke genoem (vgl. Han. 15:1,5; II Kor. 11:13,26 en I Tess. 2:14-16). Die WERKWOORDVORM is PASSIEF, wat voorstel dat hulle deur iemand ingesmokkel is, moontlik

1. ongelowige Jode,
2. ’n sekte van gelowige Jode wat verjoodsers genoem is, of

### 3. Satan self.

Die term “valse broers” [*pseudadelphous*] is soortgelyk aan die samestelling gebruik in II Pet. 2:1 om ‘valse leierskap’ [*pseudoprophēta* en *pseudodidaskalos*] aan te dui. Die term se gebruik in Koine Grieks dui gewoonlik op verraaiers binne ’n stad wat toelaat dat die vyand die stad binnekom om sekuriteitsnetwerke te bestudeer.

Nog ’n probleem in verklaring gaan oor die lokasie van die verraad. Het die valse broers toegang verkry tot:

1. die kerk van Jerusalem;
2. die Jerusalem raad; of
3. die kerk by Antiogië?

Dit is onmoontlik om sekerheid te verkry oor hierdie klein aspekte van verklaring en daarom is dogmatisme ongehoort.

■ **OAV** “wat inesluip het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring”

**NAV** “Hulle werklike doel was om ons lewe in die vryheid wat Christus Jesus vir ons verwerf het, dop te hou sodat hulle weer slawe van ons kon maak.”

**NASB** “to spy out our liberty which we have in Christ Jesus, in order to bring us into bondage”

Paulus se klem op vryheid in Christus was kardinaal (vgl. Han. 13:39; Gal. 5:1,13). In hierdie konteks word vryheid van Joodse reëls en regulasies bedoel—’n konsep wat in die volgende hoofstukke uitgebrei word. Dit is belangrik om te noem dat ons werklik vry is in Christus, maar hierdie vryheid word nie bedoel as ’n permit om te sondig nie (vgl. Rom. 14:1-15:13 en Kor. 8-10). Hierdie dialektiese spanning tussen vryheid en verantwoordelikheid wat inherent is tot die evangelie, word geïllustreer deur Paulus se klem op ‘verantwoordelikheid’ aan die kerk in Korinte, maar op ‘vryheid’ aan die kerke in Galasië. Albei is waar! ’n Balans moet gehandhaaf word!

**2:5 “aan wie ons selfs nie ’n oomblik in onderworpenheid toegee het nie”** “Ons” moet verwys na Paulus en Barnabas. Hulle het saamgestem in hulle teenstand tot die vereiste dat alle heidene besny moet word (en verantwoordbaar moet word aan die Mosaïese wet) ná hulle bekering.

“Nie” word ingesluit in MSS P<sup>46</sup>, **ⲛ**, B, C, D<sup>1</sup>, F en G (UBS<sup>4</sup> gee die insluiting daarvan ’n ‘A’-gradering). Dit word slegs uitgelaat uit die gewysigde weergawe van die sesde eeuse manuskrip, D<sup>2</sup>, en die Ou Latynse Weergawe. Die rede hoekom Paulus onderdanigheid onder mekaar beklemtoon in Ef. 5:21 en tog vasstaan teen onderdanigheid in hierdie geval, is omdat hy glo dat hierdie “valse broeders” nie werklik Christene is nie. Paulus glo dat diegene wat hulle regstaande verhouding met God op hulle eie werke baseer nie, werklik Christene is nie (vgl. Gal. 1:8,9; 5:2-12; Rom. 10:2-5; I Tess. 2:14-16). Die grootste vraag word dan: “In wie plaas hulle hulle vertrou: hulleself of Christus?”

■ **“sodat die waarheid van die evangelie by julle bestendig sou bly”** Hierdie was nie ’n netelige saking nie, maar inderdaad die basis vir die voortsetting van die heidenuitreik. Waarheid is ’n baie belangrike NT-woord. Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

## **VIR SPESIALE AANDAG: ‘WAARHEID’ IN PAULUS SE GESKRIFTE**

Paulus se gebruik van hierdie term en sy verwante vorme word afgelei van die OT-ekwivalent, *emet*, wat betroubaar of getrou beteken (BDB 53). In tussenbybelse Joodse geskrifte is dit gebruik van waarheid in teenstelling met onwaarhede. Miskien is die naaste parallel by die Dooie See Boekrolle se ‘Dankseggingsgesange’ waar dit gebruik word van openbare doktrines. Die lede van die Esseengemeenskap het ‘getuies van waarheid’ geword.

Paulus gebruik die term as ’n manier om te verwys na die evangelie van Jesus Christus.

1. Romeine 1:18,25; 2:8,20; 3:7; 15:8
2. I Korintiërs 13:6
3. II Korintiërs 4:2; 6:7; 11:10; 13:8
4. Galasiërs 2:5,14; 5:7
5. Efesiërs 1:13; 6:14
6. Kolossense 1:5,6
7. II Tessalonisense 2:10,12,13
8. I Timoteus 2:4; 3:15; 4:3; 6:5
9. II Timoteus 2:15,18,25; 3:7,8; 4:4
10. Titus 1:1,14

Paulus gebruik ook die term as ’n manier om juistheid uit te druk

1. Handeling 26:25
2. Romeine 9:1
3. II Korintiërs 7:14; 12:6
4. Efesiërs 4:25
5. Filippense 1:18
6. I Timoteus 2:7

Hy gebruik dit ook om sy motiewe te beskryf in I Kor. 5:8 en sy lewenstyl (ook vir alle Christene) in Ef. 4:24; 5:9; Fil. 4:8. Hy gebruik dit soms vir mense.

1. God, Rom. 3:4 (vgl. Joh. 3:33; 17:17)
2. Jesus, Ef. 4:21 (soortgelyk aan Joh. 14:6)
3. apostelgetuies, Titus 1:13
4. Paulus, II Kor. 6:8

Slegs Paulus gebruik die WERKWOORDVORM (d.w.s. *alētheuō*) in Gal. 4:16 en Ef. 4:15, waar dit verwys na die evangelie. Vir verdere studie, sien Colin Brown (red.) se *The New International Dictionary of New Testament Theology*, vol. 3, bl. 784-902.

<b>2:6</b>	<b>OAV</b>	<b>“Maar van die wat in aansien was—wat hulle vroeër was”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Die leiers van die gemeente—wat hulle vroeër was”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“But from those who were of high reputation”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“But from those who seemed to be something—whatever they were”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“And from those who were supposed to be acknowledged leaders”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“But Those who seemed to be the leaders”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“those people who are acknowledged leaders”</b>

Hierdie frase kan verwys na: (1) sommige van die twaalf; of (2) sekere leiers in die Jerusalem kerk. Paulus se punt was dat hulle teenstand nie sy Godgegewe roeping, opdrag en evangelie beïnvloed nie. Alhoewel, F. F. Bruce haal Josefus se *War of the Jews*, 3.453; 4.141,159 aan om te illustreer dat ‘aansien’ nie noodwendig negatiewe konnotasies gehad het nie.

■ **“God neem die persoon van die mens nie aan nie”** Hierdie OT-regsmetafoor (vgl. Deut. 10:17; II Kron. 19:7) het oorspronklik ‘om die gesig te lig’ beteken (vgl. Lev. 19:15; Deut. 1:17; 16:19; Han. 10:34). Paulus het verwys na die gebruik van die rigters om besluite te baseer op guns of status. God is nie sydig nie (vgl. Rom. 2:11; Ef. 6:9; Kol. 3:25; I Pet. 1:17).

■	<b>OAV</b>	<b>“het my niks meer opgelê nie”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“niks toegevoeg nie”</b>
	<b>NASB, NRSV</b>	<b>“contributed nothing to me”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“added nothing to me”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“made no new suggestions to me”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“had nothing to add to the Good News as I preach it”</b>

Hier is Paulus se bevestiging van onafhanklikheid sentraal (die Engelse weergawes se “to me” word bygevoeg vir klem), vir homself sowel as sy evangelie, van die gesag van die twaalf of die moederkerk in Jerusalem. Dit is nie ’n verkleining van die twaalf of van die leiers van die Jerusalem kerk nie, maar ’n beklemtoning van die godelike aard van Paulus se roeping en openbaring.

**2:7 “Maar, intendeel, toe hulle sien dat aan my die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is”** Hy bou voort op die belangrike Pauliniese punt wat begin in 1:10. Toe die Jerusalem leiers Paulus sien en hoor, het hulle bevestig dat God hom geroep en gekies het. “Hulle” verwys na die apostels genoem in vers 9. “Aan my. . .toevertrou is” is ’n PERFECTUM PASSIEF-SPRAAKVORM wat Paulus se voortgaande rol as evangelis op grond van God se roeping en voorbereiding deur die Gees aandui (vgl. I Kor. 9:17; I Tess. 2:4; I Tim. 1:11; Titus 1:3). Ander passasies ondersteun Paulus se roeping as apostel tot die heidene verder (vgl. Han. 9:15; Rom. 1:5; 11:13; 15:16; Gal. 1:16; Ef. 3:8; I Tim. 2:7; II Tim. 4:17).

■ **“net soos aan Petrus”** Die gebruik van die term “Petrus” in verse 7 en 8 is ietwat ongewoon in Galasiërs. By al die ander gevalle waar Paulus vir Petrus aanhaal in Galasiërs, noem hy hom “Sefas”, Aramees vir ‘rots’ (vgl. 1:18; 2:9,11,14). Nietemin, “Petrus” blyk die oorspronklike gebruik te wees hier en die twee name is sinoniem.

**2:8** Hierdie is nog ’n tussensin binne die komplekse grammatiese struktuur van verse 1-10. Dit kan verwys na geografie of ’n etniese gemeenskap (vgl. vers. 9d). Petrus en Paulus het albei godelike opdragte gehad!

**2:9 “en toe hulle merk die genade wat aan my gegee is, het Jakobus en Céfás en Johannes, wat as pilare geag is, aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee”** Hierdie “pilare” was die drie leiers van die Christenkerk in Jerusalem. Die titel is gebruik in verband met die apostels deur Clemens van Rome (geskryf in 95 n.C.) en Ignasius. Dit word ook positief aangewend in Openb. 3:12. Die frase het moontlik in rabbynse gebruik uit die term wat Abraham en Moses beskryf het, ontstaan. Paulus ondersteun weereens sy aanspraak op nie net onafhanklikheid nie, maar dat ten minste ván die apostels (Petrus en Johannes, deel van Jesus se binnekring) sy Godgegewe gesag erken en bevestig het met die regterhand van broederskap. Hierdie “Jakobus” is nie een van die twaalf nie, maar Jesus se halfbroer en die leier van die Jerusalem kerk (vgl. Han. 15).

Die frase: “wat as pilare geag is,” is nie ’n negatiewe assessering nie, maar moontlik ’n verwysing na die valse leraars se aanklag teen Paulus. In hierdie konteks wil Paulus nie hierdie drie leiers aftakel nie, maar eerder die feit dat hulle sy en Barnabas se bediening openlik erken, beklemtoon.

▣ **“die genade wat aan my gegee is”** Hierdie SPRAAKVORM is ’n AORISTUS PASSIEWE DEELWOORD. Sien aantekening by 1:15 oor die verhouding tussen ‘genade’ en ‘Gees’.

▣ **“Jakobus”** Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

### VIR SPESIALE AANDAG: JAKOBUS, DIE HALFBROER VAN JESUS

- I. Hy is ‘Jakobus die regverdige’ genoem en later die bynaam ‘kameelknieë’ gegee omdat hy onophoudelik op sy knieë gebid het (van Hegesippus, aangehaal deur Eusebius).
- II. Jakobus was nie ’n gelowige tot ná die opstanding nie (vgl. Mark. 3:21; Joh. 7:5). Jesus verskyn persoonlik aan hom ná die opstanding (vgl. I Kor. 15:7).
- III. Hy was in die bokamer saam met die dissipels (vgl. Han. 1:14) en moontlik ook daar toe die Gees op Pinkster verskyn het.
- IV. Hy was getroud (vgl. I Kor. 9:5).
- V. Hy word deur Paulus na verwys as ’n pilaar (moontlik ’n apostel, vgl. Gal. 1:19), maar was nie een van die twaalf nie (vgl. Gal. 2:9; Han. 12:17; 15:13 e.v.).
- VI. In *Antiquities of the Jews*, 20.9.1 sê Josefus dat hy gestenig is in 62 n.C. op aandrang van die Sadduseërs van die Sanhedrin terwyl ander oorlewering (die tweede eeuse skrywers, Clemens van Alexandrië of Hegesippus) sê dat hy van die tempelmuur afgestamp is.
- VII. Vir baie generasies na Jesus se dood was ’n familielid van Jesus aangestel as leier van die Jerusalem kerk.

▣ **“broederskap”** Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

### VIR SPESIALE AANDAG: *KOINŌNIA*

Die term “broederskap” (*koinōnia*) beteken

1. intieme verhouding met ’n persoon
  - a. met die Seun (vgl. I Joh. 1:6; I Kor. 1:9)
  - b. met die Gees (vgl. II Kor. 13:13; Fil. 2:1)
  - c. met die Vader en die Seun (vgl. I Joh. 1:3)
  - d. met ander verbondsbroers/susters (vgl. I Joh. 1:7; Han. 2:42; Gal. 2:9; Fil. 17)
2. intieme verhouding met dinge of groepe
  - a. met die evangelie (vgl. Fil. 1:3; Fil. 6)
  - b. met die bloed van Christus (vgl. I Kor. 10:16)
  - c. nie met donkerte nie (vgl. II Kor. 6:14)
  - d. met ontbering (vgl. Fil. 3:10; 4:14; I Pet. 4:13)
3. vrygewige skenking of bydrae (vgl. Rom. 12:13; 15:26; II Kor. 8:4; 9:13; Fil. 4:15; Heb. 13:16)
4. God se genadegawe deur Christus, wat die mens se broederskap met Hom en sy broers en susters herstel

Dit bevestig die horisontale verhouding (mens tot mens) wat daargestel word deur die vertikale verhouding (mens tot Skepper). Dit beklemtoon ook die behoefte aan en vreugde van Christengemeenskap. Die werkwoordtydvorm beklemtoon die begin en voortgang van die ervaring van gemeenskap (vgl. 1:3 [twee keer], 6,7). Christenskap is gemeenskaplik!

▣ **“sodat ons na die heidene en hulle na die besnedenes kon gaan”** Hierdie frase verwys hoofsaaklik na geografie, nie ras nie. Daar was heidene in Palestina en Jode buite Palestina. Baie van Paulus se kerke was ’n mengsel van beide, want wanneer hy in ’n nuwe stad aangekom het het hy eers by die sinagoge gaan preek.

**2:10 “alleen moes ons aan die armes dink”** Paulus is aanvanklik aan die idee van ‘n spesiale gawe vir die armes in Jerusalem voorgestel by die kerk in Antiogië (vgl. Han. 11:27-30). Hy ontwikkel dit tot ‘n projek vir heidenkerke (vgl. Han. 24:17; I Kor. 15:1-2; II Kor. 8,9; en Rom. 15:25-27). Indien Galasiërs 2 parallel is tot Handeling 15 word dit moeiliker om te verduidelik hoekom die ander broederskapstipulasies van Han. 15:23-29 nie genoem word nie. Daarom sien baie hierdie vers as ’n argument om hierdie besoek te vereenselwig met Han. 11:27-30.

## OAV TEKS: 2:11-21

<sup>11</sup>Maar toe Petrus in Antiogië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het. <sup>12</sup>Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoon om saam met die heidene te eet; maar ná hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is. <sup>13</sup>En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins. <sup>14</sup>Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe? <sup>15</sup>Ons wat van nature Jode en nie sondaars uit die heidene is nie, <sup>16</sup>terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie. <sup>17</sup>Maar as ons wat streef om in Christus geregverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dinaar van die sonde? Nee, stellig nie! <sup>18</sup>Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan betoon ek myself 'n oortreder; <sup>19</sup>want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe. <sup>20</sup>Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. <sup>21</sup>Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe.

**2:11 “Maar toe Petrus in Antiogië gekom het”** Die tyd van Petrus se besoek aan Antiogië is onbekend. Sommige kundiges plaas die besoek onmiddellik ná die Jerusalem raad; ander plaas dit voor die tyd. Melding van hierdie besoek is klaarblyklik nie in kronologiese volgorde nie. Dit kon die raadsvergadering van Han. 15 opgevolg het wat sou beklemtoon dat al die praktiese probleme nog nie opgelos is nie. Dit is egter moeilik om Petrus so te sien optree nadat hy Paulus en sy evangelie by die raad bevestig het (vgl. 2:9; Han. 15:6-11). Dit word dus nog 'n argument vir diegene wat dink dit verwys na die Han. 11 weergawe.

▣ **“het ek hom openlik teëgestaan”** Paulus gebruik hierdie voorbeeld om sy onafhanklikheid van, en gelykheid met, die Jerusalem apostels te bevestig. Dit is 'n sterk idioom (vgl. Ef. 6:13 en Jak. 4:7).

- ▣ **OAV** “omdat hy veroordeeld gestaan het”
- NAV** “omdat sy optrede duidelik verkeerd was”
- NASB** “because he stood condemned”
- NKJV** “because he was to be blamed”
- NRSV** “because he stood self-condemned”
- TEV** “because he was clearly wrong”
- NJB** “since he was manifestly in the wrong”

Hierdie PERIFRASTIESE PLUPERFEKTUM PASSIEWE WERKWOORD spreek van iets wat reeds gebeur het, wat 'n gevestigde stand ingeneem het en uitgevoer is deur 'n eksterne agent. Hierdie konstruk impliseer nie dat Petrus volstaan het in sy houding nie. Let ook op dat die leier van die apostoliese groep 'n fout begaan het. Die apostels is geïnspireer om geloofwaardige en ewige Skrif te produseer, maar dit het nooit beteken dat hulle nie gesondig het of swak besluite geneem het in ander gebiede nie!

**2:12 “Want voordat sommige van Jakobus af gekom het”** Die “sommige” was waarskynlik lede van die kerk in Jerusalem, maar of hulle amptelike gesag gehad het of nie is onseker. Duidelik was hulle nie verteenwoordigers van Jakobus nie, want Jakobus het ten volle saamgestem met Paulus se standpunt oor heiden-Christenskap (vgl. Han. 15:13-21). Dalk was hulle 'n navorsingskomitee wat hulle gesagsperk oorskry het. Hulle was moontlik daar om te kyk of die raad se stipulasies geïmplimenteer word (vgl. Han. 15:20-21). Hulle het Petrus, 'n gelowige Jood, aan tafel gevang saam met heidengelowiges in direkte oortreding van die mondelinge wet (d.w.s. Talmood). Petrus het vroeër probleme ondervind met dieselfde kwessie (vgl. Han. 11:1-18). Dit was nie 'n kleinigheid nie, selfs gedurende Jesus se lewe (vgl. Mat. 9:11; 11:19; Luk. 19:1-10; 15:2; Han. 15:28-29).

▣ **“het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is”** Drie IMPERFEKTUM WERKWOORDE kom voor in vers 12. Die eerste stel dat Petrus dikwels saam met heidengelowiges geëet het. Die tweede en derde beklemtoon dat Petrus sy sosiale kontak met die heidengelowiges begin verminder het toe die afgevaardigdes van die Jerusalem kerk opdaag. Dit was nie oor die kwessie van besnydenis alleenlik nie, maar eerder die algemene verhouding van die Mosaïese wet tot die nuwe heidengelowiges.

**2:13 “En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins”** Die dodelike tentakels van die verjoodsers se korrupterende invloed het selfs die grootste gelowiges geïmpakteer. Paulus was duidelik teleurgesteld deur die optrede van Barnabas. Barnabas het vir heidene gepreek en opgestaan vir die vrye evangelie in Handeling 15. Die probleem hier was nie die vryheid van die heidengelowiges van die vereistes van die Mosaïese wet nie, maar eerder die implikasies van hierdie vryheid vir die Joodse gelowiges. Was Petrus en Barnabas ook vry om die mondelinge oorlewering wat die Mosaïese wet moes interpreteer, te verwerp? Sien Vir Spesiale Aandag: Paulus se siening van die Mosaïese wet by 3:19.

## VIR SPESIALE AANDAG: BARNABAS

- I. Die Man
  - A. gebore in Siperus (vgl. Han. 4:36)
  - B. uit die stam van Levi (vgl. Han. 4:36)
  - C. bynaam “seun van vertroosting” (vgl. Han. 4:36; 11:23)
  - D. ’n lid van die Jerusalemkerk (vgl. Han. 11:22)
  - E. hy het die geestelike gawes van ’n profeet en ’n leraar gehad (vgl. Han. 13:1)
  - F. ’n apostel genoem (vgl. Han. 14:14)
- II. Sy Prediking
  - A. in Jerusalem
    1. sy eiendom verkoop en al sy geld vir die apostels gegee om die armes te help (vgl. Han. 4:37)
    2. leier in die Jerusalemkerk (vgl. Han. 11:22)
  - B. saam met Paulus
    1. Hy was een van die eerste om Paulus se bekering te vertrou (vgl. Han. 9:27).
    2. Hy het na Tarsus gegaan om Paulus te vind en hom te kry om te help met die nuwe kerk in Antiogië (vgl. 11:24-26).
    3. Die kerk by Antiogië het Barnabas en Saulus gestuur na die kerk in Jerusalem met ’n bydrae vir die armes (vgl. Han. 11:29-30).
    4. Barnabas en Paulus gaan op die eerste sendingreis (vgl. Han. 13:1-3).
    5. Barnabas was die spanleier op Siperus (sy tuis-eiland), maar Paulus se leierskap is gou erken (vgl. Han. 13:13).
    6. Hulle het aan die kerk in Jerusalem gerapporteer om hulle misie onder die heidene te verduidelik en te dokumenteer (vgl. Han. 15, die Jerusalem raad genoem).
    7. Barnabas en Paulus het hulle eerste meningsverskil oor die Joodse voedselwette en heidenbroederskap opgeteken in Gal. 2:11-14.
    8. Barnabas en Paulus het ’n tweede sendingreis beplan, maar ’n dispuut het uitgebreek rondom Barnabas se neef, Johannes Markus (vgl. Kol. 4:10) wat van die werk gedros het op die eerste sendingreis (vgl. Han. 13:13). Paulus het geweier om hom op die tweede sendingreis saam te vat wat die span laat opbreek het (vgl. Han. 15:36-41). Die resultaat was twee spanne (d.w.s. Barnabas en Johannes; Markus, Paulus en Silas).
- III. Kerklike Tradisie (Eusebius)
  - A. Barnabas was een van die sewentig uitgestuur deur Jesus (vgl. Luk. 10:1-20).
  - B. Hy sterf ’n Christen-martelaar op sy tuis-eiland, Siperus.
  - C. Tertullianus sê hy het die boek van Hebreërs geskryf.
  - D. Clemens van Alexandrië sê hy het die nie-kanonieke boek van die Brief van Barnabas geskryf.

<b>2:14</b>	<b>OAV</b>	<b>“nie reguit loop”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“van die reguit pad van die ewangeliëse waarheid afwyk”</b>
	<b>NASB, NKJV</b>	<b>“straightforward”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“not acting consistently”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“not walking a straight path”</b>

Dit is letterlik ‘dat hulle nie reguit geloop het nie’. Dit het twee metafore:

1. ‘geloop’ beteken lewensstyl;
2. ‘reguit’ is ’n woordspel met ‘wandel op die helder pad van geregtigheid’ (d.w.s. reguit meetstok, sien Vir Spesiale Aandag: Regverdigheid by 2:21).

▣ **“die waarheid van die ewangelië”** Sien Vir Spesiale Aandag: ‘Waarheid’ in Paulus se Geskrifte by 2:5.

▣ **“het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê”** Gewoonlik moet kerkprobleme privaat uitgesorteer word, maar die daad van Petrus het tot die hart van die ewangelië geslaan. Die konflik het die hele kerk by Antiogië beïnvloed en moes openlik en daadwerklik aangespreek word om die kerk se onenigheid op te los (vgl. I Tim. 5:20).

▣ **“As jy wat ’n Jood is”** Die EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN (aanvaar as die waarheid vanuit die perspektief van die skrywer of ter wille van sy literêre doelwit) is die begin van Paulus se gesprek met Petrus. Gal. 2:15-21 is waarskynlik ’n teologiese opsomming en nie noodwendig Paulus se direkte woorde aan Petrus nie. Paulus se openbare konfrontasie van Petrus oor sy skynheiligheid en wispelturigheid het Paulus se onafhanklikheid verder bevestig.

▣ **“om soos Jode te lewe”** Paulus verander die NAAMWOORD “Jode” in ’n INFINITIEF (TEENWOORDIG AKTIEF), slegs hier in die NT aangetref.

**2:15-21** Sien die aantekening aan die begin van die hoofstuk (d.w.s. Insig uit die Teksverband, C.) Dit lyk vir my of Paulus se aanspraak tot Petrus by vers 14 eindig aangesien verse 15-21 ’n breër gehoor aanspreek (let op paragrafering van NRSV, TEV, NJB). Die probleem is dat daar nie ’n duidelike tekstuele merker is vir die oorgang nie. Dit is moontlik dat verse 15-

21 tot die Galasiese Christene gerig is. Indien wel vorm hulle 'n opsommende stelling van die waarhede van die evangelie wat betref die aansprake van die verjoodsers, nie net die onvanpaste optrede van Petrus en Barnabas (en ander Joodse Christene aanwesig) nie.

Die verklarende vraag is: “Na wie verwys die ‘ons’ van verse 15,16,17?”

1. Paulus, Petrus en ander gelowige Jode
2. Paulus en die Galasiese gelowiges (veralgemening van die teologiese beginsel van regverdigmaking deur geloof, vgl. vers 16; Rom. 2:28-29)

**2:15 “Ons wat van nature Jode. . .is”** Duidelik het die Jode 'n mate van geestelike voorsprong gehad (vgl. Rom. 3:1,2; 9:4,5), maar hulle voordeel was nie verwant aan verlossing nie, maar aan openbaring en vertrouensvriendskap met God deur die ou verbond as die mense van God. Die hart van Paulus se evangelie aan die heidene was dus die gelykheid van gelowige Jode en heidene voor God (vgl. 3:28; I Kor. 12:13; Ef. 2:11-3:13; Kol 3:11).

■ **“en nie sondaars uit die heidene. . .nie”** Paulus was skynbaar besig om 'n afbrekende frase te gebruik wat algemeen in rabbynse Judaïsme was en moontlik deur die valse leraars gebruik is. Heidene was sondaars bloot omdat hulle nie deel was van die OT-verbondsmense nie (vgl. Ef. 2:11-12).

**2:16 “die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus”** Hierdie vers bevat 'n drievuldige klem aangaande die doktrine dat regverdigmaking uit genade deur geloof alleen vir alle mense beskikbaar is (vgl. Ef. 2:8-9). Dit begin met “die mens”, dan tot by “ons” en eindig met “vlees”. Hierdie drievoudige herhaling is geweldig treffend. Die waarheid van regverdiging deur geloof vir alle mense (Jode en heidene) is die kern van Paulus se bepalende teologiese uiteensetting in Romeine 1-8, opgesom in Rom. 3:21-31.

“Geregigtig” (sowel as “geregverdig”) toon die OT-konsep van 'n maatstok (sien Vir Spesiale Aandag by 2:21). JHWH gebruik hierdie metafoor vir sy eie karakter en morele standaard. God is die standaard van geestelike peiling (vgl. Mat. 5:48). In die NT gee God ons sy eie regverdigheid deur die dood van Christus (vgl. II Kor. 5:21), ontvang deur boetedoening en geloof van die persoon se kant af (vgl. Mark. 1:15 en Han. 3:16,19; 20:21).

Regverdiging uit genade deur geloof—daargestel in verse 16 en 17 as ons posisie in Christus—is geheel en al gebaseer op God se inisiërende liefde, Christus se afgehandelde werk en die bearbeiding van die Gees. Nietemin, die klem op ons Christelike lewenstyl word heeltemal daargestel in vers 21 waar ons posisie moet lei tot 'n Christelike lewe (d.w.s. Vir Spesiale Aandag: Heiligmaking by I Tess. 4:3, vgl. Rom. 8:29; Gal. 4:19; Ef. 1:4; 2:10; I Joh. 1:7). Paulus het nie die belang van goeie werke ontken nie. Hy ontken net dat hulle die gronde was vir ons aanvaarding. Efesiërs 2:8-10 toon Paulus se evangelie duidelik—God se inisiërende genade deur mense se gelowige reaksie tot goeie werke. Selfs Gal. 2:20, wat ons heiligmaking beklemtoon—maar in die konteks van die paragraaf, bewys die geldigheid en populariteit van die doktrine van die toegeskrewe regverdigheid van Jesus, heeltemal apart van menslike meriete of lewenstyl of etniese oorsprong.

Paulus beklemtoon die vereistes vir regverdiging is nie

1. “uit die werke van die wet nie,” vers 16a
2. “en nie uit die werke van die wet nie,” vers 16b
3. “omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie,” vers 16c

Daarna vermeld Paulus die enigste manier vir die sondige mensdom om regverdig te word:

1. “deur die geloof in Jesus Christus” (letterlik “deur [*dia*] geloof van Christus Jesus”), vers 16a
2. “ons het in Christus Jesus geglo” (letterlik “in [*eis*] Christus Jesus het ons geglo” [AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF]), vers 16b
3. “uit die geloof in Christus” (letterlik “deur [*ek*] geloof van Christus”), vers 16c

Hierdie drievoudige herhaling is vir helderheid en klem! Die enigste probleem is hoe om die GENITIEWE: “van Christus Jesus”, vers 16a en “van Christus”, vers 16c te verstaan en te vertaal. Die meeste vertalings neem die frase as 'n OBJEKTIEWE GENITIEF, “geloof in Christus”, maar dit kan ook 'n SUBJEKTIEWE GENITIEF wees (vgl. NET Bybel) wat die OT-idioom van ‘Christus se getrouheid’ aan die wil van die Vader weerspieël. Hierdie selfde grammatiese kwessie affekteer die verstaan van Rom. 3:22,26; Gal. 2:20; 3:22; Ef. 3:12; Fil. 3:9. Watter een ookal Paulus bedoel het, hulle toon albei dat regverdiging nie gevind word in menslike dade, meriete of gehoorsaamheid nie, maar in Jesus Christus se dade en gehoorsaamheid. Jesus is ons enigste hoop!

■ OAV	“selfs ons het in Christus Jesus geglo”
NAV	“Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom”
NASB, NKJV	“even we have believed in Christ Jesus”
NRSV	“And we have come to believe in Christ Jesus”
TEV	“We, too, have believed in Christ Jesus”
NJB	“we had to become believers in Christ Jesus”

Die Griekse terme *pistis* (NAAMWOORD) en *pisteuō* (WERKWOORD) kan vertaal word as ‘vertroue’, ‘glo’ of ‘geloof’. Hierdie term dra twee verskillende aspekte van ons verhouding met God oor:

1. ons plaas ons vertroue in die betroubaarheid van God se beloftes en Jesus se afgehandelde werk; en
2. ons glo die boodskap oor God, die mensdom, sonde, Christus, verlossing, ens. (d.w.s. Skrif).



Dit kan dus verwys na die boodskap van die evangelie of ons vertrou in die persoon van die evangelie. Die evangelie is 'n persoon (Jesus Christus) om te verwelkom, 'n boodskap oor daardie persoon om te glo en 'n lewe soos dié van hierdie persoon om te leef. Sien Vir Spesiale Aandag: Glo by 3:6 en I Tess 5:9.

☐ **“die wet” (twee keer)** Die NASB, NKJV, NRSV, TEV en JB vertalings het almal die BEPALENDE LIDWOORD twee keer. Die BEPALENDE LIDWOORD verskyn nie in die Griekse teks nie, maar dit word veronderstel as gevolg van Paulus se voortgaande gebruik van hierdie frase vir die Mosaïese wet. Hoewel dit is wat hy hoofsaaklik in gedagte gehad het is enige ander menslike middel (sosiale norm) wat dien as veronderstelde basis vir ons regstaande verhouding met God, hier implisiet.

☐ **“geen vlees”** Hierdie uitdrukking beteken ‘geen mens’. Sien Vir Spesiale Aandag: Vlees (*sarx*) by 1:16.

**2:17 “as”** Dit lei 'n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN in wat geldig veronderstel word vanuit die perspektief van die skrywer of ter wille van sy literêre doelstellings. Paulus en sy metgeselle (soos alle mense) word sondaars veronderstel (vgl. Rom. 3:9-18,19,23; 11:32; Gal. 3:22).

☐ **“ons. . . self ook sondaars bevind is”** Hierdie frase is moeilik om te verklaar. Verskeie moontlike teorieë is al aangevoer:

1. die meeste skrifkenners skakel dit met Rom. 3:23 en sê: “Ons, soos die heiden, is almal behoeftig van God se regverdigheid omdat ons almal gesondig het.”
2. sommige skakel hierdie frase met die antonieme vraag van Romeine 6-8: “As iemand gered word onafhanklik van menslike daade, hoekom veroordeel God ons vir ons sondes?”
3. hierdie frase skik moontlik die verhoog vir Paulus se bespreking van die wet in hoofstuk 3, waar die moontlikheid om in die reg te wees by God deur die wet onmoontlik word as die wet in enige area oortree word. Die gelowige Jode, Petrus, Paulus en Barnabas, het die wet oortree deur verbode kosse te eet. Hierdie standpunt sou vers 17 verbind met die onmiddellike konteks wat 'n ongeldige gevolgtrekking met 'n geldige premis as basis, verhoed.
4. Paulus het verwys na die Jode en heidene verenig in Christus.

As dit nie God se wil is nie sou hierdie eenheid die Joodse gelowiges sondaars verklaar en Christus aandeel gee in hulle sonde (vgl. Ef. 2:11-3:6).

☐ **OAV** “is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie!”  
**NAV** “beteken dit dan dat Christus in diens van die sonde staan? Beslis nie!”  
**NASB** “is Christ then a minister of sin? May it never be”  
**NRSV** “is Christ then a servant of sin”  
**NKJV** “is Christ therefore a minister of sin? Certainly not”  
**TEV** “does this mean that Christ has served the interest of sin? By no means”  
**NJB** “it would follow that Christ had induced us to sin, which would be absurd”

Paulus se argument gaan voort, hoewel dit moeilik is om te volg. Dat hy besig was om te reageer op (1) Petrus se optrede of (2) die aantuigings en/of die lering van die valse leraars is duidelik, maar die spesifieke kwessie waarop dit betrekking het bly onseker.

Paulus se ander gebruike van die frase: “Beslis nie!” of “Nee, stellig nie!” is belangrik vir die verklaring van hierdie gedeelte (vgl. Gal. 3:21; Rom. 6:2). Paulus gebruik hierdie seldsame OPTATIEWE struktuur gewoonlik om 'n ongeldige gevolgtrekking gebaseer op 'n geldige premis te ontken.

**2:18 “Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het”** Dit is 'n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN wat as waar aanvaar word vanuit dit perspektief van die skrywer of ter wille van sy literêre doelwit. Kundiges is onseker oor Paulus se spesifieke verwysing hier. Was dit sy prediking van die evangelie of sy voormalige lewe in Judaïsme? Dieselfde dubbelsinnigheid word in Romeine 7 aangetref.

“Herbou” en “vernietig” is moontlik rabbynse terme soortgelyk aan “verbind” of “losmaak” in Mat. 16:19.

**2:19 “want deur die wet is ek vir die wet dood”** Hierdie belangrike stelling is nie soseer magies in sy fokus as wetmatig nie. Op die een of ander manier toe Jesus namens ons gesterf het, het ons vir Hom gesterf (vgl. 2:20; Rom. 6:6-7; II Kor. 5:14-15). Daarom is ons verpligtende verhouding met die wet sover dit verlossing aangaan, verbreek. Ons kan vryelik na Christus gaan. Dit is die fokus in verse 20 en 21, soortgelyk aan Paulus se argument in Rom. 6:1-7:6.

☐ **“om vir God te lewe”** Hier word die tweeling teologiese aspekte van ons posisie in Christus en ons verpligte lewenstyl in Christus weer daargestel. Hierdie paradoksale waarheid kan op 'n aantal maniere gestel word:

1. die INDIKATIEF (stelling van ons posisie) en die IMPERATIEF (opdrag om ons posisie uit te leef)
2. OBJEKTIEF (die waarheid van die evangelie) en SUBJEKTIEF (leef die evangelie)
3. ‘ons het gewen’ (ons word aanvaar deur God in Christus), maar nou ‘moet ons hardloop’ (ons moet uit dankbaarheid vir Christus lewe)

Dit is die tweeledige aard van die evangelie—verlossing is absoluut vry, maar dit kos alles wat ons is het! Dit moet herstel word dat die vrye gawe voor die roep tot Christus-gelykvormigheid kom. Ons sterf vir die sonde sodat ons God kan dien (vgl. Rom. 6:10)!

**2:20 OAV “Ek is met Christus gekruisig”**  
**(2:19b) NAV “ek is saam met Christus gekruisig”**  
**(2:20) NASB “I have been crucified with Christ”**

In die Griekse sin word “met Christus” eerste geplaas vir klem (in die UBS<sup>4</sup> Griekse teks kom dit in vers 19 voor). Die WERKWOORD (’n PERFECTUM PASSIEWE INDIKATIEF) impliseer dat iets in die verlede gebeur het wat blywende resultate het en deur ’n eksterne agent bewerkstellig is. Dit is die fokus van Rom. 6:1-11 en 7:1-6.

Paulus gebruik die term “gekruisig” in Gal. 5:24 en 6:4 met betrekking tot die verhouding van die gelowige met hierdie gevalle wêreldstelsel. Dit lyk egter of die klem hier op die gelowige se verwantskap met die wet (vgl. 3:13) val. Dit is belangrik om te onthou dat as ons met Christus gesterf het, ons lewe vir God (vgl. vers 19; Rom. 6:10). Hierdie konsep word oor en oor beklemtoon as:

1. ons verantwoordelikheid om te wandel soos Hy gewandel het (vgl. I Joh. 1:7);
2. ons verpligting om waardig te wandel van die roeping waarmee ons opgelê is (vgl. Ef. 4:1,17; 5:2).

Wanneer ons Christus eers in vrye genade leer ken het is dit belangrik dat ons ’n lewe leef van verantwoordelike dienbaarheid (vgl. Kol. 2:12-14,20; 3:1-4; en II Kor. 5:14-15).

■ **“maar Christus leef in my”** Daar word dikwels gesê dat Jesus in gelowiges woon (vgl. Mat. 28:20; Joh. 14:23 [Jesus en die Vader]; Rom. 8:10; Kol. 1:27). Hierdie gedagte word dan weer dikwels geassosieer met die bediening van die Heilige Gees (vgl. Rom. 8:9,11; I Kor. 3:16; 6:19; II Tim. 1:14). Die werk van die Gees is om die Seun in gelowiges te vergroot en te reproduseer (vgl. Joh. 16:7-15; Rom. 8:28-29; Gal. 4:19).

■ **“En wat ek nou in die vlees lewe”** Sien Vir Spesiale Aandag: Vlees (*sarx*) by 1:16.

■ **“leef ek deur die geloof”** Die Griekse terme *pistis* (NAAMWOORD) en *pisteuō* (WERKWOORD) kan vertaal word as ‘vertrou’, ‘glo’ of ‘geloof’, wat hoofsaaklik ons vertrou in God se betroubaarheid of ons geloof in God se geloofwaardigheid beklemtoon. Sien Vir Spesiale Aandag by 3:6. Hierdie geloof is ons aanvanklike respons op God se beloftes, gevolg deur ’n voortgaande wandeling in daardie beloftes. ‘Geloof’ word op drie maniere in die NT aangewend:

1. persoonlike vertroue;
  2. betroubare lewenstyl; en
  3. ’n verwysing na die korps van Christendoktrine, soos in Han. 6:7; 13:8; 14:22; Gal. 1:23; Jud. verse 3 en 20
- Dit is moontlik ’n heenwysing op Habakkuk 2:4 (vgl. Rom. 1:17; Gal. 3:11; Heb. 10:38).

■ **“die Seun van God”** Sommige baie ou MSS (d.w.s. P<sup>46</sup>, B, D, F, G) het “God en Christus”, maar Paulus gebruik nie hierdie frase nie en stel ook nie dat geloof in God verlossing teweegbring nie. Die frase “die Seun van God” word aangetref in MSS **8**, A, C, D<sup>2</sup> en die meeste van die vroeë kerkvaders. UBS<sup>4</sup> gee dit ’n ‘A’-gradering (seker).

■ **“wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het”** Dit is die hart van die plaasvervangende boetedoening (vgl. Gal. 1:4; Mark. 10:45; Rom. 5:6,8,10; Gen. 3:15; Jes. 53:4-6).

**2:21 “as”** Hiermee word nog ’n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN ingelei wat as waar aanvaar word vanuit die perspektief van die skrywer of ter wille van sy literêre doelwit. Mens sou eerder ’n TWEDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN verwag het. Dit is ’n goeie voorbeeld van ’n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN aangewend om ’n valsheid te beklemtoon. Daar is slegs een pad na God toe—nie deur die wet nie, maar deur geloof in die afgehandelde werk van Christus (vgl. 3:21). Indien die wet verlossing kon bring, sou dit nie vir Christus nodig gewees het om te sterf nie!

■ **“geregtigheid”** Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

## VIR SPESIALE AANDAG: REGVERDIGHEID

“Regverdigheid” is so ’n sentrale tema dat ’n Bybelstudent persoonlik van die begrip ’n uitgebreide studie moet maak. In die OT word die karakter van God as “regverdig” en “regskape” beskryf (BDB 841). Dit is ’n Mesopotamiese woord vir ’n riet uit die rivier wat as gereedskap gebruik word om die horisontale reglynigheid van mure en lyndrade vas te stel. God het die term gekies om metafories oor sy eie aard te spreek. Hy is die reguit maat waardeur alle dinge geëvalueer word. Hierdie konsep bevestig God se geregtigheid, sowel as sy reg om te oordeel.

Die mens is geskape na die beeld van God (Gen. 1:26-27; 5:1,3; 9:6). Die mensheid is geskape vir vertrouensvriendskap met God. Die hele skepping is die agterdoek of verhoog vir interaksie tussen God en mens. God wou hê dat die kroon van sy skepping, die mens, Hom moes ken, liefhê, Hom moes dien en moes wees soos Hy is. Die loyaliteit van die mensdom is getoets en die eerste mensepaar het die toets gedruip. Dit het uitgeloop op ’n verbrekking van die verhouding tussen God en die mensdom (vgl. Gen. 3:21-31).

God het egter beloof om die verhouding te herstel en te vervat (vgl. Gen. 3:15). Hy doen dit uit eie voorneme en deur sy Seun. Mense het nie die vermoë om die breuk te herstel nie (vgl. Rom. 1:18-3:20).

Ná die sondeval was God se eerste stap tot herstel die daarstelling van ’n verbond, waarvolgens Hy die mens uitnooi, en die mens met berou, geloof, belydenis en gehoorsaamheid kon reageer. As gevolg van die sondeval was mense nie in

staat om na behore te reageer nie (vgl. Rom. 3:21-31; Gal. 3). God moes toe self inisiatief neem om die verbondsverbrekende mensdom te herstel. Dit het hy gedoen deur:

1. die sondige mensdom regverdig te verklaar op grond van die verdienste van Christus (forensiese of plaasbekledende geregtigheid);
2. geregtigheid aan die mensdom te skenk deur die werk van Christus (toegerekende geregtigheid);
3. die Heilige Gees te stuur om in te woon en geregtigheid te bring (etiese geregtigheid);
4. die vriendskaplikheid van die tuin van Eden te herstel, deurdat Christus die beeld van God herstel het (wederkerige geregtigheid).

God verwag dus 'n reaksie kragtens die verbondsverhouding. Hy maak 'n toesegging deur vryelik te skenk en voorsiening te maak, maar mense moet reageer en aanhou reageer deur:

1. berou te betoon;
2. te glo;
3. gehoorsaam te lewe; en
4. te volhard.

Geregtigheid is daarom kragtens die verbond 'n *wederkerige handeling* tussen God en sy hoogste skepping. Dit is op die wesensaard van God gebaseer, op die werk van Christus, en moontlik gemaak deur die Heilige Gees waaraan elke individu, persoonlik en voortdurend, toepaslik gehoor moet gee. Die konsep staan bekend as "regverdigmaking deur geloof". Dit is in die evangelies geopenbaar, maar nie in hierdie woordgebruik nie. Dié terme is hoofsaaklik aan Paulus te danke wat die Griekse term vir "regverdiging" in wisselende vorme meer as 100 keer gebruik.

Die opgeleide rabbyn, Paulus, gebruik die term *dikaosunē* in sy Hebreeuse betekenis (*sdk*) soos in die LXX oorgeneem, en nie uit Griekse literatuur nie. In Griekse geskrifte word die term gebruik om te verwys na iemand wat voldoen aan die verwagtinge van gode en van die gemeenskap. In Hebreeus hou dit altyd verband met verbondsterme. JHWH is 'n regverdige, etiese en morele God. Hy wil dat sy mense sy karakter weerspieël. Die verlore mensdom word 'n nuwe skepping. Hierdie vernuwing lei tot 'n nuwe lewenstyl van toewyding (die Rooms-Katolieke fokus ten opsigte van regverdigmaking). Aangesien Israel 'n Teokrasie was, was daar geen duidelike onderskeid tussen die sekulêre norme van die gemeenskap en die heilige (wil van God) nie. Hierdie onderskeid in die Hebreeus en Grieks kom as volg tot uiting: "geregtigheid" ("justice" met betrekking tot die gemeenskap/samelewing) en "regverdigheid" ("righteousness" met betrekking tot godsdiens).

Die evangelie (goeie nuus) van Jesus is dat die gevalle mensdom se vertrouensvriendskap met God herstel is. Paulus se paradoks is dat God deur Christus die skuldige vryspreek. Dit is tot stand gebring deur die Vader se liefde, sy barmhartigheid en genade; deur die Seun se lewe, sterwe en opstanding, en deur die roeping en uitnodiging van die Gees na die evangelie. Regverdigmaking is 'n genadegawe van God, maar dit moet lei tot 'n lewe van godsvrug (die standpunt van Augustinus), wat die Reformasie se klem op die vrye gawe van die evangelie en die Rooms-Katolieke klem op 'n veranderde lewe van liefde en getrouheid, weerspieël. Vir die Hervormers is die term "die geregtigheid van God" 'n OBJEKTIEWE GENITIEF (bv. die aksie wat 'n sondige mensdom aanvaarbaar vir God maak [’n staat van heiligmaking]), terwyl dit vir die Katoliek 'n SUBJEKTIEWE GENITIEF is, wat neerkom op 'n proses van al meer soos God word (eksperimenteel progressiewe heiligmaking). Dit moet sekerlik albei wees!

Myns insiens is die hele Bybel, van Genesis 4 tot Openbaring 20, die optekening van God se herstel van die vertrouensverhouding van Eden. Die Bybel begin met die vertrouensvriendskap van God en mens op 'n aardse toneel, en eindig met dieselfde toneel (vgl. Openb. 21-22). God se beeld en bedoeling sal herstel word!

Die voorafgaande bespreking van die Griekse woordgroep word deur die volgende uitgesoekte NT passasies gestaaf:

1. God is regverdig – dikwels gekoppel aan God as Regter (Rom. 3:26; II Tess. 1:5-6; II Tim. 4:8; Openb. 16:5)
2. Jesus is regverdig (Han. 3:14; 7:52; 22:14 – titel van die Messias; Mat. 27:19; I Joh. 2:1, 29; 3:7)
3. God se wil vir sy skepping is geregtigheid (Lev. 19:2; Mat. 5:48 (vgl. 5:17-20))
4. God se maatstawwe om geregtigheid te voorsien en te bewerkstellig (Rom. 3:21-31; 4; 5:6-11; Gal. 3:6-14)
  - a. geskenk deur God (Rom. 3:24; 6:23; I Kor. 1:30; Ef. 2:8-9)
  - b. ontvang deur geloof (Rom. 1:17; 3:22,26; 4:3,5,13; 9:30; 10:4,6,10; I Kor. 5:21)
  - c. deur handeling van die Seun (Rom. 5:21-31; II Kor. 5:21)
5. God se wil is dat sy volgelinge regverdig moet wees (Mat. 5:3-48; 7:24-27; Rom. 2:13; 5:1-5; 6:1-23; II Kor. 6:14; I Tim. 6:11; II Tim. 2:22; 3:16; I Joh. 3:7; I Pet. 2:24)
6. God sal uit geregtigheid die wêreld oordeel (Han. 17:31; II Tim. 4:8)

Geregtigheid is 'n eienskap van God wat Hy vrylik deur Christus aan die sondige mensdom skenk. Dit is:

1. 'n toesegging deur God
2. 'n geskenk van God
3. 'n handeling van Christus

Maar dit is ook 'n proses van strewe na geregtigheid wat ywerig en standvastig nagejaag moet word; wat by die wederkoms in volmaaktheid sal verander. Vertrouensvriendskap met God word met bekering herstel, maar ontwikkel lewenslank tot en met 'n aangesig-tot-aangesig ontmoeting met die dood of op die Oordeelsdag!

Hier volg 'n aanhaling uit die *Dictionary of Paul and His Letters* van IVP, bl. 834:

"Calvin, more so than Luther, emphasizes the relational aspect of the righteousness of God. Luther's view of the righteousness of God seems to contain the aspect of acquittal. Calvin emphasizes the marvelous nature of the communication or imparting of God's righteousness to us."

Ek dink die gelowige se verhouding met God het drie aspekte:

- a. die evangelie is 'n persoon (die Oosterse Kerk en Calvyn beklemtoon)

- b. die evangelie is waarheid (Augustinus en Luther beklemtoon)
- c. die evangelie is 'n veranderde lewe (Katolieke beklemtoon)

Hulle spreek almal van waarheid, en die uitsprake moet saamstaan vir 'n gesonde, kredietwaardige, Bybelse Christendom. As enigeen oor- of onderbeklemtoon word, ontstaan probleme.

Ons moet Jesus verwelkom!

Ons moet die evangelie glo!

Ons moet Christus-gelykvormigheid nastreef!

■ **“dan het Christus tevergeefs gesterwe”** Dit is die teologiese hoogtepunt van Paulus se verwerping van die verjooders se klem op menslike meriete. Indien menslike daade regstaandheid met God kon bewerkstellig dan was dit nie vir Jesus nodig om te sterf nie! Nietemin, beide (1) die OT, veral Rigters en die geskiedenis van Israel (vgl. Neh. 9) en (2) die huidige ervarings van pligsgetroue gelowiges soos Paulus toon die mensdom se vermoë om God te gehoorsaam en hulle met sy verbond te vereenselwig. Die ou verbond het in plaas van lewe die dood en verdoemenis gebring (vgl. Galasiërs 3). Die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-38) bring lewe as 'n genadegawe van 'n liefdevolle God deur gelowige, gevalle mensdom 'n nuwe hart, 'n nuwe mentaliteit en 'n nuwe gees te gee! Hierdie gawe is slegs moontlik deur die opofferende werk van Christus. Hy vervul die wet! Hy herstel die gebroke vertrouensvriendskap (d.w.s. die beskadigde beeld van God in die mens van Genesis 3 is herstel en vernuwe!)

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoekom is dit so moeilik om hierdie hoofstuk te verklaar?
2. Spot Paulus in verse 2, 6 en 9 met die Jerusalem apostels?
3. Hoekom was die situasie rondom Titus so 'n belangrike kwessie vir die Jerusalem raad?
4. Wie was die valse leraars? Wat het hulle binnegedring? Wat was hulle doel?
5. Hoekom was Petrus se onwilligheid om saam met die heidene te eet so verdoemend in die lig van Paulus se siening van die evangelie?
6. Definieer die woord 'regverdiging'.
7. Definieer die woord 'geloof'.
8. Hoe hou verse 19 en 20 verband met hulle konteks?

# GALASIËRS 3

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>d</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Law or Faith	Justification by Faith	An Appeal to Experience	Law or Faith	The Christian Experience	Die wet of die geloof
3:1-6	3:1-9	3:1-5	3:1-5	3:1-5	3:1-6
		An Appeal to Abraham's Experience in Scripture		Witness of Scripture. Faith and the Law	
		3:6-9	3:6-9	3:6-9	
3:7-14					3:7-9
	The Law Brings a Curse			The Curse Brought by the Law	
	3:10-14	3:10-14	3:10-12	3:10-14	3:10-11
			3:13-14		3:12
					3:13-14
The Law and the Promise	The Changeless Promise	An Example from the Covenant with Abraham	The Law and the Promise	The Law Did Not Cancel the Promise	Die wet en die belofte
3:15-20	3:15-18	3:15-18	3:15-18	3:15-18	3:15-16
					3:17-18
	Sons and Heirs	The True Purpose of the Mosaic Law		The Purpose of the Law	
	3:19-25	3:19-20	3:19-20	3:19-22	3:19-20
Slaves and Sons			The Purpose of the Law		Slawe en seuns
(3:21-4:7)			(3:21-4:7)		(3:21-4:7)
3:21-22		3:21-22	3:21-22	The Coming of Faith	3:21a
					3:21b-22
3:23-25		3:23-26	3:23-25	3:23-29	3:23-25
		An Appeal to Baptismal Equality			
3:26-4:7	3:26-4:7		3:26-29		3:26-29
		3:27-29			

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegids kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

## INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Hoofstuk 3 is 'n voortsetting van die literêre eenheid wat in 2:15-21 begin het. In hoofstukke 3 en 4 ontwikkel Paulus die teologiese aspekte van sy evangelie (dit word verder ontwikkel in die boek van Romeine). Klaarblyklik het die verjoodsers hom persoonlik aangeval om daardeur sy evangelie af te takel.
- B. Die struktuur van hoofstuk 3 is maklik uitkenbaar.
1. In verse 1-5 spreek Paulus tot die persoonlike verlossingservaringe van die Galasiërs. Hy gebruik sy persoonlike getuigenis as bewys van die waarheid van die evangelie in 1:10-2:21, maar hier gebruik hy hulle persoonlike ervaringe. Hy doen dit met vier of vyf retoriese vrae.
  2. In verse 6-18 ontwikkel Paulus die Ou Testamentiese ervaringe van Abraham as 'n paradigma vir die ervaringe van alle mense wat verlossing betref. Hy fokus spesifiek op Abraham wat regverdiging ontvang uit genade deur geloof voor en onafhanklik van die Mosaïese wet. Hierdie hoofstuk is die teologiese voorganger van Romeine 4!
- C. Paulus haal die Ou Testament sewe keer in verse 6-18 aan.
1. vers 6 – Gen. 15:6
  2. vers 8 – Gen. 27:26 (moontlik ook 28:58)
  3. vers 11 – Hab. 2:4
  4. vers 12 – Lev. 18:5
  5. vers 13 – Deut. 21:23
  6. vers 16 – Gen. 13:15 (moontlik ook 22:18)
- Die moontlike redes vir die uitvoerige gebruik van die OT was:
1. Paulus wou hê dat die verjoodsers en Galasiërs moes sien dat sy evangelie op die OT ook gebaseer was.
  2. Die verjoodsers het die OT gebruik in hulle argument en daarom doen Paulus dit ook.
- Ons moet onthou dat Paulus se uiteensetting gevorm word deur (1) huidige Joodse teologie en (2) die klem van die verjoodsers. Paulus se argument is dubbelsinnig vir ons omdat ons nie die teologie van die verjoodsers en hoe hulle dit voorgestel het nie, ken nie (tekste, illustrasies, metafore). Ons lees slegs die helfte van die gesprek. Dit is duidelik dat die mense van die OT God se wet as 'n gawe en 'n seëning gesien het, maar Joodse wettiesheid het dit verwring!
- D. Omdat Paulus die misinterpretasie en toepassing van die wet deur die verjoodsers so heftig aanval, bespreek hy die doel van die Mosaïese wetgewing (verse 19-29). Hy doen dit deur twee vrae (verse 19 en 21). Dit moet genoem word dat Paulus besig was om die term 'wet' hier op 'n baie spesifieke manier te gebruik. Paulus was besig om die teologie van die valse leraars te verwerp (d.w.s. dat die wet verlossing kan bewerkstellig, vgl. Rom. 4:14). Hierdie siening van die wet moet gebalanseer word met Jesus se gebruik van die term in Matteus 5:17-21. Die wet is goed—die wet is van God! Die wet is vir ewig (vgl. Rom. 7:7,12-14). Sien Vir Spesiale Aandag: Paulus se Siening van die Mosaïese Wet by 3:19.
- E. Die Mosaïese wet is vermenslik op twee maniere (vgl. 3:23-25; 4:1-2) bekend aan die Grieks-Romeinse wêreld:
1. vers 23: “onder die wet in bewaring gehou” – die wet as tronkbewaarder
  2. vers 24: “Die wet was dus ons tugmeester” – die wet as 'n kind se oppasser
    - a. 4:2, “voogde” – 'n kind se oppasser vanaf geboorte tot 14 jarige ouderdom
    - b. 4:2, “bestuurders” – 'n jongmens se oppasser van die ouderdom van 14 tot die ouderdom van 25

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 3:1-5

<sup>1</sup>O ONVERSTANDIGE Galasiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig? <sup>2</sup>Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? <sup>3</sup>Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees? <sup>4</sup>Het julle verniet so baie gely? As dit maar verniet was! <sup>5</sup>Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, *doen Hy dit* uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?

3:1,3	OAV	“O ONVERSTANDIGE Galasiërs
	NAV	“Julle Galasiërs, is julle dan so sonder begrip”
	NASB, NKJV, NRSV, TEV	“You foolish Galatians”
	NJB	“are you people in Galatia mad”

Hierdie is die term ‘verstand’ (*nous*) met die ALFA PRIVATIEF wat as ‘onverstandig’ vertaal word (vgl. Luk. 24:25). Paulus voer sterk aan dat hulle die implikasies van die verjoodsers se valse lering nie goed deurdink het nie (vgl. 1:6). Soos gewoonlik moes hierdie valse leraars sterk, begaafde, logiese persoonlikhede gehad het!

☐ **“wie het julle betower”** Die gebruik van die ENKELVOUDIGE VOORNAAMWOORD “wie” is moontlik ‘n manier om een primêre valse leraar uit te wys (vgl. 5:8,10). Maar dit lees moontlik te veel in die konteks in aangesien die MEERVOUD gebruik word in 5:12.

“Betower” is waarskynlik ‘n metafoor vir verstandelike verwarring, hoewel sommige kundiges dit in hierdie konteks sien as ‘n heenwysing op die OT-bose oog (vgl. Deut. 15:9; 28:54; Spr. 23:6; 28:22; Mat. 20:15; Mark. 7:22).

☐ **“voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is”** Die Koine Griekse papirusse in Egipte ontdek (vgl. Mouton en Milligan, *The Vocabulary of the Greek Testament*) het getoon dat “afgeskilder” beteken (1) om duidelik te skets of (2) is ‘n amptelike wetskennisgewing wat in die openbaar vertoon word. Hierdie metafoor is gebruik van Paulus se duidelike lering en prediking van die persoon en werk van Jesus Christus. Klaarblyklik was die Galasiëse kerke besig om weg te draai van Paulus se lering ten gunste van Joodse wettiesheid.

☐ **“as. . .gekruisig”** “Gekruisig” is ‘n PERFECTUM PASSIEWE DEELWOORD wat impliseer dat Jesus steeds die gekruisigde Een is. Dit mag ‘n titel wees: ‘die gekruisigde Een’ (vgl. Mat. 28:5; Mark. 16:6; I Kor. 1:23; 2:2). Wanneer ons Hom sien sal Hy steeds die merke van sy kruisiging aan Hom hê. Hulle is nou simbole van sy oorwinning!

Die PASSIEWE STEM spreek moontlik van God die Vader as die ware agent in die opoffering van die Seun (vgl. Jes. 53:10; Joh. 3:16; II Kor. 5:21).

**3:2 “het julle die Gees ontvang”** Om die Gees te ontvang is nie ‘n sekondêre genadedaad nie (d.w.s. Han. 8:14-17); dit gebeur wanneer jy ‘n Christen word (vgl. Rom. 8:9). Jy het die Gees of jy is nie ‘n Christen nie. Die Gees word hier gesien as ‘n teken van die nuwe bedeling waarvan daar in Jeremia 31:31-34 gepraat word. “Die Gees ontvang” is nog ‘n manier om te sê ‘ontvang die evangelie’. Ná hierdie punt in Galasiërs noem Paulus die Heilige Gees sestien keer. Paulus en Johannes ontwikkel die teologie van die Gees meer as enige ander NT-skrywers.

- ☐ **OAV** “uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof”
- NAV** “deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo”
- NASB** “by the works of the Law, or by hearing with faith”
- NKJV** “by the works of the law, or by the hearing of faith”
- NRSV** “by doing the works of the law or by believing what you heard”
- TEV** “by doing what the Law requires, or by hearing and believing the gospel”
- NJB** “was it because you practiced the Law that you received the Spirit, or because you believed what was preached to you”

‘Geloof’ [*pistis*] word herhaaldelik in hierdie hoofstuk gebruik en kan verklaar of vertaal word as ‘geloof’, ‘vertroue’ of ‘glo’. Sien die Vir Spesiale Aandag oor die OT- sowel as die NT-gebruik van ‘geloof’ by 3:6. Die konsepte van gelowig of vertrouend is baie dieselfde (vgl. 2:26; 3:2,6,7,8,9,11,12,14,22 en 26).

**3:3 “Is julle so onverstandig?”** Dit is dieselfde term as in vers 1.

- ☐ **OAV** “Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?”
- NAV** “Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig?”
- NASB** “Having begun by the Spirit, are you now being perfected by the flesh?”
- NKJV** “Having begun in the Spirit, are you now being made perfect by the flesh?”
- NRSV** “Having started with the Spirit, are you now ending with the flesh?”
- TEV** “You began by God’s Spirit; do you now want to finish by your own power?”
- NJB** “Are you foolish enough to end in outward observances what you began in the Spirit?”

Die grammatiese struktuur van hierdie tweede sinsdeel kan verstaan word as (1) MIDDELSTEM (NRSV, TEV, JB) of (2) PASSIEWE STEM (NASB, NKJV). Die MIDDELSTEM beklemtoon die Galasiërs se optrede terwyl die PASSIEWE ‘n eksterne agent sou beklemtoon. Die MIDDELSTEM pas die konteks die beste. Die Galasiërs het probeer om hulle verlossing te voltooi deur hulle eie insette tot vervulling van die Mosaïese wet. Beide ons verlossing en volwassenheid word bewerkstellig uit genade deur geloof! Die twee belangrike terme in hierdie frase word ook saam gebruik in Fil. 1:6. Die res van Paulus se argument sal fokus op die feit dat gelowiges volledig en volwasse is in Jesus Christus en Christus alleen.

Paulus se stelling in vers 3 impliseer nie dat gelowiges nie keuses maak oor hoe hulle lewe nie. Verlossing is ‘n reaksie op God se inisierende genade; so-ook is die Christelike lewe ‘n voortgaande reaksie op die Gees se leiding deur boetedoening, geloof, gehoorsaamheid en volharding. Dit is progressiewe Christusgelykvormigheid (vgl. 5:1-6:10)!

Vir ‘vlees’ sien Vir Spesiale Aandag by 1:16.

- 3:4**
- OAV** “Het julle verniet so baie gely?”
  - NAV** “Was al julle swaarkry dan verniet?”
  - NASB** “Did you suffer so many things in vain”
  - NKJV** “Have you suffered so many things in vain”
  - NRSV** “Did you experience so much for nothing”
  - TEV** “Did all your experience mean nothing at all”
  - NJB** “Have all the favours you received been wasted”

‘Swaarkry’ kan verwys na:

1. fisiese lyding (ons het minimale gegewe rekords van die kerke in Suidelike Klein-Asië wat Joodse vervolging ervaar het soos in Han. 14:2,5,19,22).
2. emosionele omverwerping in hulle bekering.
3. in Griekse literatuur kan die term verwys na 'voordele' (vgl. Magill, *NT TransLine*, bl. 688).

■ **“As dit maar verniet was!”** Dit is 'n DERDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN. Daar is twee teorieë oor hierdie frase: (1) dit hou verband met 1:16 (d.w.s. Paulus se bediening onder die heidene) of (2) dit hou verband met Paulus se volgehoue argument oor die geestelike nutteloosheid daarvan om in menslike gehoorsaming van die Mosaïese wet te vertrou. Indien hulle terugkeer na menslike inspanning sal Christus se genade hulle nie help nie (vgl. 4:11; 5:2-4; I Kor. 15:2).

## VIR SPESIALE AANDAG: DIT IS NOODSAAKLIK OM TE VOLHARD

Bybelse leerstellings in verband met die Christelike lewe is moeilik om te verklaar omdat hulle in tipies Oosterse dialektiese pare aangebied word. Hierdie pare is oënskynlik weersprekend van aard (paradoksaal), maar beide is Bybelse waarhede. Westerse Christene is geneig om selektief een kant van die waarheid te oorbeklemtoon ten koste van die ander kant. Byvoorbeeld:

- A. Is verlossing 'n eenmalige besluit om Christus daarvoor te vertrou, of is dit toegewyde dissipelskap lewenslank?
- B. Is verlossing die genadige uitverkiesing van 'n almagtige God of is dit die mens se gelowige en berouvolle aanvaarding van 'n goddelike genade-aanbod?
- C. Is verlossing, wanneer dit aanvaar is, onmoontlik om te verloor, of is daar 'n vereiste van volgehoue toewyding?

Die kwessie van volharding was 'n geskilpunt regdeur die geskiedenis van die kerk. Die probleme ontstaan met oënskynlik weersprekende gedeeltes in die NT.

- A. Teksgedeeltes oor sekerheid
  1. uitsprake van Jesus (vgl. Joh. 6:37; 10:28-29)
  2. uitsprake van Paulus (vgl. Rom. 8:35-39; Ef. 1:13; 2:5, 8-9; Fil. 1:6; 2:13; II Tes. 3:3; II Tim. 1:12; 4:18)
  3. uitsprake van Petrus (vgl. I Pet. 1:4-5)
- B. Teksgedeeltes oor die nodigheid van volharding
  1. uitsprake van Jesus (vgl. Mat. 10:22; 13:1-9, 24-30; 24:13; Mark. 13:13; Joh. 8:31; 15:4-10; Openb. 2:7, 17, 20; 3:5, 12, 21)
  2. uitsprake van Paulus (vgl. Rom. 11:22; I Kor. 15:2; II Kor. 13:5; Gal. 1:6; 3:4; 6:9; Fil. 2:12; 3:18-20; Kol. 1:23)
  3. uitsprake van die skrywer van Hebreërs (vgl. 2:1; 3:6, 14; 6:11)
  4. uitsprake van Johannes (I Joh. 2:6; II Joh. 9)
  5. uitspraak van die Vader (Openb. 21:7)

Bybelse verlossing vloei voort uit die liefde, barmhartigheid en genade van 'n soewereine Drie-Enige God. Geen mens kan gered word sonder die inisiatief van die Gees nie (vgl. Joh. 6:44,65). Godheid lei die gebeure en bepaal die verloop van sake, maar vereis dat mense antwoord in geloof en met berou, beide aanvanklik en voortdurend. God werk met die mens in 'n verbondsverhouding. Daar is voorregte, maar ook verantwoordelikhede!

Verlossing word vir alle mense aangebied. Jesus het deur sy dood die gevalle skepping se sondeprobleem uitgesorteer. God het 'n weg voorberei en wil dat almal wat na sy beeld geskape is, op sy uitnodiging van liefde en voorsiening in Jesus sal antwoord.

Sou u belangstel om meer van die onderwerp uit 'n nie-Calvinistiese perspektief te wete te kom, sien:

1. Dale Moody, *The Word of Truth*, Eerdmans, 1981 (bl. 348-365)
2. Howard Marshall, *Kept by The Power of God*, Bethany Fellowship, 1969
3. Robert Shank, *Life in the Son*, Westcott, 1961

Die Bybel onderrig hier met die oog op twee verskillende probleme wat op die gebied ondervind word: (1) diegene wat sekerheid sien as 'n reg om sonder vrug en selfsugtig met die lewe om te gaan, en (2) bemoediging vir diegene in diens van God, wat ook nog met eie sonde worstel. Die probleem ontstaan daarin dat groepe met verkeerde voorveronderstellings die verkeerde boodskap uit beperkte Bybelse gegewens haal en hulle teologiese sisteem daarop baseer. Sommige Christene het inderdaad groot behoefte aan die boodskap omtrent sekerheid, hoewel andere weer streng oor hulle lewenswyse vermaan moet word. In watter groep val u?

**3:5 “Hy wat julle dan die Gees verleen”** God se voorsiening van die Gees is 'n verwysing na aanvanklike verlossing (vgl. 3:14; Rom. 8:9). Die DEELWOORD is TEENWOORDIG AKTIEF, ook gebruik van God se voorsiening in II Kor. 9:10. Vroeër gebruike van die woord stel voor dat dit 'om op uit te stort' of 'om vryelik te gee' beteken.

■ **“en kragte onder julle werk”** Dit is ook 'n TEENWOORDIG AKTIEWE DEELWOORD wat moontlik die voortgaande effek toon van

1. die wonderwerk van hulle verlossing
2. die gepaardgaande tekens en wonderwerke wat die evangelie bevestig
3. die geestelike gewes (vgl. I Korintiërs 12) wat besig was om in die Galasiese gemeentes te manifesteer



Vertalers verskil daarvoor of die frase ‘in julle’, dus met betrekking tot individue, of ‘tussen julle’, dus met betrekking tot die kerk behoort te lees.

Het God grootmoediglik al sy seëninge gegee omdat hulle die wet van Moses uitgevoer het? Nee! Hierdie wonderwerke was God se bevestiging van die ware evangelie wat hulle uit genade deur geloof ontvang het.

### OAV TEKS: 3:6-9

<sup>6</sup>Net soos Abraham in God geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken. <sup>7</sup>Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham. <sup>8</sup>En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word. <sup>9</sup>Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham.

**3:6 “Net soos Abraham”** Verse 6-9 vergroot die voorbeeld van Abraham, die geestelike en rassevader van die Joodse nasie. Die valse leraars het moontlik vir Abraham gebruik as voorbeeld van iemand wat in God geglo en later besny is. Dit verduidelik hoekom Paulus se argument opgeteken in Romeine 4 nie hier ontwikkel word nie. Abraham is paradigmatis van hoe alle mense tot God kom (vgl. LXX van Gen. 15:6). Verlossing en regstaandheid met God was nog altyd uit genade deur geloof. Dit was nie ’n nuwe boodskap nie!

“Net soos” – Curtis Vaughan, *A Study Guide Commentary*, maak die opmerking dat hierdie frase impliseer dat soos Abraham reg geword het met God uit genade deur geloof, so ook die Galasiërs (bl. 61). Die geloofsbeginsel word vergroot tot almal wat glo in verse 7,9; selfs die heidene, vers 8!

Jou verhouding met Abraham is nie bepaal deur (1) fisiese afkoms (Israel) of (2) fisiese tekens (besnydenis, vgl. Rom. 2:28-29) nie, maar uit genade (vgl. vers 18) deur geloof (vgl. Ef. 2:8-9)!

#### ■ “geglo”

## VIR SPESIALE AANDAG: GLO, VERTROU, GELOOF EN GETROUHEID IN DIE OU TESTAMENT (אמן)

### I. Inleiding

Dit is nodig om te sê dat die gebruik van hierdie teologiese konsep, so kardinaal vir die NT, nie so duidelik gedefinieer word in die OT nie. Dit is sonder twyfel daar, maar word in enkele sleutelpassasies en persone gedemonstreer.

Die OT-mengsels

A. die individu en die gemeenskap

B. die persoonlike ontmoeting en verbondsgehoorsaamheid

Geloof is ’n persoonlike ontmoeting sowel as ’n daaglikse lewenstyl! Dit is makliker om te beskryf in ’n persoon as in ’n leksikale vorm (d.w.s. woordstudie). Hierdie persoonlike aspek word die beste geïllustreer in

A. Abraham en sy saad

B. Dawid en Israel

Hierdie manne het God ontmoet en hulle lewens is permanent daardeur verander (nie perfekte lewens nie, maar voortgaande geloof). Toetse het swakpunte en sterkpunte in hulle geloofsontmoeting met God blootgelê, maar die intieme, vertrouensverhouding het gestaan deur die tye! Dit is beproef en verfyn, maar dit het voortgegaan soos bewys deur hulle toewyding en lewenstyl.

### II. Hoofwortel gebruik

#### A. אמן (BDB 52)

##### 1. WERKWOORD

- Qal*-stem – om te ondersteun, om te voed (d.w.s. II Kon. 10:1,5; Ester 2:7, die nie-teologiese gebruik)
- Nifal*-stem – om seker of ferm te maak, om daar te stel, om te bevestig, om getrou of betroubaar te wees
  - van mans, Jes. 8:2; 53:1; Jer. 40:14
  - van dinge, Jes. 22:23
  - van God, Deut. 7:9; Jes. 49:7; Jer. 42:5
- Hifil*-stem – om vas te staan, om te glo, om te vertrou
  - Abraham het in God geglo, Gen. 15:6
  - die Israëliete in Egipte het geglo, Eks. 4:31; 14:31 (ontken in Deut. 1:32)
  - Israëliete het geglo dat JHWH deur Moses gepraat het, Eks. 19:9; Ps. 106:12,24
  - Ahaz het nie in God vertrou nie, Jes. 7:9
  - wie ookal daarin/in hom glo (Jes. 28:16)
  - glo waarhede oor God, Jes. 43:10-12

2. NAAMWOORD (MANLIK) – getrouheid (d.w.s. Deut. 32:20; Jes. 25:1; 26:2)

3. BYWOORD – waarlik, voorwaar, ek stem saam, mag dit so wees (vgl. Deut. 27:15-26; I Kon. 1:36; I Kron. 16:36; Jes. 65:16; Jer. 11:5; 28:6). Dit is die liturgiese gebruik van ‘amen’ in die OT en NT.

#### B. אמת (BDB 54) VROULIKE NAAMWOORD, vastigheid, getrouheid, waarheid

- van mans, Jes. 10:20; 42:3; 48:1
- van God, Eks. 34:6; Ps. 117:2; Jes. 38:18,19; 61:8

3. van waarheid, Deut. 32:4; I Kon. 22:16; Ps. 33:4; 98:3; 100:5; 119:30; Jer. 9:5; Sag. 8:16

C. אמוכה (BDB 53), vastigheid, standvastigheid, getrouheid

1. van hande, Eks. 17:12
2. van tye, Jes. 33:6
3. van mense, Jer. 5:3; 7:28; 9:2
4. van God, Ps. 40:11; 88:11; 89:1,2,5,8; 119:138

III. Paulus se gebruik van hierdie OT-konsep

A. Paulus baseer sy nuwe begrip van JHWH en die OT op sy persoonlike ontmoeting met Jesus op die pad na Damaskus (vgl. Han. 9; 22; 26).

B. Hy vind OT-ondersteuning vir sy nuwe begrip in twee sleutel-OT-passasies wat die wortel אמן gebruik.

1. Gen. 15:6 – Abram se persoonlike ontmoeting deur God geïniseer (Genesis 12) het tot 'n gehoorsame lewe van geloof aanleiding gegee (Genesis 12-22). Paulus verwys hierna in Romeine 4 en Galasiërs 3.
2. Jes. 28:16 – diegene wat glo daarin (d.w.s. God se beproefde en standvastige hoeksteen) sal nooit die volgende wees nie:
  - a. Rom. 9:33, “beskaam” of “teleurgestel”
  - b. Rom. 10:11, soos bo
3. Hab. 2:4 – diegene wat die betroubare God ken behoort gelowige lewens te lei (vgl. Jer. 7:28). Paulus gebruik hierdie teks in Rom. 1:17 en Gal. 3:11 (sien ook Heb. 10:38).

IV. Petrus se gebruik van die OT-konsep

A. Petrus kombineer

1. Jes. 8:14 – I Pet. 2:8 (struikelblok)
  2. Jes. 28:16 – I Pet. 2:6 (hoeksteen)
  3. Ps. 118:22 – I Pet. 2:7 (verwerpte steen)
- en gebruik dit nou vir die kerk se geloof in Christus (vgl. I Pet. 2:5,9)

V. Johannes se gebruik van die konsep

A. Sy NT-gebruik – Die term ‘geglo’ is van die Griekse term (*pisteuō*) afgelei, wat ook vertaal kan word as ‘glo’, ‘geloof’ of ‘vertrou’. Byvoorbeeld, die NAAMWOORD kom nie in die evangelie van Johannes voor nie, maar die WERKWOORD word dikwels gebruik. In Joh. 2:23-25 is daar onsekerheid oor die egtheid van die skare se verbondenheid tot Jesus van Nasaret as die Messias. Ander voorbeelde van hierdie oppervlakkige gebruik van die term ‘glo’ is in Joh. 8:31-59 en Han. 8:13, 18-24. Ware Bybelse geloof is meer as ’n aanvanklike reaksie. Dit moet opgevolg word met ’n proses van dissipelskap (vgl. Mat. 13:20-22,31-32).

B. Sy gebruik van VOORSETSELS

1. *eis* beteken ‘in’. Hierdie unieke konstruk beklemtoon die gebruik van gelowiges om hulle geloof/vertrou in Jesus te plaas
  - a. in sy Naam (Joh. 1:12; 2:23; 3:18; I Joh. 5:13)
  - b. in Hom (Joh. 1:11; 3:15,18; 4:39; 6:40; 7:5,31,39,48; 8:30; 9:36; 10:42; 11:45,48; 12:37,42; Mat. 18:6; Han. 10:43; Fil. 1:29; I Pet. 1:8)
  - c. in My (Joh. 6:35; 7:38; 11:25,26; 12:44,46; 14:1,12; 16:9; 17:20)
  - d. in die Seun (Joh. 3:36; 9:35; I Joh. 5:10)
  - e. in Jesus (Joh. 12:11; Han. 19:4; Gal. 2:16)
  - f. in die lig (Joh. 12:36)
  - g. in God (Joh. 14:1)
2. *en* beteken ‘in’, soos in Joh. 3:15; Mark. 1:15; Han. 5:14
3. *epi* beteken ‘in’ of ‘op’, soos in Mat. 27:42; Han. 9:42; 11:17; 16:31; 22:19; Rom. 4:5,24; 9:33; 10:11; I Tim. 1:15; I Pet. 2:6
4. die DATIEWE GEVAL van geen VOORSETSEL, soos in Gal. 3:6; Han. 18:8; 27:25; I Joh. 3:23; 5:10
5. *hoti*, wat beteken ‘glo dat’, verskaf konteks aan wat geglo moet word
  - a. Jesus is die Heilige Een van God (Joh. 6:69)
  - b. Jesus is die Ek Is (8:24)
  - c. Jesus is in die Vader en die Vader is in Hom (Joh. 10:38)
  - d. Jesus is die Messias (Joh. 11:27; 20:31)
  - e. Jesus is die Seun van God (Joh. 11:27; 20:31)
  - f. Jesus is gestuur deur die Vader (Joh. 11:42; 17:8,21)
  - g. Jesus is een met die Vader (Joh. 14:10-11)
  - h. Jesus kom van die Vader (Joh. 16:27,30)
  - i. Jesus identifiseer Homself in die verbondsnaam van die Vader, “Ek Is” (Joh. 8:24; 13:19)
  - j. Ons sal by Hom woon (Rom. 6:8)
  - k. Jesus het gesterf en weer opgestaan (I Tes. 4:14)

VI. Gevolgtrekking

Bybelse geloof is die menslike reaksie op ’n Heilige belofte. God iniseer altyd (d.w.s. Joh. 6:44,65), maar deel van hierdie Heilige kommunikasie is die menslike verpligting om te reageer.

A. vertrou

B. verbondsgehoorsaamheid

Bybelse geloof is

1. 'n persoonlike verhouding (aanvanklike geloof)
2. 'n bevestiging van Bybelse waarheid (geloof in God se openbaring)
3. 'n gepaste gehoorsame reaksie daarop (daaglikse geloof)

Bybelse geloof is nie 'n kaartjie hemel toe of 'n versekeringspolis nie. Dit is 'n persoonlike verhouding. Dit is die doel van die skepping en van mense wat na die beeld en gelykenis van God geskape is (vgl. Gen. 1:26-27). Die kwessie is 'intimiteit'. God wil vertrouensvriendskap hê, nie 'n gegewe teologiese stand nie! Maar vertrouensvriendskap met 'n heilige God verlang dat die kinders die 'familie'-eenskappe vertoon (d.w.s. heiligheid, vgl. Lev. 19:2; Mat. 5:48; I Pet. 1:15-16). Die val (vgl. Genesis 3) affekteer ons vermoë om gepas te reageer. Daarom het God namens ons opgetree (vgl. Eseg. 36:27-38) deur ons 'n 'nuwe hart' en 'n 'nuwe gees' te gee wat ons in staat stel om deur geloof en roubetoon na vertrouensvriendskap met Hom te kom en Hom te gehoorsaam!

Al drie is noodsaaklik. Al drie moet onderhou word. Die doel is om God te ken (in die Hebreeuse en Griekse sin van die woord) en om sy karakter in ons lewens te weerspieël. Die doel van geloof is nie om eendag in die hemel te kom nie, maar om elke dag soos Christus te leef!

Menslike geloof is die gevolg (NT) van 'n verhouding met God, nie die basis daarvoor (OT) nie: mense se geloof in sy getrouheid; mense se vertrou in sy betroubaarheid. Die hart van die NT-siening van verlossing is dat mense moet reageer, aanvanklik en voortdurend, op die inisierende genade en barmhartigheid van God soos in Christus vertoon. Hy het liefgehad, Hy het gestuur, Hy het voorsien; ons moet reageer in geloof en getrouheid (vgl. Ef. 2:8-9 en 10)!

Die getroue God wil 'n getroue mense hê om Homself te openbaar aan 'n ongelowige wêreld om vir hulle persoonlike geloof in Hom te bring.

### **VIR SPESIALE AANDAG: GELOOF, GLO OF VERTROU (*PISTIS* [NAAMWOORD], *PISTEUŌ* [WERKWOORD], *PISTOS* [BYVOEGLIKE NAAMWOORD])**

A. Dit is so 'n belangrike term in die Bybel (vgl. Heb. 11:1,6). Dit is die onderwerp van Jesus se vroeë prediking (vgl. Mark. 1:15). Daar is ten minste twee verbondsvereistes: roubetoon en geloof (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21).

B. Etimologie

1. Die term 'geloof' in die OT beteken lojaliteit, getrouheid of betroubaarheid en was 'n beskrywing van God se aard, nie ons s'n nie.
2. Dit kom van 'n Hebreeuse term (*emun*, *emunah*, BDB 53), wat beteken 'om seker of stabiel te wees'. Uitreddende geloof is verstandelike ophefting (stel waarhede), morele lewe ('n lewenstyl) en hoofsaaklik 'n relasionele (verwelkoming van 'n persoon) en 'n wilverbintenis ('n besluit) aan daardie persoon.

C. OT-gebruik

Dit moet beklemtoon word dat Abraham se geloof nie in 'n toekomstige Messias was nie, maar in God se belofte dat hy kinders en 'n nageslag sou hê (vgl. Gen. 12:2; 15:2-5; 17:4-8; 18:14). Abraham het op hierdie belofte gereageer deur in God te vertrou. Hy het steeds getwyfel en probleme gehad met hierdie belofte wat dertien jaar gevat het om te vervul. Sy onvolmaakte geloof is egter deur God aanvaar. God is bereid om met onvolmaakte mense te werk wat in geloof op Hom en sy beloftes reageer, selfs al is dit die grootte van 'n mosterdsaadjie (vgl. Mat. 17:20).

D. NT-gebruik

Die term 'geglo' is van die Griekse term (*pisteuō*) afgelei, wat ook vertaal kan word as 'glo', 'geloof' of 'vertrou'. Byvoorbeeld, die NAAMWOORD kom nie in die evangelie van Johannes voor nie, maar die WERKWOORD word dikwels gebruik. In Joh. 2:23-25 is daar onsekerheid oor die egtheid van die skare se verbondenheid tot Jesus van Nasaret as die Messias. Ander voorbeelde van hierdie oppervlakkige gebruik van die term 'glo' is in Joh. 8:31-59 en Han. 8:13, 18-24. Ware Bybelse geloof is meer as 'n aanvanklike reaksie. Dit moet opgevolg word met 'n proses van dissipelskap (vgl. Mat. 13:20-22,31-32)..

E. Gebruik met VOORSETSELS

1. *eis* beteken 'in'. Hierdie unieke konstruk beklemtoon die gebruik van gelowiges om hulle geloof/vertrou in Jesus te plaas
  - a. in sy Naam (Joh. 1:12; 2:23; 3:18; I Joh. 5:13)
  - b. in Hom (Joh. 1:11; 3:15,18; 4:39; 6:40; 7:5,31,39,48; 8:30; 9:36; 10:42; 11:45,48; 12:37,42; Mat. 18:6; Han. 10:43; Fil. 1:29; I Pet. 1:8)
  - c. in My (Joh. 6:35; 7:38; 11:25,26; 12:44,46; 14:1,12; 16:9; 17:20)
  - d. in die Seun (Joh. 3:36; 9:35; I Joh. 5:10)
  - e. in Jesus (Joh. 12:11; Han. 19:4; Gal. 2:16)
  - f. in die lig (Joh. 12:36)
  - g. in God (Joh. 14:1)
2. *en* beteken 'in', soos in Joh. 3:15; Mark. 1:15; Han. 5:14
3. *epi* beteken 'in' of 'op', soos in Mat. 27:42; Han. 9:42; 11:17; 16:31; 22:19; Rom. 4:5,24; 9:33; 10:11; I Tim. 1:15; I Pet. 2:6
4. die DATIEWE GEVAL van geen VOORSETSEL, soos in Gal. 3:6; Han. 18:8; 27:25; I Joh. 3:23; 5:10
5. *hoti*, wat beteken 'glo dat', verskaf konteks aan wat geglo moet word
  - a. Jesus is die Heilige Een van God (Joh. 6:69)

- b. Jesus is die Ek Is (8:24)
- c. Jesus is in die Vader en die Vader is in Hom (Joh. 10:38)
- d. Jesus is die Messias (Joh. 11:27; 20:31)
- e. Jesus is die Seun van God (Joh. 11:27; 20:31)
- f. Jesus is gestuur deur die Vader (Joh. 11:42; 17:8,21)
- g. Jesus is een met die Vader (Joh. 14:10-11)
- h. Jesus kom van die Vader (Joh. 16:27,30)
- i. Jesus identifiseer Homself in die verbondsnaam van die Vader, “Ek Is” (Joh. 8:24; 13:19)
- j. Ons sal by Hom woon (Rom. 6:8)
- k. Jesus het gesterf en weer opgestaan (I Tes. 4:14)

■ **“dit is hom tot geregtigheid gereken”** Dit is ‘n aanhaling uit die Septuaginta van Gen. 15:6. “Gereken”, ’n AORISTUS PASSIEWE WERKWOORD, is ‘n handelsterm wat ‘om ‘n deposito in iemand anders se rekening te maak’ beteken (vgl. Rom. 4:3,9,22). Sien Vir Spesiale Aandag: Regverdigheid by 2:21. God se geregtigheid is vir Abraham gegee omdat God lief was vir Abraham en Abraham geglo het dat God hom ’n erfgenaam sou gee. Die Gen. 15:6-aanhaling is uit die Septuaginta. Paulus haal die wet van Moses verskeie kere aan (sien Insig uit die Teksverband, C) om sy argument te ondersteun. Aangesien die valse leraars die wet gebruik om hulle argument te vorm, het Paulus dieselfde tegniek gebruik om hulle verkeerd te bewys. Die geskrifte van Moses (Genesis – Deuteronomium) was die mees gesaghebbende seksie van die Hebreeuse kanon vir eerste eeuse Judaïsme.

**3:7 “Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham”** Hierdie stelling is die grootste dryfkrag van hierdie kontekstuele eenheid. Die verklaring sou die Joods-georiënteerde valse leraars geskok het. Hierdie selfde waarheid (d.w.s. Jode was nie reg met God bloot op grond van hulle etniese herkoms nie) word na verwys in die boodskap van Johannes die Doper (vgl. Luk. 3:8) en spesifiek in die woorde van Jesus in Joh. 8:37-59. Hierdie teologiese waarheid word ontwikkel deur Paulus in 3:14,29 en Rom. 2:28-29. Dit is moontlik om die seuns van Abraham uit te ken op grond van

1. wie hulle vertrou en ken (persoonlike verhouding met Jesus)
2. hoe hulle lewe (Christusgesindheid), nie deur wie hulle ouers (voorgeslagte) is nie.

**3:8 “En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig”** Hierdie Hebreeuse idioom bevestig die volle inspirasie van die OT. In hierdie vers word die Skrif twee keer vermenslik. Sien nota by 4:30.

Die verlossing van alle mense was nog altyd God se plan (vgl. Gen. 3:14; 12:3; Eks. 19:5-6). Daar is net een God en alle mense is na sy beeld gemaak (Gen. 1:26-27; 5:1; 9:6), dus het Hy almal lief (vgl. Eseg. 18:32; Joh. 3:16; I Tim. 2:4; II Pet. 3:9). Die universele liefde van God, wat die heidene insluit, is duidelik te sien in Jesaja (vgl. 2:2-4; 45:21-25; 56:1-8; 60:1-3).

Die meganisme van hierdie universeel-beskikbare verlossing is God se genade deur

1. die werk van Christus
2. die aantrekkingskrag van die Gees
3. ’n menslike geloofsrespons (vgl. Ef. 2:8-9)
4. wat uitloop in Christusgesindheid (vers 10)

■ **“het vooraf. . .die evangelie verkondig”** Hierdie frase vertaal een Griekse woord (*proeuangelisato*, AORISTUS MIDDEL [deponent] INDIKATIEF).

1. *pro* – voor
2. *eu* – goed
3. *angelia* – boodskap/nuus
4. almal saam beteken dit ‘verkondig die goeie boodskap vooraf’

Dit word slegs hier in die NT aangetref. Dit beteken dat God se liefde vir alle mense geopenbaar is aan Abraham tydens sy aanvanklike roeping (d.w.s. Gen. 12:3). Die evangelie (*euangelion*) het sy wortels in die geskrifte van Moses.

■ **“In jou sal al die volke geseën word”** Hier haal Paulus God se belofte aan Abraham aan, soos opgeteken in Gen. 12:3; 18:18; 22:18; 26:4. Die Hebreeuse WERKWOORD-vorm kan as volg daaruit sien:

1. ’n PASSIEWE vorm, “sal geseën word” (vgl. Gen. 18:18; 28:14)
2. ’n MIDDEL-REFLEKSIEF-vorm, “sal hulleself seën” (vgl. Gen. 22:16-18; 26:4)

Nietemin, in die Septuaginta en in Paulus se aanhaling is die PASSIEF, nie MIDDEL nie. In hierdie teks kombineer Paulus Gen. 12:3 met 18:18 van die Septuaginta. Die verlossing van alle mense na die beeld van God geskape was nog altyd God se plan! Sien Vir Spesiale Aandag: Bob se Evangeliese Vooroordele by 1:7.

- |            |             |   |
|------------|-------------|---|
| <b>3:9</b> | <b>OAV</b>  | <b>“Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham”</b> |
|            | <b>NAV</b>  | <b>“Dit is dus dié wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word”</b>      |
|            | <b>NASB</b> | <b>“those who are of faith are blessed with Abraham, the believer”</b>              |
|            | <b>NKJV</b> | <b>“those who are of faith are blessed with believing Abraham”</b>                  |
|            | <b>NRSV</b> | <b>“those who believe are blessed with Abraham who believed”</b>                    |

TEV “Abraham believed and was blessed; so all who believe are blessed as he was”

NJB “Those therefore who rely on faith receive the same blessing as Abraham, the man of faith”

Die VOORSETSEL ‘syn’ beteken ‘gesamentlike deelname met’ en toon die nabye identifikasie tussen Abraham en almal wat glo in God. Die beskrywing van Abraham as ‘getrou’ of ‘gelowig’ beklemtoon dat Abraham God geglo het deur in sy belofte te vertrou. NT-geloof beteken ook vertrou in die betroubaarheid van God en sy beloftes. Onthou egter dat Abraham nie volmaakte geloof gehad het nie. Ook hy het probeer om die vervulling van God se belofte aan te help deur ’n natuurlike kind te hê by Hagar (vgl. Genesis 16). Dit is nie die mensdom se volmaakte geloof nie, maar die onderwerp van hulle geloof.

### OAV TEKS: 3:10-14

<sup>10</sup>Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. <sup>11</sup>En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe. <sup>12</sup>Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. <sup>13</sup>Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ’n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ’n hout hang—<sup>14</sup>sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.

3:10 OAV “Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek;”  
NAV “Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek”  
NASB “For as many as are of the works of the Law are under a curse”  
NKJV “For as many as are of the works of the law are under a curse”  
NRSV “For all who rely on the works of the law are under a curse”  
TEV “Those who depend on obeying the Law live under a curse”  
NJB “those who rely on the keeping of the Law are under a curse”

In die volgende stap van die argument beweeg Paulus van Abraham na die streng wettiese vereistes van die Mosaïese wet. Die argument daag die swak teologie van die verjoodsers uit. Vertroue in gehoorsaming van die wet was kenmerkend van die Fariseërs van Jesus se tyd (vgl. Rom. 10:2-5). Paulus voer aan dat eie pogings om regstaandheid te bekom slegs ’n pad na vervloeking is (vgl. 2:16). Paulus ken hierdie pad goed! Alhoewel Paulus hoofsaaklik verwys het na die Mosaïese wet, is die verwysing na “wet” in die algemeen, of menslike pogings op grond van eksterne morele standaarde. Watter standaard is nie belangrik nie—die essensiële waarheid is dat gevalle mens nie kan aanvoer dat hulle morele inspanning verdien om deur God aanvaar te word nie. Ons noem hierdie benadering selfgeregtigde legalisme. Dit is springlewendig en gesond en gedy onder gelowige mense!

■ “want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie” Dit verwys na Deut. 27:26 en 28:58 e.v. Hoewel die woord “elkeen” nie in Deut. 27:26 voorkom nie, verskyn dit wel in 28:58. Die vloek van die wet word na verwys in Joh. 7:49. Indien die wet op die een of ander manier verbreek word (ná *Bar Mitzvah*), selfs net een keer, val die oortreder onder die vervloeking van die wet (vgl. Jak. 2:10; Gal. 5:3). Die OT-wet het ’n doodsvonniss geword vir alle mense (Kol. 2:14). God het gesê: “die siel wat sondig, dié moet sterwe!” (vgl. Eseg. 18:4,20). Al die kinders van Adam het gesondig! Die wet as middel tot regstandigheid met God, is slegs van toepassing op die een wat nooit sondig nie. Die probleem hiermee is dat almal sondig en dus die heerlijkheid van God nie waardig is nie (vgl. Rom. 3:9-18,22,23; 11:32).

3:11 OAV “want die regverdige sal uit die geloof lewe”  
NAV “hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe”  
NASB “for, ‘THE RIGHTEOUS MAN SHALL LIVE BY FAITH’”  
NKJV “‘The just shall live by faith’”  
NRSV “‘The one who is righteous will live by faith’”  
TEV “He who is put right with God through faith shall live”  
NJB “the righteous man finds life through faith”

Hier haal Paulus Hab. 2:4 aan (vgl. Rom. 1:17 en Heb. 10:38). Hab. 2:4 is ’n relatief dubbelsinnige vers en word op verskeie maniere verstaan:

1. die Masorete Teks het “die regverdige sal lewe volgens sy geloof/gelowigheid”
2. die Septuaginta het “die regverdige sal lewe op grond van my (God se) getrouheid”
3. Paulus se gebruik gee voorkeur aan geloofsgebaseerde regverdigheid deur Christus teenoor werkegebaseerde regverdigheid deur die Mosaïese wet (vgl. vers 12, wat Lev. 18:5 aanhaal)

Daar is moontlik ’n verskanste verwysing na Gen. 15:6, omdat beide Hab. 2:4 en Gen. 15:6 dieselfde twee sleutel terme bevat: “geloof” en “regverdigheid”.

Sien Vir Spesiale Aandag: Glo, Vertrou, Geloof en Getrouheid in die OT by 3:6.

3:12 OAV “Maar die wet is nie uit die geloof nie”  
NAV “By die wet gaan dit egter nie oor die geloof nie”  
NASB, NKJV “the Law is not of faith”

NRSV	“the law does not rest on faith”
TEV	“the Law does not depend on faith”
NJB	“The Law is not even based on faith”

Hier is die basiese aanname! In die geval van regstandigheid (verlossing) met God is die keuse geloof of wet, nie geloof en wet nie. Die verjoodsers het geloof in God in reëls deur God verander. Selfs in die OT was die individuele Israëliet slegs reg deur persoonlike geloof in JHWH. Alle Israëliete was nog nooit reg met God op grond van hulle Abrahamiese afkoms nie (vgl. Joh. 8:31-59).

■ “**maar die mense wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe**” Hierdie aanhaling kom uit Lev. 18:5 (vgl. Rom. 10:25) en beklemtoon hoe belangrik dit is om God se opdragte te gehoorsaam (d.w.s. Mosaïese wet). Nietemin, die OT spreek van ’n geskiedenis van menslike onvermoë om die OT-wet na te kom (vgl. Nehemia 9). Die OT beklemtoon die gevalle mensdom se geestelike behoefte (vgl. verse 19,22). Daarom is nog ’n middel tot verlossing ingelei; een wat in werklikheid altyd God se verlossingsmiddel was: nie menslike inspanning nie, maar geloof (vgl. Hab. 2:4). Verlossing uit genade deur geloof is die kern van die nuwe verbond (Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-36; Han. 2; Rom. 4; Ef. 2:8-9).

**3:13 “Christus het ons losgekoop”** Hier verwys Paulus na die plaasvervangende boetedoening van Christus. Hy het vir ons dit gekoop wat ons nie vir onself kon koop nie (vgl. Jes. 53; Mark. 10:45; II Kor. 5:21). Die term ‘loskoop’ beteken ‘om iemand terug te koop uit slawerny of gevangenskap’ (vgl. Han. 20:28; I Kor. 6:20; 7:23; I Pet. 1:18-19).

## VIR SPESIALE AANDAG: LOSKOOP/LOSPRYS

### I. OU TESTAMENT

A. Daar is in die eerste plek twee Hebreeuse wetsterme wat hierdie gedagte oordra:

1. *Gaal*, wat basies beteken om “vry te stel” deur ’n prys te betaal. *Go’el* is ’n vorm van hierdie term wat “tussenganger” beteken, gewoonlik ’n familielid (losser). Hierdie reg, binne kultuurverband, om dinge terug te koop – diere, grond (vgl. Lev. 25, 27) of verwante persone (vgl. Rut. 4:14-15; Jes. 29:22) – is teologies oorgedra op JHWH se redding van Israel uit Egipte (Eks. 6:6; 15:13; Ps. 74:2; 77:15; Jer. 31:11). Hy word die “verlosser” (vgl. Job 19:25; Ps. 19:14; 78:35; Spr. 23:1; Jes. 41:14; 43:14; 44:6,24; 47:4; 48:17; 49:7,26; 54:5,8; 59:20; 60:16; 63:16; Jer. 50:34).
2. *Padah*, wat basies “om te lewer” of “om te red” beteken.
  - a. die loskoop van die eersgeborene (vgl. Eks. 13:13,14; Num. 18:15-17)
  - b. fisiese loskoop word gekontrasteer met geestelike redding (vgl. Ps. 49:7,8,16)
  - c. God sal Israel verlos van hulle sonde en rebellie (Ps. 130:7-8)

B. Die teologiese konsep sluit drie sake in wat verband hou met mekaar:

1. Daar is ’n behoefte, ’n slawerny, boetedoening, ’n gevangenskap
  - a. fisies,
  - b. sosiaal, en
  - c. geestelik (vgl. Ps. 130:8).
2. ’n Prys is te betaal vir vryheid, loskom en herstel
  - a. van die volk Israel (vgl. Deut. 7:8);
  - b. en ook van die individu (Job 19:25-27; 33:28).
3. Iemand moet as tussenganger en weldoener optree. In *gaal* is dit gewoonlik ’n familielid of naasbestaande (d.w.s. ’n *go’el*).
4. JHWH beskryf dikwels Homself in familiale terme:
  - a. Vader
  - b. Man
  - c. Naasbestaande

Redding het gekom deur middel van JHWH se eie betrokkenheid; ’n prys is betaal en verlossing is verkry!

### II. NUWE TESTAMENT

A. Verskeie terme word gebruik om die teologiese konsep oor te dra.

1. *Agorazō* (vgl. I Kor. 6:20; 7:23; II Pet. 2:1; Openb. 5:9; 14:34). Dit is ’n handelsterm wat aandui dat ’n prys vir iets betaal is. Ons is bloed-gekoopte mense wat nie ons eie lewens beheer nie. Ons behoort aan Christus.
2. *Exagorazō* (vgl. Gal. 3:13; 4:5; Ef. 5:16; Kol. 4:5). Dit is ook ’n kommersiële term. Dit weerspieël Jesus se plaasvervangende dood om ons onthalwe. Jesus het die las van ’n werkheiligheidswet (bv. die Mosaïese wet) wat gevalle mense nie kon nakom nie, op Hom geneem en daardeur die ‘vloek’ namens ons almal gedra (vgl. Deut. 21:23). In Jesus vermeng God se geregtigheid en liefde tot volle vergifnis – tot aanneming en aanvaarding!
3. *Luō*, “om los te maak”
  - a. *Lutron*, ’n betaalde prys (vgl. Mat. 20:28; Mark. 10:45). Hierdie is kragtige woorde uit die mond van Jesus self oor die doel van sy koms; om die Verlosser van die wêreld te wees deur skuld te betaal wat nie syne is nie (Joh. 1:29).
  - b. *Lutroō*, “om los te laat”
    - (1) om Israel te verlos (Luk. 24:21)

- (2) om Homself oor te gee ten einde 'n volk te verlos en te reinig (Tit. 2:14)
  - (3) om 'n sondelose plaasvervanger te wees (I Pet. 1:18-19)
  - c. *Lutrōsis*, “vrygekoop, verlossing of vrymaking”
    - (1) Sagaria se profesie omtrent Jesus (Luk. 1:68)
    - (2) Anna se lof aan God oor Jesus (Luk. 2:38)
    - (3) Jesus se beter, eenmalige offer vir sonde
  - 4. *Apolitrōsis*
    - a. Verlossing met die wederkoms (vgl. Luk. 1:21; Rom. 8:23; Ef. 1:14; 4:30; Heb. 9:15)
    - b. Verlossing deur Christus se dood (vgl. Rom. 3:24; I Kor. 1:30; Ef. 1:7; Kol. 1:14)
  - 5. *Antilytron* (vgl. I Tim. 2:6). Dit is, soos Titus 2:6, 'n allerbelangrike teks wat bevryding verbind met Jesus se dood aan die kruis. Hy is die een en enigste aanvaarbare offerande; die een wat sterwe vir “almal” (vgl. Joh. 1:29; 3:16-17; 4:42; I Tim. 2:4; 4:10; Tit. 2:11; II Pet. 3:9; I Joh. 2:2; 4:14).
- B. Die teologiese konsep in die NT is as volg:
- 1. Die mensdom is verslaaf aan sonde (vgl. Joh. 8:34; Rom. 10:10-18; 6:23).
  - 2. Die mensdom se verslawing aan sonde is bekendgemaak deur die wet van Moses (vgl. Gal. 3) en Jesus se Bergrede (vgl. Mat. 5-7). Menslike verdienste het 'n doodsvonniss geword (vgl. Kol. 2:14).
  - 3. Jesus, die sondelose Lam van God, het in ons plek kom sterwe (vgl. Joh. 1:29; II Kor. 5:21). Ons is losgekoop van sonde sodat ons God kan dien (vgl. Rom. 6).
  - 4. Dit impliseer dat Jesus en JHWH naasbestaandes is wat in ons belang optree. Dit leef voort in die familie-metafore (bv. vader, man, seun, broer, naasbestaande).
  - 5. Vrykoping was nie 'n prys betaal aan Satan nie (vgl. Middeleeuse teologie), maar die versoening van God se woord en God se geregtigheid met God se liefde en volkome voorsiening in Christus. By die kruis is vrede herstel en menslike rebellie is vergewe. Die beeld van God in die mensdom is nou ten volle funksioneel in intieme vriendskapsvertroulikheid.
  - 6. Daar is steeds 'n toekomsaspek aan verlossing (vgl. Rom. 8:23; Ef. 1:14; 4:30) wat ons opgestane liggame insluit in 'n fisieke bestaan saam met die Drie-enige God. Ons opgestane liggame sal soos syne wees (vgl. I Joh. 3:2). Hy het 'n fisiese liggaam gehad, maar met 'n ekstra dimensionele aspek. Dit is moeilik om hierdie paradoks van I Kor. 15:12-19 met I Kor. 15:35-58 te definieer. Duidelik is daar 'n fisiese, aardse liggaam en daar sal 'n hemelse, geestelike liggaam wees. Jesus het albei gehad!

■ “van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word” Hierdie vers haal Deut. 21:23 aan wat gebruik is om iemand te beskryf wat reeds doodgemaak is en dan in die openbaar opgehang of deurboor is as 'n daad van openbare vernedering. Hierdie onvanpaste ter aarde bestelling is gesien as 'n vervloeking van God (vgl. Jes. 53:4,10). Jesus se kruisiging as 'n sondelose plaasvervanger het beteken dat Hy die vloek van die wet op Homself geneem het namens ons (vgl. II Kor. 5:21; Fil. 2:8). Hierdie waarheid is oorweldigend—Hy het vir ons die vloek geword! Hy het self die wet vervul, maar onder die vloek daarvan gesterf, namens ons (vgl. Jes. 53), en daardeur die mag daarvan vernietig (vgl. Kol. 2:14).

**3:14** Die twee VOORNEMINGSINSDELE in vers 14 beskryf hoekom God vir Abraham geroep het:

- 1. om die heiden tot dieselfde seën wat deur Israel geniet word te bring deur die belofte aan Abraham (vgl. Gen. 12:3; Gal. 3:8-9)
- 2. dat deur geloof almal die Gees mag ontvang, wat die belofde teken van die nuwe bedeling was.

Die ervaring van Pinkster was 'n teken aan die apostels dat die nuwe bedeling aangebreek het. Ontvangs van die Gees is 'n metafoor vir verlossing (vgl. 3:1; Luk. 24:49; Han. 1:4; Rom. 8:9).

Daar is twee woorde wat klaarblyklik in hierdie vers verwar word in sommige antieke Griekse manuskripte:

- 1. die seën (*eulogian*) van Abraham
- 2. die belofte (*epaggelian*) van die Gees

Die antieke papyrus manuskrip P<sup>46</sup> (geskryf rondom 200 n.C.) en die hoofletterteks Bezae (D, vyfde eeu) het ‘seëning’ twee keer, maar die oorgrote meerderheid ander antieke getuïenis (MSS  $\aleph$ , A, B, C, D<sup>2</sup>) het 'belofte' in die tweede frase. Die UBS<sup>4</sup> gee ‘belofte’ ‘n ‘A’-gradering (seker).

### OAV TEKS: 3:15-22

<sup>15</sup>Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie. <sup>16</sup>Nou is aan Abraham die belofte toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus. <sup>17</sup>Maar ek sê dit: die wet wat vier-honderd-en-dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie. <sup>18</sup>Want as die erfenis uit die wet is, dan is dit nie meer uit die belofte nie. Maar God het dit aan Abraham deur 'n belofte genadiglik geskenk. <sup>19</sup>Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar. <sup>20</sup>En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een. <sup>21</sup>Is die wet dan teen die belofte van God? Nee, stellig nie! Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees. <sup>22</sup>Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word.

<b>3:15-17</b>	<b>OAV</b>	<b>“’n mens se testament”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“’n testament, wat maar net mensewerk is”</b>
	<b>NASB, NKJV</b>	<b>“a man’s covenant”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“a person’s will”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“that covenant”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“If a will”</b>

Paulus dra sy argument voort deur ’n algemene menslike illustrasie. Hy gebruik ’n term in Koine Grieks wat vertaal kan word as ‘testament’ met verwysing na ’n persoon se erfposisie. In Klassieke Grieks word dit vertaal as ‘verbond’. In die Septuaginta word hierdie term altyd gebruik van ’n verbond tussen God en die mens. As gevolg van hierdie dubbelsinnigheid gebruik Paulus hierdie wetsmetafoor as ’n voorbeeld van God se verbondsluiting of kontraksluiting met Abraham en sy afstammeling. Hierdie kontrak kan nie verander word nie! Dieselfde tipe argument waar die konsep van ’n laaste testament gebruik word, kom voor in Heb. 9:15-20.

## **VIR SPESIALE AANDAG: VERBOND**

Die OT-term, *berith*, of “verbond”, is nie maklik definieerbaar nie. Daar is nie ’n Hebreeuse WERKWOORD met ooreenkomstige betekenis nie. Alle pogings tot ’n etimologiese definisie is tot dusver onoortuigend. Nietemin is die konsep tot so ’n mate sentraal, dat geleerdes gedwing word om ’n funksionele betekenis vanuit die gebruik van die woord af te lei.

Verbondsluiting is die manier waarop die enigware God onderhandel met die mens wat Hy geskep het. Die verbondskonsep, verdragsluiting of ooreenkoms is van sentrale belang in die verstaan van Bybelse openbaring. Die spanning tussen die soewereiniteit van God en vrye wil van die mens is telkens in die verbondskonsep opmerklik. Sommige verbonde is op die karaktereieenskappe van God, sy handeling en doelstellings gebaseer:

1. die skepping as sodanig (Gen. 1; 2);
2. die roeping van Abraham (Gen. 12);
3. die verbond met Abraham (Gen. 15);
4. die bewaring van, en belofte aan, Noag (Gen. 6-9).

Die blote aard van ’n verbond vereis egter ’n reaksie:

1. Deur te glo moet Adam God gehoorsaam en nie van die boom in die middel van die tuin eet nie (Gen. 2).
2. Deur te glo moet Abraham sy familie verlaat, God volg en ’n toekoms met afstammeling verwag (Gen. 12; 15).
3. In geloof moet Noag ’n groot boot bou met geen water in sig nie en hy moet diere daarheen bring (Gen. 6-9).
4. In geloof moet Moses Israel uit Egipte lei en spesifieke riglyne ontvang waarvolgens die godsdienstige en sosiale lewe ingerig moet word, met beloftes van seën, maar ook bestraffing (Deut. 27-28).

Hierdie selfde spanning ten aansien van God se verhouding tot die mensdom is in die nuwe verbond ter sprake. Die spanning is baie opmerklik wanneer Eseg. 18 met 36:27-37 vergelyk word. Is die verbond gebaseer op God se genadehandeling of op die voorgeskrewe menslike reaksie? Dit is die oop vraag in beide die ou en die nuwe verbonde. Die doelstellings van beide is egter dieselfde: (1) die herstel van die verlore vertrouensverhouding (vgl. Gen. 3) en (2) die totstandkoming van ’n regverdige volk wat God se karakter reflekteer.

Die nuwe verbond volgens Jer. 31:31-34, los die spanningsprobleem op deur die menslike meriete as norm vir aanvaarding te verwyder. God se wet word ’n innerlike begeerte en is nie meer ’n middel tot uiterlike vertoon nie. Die doel van ’n toegewyde, regskepe menswees bly, maar die werkswyse verander. ’n Gevalle mensheid is nie in staat om God se beeld te vertoon nie (vgl. Rom. 3:9-18). Die probleem lê by menslike sondigheid en swaakheid, nie by die verbond nie (vgl. Rom. 7; Gal. 3).

Die spanningsprobleem van onvoorwaardelik en voorwaardelik in die verbonde, duur voort deur beide die Ou- en Nuwe Testament. Verlossing is in Christus se afgehandelde werk ’n absolute genadegawe, m  ar dit vereis aanvaarding deur geloof (as ’n aanvangsaksie en daarna volgehou). Verlossing is beide ’n wetlike vryspraak   n ’n oproep tot ’n lewenswyse in die gesindheid van Christus. Verlossing is ’n INDIKATIEF – ’n stelling dat jy aanvaar word as kind van God – maar ook ’n IMPERATIEF – ’n opdrag tot heilig lewe! Gelowiges word nie deur hierdie vertoon van goeie werke gered nie, maar tot ’n lewe van gehoorsaamheid (vgl. Ef. 2:8-10). Toegewyde lewe word die bewys van verlossing en is nie ’n middel daartoe nie. Nietemin, die ewige lewe het merkbare eienskappe! Hierdie spanning is duidelik te sien in Hebre  rs.

<b>3:15</b>	<b>OAV</b>	<b>“testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“As ’n testament. . .eers geldig is, kan niemand dit ongeldig maak of iets daaraan toevoeg nie”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“yet when it has been ratified, no one sets it aside or adds conditions to it”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“yet if it is confirmed, no one annuls or adds to it”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“once a person’s will has been ratified, no one adds to it or annuls it”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“when two men agree on a matter and sign a covenant, no one can break that covenant or add</b>



anything to it”

**NJB** “has been drawn up in due form, no one is allowed to disregard it or add to it”

Paulus reageer op die verjoodsers se redenasie dat die Mosaïese wet die Abrahamiese belofte voorafgaan. Die belofte aan Abraham in Genesis 15 is bekragtig deur sowel God se belofte (d.w.s. die Eksodus) as ’n offergawe waarin Abraham geen verbondsverantwoordelikhede gehad het nie, maar slegs geloof (d.w.s. ’n onvoorwaardelike, heilige verbond, vgl. Gen. 15:12-21).

**3:16 “die beloftes”** “Beloftes” is MEERVOUD omdat God sy belofte aan Abraham verskeie kere herhaal (vgl. Gen. 12:1-3; 13:14-18; 15:1-5, 12-18; 17:1-14; 22:9-19).

▣ **“sy saad”** Die gebruik van “saad” is ’n woordspel op ’n algemene idioom vir ‘afstammeling’. Hoewel ENKELVOUDIG, kan die betekenis enkelvoudig of meervoudig wees. In hierdie geval gebruik Paulus dit as ’n verwysing na Jesus, nie Isak nie—dus was God se belofte nie verwant aan die Mosaïese verbond nie. “Saad” kon verstaan word in die gemeenskaplike sin van God se kinders deur geloof, soos Abraham (vgl. Rom. 2:28-29).

**3:17 “die wet wat vier-honderd-en-dertig jaar later gekom het”** Paulus gee nog ’n rede vir die prioriteit van die Abrahamiese belofte: dit het die Mosaïese wet kronologies voorafgegaan. Die getal vier-honderd-en-dertig is veelbesproke. Dit kom uit Eks. 12:40-41 en is verwant aan die Egiptiese gevangenskap. Sommige kundiges gebruik die Septuagintavertaling en die Samaritaanse Pentateug van Eks. 12:40 wat “en in die land van Kanaän” byvoeg (F. F. Bruce, *Answers to Questions*, bl. 170). Volgens Genesis 15:13 en Handeling 7:6 is Israel in Egipte gevange gehou vir 400 jaar. Ander voer egter aan dat die belofte nie aan Abraham alleenlik was nie, maar herhaal is aan al die patriarge en eenvoudig verwys na die tyd sedert die laaste belofteherhaling aan die patriarge tot die tyd van Moses se ontvangs van die wet. In konteks, Paulus se verduideliking gaan nie oor die tydspek nie, maar oor die lang interval tussen die belofte aan Abraham en die wet aan Moses.

▣ **“om die belofte tot niet te maak nie”** Hierdie woord (*katargeō*) word op verskeie maniere vertaal, maar die hoofbetekenis is om iets nutteloos te maak, van nul en geen waarde, onwerkbaar, magteloos, maar nie noodwendig bestaanloos of vernietig nie.

## VIR SPESIALE AANDAG: VAN NUL EN GEEN WAARDE (*KATARGEŌ*)

Hierdie (*katargeō*) was een van Paulus se gunsteling uitdrukkings. Ten spyte van ’n baie wye semantiese veld, gebruik hy dit ten minste 25 keer.

- A. Die basiese etimologiese wortel kom uit *argos*, wat beteken:
  1. werkloos
  2. ydel
  3. onbenut
  4. nutteloos
  5. onaktief
- B. Die samestelling met *kata* is gebruik om uitdrukking te gee aan:
  1. onaktiwiteit
  2. nutteloosheid
  3. iets wat gekanselleer is
  4. dit waarvan afgesien is
  5. iets wat heeltemal sonder uitwerking is
- C. Lukas gebruik die woord een keer om ’n boom wat nie vrug dra nie, as nutteloos te beskryf (Luk. 13:7).
- D. Paulus gebruik dit figuurlik op hoofsaaklik twee maniere:
  1. God stel dinge wat vir die mensdom nadelig is, buite werking:
    - a. Die mensdom se sondige natuur – Rom. 6:6
    - b. Die Mosaïese wet wat sy belofte aan die gelowige nageslag betref – Rom. 4:14; Gal. 3:17; 5:4, 11; Ef. 2:15
    - c. Geestelike (bose) magte – I Kor. 15:24
    - d. Die wettelose mens – II Tes. 2:8
    - e. Fisiese dood – I Kor. 15:26; II Tim. 1:16 (Heb. 2:14)
  2. God vervang die ou dinge (verbond, era) met die nuwe:
    - a. Dinge wat verband hou met die wet van Moses – Rom. 3:3,31; 4:14; II Kor. 3:7,11,13,14
    - b. Analogie van die huwelik gebruik van die wet – Rom. 7:2,6
    - c. Die dinge van hierdie eeu – I Kor. 13:8,10,11
    - d. Die aardse liggaam – I Kor. 6:13
    - e. Leiers van hierdie era – I Kor. 1:28; 2:6

Hierdie woord is op talle maniere vertaal, maar beteken basies dat iets nutteloos gemaak is; buite werking gestel is; selfs al bestaan dit nog, kragteloos is; vernietig of uitgewis is.

■ **“deur God”** Dit is die lees van die beste antieke manuskripte (P<sup>46</sup>, **Ⲛ**, A, B, C, P) waaraan die UBS<sup>4</sup> ’n ‘A’-gradering (seker) gee, maar wag, verskeie strominge van Bybelse kritiek is hier ter sprake:

1. aan die positiewe kant
  - a. gewoonlik word die korter lesing verkies (oorskrywers het geneig om by te sit, nie weg te laat nie)
  - b. die ouer en mees wydverspreide lesing is waarskynlik oorspronklik. Die langer lesing word eers aangetref in MS D (sesde eeu)
2. aan die ander kant
  - a. die mees ongewone lesing is waarskynlik oorspronklik. Paulus het normaalweg “in Christus” (*en Christō*) gebruik, nie “tot in christus” (*eis Christon*) nie
  - b. die skrywer se normale gebruik affekteer hoe ons variasies sien. Paulus gebruik egter dieselfde ongewone vorm in Gal. 2:16 en 3:24

Sien Bylaag twee: Tekskritiese Opmerkings.

<b>3:18</b>	<b>OAV</b>	<b>“Maar God het dit aan Abraham deur ’n belofte genadiglik geskenk”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“en God het sy genade aan Abraham juis deur ’n belofte toegesê”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“but God has granted it to Abraham by means of a promise”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“but God gave it to Abraham by promise”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“but God granted it to Abraham through the promise”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“However, it was because God had promised it that he gave it to Abraham”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“and it was precisely in the form of a promise that God made his gift to Abraham”</b>

Hierdie PERFECTUM MIDDEL [deponent] INDIKATIEF beklemtoon wat God Self gedoen het in die verlede met resultate wat strek tot in die hede. Die basiese wortel van “toegesê” of “geskenk” [*charizomai*] is ‘gawe’ of ‘genade’ [*charis*]. Dit beklemtoon die vrye aard van God se daede, alleenlik op grond van sy karakter deur die werk van die Messias.

<b>3:19</b>	<b>OAV</b>	<b>“Wat beteken die wet dan?”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Watter doel dien die wet dan?”</b>
	<b>NASB, NRSV</b>	<b>“Why the law then”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“What purpose then does the law serve”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“What was the purpose of the Law, then”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“What then was the purpose of adding the Law”</b>

Paulus keer terug na sy retoriese styl van verse 1-5. Hy begin met twee vrae waardeur hy probeer verduidelik wat die doel van die Mosaïese wet in die plan van God is (vgl. vers 19 en 21). Hy gebruik hierdie teenstellende benadering omdat hy die doel van die wet in sy vorige argument so afgetakel het dat sommige lesers moontlik dink hy staan antinomianisme voor. Die OT het steeds ’n funksie in heiligmaking, maar nie (en het ook nooit) in regverdiging nie!

## VIR SPESIALE AANDAG: PAULUS SE SIENING VAN DIE MOSAÏESE WET

Dit is goed en kom van God af (vgl. Rom. 7:12-16)

- A. dit is nie die weg tot geregtigheid en vrypraak voor God nie (dit kan selfs ’n vloek wees, vgl. Gal. 3)
- B. dit is steeds God se wil vir gelowiges omdat dit sy self-openbaring was (Paulus haal dit dikwels aan om oordeel uit te spreek of om te bemoedig)
- C. Gelowiges word deur die OT ingelig (vgl. Rom. 4:23-24; 15:4; 1 Kor. 10:6-11), maar nie deur die OT gered nie (vgl. Han. 15; Rom. 4; Gal. 3; Hebreërs).
- D. in die nuwe verbond is die funksie daarvan:
  1. om sonde aan te dui (vgl. Gal. 3:15-29);
  2. om die samelewing van ’n geredde mensdom te lei; en
  3. om Christene se etiese besluite in te lig.

Dit is hierdie teologiese spektrum van vervloeking en oorsiening wat die verstaan van Paulus se siening van die Mosaïese wet problematies maak. In *A Man in Christ* gee James Stewart ’n aanduiding van die paradoksale aard van Paulus se denke en geskrifte:

“You would normally expect a man who was setting himself to construct a system of thought and doctrine to fix as rigidly as possible the meanings of the terms he employed. You would expect him to aim at precision in the phraseology of his leading ideas. You would demand that a word, once used by your writer in a particular sense, should bear that sense throughout. But to look for this from Paul is to be disappointed. Much of his phraseology is fluid, not rigid... ‘The law is holy’ he writes, ‘I delight in the law of God after the inward man’ (vgl. Rom. 7:12, 22), but it is clearly another aspect of *nomos* that makes him say elsewhere, ‘Christ had redeemed us from the curse of the law’ (vgl. Gal. 3:13),” (bl. 26).

■ **“Dit is bygevoeg weens die oortreding, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van ’n middelaar”** Daar is verskeie uiteenlopende verklarings in die MSS-tradisie, maar die een wat in NASB gedruk is word deur die UBS<sup>4</sup> ’n ‘A’-gradering gegee. Vier elemente rakende die wet se minderwaardigheid tot die belofte kan onderskei word:

1. dit is later bygevoeg
2. dit het oortredings vermeerder
3. dit was slegs tot die Messias, 'die saad', gekom het
4. dit is deur 'n tussenganger gegee

Die frase 'oortredings vermeerder' kan verklaar word as 'beperk oortredings'. Hierdie vertaling is sintakties moontlik. Volgens Paulus se volle verduideliking in die vroeë hoofstukke van Romeine (vgl. Rom. 3:20; 5:20; 7:1) is die wet egter gegee om menslike sondes duidelik ten toon te stel. Voor die wet is sonde nie opgelet of opbouend geag nie (vgl. Rom. 4:15; 5:13).

Filippense 3:6 en Rom. 7:7-11 stel 'n paradoks. Paulus het gevoel dat hy die vereistes van die wet vervul het in sy lewe. Nietemin, begerigheid is later aan hom duidelik gemaak, en hy het besef hy was 'n sondaar wat geestelike verlossing nodig het.

Die rabbynse siening van engele as agente in die bemiddeling van die wet kan gesien word in die vertaling van Deut. 33:2 in die Septuaginta. Die engel(e) wat verbind word met die oordrag van die wet word ook bespreek in Han. 7:38,53 en Heb. 2:2; Josefus se *Antiquities of the Jews*, 15.5.3; en die nie-kanonieke *Boek van Jubilees*, 1:27-29. Paulus het moontlik die engel van die Here in gedagte gehad wat by die mense gebly het toe JHWH nie het nie (vgl. Eks. 23:20-33; 32:34; 33:2).

- 3:20 OAV** "En die middelaar is nie net vir een nie; maar God is een"  
**NAV** "Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God is net een"  
**NASB** "Now a mediator is not for one party only; whereas God is only one"  
**NKJV** "Now a mediator does not mediate for one only, but God is one"  
**NRSV** "Now a mediator involves more than one party; but God is one"  
**TEV** "But a go-between is not needed when there is only one person; and God is one"  
**NJB** "Now there can only be an intermediary between two parties, yet God is one"

Hierdie vers stel die verklaarder voor 'n aantal moontlikhede. In konteks sou 'n ooglopende lesing wees dat die bevel van die wet se oordrag van God af gekom het, deur engele, aan Moses en na die mense. Daarom is die belofte primêr, want dit is van aangesig tot aangesig oorgedra tussen twee partye, God en Abraham, terwyl die Mosaïese verbond vier partye ingesluit het. Die belofte aan Abraham vereis nie 'n tussenganger nie.

Dit kan ook verwys na God se onvoorwaardelike belofte aan Abraham in Gen. 15:12-21. Slegs God neem deel in die bekragtiging daarvan. Maar hoewel God se aanvanklike kontak met Abraham voorwaardelik was (vgl. Gen. 12:1), gebruik Paulus die Genesis 15-passasie om sy punt te maak. Die Mosaïese verbond was voorwaardelik vir God en die mensdom (sien Vir Spesiale Aandag by 3:15-17). Die probleem was dat die mensdom sedert die val (vgl. Genesis 3) nie in staat was om hulle kant van die ooreenkoms na te kom nie. Die belofte wat op God alleenlik gebaseer is (d.w.s. "God is een") is dus primêr!

**3:21 "Is die wet dan teen die beloftes van God?"** Die Griekse teks het nie die LIDWOORD saam met die term "wet" wat die Mosaïese wet sou aandui nie. Die gebruik van "wet" sonder die LIDWOORD kom drie keer voor in vers 21 en 4:5. In Galasiërs het "wet" dikwels nie die LIDWOORD nie, in welke geval dit verwys na die mensdom se poging om God se guns te wen deur die uitvoering van geloofsriglyne of kulturele norme. Die sleutel is nie watter riglyne nie, maar die geloof dat 'n mens nie aanvaarding van 'n heilige God kan verdien nie (vgl. Ef. 2:9). Hier is 'n noukeurige lesing van Romeine 7 noodsaaklik.

Die frase "van God" het 'n aantal variasies in die Griekse manuskripte.

1. sommige het "van God" – MSS  $\aleph$ , A, C, D, F, G
2. sommige latere kleinlettermanuskripte (1004, 459) het "van Christus"
3. sommige laat die woorde uit – MSS P<sup>46</sup>, B

Die UBS<sup>4</sup> kan nie besluit oor die bewoording nie ('C'-gradering) en plaas "van God" in hakies, wat die konteks die beste pas.

■ **"Want as daar 'n wet gegee was"** Hierdie is 'n TWEDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN wat 'n konsep uitdruk wat in teenstelling met die waarheid is. 'n Vergrote vertaling sou lees: "Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak (wat dit nie doen nie)." Die wet was nooit die manier om reg te wees met God nie. Dit is 'n ware openbaring van God (Mat. 5:17-19; Rom. 7:12). Die wet is geïnspireerde openbaring en waardevol, maar nie met betrekking tot regstandigheid of verlossing nie.

■ **"geregtigheid"** Sien Vir Spesiale Aandag by 2:21.

- 3:22 OAV** "Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde"  
**NAV** "Maar volgens die Skrif is die hele wêreld vasgevang in die greep van die sonde"  
**NASB** "But the Scripture has shut up everyone under sin"  
**NKJV** "But the Scripture has confined all under sin"  
**NRSV** "But the scripture has imprisoned all things under the power of sin"  
**TEV** "But the Scripture has said that the whole world is under the power of sin"  
**NJB** "Scripture makes no exceptions when it says that sin is master everywhere"

Na watter OT-tek Paulus hier verwys is onseker, hoewel een moontlikheid Deut. 27:26 is, vroeër na verwys in Gal. 2:16; 3:10. Die val van die mens en hulle vervreemding is die eerste punt van Paulus se evangelie (vgl. Rom. 3:9-18, 22-23; 11:32).

Letterlik is dit ‘alle dinge’ (NEUTER), nie ‘alle mans’ (MANLIK) nie. Sommige sien hier die kosmiese belang van Christus se verlossing (vgl. Rom. 8:18-25; Ef. 1:22 en die ganse boek van Kolossense waarvan die tema kosmologiese verlossing in Christus is). Nietemin, in hierdie konteks verwys dit na alle mense, insluitende Jode, verjoodsers en heidene.

▣ **“sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word”** Dit is ’n opsomming van die hele bespreking dat God se genade en guns kom deur sy belofte aan Abraham en sy ‘Saad’ (d.w.s. Messias), nie deur menslike verdienste of optrede nie! Let op die herhaling van die term, *pistis*, vertaal as ‘geloof’ en ‘glo’. Sien Vir Spesiale Aandag by 3:6.

Vir ’n bespreking oor hoe om: “uit die geloof in Jesus Christus” te verstaan en vertaal, sien die aantekening by 2:16.

### OAV TEKS: 3:23-29

<sup>23</sup>Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. <sup>24</sup>Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. <sup>25</sup>Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder ’n tugmeester nie. <sup>26</sup>Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; <sup>27</sup>want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. <sup>28</sup>Daar is nie *meer* Jood of Griek nie, daar is nie *meer* slaaf of vryman nie, daar is nie *meer* man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus. <sup>29</sup>En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

**3:23 “Maar voordat die geloof gekom het”** Die DEFINITIEWE LIDWOORD wat saam met “geloof” gebruik word impliseer die korps van Christelike waarheid (d.w.s. die evangelie, vgl. Han. 6:7; 13:8; 14:22; Gal. 1:23; 6:10; Jud. verse 3,20). Nietemin, in hierdie konteks is dit ’n metafoor vir die era van die evangelie.

▣	OAV	“is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word”
	NAV	“is ons deur die wet gevange gehou en bewaak totdat die tyd van die geloof sou aanbreek”
	NASB	“we were kept in custody under the law, being shut up to the faith which was later to be revealed”
	NKJV	“we were kept under guard by the law, kept for the faith which would afterward be revealed”
	NRSV	“we were imprisoned and guarded under the law until faith would be revealed”
	TEV	“the Law kept us all locked up as prisoners, until this coming faith should be revealed”
	NJB	“we were allowed no freedom by the Law; we were being looked after till faith was revealed”

Die wet word aanvanklik as ’n tronkbewaarder uitgebeeld in vers 22. Mense was nie onder veilige bewaring voor die Messias se koms nie (vgl. Fil. 4:7; I Pet. 1:5). Die tweede metafoor wat gebruik word om die wet te beskryf is in vers 24 waar dit ’n toesighouer (tugmeester) genoem word (vgl. 4:1-2). In die Griekse en Romeinse samelewing het hierdie term verwys na versorgers van jong Griekse of Romeinse seuns. Die bewaarder was in beheer van die minderjarige se beskerming, kos, vervoer en opvoeding, sodat “tugmeester” ’n dubbele konnotasie het: beskermer en dissiplinaris. Paulus onderskei die twee intensionele doelstellings van die wet in die plan van God:

1. om ons sondigheid ten toon te stel
2. om ons as ’n bewaarder te bewaak tot die vrye genadegawe in Christus kom (vgl. Joh. 1:12; 3:16; Rom. 1:16; 10:9-13)

<b>3:22</b>	OAV	“Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe”
	NAV	“Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom”
	NASB	“the Law has become our tutor to lead us to Christ”
	NKJV	“the law was our tutor to bring us to Christ”
	NRSV	“the law was our disciplinarian until Christ came”
	TEV	“So the Law was in charge of us until Christ came”
	NJB	“The Law was to be our guardian until the Christ came”

Twee uiteenlopende verklarings van die VOORSETSELFRASE, “na Christus”, is moontlik: (1) om ons na Christus te bring, soos in die NASB, NKJV, NIV en OAV of (2) totdat Christus kom, soos in NRSV, TEV, JB en NAV.

▣ **“sodat ons geregverdig kan word uit die geloof”** “Geregverdig uit die geloof” was Luther se beroemde slagspreuk van die Hervorming. Die wet het ’n rol te speel in God se vrye gawe in Christus. Dit dien as noodsaaklike voorbereiding vir die evangelie—ons behoeft! Die reddende ‘geloof’ het altyd (1) kognitiewe, (2) wils- en (3) verhoudings- (relasionele) elemente.

**3:25 “Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder ’n tugmeester nie”** Gelowiges is nie meer minderjarige kinders nie, maar het volledig seuns geword; volledig erfgename! Dit alles gebeur deur God se genade, Christus se afgehandelde werk, en ons boetvaardige geloofsreaksie.

**3:26 “julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus”** Die frase “almal kinders van God” verwys na diegene wat Christus in geloof ontvang het (vgl. Joh. 1:12; 3:16; Rom. 8:14-17). Hierdie vers staan nie universalisme voor nie; so ook nie Rom. 5:18 of 11:32 nie, maar dit spreek wel van die universele aanbod van verlossing. “Almal” verskyn eerste in die Griekse sin vir klem.

**3:27 “want julle almal wat in Christus gedoop is”** Dit plaas nie klem op die doop as verlossingsmiddel nie, want dit is juis die argument van die verjoodsers rondom besnydenes. Christendoop is ’n teken van die werk van die Gees wat vroeër in verse 2,3,5,14 genoem word (vgl. I Kor. 12:13). Om gedoop te word in/deur/met die Gees was ’n Bybelse metafoor vir Christenwording. Die doop was bloot die geleentheid vir ’n openbare geloofsbelydenis in Christus en ’n gepaardgaande simbool van ’n innerlike verandering. Om waterdoop ’n voorvereiste vir verlossing te maak is om ’n neo-verjoodser te word!

## VIR SPESIALE AANDAG: DOOP

Curtis Vaughan, *Acts*, het op bl. 28 ’n interessante voetnota:

“The Greek word for ‘baptized’ is a third person imperative; the word for ‘repent’, a second person imperative. This change from the more direct second person command to the less direct third person of ‘baptized’ implies that Peter’s most basic primary demand is for repentance.”

Beide Johannes die Doper (vgl. Mat. 3:2) en Jesus (vgl. Mat. 4:17) het ook hierop klem geplaas. Beroubetoning is die geestelike sleutel tot geestelike verandering, waarvan die doop die uiterlike bevestiging is. Die Nuwe Testament dra geen kennis van ongedoopte gelowiges nie! Doop was in die vroeë kerk ’n openbare belydenis van geloof. Dit was die geleentheid vir ’n openbare belydenis van geloof in Christus, en nie die meganisme van verlossing nie. Neem kennis dat die doop nie in Petrus se tweede preek genoem word nie (vgl. 3:19; Luk. 24:17). Jesus het ’n voorbeeld gestel deur Homself te laat doop (vgl. Mat. 28:19) en daardeur ook ’n opdrag gegee aan gelowiges (vgl. Mat. 28:19). Die hedendaagse geskil oor die noodsaaklikheid van die doop vir saligheid word nie in die Bybel besleg nie. Die verwagting is bloot dat alle gelowiges gedoop sal wees. Waak egter daarteen dat hoop nie ten volle op die sakrament berus nie (*sacramental mechanicalism*). Verlossing is ’n kwessie van geloof, nie van spesifieke tradisies oor plek, bewoording of voorgeskrewe rituele nie.

■ **“het julle met Christus beklee”** Dit is ’n AORISTUS MIDDEL-INDIKATIEF wat ’n doelbewuste daad aan ons kant beklemtoon. Dit omsluit die idee dat ons die familiële kenmerke van God aantrek (soos ’n kledingstuk). Hierdie kledingsmetafoor is dikwels deur Paulus gebruik (vgl. Rom. 13:14; Ef. 4:22,24,25,31; Kol. 3:10,12,14). Dit verwys moontlik na die Romeinse deurgangsrite wanneer ’n seun sy kindertoga vir sy grootmenstoga verruil en daardeur ’n volledige burger word (soos die Joodse rite, *Bar Mitzvah*). Dit sou dan ons ten volle mondigwording en daardeur verkryging van erfgenaamskap simboliseer.

**3:28** Die verskille wat die verjoodsers beklemtoon is nou heeltemal uitgewis in Christus. Daar is geen perke vir enigiemand om ’n Christen te word nie. Die Joodse arrogansie teen heidene, slawe en vroue is heeltemal weggevat. Verskille is nie geldig vir verlossing nie (vgl. Rom. 3:22; I Kor. 12:13; en Kol. 3:11), en tog beteken dit nie dat ons nie meer manlik of vroulik, slaaf of vry, Jood of Griek is nie. Hierdie onderskeidings bly en daar is passasies wat van hulle praat, maar met betrekking tot Christenwording is daar geen beperkinge nie. Elke hindernis opgestel deur selfgeregtigheid, wettiesheid of vooroordele, het Christus vir eens en vir altyd afgebreek. Hallelujah!

Manfred T. Brauch, *Abusing Scripture*, bl. 68 (ook F. F. Bruce, *The Epistle to the Galatians*, bl. 187) voer aan dat die drie kontrasterende groepe ’n antieke sinagoge-gebed weerspieël waar Joodse mans God bedank dat hulle nie vrouens, slawe of heidene geskep is nie! Die nuwe werklikheid in Christus ontken en openbaar die vooroordele van eerste eeuse Judaïsme. “In Christus” geniet voorrang bo alles!

## VIR SPESIALE AANDAG: RASSISME

### I. Inleiding

- A. Dit is ’n universele uitdrukking in die samelewing van ’n gevalle mensdom. Dit is die ego van die mensdom wat homself bevoordeel ten koste van ander. Rassisme is merendeels ’n eietydse verskynsel, met nasionalisme (of stamverband) as die vroeëre uitdrukking daarvan.
- B. Nasionalisme het by Babel begin (vgl. Gen. 11) en is tevore met Noag se drie seuns in verband gebring uit wie rasse verondersteld ontwikkel het (vgl. Gen. 10). Dit is egter uit die Skrif duidelik dat die mensdom uit een bron ontstaan het (vgl. Gen. 1-3; Han. 17:24-26).
- C. Rassisme is een van vele vooroordele. Sommige ander is (1) opvoedkundige snobisme; (2) sosio-ekonomiese aanmatiging; (3) selfvoldane godsdienstige wettisisme; en (4) dogmaties-politieke verbintnisse.

## II. Bybelse Materiaal

### A. Ou Testament

1. Gen. 1:27 – Die mensdom, man en vrou, is geskape na die beeld en gelykenis van God waaruit hulle uniekheid blyk. Dit vertoon ook hulle individuele waarde en waardigheid (vgl. Joh. 3:16).
2. Gen. 1:11-25 – Herhaal die frase “elkeen na sy aard” 10 keer. Dit is dikwels aangehaal om rassessekering te regverdig, maar dit is uit die konteks duidelik dat dit hier handel oor diere en plante en nie mense nie.
3. Gen 9:18-27 – Dit is aangewend om rasse-oorheersing te regverdig. Dit moet egter onthou word dat nie God nie, maar Noag, sy oupa, Kanaän, vervloek het ná hy van sy dronkenskap wakker geword het. Die Bybel dui nêrens aan dat God hierdie vervloeking of eed bekragtig het nie. Selfs al sou Hy dit wel bekragtig het, raak dit nie die swart ras nie. Kanaän was die vader van diegene wat Palestina bewoon het en Egiptiese muurskilderye toon dat hulle nie swart was nie.
4. Jos. 9:23 – Hierdie gedeelte is soms gebruik om te bewys dat een ras die ander sal dien. Die Gibeoniete, blykens die konteks, was van dieselfde ras as die Jode.
5. Esra 9-10 en Neh. 13 – Hierdie gedeelte is dikwels gebruik in ras verband, maar die konteks toon aan dat die huwelike nie verdoem is as gevolg van ras nie (hulle was afstammeling van dieselfde seun van Noag, Gen. 10), maar op grond van godsdienstige oorweginge.

### B. Nuwe Testament

1. Die Evangelies
  - a. Jesus het telkens verwys na die haat tussen Jode en Samaritane en dit onaanvaarbaar bestempel.
    - (1) die gelykenis van die Goeie Samaritaan (vgl. Luk. 10:25-37)
    - (2) die vrou by die put (vgl. Joh. 4)
    - (3) die dankbare melaatse (vgl. Luk. 17:7-19)
  - b. Die evangelie is vir die hele mensdom (vgl. Joh. 3:16; Luk. 24:46-47; Heb. 2:9; Openb. 14:6)
  - c. Die koninkryk sluit die hele mensdom in (vgl. Luk. 13:29; Openb. 5)
2. Handeling
  - a. Han. 10 is sonder twyfel ’n verwysing na God se universele liefde en die evangelie se universele boodskap.
  - b. Petrus is veroordeel vir sy optrede soos in Han. 11 vermeld word, en die probleem is nie opgeklar voordat die Jerusalem Vergadering met ’n oplossing vorendag gekom het nie (Han. 15). Die spanning tussen Jode en heidene gedurende die eerste eeu was baie intens.
3. Paulus
  - a. In Christus is daar geen skeidsmure nie (vgl. Gal. 3:26-28; Ef. 2:11-22; Kol. 3:11)
  - b. God is nie ’n aannemer van persoon nie (vgl. Rom. 2:11; Ef. 6:9)
4. Petrus en Jakobus
  - a. God is geen aannemer van persoon nie (vgl. I Pet. 1:17)
  - b. God is onpartydig en daarom moet sy mense ook so wees (vgl. Jak. 2:1)
5. Johannes
  - a. Een van die sterkste stellings oor die verantwoordelikheid van gelowiges kom voor in 1 Joh. 4:20

## III. Gevolgtrekking

- A. Rassisme, of vooroordeel van enige aard, is totaal onvanpas vir God se kinders. Hier volg ’n aanhaling van Henlee Barnette, uitgespreek tydens ’n forum van die Christian Life Commission in 1964 te Glorieta, New Mexico: “Racism is heretical because it is unbiblical and unchristian, not to mention unscientific.”\*
- B. Hierdie probleem bied Christene die geleentheid om hulle Christelike liefde en vergewensgesindheid aan ’n verlore wêreld te toon. Wie nie hiertoe in staat is nie, is onvolwasse en bied geleentheid vir die bose om die gelowige se geloof, sy geloofsekerheid en groei te belemmer. Dit verhoed ook verlore mense om na Christus toe te kom.
- C. Wat kan ek doen? (Hierdie stuk is uit die Christian Life Commission-traktaat met opskrif “Race Relations” geneem:  
“OP DIE PERSOONLIKE VLAK”
  - ★ Aanvaar jou verantwoordelikheid om rasverwante probleme op te los.
  - ★ Bevry jouself van rassevooroordeel deur gebed, Bybelstudie en vertrouensverhoudings met mense van ander rasse te kweek.
  - ★ Gee uitdrukking aan jou oortuigings aangaande ras waar rassehaat sonder teësprak aangeblaas word.“IN FAMILIELEWE”
  - ★ Wees bedag op die invloed van familie in die ontwikkeling van rasse-gesindheid.
  - ★ Skep Christelike gesindhede tuis deur dit wat kinders en grootmense op straat oor ras hoor, te bespreek.
  - ★ Ouers moet daarop bedag wees dat hulle self ’n Christelike voorbeeld stel wat betref omgang met mense van ’n ander ras.
  - ★ Soek geleenthede om vriendskapsbande oor rassegrense heen te sluit.“IN JOU KERK”

\* “Rassisme is dwaling omdat dit onbybels en onchristelik is, om nie eens van onwetenskaplik te praat nie.”

- ★ Deur prediking en onderrig in die Bybelse waarheid omtrent ras kan die gemeente gemotiveer word om 'n voorbeeld te stel aan die hele samelewing.
  - ★ Maak seker dat die erediens, vertrouensverhouding en dienste van die kerk oop is vir almal, want die NT-kerke het geen rassegrense gehad nie (vgl. Ef. 2:11-22; Gal. 3:26-29).
- “IN JOU DAAGLIKSE LEWE”
- ★ Help dat rassediskriminasie in die werkplek uitgeskakel word.
  - ★ Werk deur gemeenskapsorganisasies om gelyke regte en geleenthede te skep terwyl jy onthou dat die rasseprobleem aangespreek moet word; nie mense nie. Die doel is om begrip te bevorder sonder om bitterheid te veroorsaak.
  - ★ As dit die regte ding blyk te wees, organiseer 'n spesiale komitee bestaande uit besorgde burgers om die lyne van kommunikasie oop te maak vir opvoeding van die publiek en vir spesifieke aksies om rasseverhoudinge te verbeter.
  - ★ Ondersteun wetgewing en wetstoepassers wat sosiale geregtigheid bevorder en staan diegene wat vooroordeel uitbuit vir politieke gewin, teen.
  - ★ Doen voorspraak vir wetstoepassers wat sonder diskriminasie optree.
  - ★ Vermy geweld, propageer respek vir die wet en doen as Christen alles in jou vermoë om seker te maak dat wetlike strukture nie deur voorstanders van diskriminasie misbruik word nie.
  - ★ Wees 'n voorbeeld van die gees en gedagtes van Christus in alle menseverhoudinge.

■ **“want julle is almal een in Christus Jesus”** As mense almal een is in Adam (vgl. Rom. 5:12 e.v.) is hulle almal potensieel een in Christus (vgl. Rom. 5:18). Die enigste struikelblok is persoonlike boetedoening en geloof in Christus (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21).

Hierdie kollektiewe klem is baie soos die konsep van korporele Israel. Ons is nou 'n enkele, nuwe, kollektiewe eenheid, die kerk (vgl. Joh. 17; Rom. 12:4,5; I Kor. 12:12 e.v.)

**3:29 “as”** Hier lei “as” 'n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN in, wat geldig aanvaar word vanuit die perspektief van die skrywer of ter wille van sy literêre doelwitte.

■ **“as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abrham en volgens die belofte erfgename”** Nie alle nasionale of rassige Israel is werklik geestelik Israel nie (vgl. 6:16; Rom. 2:28-29; 9:6), maar almal wat die ware Israel is is dit deur geloof. Daarom is geen meer onderskeid getref tussen Jood en heiden nie; slegs tussen diegene wat glo in die Messias en diegene wat nie. Daar is nie voorttrekkery by God nie. God se eenmalige, universele genadeplan vir die verlossing van die mens is boetedoening en geloof in sy gekruisigde Seun. Diegene wat reageer deur geloof word seuns en erfgename van God gemaak (vgl. Titus 3:7)! Daar is nie meer die OT-onderskeid van Jood versus Griek nie.

Hierdie nuwe realiteit affekteer ook die nasionalistiese en geografiese profesieë. Die onderskeid tussen Jood en heiden is nie meer geldig nie. Nou is die onderskeid tussen ongelowige en gelowige. Geen NT-skrywer, insluitende Jesus, herbevestig ooit die OT-nasionalistiese profesieë van Israel nie. Palestina en Jerusalem is nie meer die fokus van God se aktiwiteit nie. Die hele wêreld is die nuwe heilige land. Jerusalem is nie meer 'n spesiale, heilige stad nie. Dit is nou ‘nuwe Jerusalem’ (vgl. Openb. 3:12; 21:2,10), wat 'n simbool is vir die hemel. Wees versigtig vir sistematiese teologieë wat fokus op OT-profesieë of hulle vergroot as absolute toekomsrealiteite!

Hier is 'n geselekteerde gedeelte van die inleidende notas tot my kommentaar oor Openbaring (bl. 1-2).

“**EERSTE SPANNING** (OT-rassige, nasionalistiese en geografiese kategorieë teenoor alle gelowiges oor die hele wêreld)

Die OT-profete voorspel 'n herstel van 'n Joodse koninkryk in Palestina met Jerusalem as middelpunt waar al die nasies van die aarde saamkom om 'n Dawidiese heerser te prys en dien, maar nie Jesus of die NT-apostels fokus ooit op hierdie agenda nie. Is die OT nie geïnspireerd nie (vgl. Mat. 5:17-19)? Het die NT-skrywers noodsaaklike eindtydgebeure uitgelaat?

Daar is verskeie bronne van inligting oor die einde van die wêreld:

1. OT-profete (Jesaja, Miga, Maleagi)
2. OT-apokaliptiese skrywers (vgl. Eseg. 37-39; Dan. 7-12; Sag.)
3. intertestamentele, nie-kanonieke Joodse apokaliptiese skrywers (soos I Enog, wat verwys na Judas)
4. Jesus self (vgl. Mat. 24; Mark. 13; Luk. 21)
5. die geskrifte van Paulus (vgl. I Kor. 15; II Kor. 5; I Tess. 4-5; II Tess. 2)
6. die geskrifte van Johannes (I Johannes en Openbaring).

Leer al hierdie duidelik van 'n eindtyd-agenda (gebeure, kronologie, persone)? Indien nie, hoekom? Is hulle nie almal geïnspireer nie (behalwe die Joodse tussentestament-geskrifte)?

Die Gees openbaar waarhede aan die OT-skrywers in terme van kategorieë wat hulle kon verstaan. Nietemin, deur progressiewe openbaring het die Gees hierdie OT-eskatologiese konsepte uitgebrei tot 'n universele omvang ('die geheimenis van Christus' vgl. Ef. 2:11-3:13. Sien Vir Spesiale Aandag by 10:7). Hier is 'n paar relevante voorbeelde:

1. Die stad van Jerusalem word in die OT gebruik as 'n metafoor vir die mense van God (Zion), maar word geprojekteer tot in die NT as 'n term wat God se aanvaarding van alle boetvaardige, gelowige mense uitdruk (die nuwe Jerusalem van Openbaring 21-22). Die teologiese uitbreiding van 'n letterlike, fisiese stad tot in die nuwe mense van God (gelowige Jode en heidene) word voorskadu in God se belofte om gevalle mensdom te verlos in

- Gen. 3:15, voordat daar eens Jode of 'n Joodse hoofstad bestaan het. Selfs Abraham se roeping (vgl. Gen. 12:1-3) betrek die heidene (vgl. Gen. 12:3; Eks. 19:5).
2. In die OT is die vyande van God se mense die omliggende nasies van die Antieke Nabye-Ooste, maar in die NT word hulle uitgebrei tot alle ongelowige, anti-God, Satanies-geïnspireerde mense. Die stryd het beweeg van 'n geografiese, plaaslike konflik tot 'n wêreldwye, kosmiese konflik (vgl. Kolossense).
  3. Die belofte van 'n land wat so integraal is in die OT (die patriargale beloftes van Genesis, vgl. Gen. 12:7; 13:15; 15:7,15; 17:8) het nou die hele aarde geword. Nuwe Jerusalem kom neer op 'n hervormde aarde, nie die Nabye-Ooste alleen of eksklusief nie (vgl. Openb. 21-22).
  4. Enkele ander voorbeelde van OT-profetiese konsepte wat uitgebrei word is:
    - a. die saad van Abraham is nou die geestelike besnedenis (vgl. Rom. 2:28-29)
    - b. die verbondsmense sluit nou heidene in (vgl. Hos. 1:10; 2:23, aangehaal in Rom. 9:24-26; ook Lev. 26:12; Eks. 29:45, aangehaal in II Kor. 6:16-18 en Eks. 19:5; Deut. 14:2, aangehaal in Titus 2:14)
    - c. die tempel is nou Jesus (vgl. Mat. 26:61; 27:40; Joh. 2:19-21) en deur Hom die plaaslike kerk (vgl. I Kor. 3:16) of die individuele gelowige (vgl. I Kor. 6:19)
    - d. selfs Israel en sy kenmerkende beskrywende OT-frases verwys nou na die voltallige mense van God (d.w.s. 'Israel', vgl. Rom. 9:6; Gal. 6:16, d.w.s. 'koninkryk van priesters', vgl. I Pet. 2:5,9-10; Openb. 1:6)

Die profetiese model is vervul, uitgebrei en is nou meer inklusief. Jesus en die apostoliese skrywers stel nie die eindtyd op dieselfde manier as die OT-profete nie (vgl. Martin Wyngaarden, *The Future of the Kingdom in Prophecy and Fulfillment*). Moderne verklaarders wat probeer om die OT-model letterlik of normatief te maak, verwring die Openbaring tot 'n baie Joodse boek en forseer betekenis tot in vergrootglaserspektief, sodat dubbelsinnige frases van Jesus en Paulus ingesluit word! Die NT-skrywers ontken nie die OT-profete nie, maar toon hulle eidelike universele implikasie. Daar is geen georganiseerde, logiese sisteem aan Jesus of Paulus se eskatologie nie. Hulle doelwit is hoofsaaklik verlossend of pastoraal.

Nietemin, selfs binne die NT is daar spanning. Daar is nie duidelike sistematiesing van eskatologiese gebeure nie. In baie opsigte gebruik Openbaring verbasende OT-verwysings om die einde te beskryf eerder as die lering van Jesus (vgl. Mat. 24; Mark. 13)! Dit volg die literêre genre ingelei deur Esegïel, Daniël en Saggaria, maar ontwikkel gedurende die tussentestament-tydperk (Joodse apokaliptiese literatuur). Dit was moontlik Johannes se manier om die ou en nuwe verbonde te verbind. Dit toon die eeue-oue patroon van menslike opstand en God se gebondenheid tot verlossing! Maar dit moet genoem word dat, alhoewel Openbaring OT-taal, persone en gebeure gebruik, dit hulle herinterpreteer in die lig van eerste-eeuse Rome (vgl. Openb. 1:7)."

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids kommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wat beteken dit 'om die Gees te ontvang'?
2. Hoekom gebruik Paulus vir Abraham as die fokus van sy argument?
3. Hoe hou die term 'vervloeking' verband met ons, die verjoodsers en alle mense?
4. Het Paulus 'n kronologiese fout opgeteken in vers 17? Hoekom of hoekom nie?
5. Gee die vier aspekte van hoekom die wet minderwaardig is tot die belofte gelys in vers 19.
6. Lys die twee redes vir God se doelstelling vir die wet in verse 23-24.
7. Verduidelik die implikasies van vers 28 in die kerk vandag.



# GALASIËRS 4

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>4</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Slaves and Sons (3:21-4:7) 3:26-4:7	Sons and Heirs (3:26-4:7) 3:26-4:7	Enslavement under the Law; Freedom for God's Children  4:1-7	The Purpose of the Law (3:21-4:7)  4:1-5  4:6-7	Sons of God  4:1-7	Slawe en seuns (3:21-4:7)  4:1-2 4:3-5 Paulus se besorgdheid oor die Galasiërs 4:5-11
Paul's Concern for the Galatians 4:8-11	Fears for the Church 4:8-20	4:8-11  An Appeal to the Galatians in Their Relationship to Paul	Paul's Concern for the Galatians 4:8-11	4:8-11  A Personal Appeal	
4:12-20		4:12-20	4:12-16 4:17-20	4:12-20	4:12-16 4:17-20
The Allegory of Hagar and Two Covenants 4:21-5:1	Two Covenants 4:21-31	A Final Proof 4:21-5:1	The example of Sarah and Hagar 4:21-27  4:28-31	The Two Covenants: Hagar/Sarah 4:21-31	Hagar en Sara  4:21-23 4:24-27 (27) 4:28-31

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Hierdie hoofstuk verdeel in drie afsonderlike afdelings:
  1. Verse 1-11 (of 1-7) is 'n voortsetting van die bespreking oor die heidene as volledige erfgename van God deur geloof (soos Abraham) en nie slawe tot die wêreld se onsuiver neigings nie. Verse 1-11 is baie soortgelyk aan die klem van Romeine 8:1-17.
  2. Verse 12-20 (of 8-20) bevat Paulus se beroep op hulle persoonlike ervaringe (vgl. 3:1-5).
  3. Verse 21-31 bevat 'n Ou Testamentiese allegorie gebaseer op die eerste twee seuns van Abraham.

- B. Paulus gebruik twee kulturele metafore om die doel van die Ou Testamentiese wet en die verhouding daarvan tot Nuwe Testamentiese gelowiges te beklemtoon:
1. Romeinse wet oor kinders en hulle toesighouers..
  2. Rabbynse tipologie oor Abraham se lewe.
- C. Hierdie hoofstuk illustreer ook die intieme verhouding tussen Jesus die Seun en die Heilige Gees (vgl. 4:6):
1. Jesus vra die Vader en Hy stuur die Gees
    - a. Jesus stuur die Gees in Johannes 15:26; 16:7
    - b. die Vader stuur die Gees in Joh. 14:26
    - c. van die Vader sowel as die Seun in Lukas 24:49
    - d. Jesus spreek uit sy eenheid met die Vader, dus spreek die Gees vanuit sy eenheid met hulle albei
  2. 'Nog van dieselfde soort.' Die beste naam vir die Gees is 'die ander Jesus':
    - a. beide 'gestuur' van die Vader
      - 1) Seun – Gal. 4:4
      - 2) Gees – Gal. 4:6
    - b. beide is 'die waarheid' genoem
      - 1) Seun – Joh. 14:6
      - 2) Gees – Joh. 14:17; 15:26; 16:13
    - c. beide 'bemiddelaar' genoem
      - 1) Seun – I Joh. 2:1
      - 2) Gees – Joh. 14:16,26; 15:26; 16:7
    - d. Gees geroep in Jesus se naam
      - 1) Han. 16:7 (NAV) – “die Gees van Jesus”
      - 2) Rom. 8:9 – “Gees van God. . .Gees van Christus”
      - 3) II Kor. 3:17 – “Die Here is die Gees. . .die Gees van die Here”
      - 4) II Kor. 3:18 – “die Here wat die Gees is”
      - 5) Gal. 4:6 – “die Gees van sy Seun”
      - 6) Fil. 1:19 – “die Gees van Jesus Christus”
      - 7) I Pet. 1:11 – “die Gees van Christus”
    - e. albei woon in gelowiges
      - 1) Seun – Mat. 28:20; Joh. 14:20,23; 15:4; 17:23; Rom. 8:10; II Kor. 13:5; Gal. 2:20; Ef. 3:17; Kol. 1:27
      - 2) Gees – Joh. 14:16-17; Rom. 8:11; I Pet. 1:11
      - 3) Vader – Joh. 14:23; 17:23; II Kor. 6:16
    - f. beide beskryf as 'heilig'
      - 1) Gees – Luk. 1:35
      - 2) Seun – Luk. 1:35; 14:26
- D. Definisies van Allegorie en Tipologie (4:21-31)
1. Allegorie soek 'n versteekte, dieper vlak van betekenis in elke teks. Dit lees betekenis in die teks in wat nie verband hou met die veronderstelde betekenis van die oorspronklike skrywer van sy dag of selfs die dryfkrag van die Skrif as geheel nie.
  2. Tipologie probeer fokus op die eenheid van die Bybel, gebaseer op een heilige Skrywer en een heilige plan. Ooreenkomste tussen die OT en NT gaan waarheid vooraf. Hierdie ooreenkomste (d.w.s. Hos. 11:1) volg natuurlik uit 'n lesing van die hele Bybel (vgl. Rom. 15:4; I Kor. 10:6,11; I Pet. 1:12).

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 4:1-7

<sup>1</sup>MAAR ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles; <sup>2</sup>maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal. <sup>3</sup>So was ons ook, toe ons kinders was in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld. <sup>4</sup>Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, <sup>5</sup>om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. <sup>6</sup>En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur en Hy roep: Abba, Vader! <sup>7</sup>Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.

4:1	OAV	“MAAR ek sê”
	NAV	“Hierby wil ek nog dít sê”
	NASB, NKJV	“Now I say”
	NRSV	“My point is this”
	TEV	“But to continue”

Paulus het hierdie standaardliterêre tegniek gebruik om ‘n uitbreiding van ‘n vorige onderwerp in te lei (vgl. 3:17; 5:16).

■ **“die erfgenaam”** Die groot waarheid dat gelowiges erfgename van God in Christus is, is die fokus van Gal. 3:7,16,24-26,29 (vgl. Rom. 8:17). Dieselfde klem word voortgedra in Gal. 4:1,5,6,7,28-31. Die ware afstammeling van Abraham is nie etnies nie, maar gelowig (vgl. Rom. 2:28-29; Fil. 3:3; Kol. 2:11).

■ **“‘n kind is”** Dit was die Griekse term vir baba, gebruik in die sin van

1. geestelike babas
2. wetlike minderjariges

In antieke Mediterreense kulture het die deurgangsrite van seun tot man op verskillende ouderdomme plaasgevind en was ‘n groot kulturele/geloofs-gebeurtenis

1. in Joodse kultuur was die ouderdom 13
2. in Griekse kultuur was die ouderdom 18
3. in Romeinse kultuur was die ouderdom 14

**4:2 “maar hy staan onder voogde en bestuurders”** Galasiërs 3:22-25 sê ons was ‘onder die wet’, beskryf as: (1) ‘n tronkbewaarder wat ons onder beskermende bewaring gehou het (vgl. 3:22-23) of (2) ‘n minderjarige se tugmeester (vgl. 3:24-25). Nietemin, in hoofstuk 4 verander die metafoor na ‘voog’ en ‘trustee’. In Romeinse wet was seuns van die ouderdom van 14 jaar in beheer van ‘n bevoegdheidsvoog (vgl. 3:23-25). Van 14-jarige ouderdom tot die ouderdom van 25 is hulle eiendom deur trustees beheer (vgl. 4:2). Paulus het verwys na die Romeinse reg deur hierdie spesifieke terme te gebruik.

■ **“tot op die tyd tevore deur die vader bepaal”** Hierdie frase gee verdere bewys dat Romeinse vaders ‘n mate van diskresie gehad het oor die bepalings van die seun se oorgang tot volwassenheid. Dit is ‘n unieke kenmerk van Romeinse reg. Dit impliseer dat God die Vader die tyd gekies het vir sy Seun om ons na volwassenheid te bring (vgl. vers 4).

**4:3 OAV “toe ons kinders was”**  
**NAV “Toe ons nog geestelik onmondig was”**  
**NASB “while we were children”**

Die VOORNAAMWOORD “ons” kan verwys na

1. die Jode wat onder toesigging van die Mosaïese wet gestaan het
2. Jode en heidene wat deel was van die ou bedeling voor die evangelie
3. die heidene se paganisme met al hulle reëls en rites

In die konteks hou dit moontlik verband met “erfgename” (vers 1), en daarom is opsie #2 mees waarskynlik.

■ **OAV “in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld”**  
**NAV “slawe van wettiese godsdienstige reëls”**  
**NASB “were held in bondage under the elemental things of the world”**  
**NKJV “were in bondage under the elemental things of the world”**  
**NRSV “we were enslaved to the elemental spirits of the world”**  
**TEV “were slaves of the ruling spirits of the universe”**  
**NJB “we were as good as slaves to the elemental principles of this world”**

Hierdie frase is ‘n PERIFRASTIESE PLUPERFEKTUM PASSIEWE DEELWOORD. Die konstruk beklemtoon ons gevestigde status as kinders. “Eerste beginsels” [*stoicheia*] het oorspronklik ‘om langs mekaar in ‘n ry te staan’ beteken. Dit het ‘n wye semantiese veld in die Grieks-Romeinse wêreld van Paulus se tyd!

1. die ABC van ‘n kind se opleiding of die mees basiese beginsels van ‘n onderwerp (vgl. Heb. 5:12; 6:1)
2. die basiese komponente van die fisiese heelal—lug, water, vuur, aarde (vgl. II Pet. 3:10,12), wat dikwels deur die Grieke verafgod is
3. die hemelliggame (vgl. I Enog 52:8-9); en dit is hoe die vroeë kerkvaders die gebruik daarvan in Kol. 2:8,20 verklaar het

‘n Indirekte betekenis wat verband hou met #3 is dat daar geestelike kragte agter hemelliggame staan – ‘n alledaagse gebruik wat die ontleding van Gal. 4:3,8-10 kan affekteer (vgl. die engele van Kol. 2:18-20 en Gal. 3:19). Nietemin, in sy boek *Christ and the Powers*, stel Hendrik Berkhof dat hierdie magte onpersoonlike strukture is (soos die politiek, demokrasie, sosiale klas, volkslegendes, sport, opvoeding, medisyne, ens.) in ons natuurlike gevalle wêreld wat neig om die mensdom afsonderlik van God te verenig (vgl. bl. 32). Hierdie interpretasie pas die Bybelse voorbeelde. Paulus was besig om ‘n parallel te trek tussen die wet as bevoegdheidsvoog (vgl. 3:22-4:7) en *stoicheia* as slawemeester (vgl. 4:3, sien aantekening by 4:8).

## VIR SPESIALE AANDAG: PAULUS SE GEBRUIK VAN *KOSMOS* (WÊRELD)

Paulus gebruik die term *kosmos* op verskeie maniere:

1. die ganse geskepte orde (vgl. Rom. 1:20; Ef. 1:4; I Kor. 3:22; 8:4,5)
2. hierdie planeet (vgl. II Kor. 1:17; Ef. 1:10; Kol. 1:20; I Tim. 1:15; 3:16; 6:7)
3. mense (vgl. Rom. 3:6,19; 11:15; I Kor. 1:27-28; 4:9,13; II Kor. 5:19; Kol. 1:6)
4. mense wat afgesonder van God georganiseer is en funksioneer (vgl. I Kor. 1:20-21; 2:12; 3:19; 11:32; Gal. 4:3; Ef. 2:2,12; Fil. 2:15; Kol. 2:8,20-24). Dit is baie soortgelyk aan Johannes se gebruik (d.w.s. I Joh. 2:15-17)
5. die huidige wêreldstrukture (vgl. I Kor. 7:29-31; Gal. 6:14, soortgelyk aan Fil. 3:4-9 waar Paulus Joodse strukture beskryf)

Op 'n manier dui hierdie op oorvleueling en dit is moeilik om elke gebruik te kategoriseer. Hierdie term, nes 'n hele aantal in Paulus se denke, moet deur die onmiddellike konteks gedefinieer word en nie 'n vooropgestelde definisie nie. Paulus se terminologie was vloeiend (vgl. James Stewart se *A Man in Christ*). Hy was nie besig om 'n sistematiese teologie te probeer opstel nie, maar om Christus te verkondig. Hy verander alles!

**4:4 “Maar toe die volheid van die tyd gekom het”** Dit impliseer dat God in beheer is van die geskiedenis en dat Christus gekom het na gelang van God se tydsberekening (vgl. Mark. 1:15; Ef. 1:10; I Tim. 2:6; Tit. 1:3). Baie skrifgeleerders voel die frase hou verband met

1. Romeinse vrede
2. Romeinse hoofweë, skeepsvaart
3. 'n algemene taal in die hele area
4. die religieuse en morele soeke van die Mediterreense wêreld vir die ware God en vir vertrouensvriendskap met Hom

Die stelling skakel met vers 2: “tot op die tyd tevore deur die vader bepaal”. Die nuwe bedeling is ingelyf in God se tyd deur die Christus-gebeurtenis, die nuwe verbond het gekom, die ou verbond (as 'n verlossingsmiddel) het omgekom in Christus.

■ **“het God sy Seun uitgestuur”** ‘Gestuur’ is die Griekse term *apostellō* waarvan die woord ‘apostel’ ontleen word. Hierdie selfde frase verskyn in vers 6 waar God die Vader die Heilige Gees stuur. Let op dat die drie persone van die Triniteit genoem word in verse 4-6. Hoewel die term ‘Triniteit’ nie in die Bybel verskyn nie, verskyn die konsep wel keer op keer. Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

Die feit dat God sy Seun gestuur het impliseer die voorbestaan van die Seun in die hemel en, daarmee saam, die Godheid van die Seun (vgl. Joh. 1:1-3,14,18; I Kor. 8:6; Kol. 1:15-17; Heb. 1:2). Hierin is die rede vir die konflik met die ‘monoteïsme’ van Israel (vgl. Deut. 4:35,39; 6:4; 33:26; Jes. 43:10-11; 45:21-22; 46:9; Jer. 10:6-7).

## VIR SPESIALE AANDAG: TRINITEIT

Let op die aktiwiteit van al drie persone in die Drie-Eenheid. Die term “Triniteit”, geskep deur Tertullianus, is nie 'n Bybelse woord nie, maar eerder 'n konsep wat deurgaans aanwesig is:

1. die evangelies (Mat. 3:16-17; 28:19, en parallele; Joh. 14:26)
2. Handeling (Han. 2:32-33, 38-39)
3. Paulus
  - a. Rom. 1:4-5; 5:1; 8:1-4, 8-10
  - b. I Kor. 2:8-10; 12:4-6
  - c. II Kor. 1:21; 13:14
  - d. Gal. 4:4-6
  - e. Ef. 1:3-14, 17; 2:18; 3:14-17; 4:4-6
  - f. I Tes. 1:2-5
  - g. II Tes. 2:13
  - h. Tit. 3:4-6
4. Petrus (I Pet. 1:2)
5. Judas (verse 20-21)

Dit word in die OT gesuggereer:

1. God word in die MEERVOUDSVORM aangedui
  - a. *Elohim* is 'n meervoud, maar die WERKWOORDVORM bly enkelvoudig
  - b. “Ons” in Gen. 1:26-27; 3:22; 11:7
2. Die engel van die Here as sigbare verskyning van die Godheid
  - a. Gen. 16:7-13; 22:11-15; 31:11,13; 48:15-16
  - b. Eks. 3:2,4; 13:21; 14:19
  - c. Rigt. 2:1; 6:22-23; 13:3-22
  - d. Sag. 3:1-2
3. God en Gees word afsonderlik genoem (Gen. 1:1-2; Ps. 104:30; Jes. 63:9-11; Eseg. 37:13-14)

4. God (JHWH) en die Messias (*Adon*) word ook afsonderlik aangedui (Ps. 45:6-7; 110:1; Sag. 2:8-11; 10:9-12)
5. Messias en Gees word afsonderlik genoem (Sag. 12:10)
6. Al drie word genoem in Jes. 48:16, 61:1

Die godheid van Jesus en die persoonlikheid van die Gees was vir vroeë, streng monoteïstiese gelowiges problematies:

1. Tertulianus – het die Seun aan die Vader ondergeskik gestel
2. Origenes – het die godheid van die Seun en die Gees ondergeskik gestel
3. Arius – het die godheid van die Seun en die Gees ontken
4. Monargianisme – beskou dit as opeenvolgende manifestasies van God

Die Drie-Eenheid se historiese ontwikkeling en totstandkoming is deur Bybelse materiaal toegelig:

1. die Sinode van Nicea verklaar in 325 n.C. die gelykheid van Jesus met die Vader;
2. die Sinode van Konstantinopel (381 n.C.) verklaar die godheid van die Gees gelyk met die Vader en die Seun;
3. in sy *De Trinitate* artikuleer Augustinus ten volle die bestaan van die Drie-Eenheid

Hier is waarlik 'n enigma, maar die NT bevestig die bestaan van een goddelike entiteit wat bestaan uit drie ewige, persoonlike manifestasies.

■ **“gebore uit ’n vrou”** Paulus beklemtoon die volledige menslikheid van Jesus Christus moontlik vanweë die neiging van die Dositiese Gnostieke (Efesiërs, Kolossense, die pastorale briewe en I Johannes) om die Godheid van Jesus te bevestig, maar sy menslikheid te ontken. Nietemin, daar is min bewyse dat hierdie kettery die skryf van Galasiërs beïnvloed het (vgl. vers 3).

Die frase “gebore uit ’n vrou” sou sekerlik die verjoodsers herinner het aan Gen. 3:15 en Jes. 7:14. Die skrywer van die boek van Hebreërs maak dit ’n kardinale punt in sy teologie (vgl. Heb. 2:14,17). ’n Baie soortgelyke frase wat die mensheid van Jesus, maar sonder ’n sondige aard, beklemtoon, word aangetref in Rom. 8:3; Fil. 2:7. Dat Jesus ten volle God (Joh. 1:1-14) en ten volle man was is ’n belangrike waarheid van die evangelie van die eerste eeuse kerk (vgl. I Joh. 4:1-3).

Verrassend genoeg word die maagdelike geboorte van Jesus nie beklemtoon of eens genoem buite die passasies van Jesus se geboorte in Matteus en Lukas nie. Dit sou moontlik te maklik deur pagane aan die mitiese aktiwiteit van die gode op berg Olympus verbind word.

**4:5 “om die wat onder die wet was, los te koop”** ‘Loskoop’ (AORISTUS AKTIEWE SUBJUNKTIEF) word gebruik in 3:13 (AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF) om te verwys na God wat of (1) die ganse mensdom uit slawerny of sonde of (2) die Jode van die Mosaïese wet en die heidene van die *stoicheia* terugkoop deur die lewe, dood en opstanding van Christus. Dit toon die mensdom se hulpeloosheid (vgl. Rom. 1:18-3:31; Ef. 2:1-3) en God se genadige voorsiening (vgl. Mark. 10:45; Ef. 2:4-6). Dit is moeilik in hierdie konteks om te weet of Paulus besig was om te praat van die Mosaïese wet, 3:19, of wet in die algemene sin van menslike meriete (vgl. 3:21). Sien Vir Spesiale Aandag: Loskoop by 3:13.

■ OAV	“sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang”
NAV	“sodat ons as kinders van God aangeneem kon word”
NASB, NKJV	“that we might receive the adoption as sons”
NRSV	“that we might receive adoption as children”
TEV	“so that we might become God’s sons”
NJB	“to enable us to be adopted as sons”

Paulus dra sy bespreking van die voordele van die voorregte wat gelowiges ontvang as volledige erfgename van Abraham deur geloof in Christus voort. Paulus gebruik die familiële metafoor “aanneming” vir verlossing, terwyl Johannes en Petrus die familiële metafoor ‘weer gebore’ gebruik. Die aannemingsmetafoor is hoofsaaklik in twee kontekste gebruik in Romeinse kultuur. In Romeinse reg was aanneming baie moeilik. Dit was ’n lang, betrokke en duur wetsproses, maar wanneer dit eers afgehandel was het aanneming verskeie spesiale regte en voorregte ingehou:

1. alle skulde is gekanseleer
2. alle kriminele aanklagtes is laat vaar
3. hulle kon nie wettig doodgemaak word deur die nuwe vader nie
4. hulle kon nie onterf word deur die nuwe vader nie

In wetsterme was dit ’n totaal nuwe persoon. Paulus was besig om te verwys na die gelowiges se sekuriteit in Christus deur die gebruik van die Romeinse wetsprosedure (vgl. Rom. 8:15,23). Wanneer ’n vader ’n seun in die openbaar aangeneem het, het hy amptelik en permanent sy erfgenaam geword. Die metafoor is ook gebruik in die amptelike seremonie van ’n seun wat man word, gehou op die 17<sup>de</sup> Maart elke jaar.

**4:6 “En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur”** Soortgelyk aan Rom. 8:14-17, herhaal Paulus hier God se genadedaad, toe Hy sy Seun en sy Gees gestuur het (die nuwe bewaarders). Die spesifieke betekenis van die Griekse frase is onduidelik. Is die Gees die bewys of die resultaat van seunskap? ‘Deur sy Seun word ons seuns’ is die slagspreuk van Gal. 2:15-4:31. Dit is interessant om op te let dat die Gees so dikwels in hoofstuk drie genoem word met verwysing na ons wat Christene word (vgl. vers 2,5,14). Nou word Hy “die Gees van sy Seun” genoem. Dit dui op twee van die drie (vgl. Joh. 14-16) werke van die Gees: (1) bearbei ons tot Christus; en (2) vorm Christus in ons (vgl.

Joh. 16:7-15). Die derde is om gelowiges tot in Christus te doop (vgl. I Kor. 12:13). Die bediening van die Seun en dié van die Gees was altyd nou verwant (vgl. inleiding van hierdie hoofstuk, C).

■ **“harte”** Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

### VIR SPESIALE AANDAG: DIE HART

Die Griekse term *kardia* word in die LXX en NT gebruik as vertaling van die Hebreeuse *leb*. Dit word op verskillende maniere gebruik (vgl. Bauer, Arndt, Gingrich en Danker, *A Greek-English Lexicon*, bl. 403-404):

1. die sentrum van *fisiese* lewe (Han. 14:17; II Kor. 3:2-3; Jak. 5:5)
2. die sentrum van *geestelike* (morele) lewe
  - a. God ken die hart (vgl. Luk. 16:15; Rom. 8:27; I Kor. 14:25; I Tes. 2:4; Openb. 2:23)
  - b. gebruik m.b.t. die mensdom se *geestelike* lewe (vgl. Mat. 15:18-19; 18:35; Rom. 6:7; I Tim. 1:5; II Tim. 2:22; I Pet. 1:22)
3. die sentrum van die *gedagtelewe* (d.w.s. die intellek, vgl. Mat. 13:15; 24:48; Han. 7:23; 16:14; 28:27; Rom. 1:21; 10:6; 16:18; 2 Kor. 4:6; Ef. 1:18; Jak. 1:26; II Pet. 1:19; Openb. 18:7; hart is sinoniem met gedagtes in II Kor. 3:14-15 en Fil. 4:7)
4. die sentrum van die *wil* (vgl. Han. 5:4; 11:23; I Kor. 4:5; 7:37; II Kor. 9:7)
5. die sentrum van *emosies* (vgl. Mat. 5:28; Han. 2:26,37; 7:54; 21:13; Rom. 1:24; II Kor. 2:4; 7:3; Ef. 6:22; Fil. 1:7)
6. die unieke plek waar die Heilige Gees werksaam is (vgl. Rom. 5:5; II Kor. 1:21; Gal. 4:6 (d.w.s. Christus in ons hart, Ef. 3:17))
7. Die hart verwys metaforiese na die hele persoon (vgl. Mat. 22:37 – aanhaling uit Deut. 6:5). Die gedagtes, motiewe en aksies wat aan die hart toegeskryf word, dui op die aard van ‘n gegewe individu. Die OT bied verskeie treffende aanwendinge van dié term:
  - a. Gen. 6:6; 8:21 “God was in sy hart bedroef” (vgl. Hos. 11:8-9)
  - b. Deut. 4:29; 6:5 “Met jou hele hart en jou hele siel”
  - c. Deut. 10:16 “‘n onbesnede hart” (vgl. ook Rom. 2:29)
  - d. Eseg. 18:31-32 “‘n nuwe hart”
  - e. Eseg. 36:26 “‘n nuwe hart” teenoor “‘n hart van klip”

■ **“Hy roep: Abba, Vader!”** Hierdie frase bevat die Griekse sowel as die Aramese terme vir vader. Die term *Abba* was die Aramese woord vir die intieme familieverhouding tussen ‘n kind en sy vader (vgl. Mark. 14:36; Rom. 8:15), baie soos ons gebruik van ‘pappa’. Familiale uitdrukkings soos hierdie beklemtoon die intieme verhouding tussen Jesus en die Vader. As gevolg van ons reaksie op God se aanbod in Christus, het ons dieselfde intieme toegang tot die Vader (vgl. Rom. 8:26-27). Ons is waarlik aangeneem as seuns!

**4:7 “Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus”**  
Dit is ‘n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN: “omdat jy sy kind is” (NAV, TEV, NIV). Die Gees verwyder ons slawerny en kettings en bewerkstellig ons seunskap (vgl. Rom. 8:12-17). Dit verseker ons erfporisie (vgl. I Pet. 1:4-5).

### VIR SPESIALE AANDAG: GELOWIGES SE ERFORSIE

Die Skrif praat oor gelowiges wat baie dinge erf (vgl. Han. 20:32; 26:18; Ef. 1:4; Kol. 1:12; 3:24) op grond van hulle familieverhouding met Jesus wat erfgenaam is van alle dinge (vgl. Heb. 1:2) en hulle as mede-erfgename (vgl. Rom. 8:17; Gal. 4:7) van

- die koninkryk (vgl. Mat. 26:34; I Kor. 6:9-10; 15:50; Ef. 5:5)
- ewige lewe (vgl. Mat. 19:29; Heb. 9:15)
- God se beloftes (vgl. Heb. 6:12)
- God se beskerming van sy beloftes (vgl. I Pet. 1:4-5)

■ **OAV** “van God deur Christus”  
**NAV** “het God”  
**NASB** “through God”

Die KJV lees ‘deur Christus’. Ouer Griekse manuskripte het ‘deur God’. Dit beklemtoon God as die oorsprong en inisieerder van genade (vgl. Joh. 6:44,65 en Gal. 4:9). Verskeie manuskripte het variasies, maar manuskripte P<sup>46</sup>, **ℵ**, **A**, **B** en **C\*** het “deur God”. Van al die baie variasies lyk hierdie een die mees ongewoon en moontlik die bron van al die ander. Die UBS<sup>4</sup> gee dit ‘n ‘A’-gradering (seker).

## OAV TEKS: 4:8-11

<sup>8</sup>Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie; <sup>9</sup>maar nou dat julle God ken, of liever deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? <sup>10</sup>Julle neem dae en maande en tye en jare waar. <sup>11</sup>Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het.”

**4:8 “Maar destyds, toe julle God nie geken het nie”** Hierdie is ’n PERFECTUM AKTIEWE DEELWOORD wat ’n gevestigde toestand beklemtoon. Alhoewel sommige skrifkenners probeer het om dit met ’n Joodse agtergrond te vereenselwig, pas dit veel beter by die konsep van die heidene wat as pagane vervreem was van God was (vgl. Ef. 2:12-13; Kol. 1:21). Dit is waar dat alle mense die potensiaal het om God te ken sowel deur skepping (vgl. Ps. 19:1-5 en Rom. 1:19-20) as deur innerlike morele getuienis (vgl. Rom. 2:14-15). Hierdie kennis word ‘natuurlike openbaring’ genoem, maar die Bybel voer aan dat ons almal, Jode en heidene, hierdie kennis verwerp het (vgl. Rom. 3:23).

‘Ken’ word in sy Hebreeuse sin van interpersoonlike, intieme, familieverhoudings gebruik sowel as in sy Griekse sin van kognitiewe inhoud, maar die fokus hier is op die Griekse gebruik, nes vers 9 op die Hebreeuse gebruik is.

▣ **“het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie”** Afgodery is geveins en nutteloos (vgl. Han. 17:29 en I Kor. 8:4-5). Nietemin, Paulus voer aan dat agter die geveinsdheid van afgodery, duiwelse aktiwiteite skuil (vgl. I Kor. 10:20; Openb. 9:20). Die mens se verslawing aan die demoniese word ook veronderstel in die WERKWOORD van I Kor. 12:2. Paulus verwys hier na een van verskeie moontlike dinge:

1. die *stoicheia* van verse 3 en 9
2. pagaanse afgode
3. demone agter pagaanse afgode
4. die Joodse wet wat deur sy wettiesheid en ritualisme JHWH vervang het

**4:9 “maar nou dat julle God ken, of liever deur God geken is”** Die tydspek in vers 8 is in teenstelling met vers 9. In vers 9 gebruik Paulus nog ’n sterk, retoriese vraag soos hy in 3:1-5,19,21 en 4:15 gedoen het. “Ken” (*ginōskō*) in vers 9 is ’n ander en moontlik meer betrokke Griekse woordkeuse as die term wat in vers 8 gebruik word (*oída*), hoewel dit moeilik is om die onderskeid te tref in Koine Grieks. Hierdie term dra teologies die Hebreeuse konnotasie van kennis as ’n interpersoonlike verhouding (vgl. Gen. 4:1; Jer. 1:5). Hulle nuwe verhouding was nie gebaseer op feite oor God nie, maar op God wat ’n nuwe verbond ingestel het deur Christus met diegene wat van hom vervreem is (vgl. Ef. 2:11-3:13).

- ▣ **OAV** “hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels”  
**NAV** “hoe val julle dan nou weer terug na daardie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls”  
**NASB** “how is it that you turn back again to the weak and worthless elemental things”  
**NKJV** “how is it that you turn again to the weak and beggarly elements”  
**NRSV** “how can you turn back again to the weak and beggarly elemental spirits”  
**TEV** “how is it that you want to turn back to those weak and pitiful ruling spirits”  
**NJB** “how can you want to go back to elemental things like these, that can do nothing and give nothing”

Dit is ’n TEENWOORDIG AKTIEWE INDIKATIEF in ’n Griekse term wat die OT-konsep van berou (*shuv*, BDB 996) weerspieël (inking). Hierdie vers bevat die woord *stoicheia*, ook in 4:3. Hulle het die slawerny van paganisme verruil vir die slawerny van Judaïsme as ’n verlossingsmiddel. Sowel Judaïsme as paganisme is onderwerp aan die *stoicheia* (sien aantekening by vers 8)! Hierdie gevalle wêreldstrukture is heeltemal onvanpas om verlossing te bewerkstellig.

Die *stoicheia* word beskryf as ‘swak en armoedig’, wat parallel is tot Kol. 2:15,20.

**4:10 “Julle neem dae en maande en tye waar”** Hierdie is ’n TEENWOORDIGE MIDDELINDIKATIEF wat voortdraende aksie voorstel, in hierdie geval, ’n persoonlike, noukeurige geloofsobservasie—’n verwysing na die Joodse geloofskalender (vgl. Kol. 2:16). Hierdie Galasiërs het een geloofskalender (pagaans) vir ’n ander (Joods) verruil. Paulus se begrip van die evangelie het hom in staat gestel om die waarheid in verskillende situasies toe te pas. Die situasie in die Galasiese kerke het geveg dat Paulus wettiesheid en werke-geregtigheid teenstaan. Nietemin, in Romeine 14 moedig Paulus gelowiges sterk aan om nie swakker gelowiges wat sekere dae heilig te veroordeel nie (vgl. Rom. 14:5-6). In Galasiërs is dit ’n geval van die gepaste begrip van die evangelie, in Romeine gaan dit om Christen-vertrouensvriendskap (vgl. I Kor. 8,10).

- 4:11** **OAV** “Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het.”  
**NAV** “Ek vrees my harde werk aan julle was dalk tevergeefs”  
**NASB** “I fear for you, that perhaps I have labored over you in vain”  
**NKJV** “I am afraid for you, lest I have labored for you in vain”  
**NRSV** “I am afraid that my work for you may have been wasted”  
**TEV** “I am afraid for you! Can it be that all my work for you has been for nothing”  
**NJB** “You make me feel I have wasted my time with you”

Verskeie moderne weergawes vertaal hierdie vers as ’n verwysing na Paulus se bearbeiding onder die Galasiese kerke (vgl. JB en Revised English Bible). Hierdie vers kan egter verband hou met Paulus se kommer vir die Galasiese gelowiges self (vgl. TEV). Daar is twee moontlikhede:

1. Paulus was nie besig om hulle verlossing te betwyfel nie, maar eerder van hoeveel nut hulle sou wees daarin om die radikaal vrye evangelie te versprei, uit te leef en te geniet
2. Paulus was bang dat hulle besig was om die genade te verwerp vir menslike inspanning (vgl. 3:4; 5:2-4)

### OAV TEKS: 4:12-20

<sup>12</sup>Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle. Julle het my geen onreg aangedoen nie; <sup>13</sup>maar julle weet dat ek ten gevolge van krankheid van die vlees die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het; <sup>14</sup>en julle het my beproewing in my vlees nie verag of verfoei nie, maar julle het my ontvang as 'n engel van God, ja, as Christus Jesus. <sup>15</sup>Wat was dan julle saligprysing? Want ek getuig van julle dat julle, as dit moontlik was, jul oë uitgegrawe en vir my sou gegee het. <sup>16</sup>Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel? <sup>17</sup>Hulle ywer vir julle is nie goed nie, maar hulle wil ons buitensluit, sodat julle vir hulle kan ywer. <sup>18</sup>Dit is goed as daar altyd geywer word in 'n goeie saak en nie alleen wanneer ek by julle teenwoordig is nie. <sup>19</sup>My kinders, vir wie ek weer in barensood is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry. <sup>20</sup>EN ek sou wens om nou by julle teenwoordig te wees en my stem te verander, want ek is buite raad met julle.

**4:12 “Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle”** Hierdie WERKWOORD is 'n TEENWOORDIGE MIDDEL (deponent) IMPERATIEF. Die vers word op verskeie maniere verklaar:

1. Die Williams-vertaling lees “take my point of view”. Paulus het hulle gevra om sy siening van regverdiging deur geloof aan te neem omdat hy ook voorheen hulle huidige neigings van regverdiging deur werke aanvaar het (Judaïsme).
2. Sommige sê dat: “want ek is ook soos julle” 'n verwysing is na I Kor. 9:19-23, waar Paulus aanvoer dat hy alle dinge geword het vir alle mense om sodoende 'n aantal van hulle oor te haal. Wanneer hy saam met Jode was, het hy geleef soos 'n Jood. Wanneer hy saam met heidene was, het hy geleef soos 'n heiden. Tog het hy inderwaarheid die wet as verlossingsmiddel verwerp. Hy was buigsaam oor die metode, maar nie oor die boodskap nie.

“Broeders” toon Paulus se oorskakeling tot 'n nuwe onderwerp. Verder het die aanspreekvorm “broeders” die slag van sy swaar kritiek verminder (vgl. vers 19; 1:11; 3:15).

■ **“Julle het my geen onreg aangedoen nie”** Sommige dink hierdie frase druk 'n negatiewe stelling uit wat impliseer dat hulle hom in die verlede geen leed berokken het nie, maar nou wel doen. Ander lees dit as 'n positiewe uitdrukking van sy waardering vir die Galasiëse kerke se oorspronklike aanvaarding van hom en sy boodskap. Hierdie frase behoort saam met verse 13-15 gelees te word.

**4:13 “ten gevolg van krankheid van die vlees die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het”** Die verwysing na 'n ‘eerste keer’ impliseer 'n tweede keer voor hierdie brief geskryf is. Die frase mag egter idiomaties ‘formeel’ beteken, soos in I Tim. 1:13. Paulus het na die kerke in Galasië gegaan:

1. om te herstel van die een of ander siekte;
2. as gevolg van 'n siekte moes hy daar aandoen en vir 'n tyd lank vertoef.

Op grond van (1) verse 14-15; (2) saam met 6:11; en (3) II Kor. 12:1-10 glo ek persoonlik Paulus verwys na die ‘doring in sy vlees’, 'n fisiese toestand. Met die kombinasie van hierdie verse blyk dit vir my die een of ander oogprobleem te wees wat moontlik tydens sy Damaskuspad-ervaring begin het (vgl. Han. 9) en vererger is deur die siektes van die eerste eeu. Paulus se gedeeltelike blindheid is moontlik deur die afgryslike oogaandoening, oftalmie, veroorsaak.

Vir ‘siekte’ (letterlik: ‘swakheid van vlees’) sien Vir Spesiale Aandag by 1:16.

<b>4:14</b>	<b>OAV</b>	<b>“en julle het my beproewing in my vlees nie verag of verfoei nie”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“En al was my toestand vir julle 'n versoeking om my te verag of selfs te verfoei, het julle dit nie gedoen nie”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“and that which was a trial to you in my bodily condition you did not despise or loathe”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“And my trial which was in my flesh you did not despise or reject”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“though my condition put you to the test, you did not scorn or despise me”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“But you did not despise or reject me, even though my physical condition was a great trial to you”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“you never showed the least sign of being revolted or disgusted by my disease that was such a trial to you”</b>

Baie Jode en heidene sou Paulus se siekte as 'n veroordeling van God gesien het. Die feit dat Paulus binne God se wil was en tog ook siek, dwing ons om die verwantskap tussen sonde en siekte te heroorweeg (vgl. Johannes 9; Job en Psalm 73).

Hierdie twee WERKWOORDE roep skerp beelde op. Die eerste beteken ‘om niks werd te ag’. Die tweede beteken ‘om uit te spoeg’. Die gebruik van die tweede WERKWOORD is die rede hoekom sommige Paulus se siekte met die Antieke Nabye-Ooste se bygeloof oor ‘die bese oog’ (vgl. 3:1) verbind. Die magiese kuur was om te spoeg en daardeur jouself teen die spreuk te beskerm, moontlik met verwysing na (1) 'n sigbaar ongewone oog of (2) 'n wilde blik (epilepsie).



■ **“julle het my ontvang as ’n engel van God, ja, as Christus Jesus”** Met hierdie sterk stelling insinueer Paulus dat hulle die boodskap van God opreg deur hom ontvang het, tesame met groot respek vir die dienaar wat dit gebring het. Die NJB vertaal die frase as “boodskapper van God”. Die woord vir ‘engel’ in Hebreeus en Grieks beteken ook ‘boodskapper’.

**4:15** OAV “Wat was dan julle saligprysing?”  
NAV “Julle was so gelukkig daarvoor. Wat het nou daarvan geword?”  
NASB “Where then is that sense of blessing you had”  
NKJV “What then was the blessing you enjoyed”  
NRSV “What has become of the goodwill you felt”  
TEV “You were so happy! What has happened”  
NJB “What has become of this enthusiasm you had”

Met hierdie retoriese vraag wil Paulus weet waar die oorspronklike, positiewe gevoelens wat die Galasiërs teenoor hom gehad het, heen verdwyn het. Die Phillips-vertaling lees: “What has happened to that fine spirit of yours?”

■ **“dat julle, as dit moontlik was, jul oë uitgegrawe en vir my sou gegee het”** Hierdie TWEDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN behoort verstaan te word as: ‘As julle julle oë uitgepluk het, wat julle nie het nie, sou julle dit vir my gegee het, wat julle nie het nie.’ Hierdie lesing ondersteun die teorie dat Paulus se doring in die vlees (vgl. II Korintiërs 12) sy oogsiekte was.

**4:16 “Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel?”** Paulus kontrasteer hulle radikale gemoedsverandering teenoor hom met hulle gemoedsverandering teenoor die evangelie.

**4:17-18** Twee probleme doen hulself voor in die verklaring van verse 17 en 18: (1) die betekenis van die gebruik van ‘ywer’ en (2) die dubbelsinnige onderwerp in vers 18. Verwys dit na (1) Paulus of (2) die Galasiëse kerke? Met hierdie tipe dubbelsinnigheid is ’n dogmatiese verklaring onvanpas, maar die algemene sin van die passasie word nie geaffekteer nie. Die verjoodsers wou hê dat die Galasiërs slegs vir hulle moet volg en hulle moet waardeer soos hulle voorheen vir Paulus waardeer het.

**4:17** OAV “Hulle ywer vir julle”  
NAV “Daardie mense se ywer vir julle”  
NASB “They eagerly seek you”  
NKJV “They zealously court you”  
NRSV “They make much of you”  
TEV “Those other people show a deep concern for you”  
NJB “The blame lies in the way they have tried to win you over”

Letterlik lees dit ‘hulle is jaloers oor julle’. Dit moet ’n verwysing wees na die valse leraars, veral in die konteks van die volgende frase: “nie goed nie”. ‘Ywer’, van die wortel, ‘om te brand’, het twee konnotasies in Koine Grieks: (1) die gevoel tussen jong geliefdes en (2) jaloerie van ’n ander. Hierdie sterk emosies kenmerk die aktiwiteit van die soetsappige valse leraars teenoor die Galasiëse kerke, maar hulle aktiwiteit vind sy oorsprong in selfsug.

■ OAV “maar hulle wil ons buitesluit, sodat julle vir hulle kan ywer”  
NAV “hulle wil julle van my losmaak sodat julle julle vir hulle saak sal beywer”  
NASB “but they wish to shut you out so that you will seek them”  
NKJV “they want to exclude you, that you may be zealous for them”  
NRSV “they want to exclude you, so that you may make much of them”  
TEV “All they want is to separate you from me, so that you will have the same concern for them as they have for you”  
NJB “by separating you from me, they want to win you over to themselves”

Die valse leraars was jaloers op die emosie wat die Galasiëse kerke Paulus gewys het (vgl. verse 13-15). Hulle wou vir Paulus vervreem sodat hulle sy plek kon inneem! Dit verduidelik dalk vers 18.

**4:18** Paulus was geskok dat diegene wat so vriendelik en besorgd was oor hom so dramaties vyandig geword het (vgl. vers 16). In die konteks van verse 13-20 pas hierdie verklaring die beste.

**4:19 “my kinders, vir wie ek weer in barensnood is”** Paulus gebruik dikwels familiële metafore vanweë hulle konnotasie van warmte en besorgdheid. Hy noem homself ’n vader in I Kor. 4:15 en I Tess. 2:11 en hier, ’n moeder (vgl. I Tess. 2:7). Paulus was moontlik besig om die punt te maak dat hy die ware geestelike ouer van die Galasiërs was, nie die verjoodsers nie.

■ **“totdat Christus in julle ’n gestalte verkry”** “Gestalte verkry” [Griekse wortel, *morphē*] is in ’n mediese sin gebruik vir ’n fetus se ontwikkeling. *Morphē* kon verwys na die blywende karakter van iets. Hierdie teks verwys na hulle volwassenheid in Christus (vgl. Ef. 4:13), of in ander woorde, hulle Christusgesindheid (vgl. Rom. 8:28-29; II Kor. 3:18; 7:1; Gal. 4:19; Ef. 1:4; 4:13; I Tess. 3:13; 4:3,7; 5:23; I Pet. 1:15). Dit beteken nie noodwendig twee verskillende ervarings

van die Christenlewe—verlossing en volwassenheid—nie, en tog weet ons almal volwassenheid is ’n ontwikkelingservaring.

Paulus toon dat sy motiewe vir lering en prediking aan die Galasiese kerke heeltemal verskil het van dié van die selfgesentreerde valse leraars.

**4:20 “ek sou wens om nou by julle teenwoordig te wees en my stem te verander”** Paulus wens hulle kon die vaderlike sorg wat hy vir hulle gevoel het aanvoel. Sy hart was aan die brand vir hulle, hoewel die gedrukte bladsy koud en hardvogtig voorgekom het.

■ OAV	“want ek is buite raad met julle”
NAV	“Ek is werklik besorg oor julle”
NASB, NKJV	“for I am perplexed about you”
NKJV	“for I have doubts about you”
TEV	“I am so worried about you”
NJB	“I have no idea what to do for the best”

Die Griekse woord vir ‘weg’ met die ALFA PRIVATIEF kan op ten minste twee maniere vertaal word:

1. die Lewende Bybel lees: “I frankly don’t know what to do”
2. die Phillips-vertaling lees: “I honestly don’t know how to deal with you”

Hierdie verskillende idiomatiese vertalings druk die frustrasie van Paulus in sy onderhandelinge met hierdie Galasiese kerke uit.

### OAV TEKS: 4:21-5:1

<sup>21</sup>Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie? <sup>22</sup>Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. <sup>23</sup>Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. <sup>24</sup>Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar; <sup>25</sup>want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny. <sup>26</sup>Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal. <sup>27</sup>Want daar is geskrywe:

Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie;  
breek uit en roep, jy wat geen barensood het nie,  
want die kinders van die eensame is meer  
as van haar wat ’n man het.

<sup>28</sup>Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte; <sup>29</sup>maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolgt het, so is dit nou ook. <sup>30</sup>Maar wat sê die Skrif?

Werp die slavin en haar seun uit,  
want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie.

<sup>31</sup>Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye. <sup>5:1</sup>STAAN dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie.

**4:21 “Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my”** Paulus het die geskrifte van Moses gebruik om denkfoute gebaseer op Moses te beveg. Hierdie verse dra die gedagte van vers 7 voort. Verse 8-20 is nog ’n persoonlike, emosionele pleidooi deur Paulus. Die konsepte van ‘seunskap’ en ‘erfgenaar’ in 4:7 en ‘saad’ in 3:15-18 is die antesedente tot hierdie tipologie.

**4:22 “dat Abraham twee seuns gehad het”** Abraham het meer as twee seuns gehad, maar dié waarvan daar hier gepraat word, word teenoor mekaar gestel: sy eerste seun, Ismael, opgeteken in Genesis 16, en sy tweede seun, Isak, opgeteken in Genesis 21. Die hele punt van die tipologie is dat een natuurlikerwys gebore is van ’n slawemeisie en die ander deur bonatuurlike middele gebore is volgens God se belofte van ’n vrye vrou, sy eggenote. Die klem val deurgaans in hierdie konteks, soos in vers 23, op die belofte van God in teenstelling met menslike inspanning.

**4:23-24** Die Jode sou saam met Paulus se tipologie gestem het tot en met vers 23 waar hy sê dat die Jode, in die sin van menslike inspanning, eintlik die afstammeling van Ismael was, terwyl die kerk die ware afstammeling van Sara was vanweë die belofte.

<b>4:24</b>	OAV	“sinnebeelde”
	NAV	“figuurlik”
	NASB	“allegory”

Hierdie is nie “sinnebeelde” soos gebruik deur Filus, Clemens of Origenes nie, maar eerder tipologie. Paulus het die huidige situasie ooreenkomstig geag met die twee kinders van Abraham; een deur sosiale gebruik, een deur heilige belofte. Een stem ooreen met werkeregverdiging (Ismael), die ander met vrye genade (Isak)! Vir Paulus kon die wet nie red nie, maar het inderdaad ’n doodsvonniss uitgespreek oor ’n sondige mensdom, geword (vgl. Kol. 2:14). Slegs in Christus kon ware verlossing gevind word. Die kern van OT-geloof word nie aangetref in die Mosaïese wet nie, maar in Abraham se geloof.

## VIR SPESIALE AANDAG: TIPOLOGIE

Filus en die vroeë kerk se gebruik van allegorie en Paulus se gebruik van dieselfde tegniek verskil noemenswaardig. Die vorige het die historiese agtergrond heeltemal geïgnoreer en het sodoende lerings ontwikkel wat glad nie deel was van die oorspronklike skrywer se bedoeling nie. Paulus se benadering word beter gekarakteriseer as tipologie. Paulus veronderstel die geskiedkundige milieu van Genesis en die eenheid van die ou en nuwe verbonde, en was dus in staat om op die ooreenkomste tussen die twee voort te bou aangesien hulle een skrywer het—God. In hierdie spesifieke konteks vergelyk Paulus die Abrahamiese verbond en die Mosaïese verbond en maak dit van toepassing op die nuwe verbond van Jer. 31:31-34 en die NT.

Vier verwantskappe in 4:21-31 is uitkenbaar:

1. die twee moeders staan vir twee families; een gevorm deur natuurlike middele, die ander deur bonatuurlike belofte
2. daar was spanning tussen hierdie twee moeders en hulle kinders, soos daar spanning was tussen die verjoodsers se boodskap en Paulus se evangelie
3. albei groepe het daarop aanspraak gemaak dat hulle afstammeling van Abraham was, maar een was vasgeketting deur die Mosaïese wet en die ander was vry in Christus se afgehandelde werk
4. twee berge word met hierdie onderskeie verbonde verbind, berg Sinai met Moses en berg Sion met Abraham. Berg Sion, of berg Moria, is waar Abraham Isak probeer offer het (vgl. Gen. 22), wat later Jerusalem geword het. Abraham was besig om vir 'n hemelse stad te soek (vgl. Heb. 11:10; 12:22; 13:14; Nuwe Jerusalem, Jes. 40-66), nie 'n aardse Jerusalem nie.

Paulus het moontlik hierdie tipologie gebruik, want

1. die valse leraars het dieselfde benadering tot hulle voordeel gebruik deur aan te voer dat hulle die ware saad van Abraham is
2. die valse leraars het moontlik 'n allegorie gebruik van Moses se geskifte om hulle Joodse verbondsteologie aan te help, dus gebruik Paulus die vader van die Joodse geloof, Abraham
3. Paulus het dit moontlik gebruik as gevolg van Gen. 21:9-10 wat aangehaal word in vers 30 en sê: “Jaag. . . weg” die natuurlike seun; in Paulus se analogie sou dit verwys na die verjoodsers
4. Paulus het dit moontlik gebruik as gevolg van die eksklusiwiteit van die Joodse valse leraars, spesifiek in hulle afkeur van die heidene; in Paulus se tipologie word die heidene aanvaar, en dié met selfvertroue in ras gesetel, word deur God verwerp (vgl. Mat. 8:11-12).
5. Paulus het dalk hierdie tipologie gebruik omdat hy ‘seunskap’ en ‘erfgenaamskap’ beklemtoon in hoofstukke 3 & 4. Dit was die hart van die argument: ons word tot die familie van God aangeneem deur Christus alleen, nie deur natuurlike afkoms nie.

**4:25 “Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië”** Daar is twee maniere om “staan vir die” te verklaar hier: (1) ‘dit verteenwoordig’ of (2) daar is die een of ander populêre etimologiese verband tussen Hagar en berg Sinai. Die naam ‘Hagar’ word baie soos die Hebreeuse term vir ‘rots’ gespel (metonomie vir berg). Die meeste skrifkenners kies opsie #1. Hagar staan vir die Mosaïese wet gegee op berg Sinai en, daardeur, Judaïsme.

Arabië was 'n baie breër geografiese area in Paulus se tyd as wat dit vandag is.

## VIR SPESIALE AANDAG: DIE LIGGING VAN BERG SINAI

- A. Indien Moses se bedoeling letterlik was toe hy Farao var oor die ‘drie dae reis’ en nie figuurlik nie (3:18; 5:3; 8:27) was dit nie genoeg tyd vir hulle om tot by die tradisionele ligging in die suidelike Sinai-peninsula te kom nie. Daarom plaas sommige skrifkenners die berg naby die oase van Kadesh-Barnea.
- B. Die tradisionele ligging, genaamd ‘Jebel Musa’ in die wildernis van sonde, het verskeie dinge wat in sy guns tel:
  1. 'n Groot vlakte voor die berg.
  2. Deuteronomium 1:2 sê dit was 'n elfdagreis van berg Sinai tot by Kadesh-Barnea.
  3. Die term ‘Sinai’ is 'n nie-Hebreeuse term. Dit hou moontlik verband met die wildernis van sonde, wat verwys na 'n klein woestynbos. Die Hebreeuse naam vir die berg is Horeb (d.w.s. wildernis).
  4. Berg Sinai was die tradisionele plek gewees dedert die vierde eeu n.C. Dit is in die ‘land van Midië’, wat 'n groot gedeelte van die Sinai peninsula en Arabië ingesluit het.
  5. Dit lyk of die argeologie die ligging van sommige van die stede genoem in die Eksodus-vertelling bevestig het (*Elim, Dophkah, Rephidim*) as aan die westekant van die Sinai peninsula geleë.
- C. Die Jode was nooit geïnteresseerd in die geografiese ligging van berg Sinai nie. Hulle het geglo God het vir hulle die wet gegee en sy belofte van Gen. 15:12-21 vervul. ‘Waar’ was nie die kwessie nie en hulle was nie van plan om na daardie plek terug te keer nie (d.w.s. geen jaarlikse pelgrimsreis nie).
- D. Die tradisionele grootte van berg Sinai was onbekend tot *Pilgrimage of Silvia* teen ongeveer 385-8 n.C. geskryf is (vgl. F. F. Bruce, *Commentary on the Book of the Acts*, bl. 151).

■ **“en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny”** Die metafoor hier is tussen die huidige sisteem van Judaïsme in Jerusalem gesentreer en die komende, eskatologiese stad, Nuwe Jerusalem. Hierdie stad wat nie met hande gebou is nie, bestaan vir ewig in die hemele (vgl. Heb. 11:10; 12:22; 13:14 en Openb. 21:2,10).

Let op dat Pulus die Jerusalem daar bo van toepassing maak op die kerk. NT-apostoliese geskryfte verander die fokus van die OT (Joods versus Grieks) na gelowiges versus ongelowiges. Die NT heroriënteer die geografiese beloftes van Palestina na die hemel (aardse Jerusalem versus hemelse Jerusalem). Dit is hierdie basiese fokusverandering wat die boek van Openbaring in staat stel om te verwys na (1) gelowiges, nie Jode nie of (2) ’n universele koninkryk, nie ’n Joodse koninkryk nie.

**4:26 “vry”** Vryheid verwys hier na die gelowige as vrygemaak van die verantwoordelikhede van sowel Judaïsme (d.w.s. vry van die vervloeking, vgl. 3:13) en paganisme (die *stoicheia*). Vryheid is nie verwant aan die gelowige se selfgerigtheid nie, maar

1. ons is vry om God te dien (vgl. Romeine 6)
2. ons is vry van die verskriklike tirannie van die gevalle self

Om dit anders te stel: gelowiges is vry ‘om te dien’ en vry van ‘self’. Dit is ’n tweeledige vryheid! Ons dien gewilliglik die Vader en die familie as seuns en dogters, nie slawe en dienaars nie!

**4:27** Dit is ’n aanhaling uit Jesaja 54:1. In konteks verwys dit na die herstel van die stad van Jerusalem ná die Babiloniese bannelingskap. Die nuwe Jerusalem word spesifiek in hoofstuk 65 en 66 vermeld. Paulus projekteer hierdie eskatologiese begrip in sy tipologie.

**4:28** Die gelowiges in die Galasiese kerke was die ware afstammeling van Abraham deur geloof (vgl. Rom. 2:28-29).

**4:29** Paulus assosieer alle ware volgelingen van Jesus met die twee ware afstammeling van Isak deur God se belofte. Hoewel die OT nie spesifiek vervolging noem nie (d.w.s. Joodse tradisie), noem dit nie Hagar se leedvermakerige houding teenoor kindlose Sara nie (vgl. Gen. 16:4-5), maar ook nie Sara se mishandeling van Hagar nie (vgl. Gen. 16:6). Die rabbyne interpreteer Gen. 21:9 as Ismael wat Sara en haar kind uitkoggel. Die Hebreeuse teks self lees ‘spend’ of ‘laggend’ (BDB 850, KB 1019). Paulus het moontlik verwys na die latere vyandigheid tussen Jode en heidene.

Die laaste frase van vers 29: “so is dit nou ook,” impliseer dat die fisiese afstammeling (d.w.s. kinders van die Mosaïese verbond) van Abraham steeds die geestelike kinders (d.w.s. geloofskinders) van Abraham vervolgt. Daar is konflik tussen die twee berge!

**4:30 “Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit”** Dit is ’n aanhaling uit Gen. 21:10 (Sara word aangehaal, *Peil-IMPERATIEF*, BDB 176, KB 204). Die Griekse WERKWOORD is ’n AORISTUS AKTIEWE IMPERATIEF wat ‘om die slavin te verdryf’ beteken en in die konteks van Galasiërs ‘skop die verjoodsers uit’ sou beteken!

Skrif word vermenslik (vgl. Joh. 7:42; Rom. 9:17; Gal. 3:8; 4:36; Jak. 2:23; 4:5). Dit is moontlik ’n metaforiese manier om te verwys na die Vader of die Gees wat praat, wat ’n manier sou wees om na ‘inspirasie’ te verwys (vgl. Mat. 5:17-19).

**4:31 “Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye”** Hierdie was die opsomming van die argument. Ons wat in Jesus Christus vertrou is volledige erfename van die Abrahamiese belofte en nie bloot diegene wat van rassige of natuurlike Israel is nie. Hierdie selfde waarheid word uitgedruk in Romeine 9:11.

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ’n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ’n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoekom het Paulus voortgegaan om ons seunskap in Christus te beklemtoon?
2. Wat is die drievuldige klem van vers 4 in verband met die persoon van Jesus?
3. Wat is die verhouding tussen verse 8 en 9 in terme van ons kennis van God of ons wat geken word deur God?
4. Wat is die betekenis van die frase: ‘the world’s crude notion’ of ‘*stoicheia*’? Verduidelik.
5. Wat was Paulus se doring in die vlees wat oënskynlik na verwys word in verse 14-15?
6. Hoekom moet ons versigtig wees vir allegoriese interpretasies? As Jesus en Paulus dit gebruik het, hoekom kan ons nie?
7. Verduidelik in jou eie woorde hoe vers 9 in verband staan met verse 6 en 7.

# GALASIËRS 5

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>d</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
(4:21-5:1)		A Final Proof (4:21-5:1)			(4:21-5:1)
Christian Freedom	Christian Liberty	The Nature of Christian Liberty	Preserve Your Freedom	Christian Liberty	Die Christelike vryheid
	5:1-6		5:1	5:1	
5:2-6		5:2-6	5:2-6	5:2-6	5:2-6
	Love Fulfills the Law				
5:7-12	5:7-15	5:7-12	5:7-10 5:11-12	5:7-12  Liberty and Love	5:7-10 5:11-12 Die Gees van God en ons sondige natuur
5:13-15		5:13-15	5:13-15	5:13-15	5:13-15
The Fruit of the Spirit and the Works of the Flesh	Walking in the Spirit				
5:16-21	5:16-26	5:16-21	5:16-18 5:19-26	5:16-24	5:16-18 5:19-21
5:22-26		5:22-26		5:25-26	5:22-26

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegids kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Hoofstuk 5 artikuleer die belangrike praktiese element van Paulus se regverdiging uit genade deur geloof. Die verjoodsers was bekommerd dat die heiden-Christene nie sou konformeer tot hulle opvattinge van Mosaïese godvresendheid nie en het daarom probeer om die OT-regulasies op hulle af te dwing. Paulus was egter ewe gemoeid met godsvrug, maar hy bevestig dat dit nie 'n gevolg is van eksterne reëls nie, maar van 'n veranderde hart (d.w.s. interne begeleiding, vgl. Jer. 31:33; Eseg. 36:26-27). Dit is korrek om te sê dat die verjoodsers al die elemente van ware velossing gehad het, maar in omgekeerde volgorde. Hulle het gevoel dat die mensdom se optrede lei tot, of bewys lewer van, 'n aanvaarbare stand met God. Die evangelie van die gekruisigde Christus toon egter dat dit 'n persoonlike verhouding met Christus uit geloof is wat lei tot 'n lewe van heiligheid deur dankbaarheid. Die nuwe lewe in Christus is nie die basis van regstandigheid met God nie, maar die bewys daarvan. Paulus was ook begaan oor die kinders van God se morele, opregte, diensbare lewens. Hoofstuk 5 handel oor hierdie morele imperatief.
- B. Die tema van vryheid word uitgedruk in hoofstuk 5 met betrekking tot twee verskillende verdraaiings:

1. Verse 1-12 hanteer die wettiese (menslike meriete) verdraaiings van vryheid
2. Verse 13-15 hanteer die antinomiese (wetteloosheid) verdraaiing van vryheid (vgl. Rom. 14:1-15:13; I Kor. 8; 10:23-33)

- C. Hierdie boek kan 'n boodskap van absolute vrye genade genoem word. Paulus het 'n unieke begrip van die probleme van eie-inspanning gehad (d.w.s. verse 1-12). Sy evangelie was 'n roep na vryheid, maar nie 'n vryheid wat lei tot goedgekeurde oormaat nie (d.w.s. 13-15), maar een wat lei tot liefdevolle diens. In ons dag is dit vir ons nodig om die balans te sien tussen gelowiges se radikale vryheid in Christus en hulle gevolglike vryheid om gepas op God se vrye liefdegawe te reageer (vgl. Romeine 6). Romeine 14:1-15:13 is 'n uitmuntende voorbeeld van die Bybelse balans tussen vryheid en verantwoordelikheid, nes I Korintiërs 8-10. Hy (die Gees) gee ons die mag om godvresende lewens te lei.
- D. Verse 16-26 wys ons die bonatuurlike bron van Christenvryheid wat die Heilige Gees is. As verlossing 'n vrye daad van God se liefde deur Christus is, dan is die Christelike lewe deur die Gees dit ook. As gelowiges boetvaardig en gelowig moet kniel voor verlossing moet hulle dit ook boetvaardig en gelowig doen voor die voortdurende leierskap van die Heilige Gees in hulle daaglikse lewens. Regverdiging begin 'n proses; dit dien nie as slot nie!

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 5:1

**<sup>1</sup>STAAN dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie.**

- 5:1 OAV — (sien voetnota<sup>5</sup>)**  
**NAV “(Christus het ons vry gemaak) om werklik vry te wees”**  
**NASB “It was for freedom”**

Die eerste frase van 5:1 pas waarskynlik by 4:21-31 of begin 'n nuwe paragraaf (NKJV, TEV, NJB). Dit kan 'n woordspel op 'vrye vrou', 4:30,31; 'vryheid', 5:1; en 'vry', 5:1 wees. Die doel van die evangelie is om mense van die vervloeking van die Mosaïese wet te bevry sodat hulle gewillig en gepas kan reageer op God by wyse soortgelyk aan God se belofte aan Abraham. Daarom is gelowiges vry om nie te sondig nie en vry om te lewe vir God (vgl. 2:4 en Romeine 6, veral vers 11).

Die NAAMWOORD 'vryheid' word eerste geplaas en die WERKWOORD van dieselfde wortel word gebruik ('vrygemaak', AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF) om die konsep te beklemtoon!

- ☐ **OAV —**  
**NAV “Christus het ons vry gemaak om”**  
**NASB “that Christ set us free”**

Christene is waarlik vry in Christus (vgl. Joh. 8:32,36; II Kor. 3:17). Soos Martin Luther so goed gestel het: “'n Christenman is die vryste heer van almal, onderwerp aan niemand. 'n Christenman is die mees pligsgetroue dienaar van almal, onderwerp aan almal.” Gelowiges is vry van die val, vry van die tirannie van die self, weer vry om God en ander te dien!

- ☐ **OAV “STAAN dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie”**  
**NAV “Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie”**  
**NASB “therefore keep standing firm and do not be subject again to a yoke of slavery”**  
**NKJV “Stand fast therefore in the liberty by which Christ has made us free, and do not be entangled again with a yoke of bondage”**  
**TEV “Stand, then, as free men, and do not allow yourselves to become slaves again”**  
**NRSV, JB “Stand firm therefore, and refuse to submit again to the yoke of slavery”**

Paulus het twee vermanings uitgespreek in die lig van gelowiges se ware vryheid in Christus:

1. dat hulle volhard (vgl. Rom. 5:2 en I Kor. 16:13; sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 3:4)
2. dat hulle ophou terugkeer na ander vorme van wettiesheid of eie inspanning

Albei van hulle is TEENWOORDIGE IMPERATIEWE, maar die tweede het die NEGATIEWE DEELWOORD wat gewoonlik beteken om 'n aksie wat reeds sy aanvang geneem het, te stop.

'n Goeie parallel vir die 'juk van slawerny' word aangetref in Han. 15:10. Jesus het ook 'n juk, maar syne dra maklik (vgl. Mat. 11:29-30). Die rabbyne het 'juk' gebruik as 'n metafoor vir die stipulasies van die wet. Die 'wet van Christus' is heeltemal anders as die wet van Judaïsme of menslike meriete (vgl. Jak. 1:25 en 2:8,12).

<sup>5</sup> Die OAV laat hierdie frase sowel as die volgende heeltemal uit – vert.

## OAV TEKS: 5:2-12

<sup>2</sup>Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie. <sup>3</sup>En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou. <sup>4</sup>Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval. <sup>5</sup>Want óns verwag deur die Gees uit die geloof die geregtigheid waarop ons hoop. <sup>6</sup>Want in Christus Jesus het nóg [sic] die besnydenis nóg [sic] die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk. <sup>7</sup>Julle het goed geloop; wie het julle verhinder om die waarheid gehoorsaam te wees? <sup>8</sup>Hierdie oortuiging kom nie van Hom wat julle roep nie. <sup>9</sup>'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur. <sup>10</sup>Ek vertrou van julle in die Here dat julle nie anders sal dink nie; maar die een wat julle in die war bring, sal die oordeel dra, wie dit ook mag wees. <sup>11</sup>Maar ek, broeders, as ek nog die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolgt? Dan is die struikelblok van die kruis vernietig! <sup>12</sup>Ag, as die wat julle opstandig maak, hulleself tog maar ook wou vermink!

5:2	OAV, NAV	“Kyk, ek, Paulus, sê vir julle”
	NASB	“Behold I, Paul, say to you”
	NKJV	“Indeed I, Paul, say to you”
	NRSV	“Listen! I, Paul, am telling you”
	TEV	“Listen! I, Paul, tell you this”
	NJB	“It is I, Paul, who tells you this”

Dit is die IMPERATIEWE VORM van ‘kyk’ met die sterk PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD (*egō*). “[E]k, Paulus” toon die gesaghebbende klem van Paulus se opmerkings. Paulus, die apostel tot die heidene, gee openbarende inligting!

■	OAV	“dat as julle jul laat besny”
	NAV	“As julle julle laat besny”
	NASB	“that if you receive circumcision”
	NKJV	“that if you become circumcised”
	NRSV	“that if you let yourselves be circumcised”
	TEV, NJB	“if you allow yourselves to be circumcised”

Hierdie is 'n DERDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN wat potensiele aksie aandui. Dit sou voorstel dat die Galasiëse Christene nog nie besny is nie, maar wel neigings toon om hulself te onderwerp aan die nuwe voorwaardes om verlossing te verkry (of ten minste perfeksie, vgl. 3:1) van die verjoodsers. Tog was besnydenis nie die fundamentele kwessie nie (vgl. vers 6; I Kor. 7:18-19). Besnydenis was slegs een aspek van die hele Joodse sisteem van werke-geregtigheid. Paulus het Timoteus in Han. 16:3 besny sodat hy onder die Jode kon bedien. Maar Paulus herhaal dat dit besnydenis van die hart is (vgl. Deut. 10:16; Jer. 4:4), nie die liggaam nie (vgl. Rom. 2:28-29; Kol. 2:11). Die kwessie was nie besnydenis nie, maar hoe 'n persoon tot regstandigheid met God gebring word (vgl. vers 4).

■ “Christus vir julle tot geen nut sal wees nie” Paulus kontrasteer twee maniere om regstandig te wees met God: (1) menslike inspanning en (2) vrye genade. Die tema van die hele paragraaf is dat hierdie twee maniere onverenigbaar was: om menslike inspanning te kies is om vrye genade te ontken; om vrye genade te kies is om menslike dade uit te sluit. Die twee kan nie vermeng word as basis vir verlossing nie, soos Gal. 3:1-5 duidelik toon.

**5:3 “dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou”** Indien die verkose weg een van menslike inspanning is, dan moet hy volkome gehoorsaam wees daaraan vanaf die ouderdom van morele verantwoordbaarheid (*bar-mitzvah*, ouderdom van 13 vir seuns, *bath-mitzvah*, ouderdom van 12 vir meisies) tot die dood (vgl. Deut. 27:26; Gal. 3:10; Jak. 2:10). Die Bybel voer aan dat aangesien niemand dit nog ooit kon doen nie (behalwe Jesus), elkeen in die kategorie van wetsoortreders en sondaars val (vgl. Rom. 3:9-18,22-23; 5:8 en 11:32).

**5:4 “wat geregverdig wil wees deur die wet”** Die teologiese tema van hoofstuk 3 en 4 is dat ons aanvaarding deur God uitsluitlik gebaseer is op sy karakter, die bemagtigende Gees, en die werk van sy Messias. Dit is die kern van Paulus se radikale, nuwe evangelie van regverdiging uit genade deur geloof alleen (vgl. Romeine 4-8).

■	OAV	“is losgemaak van Christus”
	NAV	“julle het julle band met Christus verbreek”
	NASB	“You have been severed from Christ”
	NKJV	“You have become estranged from Christ”
	NRSV	“You. . .have cut yourselves off from Christ”
	TEV	“have cut yourselves off from Christ”
	NJB	“you have separated yourselves from Christ”

Hierdie Griekse WERKWOORD ('n AORISTUS PASSIEWE INDIKATIEF van *katargeō*) word op baie maniere vertaal: (1) om nutteloos te maak; (2) om magteloos te maak; (3) om onproduktief te maak; (4) nie-winsgewend; (5) leeg; (6) kanselleer; (7) van nul en gener waarde te maak; (8) tot 'n einde te bring; (9) uitwis; of (10) losmaak van. Dit word meer as twintig keer deur Paulus gebruik. Sien Vir Spesiale Aandag by 3:17. Mens kan sien dat sommige van die geur van Gal. 3:17 (om te verban) en 5:11 (om te kanselleer). Indien jy probeer om regstandig met God te word deur menslike inspanning, sny jy jouself af van genade-geregtigheid as 'n middel tot verlossing (vgl. 5:12)!

1. in 'n aanvanklike verlossing (toe die Galasiërs die eerste keer die evangelie ontvang het)
2. in 'n werke-georiënteerde lewe (toe die Galasiërs dit oorweeg het om die Mosaïese wet opnuut na te streef)

■ OAV	“julle het van die genade verval”
NAV	“julle het die genade van God verbeur”
NASB, NKJV, NJB	“you have fallen from grace”
NRSV	“you have fallen away from grace”
TEV	“You are outside God’s grace”

Diegene wat deur menslike inspanning toenadering soek tot God verloor die vrye genade-benadering wat gevind word in die afgehandelde werk van die gekruisigde Messias. Hierdie konteks handel nie hoofsaaklik oor die moderne teologiese vraagstuk oor die moontlikheid van diegene wat verlossing gehad het en dit nou verloor het nie, maar oor hoe mense verlossing vind. Nietemin, let op dat verlossing 'n aanvanklike en 'n voortdurende reaksie verg. Dit is 'n punt en 'n proses en albei verg genade en geloof. Albei is noodsaaklik (vgl. vers 7).

Paulus was in sy brief besig om wettiesheid met verlossing te verbind. Vandag betref die meeste van die dogma in die kerk die Christenlewe (vgl. Gal. 3:1-3). Die meeste wettiese Christene is soos die ‘swak broeders’ van Rom. 14:1-15:13. Hulle kan nie die vryheid en liberalisering van die evangelie aanvaar nie. Hulle is nie vertrouend in hulle optrede vir verlossing nie, maar is bang hulle sal God op 'n manier beledig. Hierdie houding mik egter veroordelende kritiek teen ander gelowiges uit. Dieselfde tipe verbreking van vertrouensvriendskap wat in die Galasiëse kerke plaasvind, vind vandag nog in kerke plaas.

■ Op hierdie stadium in die bespreking van 'n volledig vrye-, maar kos-alles-verlossing wil ek graag drie Vir Spesiale Aandag-onderwerpe noem. Die eerste gaan oor verlossing as 'n proses, die tweede oor verlossing as 'n verhouding vir die res van jou lewe en die derde met die teologiese kwessie van afvalligheid. Sien Vir Spesiale Aandag: Griekse Werkwoordtye Gebruik vir Verlossing by 1 Tess. 5:9.

## VIR SPESIALE AANDAG: VOLHARDING

Bybelse leerstellings in verband met die Christelike lewe is moeilik om te verklaar omdat hulle in tipies Oosterse dialektiese pare aangebied word. Hierdie pare is oënskynlik weersprekend van aard (paradoksaal), maar beide is Bybelse waarhede. Westerse Christene is geneig om selektief een kant van die waarheid te oorbeklemtoon ten koste van die ander kant. Byvoorbeeld:

1. Is verlossing 'n eenmalige besluit om Christus daarvoor te vertrou, of is dit toegewyde dissipelskap lewenslank?
2. Is verlossing die genadige uitverkiesing van 'n almagtige God of is dit die mens se gelowige en berouvolle aanvaarding van 'n goddelike genade-aanbod?
3. Is verlossing, wanneer dit aanvaar is, onmoontlik om te verloor, of is daar 'n vereiste van volgehoue toewyding?

Die kwessie van volharding was 'n geskilpunt regdeur die geskiedenis van die kerk. Die probleme ontstaan met oënskynlik weersprekende gedeeltes in die NT.

1. Teksgedeeltes oor sekerheid
  - a. uitsprake van Jesus (vgl. Joh. 6:37; 10:28-29)
  - b. uitsprake van Paulus (vgl. Rom. 8:35-39; Ef. 1:13; 2:5, 8-9; Fil. 1:6; 2:13; II Tes. 3:3; II Tim. 1:12; 4:18)
  - c. uitsprake van Petrus (I Pet. 1:4-5)
2. Teksgedeeltes oor die noodsaaklikheid van volharding
  - a. uitsprake van Jesus (vgl. Mat. 10:22; 13:1-9,24-30; 24:13; Mark. 13:13; Joh. 8:31; 15:4-10; Openb. 2:7,17, 20; 3:5,12,21)
  - b. uitsprake van Paulus (vgl. Rom. 11:22; I Kor. 15:2; II Kor. 13:5; Gal. 1:6; 3:4; 6:9; Fil. 2:12; 3:18-20; Kol. 1:23)
  - c. uitsprake van die skrywer van Hebreërs (vgl. 2:1; 3:6,14; 6:11)
  - d. uitsprake van Johannes (I Joh. 2:6; II Joh. 9)
  - e. uitspraak van die Vader (Openb. 21:7)

Bybelse verlossing vloei voort uit die liefde, barmhartigheid en genade van 'n soewereine Drie-enige God. Geen mens kan gered word sonder die inisiatief van die Gees nie (vgl. Joh. 6:44,65). Godheid lei die gebeure en bepaal die verloop van sake, maar vereis dat mense antwoord in geloof en met berou, beide aanvanklik en voortdurend. God werk met die mens in 'n verbondsverhouding. Daar is voorregte, maar ook verantwoordelikhede!

Verlossing word vir alle mense aangebied. Jesus het deur sy dood die gevalle skepping se sondeprobleem uitgesorteer. God het 'n weg voorberei en wil dat almal wat na sy beeld geskape is, op sy uitnodiging van liefde en voorsiening in Jesus sal antwoord.

Sou u belangstel om meer van die onderwerp uit 'n nie-Calvinistiese perspektief te wete te kom, sien:

1. Dale Moody, *The Word of Truth*, Eerdmans, 1981 (bl. 348-365)
2. Howard Marshall, *Kept by The Power of God*, Bethany Fellowship, 1969
3. Robert Shank, *Life in the Son*, Westcott, 1961

Die Bybel onderrig hier met die oog op twee verskillende probleme wat op die gebied ondervind word: (1) diegene wat sekerheid sien as 'n reg om sonder vrug en selfsugtig met die lewe om te gaan, en (2) bemoediging vir diegene in diens van God, wat ook nog met eie sonde worstel. Die probleem ontstaan daarin dat groepe met verkeerde



voorveronderstellings die verkeerde boodskap uit beperkte Bybelse gegewens haal en hulle teologiese sisteem daarop baseer. Sommige Christene het inderdaad groot behoefte aan die boodskap omtrent sekerheid, hoewel andere weer streng oor hulle lewenswyse vermaan moet word. In watter groep val u?

Daar is 'n geskiedkundige teologiese kontroversie wat Augustinus teenoor Pelagius en Calvyn teenoor Arminius (semi-Pelagian) insluit. Die kwessie gaan om die vraag van verlossing: indien jy werklik gered is, moet jy in geloof en vrugbaarheid volhard?

Die Calviniste volg die Bybelse tekste wat aanvoer dat God soewerein is en maghoudend is (Joh. 10:27-30; Rom. 8:31-39; I Joh. 5:13,18; I Pet. 1:3-5) en WERKWOORDTYE soos die PERFECTUM PASSIEWE DEELWOORD van Ef. 2:5,8.

Die Arminiane staan agter daardie Bybeltekste wat gelowiges waarsku teen 'aanhou', 'uithou' of 'voortgaan' (Mat. 10:22; 24:9-13; Mark. 13:13; Joh. 15:4-6; I Kor. 15:2; Gal. 6:9; Rev. 2:7,11,17,26; 3:5,12,21; 21:7). Persoonlik glo ek nie dat Hebreërs 6 en 10 van toepassing is nie, maar baie Arminiane gebruik hulle as 'n waarskuwing teen apostase. Die gelykenis van die Saaier in Matteus 13 en Markus 4 spreek die kwessie van oënskynlike geloof aand, en so ook Johannes 8:31-59. Indien Calviniste die PERFECTUM TYD WERKWOORDE aanhaal wat gebruik word om verlossing te beskryf, haal die Arminiane die TEENWOORDIGE TYD-passasies soos I Kor. 1:18; 15:2; II Kor. 2:15 aan.

Dit is 'n perfekte voorbeeld van hoe teologiese sisteme die letterlike ontleding-metode van interpretasie misbruik. Gewoonlik word 'n leidende beginsel of primêre teks gebruik om 'n teologiese raamwerk op te stel waarvolgens alle ander tekste betrag word. Wees versigtig vir raamwerke van enige bron. Hulle kom van Westerse logika, nie openbaring nie. Die Bybel is 'n Oosterse boek. Dit stel waarheid in spannings-gevulde, oënskynlik paradoksale pare. Christene is veronderstel om albei te bevestig en binne die spanningsveld te leef. Die NT stel die sekuriteit van die gelowige sowel as die vraag na voortdurende geloof en godelikeheid. Christenskap is 'n aanvanklike reaksie van boetedoening en geloof gevolg deur 'n voortdurende reaksie van boetedoening en geloof. Verlossing is nie 'n produk nie ('n kaartjie hemel toe of 'n vuurversekeringspolis nie), maar 'n verhouding. Dit is 'n besluit en dissipelskap. Dit word in die NT beskryf in alle WERKWOORDTYE:

AORISTUS (voltooide aksie), Han. 15:11; Rom. 8:24; II Tim. 1:9; Titus 3:5

PERFECTUM (voltooide aksie met voortdurende resultate), Ef. 2:5,8

TEENWOORDIG (aangaande aksie), I Kor. 1:18; 15:2; II Kor. 2:15

TOEKOMSTIG (toekomsgebeure of onseker gebeure), Rom. 5:8,10; 10:9; I Kor. 3:15; Fil. 1:28; I Tess. 5:8-9; Heb. 1:14; 9:28

## VIR SPESIALE AANDAG: AFVALLIGHEID (*APHISTĒMI*)

Die term *aphistēmi* het 'n wye semantiese veld. Die Engelse "*apostasy*" is van hierdie Griekse term ontleen met die gevolg dat moderne lesers bevooroordeeld ten opsigte van die gebruik van die woord is. Die woord se betekenis word egter bepaal deur die gegewe konteks waarin dit gebruik word en voorafbepaalde definisies moet vermy word.

Die woord is 'n samestelling van *apo*, wat 'vanaf' of 'weg van' kan beteken, met *histēmi*, wat 'om te sit', 'om te staan' of 'om vas te maak' kan beteken. Daar is 'n aantal nie-teologiese gebruike van die woord:

1. om fisies weg te bly of weg te gaan van
  - a. die tempel, Luk. 2:37
  - b. 'n huis, Mark. 13:34
  - c. 'n persoon, Mark. 12:12; 14:50; Han. 5:38
  - d. enigiets anders, Mat. 19:27,29.
2. om polities weg te breek of in opstand te kom, Han. 5:37
3. om uit te los, Han. 5:38; 15:38; 19:9; 22:29
4. om wetlik op te breek (egskeiding), Deut. 24:1,3 (LXX) en in NT, Mat. 5:31; 19:7; Mark. 10:4; I Kor. 7:11
5. om skuld af te skryf, Mat. 18:24
6. om te loop weens gebrek aan belangstelling, Mat. 4:20; 22:27; Joh. 4:28; 16:32
7. om belangstelling te toon deur nie weg te gaan nie, Joh. 8:29; 14:18
8. om toe te laat of in te stem, Mat. 13:30; 19:14; Mark. 14:6; Luk. 13:8.

Die WERKWOORD het teologies net so 'n wye betekenisveld:

1. om af te skryf, om te verskoon, om sondeskuld te vergewe, die LXX oor Eks. 32:32; Num. 14:19; Job 42:10 en die NT, Mat. 6:12,14-15; Mark. 11:25-26
2. om weg te bly van sonde, II Tim. 2:19
3. om te verwaarloos en te versuim deur weg te beweeg van
  - a. die wet, Mat. 23:23; Han. 21:21
  - b. die geloof, Eseg. 20:8 (LXX); Luk. 8:13; II Tess. 2:3; I Tim. 4:1; Heb. 3:12 (d.w.s. afvalligheid).

Hedendaagse gelowiges vra allerhande teologiese vrae wat in die skrywers van die NT se gedagtes nie eers sou opgekom het nie. Een so 'n moderne idee is dat geloof en getrouheid geskei kan word. So was daar ook persone by die volk van God betrokke onder wie se hande dinge verkeerd geloop het.

I. Ou Testament

- A. Korag, Num. 16
- B. Eli se seuns, I Sam. 2; 4
- C. Saul, I Sam. 11-31
- D. Vals profete (voorbeelde volg)

1. Deut. 13:1-5; 18:19-22

2. Jer. 28

3. Eseg. 13:1-7

E. Vals profetesse

1. Eseg. 13:17

2. Neh. 6:14

F. Afvallige leiers van Israel (voorbeelde volg)

1. Jer. 5:30-31; 8:1,2; 23:1-4

2. Eseg. 22:23-31

3. Mig. 3:5-12

II. Nuwe Testament

A. Die Griekse term beteken letterlik ‘versaak’ (afvallig word). Beide die OT en NT bevestig dat daar ‘n toename in afvalligheid en valse leerstelling sal wees voor die wederkoms (vgl. Mat. 24:24; Mark. 13:22; Han. 20:29,30; II Tess. 2:3,9-12; II Tim. 4:4). Hierdie Griekse term vir versaak kan iets weerspieël van Jesus se verklaring van die saad wat op die klipbank val en geloof wat net tydelik is (Luk. 8:13 – gelykenis van die saaiër). Valse leermeesters is duidelik nie Christene nie, maar hulle kom van binne die kerklike gemeenskap (vgl. Han. 20:29-30; I Joh. 2:19) en is in staat om te mislei en hulleself meester te maak van onvolwasse Christene (vgl. Heb. 3:12).

Uit ‘n teologiese perspektief is die vraag of vals leermeesters werklik gelowiges is. Dis ‘n moeilike vraag om te beantwoord aangesien daar valse leermeesters in die plaaslike gemeentes betrokke was (I Joh. 2:18-19). Dikwels beantwoord ons uit ons teologiese of kerklike tradisie hierdie vraag sonder om werklik die Skrif te raadpleeg (behalwe die letterlike uitleg metode wat ‘n teks uit verband aanhaal met die doel om die eie standpunt te regverdig).

B. Skyngeloof

1. Judas, Joh. 17:12

2. Simon Magnus, Han. 8

3. diegene genoem in Mat. 7:2-23

4. diegene genoem in Mat. 13:1-23

5. die Jode vermeld in Joh. 8:31-59

6. Alexander en Himeneus, I Tim. 1:19-20

7. diegene van I Tim. 6:21

8. Himeneus en Filetus, II Tim. 2:16-18

9. Demas, II Tim. 4:10

10. die skyngelowiges van Heb. 3:16-19

11. valse leermeesters, II Pet. 2:19-21; Judas 12-19

12. antichriste, I Joh. 2:18-19

C. Geloof sonder vrug

1. Mat. 7:13-23

2. I Kor. 3:10-15

3. II Pet. 1:8-11

Ons dink nie dikwels oor hierdie tekste nie, omdat ons teologiese mandaat (Calvinisme, Arminianisme, ens.) ons reaksie voorskryf. Verkwalik my nie daarvoor dat ek hierdie onderwerp aanroer nie. My doel is ‘n deeglike hermeneutiese benadering. Ons moet die Bybel toelaat om ons aan te spreek en nie probeer om die boodskap in ‘n vooropgestelde teologie in te forseer nie. Dit kan pynlik en skokkend wees, omdat soveel van ons teologie denominasioneel, kultureel en verhoudingsgebaseerd is (ouers, vriende, leraars) en nie Bybels nie. Van sommige wat hulle in die midde van die volk van God bevind, blyk dit later dat hulle nie volk van God is nie (vgl. Rom. 9:6).

**5:5 “Want óns. . .deur die Gees uit die geloof”** Hierdie frase toon die twee noodsaaklike bepalings (d.w.s. verbond) betrokke in ons verlossing:

1. die aantrekking van die Heilige Gees (vgl. Joh. 6:44,65; 16:7-13)

2. menslike reaksie (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21)

Hierdie frases word vir klem eerste geplaas in die Griekse sin.

■ **“verwag. . .die geregtigheid waarop ons hoop”** ‘Hoop’ word dikwels gebruik in die NT vir die wederkoms. Die wederkoms is die tyd wanneer gelowiges heeltemal gered sal word. Die NT beskryf hierdie verlossing as

1. ‘n voltooië aksie

2. ‘n wesenstand

3. ‘n proses

4. ‘n toekomsvoltrekking

Hierdie vier eienskappe van verlossing is komplimentêr, nie onverenigbaar nie. Ons word gered, is al gered en sal gered word. Die toekomsaspek van verlossing behels die gelowige se verheerliking met die wederkoms (vgl. I Joh. 3:2). Ander passasies beskryf die toekomsgebeure van verlossing, insluitende Rom. 8:23; Fil. 3:21 en Kol. 3:3,4. Sien Vir Spesiale Aandag: Griekse Werkwoordtye Gebruik vir Verlossing by I Tess. 5:9.

## VIR SPESIALE AANDAG: HOOP

Paulus het hierdie term op 'n verskeidenheid maniere gebruik, wat wel almal met mekaar in verband staan. Dikwels hou dit verband met die gelowige se hoop op vervulling van sy geloof (sien I Tim. 1:1). Dit word dan uitgedruk as heerlikheid, ewige lewe, volkome verlossing, wederkoms, ens. Vervulling is verseker, maar die tydspek – die toekoms – is onbekend. Hoop word dikwels geassosieer met geloof en liefde (vgl. I Kor. 13:13; I Tess. 1:3; II Tess. 2:16). Hier volg 'n onvolledige lys van Paulus se gebruike van hierdie term:

1. Die wederkoms, Gal. 5:5, Ef. 1:18; 4:4; Tit. 2:13
2. Jesus is ons hoop, I Tim. 1:1
3. Die gelowige onberispelik voor God, Kol. 1:22-23; I Tess. 2:19
4. Hoop is weggeleë in die hemel, Kol. 1:5
5. Hoop van die evangelie, Kol. 1:23; I Tess. 2:19
6. Uiteindelijke verlossing, Kol. 1:5; I Tess. 4:13; 5:8
7. Die heerlikheid van God, Rom. 5:2; II Kor. 3:12, Kol. 1:27
8. Die verlossing van die heidene deur Christus, Kol. 1:27
9. Sekerheid van saligheid, I Tess. 5:8
10. Ewige lewe, Tit. 1:2; 3:7
11. Die goeie gevolg van Christelike volwassenheid, Rom. 5:2-5
12. Verlossing van die hele skepping, Rom. 8:20-22
13. Aanneming volbring, Rom. 8:23-25
14. 'n Titel vir God, Rom. 15:13
15. Paulus se wens vir gelowiges, II Kor. 1:7
16. Die OT as riglyn vir gelowiges, Rom. 15:4

■ **“geregtigheid”** Sien Vir Spesiale Aandag by 2:21.

**5:6** Hierdie vers omvat die tema van die boek van Galasiërs: ons is regstandig met God uit geloof, nie uit menslike rituele of dae nie—insluitende besnyding, die voedselwette en/of morele lewenstyl.

Die slotfrase word in die PASSIEWE- of MIDDEL-sin verstaan (Barabara en Timothy Friberg, *Analytical Greek New Testament*, bl. 584; Harold K. Moulton [red.], *The Analytical Greek Lexicon Revised*, bl. 139). Rooms-Katolisisme interpreteer dit meestal in die PASSIEF, wat beteken dat liefde die bron van geloof is. Protestantisme verstaan dit egter in 'n MIDDEL-sin, wat beteken dat liefde 'n uitvloeisel van geloof is (vgl. I Tess. 1:3). Hierdie term word dikwels in die NT gebruik in die MIDDEL-vorm (vgl. Rom. 7:5; II Kor. 1:6; Ef. 3:20; I Tess. 2:13; II Tess. 2:7). Geloof is primêr.

Dit was Paulus se antwoord op die valse leraars betreffende die lewenstyl van pagane wat vryelik in Christus aanvaar word. Dit is Gees-gemotiveerde liefde (ná verlossing) wat die standaard stel vir gelowiges se optrede en hulle die vermoë gee om gehoorsaam te wees. Dit is die nuwe verbond, 'n nuwe hart en 'n nuwe mentaliteit (vgl. Jer. 31:33; Eseg. 36:26-27).

**5:7 “wie”** Die ENKELVOUDIGE VOORNAAMWOORD gebruik vir 'n vals leraar word aangetref in vers 7 en twee keer in vers 10. Nietemin, die MEERVOUDSVORM verskyn in vers 12. Dit kan 'n kollektiewe gebruik van die ENKELVOUD wees. Maar in ag genome 3:1 kan die ENKELVOUD die volgende impliseer:

1. 'n plaaslike kringleier wat tot die verjoodsers se standpunt oorgehaal is en nou die kerk in daardie rigting stuur
2. 'n oortuigende, besoekende leier van die verjoodsers

- **OAV** “Julle het goed geloof: wie het julle verhinder om die waarheid gehoorsaam te wees?”  
**NAV** “Julle was so goed op pad. Wie het julle verhinder om die waarheid te bly gehoorsaam?”  
**NASB** “You were running well; who hindered you from obeying the truth”  
**NKJV** “You ran well. Who hindered you from obeying the truth”  
**NRSV** “You were running well; who prevented you from obeying the truth”  
**TEV** “You were doing so well! Who made you stop obeying the truth”  
**NJB** “You began your race well: who made you less anxious to obey the truth”

“Julle het goed gehardloop” is 'n IMPERFEKTUM AKTIEWE INDIKATIEF. Dit beteken dat die kerke van Galasië vir 'n wyle goed gevaar het in terme van Christenvolwassenheid. Paulus gebruik dikwels atletiekmetafore. Hy was veral lief vir ‘hardloop’ (vgl. 2:2; I Kor. 9:24-26; Fil. 2:16; 3:12-14; II Tim. 4:7).

Die WERKWOORD, “verhinder” (AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF) het gewoonlik militêre en atletiese konnotasies. In die militêre sin beteken die woord om 'n pad te vernietig in die gesig van 'n aankomende vyand. In die atletiese sin beteken dit dat een atleet voor 'n ander insny om daardeur albei die resies te laat verloor.

Paulus het 'n woordspel tussen ‘gehoorsaam die waarheid’ in vers 2 en ‘oortuiging’ in vers 8 gevorm. Dit impliseer nie dat die Galasiërs nie persoonlik verantwoordelik was nie, maar dat hulle beïnvloed is.

Paulus gebruik ‘gehoorsaam die waarheid’ as 'n manier om ‘gehoorsaam die evangelie’ aan te dui. Sien Vir Spesiale Aandag: Waarheid in Paulus se Geskrifte by 2:5.

**5:8 “Hom wat julle roep”** Die VOORNAAMWOORD antesedente is dikwels dubbelsinnig. Soos in Gal. 1:6 word hierdie frase altyd gebruik van die elektiewe besluit van God die Vader. Sien aantekening by I Tess. 2:12.

**5:9 “’n Bietjie suurdeeg”** Suurdeeg is ’n algemene NT-gesegde in die Bybel wat dikwels in ’n negatiewe sin gebruik word (Mat. 16:6; Mark. 8:15; I Kor. 5:6), maar nie altyd nie (vgl. Mat. 13:33). Hier onderstreep die metafoer waarskynlik die mag van die doktrine van werke-geregtigheid (vgl. Mat. 16:6,32).

### VIR SPESIALE AANDAG: SUURDEEG

Die term ‘suurdeeg’ (*zumē*) word op tweeërlei wyse in beide die OT en NT gebruik:

1. ‘n aspek van benadeling of korruptering en daarom ‘n simbool van boosheid;
  - a. Eks. 12:15; 13:3,7; 23:18; 34:25; Lev. 2:11; 6:17; Deut. 6:3
  - b. Mat. 16:6,11; Mark. 8:15; Luk. 12:1; Gal. 5:9; I Kor. 5: 6-8
2. ‘n eienskap van deurdringing en beïnvloeding en daarom nie ‘n simbool van boosheid nie:
  - a. Lev. 7:13; 23:17; Amos 4:5
  - b. Mat. 13:33; Luk. 13:20-21

Slegs konteks kan die betekenis van hierdie woord bepaal, soos trouens die geval met alle woorde!

**5:10 “Ek vertrou van julle”** Dit is ’n PERFECTUM AKTIEWE INDIKATIEF wat impliseer dat Paulus in die verlede vertrou gehad het in die Galasiese Christene, en steeds het (vgl. II Kor. 2:3; II Tess. 3:4; Fil. vers 21).

▣ **“dat julle nie anders sal dink nie”** Sien aantekening by 4:12.

- |   |             |  |
|---|-------------|--|
| ▣ | <b>OAV</b>  | <b>“maar die een wat julle in die war bring, sal die oordeel dra, wie dit ook mag wees”</b>        |
|   | <b>NAV</b>  | <b>“Maar die man wat vir julle in verwarring bring, wie hy ook al mag wees, God sal hom straf”</b> |
|   | <b>NASB</b> | <b>“but the one who is disturbing you shall bear his judgment, whoever he is”</b>                  |
|   | <b>NKJV</b> | <b>“but he who troubles you shall bear his judgment, whoever he is”</b>                            |
|   | <b>NRSV</b> | <b>“But whoever it is that is confusing you will pay the penalty”</b>                              |
|   | <b>TEV</b>  | <b>“and that the man who is upsetting you, whoever he is, will be punished by God”</b>             |
|   | <b>NJB</b>  | <b>“and anybody who troubles you in the future will be condemned, no matter who he is”</b>         |

Gelowiges is verantwoordbaar voor God, maar hulle kan beïnvloed word (vgl. 1:7; Han. 15:24). Die ergheid van die straf vir diegene wat God se nuwe gelowiges laat afdwaal, word uitgebeeld in Mat. 18:6-7.

**5:11 “as ek nog die besnydenis verkondig”** Dit is ’n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN wat vir waar aanvaar word vanuit die skrywer se perspektief of ter wille van sy literêre doelwit (hierdie gebruik toon dat die konstruk nie altyd geldig is nie). Paulus gebruik ’n redelik ongewone grammatiese konstruk om te sê: ‘aangesien hulle my steeds daarvan beskuldig dat ek besnydenis verkondig,’ wat ’n verwysing kan wees na:

1. sy besnyding van Timoteus (vgl. Han. 16:3) en sy onwilligheid om Titus te besny (vgl. 2:2-5)
2. Paulus se stelling in I Kor. 7:18-19

Watookal die agtergrond, Paulus was besig om die verjoodsers wispelturig te verklaar, want indien hy besnydenis verkondig het moes hulle hom entusiasties aanvaar het, maar aangesien hulle hom vervolg het, is dit ’n goeie bewys dat hy nie besnydenis vir heidene voorgestaan het nie.

▣ **“Dan is die struikelblok van die kruis vernietig!”** “Struikelblok” of ‘hindernis’ [*skandalon*] beteken ‘’n gestelde lokval gebruik om diere in te vang’ (vgl. Rom. 9:33; I Kor. 1:23). Die kruis was ’n belediging vir die verjoodsers, omdat dit alles waarvoor hulle so hard moes werk, vryelik weggegee het (vgl. Rom. 10:2-5).

▣ **“vernietig”** Dit is ’n PERFECTUM PASSIEWE INDIKATIEF. Sien Vir Spesiale Aandag by 3:17.

- |     |             |  |
|-----|-------------|--|
| 5:2 | <b>OAV</b>  | <b>“as die wat julle opstandig maak, hulleself tog maar ook wou vermink”</b>                                       |
|     | <b>NAV</b>  | <b>“Ek wens die mense wat dié verwarring onder julle stig, wou hulleself dan maar heeltemal ontman”</b>            |
|     | <b>NASB</b> | <b>“I wish that those who are troubling you would even mutilate themselves”</b>                                    |
|     | <b>NKJV</b> | <b>“I could wish that those who trouble you would even cut themselves off”</b>                                     |
|     | <b>NRSV</b> | <b>“I wish those who unsettle you would castrate themselves”</b>   |
|     | <b>TEV</b>  | <b>“I wish that the people who are upsetting you would go all the way; let them go on and castrate themselves”</b> |
|     | <b>NJB</b>  | <b>“Tell those who are disturbing you I would like to see the knife slip”</b>                                      |

‘Vermink’ word gebruik in die sin van ‘kastrasie’. Dit is bekende geskiedenis dat die kultus van Cybele, wat in die provinsie van Galasië aanwesig was, al hulle priesters kastreer het (eunugs of onmandes). Paulus het ’n sarkastiese oordwyng van besnydenis gemaak (soos in Fil. 3:2, waar hy hulle ‘honde’ noem).

## OAV TEKS: 5:13-15

<sup>13</sup>Want julle is tot vryheid geroep, broeders; *gebruik* net nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde <sup>14</sup>Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. <sup>15</sup>Maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie.

**5:13** “Want julle is tot vryheid geroep, broeders” Dit begin ‘n nuwe vlak van die argument. Die term “broeders” dui gewoonlik ‘n onderwerpsverandering aan. Soos verse 1-12 met die verdraaiing van wettiesheid omgegaan het, doen verse 13-15 dit met die verdraaiing van antinomianisme. Ons moenie ons vryheid gebruik as lisensie om die sondige passies van die gevalle menslike natuur te besadig nie (vgl. Rom. 14:1-15:13).

- ▣ OAV “*gebruik* net nie julle vryheid as ‘n aanleiding vir die vlees nie”
- NAV “Moet net nie julle vryheid misbruik as ‘n verskoning om sonde te doen nie”
- NASB “only do not turn your freedom into an opportunity for the flesh”
- NKJV “only do not use liberty as an opportunity for the flesh”
- NRSV “only do not use your freedom as an opportunity for self-indulgence”
- TEV “But do not let this freedom become an excuse for letting your physical desires rule you”
- NJB “but be careful, or this liberty will provide an opening for self-indulgence”

‘Geleentheid’ is ‘n militêre term vir ‘n oorlogoefeningsarena (vgl. Rom. 6:1-4). Verskeie vertalings vertaal ‘vlees’ met die frase ‘laer natuur’. Hierdie laaste weergawe is dit eens met Paulus se gebruik van ‘vlees’ (sien Vir Spesiale Aandag by 1:16) in hierdie konteks, aangesien die natuurlike geneigdheid van die mens wat verwing is, op die self fokus sedert die val, opgeteken in Genesis 3. Dieselfde polarisering tussen die Adamiese aard en die Geesge vulde lewe word uitgedruk in Rom. 8:1-11.

▣ “maar dien mekaar deur die liefde” Hierdie WERKWOORD is ‘n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF. Paulus het voorheen aangevoer dat hulle nie slawe van die wette moet wees nie, maar nou balanseer hy dit met die bevel dat hulle slawe moet wees van mekaar in liefde (vgl. vers 6; Joh. 13:34-35; Ef. 5:21; Fil. 2:3-4). Hierdie ganse konteks is gemeenskaplik (die kerk), nie individueel nie (vgl. Gordon D. Fee, *To What End Exegesis?* bl. 154-172). Moderne Westerse ontleding word fundamenteel beïnvloed deur individualisme. Die Bybel is hoofsaaklik ‘n korporele boek.

- 5:14**
- OAV “Want die hele wet word vervul in een woord”
  - NAV “Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat”
  - NASB “For the whole Law is fulfilled in one word”
  - NKJV “For all the law is fulfilled in one word”
  - NRSV “For the whole law is summed up in a single commandment”
  - TEV “For the whole Law is summed up in one commandment”
  - NJB “since the whole of the Law is summarized in a single command”

Hierdie selfde waarheid word uitgedruk in Rom. 13:8; Jakobus 2:8. Dit is die ‘wet’ as God se geopenbaarde wil (vgl. Mat. 5:17-20), nie ‘n werke-geregtigheidsstelsel van verlossing nie. Daar is steeds ‘n gepaste rol vir die OT in Christenskap! Hierdie was ‘n aanhaling uit Lev. 19:18 van die Septuaginta. Dit funksioneer moontlik as ‘n rabbynse opsomming oor die doel van die wet. Dit is ook deur Jesus gebruik op ‘n soortgelyke manier in Mat. 5:43-48; 22:39 en in Mark. 12:29-31; Luk. 10:25-28. Dit is ‘n PERFECTUM-TYDVORM WERKWOORD, wat ‘n uitloop van ‘n vroeër daad in ‘n voortdurende stand of kondisie beklemtoon. Dit kan verstaan word as (1) ‘n opsomming van die wet of (2) vervulling van die wet.

**5:15** Dit is ‘n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN, wat vir waar aanvaar word vanuit die skrywer se perspektief of ter wille van sy literêre doelwit. Hierdie vers gebruik gewelddadige beelde van wilde diere wat mekaar opvreet, wat ‘n prent skets van die afskuwelike realiteit wat die vals leraars in die Galasiese kerke veroorsaak het. Hierdie interpretasie word versterk deur die ewe sterk stelling in vers 26. Dit is ‘n korporele probleem, nie ‘n individuele fokus nie.

## OAV TEKS: 5:16-24

<sup>16</sup>MAAR ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; <sup>17</sup>want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. <sup>18</sup>Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. <sup>19</sup>En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; <sup>20</sup>afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; <sup>21</sup>afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen die koninkryk van God nie sal beërwe nie. <sup>22</sup>Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. <sup>23</sup>Teen sulke dinge is die wet nie. <sup>24</sup>Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.

**5:16** “Wandel deur die Gees” Met hierdie TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF urge Paulus die Galasiërs om ‘n bonatuurlike lewenstyl te volg en voortdurend deur die Gees van God beheer te word (vgl. Ef. 4:1,17; 5:2,15-18). ‘n Primêre idee in Galasiërs was dat dit die Gees is wat aanvanklike verlossing bring. Dus beteken hierdie vers, dit wat deur

die Gees begin is (vgl. 3:3), is ook dit wat deur die Gees vervolmaak is (vgl. Rom. 8:16-25). Die verwante term ‘wet van die Gees’ in Rom. 8:1 en veronderstel in vers 18, is presies dieselfde as die ‘wet van Christus’ in I Kor. 9:21 en Jak. 1:25; 2:8,12. Die wet van liefde dien ander sowel as die self (vgl. Fil. 2:1-4).

■ **“dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie”** Die sterkste ontkenning moontlik in Koine Grieks gebruik die DUBBELNEGATIEF met ’n AORISTUS SUBJUNKTIEF, wat ‘nooit onder enige omstandighede nie’ beteken. Dit word aangetref in hierdie vers, gevolg deur ’n baie sterk Griekse woord vir ‘bevredig’. Die Christenlewe en ewige verlossing is van bonatuurlik oorsprong. Gelowiges is nie net geroep om gered te word nie—maar geroep om soos Christus te wees (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:19; Ef. 1:4). Die teenstelling tussen ‘vlees’ en ‘gees’ is algemeen in Paulus (vgl. Rom. 8:1-11). ‘Vlees’ [*sarx*] word op twee maniere deur Paulus aangewend: (1) die fisiese liggaam; en (2) die mens se gevalle, sondige, Adamiese natuur. Hier is dit ooglopend #2. Sien Vir Spesiale Aandag: Vlees (*Sarx*) by 1:16.

**5:17** Hierdie kontras tussen die twee lewenspaaië word ook aangetref in Rom. 8:1-11. Paulus lê die twee teenstellende weë tot uitredding voor: (1) menslike inspanning; en (2) God se vrye genade in Christus. Daar is dan twee maniere om ‘n godvresende lewe te ly: (1) menslike verdienste (wat deur die val geaffekteer is) en (2) God se vrye mag in die Gees. Die verjoodsers het menslike verdienste aangevoer vir verlossing sowel as Christelik lewe, maar Paulus staan God se bonatuurlike voorsiening in albei voor.

**5:18 “Maar as julle deur die Gees gelei word”** Hierdie is ’n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN, as waar aanvaar vanuit die skrywer se perspektief of ter wille van sy literêre doelwit. Diegene wat deur die Gees gelei word is nie onderwerp aan die wet nie (vgl. Rom. 6:14; 7:4,6). Dit beteken nie dat Christene nie sal sondig nie (vgl. Romeine 7 en I Joh. 2:1), maar eerder dat hulle lewens nie deur opstandigheid gekenmerk word nie (vgl. I Joh. 3:6,9).

■ **“dan is julle nie onder die wet nie”** Geen LIDWOORD gaan “wet” vooraf in die Griekse teks nie, dus kan die woord ‘n weier konnotasie hê as bloot die Joodse wet. Hier het die wet die sin van ‘n lewenswyse gebruik om tot God toenadering te soek. Die kontras tussen die twee maniere om God te verbly of vir Hom aanvaarbaar te wees word weer hier gestel: self-effort of God se vrye genade.

**5:19 “En die werke van die vlees is openbaar”** Baie skrifkenners sien ‘n aantal onderskeie kategorieë in hierdie lys van sondes. Nietemin, daar is ‘n eenheid hier, hoofsaaklik gebaseer op pagaanse aanbiddingsoormaat. Mense toon hulle ware self in hulle optrede en motiewe (vgl. Mat. 7:16,20; 12:33). Die gevolg van die val word gesien in ons lewenstylkeuses.

Die KJV en OAV voeg die term “owerspel” by hierdie lys. Dit word slegs ondersteun deur die Griekse manuskrip D, Codex Bezae, wat uit die sesde eeu n.C. dateer. Dit word ook ingesluit in sommige Ou Latynse en Vulgaat-manuskripte.

Vir ‘vlees’ sien Vir Spesiale Aandag by 1:16.

## VIR SPESIALE AANDAG: SONDES EN SEDES IN DIE NT

Lyste van sondes en sedes is algemeen in die NT. Hulle weerspieël rabbynse sowel as kulturele (Hellenistiese) lysste. Die NT-lyste van teenstellende eienskappe word aangetref in:

	<u>Sondes</u>	<u>Sedes</u>
1. Paulus	Rom. 1:28-32 Rom. 13:13 I Kor. 5:9-11 I Kor. 6:10 II Kor. 12:20 Gal. 5:19-21 Ef. 4:25-32 Ef. 5:3-5 — Kol. 3:5,8 I Tim. 1:9-10 I Tim. 6:4-5 II Tim. 2:22a,23 Titus 1:7; 3:43	— Rom. 12:9-21 — I Kor. 6:6-9 II Kor. 6:4-10 Gal. 5:22-23 — — Fil. 4:8-9 Kol. 3:12-14 — — II Tim. 2:22b,24 Titus 1:8-9; 3:1-2
2. Jakobus	Jak. 3:15-16	Jak. 3:17-18
3. Petrus	I Pet. 4:3 II Pet. 1:9	I Pet. 4:7-11 II Pet. 1:5-8
4. Johannes	Openb. 21:8; 22:15	—

- OAV “hoerery, onreinheid”
- NAV “onsedelikheid, onreinheid”
- NASB “immorality, impurity”

<b>NKJV</b>	<b>“fornication, uncleanness”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“fornication, impurity”</b>
<b>TEV</b>	<b>“immoral, filthy”</b>
<b>NJB</b>	<b>“fornication, gross indecency”</b>

Hierdie eerste Griekse term [*porneia*] het oorspronklik ‘hoer’ beteken, maar is later met seksuele losbandigheid of immorele seksuele aktiwiteit in die algemeen verbind (vgl. I Kor. 6:9). Ons ontleen die term ‘pornografie’ van hierdie Griekse woord. Die tweede term [*akatharsia*], ‘onreinheid’, is ook ‘n algemene term vir seksuele losbandigheid, hoewel dit oorspronklik in die OT in die sin van seremoniële onreinheid of morele onreinheid gebruik is. Paulus bedoel die laasgenoemde.

☐ <b>OAV</b>	<b>“ongebondenheid”</b>
<b>NAV</b>	<b>“losbandigheid”</b>
<b>NASB</b>	<b>“sensuality”</b>
<b>NKJV, NRSV</b>	<b>“licentiousness”</b>
<b>TEV</b>	<b>“and indecent actions”</b>
<b>NJB</b>	<b>“sexual irresponsibility”</b>

Dit impliseer ‘n openbare vertoon van seksuele begeertes (vgl. II Kor. 12:21). Hierdie tipe seksuele aktiwiteit ken geen perke of skaamte nie. Pagaanse aanbidding is gekenmerk deur seksuele aktiwiteit (soos die meeste latere gnostiese valse leraars, vgl. I Tim. 1:10; II Tim. 3:6; Titus 3:3).

**5:20 “afgodery”** Dit verwys na die aanbidding van enigiets anders as God (vgl. I Kor. 10:14; Ef. 5:5; Kol. 3:5; I Pet. 4:3). Dit het veral betrekking gehad op die aanbidding van standbeelde of lewelose voorwerpe.

☐ **“towery”** Dit was die Griekse term *pharmakia* waarvan ons die woord ‘apteek’ ontleen. Towery het moontlik verwys na die praktyk van dwelmgebruik om geloofservaringe te veroorsaak. Dit is mettertyd gebruik van enige soort magiese praktyk.

☐ <b>OAV</b>	<b>“vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;”</b>
<b>NAV</b>	<b>“vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring”</b>
<b>NASB</b>	<b>“enmities, strife, jealousy, outbursts of anger, disputes, dissensions, factions”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“hatred, contentions, jealousies, outbursts of wrath, selfish ambitions, dissensions, heresies”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“enmities, strife, jealousy, anger, quarrels, dissensions, factions”</b>
<b>TEV</b>	<b>“People become enemies and they fight, they become jealous, angry, and ambitious”</b>
<b>NJB</b>	<b>“feuds and wranglings, jealousy, bad temper and quarrels; disagreements, factions”</b>

Hierdie litany beskryf die houdings en dade van dwaai, gevalle, selfsugtige mense. Onthou 5:15 en 26.

☐ **“vyandskap”** Hierdie woord [*echtrha*] beskryf die toestand van kenmerkend kwaadwillig teenoor mense te wees.

☐ **“twis”** Dit beteken ‘veg om pryse’.

☐ **“jaloersheid”** Hierdie woord [*zēlos*] kan positiewe of negatiewe konnotasies hê, maar in hierdie konteks beteken dit ‘selfgesentreerd’.

☐ **“toornigheid”** Hierdie Griekse term [*thumos*] beteken ‘’n onverwags en onbeheerste uitbarsting van woede’.

☐ **“naywer”** Dit impliseer konflik gebaseer op eiebelang of ambisie wat geen perke ken nie.

☐ **“tweedrag, partyskap”** Hierdie twee terme gaan saam. Hulle beskryf ‘n partydige, dogmatiese verdeling binne ‘n groter groep, iets soortgelyk aan politieke partye (vgl. I Tim. 5:15 en 26). Dit word gewoonlik gebruik om kerke te beskryf, soos die Korintiese kerk (vgl. I Kor. 1:10-13; 11:19; II Kor. 12:20).

**5:21 “afguns”** ‘n Algemene Stoïese spreuk van die dag het gesê: “Afguns is om oor iemand anders se goeie te ween.”

Sekere ouer Griekse manuskripte voeg die woord ‘moorde’ na die woord ‘afguns’. Dit word ingesluit in manuskripte A, C, D, G, K en P, maar word uitgesluit in P<sup>46</sup>, **ℵ** en B. Dit word ook uitgesluit in die geskrifte van die vroeë Marcion en die vroeë kerkvaders, Irenaeus, Clemens van Alexandrië, Origenes, Chrysostom, Jeronimus en Augustinus. Oorskrywers kon dit bygevoeg het uit Rom. 1:29.

☐ **“dronkenskap, brassery”** Hierdie laaste twee woorde beskryf die dronk orgies wat met pagaanse aanbidding geassosieer word (vgl. I Kor. 6:9).

☐ **“en dergelike dinge”** Hierdie frase toon dat hierdie lys nie uitvoerig is nie, maar verteenwoordigend (vgl. I Kor. 6:9-10; Ef. 5:5). As ‘n waarskuwing kon dit die Galasiërs moontlik aan Paulus se prediking van ‘n vorige geleentheid herinner het. Hierdie vers saam met I Joh. 5:16 is die bron van die Rooms-Katolieke onderskeid tussen morele en alledaagse sondes. Nietemin, hierdie interpretasie is baie onseker in die lig van die oorvleuelende definisies van die terme, sowel as die feit

dat hierdie sondes selfs deur Christene gepleeg word. Hierdie verse waarsku dat, hoewel Christene kan sondig in hierdie gebiede en steeds gered word, as hulle lewens gekenmerk of oorheers word deur hierdie sondes, het hulle nie werklik nuwe skepsels van God geword nie (I Joh. 3:6,9).

■ **“waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie”** Jou lewenstylkeuses ontbloot jou hart. Diegene wat werklik bekeer is worstel steeds met sonde, maar hulle lewens word nie daardeur gekenmerk nie (vgl. I Joh. 3:6,9). Dit is nie dat hierdie sondes onvergeeflik is of dat ware Christene nooit hierdie sondes pleeg nie, maar dat die proses van Christusgelykvormigheid in ware gelowiges begin het. Die Gees wat gelowiges na Christus getrek het, vorm Christus nou in hulle (vgl. 4:19; Joh. 16:8-13). Jesus was baie duidelik oor die lewenstyl van gelowiges in Matteus 7: “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken,” en Johannes 15.

Die koninkryk van God is die onderwerp van Jesus se eerste en laaste preke en die meeste van sy gelykenisse. Die heerskappy van God in mans se harte sal nou eendag voltrek word oor die hele aarde (vgl. Mat. 6:10; I Kor. 6:9-10; Ef. 5:5).

### **VIR SPESIALE AANDAG: DIE KONINKRYK VAN GOD**

In die OT word aan JHWH as die koning van Israel gedink (vgl. I Sam 8:7; Ps. 10:16; 24:7-9; 29:10; 44:4; 89:18; 95:3; Jes. 43:15; 44:4,6) en aan die Messias as die ideale koning (vgl. Ps. 2:6). Met Jesus se geboorte in Betlehem (6-4 v.C.) breek die koninkryk van God met nuwe krag en verlossing aan in die geskiedenis van die mensdom (‘n nuwe verbond, vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:27-36). Johannes die Doper kondig die nabyheid van die koninkryk aan (vgl. Mat. 3:2; Mark. 1:15). Jesus het duidelik verkondig dat die koninkryk teenwoordig was in Hom as persoon en in sy leer (vgl. Mat. 4:17,23; 9:35; 10:7; 11:11-12; 12:28; 16:19; Mark. 12:34; Luk. 10:9,11; 11:20; 12:31-32; 16:16; 17:21). Maar die koninkryk is ook toekomstig (vgl. Mat. 16:28; 24:14; 26:29; Mark. 9:1; Luk. 21:31; 22:16,18).

Die uitdrukking “koninkryk van God” kom veral in die Sinoptiese parallele in Markus en Lukas voor. Vir daardie tyd was regering van God in die hart van mense die deurlopende tema van Jesus se prediking, maar dit was bestem om toekomstig die hele aarde (fisies) in te sluit. Dit kom veral na vore in Jesus se gebed in Mat. 6:10. Mattheus, wat vir Jode geskryf het, het om veilig te wees verkies om die frase “koninkryk van die hemel” te gebruik, terwyl Markus en Lukas, wat vir heidene geskryf het, nie ‘n probleem het met die verwysing na godheid in dié frase nie.

Dit is derhalwe ‘n sleutelbegrip in die Sinoptiese evangelies. Jesus se boodskappe (die eerste en die laaste) en sy gelykenisse het oor dié onderwerp gehandel. Dit was gerig op die heerskappy van God in die harte van mense, hier en nou! Dit is verrassend dat Johannes die frase net twee keer aanhaal, hoewel nie ‘n enkele keer in ‘n gelykenis van Jesus nie! In Johannes is die sleutelgedagte en metafoor die “ewige lewe”.

Hierdie spanning word deur die twee verskynings van Christus veroorsaak. Die OT fokus net op een koms van God se Messias – strydlustige, veroordelende, glansryke verskyning – terwyl die NT Hom voorstel as die Lydende Knecht van Jes. 53 en die nederige koning van Sag. 9:9. Dit veroorsaak ‘n oorvleueling. Dit bring die Joodse “era van geregtigheid” vroeër op die toneel in hulle veronderstelde “era van ongeregtigheid”. Tans regeer Jesus in die harte van gelowiges, maar eendag sal Hy oor die hele skepping regeer. Dan sal Hy weer kom soos die OT voorspel, ‘n glansryke verskyning! Gelowiges leef tans in die “alreeds” versus die “nog nie” van die komende Godsryk (vgl. Gordon D. Fee en Douglas Stuart, *How to Read The Bible For All Its Worth*, bl. 131-134).

**5:22 “Maar die vrug van die Gees is”** Paulus beskryf menslike inspanning as werke van die vlees, maar hy beskryf die Christenlewe as die ‘vrug’ (vgl. Johannes 15) of produk van die Gees. Hy onderskei hierdeur tussen mens-gefokusde geloof en bonatuurlik-gefokusde geloof. Duidelik is daar ‘n verskil tussen die vrug van die Gees en die gawe van die Gees. Terwyl geestelike gawes aan elke gelowige gegee word met verlossing (vgl. I Kor. 12:7,11), is die vrug nog ‘n manier om die motiewe, houdings en lewenstyl van Jesus Christus te beskryf. Soos die gawes die verspreiding van die verskillende bedienings van Christus tussen die liggaam van Christus is, is die vrug die kollektiewe houding van Christus in die uitvoering van hierdie gawes. Dit is moontlik om ‘n effektiewe gawe te hê sonder ‘n Christelike houding. Daarom bring Christelike volwassenheid, wat die vrug van die Gees bring, uiteindelijke verheerliking aan God deur die verskeie gawes van die Gees. Om deur die Gees gevul te word is die oorsprong van albei (vgl. Ef. 5:18).

Dit is ook interessant om op te let dat die vrug ENKELVOUDIG is in hierdie vers. Die gebruik van die ENKELVOUD kan op twee maniere verstaan word: (1) Liefde is die vrug van die Gees, soos beskryf deur die verskeie terme wat volg; of (2) dit is ‘n kollektiewe enkelvoud, soos ‘saad’.

■ **“liefde”** Hierdie Griekse woord vir liefde, *agapē*, word op ‘n unieke manier gebruik deur die vroeë kerk om God se selfgewende liefde te beskryf. Hierdie NAAMWOORD is nie dikwels in klassieke Grieks gebruik nie. Die kerk het dit met nuwe betekenis ingespuut om God se spesiale liefde te beskryf. Liefde hier is teologies ooreenkomstig met *hesed* (BDB 338), God se verbondslojaliteit en liefde, in die OT.

■ **“blydschap”** Blydschap is ‘n lewenshouding wat jubel oor wie ons is in Christus, ongeag die omstandighede (vgl. Rom. 14:17; I Tess. 1:6; 5:16; Judas 24).

■ **“vrede”** Vrede kan beteken

1. ons sin van welstand oor ons verhouding in Christus



2. ons nuwe wêreldsiening gebaseer op die openbaring van God wat nie van omstandighede afhang nie
  3. rustigheid in ons verhouding met ander mense, veral gelowiges (vgl. Joh. 14:27; Rom. 5:1; Fil. 4:7)
- Vrede met God bring vrede van binne en buite (d.w.s. verbondsbroeders en –susters).

■ **“lankmoedigheid”** Lank swaarkry was te wagte, selfs in die aangesig van ergernis. Dit was ’n eienskap van God die Vader (vgl. Rom. 2:4; 9:22; I Tim. 1:8; I Pet. 3:20). As God geduldig was met ons, moet ons ook geduldig wees met ander mens (vgl. Ef. 4:2-3), veral gelowiges (vgl. 6:10).

■ **“vriendelikheid, goedheid”** ‘Vriendelikheid’ beskryf nie net die lewe van Jesus nie, maar ook sy juk (vgl. Mat. 11:30). Saam beskryf die twee terme ’n positiewe, oop en aanvaardende houding teenoor ander, veral gelowiges (vgl. 6:10).

■ **“getrouheid”** *Pistis* word gebruik in sy Ou Testamentiese sin van lojaliteit en betroubaarheid. Dit is ’n ongewone verwysing na God (vgl. Rom. 3:3). Hier beskryf dit die gelowige se nuwe verhouding met mense, veral gelowiges.

**5:23 (22)<sup>6</sup>**    **OAV**    **“sagmoedigheid”**  
                   **NAV**    **“nederigheid”**  
                   **NASB**    **“gentleness”**

*Praotes*, wat soms vertaal word as ‘nederigheid’, word gekenmerk deur ’n onderdanige gees. Dit was ’n metafoor van troeteldiere afgelei. Sagmoedigheid is nie in die Griekse of Stoïese lyste van sedes opgeneem nie, want die Grieke het dit as ’n swakheid gesien. Dit is uniek aan Christenskap (vgl. I Kor. 4:21; II Kor. 10:1; Ef. 4:2; Kol. 3:12; I Tim. 6:11; II Tim. 2:25; Titus 3:2). Dit is gebruik om Moses (vgl. Num. 12:3) sowel as Jesus (vgl. Mat. 11:29; 21:5) te beskryf.

■ **“selfbeheer”** Selfbeheer vorm die sluitsteen van die lys en is kenmerkend van Christenvolwassenheid (vgl. Han. 24:25; Titus 1:8; II Pet. 1:6). Hierdie term word in I Kor. 7:9 gebruik vir die beheer van ons seksuele drange en dit is moontlik waarna hier verwys word, in die lig van die lys van die seksuele misbruike van pagaanse aanbidding.

■ **“Teen sulke dinge is die wet nie”** Daar is ’n nuwe, innerlike wet in die lewe van ’n gelowige wat getoon word deur ’n lewe van godvresendheid (vgl. Rom. 6:19; Jak. 1:25; 2:8,12). Dit is presies wat die nuwe verbond se doel was (vgl. Jer. 31:31-34 en Eseg. 36:22-32). Christusgesindheid is die doel van God vir elke Christen (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:19; Ef. 1:4).

**5:24 “die wat aan Christus behoort, het die vlees. . . gekruisig”** Hierdie is ’n AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF wat spreek van voltooid aksie in die verlede. Hierdie passasie en ander wat magiese eenheid impliseer, kan verstaan word binne teologiese kategorieë (vgl. Rom. 6:6). In die boek van Galasiërs, spesifiek in 2:20, word “gekruisig” gebruik om ons verhouding met die wet te kenmerk. Wanneer ons eers God se vrye aanbod van genade in Christus aanvaar het as ons enigste verlossingsmiddel, sny ons onself beslis af van die boosheid van ons gevalle natuur en die gevalle wêreldstelsel. Hierdie persoonlike besluit om onself af te sny is die Bybelse metafoor van ‘kruisiging’ soos gesien in Gal. 2:20; 5:24 en 6:14.

Dit word dikwels gekarakteriseer as ‘dood van die self’. God het ons individueel (vgl. Psalm 139) gemaak om Hom te dien en nie onself nie (vgl. Romeine 6). Hierdie nuwe lewe in Christus beteken dood vir die gevalle, selfgesentreerde of rebelse mensdom (vgl. 2:20; Rom. 6:11; II Kor. 5:14-15; I Joh. 3:16).

Vir ‘Vlees’ sien Vir Spesiale Aandag by 1:16.

■ **“met sy hartstogte en begeertelikhede”** Die Grieke het die liggaam uitgeken as die bron van sondigheid omdat hulle nie bonatuurlike openbaring oor die skepping en die val van die mens gehad het nie (vgl. Genesis 1-3). Daarom blameer hulle die moreel-neutrale fisiese liggaam vir die oorsprong van die bose. Gelowiges verstaan vanaf Paulus dat die liggaam moreel neutraal is (vgl. Rom. 4:1; 9:3; I Kor. 10:18). Jesus het ’n regte, menslike lyf gehad (vgl. Joh. 1:14; Rom. 1:3; 9:5). Die goedheid of boosheid hang van ons gebruik daarvan af, vir God of vir boosheid. Wanneer ons gelowiges word moet ons ons gevalle, selfgesentreerde neigings oorgee aan die mag van die Heilige Gees (vgl. Romeine 7 en I Joh. 2:1).

#### **OAV TEKS: 5:25-26**

<sup>25</sup>As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. <sup>26</sup>Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie.

**5:25 “As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.”** Hierdie is ’n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN wat as waar aanvaar word vanuit die skrywer se perspektief of ter wille van sy literêre doelwit. Dit som die hele gedeelte op (vgl. vers 16; Rom. 8:1-11). Aangesien gelowiges vrye genade gegee is, behoort hulle gepaste lewens te lei (vgl. Ef. 4:1,17; 5:2,15-21).

**5:26** Dit is parallel met vers 15 en toon die verskriklike gevolge van die valse leraars van die verjoodsers onder die kerke van Galasië en die afwesigheid van die Gees se beheer in die skeurende houdings van die gemeentes.

<sup>6</sup> In die meeste vertalings kom die laaste twee woorde van hierdie lys van sedes in vers 23 voor. Die OAV plaas dit egter saam met die res van die lys in vers 22 – vert.

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Vat hoofstuk vyf saam in die konteks van die res van Galasiërs.
2. Verduidelik vryheid en wat dit vir die Christenlewe beteken.
3. Verduidelik die kontekstuele betekenis van die slotfrase van vers 4.
4. Hoe beheer 'n evangelie wat vrylik aan ons aangebied word, ons lewenstyl?
5. Wat is die implikasies van verse 15 en 26 vir die kerk vandag?
6. Beskryf verse 19-21 die kerke van Galasië of die neigings van pagaanse aanbidding?
7. Hoe hou die gawes van die Gees verband met die vrug van die Gees?

# GALASIËRS 6

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>4</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Bear One Another's Burdens 6:1-10	Bear and Share Burdens 6:1-5 Be Generous and Do Good 6:6-10	Specifics in the Use of Christian Liberty 6:1-5 6:6 6:7-10	Bear One Another's Burdens 6:1-5 6:6 6:7-10	On Kindness and Perseverance 6:1-5 6:6-10	Dra mekaar se laste 6:1-5 6:6 6:7-10
Final Warnings and Benedictions 6:11-16	Glory Only in the Cross 6:11-15 Blessing and a Plea 6:16-18	Paul's Autograph Postscript 6:11-16	Final Warning and Greeting 6:11-16	Postscript 6:11-16	Laaste waarskuwing en groet 6:11 6:12-16
6:17		6:17	6:17	6:17	6:17
6:18		6:18	6:18	6:18	6:18

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Galasiërs 5:1-6:10 is die praktiese aspekte van Paulus se radikale vrye evangelie van Christus, beskikbaar gestel aan gelowiges deur die liefde en genade van God en hulle boetvaardige geloofsreaksie.
  1. Hoofstuk 6:1-5 gee ons spesifieke riglyne oor hoe om met 'n sondige Christenbroer om te gaan.
  2. Hoofstuk 6:6-10 bevat twee van die mees onvergeetlike aanhalings in die NT. Sommige sien dit as 'n reeks onverwante waarhede. Andere sien dit as 'n literêre eenheid oor gelowiges se gebruik van geld.
- B. Galasiërs 6:12-16 is 'n kort opsomming van die hele brief.
- C. Die slot van Paulus se brief, 6:17-18, herinner aan sy sikliese brief, Efesiërs, waar die slotgroet merkbaar kortkom. Onthou dat die boek van Galasiërs geskryf is aan 'n aantal kerke in 'n geografiese area.

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 6:1-5

<sup>1</sup>BROEDERS, as iemand ewenswel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestlik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. <sup>2</sup>Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus. <sup>3</sup>Want as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, mislei hy homself. <sup>4</sup>Maar laat elkeen sy eie werk op die proef stel; en dan sal hy grond vir roem hê alleen wat homself betref en nie wat die ander betref nie. <sup>5</sup>Want elkeen sal sy eie pak dra.

6:1 “as” Dit lei ’n DERDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN in, wat moontlike, waarskynlike aksie aandui.

▣ “as iemand. . .oorval word” Dit is ’n AORISTUS PASSIEWE SUBJUNKTIEF, letterlik ‘verras’ (vgl. William D. Mounce se *The Analytical Lexicon to the Greek New Testament*, bl. 393). Die frase dui op ons eie verantwoordelikheid vir ons sonde, maar ook op sonde se subtiele versoeking en lokvalle (vgl. Ef. 4:14; 6:10-18). Sommige mense het nie met voorbedagte rade God se genade ontheilig nie; hulle is verkul.

▣ OAV	“deur een of ander misdaad”
NAV	“in die een of ander sonde”
NASB, NKJV	“in any trespass”
NRSV	“In a transgression”
TEV	“in any kind of wrongdoing”
NJB	“misbehaves”

Ten minste drie sinne word moontlik hier na verwys:

1. in die lig van die valse leraars, dit kan verwys na diegene wat geswig het voor die versoeking om besny te word en probeer het om volmaaktheid te bekom deur die Mosiese wet
2. op grond van die sterk terme gebruik in 5:15,26, verwys dit moontlik na die vernietigende neigings wat in die Galasiese kerke ontstaan het
3. dit kan verwant wees aan die pagaanse aanbiddingsoormate beskryf in 5:19-21

Die riglyne wat volg is verskriklik nuttig om die kerk te wys hoe gelowiges hulle gevalle broer tot vertrouensvriendskap moet terughelp.

▣ OAV	“julle wat geestelik is”
NAV	“julle wat julle deur die Gees laat lei”
NASB, TEV	“you who are spiritual”
NKJV	“you who are spiritual”
NRSV	“you who have received the Spirit”
NJB	“the more spiritual of you”

Dit behoort nie misverstaan te word om te beteken: “Jy wat sondeloos is,” nie. Geestelike volwassenheid is reeds bespreek in 5:16-18, 22-25. Geestelike volwassenheid is

1. Christusgesindheid
2. lewe uit die vrug van die Gees
3. ’n diensbare hart
4. bediening van ander Christene

Sien Vir Spesiale Aandag: Behoort Christene mekaar te Veroordeel? by I Tess. 5:21.

▣ “so een reghelp” “Reghelp” is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF, ’n voortdurende opdrag, dikwels gebruik van die spalk van ’n gebreekte been of die herstel van visnette (vgl. Mat. 4:21; Mark. 1:19). Dit is van uiterste belang dat diegene wat volwasse is in Christus al die ander gemeentelede help om dieselfde status te bereik (vgl. Ef. 4:13) en diegene wat uitval reg te help (vgl. II Kor. 13:11).

Vergifnis en om nie te veroordeel nie is Bybelse tekens van ’n volwasse Christen (vgl. Mat. 5:7; 6:14-15; 18:35; Luk. 6:36-37; Jak. 2:13; 5:9). Kerklike dissipline moet altyd verlossend wees, nie kwaadwillig nie (vgl. II Kor. 2:7; II Tess. 3:15; Jak. 5:19-20). Ons durf nie ons eie wonde skiet nie!

▣ “terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie” “Versoek” [*peirazō*] in hierdie konteks het die konnotasie ‘om te versoek met die gedagte om te vernietig’. Dieselfde woord word gebruik van die bose een wat Jesus in Matteus 4 versoek. ’n Ander woord vir ‘versoeking’ [*dokimazō*] word twee keer in vers 4 gebruik, maar hierdie woord het die konnotasie ‘om te beproef met die gedagte om te verbeter’. Satan sal gelowiges beproef en versoek om hulle te vernietig. Gelowiges moet versigtig wees, van buite en binne (vgl. I Kor. 10:12; II Kor. 13:5). Sien Vir Spesiale Aandag by I Tess. 3:5.

6:2 “Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus” Hierdie is ’n TEENWOORDIG AKTIEWE IMPERATIEF. In die Griekse sin word ‘mekaar’ eerste geplaas vir klem. As ’n reël behoort volwasse Christene hulle swakker, minder volwasse broers te dra (vgl. Rom. 14:1; 15:1). Dit vervul op ’n baie praktiese en sigbare manier die nuwe verbond (vgl. 5:14).

‘Laste’ is gebruik om ’n vergruisende gewig op ’n pakdier se rug geplaas, aan te dui (vgl. Mat. 23:4). In konteks is dit metafories gebruik van die mondelinge oorlewering van die verjoodsers. Dit is nie dieselfde term as die ‘las’ wat in vers 5 vir ’n soldaat se rugsak gebruik word nie.

■ **“en vervul so die wet van Christus”** Die wet van Christus word ook in I Kor. 9:21 genoem en “die wet van die Gees van die lewe in Jesus Christus” in Rom. 8:2. Die wet van Christus word ook op verskeie maniere in Jakobus gestel:

1. 1:25, “die volmaakte wet van die vryheid”
2. 2:8, “die koninklike wet”
3. 2:12, “die wet van vryheid”

As die juk van die mondelinge oorlewering wat die Mosaïese wet interpreteer ’n dukkende las geword het vir die Jode, is die juk van Christus maklik en lig (vgl. Mat. 11:29-30). Nietemin, ’n juk is ’n juk (vgl. Joh. 13:34; I Joh. 4:21) en hierdie juk is ons verantwoordelikheid om mekaar as broers en susters in Christus lief te hê en te dien.

Die WERKWOORD hier word in twee ander tydmodusse in die manuskripte aangetref:

1. AORISTUS IMPERATIEF in MSS **Ⲙ**, A, C, D
2. TOEKOMSTIG-AKTIEWE INDIKATIEF in MSS B, F, G
3. TOEKOMSTIG-AKTIEWE INDIKATIEF, maar met ’n ander voorafgaande lidwoord in MS P<sup>46</sup>

Die UBS<sup>4</sup>-komitee was onseker watter een oorspronklik is. Hulle het moontlik gedink dat die TOEKOMSTIGE TYD verander is na ’n AORISTUS IMPERATIEF oor die voorafgaande INFINITIEF in vers 1 (Bruce Metzger, *A Textual Commentary on the Greek New Testament*).

**6:3 “as iemand meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie”** Dit is ’n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN wat geldig veronderstel word vanuit die skrywer se perspektief of ter wille van sy literêre doelstellings. Chirstene behoort hulleself te oordeel sodat hulle gepas teenoor mekaar kan optree en oorskatting van hulleself kan vermy (vgl. I Kor. 3:18, wat moontlik Jes. 5:2 weerspieël). Dit beteken nie dat Christene nie sondig nie, maar dat sonde nie hulle lewens oorheers nie (vgl. I Joh. 1:8; 3:6,9). Daarom kan hulle vir diegene wie se lewens deur sonde oorheers word help en bid (vgl. I Kor. 3:18).

■ **“mislei hy homself”** Hierdie WERKWOORD kom slegs eenkeer in die ganse NT voor, en beteken om jouself tot fout te verlei. Die NAAMWOORD-vorm verskyn in Titus 1:10. Selfverkulling is die ergste tipe blindheid.

**6:4 “Maar laat elkeen sy eie werk op die proef stel”** Dit is ’n TEENWOORDIG-AKTIEWE IMPERATIEF van die term vir ‘beproof’ of ‘versoek’ [*dokimazō*] met die konnotasie van ‘om te beproef met die gedagte om te verbeter’. Sien Vir spesiale aandag by I Tess. 3:5.

■ **“en dan sal hy grond vir roem hê alleen wat homself betref en nie wat die ander betref nie”** Gelowiges moet versigtig wees om nie hulleself met ander te vergelyk nie (vgl. II Kor. 10:12), veral diegene wat verras en oorval word deur sonde (vgl. vers 1).

## VIR SPESIALE AANDAG: ROEM

Die Griekse terme *kauchaomai*, *kauchēma* en *kauchēsis* word sowat 35 keer deur Paulus gebruik en kom twee keer in die res van die NT voor (in Jakobus). Meestal kom dit in I en II Korintiërs voor.

Daar is twee waarhede wat met spoggerij verband hou:

1. geen vlees sal voor God kan roem nie (vgl. I Kor. 1:29; Ef. 2:9);
2. gelowiges moet in die Here roem (trots) vind (vgl. I Kor. 1:31; II Kor. 10:17, wat aan Jer. 9:23-24 herinner).

Daarom is daar aanvaarbare en onaanvaarbare roem of trots.

### A. Aanvaarbaar

1. roem in die hoop op vrysprak (vgl. Rom. 4:2)
2. in God deur die Here Jesus (vgl. Rom. 5:11)
3. in die kruis van die Here Jesus Christus (bv. Paulus se hoofgedagte, vgl. I Kor. 1:17-18; Gal. 6:14)
4. Paulus vind roem in
  - a. sy bediening sonder vergoeding (vgl. I Kor. 9:15-16; II Kor. 10:12)
  - b. sy gesag aan Christus ontleen (vgl. II Kor. 10:8,12)
  - c. dat hy nie hom beroem op ander se werk nie (soos sommige in Korinte gedoen het, vgl. II Kor. 10:15)
  - d. sy ras-afkoms (soos sommige in Korinte ook wel doen, vgl. II Kor. 11:17; 12:1,5,6)
  - e. sy kerke
    - (a) Korinte (vgl. II Kor. 7:4,14; 8:24; 9:2; 11:10)
    - (b) Tessalonika (vgl. II Tess. 1:4)
    - (c) sy vertroue in God se vertroosting en redding (vgl. II Kor. 1:12)

### B. Onaanvaarbaar

1. roem oor Joodse afkoms (Rom. 2:17,23; 3:27; Gal. 6:13)
2. sommige kerke van Korinte het hulle beroem:
  - a. op mense (vgl. I Kor. 3:21)
  - b. op wysheid (vgl. I Kor. 4:7)
  - c. in vryheid (vgl. I Kor. 5:6)
3. valse leraars het hulle ook beroem op die kerk van Korinte (vgl. II Kor. 11:12).

**6:5 “Want elkeen sal sy eie pak dra”** Dit verwys moontlik na die oordeelsetel van Christus in ’n eskatologiese/eindtyd-millieu (vgl. II Kor. 5:10). Aanvanklik lyk verse 2 en 5 oënskynlik teenstellend, maar by nadere leksikale ondersoek het die twee woorde, onderskeidelik vertaal as ‘las’ en ‘lading’, verskillende gebruike gehad. Die eerste woord in vers 2 [*baros*] beteken ’n ‘vergruisende gewig’ terwyl die tweede woord in vers 5 [*phortion*] verwys na ’n soldaat se rugsak gevul met noodsaaklike toerusting. Volwasse Christene moet die pak van verantwoordelikheid vir hulleself en soms ook vir ander dra. ’n Voorbeeld hiervan is moontlik II Kor. 8:13-14. Dieselfde term is gebruik van Jesus se riglyne vir Christene in Mat. 11:30.

### **OAV TEKS: 6:6-10**

**“Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee. <sup>7</sup>Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. <sup>8</sup>Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. <sup>9</sup>En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie. <sup>10</sup>Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.”**

**6:6 “die Woord”** Hierdie is van dieselfde wortel afgelei as ‘Woord’ in Joh. 1:1 wat verwys na Jesus. Die ‘woord’ is die evangelie van en oor Jesus. Paulus gebruik ’n verskeidenheid maniere om na hierdie ‘woord’ te verwys:

1. “die woord van God” – I Kor. 14:36; II Kor. 2:17; 4:2; Fil. 1:14; Kol. 3:16; I Tess. 2:13
2. “die woord van die Here” – I Tess. 1:8; II Tess. 3:1
3. die woord – Gal. 6:6; I Tess. 1:6; Kol. 4:3; II Tim. 4:2

■ **“meedeel”** Dit is nog ’n **TEENWOORDIG-AKTIEWE IMPERATIEF** wat in verband staan met:

1. verse 1-5, ’n beroep op die volwassenes om die swakker Christene te help
2. verse 7-10, ’n beskrywing van die wet van geestelik saai en maai (sien aantekening by vers 7)

Diegene wat opgelei is staan onder die geestelike verantwoordelikheid om te deel in die bediening van diegene wat hulleself leer (vgl. Luk. 10:7; Rom. 15:27; I Kor. 9:9-14). Dit is ’n algemene beginsel, en hoewel Paulus nie persoonlik daaruit voordeel trek nie, staan hy wel persoonlike vergoeding voor vir ander predikante. Die woord ‘kategisme’ word afgelei van die Griekse [*katechēō*], vertaal as ‘opgevoed’ en ‘opvoed’, wat in hierdie vers aangetref word.

■ **“goeie dinge”** Dit is doelbewus dubbelsinnig en verwys na fisiese behoeftes, geestelike behoeftes en albei. Die ooglopende waarheid is dat diegene wat opgevoed word dankbaar en reaktief moet wees. Presies hoe hierdie vers verband hou met die valse leraars is onseker. Paulus kon na homself en die heidenskenkings aan Jerusalem verwys het.

■ **“aan hom wat onderwys gee”** Die onderwyser (“[hy] wat onderwys gee”) kan verwys na:

1. die geestelike gawes van onderwys soos in Han. 13:1 en I Kor. 12:28
2. ’n leraar in die plaaslike gemeente wat nuwe gelowiges en kinders opgelei het
3. iemand wat die hele gemeente onderrig in die lering van die apostels soos dit van toepassing is op hulle daaglikse lewens, soos die prediker/leraar van Ef. 4:11

Hierdie laaste opsie sou soortgelyk wees aan die OT-taak van die plaaslike Leviete en, later, professionele oorskrywers.

**6:7 “Moenie dwaal nie”** Hierdie **WERKWOORD** beteken ‘om jou neus op te trek’ vir iets of iemand. Dit kan verwys na diegene wat geroep word om as God se verteenwoordigers te bedien, dit wil sê die onderwysers van vers 6. Om met Christenleraars te spot is op ’n manier om dit met God te doen. Jesus noem in Mat. 10:42 en 25:40 dat wanneer ons ander in God se naam help, ons Hom help. Dit is dieselfde waarheid, maar van die ander kant af. Nietemin, hoe hierdie verse met mekaar in verband staan is onseker. Dit mag ’n algemene idioom wees oor ‘saai en maai’, hier aangewend in ’n figuurlike sin.

Hierdie vers hou moontlik verband met verse 8-10 en hoegenaamd nie met vers 6 nie. Dit is ’n morele heeal. Ons oortree nie soveel God se wette as wat ons onself breek op God se wette nie. Weet dit: gelowige of ongelowige, ons maai wat ons saai. Sonde loop altyd sy pad, selfs in die lewens van gelowiges. Wilde hawer is baie, baie duur—so ook is saai in eiebelang!

■ **“want net wat die mens saai”** Dit is ’n geestelike beginsel. God is eties-moreel en so ook is sy skepping. Mense breek hulleself op God se standaard. Ons maai wat ons saai. Dit is waar vir gelowiges (maar affekteer nie verlossing nie) en ongelowiges (vgl. Job 34:11; Ps. 28:4; 62:12; Spr. 24:12; Pred. 12:14; Jer. 17:10; 32:19; Mat. 16:27; 25:31-46; Rom. 2:6; 14:12; I Kor. 3:8; II Kor. 5:10; Gal. 6:7-10; II Tim. 4:14; I Pet. 1:17; Openb. 2:23; 20:12; 22:12).

**6:8 “Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai”** Dit verwys na die twee basiese benaderings tot regstandigheid met God (vgl. 5:13, 16-17): menslike inspanning (vgl. Rom. 8:6-8,13) en vrye genade (vgl. Rom. 8:2-4,6,12-14).

■ **“verderf”** Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

## **VIR SPESIALE AANDAG: VERNIETIG, RUÏNEER, KORRUPTEER (*PHTHEIRŌ*)**

Die basiese betekenis van *phtheirō* is om te verwoes, te ruïneer, te korrupteer of te bederf. Dit kan gebruik word vir:

1. finansiële ondergang (moontlik II Kor. 7:2)
2. fisiese verwoesting (vgl. I Kor. 3:17a)
3. morele korrupsie (vgl. Rom. 1:23; 8:21; I Kor. 15:33,42,50; Gal. 6:8; Openb. 19:2)
4. seksuele verleiding (vgl. II Kor. 11:3)
5. ewige verderf (vgl. II Pet. 2:12, 19)
6. verganklike tradisies van mense (vgl. Kol. 2:22; I Kor. 3:17b)

Dikwels word hierdie term gebruik om die onverganklike te beklemtoon as beter as die verganklike (“negated opposite” – vgl. Rom. 1:23; I Kor. 9:25; 15:50,53). Let op die parallelle kontraste tussen ons aardse liggame en ons hemelse, ewige liggame:

1. verganklik teenoor onverganklik (vgl. I Kor. 15:42,50)
2. oneerbaar teen verheerliking (vgl. I Kor. 15:43)
3. swakheid teenoor krag (vgl. I Kor. 15:43)
4. natuurlike liggaam teenoor geestelike liggaam (vgl. I Kor. 15:44)
5. eerste Adam teenoor laaste Adam (vgl. I Kor. 15:49)
6. die beeld van die aardse teenoor die hemelse (vgl. I Kor. 15:49)

■ **“ewige lewe”** Die konsep van die ewige lewe wat aangetref word in vers 8, is van die Griekse woord, *zoē*. Dit word veral deur Johannes gebruik om na die opstandingslewe, die lewe van die nuwe era, te verwys (vgl. Rom. 5:21; 6:22-23; Titus 1:2; 3:7). Dit het dieselfde implikasies hier. Verse 8-10 toon die gevolge van saai en maai.

**6:9 “laat ons nie moeg word om goed te doen nie”** Dit is letterlik ‘om wanhopig te raak’ of ‘om hart te verloor’ (WEERLEGTE TEENWOORDIG-AKTIEWE SUBJUNKTIEF, vgl. Luk. 18:1; II Tess. 3:13; II Kor. 4:1,16; Heb. 12:3). Dikwels word Christene moeg van juis daardie dinge wat hulle geroep is om te doen.

■ **“want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie”** Let op die voorwaardelike element (nie ’n VOORWAARDELIKE SIN nie). Die voorwaarde is ons volgehoue geloofsreaksie. Let ook op die element van God se soewereine tydsberekening in ons lewens. Ons verstaan nie hoekom dinge gebeur soos hulle gebeur nie, maar omdat ons in die soewereiniteit van God en die spesifieke vereistes van die vrye evangelie glo, rig ons ons lewens in gegewe rigtings van diens en gawe. Sien Vir Spesiale Aandag oor volharding by 3:4.

**6:10 Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het”** Gelowiges moet aanhou soek vir geleenthede om hulle geloof in Christus uit te leef (vgl. Ef. 5:15-21; Kol. 4:2-6). Hierdie frase sal verwys na:

1. geleenthede in die daaglikse lewe
2. voordat vervolging kom
3. voor die wederkoms

Dit kan ’n verwysing wees na Ps. 69:13 of Jes. 49:8 (vgl. II Kor. 6:2).

■ **“Laat ons. . .goed doen”** Dit is ’n TEENWOORDIGE MIDDEL- (deponent) SUBJUNKTIEF. Paulus stel met oortuiging dat ons stand met God nie kom van menslike inspanning nie, maar hy is ewe oortuig dat wanneer ons eers vir God ken ons ’n lewe van uitmergelende diens moet lei (d.w.s. Titus 3:8,14). Hierdie tweelingwaarhede word gevind in Ef. 2:8-9 en dan vers 10. Ons is nie gered deur goeie werke nie, maar ons word definitief gered ter wille van goeie werke.

■ **“aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof”** Let op dat ons liefde vir alle mense bedoel is, want daar is altyd ’n oog op evangelisisme in al ons optrede (vgl. Mat. 28:19-20; Luk. 24:47; Joh. 20:31; Han. 1:8; I Kor. 9:19-23; I Pet. 3:15). Nietemin, ons hoofsaaklike fokus, sover dit vertrouensvriendskap aangaan, is op die lede van die familie van God. Dit is nie denominasioneel-gefokus nie, want ons moet ’n persoon se woord vertrou wat sê hy vertrou in Christus. Wanneer hy eers daardie bekentenis gemaak het moet ons hom dien soos Christus ons gedien het.

Ek hou baie van Gordon Fee se insig oor die korporele aard van hierdie boek, nie die tipiese Westerse individuele klem nie. Hierdie boek is oor die Geesge vulde lewe van die gemeenskap van gelowiges en daaragter (vgl. *To What End Exegesis?*, bl. 163).

## **OAV TEKS: 6:11-16**

<sup>11</sup>Kyk met watter groot letters ek met my eie hand aan julle skrywe. <sup>12</sup>Almal wat ’n mooi vertoning in die vlees wil maak, dié dwing julle om julle te laat besny net om nie ter wille van die kruis van Christus vervolgt te word nie. <sup>13</sup>Want ook hulle wat besny word, hou self nie die wet nie; maar hulle wil hê dat julle besny moet word, sodat hulle in julle vlees kan roem. <sup>14</sup>Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. <sup>15</sup>Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar ’n nuwe skepsel. <sup>16</sup>En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!

**6:11 “Kyk met watter groot letters ek met my eie hand aan julle skrywe”** Dit is ’n AORISTUS AKTIEWE IMPERATIEF. Paulus dikteer sy briewe aan ’n skriba (vgl. Rom. 16:22). Sommige sien hierdie laaste woorde in Paulus se eie handskrif as Paulus se manier om die oorspronklikheid en geldigheid van sy briewe te bevestig, in die lig van II Tess. 2:2. Ons weet van verskeie van Paulus se briewe waarin hy die slotsinne in sy eie handskrif geskryf het (vgl. I Kor. 16:21; Kol. 4:18; II Tess. 3:17 en Filemon vers 9). Aangesien ek glo dat Paulus se doring in die vlees Oosterse oftalmie was, word hierdie ’n verdere bewys van sy behoefte om te skryf, nie in die klein, afgemete skrif van ’n skriba nie, maar met die krappende hand van ’n man wat halfblind was.

<b>6:12</b>	<b>OAV</b>	<b>“Almal wat ’n mooi vertoning in die vlees wil maak”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Daardie mense wat so daarop aandring”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“Those who desire to make a good showing in the flesh”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“As many as desire to make a good showing in the flesh”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“It is those who want to make a good showing in the flesh”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“Those who want to show off and brag about external matters”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“It is only self-interest”</b>

Die verjooders was meer bekommerd oor die uiterlike aspekte van geloof (vgl. Kol. 2:16-23); hulle wou ’n geloofsvertoning hê (vgl. 4:17)! Om die Galasiërs te oortuig om besny te word sou ’n ‘veer in hulle hoed’ wees (vgl. vers 13c). Die valse leraars wou selfbevestiging hê ten koste van die Galasiese gelowiges.

Vir ‘vlees’ sien Vir Spesiale Aandag by 1:16.

■ **“dwing julle om julle te laat besny”** Verse 12-16 is ’n opsomming van die hele brief wat fokus op die onvanpaste klem van die valse leraars op menslike werke as ’n manier om gered te word of om heeltemal volwasse te wees. Dit is ’n herhalende gevaar in die moderne kerke as gelowiges aandring op diens, entusiasme, rite, bywoning, Bybelkennis, gebed of enige van die goeie dissipelskapstegnieke as ’n manier om heel te wees in Christus. Paulus se groot waarheid was dat gelowiges heel is in hulle stand met God wanneer hulle Jesus Christus deur geloof vertrou het. In lig van hierdie nuwe, volledige aanvaarding, moet gelowiges dan hulleself in dankbaarheid aan God en diens tot ander aanbied (d.w.s. Jak. 2:14-26).

■ **“net om nie ter wille van die kruis van Christus vervolgt te word nie”** Dit kan verwys na:

1. Joodse vervolging (vgl. Han. 13:45,50; 14:2,5,19); die verjooders deur hulle aandrang op die wet van Moses sou nie so daadwerklik soos Paulus se lering van die vrye genade in Christus alleen verwerp geword het nie.
2. Roomse vervolging omdat Christenskap nie ’n wettig-erkende geloof was soos Judaïsme nie.

Die sinagoge het sy vervloekingsformule ingestel, wat ’n rabbynse metode was om Christene uit die sinagoge te dwing aangesien hulle nie wou of kon sê: “Jesus is vervloek,” nie (vgl. Joh. 9:22,35; 12:42 & 16:2).

**6:13 “Want ook hulle wat besny word, hou self nie die wet nie”** Die onderwerp van hierdie sin is dubbelsinnig. Dit kon (1) die valse leraars of (2) aggressiewe werwers binne die Galasiese kerk gewees het. Die mans wat besnyding voorgestaan het as manier om regstandig met God te wees kon nie eens self die hele wet onderhou nie (vgl. Rom. 2:17-29). As jy die wet eenkeer oortree (ná die ouderdom van morele verantwoordbaarheid) op enige manier, dan is Jakobus 2:10 (en Gal. 5:3) ’n waarheid om mee rekening te hou!

**6:14 “Maar mag ek nooit”** Sien aantekening by 2:17.

■ **“mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus”** Paulus, van alle mense, het geweet wat dit is om uit ’n onverdienslike lewe gered te word (vgl. Fil. 3:2-16). Menslike roem word uitgesluit wanneer menslike meriete uitgesluit word (vgl. Jer. 9:23-26; Rom. 3:27-28; I Kor. 1:26-31). Sien Vir Spesiale Aandag: Roem by 6:4.

■ **“deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld”** Hierdie metafoer word dwarsdeur Galasiërs voortgedra en spreek van gelowiges se dood vir die wet en hulle lewe vir God in Christus. Dit is ’n PERFECTUM-PASSIEWE INDIKATIEF, wat ’n voortgesette stand deur ’n eksterne agent bewerkstellig, beklemtoon—in hierdie geval, die Gees. Hierdie metafoer word gebruik in 2:19; 5:24, en hier, om uit te druk hoe alle dinge nuut word wanneer gelowiges met Christus se dood aan die kruis identifiseer. Hulle is nou vry van die wet om vir God te lewe (vgl. Rom. 6:10-11,12-23).

Vir ‘wêreld’ sien Vir Spesiale Aandag: Paulus se gebruik van *Kosmos* (wêreld) by 4:3.

**6:15 “Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar ’n nuwe skepsel”** Paulus het reeds genoem dat besnydenis nie die kwessie is nie (vgl. Gal. 5:6; Rom. 2:28-29; I Kor. 7:18-19). Die kwessie is verlossing, as gelowiges probeer om hulself aanvaarbaar te maak vir God deur menslike werke, pagaans of Joods, is hulle heeltemal afgesny van die absolute vrye gawe van God in Jesus Christus. Daar is twee onversoembare maniere om regstadij met God te wees:

1. die vrye evangelie van Christus deur boetvaardigheid en geloof
2. menslike inspanning

Paulus herhaal dat besnydenis nie regtig die kwessie is nie (ook nie voedselwette nie, vgl. I Kor. 8; 10:23-26), maar hoe jy regstadijheid met God benader deur volmaakte vervulling van die wet.



Verskeie vroeë Griekse manuskripte voeg “in Christus Jesus” by na “Want nòg” (MSS **Ⲛ**, A, C, D, F, G en die meeste kleinletterweergawes (vgl. NKJV). Nietemin, die meeste moderne weergawes los dit uit omdat dit afwesig is in MSS P<sup>46</sup> en B. Die UBS<sup>4</sup> gee uitlating ’n ‘A’ (seker). Dit is waarskynlik ’n skribale assimilasië uit 5:6.

■ **“maar ’n nuwe skepsel”** Dit is die nuwe verbond; gelowiges is splinternuwe mense in Jesus Christus! Alle oudhede het verbygegaan en alles is nuut (vgl. Rom. 6:4; 8:19-22; II Kor. 5:17; Ef. 2:15; 4:24; Kol. 3:10).

**6:16 “En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël”** Dit is moontlik ’n vae aanhaling uit Ps. 124:5 en 127:6. Van die Griekse woord ‘maatstok’ (*kanoni*) word ‘kanon’ afgelei. Dit was ’n saamgestelde term gebruik vir ’n maatstok of riet. Dit word hier gebruik om te verwys na die evangelie (Jesus se juk, vgl. 6:2). Let daarop dat gelowiges daarin moet loop, nie dit bloot moet bevestig nie (vgl. Jak. 1:22).

■ **“die Israel van God!”** Dit is belangrik dat Paulus die kerk “die Israel van God” noem. In sy geskrifte het hy beklemtoon dat Abraham se ware saad nie deur rasafkoms bepaal word nie (vgl. Gal. 3:7,9,29; Rom. 2:28-29; 9:6; Fil. 3:3). Die evangelie is oor Jesus, nie nasionale Israel nie! Gelowiges in Christus is die ware ‘mense van God’!

### **OAV TEKS: 6:17**

**<sup>17</sup>Verder moet niemand my moeite aandoen nie, want ek dra die littekens van die Here Jesus in my liggaam.**

**6:17 “Verder moet niemand my moeite aandoen nie”** Die WERKWOORD is ’n TEENWOORDIG-AKTIEWE IMPERATIEF. Op wie dit gerig is of hoekom is onbekend. Paulus beroep hom op sy diens vir Christus as die rede hoekom dit nie moet gebeur nie. Dit verwys moontlik na die persoonlike aanvalle wat die valse leraars gebruik het om die Galasiese gelowiges van die evangelie te vervreem. Die Galasiese gelowiges het dit toegelaat!

■ **“want ek dra die littekens van die Here Jesus in my liggaam”** Soos die valse leraars besnydenis beklemtoon het as teken van God se verbond, voer Paulus aan dat hy ook uitwaartse tekens toon. Hulle was die littekens:

1. van sy fisiese vervolging vir verkondiging van die goeie nuus van Christus (vgl. II Kor. 4:7-12; 6:4-6; 11:23-28)
2. van sy Damaskuspad-ontmoeting met die opgestane Christus
3. as ’n teken dat Paulus ’n slaaf/dienaar is van Christus en onder sy beskerming staan

Ek dink #1 pas die beste in hierdie konteks.

### **OAV TEKS: 6:18**

**<sup>18</sup>Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle gees, broeders! Amen.”**

**6:18** Dit is ’n voorbeeld van ’n kort slotseën in ’n sikliese brief (omdat daar nie persoonlike groete is soos in Efesiërs nie). Let daarop dat die term “sy met julle gees” ’n goeie voorbeeld is van die klein ‘g’ (gees) wat gebruik word van die mens se gees, nie die Heilige Gees nie. Nietemin, in baie gevalle in die Nuwe Testament verwys dit na die menslike gees wat deur die Heilige Gees bekragtig word. Dit is waarskynlik wat hier bedoel word.

### **VIR SPESIALE AANDAG: PAULUS SE LOF, GEBED EN DANKSEGGING AAN GOD**

Paulus was vol lof vir God. Hy het die OT geken. Doksologieë kom voor aan die einde van die eerste vier indelings van die Psalmboek (vgl. Ps. 41:13; 72:19; 89:52; 106:48). Hy prys en verheerlik God op verskeie maniere:

1. Inleidende paragrawe in sy briewe
  - a. open met seënwense of groete (vgl. Rom. 1:7; I Kor. 1:3; II Kor. 1:2)
  - b. open met seënlinge (*eulogētos*) (vgl. II Kor. 1:3-4; Ef. 1:3-14)
2. Kort uitroepe van lofprysing
  - a. Rom. 1:25; 9:5
  - b. II Kor. 11:31
3. Doksologieë (waarin (1) *doxa* (glorie) en (2) “tot in ewigheid” voorkom)
  - a. Rom. 11:36; 16:25-27
  - b. Ef. 3:20-21
  - c. Fil. 4:20
  - d. I Tim. 1:17
  - e. II Tim. 4:18
4. Danksegging (bv. *eucharistēō*)
  - a. aanvangswoorde van briewe (vgl. Rom. 1:8; I Kor. 1:4; II Kor. 1:11; Ef. 1:16; Fil. 1:3; Kol. 1:3,12; I Tess. 1:2; II Tess. 1:3; Filemon vers 4; I Tim. 1:12; II Tim. 1:3)
  - b. beroep om danksegging (vgl. Ef. 5:4, 20; Fil. 4:6; Kol. 3:15,17; 4:2; I Tes. 5:18)
5. Kort uitroepe van danksegging
  - a. Rom. 6:17; 7:25
  - b. I Kor. 15:57
  - c. II Kor. 2:14; 8:16; 9:15

- d. I Tess. 2:13
- e. II Tess. 2:13
- 6. Slotseën
  - a. Rom. 16:20,24 (?)
  - b. I Kor. 16:23-24
  - c. II Kor. 13:14
  - d. Gal. 6:18
  - e. Ef. 6:24

Paulus het die Drie-enige God teologies en uit ondervinding geken. Hy begin sy geskrifte met gebed en lof. In die loop van sy skriftelike aanbiedinge uiter hy lof en danksegging. By afsluiting van sy briewe onthou hy altyd om te bid, te loof en God te dank. Die geskrifte van Paulus adem 'n gees van gebed, lof en danksegging. Hy het God, homself en die evangelie geken.

■ “Amen” Sien Vir Spesiale Aandag by 1:5.

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids kommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wat is die Bybelse riglyne vir die herstel van 'n gevalle broer?
2. Is verse 2 en 5 teenstellend?
3. Wat sê vers 6 oor Christene wat Christenbedienings ondersteun?
4. Beskryf in jou eie woorde die Bybelse wet van maai en saai.
5. Beskryf in jou eie woorde die Bybelse idee van twee weë tot verlossing wat so duidelik in die boek van Galasiërs uiteengesit word.
6. Verduidelik in jou eie woorde hoe vers 9 verband hou met verse 6 en 7.
7. Indien besnydenis nie die kwessie is in vers 15 nie, hoekom het Paulus so 'n kwessie daarvan gemaak?
8. Wat is die implikasies daarvan dat die kerk die ware Israel van God genoem word in vers 16?

**PAULUS SE BRIEWE**

**AAN DIE**

**TESSALONISENSE**

# I TESSALONISENSE

## en

# II TESSALONISENSE

### INLEIDING TOT THE TESSALONISENSE-BRIEWE

#### A. Kort Opsomming

1. Die Tessalonisense-briewe verskaf groot insig tot Paulus as 'n sendeling sowel as 'n prediker. Ons vind hom besig om 'n kerk te bou binne 'n kort tydjie waarna hy volhou om daarvoor te bid en begaan te wees oor die groei, ontwikkeling en bediening daarvan.
2. Ons sien hom die evangelie getrou verkondig, begaan oor die bekeerlinge in sy tug, prys, leiding aanhutsing, lering, liefde en selfs sy selfopoffering vir hulle. Hy was verheug met hulle vooruitgang tot op daardie punt, maar was teleurgesteld met die groeikoers van hulle volwasewording.
3. In hierdie briewe ontmoet ons 'n geesdriftige, liefdevolle dienaar van Christus en 'n klein, geesdriftige, maar groeiende nuwe kerk. Albei was getrou, albei is deur God gebruik en albei het mekaar op 'n Christelike manier gedien wat selde tussen God se mense aangetref word.

#### B. Die Stad van Tessalonika

##### 1. Kort Geskiedenis van Tessalonika

- a. Tessalonika was geleë op die punt van die Termaïese Golf. Tessalonika was 'n kUSDorp op die hoof-Romeinse pad, via Ignasië (die weg van die nasies) wat ooswaarts span vanaf Rome. As 'n kUSDorp was dit ook baie naby aan 'n ryk kusplein met genoegsame water. Hierdie drie voordele het Tessalonika die grootste, mees vooraanstaande handels- en politieke-sentrum van Masedonië verklaar.
  - b. Oorspronklik is Tessalonika Terma genoem, afgelei van die warmbronne in die area geleë. 'n Vroeë geskiedkundige, Plinius die Ouderling, verwys na Terma en Tessalonika asof hulle gesamentlik bestaan het. In hierdie geval het Tessalonika eenvoudig Terma omsluit en dit geannekseer (Leon Morris, *The First and Second Epistles to the Thessalonians*, Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Company, 1991, bl. 11). Tog glo die meeste historici dat Cassander, een van Alexander die Grote se generale, Terma herdoop het in 315 v.C. na Filippus van Masedonië se dogter en Alexander se halfsuster en sy vrou, Tessalonika (Strabo VII Fragment 21). Op die een of ander stadium tydens die vroeë eeue van die verspreiding van Christenskap het Tessalonika die bynaam, 'die ortodokse stad' gekry weens sy Christenkarakter (Dean Farrar, *The Life and Work of St. Paul*, New York: Cassell and Company, Beperk, 1904, bl. 364). Vandag heet Tessalonika Salonika en is steeds 'n belangrik stad in Griekeland.
  - c. Tessalonika was 'n kosmopolitaanse metropolis soortgelyk aan Korinte, met inwoners van regoor die bekende wêreld.
    - (1) Barbaarse Germaanse mense van die noorde wat daar gebly het, het hulle pagaanse geloof en kultuur daar aangebring.
    - (2) Grieke uit Ageïe in die suide en van die eilande van die Aegeïese See het daar gebly en het op hulle beurt hulle verfyndhede en filosofie aangebring.
    - (3) Romeine van die weste het ook daar gevestig. Hulle was meestal afgetrede soldate en hulle het hulle wilskrag, rykdom en politiese mag saamgebring.
    - (4) Uiteindelik het 'n groot aantal Jode van die ooste gekom sodat 'n derde van die populasie mettertyd Joods was. Hulle het hulle kritiese monoteïstiese geloof en hulle nasionalistiese vooroordele daar aangebring.
  - d. Tessalonika, met 'n populasie van ongeveer 200 000, was waarlik 'n kosmopolitaanse stad. Dit was 'n oord en gesondheidssentrum vanweë die warmbronne. Dit was 'n handelsentrum vanweë die hawe, vrugbare vlaktes en die nabyheid van die Ignasiese Weg.
  - e. As die hoofstad en grootse stad, was Tessalonika ook die sentrale politiese hoofkwartier van Masedonië. 'n Romeinse provinsiale hoofstad en tuiste van Romeinse burgers (meestal afgetrede soldate), het dit 'n vrye stad geword. Tessalonika het geen belastings betaal nie en het gestaan onder Romeinse reg, aangesien die meeste Tessalonisense Romeinse burgers was. Die Tessalonisense leiers is dus 'politarge' genoem. Hierdie titel kom nêrens anders in die literatuur voor nie, maar bly behoue deur 'n inskripsie oor die triomfark by Tessalonika wat as die Vardarpoort bekend staan (Farrar, bl. 371n.)
- ##### 2. Gebeure wat lei tot Paulus se koms na Tessalonika
- a. Baie gebeure lei Paulus na Tessalonika, maar tog is daar 'n besliste roeping van God agter al die fisiese omstandighede. Paulus het nie oorspronklik beplan om die Europese kontinent te betree nie. Hy wou op hierdie tweede sendingreis gaan om die kerke in Klein-Asië wat hy op sy eerste reis gestig het, te besoek en om dan ooswaarts te keer. Tog, net toe die oomblik kom om noordooswaarts te keer, het God begin om deure toe te maak. Die uiteinde hiervan was Paulus se Masedoniese visie (vgl. Han. 16:6-10). Dit het twee dinge tot gevolg gehad: eerstens is die Europese kontinent ge-evangeliseer en tweedens het Paulus

- weens sy omstandighede in Masedonië begin om sy briewe te skryf (Thomas Carter, *Life and Letters of Paul*, Nashville: Cokesvury Press, 1921, bl. 112).
- b. Nadat hy die bogenoemde geestelike rigting opgelet het, was die fisiese omstandighede wat Paulus na Tessalonika geneem het, die volgende:
    - (1) Paulus het na Filippi toe gegaan, wat 'n klein dorpie sonder 'n sinagoge was. Sy werk daar is gedwarsboom deur die eienaars van 'n profetiese, demoniese slawemeisie en die dorpsraad. Paulus is geslaan en verneder, maar tog is 'n kerk gevorm te midde dit alles. Vanweë die teenstand en fisiese mishandeling is Paulus gedwing om te vertrek, moontlik vroeër as wat hy graag sou wou.
    - (2) Waar sou hy van hier gaan? Hy het deur Amfipolis en Apollonië gereis, wat ook geen sinagoges gehad het nie.
    - (3) Hy het in die grootste stad in die area aangekom, Tessalonika, wat wel 'n sinagoge gehad het. Paulus se patroon was om eerste na die plaaslike Jode te gaan. Hy het dit gedoen oor:
      - (a) hulle kennis van die Ou Testament;
      - (b) die geleentheid om te onderrig en te preek wat die sinagoge gebied het;
      - (c) hulle stand as die uitverkorenes, God se verbondsmense (vgl. Mat. 10:6; 15:24; Rom. 1:16-17, 9-11);
      - (d) Jesus se aanbieding van Homself eerste aan hulle, dan aan die wêreld—so ook sou Paulus Christus se voorbeeld volg.
  3. Paulus se metgeselle
    - a. Paulus is deur Silas en Timoteus vergesel in Tessalonika. Lukas was saam met Paulus by Filippi en het daar agtergebly. Ons weet dit deur die 'wie' en 'hulle' passasies van Handeling 16 en 17. Lukas praat van 'ons' by Filippi, maar van 'hulle' wat na Tessalonika gereis het.
    - b. Silas, of Silvanus, was die man wat Paulus gekies het om saam met hom op die tweede sendingreis te gaan nadat Barnabas en Johannes Markus terug is na Siprus toe:
      - (1) Hy word die eerste keer in die Bybel genoem in Han. 15:22 waar hy 'n hoofman tussen sy broeders van die Jerusalem kerk genoem word.
      - (2) Hy was ook 'n profeet (vgl. Han. 15:32).
      - (3) Hy was 'n Romeinse burger soos Paulus (vgl. Han. 15:32).
      - (4) Hy en Judas Barnabbas is na Antiogië gestuur deur die Christenkerk in Jerusalem om die situasie te ontleed (vgl. Han. 15:22, 30-35).
      - (5) Paulus prys hom in II Kor. 1:19 en noem hom in 'n aantal briewe.
      - (6) Later word hy saam met Petrus as die skrywer van I Petrus gekrediteer (vgl. I Pet. 5:12).
      - (7) Paulus sowel as Petrus noem hom Silvanus terwyl Lukas hom Silas noem.
    - c. Timoteus was ook 'n metgesel en medewerker van Paulus:
      - (1) Paulus het hom by Listre ontmoet waar hy bekeer is op die eerste sendingreis.
      - (2) Timoteus was half-Grieks (vader) en half-Jood (moeder). Paulus wou hom gebruik om saam met hom die heidene te evangeliseer.
      - (3) Paulus het hom besny sodat hy met Joodse mense kon werk.
      - (4) Timoteus word in die groetseën genoem in: II Korintiërs, Kolossense, I en II Tessalonisense en Filemon.
      - (5) Paulus praat van hom as 'my seun in die bediening' (vgl. I Tim. 1:2; II Tim. 1:2; Tit. 1:4).
      - (6) Paulus se algemene ondertoon dwarsdeur hierdie brief impliseer dat Timoteus jonk en swak was. Tog plaas Paulus groot vertroue en trots in hom (Fil. 24; II Tim. 4:10).
    - d. Dit is net gepas in die seksie oor Paulus se metgeselle dat melding gemaak word van die mans wat na Tessalonika gekom het en Paulus vergesel op sy latere uitreike. Hulle is Aristargus (Han. 19:29; 20:4; 27:2) en Sekundus (Han. 20:4). Ook Demas kon van Tessalonika gekom het (Fil. 24; II Tim. 4:10).
  4. Paulus se bediening in die stad
    - a. Paulus se bediening in Tessalonika volg sy gewone patroon waarvolgens hy die Jode eerste benader en dan na die heidene keer. Paulus preek op drie Sabbatte in die sinagoge. Sy boodskap was: "Jesus is die Messias". Hy gebruik Out Testamentiese Skrif om te wys dat die Messias 'n lydende Messias sou wees (vgl. Gen. 3:15; Jes. 53) en nie 'n politieke-tydsgebonde Messias nie. Paulus het ook die opstanding beklemtoon en verlossing vir almal aangebied. Jesus is duidelik voorgedoen as die beloofde Messias van ouds wat alle mense kon red.
    - b. Die reaksie tot sy boodskap was dat sommige Jode, vele toegewyde heidene en baie belangrike vroue Jesus as Verlosser en Heer aanvaar het. 'n Ontleding van hierdie groepe bekeerlinge is baie betekenisvol om Paulus se latere briewe aan hierdie kerk te verstaan.
    - c. Die grootse gedeelte van die kerklidmaatskap is uit heidene opgemaak, soos gesien in die ontbrekende verwysing na die OT in enige van sy twee briewe. Die heidene het Jesus geredelik aanvaar as Verlosser en Heer om verskeie redes:
      - (1) Hulle tradisionele gelowe was magtelose bygeloof. Tessalonika het aan die voet van die Berg Olimpus gelê en almal het geweet sy hoogtes was leeg.
      - (2) Die evangelie was vryelik beskikbaar vir almal.

- (3) Christenskap het geen Joodse uitsluitende nasionalisme bevat nie. Die Joodse geloof het vele aangetrek vanweë sy monoteïsme en hoë morele standaarde, maar dit het ook baie weggestoot oor sy gruwelike seremonies (soos besnydenis) en sy inherente rassige en nasionale vooroordele.
- d. Baie ‘hoofvroue’ het Christenskap aanvaar oor hierdie vroue se vermoë om hulle eie geloofsbesluite te neem. Vroue het meer vryheid geniet in Masedonië en Klein-Asië as in die res van die Grieks-Romeinse wêreld (Sir Wm. M. Ramsay, *St. Paul the Traveller and Roman Citizen*, New York: G. P. Putnam’s Sons, 1896, bl. 227). Tog het die armer klas vroue, hoewel vry, steeds onder die juk van bygeloof en politeïsme gestaan (Ramsay, bl. 229).
- e. Menigte ondervind ’n probleem met die tyd wat Paulus in Tessalonika deurgebring het:
- (1) Han. 17:2 praat van Paulus se argument in die sinagoge op drie Sabbatte terwyl hy in Tessalonika was.
  - (2) I Tess. 2:7-11 vertel van Paulus se werk in sy ambag. Dit was tentmaak of soos sommige voorstel, leerlooierij.
  - (3) Fil. 4:16 ondersteun die langer verblyftydperk, waartydens Paulus ten minste twee geldskenkings van die Filippense kerk ontvang terwyl hy in Tessalonika is. Die afstand tussen die twee stede is ongeveer 100 myl. Sommige voer aan dat Paulus ongeveer twee of drie maande vertoef het en dat die drie Sabbatte slegs verwys na sy prediking aan die Jode (Shepard, bl. 165).
  - (4) Die verskillende weergawes van die bekeerlinge in Han. 17:4 en I Tess. 1:9 en 2:4 ondersteun hierdie siening waar die sleutelverskil in die weergawes die afkeur van afgode is deur die heidene. Die heidene in Handeling was Joodse proseliete wat reeds van afgode weggedraai het. Die konteks impliseer dat Paulus moontlik ’n breër bediening onder die pagaanse heidene gehad het as onder die Jode.
  - (5) Wanneer ’n groter bediening kon plaasgevind het is onseker, aangesien Paulus altyd eers na die Jode gegaan het. Nadat hulle sy boodskap verwerp het, het hy hom op die heidene verlaat. Wanneer hulle in groot getalle op die evangelie gereageer het sou die Jode jaloers word (wat een van Paulus se sendingstegnieke was, vgl. Rom. 9-11) en ’n opstand onder die gepeupel van die stad veroorsaak.
- f. Paulus het as gevolg van ’n opstand Jason se huis verlaat en by Timoteus gaan wegkruip, of hulle was ten minste nie daar to die skare Jason se huis stormgeloop het op soek na hulle nie. Die Politarge het Jason gedwing om ’n sekuriteitsverbond te sluit om vrede te verseker. Dit het Paulus geroep om die stad in die nag te verlaat en na Berea te gaan. Nietemin, die kerk het sy getuienis van Christus voortgesit, ten spyte van baie teenstand.

## OUTEUR

- A. I Tessalonisense. Slegs moderne vorm kritici het Paulus se outeurskap en die egtheid van I Tessalonisense ernstig in twyfel getrek, maar hulle gevolgtrekkings het nog nie veel kundiges oortuig nie. I Tessalonisense word ingesluit in Marsion se kanon (140 n.C.) en in die Muratoriese Fragment (200 n.C.). Albei lyste van kanonieke boeke van die NT het in Rome omgegaan. Irenaeus haal I Tessalonisense by name aan—hy het rondom 180 n.C. geskryf.
- B. II Tessalonisense.
1. Die boek van II Tessalonisense is nie altyd as Paulinies aanvaar nie en word op verskeie gronde aangeval:
    - a. Die woordeskat is problematies. Die brief bevat baie woorde wat nie in ander Pauliniese briewe aangetref word nie.
    - b. “Die styl is stereotiep en by tye vreemd formeel,” (Heard, bl. 186).
    - c. Die eskatologie van die twee briewe is verondersteld onsamehangend.
    - d. II Tessalonisense bevat ’n siening van die anti-Christ uniek tot die NT, wat sommige tot die gevolgtrekking bring dat Paulus nie die skrywer kan wees nie.
  2. Die egtheid van II Tessalonisense word gebaseer op verskeie premisse:
    - a. Polikarp, Ignatius en Justinus erken dit.
    - b. Die Marsionitiese kanon sluit dit in.
    - c. Die Muratoriese Fragment sluit dit in.
    - d. Irenaeus haal dit by name aan.
    - e. Die woordeskat, styl en teologie is net so Paulinies soos I Tessalonisense.
- C. Die Twee Vergelyk
1. Die twee briewe is baie soortgelyk, nie bloot in terme van idees nie, maar ook betreffende frasering. Indien die opening- en slot-formuleringstaal uitgesluit word kom ooreenkomste steeds voor in omtrent ’n derde van die materiaal.
  2. Die algemene toon van II Tessalonisense is anders as die eerste brief—kouer en meer formeel. Tog kan dit toegeskryf word aan die emosionele omstandighede betrokke in die skryf van die eerste brief en die ontwikkelde probleme van die tweede brief.
- D. Die Volgorde van die Briewe

1. Nog 'n interessante hipotese word aangevoer deur F. W. Manson wanneer hy Johannes Weiss se aantekeninge gebruik. Hulle stel dat die volgorde van die boeke omgekeerd is. Die rede hiervoor is die volgende:
  - a. die beproewinge bereik 'n hoogtepunt in II Tessalonisense, maar is verby in I Tessalonisense;
  - b. in II Tessalonisense word van die interne problematiek gepraat asof dit 'n nuwe ontwikkeling is waarvan die skrywer van die brief pas te wete gekom het, terwyl die omstandighede in I Tessalonisense reeds aan alle belanghebbendes bekend is;
  - c. die stelling dat die Tessalonisense nie onderrig nodig het oor tye en seisoene nie (I Tess. 5:1) is baie relevant indien hulle reeds bekend is met II Tessalonisense 2;
  - d. die formulering: "Oor die..." in I Tess. 4:9,13; 5:1, is soos dié van I Kor. 7:1,25 ("Met betrekking tot..."; "In verband met..."); 8:1; 12:1; 16:1,12, waar die skrywer reageer op punte uit 'n brief wat aan hom gestuur is. Manson dink dat die antwoorde moontlik oor vrae gaan wat spruit uit II Tessalonisense.
2. Verskeie premisse staan hierdie argument teen:
  - a. die probleme waarop Paulus sy aandag vestig vererger en verdiep vanaf I Tessalonisense tot II Tessalonisense;
  - b. die passasies in II Tessalonisense verwys na 'n brief van Paulus (2:2,15; 3:17) en indien ons veronderstel dat hierdie brief nie I Tessalonisense is nie, dan sit ons met die probleem van 'n verlore brief;
  - c. die persoonlike herinneringe wat so 'n belangrike deel van die eerste brief uitmaak is afwesig in die tweede brief, wat te verwagte sou wees indien die brief die eerste opvolg;
  - d. die toon van die briewe blyk heeltemal onnatuurlik te wees gegewe die situasie indien die volgorde omgekeer word.

## DATERING VAN DIE BRIEWE

- A. Die datering van die skrywe van die Tessalonisense-briewe is een van die mees skkurate datums wat ons het aangaande Paulus se briewe. Dit staan opgeteken dat terwyl Paulus in Korinte was, "hy in hegtenis geneem is en voor Gallio gebring is, die prokonsul van Agaje." 'n Inskripsie gevind by Delphi wat 'n vraag beantwoord, verwys na die Keiser Claudius met hierdie selfde "Gallio". Dit word uit die twaalfde jaar van die keiser se tribunale mag gedateer en na sy ses-en-twintigste bekroning as keiser. Hierdie twaalfde jaar was van 25 Januarie, 52 n.C. tot 24 Januarie, 53 n.C. Terwyl die datum van die ses-en-twintigste bekroning nie presies is nie, was die datum van die sewe-en-twintigste voor 1 Augustus, 52 n.C. Gallio sou Claudius se besluit gedurende die eerste helfte van 52 ontvang het. Nou, prokonsuls het gewoonlik amp opgeneem in die vroeë somer en het vir een jaar hierdie amp beklee. Dit wil dus voorkom of Gallio sy eerste ampstermyn in die vroeë somer van 51 betree het (Morris, bl. 15).
- B. Hierdie datering van die ampstermyn van die prokonsul los nie al die probleme van die datering van die Tessalonisense briewe heeltemal op nie. Paulus was in Korinte vir 18 maande (Han. 18:11), maar wanneer hy voor Gallio verskyn het is onbekend. Die meeste skrifkenners dateer I en II Tessalonisense in 50-51 n.C.
- C. Moontlike kronologie van Paulus se geskrifte volgens F. F. Bruce en Murray J. Harris met enkele wysigings:

	<u>Boek</u>	<u>Datum</u>	<u>Skryfplek</u>	<u>Verhouding tot Handeling</u>
1.	Galasiërs	48	Siriese Antiogië	14:28; 15:2
2.	I Tessalonisense	50	Korinte	18:5
3.	II Tessalonisense	50	Korinte	
4.	I Korintiërs	55	Efese	19:20
5.	II Korintiërs	56	Masedonië	20:2
6.	Romeine	57	Korinte	20:3
7.-10.	Tronkbriewe			
	Kolossense	vroeë 60s	Rome	
	Efesiërs	vroeë 60s	Rome	
	Filemon	vroeë 60s	Rome	
	Filippense	laat 62-63	Rome	28:30-31
11.-13.	Vierde Sendingreis			
	I Timoteus	63 (of later,	Masedonië	
	Titus	63 maar voor	Efese (?)	
	II Timoteus	64 68 n.C.)	Rome	

## GEBEURE RONDOM DIE TESSALONISENSE-BRIEWE

- A. Die gebeure wat veroorsaak het dat Paulus die briewe aan die Tessalonisense skryf is kompleks en vervleg. Sekere onderskeidings moet getref word, veral betreffende die fisiese opset en die emosionele opset. Paulus is

gedwing om die nuwe Tessalonisense gelowiges te verlaat, omdat die Jode die bygelowige, politeïstiese gespuis van die stad opgerui het om Jason se huis te bestorm op soek na Paulus en sy metgeselle. Ná 'n verhoor voor die politarge is Jason en ander Christenleiers gedwing om 'n sekuriteitsbond op te stel om vrede te verseker. Toe Paulus hiervan te hore kom het hy geweet hy moes aanbeweeg en hierdie jong, onvolwasse kerk agterlaat. Daarom is hy na Berea saam met Timoteus en Silas. Timoteus het klaarblyklik eers agtergebly (vgl. Han. 17:10) om later vir Silas te ontmoet om na Athene te gaan (vgl. Han. 17:15). Eers was die eerlike ontvangs van die Jode by Berea 'n seëning vir Paulus in die gesig van sulke sterk voormalige Joodse teenstand. Tog het dit nie lank gehou nie. Die Jode van Tessalonika het na Berea afgekom en moeilikheid veroorsaak. Daarom moes Paulus weer aanbeweeg.

- B. Hierdie keer is Paulus na Athene waar hy 'n koue en onreaktiewe verwelkoming ontvang het. Hy het 'n aardigheid vir die akademiese filosofe geword. Sy ervaring in Masedonië is gekenmerk deur vervolging en teenstand. Hy is geslaan, kaal ugetrek en in die nag uit die stad uit gejaag. Kundiges het hom gespot en pagane sowel as baie van sy landgenote het hom gehaat (vgl. II Kor. 4:7-11; 6:4-10; 11:23-29).
- C. Paulus is gedwing om hierdie belowende kerk by Tessalonika op 'n kritieke tyd te verlaat. Hulle was onvolwasse in die geloof en het vervolging en teenstand in die gesig gestaar. Paulus kon die geestelike marteling nie meer verduur nie. Bekommerd oor die jong bekeerlinge iewers tussen Berea en Athene het Paulus Timoteus en Silas teruggestuur na die nuwe Masedoniese kerke. Timoteus het na Tessalonika gegaan. Baie voel hy het daar gebly en bedien vir ses maande tot 'n jaar. Die kerk het desperaatlik iemand nodig gehad om hulle te onderrig, te troos en te bemoedig. Timoteus self was 'n redelike nuwe bekeerling. Hy is op Paulus se eerste sendingreis bekeer, maar was nog maar net saam met Paulus sedert Paulus na Listre is tydens sy tweede sendingreis. Daarom was hy nuut in die bediening, maar Paulus het groot vertroue in hom gehad. Dit was Timoteus se eerste opdrag as Paulus se amptelike verteenwoordiger.
- D. Paulus het alleen in Athene bedien en het baie ontmoedig en depressief begin voel vanweë die gebrekkige reaksie op die evangelie in Masedonië en sy onophoudelike kommer vir die nuwe Christene daar. Hy was spesifiek bekommerd oor die Tessalonisense kerk. Kon 'n kerk in so 'n klein tydjie gevorm word en onder sulke moeilike omstandighede oorleef (Carter, bl. 115)? Om tot sy frustrasies by te dra het hy niks van Timoteus of Silas gehoor vir 'n geruime tyd nie (ses maande tot 'n jaar, hoewel sommige sê dit was maar een of twee maande) (Farrar, bl. 369). Dit was die emosionele stand waarin Paulus hom bevind het toe hy in Korinte aanland.
- E. In Korinte het twee dinge gebeur wat Paulus grootliks bemoedig het:
1. Die visioen dat God vele in Korinte gehad het wat op die evangelie sou reageer (Han. 18:9-10).
  2. Timoteus en Silas het opgedaag met goeie nuus (Han. 18:5). Dit was Timoteus se boodskap vanuit Tessalonika wat Paulus sou noop om vir hulle te skryf vanuit Korinte. Paulus het gereageer op vrae van die kerk oor doktrinale en praktiese kwessies.
- F. II Tessalonisense is nie lank ná I Tessalonisense geskryf nie, want dit het nie alles bewerkstellig wat Paulus gehoop het dit sou nie. Hy het ook bewus geword van ander probleme. Baie kundiges glo II Tessalonisense is ongeveer ses maande na I Tessalonisense geskryf.

## DOEL VAN DIE BRIEWE

- A. Die Tessalonisense briewe het 'n drieledige doel:
1. om Paulus se blydschap en danksegging aan God vir die gelowigheid en Christelikheid van die Tessalonisense, selfs te midde vervolging, te deel.
  2. om op kritiek wat teen sy motiewe en karakter gelewer is te antwoord.
  3. om die wederkoms van die Here te bespreek. Hierdie eskatologiese element van Paulus se prediking het twee vrae in die gedagtes van die Tessalonisense Christene laat vorm:
    - a. Wat sou gebeur met gelowiges wat sterf voor die Here se wederkoms?
    - b. Wat sou gebeur met die gelowiges in die gemeente wat opgehou werk het en rondgesit en wag het vir die Here se wederkoms (Barclay, bl. 21-22).
  4. om spesifieke vrae deur die kerk gevra te beantwoord (vgl. 4:13; 5:1).
- B. Baie van die bogenoemde kan verduidelik word deur die feit dat dit 'n jong en baie ywerige kerk was. Tog, vanweë die omstandighede was hulle nie genoegsaam opgelei en gedissiplineerd nie. Hierdie probleme is verteenwoordigend van wat van 'n kerk van hierdie aard te wagte is: die nuwe gelowiges, die swakkes, die harteloses, die ydeles, die visioenêre en die verwardes.
- C. Die geleentheid vir II Tessalonisense was: "Dit is eenvoudig 'n tweede voorskrif vir dieselfde geval, gemaak na bevind is dat sekere hardnekkige simptome nie deur die eerste remedie beredder is nie," (Walker, bl. 2968).



## BIBLIOGRAFIE VAN BRONNE AANGEHAAL

- Barclay, William. *The Letters and the Revelation. The New Testament*. 2 vol. New York: Collins, 1969.
- Carter, Thomas. *Life and Letters of Paul*. Nashville: Cokesbury Press, 1921.
- Farrar, Dean. *The Life and Work of St. Paul*. New York. Cassell and Company, Limited, 1904.
- Heard, Richard. *An Introduction to the New Testament*. New York: Harper and Row Publishers, 1950.
- Metzger, Bruce Manning. *The New Testament: Its Background, Growth and Content*. Nashville: Abingdon Press, 1965.
- Manson, T. W. *Studies in the Gospels and Epistles*. Philadelphia: Westminster, 1962.
- Morris, Leon. *The First and Second Epistles to the Thessalonians*. Grand Rapids: Eerdmans, 1991.
- Ramsay, W. M. *St. Paul the Traveller and Roman Citizen*. New York: G. P. Putnam's Sons, 1896.
- Shepard, J. W. *The Life and Letters of Paul*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Company, 1950.
- Walker, R. H. *The International Standard Bible Encyclopedia*. Vol. V. N. D.

## INHOUDSRAAMWERK<sup>7</sup>

- A. Begroeting, 1:1
- B. Gebed van danksegging, 1:2-4
- C. Herinneringe, 1:5-2:16
  - 1. Reaksie van die Tessalonisense op die oorspronklike prediking, 1:5-10
  - 2. Die prediking van die evangelie by Tessalonika, 2:1-16
    - a. Die suiwerheid van die span se motiewe, 2:1-6a
    - b. Die span weier om onderhoud te aanvaar, 2:6b-9
    - c. Die span se optrede was onverbeterlik, 2:10-12
    - d. Die span se boodskap van die Woord van God, 2:13
    - e. Vervolging, 2:14-16
- D. Die Verhouding van Paulus met die Tessalonisense, 2:17-3:13
  - 1. Sy begeerte om terug te keer, 2:17,18
  - 2. Paulus is verheug oor die Tessalonisense, 2:19,20
  - 3. Timoteus se opdrag, 3:1-5
  - 4. Timoteus se terugvoering, 3:6-8
  - 5. Paulus se tevredenheid, 3:9,10
  - 6. Paulus se gebed, 3:11-13
- E. Aanhutsing tot Christelik lewe, 4:1-12
  - 1. Algemeen, 4:1,2
  - 2. Seksuele suiwerheid, 4:3-8
  - 3. Broederliefde, 4:9,10
  - 4. Verdien vir jouself, 4:11,12
- F. Probleme betreffende die wederkoms, 4:13-5:11
  - 1. Gelowiges wat sterf voor die wederkoms, 4:13-18
  - 2. Die tyd van die wederkoms, 5:1-3
  - 3. Kinders van die dag, 5:4-11
- G. Algemene Bemoediging, 5:12-22
- H. Gevolgtrekking, 5:23-28

---

<sup>7</sup> Hierdie boek verdeel nie so netjies in 'n doktrinale gedeelte en 'n praktiese gedeelte soos die meeste van Paulus se ander briewe nie. Indien die algemene patroon gevolg word is Paulus se bespreking van die wederkoms in 4:17-18 die praktiese seksie, nie die doktrinale een nie! Die wederkoms is nie 'n doktrine om bloot bevestig te word nie, maar 'n lewe om te leef in afwagting op sy enige-oomblik wederkoms.

# I TESSALONISENSE 1

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS\*

UBS <sup>4</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Salutation	Greetings	Salutation	Salutation	Address	Inleiding
1:1	1:1	1:1	1:1	1:1	1:1a 1:1b
The Thessalonians' Faith and Example	Their Good Example	Thanksgiving	The Love and Faith of the Thessalonians	Thanksgiving and Congratulations	Die voorbeeld van die Tessalonisense
1:2-10	1:2-10	1:2-10	1:2-10	1:2-3 1:4-10	1:2-10

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### KONTEKSTUELE INSIG TOT VERSE 1-10

- A. Vers 1 is standaard eerste-eeuse briefvorm. Paulus het dit uniek Christelik gemaak deur die eendersklinkende griekse woord, 'groetnis' met, 'genade' om te ruil (*charis* vs. *charein*).
- B. Verse 2-10 vorm een, lang dankseggingsgebed tot God vir die gelowiges by Tessalonika:
  1. Verse 2-5 vorm een sin wat Paulus se evangeliese getuienis beskryf.
  2. Verse 6-9 beskryf die Tessalonisense se reaksie.
- C. Die Triniteit word in verse 2-5 openbaar. Sien Vir Spesiale Aandag: Triniteit by Galasiërs 4:4.

---

\* Hoewel nie geïnspireerd nie is paragraafverdelings die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling. Elke moderne vertaling het hoofstuk een verdeel en opgesom. Duidelik is verse 1-5, 6-10, 11-17 en 18-24 denkeenhede (paragraawe). Elke paragraaf het een sentrale onderwerp, waarheid of gedagte. Elke weergawe omvat daardie onderwerp op sy eie unieke manier. Terwyl jy die teks lees, dink oor watter vertaling jou begrip van die onderwerp en versverdeling die beste pas.

Let daarop dat die TEV verse 1-5 in drie onderwerpe struktureer terwyl die ander slegs een het. Let ook op hoe verse 6-10 in UBS<sup>4</sup> en TEV vers 10 'n aparte denk maak. Die opsommende stellings verskil ook: UBS<sup>4</sup>, NKJV en TEV karakteriseer dit as 'n verwysing na 'die evangelie', maar NRSV en JB verstaan die paragraaf as 'n 'waarskuwing' en verbind dit met kettery.

In elke hoofstuk moet jy eers die Bybel lees en probeer om sy onderwerpe (paragraawe) te bepaal. Vergelyk dan jou ontleding met die moderne vertalings. Slegs wanneer jy die oorspronklike skrywer se bedoeling begryp deur sy logika en uiteensetting te verstaan kan jy die Bybel waarlik verstaan. Slegs die oorspronklike skrywer was onder inspirasie—lesers het nie die reg om die boodskap te verander of aan te pas nie. Bybellesers is wel verantwoordelik vir die toepassing van hierdie geïnspireerde waarheid in hulle daaglikse lewens.

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 1:1

**<sup>1</sup>PAULUS en Silvánus en Timótheüs aan die gemeente van die Thessalonicense wat in God die Vader en die Here Jesus Christus is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!**

**1:1 “Paulus”** Saulus van Tarsus word die eerste keer in Handeling 13:9 Paulus genoem. Dit is moontlik dat die meeste Jode van die ‘diaspora’ ’n Hebreeuse naam en ’n Griekse naam gehad het. Indien wel sou Saulus se ouers hom hierdie naam gegee het, maar hoekom verskyn ‘Paulus’ dan skielik in Handeling 13? Moontlik het (1) ander hom so begin noem of (2) hy het na homself begin verwys as ‘mindere’ of ‘minste’. Die Griekse naam, *Paulos*, beteken ‘mindere’. Verskeie teorieë bestaan oor die oorsprong van die Griekse naam:

1. die tweede-eeuse tradisie dat Paulus kort, vet, kaalkop, met geboeë bene, ruie ooghare en uitpeuloë was is ’n moontlik oorsprong van die naam, afgelei van ’n nie-kanonieke boek uit Tessalonika genaamd *Paul and Thekla*;
2. passasies waar Paulus homself die ‘minste onder die heiliges’ noem, omdat hy die kerk vervolg het, soos in Han. 9:1-2 (vgl. Kor. 15:9; Ef. 3:8; I Tim. 1:15).

Sommige sien hierdie stand van ‘minste’ as die oorsprong van die selfverkose titel. Nietemin, in ’n boek soos Galasiërs waar hy sy onafhanklikheid en gelykheid met die Jerusalem twaalf beklemtoon, lyk dit ietwat onwaarskynlik (vgl. II Kor. 11:5; 12:11; 15:10).

Let op dat daar geen verweer van Paulus se apostelskap in hierdie inleiding tot die Tessaloniese kerk is nie. Van al Paulus se kerke het Tessalonika en Filippi die meeste ondersteuning gebied.

☐ **OAV** “**Silvánus**”  
**NAV, NASB** “**Silvanus**”

Dit was sy Romeinse naam. Soos Paulus was hy ’n Romeinse burger (vgl. Han. 16:37). Lukas noem hom altyd ‘Silas’. Hy was ’n begaafde profeet en ’n gesiene lid van die Jerusalem kerk soos Barnabas (vgl. Han. 15:22,27,32; I Pet. 5:12). Hy vervang Barnabas as Paulus se metgesel op die tweede en derde sendingreise.

### VIR SPESIALE AANDAG: SILAS/SILVANUS

Silas, of Silvanus, was die man wat Paulus gekies het om saam met hom te gaan op sy tweede sendingreis nadat Barnabas en Johannes Markus terug is na Siprus toe:

- A. Hy word die eerste keer in die Bybel genoem in Han. 15:22 waar hy ’n hoofman onder die broeders van die Jerusalem kerk genoem word.
- B. Hy was ook ’n profeet (vgl. Han. 15:32).
- C. Hy was ’n Romeinse burger, soos Paulus (vgl. Han. 16:37).
- D. Hy en Judas Barsabbas is na Antiogië gestuur deur die Jerusalem kerk om die situasie te inspekteer (vgl. Han. 15:22,30-35).
- E. Paulus maak melding van hom in II Kor. 1:19 as ’n mede-evangeliese prediker.
- F. Later word hy saam met Petrus geïdentifiseer as skrywer van I Petrus (vgl. I Pet. 5:12).
- G. Paulus sowel as Petrus noem hom Silvanus terwyl Lukas hom Silas noem (die Aramese vorm van Saulus). Dit is moontlik dat Silas sy Joodse naam was en Silvanus sy Latynse naam (vgl. F. F. Bruce, *Paul: Apostle of the Heart Set Free*, bl. 213).

☐ **OAV** “**Timótheüs**”  
**NAV** “**Timoteus**”  
**NASB** “**Timothy**”

Hy was Paulus se bekeerling van Listra op sy eerste sendingreis. Timoteus word Paulus se spanlid op die tweede reis (vgl. Han. 16:1-3) waar hy vir Johannes Markus vervang. Vir ’n meer volledige beskrywing, vgl. Inleiding B. 3.

☐ **OAV** “**die Thessalonicense**”  
**NAV** “**die Tessalonisense**”  
**NASB** “**the Thessalonians**”

Han. 17:1-9 beskryf Paulus se ontmoeting met hierdie mense.

☐ **“kerk”** *Ekklesia* beteken ‘byeengeroep’. Oorspronklik het dit verwys na ’n dorpsvergadering van die Griekse samelewing (vgl. Han. 19:32). Die Griekse vertaling van die OT, die Septuaginta, gebruik dit om die Hebreeuse woord, *qahal*, te vertaal wat ‘byeenkoms’ beteken (vgl. Eks. 12:6; 16:3; Lev. 4:13; Num. 14:5; 20:6; Deut. 5:22; 9:10; 10:4; 18:16). Die vroeë kerk het hulself die Messiaanse byeenkoms van Israel geag. Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 1:2.

☐ **“in God die Vader en die Here Jesus Christus”** God en Jesus word sintakties saamgebind deur een VOORSETSEL te gebruik om albei aan te dui (vgl. 3:11; II Tess. 1:2,12; 2:16). Dit is een tegniek wat deur die NT-skrywers gebruik word om

die Godheid van Christus teologies uit te druk. ’n Ander manier was om OT-titels en funksies van JHWH aan Jesus van Nasaret toe te skryf.

## VIR SPESIALE AANDAG: VADER

In die OT reeds word die intieme familie-metafoor van God as Vader bekendgestel:

1. Die volk Israel word die “seun” van JHWH genoem (vgl. Hos. 11:1; Mal. 3:17).
2. Selfs vroeër in Deuteronomium verskyn die analogie van God as Vader (Deut. 1:31).
3. In Deut. 32 word Israel “sy kinders” genoem en God hulle “Vader”.
4. Hierdie analogie kom ook voor in Ps. 103:13 en word in Ps. 68:5 ontwikkel tot “die Vader van wese”.
5. Dit was algemeen in die profete-boeke (vgl. Jes. 1:2; 63:8; Israel as seun, God as Vader, 63:16; 64:8; Jer. 3:4, 19; 31:9).

Jesus het Aramees gepraat, wat beteken dat die gebruik van die Griekse *Pater* op baie plekke waar “Vader” voorkom, moontlik die Aramese *Abba* weerspieël (vgl. 14:36). Hierdie familiêre aanspreekwyse (“Pappa”) toon Jesus se intieme verhouding met die Vader. Die feit dat hy dit so duidelik ten toon stel vir sy volgelinge, dien ook as aansporing om ons eie intieme verhouding met die Vader te smee. Die term “Vader” word slegs in die OT gebruik om na JHWH te verwys, maar Jesus het dit deurgaans en dikwels gebruik. Dit is ’n belangrike openbaring oor ons nuwe verhouding met God deur die Christus.

■ **“die Here”** God openbaar sy verbondsnaam aan Moses in Eks. 3:14—JHWH. Die Jode het later bang geword om hierdie heilige naam uit te spreek, ingeval hulle dit ydelike gebruik en daardeur een van die tien gebooie oortree (vgl. Eks. 20:7; Deut. 5:11). Daarom het hulle ’n ander woord in die plek daarvan gebruik wanneer hulle Skrif lees, *Adon*, wat ‘eggenoot, eienaar, meester, heer’ beteken het. Dit is die bron van die Engelse vertaling van JHWH: HERE.

Dikwels wanneer die NT-skrywers Jesus ‘Here’ (*kurios*) noem, was hulle besig om die Godheid van Jesus uit te druk. Hierdie bevestiging het die vroeë kerk se doopsbelydenis geword: “Jesus is Heer” (vgl. Rom. 10:9-13; Fil. 2:6-11).

■ **“Jesus”** Hierdie naam beteken ‘JHWH red’ (vgl. Mat. 1:21), gelykstaande aan die OT-naam, ‘Josua’. ‘Jesus’ word afgelei van die Hebreeuse woord vir redding (*hosea*), as voorsetsel gebruik saam met die verbondsnaam van God (JHWH).

■ **“Christ”** Hierdie is ’n vertaling van die Hebreeuse term vir ‘Gesalfde Een’ (*mashlach*). Dit verwys na die spesiale bemagtiging en voorbereiding van die Gees vir JHWH se toegeskrewe opdrag. Dit is die Hebreeuse term vir God se spesiale, beloofde, komende Een, ‘Messias’ (vgl. Luk. 2:11,26; 3:15; 4:41; 9:20; 22:67; 23:2,35,39; 24:26,46).

■ **“Genade”** Paulus verander die sekulêre groet, *charein* (groetnes) na *charis* (genade) om dit sodoende uniek Christen en teologies primêr te maak. Genade gaan altyd vrede vooraf.

■ **“vrede”** Dit weerspieël die Hebreeuse groet, *shalom*. Die frase ‘genade en vrede’ was moontlik veronderstel om tradisionele Griekse en Hebreeuse groetredes te kombineer.

Die King James-Weergawe voeg ’n tipies-Pauliniese frase by: “van God ons Vader en die Here Jesus Christus” uit II Tess. 1:1 na ‘vrede’ by. Hierdie frase verskyn nie in die Griekse hooflettermanuskripte B, F of G nie. Dit kom wel in die antieke hooflettermanuskripte  $\aleph$  en A voor. ’n Ietwat aangepaste vorm verskyn in manuskrip D. Dit mag ’n skribale byvoeging uit II Tess. 1:2 wees. Die UBS<sup>4</sup> gee die korter teks sonder die bykomstige frase ’n ‘A’-gradering (seker).

## OAV TEKS: 1:2-10

<sup>2</sup>ONS dank God altyd oor julle almal as ons aan julle dink in ons gebede <sup>3</sup>en ophoudelik in gedagte hou die werk van julle geloof en die arbeid van julle liefde en die lydsaamheid van julle hoop op onse Here Jesus Christus, voor onse God en Vader, <sup>4</sup>omdat ons weet van julle verkiesing, broeders wat deur God bemin word. <sup>5</sup>Want ons evangelie het tot julle nie gekom in woord alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees en in volle versekerdheid, soos julle weet hoedanig ons onder julle om julle ontwil gewees het. <sup>6</sup>En julle het navolgers van ons geword en van die Here deurdadig julle die woord in baie verdrukking ontvang het met die blydskap van die Heilige Gees, <sup>7</sup>sodat julle voorbeelde geword het vir al die gelowiges in Macedonië en Achaje. <sup>8</sup>Want van julle uit het die woord van die Here weerklank nie alleen in Macedonië en Achaje nie, maar ook op elke plek het julle geloof in God uitgegaan, sodat ons nie nodig het om daar iets van te sê nie. <sup>9</sup>Want hulle vertel self aangaande ons watter ingang ons by julle gehad het en hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God, om die lewende en waaragtige God te dien <sup>10</sup>en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos.

1:2 **“ONS”** Dit verwys na Paulus, Silas en Timoteus (die gelowige Joodse sendingspan). Paulus gebruik hierdie MEERVOUDIGE VOORNAAMWOORD meer dikwels in I Tesslonisense as in enige ander brief. Dit is onseker hoe dit die proses van die skryf van die boek beïnvloed het. Paulus het dikwels van skribas gebruik gemaak. Presies hoeveel vryheid hierdie skribas gehad het is onbekend.

■ **“dank God”** Dit is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF wat voortdurende aksie aandui. ’n Gees van danksegging kenmerk die hele brief (vgl. 2:13; 3:9). Paulus het ’n wonderlike verhouding met hierdie kerk gehad, nes met die kerk by Filippi. Paulus se aanvangsgebede is nie net kultureel te verwagte in die Griekse styl nie, maar stel ook die raamwerk van sy teologiese onderwerpe.

## VIR SPESIALE AANDAG: DANKSEGGING

### I. Inleiding

#### A. Dit is die gepaste houding van gelowiges teenoor God:

1. Dit is die oorsprong van ons lof aan God deur Christus
  - a. II Korintiërs 2:14
  - b. II Korintiërs 9:15
  - c. Kolossense 3:17
2. Dit is die gepaste motief vir bediening, I Kor. 1:4
3. Dit is die deurlopende tema van die hemel:
  - a. Openbaring 4:9
  - b. Openbaring 7:12
  - c. Openbaring 11:17
4. Dit is die deurlopende tema van gelowiges
  - a. Kolossense 2:7
  - b. Kolossense 3:17
  - c. Kolossense 4:2

### II. Bybelse Materiaal

#### A. Ou Testament

1. Twee basiese woorde
  - a. *yadah* (BDB 392), wat ‘prys’ beteken
  - b. *todah* (BDB 392), wat ‘danksegging’ beteken. Dit word gewoonlik gebruik van offeranders (vgl. II Kron. 29:31; 33:16).
2. Dawid stel spesiale Leviete aan om God te prys en te dank. Dit is volgehou deur Salomo, Hiskia en Nehemia.
  - a. I Kronieke 16:4,7,41
  - b. I Kronieke 23:30
  - c. I Kronieke 25:3
  - d. II Kronieke 5:13
  - e. II Kronieke 7:6
  - f. II Kronieke 31:2
  - g. Nehemia 11:12
  - h. Nehemia 12:24,27,31,38,46
3. Die Psalter is die versameling van prys en dankseggings van Israel.
  - a. Danksegging aan JHWH vir sy getrouheid aan die verbond
    - (1) Psalm 107:8
    - (2) Psalm 103:1 e.v.
    - (3) Psalm 138:2
  - b. Danksegging was deel van die prosessielied na die Tempel
    - (1) Psalm 95:2
    - (2) Psalm 100:4
  - c. Danksegging het met offerandes gepaardgegaan
    - (1) Psalm 26:7
    - (2) 122:4
  - d. Danksegging vir die aksies van JHWH
    - (1) Bevryding van vyande
      - (a) Psalm 7:17
      - (b) Psalm 18:49
      - (c) Psalm 28:7
      - (d) Psalm 35:18
      - (e) Psalm 44:8
      - (f) Psalm 54:6
      - (g) Psalm 79:13
      - (h) Psalm 118:1,21,29
      - (i) Psalm 138:1
    - (2) Bevryding van die tronk (metafoor), Psalm 142:7

- (3) Bevryding van die dood
  - (a) Psalm 30:4,12
  - (b) Psalm 86:12-13
  - (c) Jesaja 38:18-19
- (4) Hy slaan die slegtes neer en hef die regverdiges op
  - (a) Psalm 52:9
  - (b) Psalm 75:1
  - (c) Psalm 92:1
  - (d) Psalm 140:13
- (5) Hy vergewe
  - (a) Psalm 30:4
  - (b) Jesaja 12:1
- (6) Hy voorsien vir sy mense
  - (a) Psalm 106:1 e.v.
  - (b) Psalm 111:1
  - (c) Psalm 136:1,26
  - (d) Psalm 145:10
  - (e) Jeremia 33:11

B. Nuwe Testament

1. Die belangrikste woorde gebruik vir dank of danksegging (enkele verwysings)
  - a. *eucharisteō* (vgl. I Kor. 1:4,14; 10:30; 11:24; 14:17,18; Kol. 1:3,12; 3:17)
  - b. *eucharistos* (vgl. Kol. 3:15)
  - c. *eucharistia* (vgl. I Kor. 14:16; II Kor. 14:15; 9:11,12; Kol. 2:7; 4:2)
  - d. *charis* (vgl. I Kor. 15:57; II Kor. 2:14; 8:16; 9:15; I Pet. 2:19)
2. Die voorbeeld van Jesus
  - a. Hy was dankbaar vir kos:
    - (1) Lukas 22:17,19 (I Kor. 11:24)
    - (2) Johannes 6:11,23
  - b. Hy was dankbaar vir verhoorde gebede, Johannes 11:41
3. Ander voorbeelde van dankbaarheid
  - a. Vir God se gawe van Christus, II Kor. 9:15
  - b. Vir kos
    - (1) Handeling 27:35
    - (2) Romeine 14:6
    - (3) I Korintiërs 10:30; 11:24
    - (4) I Timoteus 4:3-4
  - c. Vir genesing, Lukas 17:16
  - d. Vir vrede, Handeling 24:2-3
  - e. Vir bevryding van gevaar
    - (1) Handeling 27:34
    - (2) Handeling 28:15
  - f. Vir alle omstandighede, Filippense 4:6
  - g. Vir alle mense, veral leiers, I Timoteus 2:1-2
4. Ander aspekte van dankbaarheid
  - a. Dit is God se wil vir alle gelowiges, I Tessalonisense 5:18
  - b. Dit is 'n bewys van die Geesge vulde lewe, Efesiërs 5:20
  - c. Om dit te verwaarloos is sonde
    - (1) Lukas 17:16-17
    - (2) Romeine 1:21
  - d. Dit is 'n teengif vir sonde, Efesiërs 5:4
5. Paulus se dankbaarheid
  - a. Sy seën oor die kerk
    - (1) vir hulle verkondiging van die evangelie
      - (a) Romeine 1:8
      - (b) Kolossense 1:3-4
      - (c) Efesiërs 1:15-16
      - (d) I Tessalonisense 1:2
    - (2) vir genade toegestaan
      - (a) I Korintiërs 1:4
      - (b) II Korintiërs 1:11; 4:15
    - (3) vir aanvaarding van die evangelie, I Tessalonisense 2:13
    - (4) vir vertrouensvriendskap in die verspreiding van die evangelie, Filippense 1:3-5
    - (5) vir toenemende genade, II Tessalonisense 1:3

- (6) vir kennis van uitverkiesing, II Tessalonisense 2:13
- (7) vir geestelike seën, Kolossense 1:12; 3:15
- (8) vir vrymoedigheid in skenking, II Korintiërs 9:11-12
- (9) vir blydskap oor nuwe gelowiges, I Tessalonisense 3:9
- b. Sy persoonlike danksegging
  - (1) omdat hy 'n gelowige is, Kolossense 1:12
  - (2) vir bevryding van gebondenheid tot sonde, Romeine 7:25; II Kor. 2:14
  - (3) vir die selflose werk van ander gelowiges, Romeine 16:4; II Kor. 8:16
  - (4) vir gegewe handeling wat nie plaasvind nie, I Korintiërs 1:14
  - (5) vir persoonlike geestelike gawe, I Korintiërs 14:18
  - (6) vir die geestelike groei van vriende, Filemon 4-5
  - (7) vir die fisiese krag vir bediening, I Timoteus 1:12

### III. Gevolgtrekking

- A. Danksegging is ons sentrale reaksie op God wanneer ons eers gered is. Dit neem nie net verbaal vorm aan nie, maar laat ook in lewenstyl dankbaarheid daaruit sien.
- B. Danksegging in alle dinge is die doel van 'n volwasse lewe in die sorg van God (vgl. I Tess. 5:13-18).
- C. Danksegging is 'n deurlopende tema in sowel die Ou as Nuwe Testamente. Is dit een van jou temas?

■ **“as ons aan julle dink”** Dit is 'n **TEENWOORDIGE MEDIUM DEELWOORD** wat 'n doelbewuste besluit deur Paulus om aan te hou bid, aandui. Die sistematiese struktuur van Paulus se gebed kan gesien word in die drie afhanklike sinsdele: (1) aan julle dink (vers 2); (2) in gedagte hou (vers 3); en (3) weet van (vers 4).

## VIR SPESIALE AANDAG: BEMIDDELAARSGEBED

### I. Inleiding

- A. Gebed is belangrik as gevolg van Jesus se voorbeeld
  - 1. persoonlike gebed, Markus 1:35; Lukas 3:21; 6:12; 9:299; 22:29-46
  - 2. reiniging van die tempel, Matteus 21:13; Markus 11:17; Lukas 19:46
  - 3. modelgebed, Matteus 6:5-13; Lukas 11:2-4
- B. Gebed bring ons geloof in 'n persoonlike, sorgende God wat aanwesig is, bereidwillig is en in staat is om namens ons en ander op te tree tot konkrete uiting, deur ons gebede.
- C. God het Homself persoonlik beperk ten opsigte van reaksie op gebede van sy kinders in verskeie areas (vgl. Jak. 4:2)
- D. Die belangrikste doel van gebed is ons vertrouensvriendskap en tyd met die Drie-enige God
- E. Die omvang van gebed is enigiets of enigiemand wat gelowiges raak. Ons kan eenkeer bid in geloof, of oor en oor soos die bekommernis terugkeer.
- F. Gebed kan verskeie elemente behels
  - 1. loof en prys die Drie-enige God
  - 2. danksegging aan God vir sy teenwoordigheid, sowel in die verlede as in die hede
  - 3. voorlegging van ons ervaarde behoeftes of begeertes
  - 4. bemiddeling waar ons namens ander voorspraak doen by die Vader
- G. Bemiddelaarsgebed is 'n geheimenis. God is baie liever vir diegene vir wie ons bid as wat ons is, en tog bring ons gebede dikwels 'n verandering, 'n reaksie of 'n behoefte uit, nie net in onself nie, maar ook in hulle.

### II. Bybelse Materiaal

- A. Ou Testament
  - 1. Enkele voorbeelde van bemiddelaarsgebed:
    - a. Abraham pleit vir Sodom, Gen. 18:22 e.v.
    - b. Moses se gebede vir Israel
      - (1) Eksodus 5:22-23
      - (2) Eksodus 32:31 e.v.
      - (3) Deuteronomium 5:5
      - (4) Deuteronomium 9:18,25 e.v.
    - c. Samuel bid vir Israel
      - (1) I Samuel 7:5-6,8-9
      - (2) I Samuel 12:16-23
      - (3) I Samuel 15:11
    - d. Dawid vir sy kind, II Samuel 12:16-18
  - 2. God soek bemiddelaars, Jesaja 59:16
  - 3. Bekende, onbelyde sonde of 'n onboetvaardige houding affekteer ons gebede
    - a. Psalm 66:18
    - b. Spreuke 28:9

- c. Jesaja 59:1-2; 64:7
- B. Nuwe Testament
  - 1. Die Seun en die Gees se bemiddelaarsbediening
    - a. Jesus
      - (1) Romeine 8:34
      - (2) Hebreërs 7:25
      - (3) I Johannes 2:1
    - b. Heilige Gees, Romeine 8:26-27
  - 2. Paulus se bemiddelaarsbediening
    - a. Bid vir die Jode
      - (1) Romeine 9:1 e.v.
      - (2) Romeine 10:1
    - b. Bid vir die kerke
      - (1) Romeine 1:9
      - (2) Efesiërs 1:16
      - (3) Filippense 1:3-4,9
      - (4) Kolossense 1:3,9
      - (5) I Tessalonisense 1:2-3
      - (6) II Tessalonisense 1:11
      - (7) II Timoteus 1:3
      - (8) Filemon, vers 4
    - c. Paulus vra die kerk om vir hom te bid
      - (1) Romeine 15:30
      - (2) II Korintiërs 1:11
      - (3) Efesiërs 6:19
      - (4) Kolossense 4:3
      - (5) I Tessalonisense 5:25
      - (6) II Tessalonisense 3:1
  - 3. Die kerk se bemiddelaarsbediening
    - a. Bid vir mekaar
      - (1) Efesiërs 6:18
      - (2) I Timoteus 2:1
      - (3) Jakobus 5:16
    - b. Bid vir spesiale groepe
      - (1) ons vyande, Mat. 5:44
      - (2) Christenwerkers, Hebreërs 13:18
      - (3) leiers, I Timoteus 2:2
      - (4) sieklikes, Jakobus 5:13-16
      - (5) agteruitgangers, I Johannes 5:16
- III. Voorwaardes vir gebedsbeantwoording
  - A. Ons verhouding met Christus en die Gees
    - 1. bly in Hom, Johannes 15:7
    - 2. in sy naam, Johannes 14:13,14; 15:16; 16:23-24
    - 3. in die Gees, Efesiërs 6:18; Judas 20
    - 4. volgens God se wil, Matteus 6:10; I Johannes 3:22; 5:14-15
  - B. Motiewe
    - 1. sonder twyfel, Matteus 21:22; Jakobus 1:6-7
    - 2. nederigheid en boetvaardig, Lukas 18:9-14
    - 3. verkeerd bid, Jakobus 4:3
    - 4. selfsug, Jakobus 4:2-3
  - C. Ander aspekte
    - 1. Volharding
      - a. Lukas 18:1-8
      - b. Kolossense 4:2
    - 2. Aanhou vra
      - a. Matteus 7:7-8
      - b. Lukas 11:5-13
      - c. Jakobus 1:5
    - 3. Huismoles, I Petrus 3:7
    - 4. Vry van bekende sonde
      - a. Psalm 66:18
      - b. Spreuke 28:9
      - c. Jesaja 59:1-2
      - d. Jesaja 64:7



- IV. Teologiese Gevolgtrekking
- A. Wat 'n voorreg. Wat 'n geleentheid. Wat 'n plig en verantwoordelikheid.
  - B. Jesus is ons voorbeeld. Die Gees is ons gids. Die Vader wag gretig.
  - C. Dit kan jou, jou familie, jou vriende en jou wêreld verander.

**1:3 “onophoudelik in gedagte hou”** Dit is 'n TEENWOORDIGE AKTIEWE DEELWOORD. Dit toon Paulus se motief: volgehoue besorgdheid oor hierdie gelowiges. Hy dink aan en bedank God dikwels vir sy bekeerlinge, nes vir al die kerke (vgl. Rom. 1:9; Ef. 1:16; Fil. 1:3-4; Kol. 1:9; II Tim. 1:3; Fil. vers 4).

- ☐ **OAV** “die werk van julle geloof en die arbeid van julle liefde en die lydszaamheid van julle hoop”
- NAV** “die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop”
- NASB, NRSV** “your work of faith and labor of love and steadfastness of hope”
- NKJV** “your work of faith and labor of love and patience of hope”
- TEV** “how you put your faith into practice, how your love made you work so hard, and how your hope in our Lord Jesus Christ is firm”
- NJB** “your faith in action, worked for love and persevered through hope”

Elkeen van hierdie drie frases is in 'n grammatiese konstruk wat uitdruk dat die werk geproduseer is deur geloof, die arbeid deur liefde en die standvastigheid deur hoop. Die fokus is op aktiewe, getroue gelowiges. Geloof is altyd 'n reaksie op God se inisiërende aktiwiteit.

Hierdie eienskappe vorm die basis van Paulus se danksegging aan God. In Ef. 2:8-10 is genade en geloof verwant aan goeie werke. Hierdie drie terme (geloof, hoop en liefde) word dikwels in die NT met mekaar verbind (vgl. Rom. 5:2-5; I Kor. 13:13; Gal. 5:5-6; Kol. 1:4-5; I Tess. 5:8; Heb. 6:10-12; 10:22-24; I Pet. 1:21-22). Die volgorde verskil dikwels. ‘Geloof’ in hierdie konteks verwys nie na doktrine nie (vgl. Judas 3 & 20), maar na persoonlike vertroue (vgl. vers 8). Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 3:6.

☐ **“arbeid”** Dit is 'n baie intense woord—Christenskap is aktief, nie passief nie (vgl. I Kor. 15:58).

☐ **“lydszaamheid”** Dit is ook nie 'n passiewe konsep nie, maar 'n aktiewe een, gewillige, standvastige volharding in die aangesig van beproewinge (vgl. Luk. 21:19; Rom. 5:3-4). Dit beteken om 'n behoefte te sien en dan gewilliglik te help om die las te dra so lank as wat nodig is (vgl. II Tess. 1:4).

☐ **“hoop. . .voor onse God en Vader”** Dit verwys na die *parousia* of wederkoms, 'n primêre tema van hierdie brief (vgl. 1:10; 3:13; 4:13-5:11; 5:32; II Tess. 1:7,10). Let op dat elke hoofstuk eindig met 'n bespreking van hierdie onderwerp. ‘Hoop’ het nie die konnotasie van 'n betwyfelbare ‘dalk’ of ‘kan wees’ soos in Engels nie, maar eerder die verwagting van 'n gebeurtenis met dubbelsinnige tydselement. Sien Vir Spesiale Aandag: Hoop by Gal. 5:5.

**1:4 “weet”** Dit is die derde van drie DEELWOORDE wat verband hou met Paulus se gebed in vers 2.

- ☐ **OAV** “deur God bemin word”
- NAV** “wat hy liefhet”
- NASB** “beloved by God”

Letterlik, ‘godelike geliefdes’. Hierdie PERFECTUM PASSIEWE DEELWOORD-frase hou teologies verband met hulle uitverkiesing (vgl. Ef. 1:4-5). Dit beklemtoon gelowiges se voortgaande status as ‘geliefdes’. Die BYVOEGLIKE NAAMWOORD, ‘geliefde’ (*agapētos*) word gewoonlik gebruik van die Vader se liefde vir Jesus (vgl. Mat. 3:17; 12:18; 17:5; Ef. 1:6). Dit word mettertyd gebruik van diegene wat Hom deur geloof vertrou en nou ook die geliefdes van die Vader is (vgl. Rom. 1:7; Kol. 3:12; II Tess. 2:13).

- ☐ **OAV** “julle verkiesing”
- NAV** “God julle. . .uitverkies het”
- NASB** “His choice of you”
- NKJV** “your election by God”
- NRSV** “that he has chosen you”
- TEV** “God. . .has chosen you”
- NJB** “that you have been chosen”

Terwyl geen WERKWOORD verskyn nie (net die NAAMWOORDFRASE: “julle verkiesing”) is die agent van die aksie God in Christus, wat uitgedruk word deur die PASSIEWE STEM in die vorige WERKWOORD en met God wat spesifiek genoem word. Dit druk die teologiese noodsaaklikheid van God se inisiërende liefde en keuse uit (vgl. Joh. 6:44,65). Paulus het gewet hulle is uitverkies omdat hulle gereageer het op die evangelie! God se keuse is bevestig deur sy magtige aksie uitgedruk in vers 5. Uitverkiesing is 'n roep na heiligheid (vgl. Ef. 1:4) en diens (vgl. Kol. 3:12-14; II Pet. 1:2-11).

## VIR SPESIALE AANDAG: UITVERKIESING

Uitverkiesing is 'n ongelooflik aangrypende leerstelling. Dit is nie 'n aanduiding van begunstiging nie, maar eerder 'n oproep om as kanaal op te tree—'n werktuig of bemiddelaar van ander se verlossing. In die OT staan die term deurgaans in verband met dienslewering. In die NT kom dit meestal neer op verlossing wat op diens moet uitloop. Nêrens probeer die Bybel die spanning tussen die soewereiniteit van God en die mens se wilsvryheid opklaar nie, maar bevestig die belangrikheid van albei leerstellings. 'n Goeie voorbeeld van hierdie Bybelse spanning word gevind in Rom. 9 oor die soewereiniteit van God, en in hoofstuk 10 oor die noodsaaklike beantwoording daarvan deur die mensdom (vgl. 10:11,13). Die riglyn vir oplossing van hierdie spanning is moontlik in Ef. 1:4 te vinde. Jesus is deur God uitverkies en almal is potensieel in Hom uitverkies. Jesus is God se “ja” vir 'n gevalle mensdom in nood (Barth). Ef. 1:4 help ook om die saak te verhelder deur te verklaar dat die doel van uitverkiesing nie die hemel is nie, maar heiligheid en Christusgelykvormigheid. Dikwels word ons deur die voordele van die evangelie aangegryp en ignoreer die gepaardgaande verantwoordelikhede. God se roep (uitverkiesing) is vir tyd en ewigheid!

Leerstellings staan in verband met ander waarhede en moenie as alleenstaande waarheid buite konteks opgevat word nie. Vergelyk byvoorbeeld 'n ster wat nie buite sy konstellasie gereken moet word nie. God gebruik Oosterse uitdrukkingswyses en nie-Westerse genres. Ons moenie die spanningsveld wat deur 'n dialektiese (paradoksale) stelwyse veroorsaak word, probeer wegwerk nie.

1. Predestinasie versus vrye wil
2. Sekerheid van geloof versus die nodigheid om te volhard in geloof
3. Die oorspronklike sonde versus eiewillige sonde
4. Sondeloosheid (perfeksionisme) versus minder sondig
5. Aanvanklike, onmiddellike vryspraak versus progressiewe heiligmaking
6. Christelike vryheid versus Christelike verantwoordelikheid
7. God se transendensie versus sy immanensie
8. God volkome onkenbaar versus sy selfopenbaring in die Skrif
9. Die koninkryk van God as naby versus die koms daarvan in die eindtyd
10. Vergifnis as 'n gawe van God versus sondebelydenis as 'n verbondsvereiste
11. Jesus as God en mens
12. Jesus gelyk aan die Vader, maar ook onderdanig aan die Vader

Die verbondsteologie handhaaf ewewig tussen die soewereiniteit van God (Hy behou die inisiatief en bepaal die agenda) en die mens se reaksie in geloof en belydenis van begin tot einde. Wees versigtig om nie bewysplaas aan die een kant van die paradoks op te stapel ten koste van die ander kant nie. Wees ook versigtig om nie oormatig voorkeur te gee aan jou persoonlike gunstelingleerstellings of teologie nie! Die een dien as bevestiging van die ander.

<b>1:5</b>	<b>OAV</b>	<b>“het tot julle nie gekom in woord alleen nie”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“het nie bloot met woorde tot julle gekom nie”</b>
	<b>NASB, NKJV</b>	<b>“did not come to you word only”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“came to you not in word only”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“not with words only”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“it came to you not only as words”</b>

Die evangelie was nie net 'n abstrakte idee nie, maar het hulle lewens verander (vgl. Rom. 1:16; Jak. 2:14-26). Dit moet waar wees van evangelisering vandag ook. Heiligheid is die evangelie, nie bloot akkurate doktrine nie (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:19; Ef. 1:4). Die evangelie is (1) 'n persoon om te verwelkom, (2) waarhede oor daardie persoon om te glo, en (3) 'n lewe soos dié van daardie persoon om te leef! Al drie is van kardinale belang.

■ **“in krag en in die Heilige Gees”** Daar is drie verwante dinge wat God se keuse bevestig:

1. evangelie kom in woord
2. evangelie kom in krag
3. evangelie kom in die Heilige Gees

Dit verwys na (1) wat met die Tessaloniese gelowiges persoonlik gebeur het of (2) God se werk deur Paulus (vgl. Rom. 8:15-16). Daar was kragtige bevestiging van die waarheid en geestelike krag van die evangelie deur Paulus se prediking en leer.

■ **“in volle versekerdheid”** Hierdie “volle versekerdheid” (vgl. Kol. 2:2; Heb. 6:11; 10:22) kon verwys het na Paulus se prediking oor die Tessalonisense se reaksie op die evangelie.

■	<b>OAV</b>	<b>“soos julle weet hoedanig ons onder julle om julle ontwil gewees het”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Julle weet trouens hoe ons by julle opgetree het, en dit om julle ontwil”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“as you know what kind of men we proved to be among you for your sake”</b>

Paulus vergelyk die manier wat hy en sy sendingspan opgetree het onder die Tessalonisense (vgl. 2:7,10) met dié vermeld in 2:3-6. Let op die verskille in hoofstuk 2:

<u>Paulus</u>	<u>Andere</u>
te midde heelwat opposisie	
nie foutief nie	foutief
nie vanuit onreinheid nie	onrein
nie deur oneerlikheid nie	oneerlik
nie besadigers van mense nie	besadigers van mense
nie vlyende uitsprake nie	vlyende uitsprake
nie vir gierigheid nie	gierig
nie ter wille van verheerliking nie	ter wille van verheerliking
sagkuns soos 'n besorgde moeder	
met sorgsame liefde	
hulleself en die evangelie gedeel	

Paulus beskryf valse leraars en moeilikheidmakers onder die Jode (vgl. Han. 17:5).

**1:6 “En julle het”** Dit is 'n beklemtoonde kontras met die “ons” van verse 2-5.

- ▣ **OAV** “En julle het navolgers van ons geword en van die Here”
- NAV** “En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword”
- NASB, NRSV** “You also became imitators of us and of the Lord”
- NKJV** “And you became followers of us and of the Lord”
- TEV** “You imitated us and the Lord”
- NJB** “and you were led to become imitators of us, and of the Lord”

Die Engelse ‘imitators’ kom van ‘mimic’ (vgl. die Griekse term en konsep word aangetref in I Tess. 1:6; 2:14; II Tess. 3:7,9; I Kor. 4:16; 11:1; Gal. 4:12; Fil. 3:17; 4:9). Christelikheid is God se doel vir alle gelowiges (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:19; Ef. 1:4). Die beeld van God in die mens sal herstel word (vgl. Lev. 11:44; 19:2; Mat. 5:48; Ef. 1:4; 5:1).

- ▣ **OAV** “deurdat julle die woord ontvang het”
- NAV** “het julle die woord aangeneem”
- NASB, NKJV** “having received the word”
- NRSV** “you received the word”
- TEV** “you received the message”
- NJB** “you took to the gospel”

Hierdie term het die konnotasie ‘om as welkome gas te ontvang’ (vgl. Mat. 10:40-41; 18:5) of ‘om ’n boodskap te ontvang’ (vgl. II Kor. 11:4; Jak. 1:21). Dit is ’n AORISTUS MEDIUM (deponent) DEELWOORD. Mense moet reageer op God se aanbod van liefde in Christus se afgehandelde werk deur boetedoening en geloof (vgl. Mark. 1:15; Joh. 1:12; 3:16; Han. 3:16,19; 20:21; Rom. 10:9-13). Verlossing is (1) ’n boodskap (doktrinale waarheid); (2) ’n persoon (eksistensiële ontmoeting); en (3) ’n lewe om te leef (vers 6). Ons ontvang die evangeliese boodskap en word met Jesus bevriend. Ons moet volkome in albei vertrou. Dit het ’n nuwe lewe van getrouheid en heiligheid tot gevolg.

- ▣ **OAV** “in baie verdrukking”
- NAV** “In baie moeilike omstandighede”
- NASB** “in much tribulation”
- NKJV** “in much affliction”
- NRSV** “in spite of persecution”
- TEV** “even though you suffered much”
- NJB** “the great opposition all round you”

Dit is letterlik ‘om te druk’ (vgl. Joh. 16:33; Han. 14:22; II Tess. 1:4,6). Om ’n Christen te word verseker nie ’n gebrek aan spanning nie—inteendeel, die teenoorgestelde is waar (vgl. Mat. 5:10-12; Joh. 15:18-19; Rom. 8:17; I Pet. 3:13-17; 4:12-19). Handeling 17 beskryf van die vervolging wat Paulus (vgl. II Kor. 4:7-12; 6:3-10; 11:23-28) en hierdie kerk ervaar het.

- ▣ **“met die blydschap van die Heilige Gees”** Hierdie blydschap wat die Gees gee is so omvattend en volkome dat dit teenwoordig en volgehou is te midde groot vervolging en lyding. Dit is ’n vreugde onaangetas deur omstandighede (vgl. Rom. 5:2-5; II Kor. 7:4; I Pet. 4:13).

**1:7 “sodat julle voorbeelde geword het vir al die gelowiges”** Op sekere maniere is dit oordrywing, maar op ander weer letterlik. Die Tessaloniese gelowiges se vreugde en volharding in beproewing was ’n bron van groot bemoediging vir ander gelowiges. Dit is ook hoe die lyding van Job, die profeet (vgl. Mat. 5:10,12), die Messias en die apostels toekomstige gelowiges beïnvloed het. Gelowiges se kragtigste getuigenis is dikwels gedurende tye van beproewing, pyn en vervolging.

- ▣ **“voorbeelde”** Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

## VIR SPESIALE AANDAG: VORM (*TUPOS*)

Die probleem is dat die woord *tupos* verskeie gebruike het.

1. Moulton en Milligan, *The Vocabulary of the Greek New Testament*, bl. 645
  - a. patroon
  - b. plan
  - c. vorm of manier van skryf
  - d. bevel of edik
  - e. vonnis of besluit
  - f. model van menslike liggaam as geestelike offergawe aan die god van genesing
  - g. WERKWOORD gebruik in die sin van versterking van die wet
2. Louw en Nida, *Greek-English Lexicon*, vol. 2, bl. 249
  - a. litteken (vgl. Joh. 20:25)
  - b. beeld (vgl. Han. 7:43)
  - c. model (vgl. Heb. 8:5)
  - d. voorbeeld (vgl. I Kor. 10:6; Fil. 3:17)
  - e. argetipe (vgl. Rom. 5:14)
  - f. kind (vgl. Han. 23:25)
  - g. inhoud (vgl. Han. 23:25)
3. Harold K. Mouton, *The Analytical Greek Lexicon Revised*, bl. 411
  - a. 'n slag, 'n indruk, 'n merk (vgl. Joh. 20:25)
  - b. 'n afbakening
  - c. 'n beeld (vgl. Han. 7:43)
  - d. 'n formule, skema (vgl. Rom. 6:17)
  - e. vorm, inhoud (vgl. Han. 23:25)
  - f. 'n figuur, ewebeeld (vgl. I Kor. 10:6)
  - g. 'n afwagende figuur, tipe (vgl. Rom. 5:14; I Kor. 10:11)
  - h. 'n modelpatroon (vgl. Han. 7:44; Heb. 8:5)
  - i. 'n morele patroon (vgl. Fil. 3:17; I Tess. 1:7; II Tess. 3:9; I Tim. 4:12; I Pet. 5:3)

- **OAV** “in Macédonië en Acháje”
- NAV** “in Masedonië en Agaje”
- NASB** “in Macedonia and in Achaia”

Hulle was Romeinse provinsies. Agaje is in moderne Griekeland geleë; Masedonië is 'n politieke staat onafhanklik van Griekeland, hoewel kultureel en ekonomies verwant.

**1:8 “het. . .weerklink”** Dit is letterlik ‘getrompetter’ of ‘gedonder’. Dit is 'n PERFECTUM PASSIEWE INDIKATIEF wat impliseer dat deur hulle blydskap te midde van beproewing, die evangelie ‘weerklink het en steeds klink’. Ons ontleen die woord, ‘eggo’ van hierdie Griekse woord. Verse 8-10 vorm een sin in Grieks.

■ **“maar ook op elke plek”** Dit is 'n metaforiese oordrywing soortgelyk aan vers 2 (vgl. Rom. 1:8). Die Bybel is 'n Oosterse boek en gebruik dus dikwels figuurlike taal. Wees versigtig vir Westerse letterlikheid.

## VIR SPESIALE AANDAG: OOSTERSE LITERATUUR

Die geheelbeeld – Bybelse paradokse

1. Hierdie insig was vir my persoonlik die hulpvaardigste as iemand wat die Bybel liefhet en vertrou as God se Woord. In my strewe om die Bybel ernstig op te vat het dit duidelik geword dat verskillende tekste waarheid op geselekteerde maniere openbaar eerder as sistematies. Een geïnspireerde teks kan nie uitgeskakel of van waarde verminder vanweë 'n ander geïnspireerde teks nie! Waarheid kom deur alle Skrif te kenne (alle Skrif, nie net dele nie, is geïnspireerd, vgl. II Tim. 3:16-17), nie deur enkele passasies aan te haal nie (proefteksing)!
2. Die meeste Bybelse waarhede (Oosterse literatuur) word uitgedruk in dialektiese en paradoksale pare (onthou die NT-skrywers, behalwe Lukas, is Hebreeuse denkers besig om in algemene Grieks te skryf. Wysheidsliteratuur en digterlike literatuur stel waarheid in parallelle lyne. Die antitetiese parallelisme funksioneer soos die paradoks. Dieselfde sintetiese parallelisme funksioneer soos parallelle passasies. Op die een of ander manier is albei ewe waar! Hierdie paradokse is pynlik vir ons geliefde, eenvoudige tradisies!
  - a. predestinasie versus menslike vrye wil
  - b. sekuriteit van die gelowige versus die behoefte om te volhard
  - c. oorspronklike sonde versus wilsonde
  - d. Jesus as God versus Jesus as mens
  - e. Jesus as die Vader se gelyke versus Jesus as onderdanig aan die Vader
  - f. Bybel as God se woord versus menslike outeurskap

- g. sondeloosheid (perfeksionisme, vgl. Romeine 6) versus minder sondig
- h. aanvanklike oombliklike regverdiging en heiligmaking versus progressiewe heiligmaking
- i. regverdiging deur geloof (Romeine 4) versus regverdiging bevestig deur werke (vgl. Jak. 2:14-26)
- j. Christelike vryheid (vgl. Rom. 14:1-23; I Kor. 8:1-13; 10:23-33) versus Christelike verantwoordelikheid (vgl. Gal. 5:16-21; Ef. 4:1)
- k. God se transendensie versus sy immanensie
- l. God as uiteindelik onkenbaar versus kenbaarheid in Skrif en Christus
- m. Paulus se verskeie metafore vir verlossing
  - (1) aanneming
  - (2) heiligmaking
  - (3) regverdigmaking
  - (4) verlossing
  - (5) verheerliking
  - (6) predestinasie
  - (7) hereniging
- n. die koninkryk van God is teenwoordig versus toekoms-volvoering
- o. boetedoening as 'n gawe van God versus boetedoening as 'n noodsaaklike reaksie vir verlossing (vgl. Mark. 1:15; Han. 20:21)
- p. die OT is permanent versus die OT is verby en van nul en gener waarde (vgl. Mat. 3:17-19 versus 5:21-48; Romeine 7 versus Galasiërs 3)
- q. gelowiges is dienaars/slawe of kinders/erfgename

- **OAV** “sodat ons nie nodig het om daar iets van te sê nie”
- NAV** “sodat dit nie vir ons nodig is om nog iets daarvoor te sê nie”
- NASB** “so that we have no need to say anything”
- NKJV** “so that we do not need to say anything”
- NRSV** “so that we have no need to speak about it”
- TEV** “There is nothing, then, that we need to say”
- NJB** “We do not need to tell other people about it”

Dit is 'n dubbelsinnige frase en baie vertalings las ‘die geloof’ uit die vorige frase by ter verheldering. Dit beteken nie noodwendig dat hulle Christendoktrine of eens swaarkry ten volle verstaan het nie. Maar hulle lewens toon dat die evangelie werklik wortelgeskiet het in hulle harte en gedagtes. Die Heilige Gees sal die grondbeginsels van die evangelie aan elke gewillige hart openbaar.

**1:9 “hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God”** Dit verwys na hulle bekering van pagaanse afgodery. Die evangelie is negatief sowel as positief—bekering en geloof (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21). Daar is 'n ‘wegkeer van’-sowel as 'n ‘keer na’-element.

Die NASB Studiebybel (bl. 1748) maak die opmerking dat die drie vernietigende bewysstukke van die Tessalonisense bekering die volgende was:

1. wegkeer van afgode
2. dien God
3. wag vir Christus se wederkoms

■ **“te dien”** Letterlik beteken dit ‘as 'n slaaf’. Dit is 'n **TEENWOORDIGE INFINITIEF**. Hulle het weggekeer (**AORISTUS**) van afgode en aangehou om die ware, lewende God te dien (vgl. Rom. 6:18). Dit beeld God as Koning uit en sy volgelinge as dienaars. In 'n sin is ons slawe; in 'n ander is ons seuns.

■ **“om die lewende en waaragtige God”** Dit weerspieël God se verbondsnaam, **JHWH** (vgl. Eks. 3:14). **JHWH** is die ewiglewende, eniglewende God. Dit is die basis van Bybelse monoteïsme (vgl. Deut. 4:34,39; 6:4; jes. 45:5,6,18,21-22; 47:8,10).

## VIR SPESIALE AANDAG: NAME VIR GOD

### A. *El*

1. Dit is onseker wat die oorspronklike betekenis van dié generiese, antieke godsnaam was. Baie geleerdes is egter van mening dat dit van 'n Akkadiese stamwoord wat ‘om sterk te wees’ of ‘om magtig te wees’ beteken, afgelei is (vgl. Gen. 17:1; Num. 23:19; Deut. 27:21; Ps. 50:1).
2. In die Kanaänitiese godedom is *El* die hoofgod (Ras Shamra-Tekste).
3. In die Bybel kom *El* nie normaalweg as deel van 'n samestelling met ander terme voor nie. Hierdie kombinasies het 'n manier geword om God se aard te beskryf:
  - a. *El-Elyon* – God die Allerhoogste, Gen. 14:18-22; Deut. 32:8; Jes. 14:14
  - b. *El-Roi* – God wat my sien, Gen. 16:13
  - c. *El-Shaddai* – God die Almagtige, Gen. 17:1; 35:11; 43:14; 49:25; Eks. 6:3

- d. *El-Olam* – die Ewige God, Gen. 21:33. Die teologie van God se belofte aan Dawid skakel met hierdie naam (II Sam. 7:13,16).
- e. *El-Berit* – God van die verbond, Rig. 9:46
4. *El* word vereenselwig met
- JHWH* in Ps. 85:8; Jes. 42:5
  - Elohim* in Gen. 46:3; Job 5:8. Ek is *El*, die *Elohim* van jou vader...
  - Shaddai* in Gen. 49:25
  - “wat onverdeelde trou eis” in Eks. 34:14; Deut. 4:24; 5:9; 6:15
  - “genade” in Deut. 4:31; Neh. 9:31; “betroubaar” in Deut. 7:9; 32:4
  - “groot en magtig” in Deut. 7:21; 10:17; Neh. 1:5; 9:32; Dan. 9:4
  - “kennis” in I Sam. 2:3
  - “omgord met krag” in II Sam. 22:33
  - “wat my die oorwinning gee” in II Sam. 22:48
  - “die Heilige” in Jes. 5:16
  - “magtig” in Jes. 10:21
  - “my redder” in Jes. 12:2
  - “groot en magtig” in Jer. 32:18
  - “wat vergeld” in Jer. 51:56
5. In Jos. 22:22 word ‘n kombinasie van al die belangrikste OT-godsname aangetref en herhaal (*El, Elohim, JHWH*)
- B. *Elyon*
- Die basiese betekenis is ‘hoog’, ‘verhewe’ of ‘opgehef’ (vgl. Gen. 40:17; I Kon. 9:8; II Kon. 18:17; Neh. 3:25; Jer. 20:2; 36:10; Ps. 18:3).
  - Dit word parallel gebruik met talle ander godsname:
    - Elohim* – Ps. 47:1-2; 73:11; 107:11
    - JHWH* – Gen. 14:22; II Sam. 22:14
    - El-Shaddai* – Ps. 91:1,9
    - El-Num* – 24:16
    - Elah* – dikwels aangewend in Dan. 2-6 en Esra 4-7, gekoppel aan *illair* (Aramees vir ‘Oppergod’) in Dan. 3:26; 4:2; 5:18,21
  - Dit is dikwels gebruik deur nie-Israeliete:
    - Melgisedek (Gen. 14:18-22)
    - Bileam (Num. 24:16)
    - Moses in gesprek oor die nasies (Deut. 23:8)
    - Lukas se evangelie in die NT wat gerig is op heidene en ook die Griekse eweknie, *Hupsistos*, gebruik (vgl. 1:32,35,76; 6:35; 8:28; Han. 7:48; 16:17)
- C. *Elohim* (meervoud), *Eloah* (enkelvoud), meestal aangetref in poësie
- Hierdie naam word nie buite die OT aangetref nie.
  - Dit kan dui op die God van Israel of die gode van die nasies (vgl. Eks. 12:12; 20:3). Abraham se familie was aanhangers van veelgodery (vgl. Jos. 24:2)
  - Die term *Elohim* is ook gebruik om geestelike wesens soos engele en demone aan te dui (bv. in Deut. 32:8 (LXX); Ps. 8:5; Job 1:6; 38:7). Dit kan ook menslike hooggeplaastes oor die algemeen aandui (Eks. 21:6; Ps. 82:6).
  - In die Bybel is dit die eerste naam vir godheid (vgl. Gen. 1:1). Dit is die enigste godsnaam in gebruik tot Gen. 2:4, waar dit gekombineer word met *JHWH*. Teologies hou dit verband met die basiese gedagte dat God die skepper en onderhouer van lewe op hierdie planeet is (vgl. Ps. 104).  
Dit is sinoniem met *El* (vgl. Deut. 32:15-19). Dit kan ook parallel met *JHWH* aangewend word, soos blyk uit die ooreenstemmende Psalms 14 (*Elohim*) en 53 (*JHWH*), waartussen die godsname die enigste verskil is.
  - Hoewel dit ‘n meervoud is en van ander gode gebruik word, verwys hierdie term dikwels na die God van Israel, maar dan gewoonlik saam met die enkelvoudige werkwoord om die monoteïstiese gebruik aan te dui.
  - Nie-Israeliete gebruik dit ook as naam vir godheid:
    - Melgisedek (Gen. 14:18-22)
    - Bileam (Num. 24:2)
    - Moses wanneer hy oor die nasies praat (Deut. 32:8)
  - Dit is vreemd dat die algemene gebruiksnaam vir die God van Israel in meervoudsvorm is (deur die *-him*-verbuiging)! Hoewel daar geen sekerheid is waarom dit die geval is nie, bestaan verskeie teorieë:
    - Hebreeus gebruik dikwels die meervoudsvorm om iets te beklemtoon. Dit hou ook nou verband met die grammatiese verskynsel van “meervoud van verhewenheid” (majesteit), wat later ontwikkel het. Op hierdie manier word ‘n konsep beklemtoon of vergroot.
    - Dit mag ook van toepassing wees op die vergadering van engele wat voor God in die hemel verskyn om sy bevele uit te voer (I Kon. 22:19-23; Job 1:6; Ps. 82:1; 89:5-7).
    - Dit is selfs moontlik dat die meervoud van verhewenheid in die NT se openbaring van één God in drie persone (Triniteit) weerspieël word. In Gen. 1:1 skeep God; volgens vers 2 “sweef” die Gees; en volgens

die NT is Jesus God se bemiddelaar (agent) by die skepping (vgl. Joh. 1:3, 10; Rom. 11:36; I Kor. 8:6; Kol. 1:15; Heb. 1:2; 2:10).

#### D. JHWH

1. Die is die naam wat God weerspieël as die verbondmaker – God wat red; wat verlos! Mense verbreek ooreenkomste, maar God hou by sy woord, sy belofte, sy verbond (vgl. Ps. 103).  
Hierdie naam kom aanvanklik voor in kombinasie met *Elohim* in Gen. 2:4. Daar is nie twee skeppingsverhale in Gen. 1 en 2 nie, maar wel twee uitgangspunte: (1) God as skepper van die heelal (die fisiese); en (2) God as die spesiale skepper van die mensdom. Met Gen. 2:4 begin die besondere openbaring aangaande die bevoorregte plek en doel van die mensdom, maar daarmee saam die probleem van sonde en rebellie wat met hierdie posisie gepaardgaan.
2. In Gen. 4:26 staan daar geskryf: “In daardie tyd het mense begin om die Naam van die Here (JHWH) aan te roep.” Aan die ander kant impliseer Eks. 3:6 dat die verbondsvolk (die patriarge en hulle families) God net as *El-Shaddai* geken het. Die naam JHWH word net een keer in Eks. 3:13-16 verklaar, veral in vers 14. Daar moet in ag geneem word dat name in die geskrifte van Moses nie etimologies geïnterpreteer moet word nie, aangesien woordspel gebruiklik was (vgl. Gen. 17:5; 27:36; 29:13-35). Verskeie teorieë omtrent die betekenis van dié naam het reeds die lig gesien (geneem uit IDB, vol. 2, bl. 409-11):
  - a. van ‘n Arabiese woordstam “om vurige liefde te betoon”
  - b. van ‘n Arabiese woordstam “om te blaas” (JHWH as God van storms)
  - c. van ‘n Oegaritiese (Kanaänitiese) woordstam “om te praat”
  - d. na aanleiding van ‘n Fenisiese inskripsie (tablet), KOUSATIEWE DEELWOORD wat “die Een wat onderhou” of “die Een wat oprig” beteken
  - e. van die Hebreeuse *Qal*-vorm “die Een wat is” of “die Een wat teenwoordig is” (m.b.t. die toekoms “die Een wat sal wees”)
  - f. van die *Hiphil*-vorm “die Een wat laat wees/gebeur”
  - g. van die Hebreeuse stamwoord “om te leef” (voorbeeld uit Gen. 3:20) waaruit “die ewiglewende, die enig-lewende Een” (JHWH) afgelei kan word
  - h. van die verband in Eks. 3:13-16 wat ‘n woordspel op die IMPERFEKTUM is: “Ek sal aanhou wees wat Ek vantevore was” of “Ek sal wees wat Ek altyd was” (vgl. J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Old Testament*, bl. 67). Die volle naam, JHWH, kom dikwels in afgekorte vorm, of dalk in sy oorspronklike vorm, voor in
    - (1) *Yah* (bv. *Hallelu-ja*)
    - (2) *Yahu* (bv. *Jesa-ja*)
    - (3) *Yo* (bv. *Joël*)
3. In latere Judaïsme is hierdie verbondsnaam, die *tetragrammaton* (met vier letters), so heilig geag, dat die Jode bevrees was om dit uit te spreek ingeval hulle die gebod van Eks. 20:7 daardeur sou oortree (vgl. Deut. 5:11; 6:13). Hulle vervang dit toe met die Hebreeuse term vir “eienaar”, “meester”, “eggenoot”, “heer” – *Adon* of *Adonai* (“Heer” of “my Heer”).
4. Soos met *El* is JHWH dikwels met ander terme gekombineer om die wesensaard, of karakter, van die Verbondsgod van Israel te beskryf. Wat hier volg is enkele voorbeelde, maar daar is nog heelwat ander moontlikhede:
  - a. *JHWH-Yireh* – JHWH sal voorsien (Gen. 22:14)
  - b. *JHWH-Ropheka* – JHWH wat gesond hou (Eks. 15:26)
  - c. *JHWH-Nissi* – JHWH is my banier/oorwinning (Eks. 17:15)
  - d. *JHWH-Megaddishkem* – JHWH wat heilig maak/afsonder (Eks. 31:13)
  - e. *JHWH-Shalom* – JHWH is vrede/rus (Rig. 6:24)
  - f. *JHWH-Sabaoth* – JHWH die Almagtige (NAV), van die leërskare (OAV) (I Sam. 1:3,11; 4:4; 15:2; kom dikwels voor in die Profete)
  - g. *JHWH-Ro’I* – JHWH is my herder (Ps. 23:1)
  - h. *JHWH-Sidqenu* – JHWH ons geregtigheid (Jer. 23:6)
  - i. *JHWH-Shammah* – JHWH is dáár (48:35)

**1:10** Hierdie vers is soos ’n opsomming van die evangelie (vgl. I Kor. 15:1-4). Hierdie opsommings word dikwels die *kerygma* genoem (“verkondiging”).

#### **VIR SPESIALE AANDAG: DIE KERYGMA VAN DIE VROEË KERK**

- A. Die beloftes deur God in die Ou Testament gemaak, is vervul deur die koms van Jesus, die Messias (Han. 2:30; 3:19,24; 10:43; 26:6-7,22; Rom. 1:2-4; I Tim. 3:16; Heb. 1:1-2; I Pet. 1:10-12; II Pet. 1:18-19).
- B. Jesus is tydens sy doop deur God as Messias gesalf (Han. 10:38).
- C. Jesus het ná sy doop met sy bediening begin in Galilea (Han. 10:37).
- D. Kenmerkend van sy bediening was die uitvoering van weldade en wonderwerke, wat moontlik gemaak is deur die almag van God (Mark. 10:45; Han. 2:22; 10:38).

- E. Die Messias is gekruisig in ooreenstemming met die voorneme van God (Mark. 10:45; Joh. 3:16; Han. 2:23; 3:13-15,18; 4:11; 10:39; 26:23; Rom. 8:34; I Kor. 1:17-18; 15:3; Gal. 1:4; Heb. 1:3; Gal. 1:4; Heb. 1:3; I Pet. 1:2, 19; 3:18; I Joh. 4:10).
- F. Hy is opgewek uit die dood en het aan sy dissipels verskyn (Han. 2:24,31-32; 3:15,26; 10:40-41; 17:31; 26:23; Rom. 8:34; 10:9; I Kor. 15:4-7,12 e.v; I Tes. 1:10; I Tim. 3:16; I Pet. 1:2; 3:18,21).
- G. Jesus is deur God verhewe en vereer met die naam “Here” (Han. 2:25-29; 33-36; 3:13; 10:36; Rom. 8:34; 10:9; I Tim. 3:16; Heb. 1:3; I Pet. 3:22).
- H. Hy het die Heilige Gees gestuur om vir God ‘n nuwe geloofsgemeenskap te vorm (Han. 1:8; 2:14-18,38-39; 10:44-47; I Pet. 1:12).
- I. Hy sal weer kom om te oordeel en vir die vernuwung van alle dinge (Han. 3:20-21; 10:42; 17:31; I Kor. 15:20-28; I Tess. 1:10).
- J. Almal wat die boodskap hoor moet berou hê en gedoop word (Han. 2:21,38; 3:19; 10:43,47-48; 17:30; 26:20; Rom. 1:17; 10:9; I Pet. 3:21).

Hierdie skema verteenwoordig die kernwaarhede soos verkondig in die vroeë kerk, hoewel die verskillende skrywers van die NT hul eie diskresie gebruik het in die beklemtoning of weglating van gegewe gedeeltes of besonderhede in hulle prediking. Markus volg byvoorbeeld noukeurig Petrus se *kerygma*. Die tradisionele opvatting is dat Markus die preke wat Petrus in Rome gedoen het, in die geskrewe vorm van sy evangelie saamgevat het. Matteus en Lukas volg beide Markus se basiese struktuur.

■ **“en sy Seun uit die hemele te verwag”** Dit is nog ’n TEENWOORDIGE INFINITIEF. Hulle het aangehou om God te dien (vgl. vers 9) en te wag vir Christus se wederkoms. Paulus het aangehou om klem te plaas op die wederkoms as die teologiese sleutel tot die brief. Elke hoofstuk eindig met hierdie onderwerp (vgl. 1:10; 2:19; 3:13; 4:13-18; 5:23). Sien Vir Spesiale Aandag by 5:9.

■ **“wat Hy uit die dode opgewek het”** Dit het as bevestiging gedien van die Vader se aanvaarding van die Seun se plaasvervangende dood (vgl. I Kor. 15). Al drie persone van die Triniteit was aktief in Christus se opstanding: die Vader—Han. 2:24; 3:15; 4:10; 5:30; 10:40; 13:30,33,34,37; 17:31; die Gees—Rom. 8:11 en die Seun—Joh. 2:19-22; 10:17-18. Sien Vir Spesiale Aandag: Triniteit by Gal. 4:4.

■ **“verlos”** Die is ’n TEENWOORDIGE MEDIUM (deponent) DEELWOORD wat Jesus se voortdurende intrede namens ons beklemtoon. Die oorwinning is voortdurend (vgl. Rom. 8:31-39). Hy hou aan om namens ons in te tree (vgl. I Joh. 2:1; Heb. 7:25; 9:24).

■ **“toekomstige toorn”** Vir sommige gee Jesus se wederkoms hoop, maar vir ander sal dit ’n ewige verlies wees. Die gelowiges sal die vervolging en druk van Jode en pagane ervaar, maar hulle sal nooit die toorn van God ervaar nie (vgl. 5:9). Die toorn van God kom (TEENWOORDIGE MEDIUM [deponent] DEELWOORD) oor almal wat Christus verwerp (vgl. I Tess. 2:16; Mat. 25; Rom. 1-2). Dit is waar dat toorn ’n antropomorfe term is, maar so ook is God se liefde.

Aan die einde van elke hoofstuk in I Tessalonisense word ’n prominente heenwysing op die wederkoms gemaak (vgl. 1:10; 2:19; 3:13; 4:13-18; 5:23). Nuwe Testamentiese skrywers sien tyd en geskiedenis deur hulle wêreldsiening van ’n komende dag van oordeel en vergoeding. Die NT is volkome eskatologies (vgl. *How to Read the Bible for all Its Worth* deur Fee en Stuart, bl. 131-134).

## VIR SPESIALE AANDAG: BEPROEWING

Daar moet ’n onderskeid getref word tussen Paulus se gebruik van die term (*thlipsis*) en dié van Johannes.

- A. Paulus se gebruik (wat Jesus se gebruik weerspieël)
  - 1. probleme, lyding, boosheid betrokke in ’n gevalle wêreld
    - a. Mat. 13:21
    - b. Rom. 5:3
    - c. I Kor. 7:28
    - d. II Kor. 7:4
    - e. Ef. 3:13
  - 2. probleme, lyding, boosheid veroorsaak deur ongelowiges
    - a. Rom. 5:3; 8:35; 12:12
    - b. II Kor. 1:4,8; 6:4; 7:4; 8:2,13
    - c. Ef. 3:13
    - d. Fil. 4:14
    - e. I Tess. 1:6
    - f. II Tess. 1:4
  - 3. probleme, lyding, boosheid van die eindtyd
    - a. Mat. 24:21,29
    - b. Mark. 13:19,24
    - c. II Tess. 1:6-9



## B. Johannes se gebruik

1. Johannes tref spesifieke 'n onderskeid tussen *thlipsis* en *orgē* of *thumos* (toorn) in Openbaring. *Thlipsis* is wat ongelowiges doen teen gelowiges en *orgē* en *thumos* is wat God doen teen ongelowiges.
  - a. *thlipsis* – Openb. 1:9; 2:9-10,22; 7:14
  - b. *orgē* – Openb. 6:16-17; 11:18; 16:19; 19:15
  - c. *thumos* – Openb. 12:12; 14:8,10,19; 15:1,7; 16:1; 18:3
2. Johannes gebruik ook die term in sy evangelie om die probleme wat gelowiges gedurende elke tydperk in die gesig staar te weerspieël – Joh. 16:33.

## VIR SPESIALE AANDAG: GOD AS MENS BESKRYF (ANTROPOMORFIESE TAAL)

### I. Hierdie tipe woordgebruik kom baie algemeen in die OT voor. Hier volg 'n paar voorbeelde.

#### A. Fisiese liggaamsdele

1. oë – Gen. 1:4,31; 6:8; Eks. 33:17; Num. 14:14; Deut. 11:12; Sag. 4:10
2. hande – Eks. 15:17; Num. 11:23; Deut. 2:15
3. arm – Eks. 5:6; 15:16; Num. 11:23; Deut. 4:34; 5:15
4. ore – Num. 11:18; I Sam. 8:21; II Kon. 19:16; Ps. 5:1; 10:17; 18:6
5. gesig – Eks. 32:30; 33:11; Num. 6:25; Deut. 34:10; Ps. 114:7
6. vinger – Eks. 8:19; 31:18; Deut. 9:10; Ps. 8:3
7. stem – Gen. 3:8-10; Eks. 15:26; 19:19; Deut. 26:17; 27:10
8. voete – Eks. 24:10; Eseg. 43:7
9. menslike vorm – Eks. 24:9-11; Ps. 47; Jes. 6:1; Eseg. 1:26
10. die Engel van die Here – Gen. 16:7-13; 22:11-15; 31:11,13; 48:15-16; Eks. 3:4,13-21; 14:19; Rigt. 2:1; 6:22-23; 3:3-22.

#### B. Fisiese handelinge

1. praat as meganisme om skepping te begin – Gen. 1:3,6,9,11,14,20,24,26
2. die geluid van wandeling in Eden – Gen. 3:8; 18:33; Hab. 3:15
3. Noag se ark se deure wat toemaak – Gen. 7:16
4. die geur van offerande – Gen. 8:21; Lev. 26:31; Amos 5:21
5. na benede kom – Gen. 11:5; 18:21; Eks. 3:8
6. begrawe Moses – Deut. 34:6

#### C. Menslike emosie ('n paar voorbeelde)

1. spyt/jammer – Gen. 6:6-7; Eks. 32:14; Rigt. 2:18; 1 Sam. 15:29, 35; Amos 7:3,6
2. woede – Eks. 4:14; 15:7; Num. 11:10; 12:9; 22:22; 25:3,4; 32:10,13,14; Deut. 6:5; 7:4; 29:20
3. jaloesie – Eks. 2:15; 34:14; Deut. 4:24; 5:9; 6:15; 32:16,21; Jos. 24:19
4. afsku/verafsku – Lev. 20:23; 26:30; Deut. 32:19

#### D. Familie terme

1. Vader
  - a. van Israel – Eks. 4:22; Deut. 14:1; 39:5
  - b. van die koning – 2 Sam. 7:11-16; Ps. 2:7
  - c. metafore in verband met vaderlike optrede – Deut. 1:31; 8:5; 32:1; Ps. 27:10; Spr. 3:12; Jer. 3:4,22; 31:20; Hos. 11:1-4; Mal. 3:17
2. ouer – Hos. 11:1-4
3. moeder – Ps. 27:10 (soos 'n moeder wat 'n suigeling voed); Jes. 49:15; 66:9-13
4. getroue jong minnaar – Hos. 1-3

### II. Redes vir hierdie taalgebruik

- A. God ag dit nodig om Hom aan mense te openbaar. Juis die diepsinnige gedagte dat God manlik is, is 'n voorbeeld van mensvormige spreke, want God gees is!
- B. God gebruik die mees betekenisvolle aspekte van menslike lewe as openbaringsmiddele aan 'n gevalle mensdom (vader, moeder, ouer, minnaar).
- C. Hoewel antropomorfisme nodig is, kan God nie ingeperk word tot enige fisiese vorm nie (Eks. 20; Deut. 5).
- D. Die finale en hoogste mensvormige selfopenbaring van God het in Jesus Christus geskied. In Hom het God fisies verskyn, tasbaar! Die boodskap van God het die woord van God geword (vgl. Joh. 1:1-18).

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoekom bevestig Paulus nie sy apostelskap in hierdie brief nie?
2. Wat is noemenswaardig aan vers 1?
3. Hoekom word geloof, hoop en liefde so dikwels in die Nuwe Testament aangeroe?
4. Hoe word uitverkiesing met die optrede van gelowiges in verband gebring?
5. Hoekom ly Christene? Hoe spreek die wederkoms hierdie probleem van lyding aan?

# I TESSALONISENSE 2

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>d</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Paul's Ministry in Thessalonica 2:1-12	Paul's Conduct 2:1-12	Paul's Life and Work 2:1-8  2:9-12	Paul's Work in Thessalonica 2:1-9  2:10-12	Paul's Example in Thessalonika 2:1-7a  2:7b-12	Paulus se werk in Thessalonika 2:1-4 2:5-9  2:10-12
2:13-16	2:13-16	2:13-16	2:13-16	2:13-16	2:13-16
Paul's Desire to Visit the Church Again (2:17-3:13) 2:17-20	Longing to See Them 2:17-20	Paul's Affection for the Thessalonians (2:17-3:13) 2:17-20	Paul's Desire to Visit Them Again (2:17-3:13) 2:17-20	The Faith and Patience of the Thessalonians Paul's Anxiety 2:17-20	Paulus se begeerte om weer die gemeente te besoek (2:17-3:13) 2:17-20

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### KONTEKSTUELE INSIG TOT VERSE 1-13

- A. Hierdie hoofstuk reflekteer die groeiende Joodse teenstand tot die kerk in Tessalonika (vgl. Han. 17:1-9).
- B. Hierdie hoofstuk druk op 'n wonderlike manier die kenmerke van 'n ware prediker uit. Paulus stel hierdie kenmerke in drie teenstellende pare: eers die negatief, dan die positief (verse 3-7). Paulus verdedig sy boodskap, metodes en motiewe.
- C. Verse 10-12 is 'n opsomming van verse 1-9.
- D. Hierdie hoofstuk reflekteer 'n mate van verwarring onder Engelse vertalings oor waar die Griekse teks verdeel moet word:
  1. Verse 6-7
  2. Verse 11-12
- E. Paulus dwaal in verse 14-17 af om sy huidige situasie in Korinte te bespreek en 'n opsomming te verskaf van sy eerste ervaringe van Joodse teenstand. Hierdie verse is Paulus se sterkste negatiewe aanmerkings oor die Jode (behalwe vir Romeine 9-11).

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 2:1-12

<sup>1</sup>JULLE weet tog self, broeders, dat ons ingang by julle nie tevergeefs was nie; <sup>2</sup>maar alhoewel ons vantevore, soos julle weet, in Filippi gely het en mishandel is, het ons in onse God vrymoedigheid gehad om aan julle die evangelie van God te verkondig onder veel stryd. <sup>3</sup>Want ons vermaning was nie uit dwaling of uit onsuiverheid of uit bedrog nie; <sup>4</sup>maar soos ons deur God waardig geag is dat die evangelie aan ons toevertrou sou word, so spreek ons, nie om mense te behaag nie, maar God wat ons harte beproef. <sup>5</sup>Want ons het, soos julle weet, ons nooit met vleitaaal opgehou of met bedekte hebsug nie. God is getuie. <sup>6</sup>Ook het ons nie eer van mense, óf van julle óf van ander, gesoek nie, al kon ons as apostels van Christus met gesag optree. <sup>7</sup>Maar ons was vriendelik onder julle soos 'n pleegmoeder haar kinders koester. <sup>8</sup>Terwyl ons so na julle verlang het, was dit ons aangenaam om aan julle nie alleen die evangelie van God mee te deel nie, maar ook ons eie lewe, omdat julle vir ons dierbaar geword het. <sup>9</sup>Julle onthou tog, broeders, ons arbeid en inspanning; want terwyl ons nag en dag gewerk het om niemand van julle te beswaar nie, het ons die evangelie van God aan julle verkondig. <sup>10</sup>Julle is getuies, en God, hoe heilig en regverdig en onberispelik ons ons gedra het teenoor julle wat glo, <sup>11</sup>hoe ons, soos julle weet, net soos 'n vader sy kinders, elkeen van julle vermaan en bemoedig het <sup>12</sup>en betuig het dat julle waardiglik moet wandel voor God wat julle tot sy koninkryk en heerlikheid roep.

**2:1 “Julle weet tog self”** Paulus spreek so dikwels tot die ervaringe van die Tessalonisense Christene dat hierdie frase kenmerkend word van hierdie boek (vgl. 1:5; 2:1,2,5,11). Soortgelyke frases word aangetref in vers 9: “Julle onthou tog,” en 10: “Julle is getuies.”

- ☐ OAV “dat ons ingang tot julle nie tevergeefs was nie”
- NAV “dat ons koms na julle toe nie op 'n mislukking uitgeloop het nie”
- NASB, NKJV, NRSV “that our coming to you was not in vain”
- TEV “that our visit to you was not a failure”
- NJB “that our visit to you has not proved ineffectual”

Dit is 'n PERFEKTUM AKTIEWE INDIKATIEF. Dit kan of beteken (1) nie sonder vrug nie (vgl. I Kor. 15:10,58) of (2) nie met leë hande nie (vgl. Mark. 12:2). Die kerk volhard, ten spyte van die aggressiewe Joodse teenstand, nes die kerke in Judea wat ook Joodse toorn ervaar het (vgl. verse 13-16).

**2:2 “maar”** Dit is 'n sterk ADVERSATIEWE KONJUNKTIEF (*alla*, vgl. verse 4 [twee keer], 7, 8) wat 'n teenstelling aandui.

☐ **“alhoewel ons vantevore. . .in Filippi gely het”** Paulus begin om van sy eie lyding vir die evangelie te vertel (vgl. Han. 16:11-40 en I Kor. 4:9-13; II Kor. 4:8-12; 6:4-10; 11:24-27).

- ☐ OAV, NAV “mishandel”
- NASB “mistreated”
- NKJV “spitefully treated”
- NRSV “shamefully mistreated”
- TEV “insulted”
- NJB “grossly insulted”

Hierdie mishandeling was fisies sowel as geestelik.

- ☐ OAV “het ons in onse God vrymoedigheid gehad om aan julle die evangelie van God te verkondig”
- NAV “het ons God ons die moed gegee om sy evangelie aan julle te verkondig”
- NASB “we had the boldness in our God to speak to you the gospel of God”
- NKJV “we were bold in our God to speak to you the gospel of God”
- NRSV “we had courage in our God to declare to you the gospel of God”
- TEV “Yet God gave us courage to tell you the Good News that comes from him,”
- NJB “it was our God who gave us the courage to proclaim his Good News to you”

Vir “moed” sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

Die frase “die evangelie van God” beteken moontlik

1. die evangelie oor God (objektiewe genitief)
2. die evangelie van God (subjektiewe genitief, vgl. TEV, JB). Hierdie selfde frase kom weer voor in verse 8 en 9 (vgl. Rom. 15:16; I Tim. 1:11; I Pet. 4:17).

## VIR SPESIALE AANDAG: MOED (*PARRHĒSIA*)

Hierdie Griekse term is 'n samestelling van 'alles' (*pan*) en 'spraak' (*rhēsis*). Hierdie vryheid of moed (vrymoedigheid) van spraak het dikwels die konnotasie gehad van moed te midde teenstand of verwerping (vgl. Joh. 7:13; I Tess. 2:2).

In Johannes se geskrifte (13 keer gebruik) dui dit dikwels op 'n openbare uitspraak (vgl. Joh. 7:4, ook in Paulus se geskrifte, Kol. 2:15). Nietemin, soms beteken dit eenvoudig 'duidelik' (vgl. Joh. 10:24; 11:14; 16:25,29).

In Handelingte vermeld die apostels op dieselfde manier die boodskap oor Jesus (met vrymoedigheid) soos Jesus gepraat het oor die Vader en sy planne en beloftes (vgl. Han. 2:29; 4:13,29,31; 9:27-28; 13:46; 14:3; 18:26; 19:8; 26:26; 28:31). Paulus het ook gevra vir gebed dat hy die evangelie vrymoedig sou kon verkondig (vgl. Ef. 6:19; I Tess. 2:2) en uitleef (vgl. Fil. 1:20).

Paulus se eskatologiese hoop in Christus gee hom vrymoedigheid en selfvertroue om die evangelie te verkondig in die huidige bese era (vgl. II Kor. 3:11-12). Hy het ook vertrou dat Jesus se volgelingen korrek sou optree (vgl. Fil. 1:20).

Daar is nog een aspek tot hierdie term. Hebreërs gebruik dit in 'n unieke sin van vrymoedigheid in Christus om God te benader en met Hom te praat (vgl. Heb. 3:6; 4:16; 10:19,35). Gelowiges word ten volle aanvaar en verwelkom in intimiteit met die Vader deur die Seun!

Dit word op verskeie maniere gebruik in die NT.

1. 'n vertroue, vrymoedigheid, of versekering met betrekking tot
  - a. mense (vgl. Han. 2:29; 4:13,31; II Kor. 3:12; Ef. 6:19)
  - b. God (vgl. I Joh. 2:28; 3:21; 4:12; 5:14; Heb. 3:6; 4:16; 10:19)
2. om openlik, direk of ondubbelsinnig te praat (vgl. Mark. 8:32; Joh. 7:4,13; 10:24; 11:14; 16:25; Han. 28:31)
3. om in die openbaar te praat (vgl. Joh. 7:26; 11:54; 18:20)
4. die verwante vorm (*parrhēsiāzomai*) word gebruik om vrymoedig te preek te midde moeilike omstandighede (vgl. Han. 18:26; 19:8; Ef. 6:20; I Tess. 2:2)

In hierdie konteks verwys dit na 'n eskatologiese vertroue. Gelowiges vrees nie die wederkoms van Christus nie, hulle gryp dit entoesiastiese en vertrouend aan omdat hulle in Christus berus en Christelike lewens leef.

■ **“onder veel stryd”** Dit is 'n atletiese of militêre term vir rowwe, een-tot-een geveg (vgl. Fil. 1:30; Kol. 2:1). Hierdie Griekse term word vertaal as 'worsteling' ('agony').

2:3	OAV	“vermaning”
	NAV	“prediking”
	NASB, NKJV	“exhortation”
	NRSV, TEV	“appeal”
	NJB	“encouragement”

Dit is van dieselfde wortel (*paraklēsis*) as die woord gebruik van die Gees (*paraklētos*) in Johannes 14:16,26; 15:26 en 16:7 en van Jesus in I Joh. 2:1 waar dit vertaal word as 'vertrooster', 'advokaat' of 'helper'. Sien volle aantekeninge by 3:7.

■	OAV	“was nie uit dwaling nie”
	NAV	“berus immers nie op dwaling nie”
	NASB	“does not come from error”
	NKJV	“did not come from deceit”
	NRSV	“does not spring from deceit”
	TEV	“is not based on error”
	NJB	“because we are deluded”

*Planēs* is die Griekse woord vir 'planeet', wat verwys na hemelligte (planete, komete, verskietende sterre) wat nie die normale patroon van die konstellasies volg nie. Hulle word dus 'dwalers' genoem, wat metafores ontwikkel het tot 'fout'.

■	OAV	“onsuiwerheid”
	NAV	“onsuiwer beweegredes”
	NASB	“impurity”
	NKJV	“uncleanness”
	NRSV, TEV	“impure motives”
	NJB	“immoral”

Hierdie term impliseer 'n seksuele losbandigheid (vgl. 4:7; Rom. 1:24; Gal. 5:19; Ef. 5:3; Kol. 3:5). Dit moet onthou word dat pagaanse aanbidding dikwels seksuele aktiwiteit ingesluit het. Paulus is moontlik deur Joodse wetsgeleerdes daarvan beskuldig dat hy morele losbandigheid voorstaan omdat hulle regverdigmaking uit genade deur geloof misverstaan.

■	OAV	“of uit bedrog”
	NAV	“sonder enige bybedoelings”
	NASB	“by way of deceit”

**NKJV** “nor was it in guile”  
**NRSV** “or trickery”  
**TEV** “nor do we try to trick anyone”  
**JB** “or trying to deceive anyone”

Die ander twee terme in vers 3 spreek van Paulus se motiewe, maar hierdie frase dui op ’n atmosfeer van verneukery (vgl. Ef. 4:14). “Bedrog” het aanvanklik beteken ‘om met aas te vang’ (vgl. Mat. 26:4; Mark. 7:22; 14:1), maar het later tot ’n metafoor ontwikkel vir ‘verneukery’ om wins (vgl. II Kor. 4:2 wat II Kor. 2:17 weerspieël). Paulus is dikwels beskuldig van inheligheid (vgl. vers 5).

**2:4 “soos ons deur God waardig geag is”** Hierdie PERFECTUM PASSIEWE INDIKATIEF het die konnotasie van beproewing met die doel om te aanvaar (*dokimazō*). ‘Aanvaar’ in hierdie sin beteken dikwels om die egtheid van munte te bepaal. Die uitreikspan was besig om voortdurend deur God beproef en aanvaar te word. Sien Vir Spesiale Aandag: Griekse Terme vir Beproeving en Hulle Konnotasies by 3:5.

▣ **“toevertrou”** Dit is ’n AORISTUS PASSIEWE INFINITIEF. Hierdie term kom van dieselfde wortel (*pisteuō*) as ‘geloof’, ‘glo’ of ‘vertrou’. Die basiese idee is om iets aan ’n ander toe te vertrou (vgl. I Kor. 9:17; Gal. 2:7; I Tim. 1:11; Tit. 1:3). Gelowiges is rentmeesters vir die evangelie (vgl. I Kor. 4:1-2; I Pet. 4:10).

▣ **“so spreek ons”** Dit is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF. Gelowiges moet die goeie nuus wat hulle ontvang het meedeel (vgl. Kol. 4:2-6; I Pet. 3:15) met ‘vrymoedigheid’ (vgl. vers 2).

▣ **“nie om mense te behaag nie, maar God”** (vgl. 2:6; Gal. 1:10)

▣ **“wat ons harte beproef”** Dit weerspieël die Hebreeuse gebruik van ‘hart’ in die sin van die hele persoonlikheid. God ken ons motiewe (vgl. I Sam. 16:7; Ps. 7:9; 26:2; 44:21; 139:1,23; Spr. 21:2; Jer. 11:20; 12:3; 17:10; Luk. 16:15; Han. 1:24; 15:8; Rom. 8:27; Openb. 2:23). Sien Vir Spesiale Aandag: Hart by Gal. 4:6.

**2:5 “ons nooit met vleitaal opgehou”** Hierdie term impliseer manipulasie om vals motiewe. Teenstaanders, veral by Korinte (Paulus was in Korinte toe hy hierdie brief geskryf het), het dikwels vir Paulus van vals motiewe beskuldig, nes die Jode hier.

▣ **“of met bedekte hebsug nie”** Paulus is dikwels van hebsug of opportunistiese beskuldig, moontlik omdat dit kenmerkend van Griekse trekkende leraars was (vgl. Han. 20:33). Dit is hoekom hy nie gereeld geld van kerke wat hy op ’n gegewe tydstep bedien het aanvaar het nie. Hy het later hulp aanvaar van Filippi (tweekeer, vgl. Fil. 4:16) en Tessalonika.

▣ **“God is getuie”** Paulus was besig om ’n eed te sweer met God as getuie (vgl. 2:10; Rom. 1:9; I Kor. 1:23; 11:31; Gal. 1:19; Fil. 2:25).

**2:6 “al kon ons as apostels van Christus”** Dit sluit Silas en Timoteus in. Dit illustreer die breër gebruik van die term. In I Kor. 12:28 en Ef. 4:11, word ‘apostelskap’ ’n aangaande geestelike gawe van die kerk genoem. Sommige voorbeelde is:

1. Barnabas (vgl. Han. 14:4,14)
2. Andronikus en Junias (vgl. Rom. 16:6-7)
3. Apollos (vgl. I Kor. 4:6)
4. Jakobus die Regverdige (vgl. Gal. 1:19)

Dit is onseker tot watter aspek van die bediening hierdie voortdurende gawe verband hou: (1) kerkstigting; (2) evangelisme; (3) gebiedsleierskap; of (4) ? Dit word met profete, evangeliste en predikers, leraars in verband gebring in Ef. 4:11, wat almal die evangelie met verskillende klem verkondig.

▣ Sommige Engelse vertalings plaas hierdie frase in vers 6; ander plaas dit in vers 7.

**OAV, 2:6** “met gesag optree”  
**NAV, 2:7** “allerhande eise aan julle gestel het”  
**NASB, 2:6** “we might have asserted our authority”  
**NKJV, 2:6** “we might have made demands”  
**NRSV, 2:7** “we might have made demands”  
**TEV, 2:7** “we could have made demands”  
**JB, 2:7** “we could have imposed ourselves on you with full weight”

Dit vertaal letterlik as ‘met gewig’. Die bedoelde betekenis kan wees: (1) apostoliese gesag; (2) apostoliese eer; of (3) finansiële vergoeding (vgl. vers 9; I Tess. 3:8; I Kor. 9:3-14; II Kor. 11:7-11).

**2:7 “Maar ons was vriendelik onder julle”** Daar is ’n Griekse manuskriptvariasie tussen die gebruik van die terme (1) “kinders” (*nēplos*, vgl. MSS P<sup>65</sup>, Ɱ, B, C, D, F, G) en (2) “vriendelik”, “liefdevol” (*ēplos*, vgl. MSS Ɱ<sup>c</sup>, A, C<sup>2</sup>, D<sup>2</sup>). Slegs die voorletters verskil. Op ’n suiwer tekstuele basis is nommer 1 die beste; op kontekstuele basis lyk nommer 2 die beste (wat ’n meer doelgerigte skribale verandering kan reflekteer). Die UBS<sup>4</sup> gee ‘kinders’ ’n ‘B’-gradering—amper seker).

Origenes en Augustinus het geglo Paulus praat met die Tessalonisense in babataal sodat hulle kan verstaan. Paulus gebruik vaderlike taal in verse 7, 8 en 11. Hy sien homself as hulle geestelike ouer.

■ **“soos ’n pleegmoeder haar kinders koester”** Dit is ’n DERDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN. Die WERKWOORD beteken letterlik ‘om warm te maak’ en is oor die algemeen gebruik van moedervoëls wat hulle kuikens ‘verwarm’ (vgl. Ef. 5:29). Dit was ’n metafoor vir borsvoed. Paulus (vgl. Gal. 4:19), nes Jesus (vgl. Mat. 23:37), beskryf sy liefde vir hulle in vroulike terme (en JHWH vgl. Eks. 19:4; Jes. 66:13; Hos. 11:4; en die Gees vgl. Gen. 1:2).

**2:8** OAV “Terwyl ons so na julle verlang het”  
NAV “So geheg is ons aan julle”  
NASB “Having so fond an affection for you”  
NKJV “So, affectionately longing for you”  
NRSV “So deeply do we care for you”  
TEV “Because of our love for you”  
NJB “we felt so devoted and protective towards you”

Die woord (*homeiromai*) kom nêrens anders in die hele Nuwe Testament voor nie. Dit word in die Septuaginta gebruik in Job 3:21. In Griekse literatuur was dit ’n sterk term van liefde geassosieer met ouers wat verlang na hulle dooie kinders.

■ **“was dit ons aangenaam om aan julle nie alleen die evangelie van God mee te deel nie, maar ook ons eie lewe, omdat julle vir ons dierbaar geword het”** Dit toon die kosbaarheid van die prediking sowel as die liefde van die apostel. Prediking is nie iets wat ons doen nie—dit is wie ons is.

**2:9 “ons arbeid en inspanning”** Hierdie is sterk sinonieme (vgl. I Tess. 3:8 en II Kor. 11:27). In die Griekse samelewing was arbeid slegs vir slawe. Paulus, wat ’n Jood was, het fisiese arbeid gerespekteer. Hy het dit dikwels aangemoedig, veral in hierdie Tessaloniese korrespondensie, omdat sekere in die broederskap hulle ampte verlaat het, die wederkoms te wagte (vgl. II Tess. 3:6-15).

■ **“want terwyl ons nag en dag gewerk het”** Alle rabbyne moes ’n ambag hê (vgl. Han. 18:3; I Kor. 4:12). Paulus sou nie geld vir sy prediking aanvaar nie, vanweë beskuldigings van inhaligheid (vgl. 2:5).

“Nag en dag” reflekteer Joodse berekening van tyd waar die dag begin teen skemer (vgl. Gen. 1:5,8,13,19,21,21). Paulus werk bedags as ’n tentmaker of leërlooier en snags verkondig hy die evangelie. Prediking vereis harde werk!

**2:10 “Julle is getuies, en God”** Dit is nog ’n eed-agtige uitdrukking deur Paulus wat die waaragtigheid van sy stellings en aksies beklemtoon. God is ’n getuie soos die eed van vers 5 bevestig en, so ook, die gelowiges by Tessalonika.

■ **“hoe heilig en regverdig en onberispelik ons ons gedra het teenoor julle wat glo”** Sommige in die kerk, in die gemeenskap of buitestanders moes sy motiewe bevraagteken het. Paulus moes voortdurend sy motiewe verdedig.

## VIR SPESIALE AANDAG: BLAAMLOOS, ONSKULDIG, SKULDLOOS, ONBERISPELIK

### A. Aanvangsopmerkings

1. Hierdie konsep beskryf die mensdom sy oorspronklike stand teologies (d.w.s. Genesis 1, die tuin van Eden).
2. Sonde en rebellie het hierdie stand van volmaakte vertrouensvriendskap verwoes (d.w.s. Genesis 3).
3. Mense (manlik en vroulik) smag na die herstel van hierdie vertrouensvriendskap met God, omdat hulle na sy beeld en in sy gelykenis gemaak is (d.w.s. Gen. 1:26-27).
4. God het op verskeie maniere met sondige mense te werk gegaan:
  - a. geestelike leiers (d.w.s. Abraham, Moses, Jesaja)
  - b. offerstelsel (d.w.s. Levitikus 1-7)
  - c. geestelike voorbeelde (d.w.s. Noag, Job)
5. Uiteindelik het God die Messias gestuur
  - a. as volle openbaring van Homself
  - b. as die volmaakte opoffering vir sonde
6. Christene word blaamloos verklaar
  - a. wettiglik deur Christus se toegeskrewe regverdigheid
  - b. progressiewelik deur die werk van die Gees
  - c. die gees van Christelikheid is Christusgesindheid (vgl. Rom. 8:28-29; Ef. 1:4) wat in werklikheid die herstel van die beeld van God verlore in die val van Adam en Eva is.
7. Hemel is ’n herstel van die volmaakte vertrouensvriendskap van die Tuin van Eden. Die hemel is die Nuwe Jerusalem wat afkom vanuit God se teenwoordigheid (vgl. Openb. 21:2) tot ’n gesuiwerde aarde (vgl. II Pet. 3:10). Die Bybel begin en eindig met dieselfde temas.
  - a. intieme, persoonlike vertrouensvriendskap met God
  - b. in ’n tuinmilieu (Genesis 1-2 en Openbaring 21-22)

- c. deur profetiese stelling, die teenwoordigheid en geselskap van diere (vgl. Jes. 11:6-9)
- B. Ou Testament
1. Daar is soveel verskillende Hebreeuse woorde wat die konsep van volmaaktheid, blaamloosheid, onskuld oordra dat dit moeilik sou wees om hulle almal te noem en al die verwikkelde verhoudings te toon.
  2. Die hoofterme wat die konsep van volmaaktheid, skuldloosheid of onskuld oordra (volgens Robert B. Girdlestone, *Synonyms of the Old Testament*, bl. 94-99) is:
    - a. *shalom* (BDB 1022)
    - b. *thamam* (BDB 1070)
    - c. *calah* (BDB 478)
  3. Die Septuaginta (d.w.s. die Bybel van die vroeë kerk) vertaal baie van hierdie konsepte in Koine Griekse terme gebruik in die NT.
  4. Die sleutelkonsepte is verwant aan die offerstelsel.
    - a. *amōmos* (vgl. Eks. 29:1; Lev. 1:3,10; 3:1,6; Num. 6:14)
    - b. *amlantos* en *aspilus* het ook kultiese konnotasies
- C. Nuwe Testament
1. die wettiese konsep
    - a. die Hebreeuse wettiese kultuskonnotasie word vertaal met *amōmos* (vgl. Ef. 5:27; Fil. 2:15; I Pet. 1:19)
    - b. die Griekse wettiese konnotasie (vgl. I Kor. 1:8; Kol. 1:22)
  2. Christus is die sondelose, blaamlose, onskuldige Een (*amōnos*, vgl. Heb. 9:14; I Pet. 1:19)
  3. Christus se volgelinge moet Hom naboots (*amōmos*, vgl. Ef. 1:4; 5:27; Fil. 2:15; Kol. 1:22; II Pet. 3:14; Judas vers 24; Openb. 14:5)
  4. Hierdie konsep word ook gebruik vir kerkleiers
    - a. *aneglēos*, ‘sonder beskuldiging’ (vgl. I Tim. 3:10; Titus 1:6-7)
    - b. *anepileptos*, ‘bo kritiek’ of ‘onberispelik’ (vgl. I Tim. 3:2; 5:7; 6:14; Titus 2:8)
  5. Die konsep van ‘onbevuil’ (*amiantos*) word gebruik vir
    - a. Christus self (vgl. Heb. 7:26)
    - b. die Christen se erfporse (vgl. I Pet. 1:4)
  6. Die konsep van ‘heelheid’ of ‘totaliteit’ (*holoklēria*) (vgl. Han. 3:16; I Tess. 5:23; Jak. 1:4)
  7. Die konsep van ‘sonder fout’ of skuldloosheid word oorgedra deur *amemptos* (vgl. Luk. 1:6; Fil. 2:15; 3:6; I Tess. 2:10; 3:13; 5:23)
  8. Die konsep van ‘nie onderworpe aan blaam’ word oorgedra deur *amōmētos* (vgl. II Pet. 3:14)
  9. Die konsep van ‘merkloos’, ‘onbevuil’ word dikwels gebruik in passasies wat een van bogenoemde terme ook (vgl. I Tim. 6:14; Jak. 1:27; I Pet. 1:19; II Pet. 3:14)
- D. Die aantal woord in Hebreeus en Grieks wat hierdie konsep oordra toon die belangrikheid daarvan. God voorsien aan ons behoeftes deur Christus en roep ons nou om soos Hy te wees.
- Gelowiges is posisioneel, forensies verklaar ‘reg’, ‘geregtig’, ‘blaamloos’ deur die werk van Christus. Nou moet gelowiges hulle posisie inneem. “Loop in die lig soos Hy in die lig is” (vgl. I Joh. 1:7). “Walk worthy of the calling” (vgl. Ef. 4:1,17; 5:2,15). Jesus het die beeld van God herstel. Intieme vertrouensvriendskap is nou moontlik, maar onthou God wil ’n mense hê wat sy karakter weerspieël, soos sy Seun het. Ons word geroep tot niks minder as heiligheid nie (vgl. Mat. 5:20,48; Ef. 1:4; I Pet. 1:13-16). God se heiligheid, nie slegs wettiglik nie, maar eksistensiële!

**2:11 “vermaan”** Sien aantekening by vers 3. Let op die drie DEELWOORDE (almal begin met *para*) beskryf Paulus se predikingsaktiwiteit: (1) ‘vermanend’ (teenwoordig aktief); (2) ‘bemoedigend’ (TEENWOORDIGE MEDIUM [deponent]) en (3) ‘smekend’ (TEENWOORDIGE MEDIUM [deponent]).

**2:12 “waardiglik moet wandel”** Dit is ’n TEENWOORDIGE INFINITIEF. Hierdie metafoor verwys na ons voortdurende lewenstyl, wat ons Meester s’n moet reflekteer (vgl. kol. 1:10; 2:6; Ef. 2:10; 4:1,17; 5:2,15). Let op aan die einde van vers 12 word gelowiges geroep om sodoende God se heerlikheid te deel.

■ **“wat julle. . .roep”** Daar is ’n Griekse manuskriptvariasie in die TYDMODUS van hierdie frase: (1) manuskrip **ⲛ** en A het die AORISTUS, soos Gal. 1:6. Dit sou God se inisiërende roep beklemtoon (vgl. Gal. 1:6; I Pet. 1:15). (2) Manuskripte B, D, F, G, H, K, L en P het die TEENWOORDIGE VORM wat God se aangaande roep tot heiligheid sou beklemtoon (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:19; Ef. 1:4). Die UBS<sup>4</sup> gee opsie #2 ’n ‘B’-gradering (amper seker).

Let op die teologiese balans tussen ’n God wat roep en gelowiges wat waardig moet wandel (vgl. Fil. 2:12-13). Verskillende denominasies fokus op een aspek of die ander (predestinasie of menslike vrye wil). God handel met ons in ’n verbondsverhouding. Beide sy roep en ons vereiste reaksie (aanvanklik en voortdurend) is noodsaaklik.



## VIR SPESIALE AANDAG: UITVERKIESING/PREDESTINASIE EN DIE ERNS VAN TEOLOGIESE BALANS

Uitverkiesing is 'n ongelooflik aangrypende leerstelling. Dit is nie 'n aanduiding van begunstiging nie, maar eerder 'n oproep om as kanaal op te tree – 'n werktuig of bemiddelaar van ander se verlossing. In die OT staan die term deurgaans in verband met dienslewering. In die NT kom dit meestal neer op verlossing wat op diens moet uitloop. Nêrens probeer die Bybel die spanning tussen die soewereiniteit van God en die mens se wilsvryheid opklaar nie, maar bevestig die belangrikheid van albei leerstellings. 'n Goeie voorbeeld van hierdie Bybelse spanning word gevind in Rom. 9 oor die soewereiniteit van God, en in hoofstuk 10 oor die noodsaaklike beantwoording daarvan deur die mensdom (vgl. 10:11,13).

Die riglyn vir oplossing van hierdie spanning is moontlik in Ef. 1:4 te vinde. Jesus is deur God uitverkies en almal is potensieel in Hom uitverkies. Jesus is God se “ja” vir 'n gevalle mensdom in nood (Barth). Ef. 1:4 help ook om die saak te verhelder deur te verklaar dat die doel van uitverkiesing nie die hemel is nie, maar heiligheid en Christusgelykvormigheid. Dikwels word ons deur die voordele van die evangelie aangegryp en ignoreer die gepaardgaande verantwoordelikhede. God se roep (uitverkiesing) is vir tyd en ewigheid!

Leerstellings staan in verband met ander waarhede en moenie as alleenstaande waarheid buite konteks opgevat word nie. Vergelyk byvoorbeeld 'n ster wat nie buite sy konstellasie gereken moet word nie. God gebruik Oosterse uitdrukkingswyses en nie-Westerse genres. Ons moenie die spanningsveld wat deur 'n dialektiese (paradoksale) stelwyse veroorsaak word, probeer wegwerk nie.

1. Predestinasie versus vrye wil
2. Sekerheid van geloof versus die nodigheid om te volhard in geloof
3. Die oorspronklike sonde versus eiewillige sonde
4. Sondeloosheid (perfeksionisme) versus minder sondig
5. Aanvanklike, onmiddellike vryspraak versus progressiewe heiligmaking
6. Christelike vryheid versus Christelike verantwoordelikheid
7. God se transendensie versus sy immanensie
8. God volkome onkenbaar versus sy selfopenbaring in die Skrif
9. Die koninkryk van God as naby versus die koms daarvan in die eindtyd
10. Vergifnis as 'n gawe van God versus sondebelydenis as 'n verbondsvereiste
11. Jesus as God en mens
12. Jesus gelyk aan die Vader, maar ook onderdanig aan die Vader

Die verbondsteologie handhaaf ewewig tussen die soewereiniteit van God (Hy behou die inisiatief en bepaal die agenda) en die mens se reaksie in geloof en belydenis van begin tot einde. Wees versigtig om nie bewysplaas aan die een kant van die paradoks op te stapel ten koste van die ander kant nie. Wees ook versigtig om nie oormatig voorkeur te gee aan jou persoonlike gunstelingleerstellings of teologie nie! Die een dien as bevestiging van die ander.

■ **“sy koninkryk”** Paulus gebruik nie hierdie term dikwels nie. Dit verwys na God se heerskappy in gelowiges se harte en verstande nou, wat eendag oor die hele aarde volbring sal word (vgl. Mat. 6:10). Dit was die las van Jesus se lering en prediking. Dit reflekteer die ‘alreeds’ maar ‘nog nie’-spanning van die tyd tussen die skepping en die wederkoms (vgl. *How to Read the Bible for All Its Worth* deur Fee en Stuart, bl. 131-134).

## VIR SPESIALE AANDAG: DIE KONINKRYK VAN GOD

In die OT word aan JHWH as die koning van Israel gedink (vgl. I Sam 8:7; Ps. 10:16; 24:7-9; 29:10; 44:4; 89:18; 95:3; Jes. 43:15; 44:4,6) en aan die Messias as die ideale koning (vgl. Ps. 2:6). Met Jesus se geboorte in Betlehem (6-4 v.C.) breek die koninkryk van God met nuwe krag en verlossing aan in die geskiedenis van die mensdom ('n nuwe verbond, vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:27-36). Johannes die Doper kondig die nabyheid van die koninkryk aan (vgl. Mat. 3:2; Mark. 1:15). Jesus het duidelik verkondig dat die koninkryk teenwoordig was in Hom as persoon en in sy leer (vgl. Mat. 4:17, 23; 9:35; 10:7; 11:11-12; 12:28; 16:19; Mark. 12:34; Luk. 10:9, 11; 11:20; 12:31-32; 16:16; 17:21). Maar die koninkryk is ook toekomstig (vgl. Mat. 16:28; 24:14; 26:29; Mark. 9:1; Luk. 21:31; 22:16,18).

Die uitdrukking ‘koninkryk van God’ kom veral in die Sinoptiese parallele in Markus en Lukas voor. Vir daardie tyd was regering van God in die hart van mense die deurlopende tema van Jesus se prediking, maar dit was bestem om toekomstig die hele aarde (fisies) in te sluit. Dit kom veral na vore in Jesus se gebed in Mat. 6:10. Mattheus, wat vir Jode geskryf het, het om veilig te wees verkies om die frase “koninkryk van die hemel” te gebruik, terwyl Markus en Lukas, wat vir heidene geskryf het, nie 'n probleem het met die verwysing na godheid in dié frase nie.

Dit is derhalwe 'n sleutelbegrip in die Sinoptiese evangelies. Jesus se boodskappe (die eerste en die laaste) en sy gelykenisse het oor dié onderwerp gehandel. Dit was gerig op die heerskappy van God in die harte van mense, hier en nou! Dit is verrassend dat Johannes die frase net twee keer aanhaal, hoewel nie 'n enkele keer in 'n gelykenis van Jesus nie! In Johannes is die sleutelgedagte en metafoor die ‘ewige lewe’.

Hierdie spanning word deur die twee verskynings van Christus veroorsaak. Die OT-fokus oënskynlik net op een koms van God se Messias – strydlustige, veroordelende, glansryke verskyning – terwyl die NT Hom voorstel as die Lydende Knecht van Jes. 53 en die nederige koning van Sag. 9:9. Dit veroorsaak 'n oorvleueling. Dit bring die Joodse ‘era van geregtigheid’ vroeër op die toneel in hulle veronderstelde ‘era van ongeregtigheid’. Tans regeer Jesus in die harte van gelowiges, maar eendag sal Hy oor die hele skepping regeer. Dan sal Hy weer kom soos die OT voorspel, 'n glansryke verskyning! Gelowiges leef tans in die ‘alreeds’ versus die ‘nog nie’ van die komende Godsryk (vgl. Gordon D. Fee en Douglas Stuart, *How to Read The Bible For All Its Worth*, bl. 131-134).

■ “en heerlijkheid” Sien volledige aantekeninge by Galasiërs 1:5.

### OAV TEKS: 2:13-16

<sup>13</sup>Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo. <sup>14</sup>Want julle, broeders, het navolgers geword van die gemeentes van God wat in Christus Jesus is in Judéa, omdat julle ook dieselfde dinge gely het van julle eie stamgenote net soos hulle van die Jode, <sup>15</sup>wat ook die Here Jesus en hulle eie profete gedood en ons vervolg het en God nie behaag nie en teen alle mense gekant is, <sup>16</sup>deurdadig hulle ons verhinder om tot die heidene te spreek dat hulle gered kan word, sodat hulle die maat van hulle sondes gedurig vol kan maak. Maar die toorn het oor hulle gekom tot die einde toe.

**2:13 “dank ons God ook sonder ophou”** ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF wat moontlik verwys na 1:2-10. Dit reflekteer Paulus se volgehoue gebedslewe en skryfstyl (vgl. 1:2; 5:17-18). Sien Vir Spesiale Aandag: Danksegging by I Tess. 1:2.

■ “ontvang” Dit is ’n AORISTUS AKTIEWE DEELWOORD. Dit toon die noodsaaklikheid van ons persoonlike reaksie. Hier verwys dit na die boodskap. In Joh. 1:12 verwys dit na die persoon van Christus. In I Tess. 4:1 verwys dit na lewenstyl. Die evangelie fokus op drie kernpunte: (1) persoonlike verhouding (vgl. Kol. 2:6), (2) doktrinale waarheid (vgl. II Tess. 3:6; I Kor. 15:1-4), en (3) lewenstyl Christusgelykvormigheid (vgl. Fil. 4:9). Die gelowige moet reageer op al drie met volwassenheid.

Die frase ‘ontvang die Woord van God’ word ’n idioom vir ‘ontvang die evangelie’ (“wie My woord hoor en Hom glo wat My gestuur het,” Joh. 5:24).

1. *dechomai* – Luk. 8:13; Han. 8:14; 11:1; 17:11; I Tess. 1:16
2. *paralambanō* – I Tess. 1:13
3. *paradechomai* – Mark. 4:20
4. *apolambanō* – Jak. 1:21

Let daarop dat daar ’n kognitiewe element en ’n wilselement is.

Die NT het verskeie dinge wat skakel met die WERKWOORD vertaal as ‘ontvang’.

A. Die negatiewe dinge

1. Rom. 8:15 – nie die gees van slawerny ontvang nie (*lambanō*)
2. I Kor. 2:4 – die natuurlike man ontvang (*apolambanō*) die dinge van die Gees van God
3. I Kor. 2:12 – nie die gees van die wêreld ontvang nie (*lambanō*)
4. II Kor. 6:1 – om nie die genade van God onnodig te ontvang nie (*apolambanō*)
5. II Tess. 2:11 – hulle het nie die liefde van die waarheid om gered te word ontvang nie (*apolambanō*)

B. Die positiewe dinge

1. Han. 1:8 – ontvang (*lambanō*) mag
  2. Han. 2:33 – ontvang (*lambanō*) die Vader se belofte
  3. Han. 2:38; 8:15,17,19; 10:47; 19:2 – ontvang (*lambanō*) die gawe van die Heilige Gees
  4. Han. 10:49; 26:18 – ontvang (*lambanō*) vergifnes
  5. Rom. 5:11 – ontvang (*lambanō*) versoening
  6. Rom. 5:17 – ontvang (*lambanō*) die oorvloedige genade en die gawe van geregtigheid
  7. Rom. 8:15 – ontvang (*lambanō*) ’n gees van aanneming
  8. Gal. 3:4 – ontvang (*lambanō*) die belofte van die Gees deur geloof
  9. Kol. 2:6 – ontvang (*paralambanō*) Jesus Christus
  10. Heb. 10:36 – ontvang (*komizō*) die beloofde dinge
  11. Heb. 11:17 – ontvang (*anadechomai*) die belofte
  12. Heb. 12:28 – ontvang (*paralambanō*) ’n onwrikbare koninkryk
  13. Jak. 1:21 – ontvang (*apolambanō*) die ingeplante woord wat ons siele kan red
  14. I Pet. 5:4 – ontvang (*komizō*) die onvervaagbare kroon van glorie
  15. I Joh. 2:27 – ontvang (*lambanō*) die inlywing
- Sjoe, wat ’n verskeidenheid goeie dinge kom saam met die evangelie!

■ “ontvang. . .aangeneem” Hierdie sinonieme beskryf die behoefte van ’n menslike reaksie op die heilige evangelie-gawe! Gevalle mens moet boetedoen en glo in die evangelie (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21) en voortdurend bely, glo en die evangelie uitleef.

Die eerste woord is ’n saamgestelde term aangetref in Joh. 1:12. Die tweede woord beteken om iemand as ’n gas te verwelkom. In hierdie konteks, moet mens die evangelie verwelkom. Die NT beskryf die evangelie as ’n persoon sowel as ’n boodskap.

■ “die woord van God” Paulus se prediking (die evangelie se boodskap) was openbaring deur God geïnspireer (vgl. II Tim. 3:15-17; I Pet. 1:23-25; II Pet. 1:20-21; 3:15-16). Hier verwys dit nie na die Bybel nie, maar na apostoliese uitlatings en lering. Die NT doen slegs verslag oor ’n geselekteerde deel van Jesus se woorde en daede en die apostels se boodskap.

- ☐ **OAV** “die woord van God wat ook werk in julle wat glo”
- NAV** “die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys”
- NASB** “the word of God, which also performs its work in you who believe”
- NKJV** “the word of God, which also effectively works in you who believe”
- NRSV** “God’s word, which is also at work in you believers”
- TEV** “as God’s message, which indeed it is. For God is at work in you who believe”
- NJB** “God’s message. . . it is still a living power among you who believe it”

Dit is ’n TEENWOORDIGE MEDIUM-INDIKATIEF (vgl. Fil. 2:13). ‘Werk’ was een van Paulus se gunsteling woorde, verwant aan ‘energie’. Paulus vermenslik die evangelie as voortdurende bekragtiging van gelowiges! Dit weerspieël waarskynlik die OT-begrip van die mag van die gesproke woord, soos in Genesis 1 en Jes. 55:11 (sowel as Joh. 1:1).

☐ **“in julle wat glo”** Dit is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE-DEELWOORD. Weereens is aangaande geloof die sleutel! Die evangelie is nie ’n produk (’n kaartjie hemel toe, ’n versekeringspolis) nie, maar ’n persoonlike, groeiende verhouding met die Vader deur die Seun.

**2:14 “die gemeentes”** Dit vertaal letterlik as ‘die geroepenes’. In die Septuaginta word dieselfde idee uitgedruk as ‘die gemeente van Israel’. Die vroeë kerk het hulleself gesien as die voortsetting van die OT-mense van God. Let op dat hulle ‘die gemeentes van God’ genoem word. Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 1:2.

☐ **“in Christus Jesus”** Hierdie frase neem die LOKATIEWE SFEERGEVAL aan, wat beteken ‘in’ of ‘omring deur’—’n atmosfeer, soos ’n vis in water. Dit is ’n baie algemene Pauliniese uitdrukking wat spreek van ons eenheid met Jesus. Ons leef en beweeg en het ons wesenlikheid in Hom. Vir ’n voorbeeld van Paulus se gebruik van hierdie vorm, sien Ef. 1:3-14: (1) “in Christus” 1:3,10,12; (2) “in Hom” 1:4,7,9,10,13 (tweekeer); (3) “in die Geliefde” 1:6.

☐ **“in Judea”** Die Tessalonisense kerke was besig om Joodse vervolging te ondergaan, nes die kerke in Judea (vgl. Mat. 5:10-12).

☐ **“julle ook dieselfde dinge gely het”** Die reaksie op die Christenboodskap in die Romeinse wêreld was oor die algemeen vervolging (vgl. I Pet. 4:12-16), as gevolg van die eksklusiewe aard van die boodskap (vgl. Joh. 14:6).

☐ **“van julle eie stamgenote”** In konteks verwys dit na vervolging van Jode van die diaspora, nes Paulus, wat in Korinte was ten tye die skrywe, ook gekonfronteer is met dieselfde teenstand.

**2:15 “wat ook die Here Jesus. . .gedood het”** Die Jode het nie fisies vir Jesus doorgemaak nie, maar hulle was verantwoordelik vir sy dood (vgl. Mat. 21:33-46; Han. 2:23).

☐ **“en hulle eie profete”** God se mense wou nie God se boodskap hoor nie, so hulle het sy boodskappers doorgemaak (vgl. Mat. 23:31,37; Han. 7:52).

## VIR SPESIALE AANDAG: OT-PROFESIE

### I. INLEIDING

#### A. Aanvangsopmerkings

1. Die geloofsgemeenskap stem nie saam oor die interpretasie van profesie nie. Ander waarhede is daargestel met betrekking tot ’n ortodokse standpunt deur die eeue heen, maar nie hierdie een nie.
2. Daar is verskeie goed-gedefiniëerde stadiums van OT-profesie
  - a. premonargiaal
    - (1) individue genaamd profete
      - (a) Abraham – Gen. 20:7
      - (b) Moses – Num. 12:6-8; Deut. 18:15; 34:10
      - (c) Aäron – Eks. 7:1 (spreekbuis vir Moses)
      - (d) Mirjam – Eks. 15:20
      - (e) Medad en Eldad – Num. 11:24-30
      - (f) Debora – Rigt. 4:4
      - (g) onbenoem – Rigt. 6:7-10
      - (h) Samuel – I Sam. 3:20
    - (2) verwysings na profete as ’n groep – Deut. 13:1-5; 18:20-22
    - (3) profetiese groep of gulde – I Sam. 10:5-13; 19:20; I Kon. 20:35,41; 22:6,10-13; II Kon. 2:3,7; 4:1,38; 5:22; 6:1, ens.
    - (4) Messias profeet genoem – Deut. 18:15-18
  - b. ongeskrewe monargiaal (hulle adresseer die koning)
    - (1) Gad – I Sam. 22:5; II Sam. 24:11; I Kron. 29:29
    - (2) Natan – II Sam. 7:2; 12:25; I Kon. 1:22

- (3) Agija – I Kon. 11:29
  - (4) Jehu – I Kon. 16:1,7,12
  - (5) onbenoem – I Kon. 18:4,13; 20:13,22
  - (6) Elia – I Konings 18 – II Konings 2
  - (7) Miga – I Kon. 2:8,13
  - (8) Elisa – II Kon. 2:8,13
- c. klassieke geskrewe profete (hulle adresseer die nasie sowel as die koning): Jesaja-Maleagi (behalwe Daniël)

#### B. Bybelse terme

1. *Ro'eh* – ‘siener’, I Sam. 9:9. Hierdie verwysing toon opsigself die oorgang na die term *nabi*. *Ro'eh* is van die algemene term, ‘om te sien’. Hierdie persoon verstaan God se weë en planne en is gekonsulteer om God se wil in ’n gegewe saak te bepaal.
2. *Hozeh* – ‘siener’, II Sam. 24:11. Dit is basies ’n sinoniem vir *Ro'eh*. Dit is van ’n seldsamer term, ‘om te sien’. Die deelwoord-vorm word meestal gebruik om te verwys na profete (d.w.s. ‘om te betrag’).
3. *Nabi* – ‘profeet’, kognaat van Akkadiese WERKWOORD *Nabu* – ‘om te roep’ en Arabiese *Naba'a* – ‘om aan te kondig’. Dit is die mees algemene term in die Ou Testament om profete aan te dui. Dit word oor 300 keer gebruik. Die presiese etimologie is onseker, maar ‘om te roep’ lyk op die oomblik soos die beste opsie. Die beste begrip kom moontlik van JHWH se beskrywing van Moses se verhouding met Faraon deur Aäron (vgl. Eks. 4:10-16; 7:1; Deut. 5:5). ’n Profete is iemand wat namens God spreek met sy mense (Amos 3:8; Jer. 1:7,17; Eseg. 3:4).
4. Al drie terme word gebruik vir die profetiese amp in I Kron. 29:29; Samuel – *Ro'eh*; Natan – *Nabi* en Gad – *Hozeh*.
5. Die frase, *'ish ha – 'elohim*, ‘man van God’, is ook ’n breër bepaler vir ’n spreker van God. Dit word 76 keer gebruik in die OT in die sin van ‘profeet’.
6. Die term ‘profeet’ is van Griekse oorsprong. Dit kom van: (1) *pro* – ‘voor’ of ‘vir’ en (2) *phemi* – ‘om te praat’.

#### II. DEFINISIE VAN PROFESIE

- A. Die term ‘profesie’ het ’n weier semantiese veld in Hebreeus as in Engels. Die historiese boeke van Joshua tot Konings (behalwe Rut) word deur die Jode ‘die voormalige profete’ genoem. Abraham (Gen. 20:7; Ps. 105:5) sowel as Moses (Deut. 18:18) word profete genoem (ook Mirjam, Eks. 15:20). Wees daarom versigtig vir ’n veronderstelde definisie!
- B. “Profetisisme kan regmatiglik gedefinieer word as daardie begrip van geskiedenis wat betekenis aanvaar slegs in terme van heilige belang, heilige doelmatigheid, heilige deelname,” *Interpreter's Dictionary of the Bible*, vol. 3, bl. 896.
- C. “Die profete is nog ’n filosoof nog ’n sistematiese teoloog, maar ’n verbondsbedinger wat die woord van God aan sy mense lewer om sodoende hulle toekoms te vorm deur hulle hede te hervorm,” “Prophets and Prophecy”, *Encyclopedia Judaica*, vol. 13, bl. 1152.

#### III. DOEL VAN PROFESIE

- A. Profesie is ’n manier vir God om te praat met sy mense, om leiding te verskaf in hulle huidige situasie en hoop in sy beheer van hulle lewens en wêreldgebeure. Hulle boodskap was basies korporeel. Dit is bedoel om te berispe, te bemoedig, geloof en belydenis te ontlok, en God se mense oor Homself en sy planne in te lig. Hulle hou God se mense getrou aan God se verbond. Hieraan moet bygevoeg word dat dit dikwels gebruik word om God se keuse van ’n boodskapper duidelik ten toon te stel (Deut. 13:1-3; 18:20-22). Dit verwys uiteindelik na die Messias.
- B. Die profete het dikwels ’n geskiedkundige of teologiese krisis van sy tyd geneem en dit eskatologies uitgedruk. Hierdie eindtyd perspektief op geskiedenis is uniek tot Israel en sy sin van heilige uitverkiesing en verbondsbeloftes.
- C. Die amp van profete balanseer (Jer. 18:18) en verswelg dié amp van hoë priester as ’n manier om God se wil te wete te kom. Die Urim en Thummim transendeer tot ’n verbale boodskap van God se boodskapper. Die amp van profete lyk ook of dit in Israel uitgefaseer is na Maleagi. Dit kom nie weer voor tot 400 jaar later met Johannes die dooper nie. Dit is onseker hoe die Nuwe Testamentiese gawe van ‘profesie’ verwant is aan die Ou Testament nie. Nuwe Testamentiese profete (Han. 11:27-28; 13:1; 15:32; I Kor. 12:10,28-29; 14:29,32,37; Ef. 4:11) is nie onthullers van nuwe openbaring van Skrif nie, maar voort-vertellers en vooruitvertellers van God se wil in verbondsituasies.
- D. Profesie is nie eksklusief of primêr voorskrytelik van aard nie. Voorspelling is een manier om sy amp en sy boodskap te bevestig, maar dit moet genoem word: “minder as 2% van OT-profesie is Messianies. Minder as 5% beskryf spesifiek die Nuwe Verbondstydperk. Minder as 1% het betrekking op gebeure wat nog moet kom,” (Fee en Stuart, *How to Read the Bible For All Its Worth*, bl. 166).
- E. Profete verteenwoordig God by sy mense, terwyl priesters die mense by God verteenwoordig. Dit is ’n algemene stelling. Daar is uitsonderings soos Habakkuk, wat vrae aan God stel.
- F. Een rede hoekom dit moeilik is om die profete te verstaan is omdat ons nie weet hoe hierdie boeke gestruktureer is nie. Hulle is nie kronologies nie. Dit lyk of hulle tematies gerangskik is, maar nie altyd soos ’n mens sou verwag nie. Daar is dikwels geen duidelike historiese milieu, tydraamwerk of duidelike verdeling van orakels nie. Hierdie boeke is moeilik (1) om deur te lees in een slag; (2) te omlin in terme van onderwerp; en (3) om die sentrale waarheid of skrywersbedoeling in elke orakel te bepaal.

#### IV. EIENSKAPPE VAN PROFESIE

- A. In die Ou Testament is daar oënskynlik ’n ontwikkeling van die konsep van ‘profeet’ en ‘profesie’. In vroeë Israel het daar ’n broederskap van profete ontwikkel, gelei deur ’n sterk, charismatiese leier soos Elia of Elisa. Die frase: ‘die seuns van die profete,’ is soms gebruik om te verwys na hierdie groep (II Kon. 2). Die profete is gekenmerk deur vorms van ekstase (I Sam. 10:10-13; 19:18-24).
- B. Nietemin, hierdie broederskap het spoediglik ontaard in individuele profete. Daar was sekere profete (eg sowel as vals) wat met die koning geïdentifiseer het en in die paleis geleef het (Gad, Natan). Daar was ook diegene wat onafhanklik was, soms heeltemal onverwant aan die stand van Israëliese samelewing (Amos). Onder hulle was mans en vroue (II Kon. 22:14).
- C. Die profeet was dikwels ’n onthuller van die waarheid, gekondisioneer deur die mens se onmiddellike reaksie. Die profeet se taak was dikwels ’n onthulling van God se universele plan vir sy skepping wat nie geaffekteer word deur menslike reaksie nie. Die universele eskatologiese plan is uniek onder die profete van die Antieke Nabye-Ooste. Voorspellings en verbondsgetrouheid is tweeling fokuspeunte van die profetiese boodskap (vgl. Fee en Stuart, bl. 150). Dit impliseer dat die profete primêr korporeel is in fokus. Hulle spreek gewoonlik, maar nie eksklusief nie, tot die nasie.
- D. Die meeste profetiese materiaal is verbaal oorgedra. Dit is later gekombineer in terme van tema, kronologie of ander patrone van Nabye Oosterse literatuur wat vir ons verlore is. Omdat dit verbaal was is dit nie so gestruktureerd soos geskrewe prosa nie. Dit maak die boeke moeilik om dwarsdeur te lees en moeilik om te verstaan sonder ’n spesifieke geskiedkundige situasie.
- E. Die profete gebruik verskeie patrone om hulle boodskap oor te dra:
  - 1. Hofsake – God vat sy mense hof toe, dikwels vir egskending waar JHWH sy vrou (Israel) verwerp vir haar ontrouheid (Hos. 4; Miga 6).
  - 2. Begrafnis – die spesiale meter van hierdie tipe boodskap en sy kenmerkende rou-millieu onderskei dit as ’n spesiale vorm (Jes. 5. Habakkuk 2).
  - 3. Verbondseën-uitsprake – die kondisionele aard van die verbond word beklemtoon en die gevolge – negatief sowel as positief – word vir die toekoms uitgelê (Deut. 27-28).

#### V. HULPVAARDIGE RIGLYNE VIR DIE ONTLEDING VAN PROFESIE

- A. Vind die bedoeling van die oorspronklike profeet (redakteur) deur te let op die geskiedkundige milieu en die literêre konteks van elke orakel. Gewoonlik behels dit dat Israel die Mosaïese wet op die een of ander manier verbreek.
- B. Lees en ontleed die hele orakel, nie net ’n deel daarvan nie; omlin dit in terme van inhoud. Sien hoe dit in verband staan tot omliggende orakels. Probeer die boek omlin.
- C. Veronderstel ’n literêre ontleding van die passasie tot iets in die teks self dui op figuurlike gebruik; plaas dan die figuurlike taal oor in prosa.
- D. Ontleed simboliese aksie in die lig van die historiese milieu en parallelle passasies. Wees seker om te onthou dit is Antieke Nabye-Oosterse literatuur en nie moderne, Westerse literatuur nie.
- E. Hanteer voorspelling versigtig:
  - 1. Is hulle eksklusief tot die skrywer se dag?
  - 2. Is hulle daarna vervul in Israel se geskiedenis?
  - 3. Verwys hulle na toekomsgebeure?
  - 4. Het hulle ’n kontemporêre vervulling en ’n nog toekomstige vervulling?
  - 5. Laat die skrywers van die Bybel jou tot antwoorde lei, nie moderne skrywers nie.
- F. Spesifieke kwessies
  - 1. Is die voorspelling gekwalifiseer deur voorwaardelike respons?
  - 2. Is dit seker tot wie die profesie geadresseer word (en hoekom)?
  - 3. Is daar ’n moontlikheid, sowel Bybels en/of histories, van veelvuldige vervulling?
  - 4. Die NT-skrywers was onder inspirasie in staat om die Messias in baie plekke in die OT te sien wat nie vir ons duidelik is nie. Hulle gebruik klaarblyklik tipologie of woordspel. Aangesien ons nie geïnspireerd is nie moet ons eerder hierdie benadering aan hulle oorlaat.

#### VI. NUTTIGE BOEKE

- A. *A Guide to Biblical Prophecy* deur Carl E. Amending en W. Ward Basque
- B. *How to Read the Bible for All Its Worth* deur Gordon Fee en Douglas Stuart
- C. *My Servants the Prophets* deur Edward J. Young
- D. *Plowshares and Pruning Hooks: Rethinking the Language of Biblical Prophecy and Apocalyptic* deur D. Brent Sandy
- E. *New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis*, vol. 4, bl. 1067-1078

#### VIR SPESIALE AANDAG: NT-PROFESIE

- I. Dit is nie dieselfde as OT-profesie, wat deur die rabbyne as geïnspireerde openbaringe van JHWH beskou is, nie (vgl. Han. 3:18,21; Rom. 16:26):
  - A. Moses is ’n profeet genoem (Deut. 18:25).
  - B. Die geskiedkundige boeke (Josua – Konings, Rut uitgesluit, is die vroeë profete genoem (Han. 3:24).

- C. Die profete neem die hoëpriester se plek as bemiddelaar van boodskappe van God (vgl. Jesaja en Maleagi).
- D. Die tweede indeling van die Hebreeuse kanon is “die Profete” (vgl. Mat. 5:17; 22:40; Luk. 16:16; 24:25, 27; Rom. 3:21).

II. In die NT word die konsep op verskillende maniere gebruik:

- A. met verwysing na OT-profete en hulle geïnspireerde boodskappe (vgl. Mat. 2:23; 5:12; 11:13; 13:14; Rom. 1:2);
- B. NT-profesie is gerig op individue terwyl die OT die hele volk Israel in die oog gehad het;
- C. met verwysing na Johannes die Doper (vgl. Mat. 11:9; 14:5; 21:6; Luk. 1:76) en Jesus as aankondigers van die koninkryk van God (vgl. Mat. 13:57; 21:11, 46; Luk. 4:24; 7:16; 13:33; 24:19). Jesus het ook daarop aanspraak gemaak dat Hy groter is as die profete (vgl. Mat. 11:9; 12:41; Luk. 7:26);
- D. ander profete in die NT sluit in:
  1. die vroeë leeftyd van Jesus soos in Lukas vermeld (Maria se herinneringe):
    - a. Elisabeth (Luk. 1:41-42);
    - b. Sagaria (Luk. 1:67-79);
    - c. Simeon (Luk. 2:25-35); en
    - d. Anna (Luk. 2:36);
  2. Ironiese voorspellings (vgl. Kaiafas, Joh. 11:51);
- E. as verwysing na iemand wat die evangelie verkondig (sien die lys van gawes m.b.t. verkondiging in 1 Kor. 12:28-29; Ef. 4:11);
- F. wat beskou kan word as ‘n voortgesette gawe in die kerk (vgl. Mat. 23:24; Han. 13:1; 15:32; Rom. 12:6; 1 Kor. 12:10, 28-29; 13:2; 15:32; Ef. 4:11). Soms word na vroue as profete verwys (Luk. 2:36; Han. 2:17; 21:9; 1 Kor. 11:4-5);
- G. met verwysing na die apokaliptiese boek, Openbaring (vgl. 1:3; 22:7, 10, 18, 19).

III. NT-profete

- A. Hulle bied nie geïnspireerde openbaring soos die OT-profete nie (d.w.s. die Skrif nie). Teen die agtergrond van ‘n frase “die geloof” is hierdie standpunt moontlik (vgl. Han. 6:7; 13:8; 14:22; Gal. 1:23; 3:23; 6:10; Fil. 1:27; Jud. 3, 20).

Die frase in Judas 3, naamlik “die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan dié wat God vir Hom afgesonder het” [NAV] beklemtoon hierdie standpunt. Die “eenmaal oorgelewer” dui op die waarhede, leerstellings, opvattinge en universele leerstellings van die Christelike geloof. Hierdie klem op “eenmaal” is die Bybelse basis vir die teologie om ‘n beperking op die begrip “geïnspireerd” te plaas, en dus latere geskrifte nie as openbaard van aard te beskou nie. Daar is baie dubbelsinnige, onseker of gryps areas in die NT, maar gelowiges is daarvan oortuig dat wat vir die geloof en praktyk nodig is, genoegsaam en duidelik in die NT geopenbaar is. Die konsep is opgevang in ‘n skema wat as die “openbaringsdriehoek” bekendstaan.

1. God het Homself in historiese tyd en ruimte geopenbaar (OPENBARING)
2. Hy het sekere mense as skrywers uitgekie om sy handeling op te teken en te verduidelik (INSPIRASIE)
3. Hy het sy Gees daargestel om mense se verstand te open, hoewel nie volledig nie, tog wel genoegsaam vir die doel van saligheid en om effektief Christelik te lewe (ILLUMINASIE)

Die punt wat hiermee gemaak word, is dat inspirasie tot die skrywers van Bybelboeke beperk word. Daar is geen verdere gesaghebbende geskrifte nie, of visioene of openbarings nie. Die kanon is afgesluit. Ons beskik oor al die kennis wat nodig is om toepaslik op God te reageer.

Hierdie waarheid word die beste geïllustreer deur die eenstemmigheid van die Bybelskrywers teenoor die hedendaagse meningsverskille tussen toegewyde Christen-gelowiges. Geen hedendaagse skrywer of spreker is op dieselfde vlak van inspirasie as dié van Bybelskrywers nie.

- B. In sommige opsigte is daar ooreenkomste tussen OT- en NT-profete:
  1. voorspelling van toekomstige gebeure (vgl. Paulus, Han. 27:22; Agabus, Han. 11:27-28; 21:10-11; ander ongenoemde profete, Han. 20:23);
  2. oordeelaankondiging (vgl. Paulus, Han. 13:11; 28:25-28)
  3. simboliese handeling om ‘n gebeurtenis duidelik te maak (Agabus, Han. 21:11)
- C. Soms verkondig hulle die evangeliese waarhede in voorspellende trant (bv. Han. 11:27-28; 20:23; 21:10-11), maar dit is nie die primêre fokus nie. Profesie soos in 1 Kor. vermeld, staan hoofsaaklik in verkondiging van die evangelie in verband met eietydse gebeure (14:24, 39).
- D. Hulle is die Gees se eietydse instrumente om eietydse, praktiese toepassings van die woord van God op nuwe situasies, kultuur of tyd toe te pas (1 Kor. 14:3).
- E. Hulle was in die Pauliniese kerke aktief (vgl. 1 Kor. 11:45; 12:28, 29; 13:29; 14:1, 3, 4, 5, 6, 22, 24, 29, 31, 32, 37, 39; Ef. 2:20; 3:5; 4:11; 1 Tes. 5:20). Hulle word in die *Didache* vermeld (laat eerste of tweede eeu, datum onseker) en was aktief in die Montanisme van Noord-Afrika (tweede en derde eeu).

IV. Het die NT-gawes tot ‘n einde gekom?

- A. ‘n Moeilike vraag om te beantwoord! Helderheid kom namate die doel van die gawes gedefinieer kan word. Was hulle doel om die aanvanklike prediking van die evangelie te ondersteun of is hulle voortgaande hulpmiddels vir die kerk se onderlinge diensbetoon en vir bediening aan ‘n verlore wêreld?
- B. Moet ‘n mens vir beantwoording van die vraag na die kerkgeskiedenis kyk of net na die NT? Daar is geen aanduiding in die NT dat die geestelike gawes slegs tydelik bedoel was nie. Diegene wat probeer om 1 Kor. 13:8-13 se steun vir die beëindiging van gawes aan te wend, misbruik die skrywer se bedoeling van liefde wat blywend is bo die gawes.

- C. Ek is geneig om te aanvaar dat, aangesien die NT die gesaghebbende woord spreek en nie die kerkgeskiedenis nie, gelowiges moet aanvaar dat die gawes moet voortgaan. Ek glo egter ook dat kultuur interpretasie beïnvloed. Sommige heel duidelike Bybeltekste is in sommige kulture nie meer gebruiklik nie (bv. die soengroet, “holy kiss”, vroue met sluiers, kerke wat in huise vergader, ens.) As kultuur teksverstaan beïnvloed, hoekom nie kerkgeskiedenis nie?
- D. ‘n Beslissende antwoord is nie moontlik nie. Sommige gelowiges sal beëindiging voorstel en ander weer voortgang. Soos in talle ander kwessies wat met interpretasie te doen het, is die hart van die gelowige die sleutel tot die oplossing. Die NT is dubbelsinnig en kultureel gelaai. Die probleem is om te besluit watter tekste deur kultuur en geskiedenis geaffekteer word en watter tydloos is (vgl. Fee en Stuart se *How to read the Bible for all it's Worth*, bl. 14-19, 69-77). Hier word die gesprekke oor vryheid en verantwoordelikheid van Rom. 14:1-15:13 en 1 Kor. 8-10 van kardinale belang. Hoe ons hierdie vraag beantwoord is belangrik op twee maniere:
1. Elke gelowige moet gelowig wandel in die lig waaroor hulle beskik. God kyk na ons harte en motiewe.
  2. Elke gelowige moet ander toelaat om ook tot ‘n eie verstaan van geloof te kom en dienooreenkomstig te lewe. Verdraagsaamheid binne Bybelse perke is nodig. God wil hê dat ons mekaar moet liefhê soos Hy ons liefhet.
- E. Opsommend, Christenskap is ‘n lewe in geloof en liefde, nie ‘n perfeksionistiese teologie nie. Dis ‘n verhouding met Hom wat ons verhouding met ander ten diepste beïnvloed en wat belangriker is as definitiewe inligting of perfekte belydenisse.

☐ **“en ons vervolg het”** Dit is moontlik verwant aan (1) Jason se vredesverbond (vgl. Han. 17:5-9) of (2) die algemene ervaring van Paulus se bediening (vgl. Handeling). Paulus sien hierdie ervaring as parallel tot die OT-profete en veral Jesus se verwerping deur sy tydgenote.

- ☐ **OAV** “God nie behaag nie”  
**NAV** “Wat God wil, doen hulle nie”  
**NASB** “They are not pleasing to God”  
**NKJV** “they do not please God”  
**NRSV** “they displease God”  
**TEV** “How displeasing they are to God”  
**NJB** “acting in a way that cannot please God”

Die Jode dink hulle dade was God se wil in verdediging van sy verbond met Moses. Hulle glo hulle was sy dienaars besig om die geloof te verdedig teen valse leraars (Paulus was goed bekend met hierdie gevoelens). Tragies en ironies was hulle die valse leraars.

☐ **“en teen alle mense gekant is”** Die vyandigheid waarvan hier gepraat word was gewortel in Joodse nasionale arrogansie en veroordeeldheid. Hulle het die Messias en sy universele evangelie verwerp (vgl. Jes. 2:2-4; 45:22; 49:6; 60:3; 66:18,23; Joh. 3:16; Ef. 2:11-2:13).

**2:16 “hulle ons verhinder om tot die heidene te spreek”** Dit reflekteer Paulus se ervaring in Korinte ten tye die skrywe van I Tessalonisense. Hierdie sinne is Paulus se sterkste klag teen die Jode (vgl. Rom. 9-11).

☐ **“dat hulle gered kan word”** Dit is ‘n AORISTUS PASSIEWE SUBJUNKTIEF. God wil alle mense na sy beeld geskape, red (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Eseg. 18:23,32; Jona; Joh. 3:16; Han. 28:28; Ef. 2:11-2:13; I Tim. 2:4; II Pet. 3:9), maar hulle moet inkeer en glo in Christus (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16,19; 20:21).

- ☐ **OAV** “sodat hulle *die maat van hulle sondes gedurig vol kan maak*”  
**NAV** “maar nou het hulle die maat van hulle sondes volgemaak”  
**NASB** “they always fill up the measure of their sins”  
**NKJV** “to fill up *the measure of their sins*”  
**NRSV** “they have constantly been filling up the measure of their sins”  
**TEV** “This is the last full measure of their sins they have always committed”  
**NJB** “They never stop trying to *finish off the sins they have begun*”

Paulus neem moontlik hierdie terminologie uit (1) die OT omdat die presiese Griekse frase in Gen. 15:16 van die Septuaginta voorkom; of (2) van die woorde van Jesus in Mat. 23:32, verwant aan die boek van dade (vgl. Dan. 7:10; Openb. 20:12 en Ps. 56:8; 139:16; Jes. 65:6; Mal. 3:16). God skryf die bose dade van mense op en hulle sal daarvoor rekenskap doen (vgl. Mat. 25-26; Openb. 20:11-15).

☐ **“Maar die toorn het oor hulle gekom”** Dit is ‘n AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF. Die vers skakel klaarblyklik met die geestelike blindheid (hardheid) wat oor Israel gekom het (verweselik in die gelykenis van Mark. 12:1-12 [ook Mat. 21:33-46 en Luk. 20:9-19] en eksplisiet gestel in Rom. 11:7,25; II Kor. 3:14). God se toorn is teenwoordig en toekomstig (temporeel en eskatologies).

- ☐ **OAV** “tot die einde toe”  
**NAV** “Nou is dit klaar”

NASB	“to the utmost”
NKJV	“to the uttermost”
NRSV, TEV, NJB	“at last”

Hierdie frase kan op verskeie maniere vertaal word, so vergelyk die verskeie vertalings van die Bybel om die moontlike vertalings ten volle te verstaan. Basiese leweringe sluit in:

1. nabetragtend en opsommend
2. vooruitkykend na vervulling
3. gebruik in die Semitiese sin van ‘heeltemal’, wat vreesaanjaende beskrywings van God se toorn behels.

### OAV TEKS: 2:17-20

<sup>17</sup>MAAR nadat ons, broeders, ’n kort tydjie van julle geskeie was—in persoon, nie met die hart nie—het ons met groot verlange ons des te meer beywer om julle aangesig te sien. <sup>18</sup>Daarom wou ons na julle toe kom, ek, Paulus, meer as een maal; maar die Satan het ons verhinder. <sup>19</sup>Want wie anders as julle is ons hoop of blydschap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms? <sup>20</sup>Want julle is ons eer en blydschap.

2:17 OAV	“nadat ons. . . ’n kort tydjie van julle geskeie was”
NAV	“toe ons maar nog ’n kort rukkie van julle geskei was”
NASB, NKJV	“having been taken away from you”
NRSV	“we were made orphans by being separated from you”
TEV	“we were separated from you”
NJB	“we had been separated from you”

Dit is ’n AORISTUS PASSIEWE DEELWOORD. Hoogs emosionele taal vul hierdie hele paragraaf. Dit dra Paulus se ouerskap-metafore van verse 7 en 11 voort. Dit is letterlik ‘verwees’ deur ’n eksterne agent.

Paulus se aanklaers het heel moontlik gesê of geïnsinueer dat sy vinnige uitrede en langtermyn afwesigheid wys dat hy nie regtig vir hulle omgee nie. Paulus ontken dit in 2:17-20 en 3:6.

■ **“met groot verlange”** Hierdie term word dikwels met ‘wellus’ vertaal, in sy pejoratiewe sin, maar selde word dit positief gebruik, soos in hierdie geval. Paulus se verlange om hulle te sien word grafies uitgebeeld in 3:10.

**2:18 “Daarom wou ons na julle toe kom”** Al Paulus se planne het nie uitgewerk nie (vgl. Rom. 1:13; 15:22).

■ **“Satan”** ’n Bose persoonlikheid is aktief in ons wêreld. Dit probeer God se planne en doeleindes dwarsboom deur middel van: (1) ’n gevalle wêreldsisstème, (2) die demoniese, en (3) gevalle mensdom (vgl. Ef. 2:2-3 en Jak. 4). Ons sien Satan in die OT in Job 1-2 en Sag. 3 as ’n dienaar van JHWH. Ten tye die NT is hy ’n vyand (vgl. Rom. 16:20; I Kor. 5:5,7; 7:5; II Kor. 2:11; 11:14; 12:7), maar steeds in God se beheer! Vir ’n goeie bespreking van die intensifikasie van boosheid in die Bybel, lees A. B. Davidson se *Old Testament Theology*, bl. 300-306.

### VIR SPESIALE AANDAG: BOSE PERSOONLIKHEID

Hierdie is ’n moeilike onderwerp om verskeie redes:

1. Die OT openbaar nie ’n aartsvyand teen die goeie nie, maar ’n dienskneg van JHWH wat die mensdom ’n alternatief bied en van onopregtheid beskuldig.
2. Die konsep van ’n persoonlike aartsvyand van God het gedurende die tussenstadium van nie-kanonieke literatuur onder invloed van Persiese godsdiens (*Zoroastrianisme*) ontwikkel. Dit het ook die Judaïsme van die rabbyne beïnvloed.
3. Die NT ontwikkel OT temas in verbasend duidelike, dog selektiewe, kategorieë.

’n Studie van die bose benader vanuit die perspektief van Bybelse teologie (waar elke boek, skrywer of genre afsonderlik omlin en bestudeer word), ontbloomt erg uiteenlopende sieninge oor boosheid.

Indien die studie van die bose egter vanuit ’n nie-Bybelse of ekstra-Bybelse perspektief van ander wêreldgelowe of Oosterse gelowe benader word, blyk dit dat die meeste van die ontwikkeling in die NT deur Persiese dualisme en Grieks-Romeinse spiritualiteit voorafgegaan is.

As ’n mens dan tot die voorveronderstelling verbind is dat die Skrif met goddelike gesag spreek, kan ’n mens nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat voortgaande, progressiewe openbaring in die NT aan die orde is nie. Christene moet op hul hoede wees vir die gevaar dat Joodse oorleweringe of Westerse literatuur (bv. Dante of Milton) inhoud opdring aan die Bybelse konsep. Daar is sekerlik geheimenis en dubbelsinnigheid in hierdie faset van openbaring. God het verkies om nie alle aspekte van die bose te openbaar nie, byvoorbeeld die ontstaan daarvan of die doel daarvan. Wat Hy wel openbaar is die onderwerping daarvan.

In die OT term ‘Satan’ of aanklaer, skyn daar drie verskillende groepe betrokke te wees:

1. mense as aanklaers (I Sam. 29:4; II Sam. 19:22; I Kon. 11:14,23,25; Ps. 109:6)
2. engele as aanklaers (Num. 22:22-23; Sag. 3:1)
3. demone as aanklaers (I Kron. 21:1; I Kon. 22:21; Sag. 13:2)



Eers later, gedurende die tussen-testament tydperk, het nie-kanonieke (apokriewe) geskrifte ontstaan waarin die slang met Satan verbind word (die Boek van Wysheid 2:23-24; 2 Henog 31:3). Eers baie later het die rabbyne dié gedagte oorgeneem (vgl. *Sot* 9b en *Sanh.* 29a). In I Henog 54:6 word die “seuns van God” van Gen. 6 “engele” wat seksueel omgaan met die dogters van mense. Ek opper dit nie as juiste teologie nie, maar bloot om die ontwikkeling te illustreer. In die NT word sulke OT aktiwiteite aan engelagtige wesens toegeskryf, dit wil sê gepersonifieerde boosheid, en siedaar: Satan (vgl. II Kor. 11:3; Openb. 12:9)!

Die ontstaan van gepersonifieerde boosheid is moeilik, of onmoontlik (afhangende van u siening van sake) om aan te dui in die OT. Een rede hiervoor is die streng monoteïsme wat in die OT aangehang word (vgl. I Kon. 22:20-22; Pred. 7:14; Jes. 45:7; Amos 3:6). Alle oorsaaklikheid (inisiatief) word aan JHWH self toegeskryf, want vir Hom gaan dit om die betoning van sy uniekheid en van sy opperheerskappy (vgl. Jes. 43:11; 44:6, 8, 24; 45:5-6, 14, 18, 21, 22).

Bronne van moontlike inligting fokus op (1) Job 1-2 waar Satan een van die ‘seuns van God’ (d.w.s. ‘n engel) is; of (2) Jes. 14; Eseg. 28 waar die hooghartige nabye-Oosterse konings van Tirus en Sidon as voorbeelde van Satan se hooghartigheid gebruik word (vgl. I Tim. 3:6). Ek het gemengde gevoelens oor hierdie benadering. Esegieël gebruik tuin van Eden-metafore nie net om die koning van Tirus met Satan te assosieer nie (Eseg. 28:12-16), maar ook om die koning van Egipte as die boom van kennis van goed en kwaad voor te stel (Eseg. 31). In elk geval, Jes. 14, spesifiek verse 12-14, beskryf skynbaar ‘n opstand van hooghartige engele. As God aan ons die karakter en ontstaan van Satan wou openbaar, sou hierdie ‘n baie indirekte manier en plek daarvoor wees. Ons moet waak teen die neiging van sistematiese teologie om klein, dubbelsinnige deeltjies van die twee verskillende Testamente, van verskillende skrywers, boeke en verskillende genres bymekaar te voeg asof ons met ‘n heilige legkaart te doen het.

Alfred Edersheim (*The Life and Times of Jesus the Messiah*, vol. 2, bylae XIII, bl. 748-763 en XVI bl. 70-776) is van mening dat die Rabbyne Judaïsme oormatig deur Persiese dualisme en demoniese spekulاسie beïnvloed is. Die rabbyne is nie ‘n goeie bron vir die soeke na waarheid op dié gebied nie. Jesus het radikaal afgewyk van die leringe in die sinagoges. Ek is van mening dat die rabbyne se idee van die tussenkoms en bemiddeling van engele met die ontvangs van die wet deur Moses, én die gepaardgaande verset, die deur geopen het vir die idee van ‘n aartsvyand-engel teenoor JHWH en die mensdom. Die twee hoogste gode van die Iranse (Zoroastriese) dualisme, *Akhi-man* en *Ormaza*, oftewel ‘goed’ en ‘sleg’, het gelei tot ‘n beperkte dualisme tussen JHWH en Satan in Judaïsme.

Daar is bepaald voortgaande openbaring in die NT wat die ontwikkeling van boosheid betref, maar nie so uitvoerig as wat die rabbyne te kenne wou gee nie. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die ‘oorlog in die hemel’. Die val van Satan is ‘n logistieke noodsaaklikheid, maar geen besonderhede word verskaf nie. Selfs dit wat wel geopenbaar is word in ‘n apokaliptiese genre verpak (vgl. Openb. 12:4,7,12-13). Selfs al is Satan verslaan en na die aarde verban, funksioneer hy steeds as ‘n dienskneg van JHWH (vgl. Mat. 4:1; Luk. 22:31-32; I Kor. 5:5; I Tim. 1:20).

Ons moet ons nuuskierigheid op dié gebied betuel. Daar is ‘n persoonlike mag van verleiding en kwaad, maar daar is net een God en die mensheid bly verantwoordelik vir sy/haar keuses. Daar is geestelike oorlogvoering voor én ná bekering. Oorwinning word behaal en behou in en deur die Drie-enige God. Boosheid is verslaan en sal verwyder word!

■ **“verhinder”** Dit is ‘n militêre term wat gebruik word vir die verwoesting van paaie en brûe in die aangesig van vyandige nadering. Daar is werklik ‘n geestelike konflik (vgl. Ef. 4:14; 6:10-18).

Dit is ook moontlik dat ‘n fisiese ongesteldheid die probleem was en nie Satan nie (vgl. II Kor. 12). Paulus sien sy lewe in geestelike sowel as fisiese kategorieë.

**2:19** Die teken van egtheid in Paulus se apostelskap was die sukses van sy bediening onder die heidene (vgl. vers 20).

■ **“hoop”** Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 5:5.

■ **OAV** “Want wie anders as julle”  
**NAV** “Wie anders tog as julle”  
**NASB** “Is it not even you”  
**NKJV** “Is it not even you”  
**NRSV** “Is it not you”  
**TEV** “It is you—you, no less than others”  
**NJB** “You are”

Die probleem met hierdie frase is hoe dit verband hou met Paulus se deernis en liefde vir die Tessalonisense kerk in vergelyking met ander heidenkerke. Was hulle spesiaal op die een of ander manier? TEV se vertaling van “you, no less than others” dra moontlik die idee oor.

In hierdie sin was die Tessalonisense gelowiges kragtige getuies van Paulus se effektiewe werk as ‘n apostel onder die heidene. As Paulus Jesus nageboots het, het hulle Paulus nageboots, wat uiterlike bewys is van hulle nuwe hart en gees (die nuwe verbond).

■ **“by sy wederkoms?”** *Parousia* beteken letterlik ‘teenwoordigheid’ en deur metaforiese uitbreiding, beteken dit ‘komend’. Dit is die eerste gebruik van hierdie term in die NT (vgl. 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; II Tess. 2:1,8-9; I Kor. 15:23). Dit is gebruik in sekulêre literatuur van die eerste eeu vir ‘n koninklike besoek. Dit het later ‘n tegniese betekenis gekry in die kerk vir die wederkoms. Hierdie koms van Jesus is die teologiese fokus van I & II Tessalonisense. Elke hoofstuk van I

Tessalonisense eindig op heirdie noot (vgl. 1:10; 2:19; 3:13; 4:13-18; 5:23). Sien Vir Spesiale Aandag: NT-terme vir Christus se wederkoms by 3:13.

## **VIR SPESIALE AANDAG: DIE VERSKYNING VAN JESUS ENIGE OOMBLIK VERSUS NOG NIE (NT-PARADOKS)**

- A. In die NT se eskatologiese dele word profetiese insigte van die OT aangetref in gebeure en taal van die OT.
- B. Mat. 24, Mark. 13 en Luk. 21 is besonder moeilik om uit te lê omdat hulle verskeie vrae tegelyk hanteer:
  - 1. wanneer sal die tempel verwoes word
  - 2. wat sal die teken van die Messias se wederkoms wees
  - 3. wanneer sal hierdie era eindig (vgl. Mat. 24:3)?
- C. Die eskatologiese gedeeltes van die NT is 'n stylsoort (genre) wat gewoonlik apokaliptiese en profetiese stowwe kombineer en doelbewus dubbelsinnig en hoogs simbolies aangebied word.
- D. Etlke gedeeltes in die NT (vgl. Mat 24; Mark. 13; Luk. 17; I en II Tess. en Openb.) handel oor die wederkoms. Hierdie gedeeltes beklemtoon:
  - 1. die presiese tyd van die gebeurtenis is onbekend, maar die gebeurtenis is seker;
  - 2. ons kan 'n algemene indruk hê van die tyd daarvan, maar sonder om spesifiek te weet;
  - 3. dit sal skielik en onverwags; en
  - 4. ons moet biddend, gereed en getrou wees in ons toegeskrewe opdragte.
- E. Daar is 'n teologiese spanning tussen (1) sy terugkeer enige oomblik (vgl. Luk. 12:40,46; 21:36; Mat. 24:27,44) en (2) die feit dat sommige geskiedkundige gebeure eers moet plaasvind.
- F. Die NT stel dat sekere gebeure eers sal plaasvind voor die wederkoms:
  - 1. Die evangelie aan die hele wêreld verkondig, Mat. 24:14; Mark. 13:10;
  - 2. Die groot geloofsversaking, Mat. 24:10-13,21; I Tim. 4:1; II Tim. 3:1 e.v.; II Tess. 2:3;
  - 3. Die openbaring van die "mens van sonde", Dan. 7:23-26; 9:24-27; II Tess. 2:3;
  - 4. Die verwydering van wat/wie verhinder, II Tess. 2:6-7;
  - 5. Joodse herlewing, Sag. 12:10; Rom. 11.
- G. Lukas 17:26-37 het nie 'n parallel in Markus nie. Lukas stem egter gedeeltelik ooreen met Mat. 24:37-44.

<b>2:20 OAV</b>	<b>"ons eer"</b>
<b>NAV</b>	<b>"ons trots"</b>
<b>NASB, NKJV, NRSV</b>	<b>"our glory"</b>
<b>TEV, NJB</b>	<b>"our pride"</b>

Dit is die gebruik van die term 'glorie' as 'trots'. Dit hou nie verband met die teologiese 'glorie' gebruik om God te beskryf nie (vgl. vers 12).

## **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is 'n studiegids kommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wie was besig om Paulus aan te val en hoekom?
2. Hoekom het Paulus so heftig geweier om vergoeding vir sy bediening te aanvaar?
3. Hoekom bring Paulus die onderwerp van Joodse teenstand tot die evangelie op?
4. Wat beteken vers 16 vir die Joodse nasie met betrekking tot God se doeleindes?
5. Hoekom is verse 17-20 so emosioneel?

# I TESSALONISENSE 3

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>4</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Paul's Desire to Visit the Church Again (2:17-3:13) 3:1-5	Concern for Their Faith  3:1-5	Paul's Affection for the Thessalonians (2:17-3:13) 3:1-5	Paul's Desire to Visit Them Again (2:17-3:13) 3:1-5	Timothy's Mission to Thessalonika  3:1-5	Paulus se begeerte om weer die gemeente te besoek (2:17-3:13) 3:1-4 3:5
3:6-10	Encouraged by Timothy 3:6-10 Prayer for the Church 3:11-13	3:6-10 3:11-13	3:6-10 3:11-13	Paul Thanks God for Good Reports of the Thessalonians 3:6-10 3:11-13	3:6-10 3:11-13

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studie*gids*kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### KORT RAAMWERK VAN HOOFSTUK 3

- A. Paulus stuur angstig vir Timoteus na hulle toe, 3:1-5
- B. Timoteus keer terug met goeie nuus, 3:6-10
- C. Paulus se gebed vir die Tessalonisense kerk, 3:11-13

### WOORD- EN FRASESTUDIE

#### **OAV TEKS: 3:1-10**

<sup>1</sup>DAAROM, toe ons dit nie langer kon uithou nie, het ons besluit om in Athéne alleen agter te bly; <sup>2</sup>en ons het Timótheüs, ons broeder en dienaar van God en ons medewerker in die evangelie van Christus, gestuur om hulle te versterk en julle te bemoedig in julle geloof, <sup>3</sup>sodat niemand verontrus mag word onder hierdie verdrukkinge nie; want julle weet self dat ons hiervoor bestemd is. <sup>4</sup>Want ook toe ons by julle was, het ons julle vooruit gesê dat ons verdruk sou word, soos dit ook gebeur het en soos julle weet. <sup>5</sup>Daarom, toe ek dit nie langer kon uithou nie, het ek ook gestuur om julle geloof te weet te kom, of die versoeker julle nie miskien versoek het en ons arbeid tevergeefs sou wees nie. <sup>6</sup>Maar nou dat Timótheüs net van julle af by ons aangekom het en ons die goeie tyding van julle geloof en liefde gebring het, en dat julle altyd 'n goeie herinnering aan ons behou en verlang om ons te sien, net soos ons ook vir julle—<sup>7</sup>daarom, broeders, is ons in al ons verdrukking en nood vertroos oor julle deur jul geloof. <sup>8</sup>Want nou leef ons, as julle vasstaan in die Here. <sup>9</sup>Want watter dank kan ons God vergelde oor julle vir al die blydskap waarmee ons om julle ontwil ons verbly voor onse God, <sup>10</sup>terwyl ons nag en dag baie ernstig bid om julle aangesig te sien en te voltooi wat aan julle geloof ontbreek?

**3:1 “toe ons dit nie langer kon uthou nie”** Paulus was bekommerd oor die kerk, omdat (1) dit in vervolging gebore is (vgl. 2:17-20) en (2) hy so vinnig moes gaan. Sy pastoorshart wou hom geen rus toelaat nie (vgl. vers 5).

▣ **“agter te bly”** Hierdie TEENWOORDIGE AKTIEWE DEELWOORD is gebruik van (1) ’n kind wat sy ouers verlaat, Ef. 5:31 (moontlik nog ’n ouerlike metafoor soos 2:7,11,17) of (2) die dood van jou eggenoot (vgl. Mark. 12:19). Paulus het hierdie kerk diep liefgehad.

▣ **“in Athene alleen”** Paulus se besoek word in Han. 17:15-34 opgeteken. Dit was die intellektueel kern van die Hellenistiese wêreld. Paulus het oogprobleme gehad (vergelyk II Kor. 12:7 met Gal. 4:15 en 6:11) en dit was vir hom baie moeilik om alleen te wees, veral in ’n onbekende omgewing soos Athene. Die term ‘alleen’ is MEERVOUDIG, maar die betekenis is onseker. Han. 18:5 impliseer dat Silas en Timoteus uitgestuur is. Hierdie vers is moontlik ’n voorbeeld van Paulus se gebruik van ‘ons’ as ’n redaksionele MEERVOUD terwyl hy slegs na homself verwys.

**3:2** OAV “dienaar van God en ons medewerker in die evangelie van Christus”  
NAV “medewerker in diens van God, wat saam met ons die evangelie van Christus verkondig”  
NASB “God’s fellow worker in the gospel of Christ”  
NKJV “minister of God, and our fellow laborer in the gospel of Christ”  
NRSV “co-worker for God in proclaiming the gospel of Christ”  
TEV “who works with us for God in preaching the Good News about Christ”  
NJB “who is God’s helper in spreading the Good News of Christ”

Hierdie frase verwys na Timoteus. Die Griekse manuskripte verskil: manuskrip B het ‘medewerker’ terwyl manuskrip N en A ‘prediker’ het. Dit verwys na die mindere arbeid van ’n slaaf. Die meeste moderne vertalings volg manuskrip B. ’n Skriba was moontlik geskok dat Paulus Timoteus ‘God se medewerker’ noem.

Hierdie vers funksioneer as ’n aanbevelingsbrief vir Timoteus (vgl. Han. 18:27; Rom. 16:1; II Kor. 8:18-24; II Joh. 9,10).

▣ **“om julle te versterk en julle te bemoedig”** Paulus was bekommerd oor die nuwe kerk onder vervolging (vgl. 1:6; 2:14; 3:3).

**3:3 “sodat niemand verontrus mag word onder hierdie verdrukkinge nie”** Dit is die enigste gebruik van die term ‘verontrus’ in die NT. Dit het oorspronklik verwys na ’n hond wat sy stert waai. In klassieke Grieks (Homerus) is dit gebruik in die sin van ‘vlei’. Dit skakel moontlik met 2:1 of 3:5. Ware geloof volhard (vgl. Mat. 13:1-23; Gal. 6:9; Openb. 2:2-3,7,11,17,19,26; 3:5,8,10,11,12,21). Sien Vir Spesiale Aandag: Die Noodsaaklikheid om te Volhard by Gal. 3:4.

▣ **“ons hiervoor bestem is”** Dit is ’n TEENWOORDIGE PASSIEWE [deponent] INDIKATIEF. Die PASSIEWE STEM impliseer dat God die aktiewe agent is. Dit is nie ’n verwysing na die pagaanse idee van ’n onpersoonlike lot of die Islamiese idee van determinisme nie. Lyding is die norm vir gelowiges in ’n gevalle wêreld (vgl. vers 4; Mat. 5:10-12; Joh. 15:18,20; 16:33; Han. 14:22; Rom. 8:17; II Kor. 4:7-11; 11:23-27; II Tim. 3:12; I Pet. 2:21; 4:12-16). Lyding is ’n middel tot geestelike volwassenheid (vgl. Heb. 5:8).

#### **VIR SPESIALE AANDAG: WAAROM LY CHRISTENE?**

1. Weliswaar ook oor persoonlike sonde (tydelike oordeel), hoewel nie alle probleme en negatiewe omstandighede die gevolg van sonde is nie (vgl. Job, Ps. 73, Luk. 14:1-5; Neh. 9; Han. 5:1-11; I Kor. 11:29-30; Gal. 6:7).
2. Om tot Christus-gelykvormigheid te ontwikkel (vgl. Heb. 5:8). Na die mens gesproke moes ook Jesus so tot ryphed kom. Dieselfde geld vir sy volgelinge (vgl. Rom. 5:3-4; 8:28-29; II Kor. 12:7-10; Heb. 12:5-12; Jak. 1:2-4; I Pet. 1:7).
3. Om ’n kragtige en effekiewe getuienis te ontwikkel (vgl. Mat. 5:10-12; Joh. 15:18-22; I Pet. 2:18-21; 3:13-17).
4. As teken van die geboortepyne van die toekomsbedeling (vgl. Mat. 24:6; Mark. 13:8).

**3:4 “het ons julle vooruit gesê”** Dit is ’n IMPERFEKTUM TYDVORM wat herhaalde aksie in die verlede beteken. Paulus moes hulle ’n aantal kere gewaarsku het oor die vervolging en lyding wat met die evangelie gepaard gaan. Hy het dit geweet van Jesus se lering en uit persoonlike ervaring. Nou weet hulle dit ook uit ervaring.

▣ OAV “dat ons verdruk sou word”  
NAV “dat ons vervolgd sou word”  
NASB “we were going to suffer afflictions”  
NKJV “we would suffer tribulation”  
NRSV “we were to suffer persecutions”  
TEV “that we were going to be persecuted”  
NJB “we must expect to have persecutions to bear”

Dit is 'n TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF met 'n TEENWOORDIGE PASSIEWE INFINITIEF. Die Williams-vertaling se voetnoot sê: "'n prent van 'n gelaai wa vergruis onder sy swaar lading."

**3:5 "julle geloof"** Dit word moontlik gebruik in die OT-sin van 'getrouheid'. Was hulle getrou aan hulle geloofsbelydenis? Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 3:6.

■ **"of die versoeker julle nie miskien versoek het"** 'n Bose persoonlikheid (*ho peirazōn*) is aktief in ons wêreld en in ons lewens (vgl. 2:18). Die Griekse woord vertaal as 'versoek' (*peirazō*) dui op versoeking 'met die doel om te verwoes' waarvan die teenoorgestelde 'aanvaar' (*dokimazō*) is in 2:4. Sien Vir Spesiale Aandag: Bose Persoonlikheid by 2:18.

## VIR SPESIALE AANDAG: 'BEPROEWING' - GRIEKSE TERME EN KONNOTASIES

Vir die gedagte om iemand te toets met die oog op 'n bepaalde doel, is daar twee woorde in Grieks:

### 1. *Dokimazō, dokimion, dokimasia*

Dit is 'n metallurgiese term wat gebruik word wanneer die egtheid van 'n stof deur vuur getoets word (metafories – iemand). Vuur ontbloot die ware metaal deur metaalslak af te brand. Hierdie fisiese proses het 'n kragtige idioom geword om te beskryf hoe God en mense ander beproef. Die woord "beproof" word altyd in 'n positiewe sin gebruik met 'n verwagte goeie afloop.

In die NT word dit gebruik vir die toets van:

- osse (Luk. 14:19);
- selfondersoek (I Kor. 11:28);
- eie geloof (Jak. 1:3); en
- selfs God (Heb. 3:9).

Die resultaat van hierdie toetsing word aanvaar as positief (vgl. Rom. 1:28; 14:22; 16:10; II Kor. 10:18; 13:3; Fil. 2:27; I Pet. 1:7). Die basiese idee is dat iemand ondersoek is en gevolglik:

- verdienstelik;
- goed;
- opreg;
- waardevol; en
- geëerd bevind is.

### 2. *Peirazō, peirasmos*

Hierdie term hou verband met 'n ondersoek met die doel om fout te vind of af te keur. Dit word dikwels gebruik met betrekking tot Jesus se versoeking in die woestyn

- Dit spreek van die poging om Jesus in 'n strik te lok (vgl. Mat. 4:1; 16:1; 19:3; 22:18,35; Mark. 1:13; Luk. 4:2; 10:25; Heb. 2:18).
- Peirazō* word gebruik as 'n titel vir Satan (vgl. Mat. 4:3; I Tess. 3:5).
- In saamgestelde vorm, *ekpeirazō*, word dit deur Jesus gebruik om nie vir God te toets nie (vgl. Mat. 4:7; Luk. 4:12). Die woord gee ook te kenne dat 'n mislukte poging aangewend is (vgl. Han. 9:20; 20:21; Heb. 11:29).
- Dit word ook gebruik in verband met die versoeking en beproewing van gelowiges (vgl. I Kor. 7:5; 10:9,13; Gal. 6:1; I Tess. 3:5; Heb. 2:18; Jak. 1:2,13,14; I Pet. 4:12; II Pet. 2:9).

■ **"ons arbeid tevergeefs sou wees nie"** Hierdie gebruik van MODUSSE is belangrik hier; die INDIKATIEF wat die MODUS van realiteit is word gebruik van Satan, maar die SUBJUNKTIEF wat die MODUS van tydigheid is, word gebruik van Paulus se arbeid. Dit hou moontlik verband met 2:1. Die vraag is: "Hou 'tevergeefs' verband met hulle persoonlike bekering of die daarstelling van 'n sigbaar-funksionerende kerk in Tessalonika?" Ek dink die tweede opsie is kontekstueel die beste, hoewel Paulus waarskynlik nie 'n onderskeid sou tref nie.

Paulus gebruik die konsep van 'tevergeefs' of 'vrugtelos' dikwels en inkorporeer drie verskillende woorde.

- elkē* – Rom. 13:4; I Kor. 15:2; Gal. 3:4; 4:11; Kol. 2:18
- kenos* – I Kor. 15:10,14,58; II Kor. 6:1; Gal. 2:2; Ef. 5:6; Fil. 2:16; Kol. 2:8; I Tess. 2:1; 3:3 (WERKWOORD in II Kor. 9:3)
- matalos* – I Kor. 3:20; 15:17; Titus 3:9 (WERKWOORD in Rom. 2:21)

Paulus het geweet die krag van die evangelie was van heilige aktiwiteit, maar hy het ook geweet die besluite van mense affekteer die effektiwiteit van die uitkoms!

**3:6 OAV "goeie tyding"**  
**NAV "goeie nuus"**  
**NASB "good news"**

Dit is die enigste gebruik van hierdie Griekse term in die NT waar dit nie verwys na die evangelie van Christus nie. Die boodskap oor die getroue toestand van hierdie kerk was 'evangelie', 'goeie nuus' vir Paulus.

■ **"van julle geloof en liefde"** Hierdie frase kan verskeie betekenis hê (vgl. 1:3). Dit verwys óf na: (1) ortodokse doktrine en liefdevolle sorgsaamheid teenoor mekaar óf (2) getrouheid en liefde teenoor God.

▣ “’n goeie herinnering aan ons behou en verlang om ons te sien, net soos ons ook vir julle—” Dit toon dat nóg die vervolging nóg die valse leraars die kerk teenoor Paulus verbitter het.

**3:7 “in al ons verdrukking en nood”** Paulus se probleme in Korinte word gelys in I Kor. 4:9-13; II Kor. 4:7-12; 6:4-10 en 11:23-28. O, hoeveel kos dit nie om ’n dienaar van Christus te wees nie!!

▣ “**vertroos oor julle**” Paulus gebruik hierdie saamgestelde woord (‘met’ en ‘roep’) dikwels. Dit het verskeie betekenisse:

1. om aan te moedig (vgl. 2:3,11; 4:1; 5:14; II Tess. 3:12)
2. om te bemoedig (vgl. 2:11; 3:2; 4:18; 5:11; II Tess. 2:17)
3. die NAAMWOORD-vorm (*paracletos*) word gebruik van sowel die helpende bediening van die Gees (vgl. Joh. 14:16, 26; 15:26; 16:7) as die Seun (vgl. I Joh. 2:1)

**3:8 OAV “Want nou leef ons”**  
**NAV “leef ons nou weer werklik”**  
**NASB “for now we really live”**

Paulus gebruik metaforiese taal om sy verligting uit te druk oor die goeie nuus van die kerk.

▣ “**as julle vasstaan in die Here**” Dit is ’n Griekse VOORWAARDELIKE SIN wat EERSTE KLAS- en DERDE KLAS-voorwaardes kombineer en daardeur ’n kontingensie aan Paulus se stelling heg. Hy veronderstel dat hulle sou vasstaan, maar dit moes hy nog sien (vgl. 2:1 en 3:5).

‘Vasstaan’ hou verband met ons posisie in Christus. Die Bybel stel ons verlossing as ’n spanningsvolle paring van waarhede: (1) dit is gratis, dit is in Christus, maar (2) dit is duur, dit is progressief, dit word gesien in ons lewenstyl-keuses (Matteus 7; Jakobus, I Johannes). Albei is waar. Hierdie vers beklemtoon die eerste waarheid (vgl. Rom. 5:2; I Kor. 15:1 en Ef. 6:11,13).

**3:9-10** Dit is ’n retoriese vraag wat lei tot ’n gebed, verse 11-13, en die eerste helfte van Paulus se brief afsluit.

**3:10 “nag en dag”** Dit is die Joodse tydorde (sien aantekeninge by 2:9). Dit reflekteer Paulus se konstante en volgehoue gebedslewe (vgl. 1:2; 2:12; II Tim. 1:3).

▣ **OAV “baie ernstig bid”**  
**NAV “bid ons met ons hele hart”**  
**NASB “keep praying most earnestly”**  
**NKJV “praying exceedingly”**  
**NRSV “we pray most earnestly”**  
**TEV “we ask him with all our heart”**  
**NJB “We are earnestly praying”**

Die BYWOORD “baie ernstig” is ’n drieledige verbinding (*huper + ek + perissou*) en ’n sterk emosionele term (vgl. Ef. 3:20; I Tess. 3:10; 5:13). Paulus was bekommerd oor en het gebed vir hierdie nuwe kerke (vgl. II Kor. 11:28). Sien Vir Spesiale Aandag: Paulus se Gebruik van *Huper*-verbindinge by Gal. 1:13.

▣ **OAV “en te voltooi wat aan julle geloof ontbreek”**  
**NAV “en om aan te vul wat nog aan julle geloof ontbreek”**  
**NASB “may complete what is lacking in your faith”**  
**NKJV “perfect what is lacking in your faith”**  
**NRSV “restore whatever is lacking in your faith”**  
**TEV “supply what is needed in your faith”**  
**NJB “make up any shortcomings in your faith”**

Hulle het goed gedoen, maar hulle was nog nie volwasse in hulle begrip nie, soos die misverstand oor die wederkoms toon. Dit is die gebruik van geloof (1) as doktrine (vgl. 4:13-5:11) of (2) die herhaalde klem op lewenstyl, ‘wat ontbreek’ het moontlik ’n etiese aspek gehad (vgl. 4:1-12). Paulus gebruik die term ‘geloof’ (*pistis/pisteuō*) dikwels in hierdie briewe (vgl. 1:3,8; 3:2,5,6,7,10; 5:8; II Tess. 1:3,4,11; 3:2), maar veral in hierdie konteks. Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 3:6.

### **OAV TEKS: 3:11-13**

**<sup>11</sup>Maar mag onse God en Vader self en onse Here Jesus Christus ons weg na julle toe rig; <sup>12</sup>en mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal, soos ons ook teenoor julle is, <sup>13</sup>sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al sy heiliges.**

**3:11-13** Hierdie is een sin in Grieks. Die gebed bevat drie seldsame OPTATIEWE VERBALE VORME: ‘rig’ (vers 11), ‘ryk’ (vers 12) en ‘oorvloedig’ (vers 12). Die OPTATIEWE MODUS is die MODUS van moontlikheid gebruik in gebede.

**3:11 “mag. . .rig”** Dit is ’n seldsame AORISTUS AKTIEWE ENKELVOUDIGE OPTATIEWE WERKWOORD, gebruik in verskeie gebede in die NT (vgl. 5:23; II Tess. 2:16; 3:5,16 en in Rom. 15:5-6,13). Let daarop dat die werkwoord ENKELVOUDIG is, hoewel dit verwys na beide God, die Vader en Jesus Christus. Dit was ’n manier vir die NT-skrywers om die godheid van Jesus van Nasaret uit te druk (vgl. 1:1; II Tess. 2:16).

Nog ’n teologiese punt is dat, nes Satan Paulus daarvan weerhou het om na hulle te gaan, opgeteken in 2:18, het God die Vader en Seun gevra om vir hom ’n weg te ruim (reguit of glad: vgl. Luk. 1:79) om hulle te besoek!

▣ **“Vader”** Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 1:1.

**3:12-13** Paulus bid vir homself in vers 11, maar nou rig hy sy petisie op die Tessalonisense kerk. Hy bid vir hulle liefde vir mekaar en vir alle mense (vgl. Ef. 6:18). Hy bid ook vir die gelowiges se heiligheid (vgl. vers 13; Ef. 1:4). God se wil vir elke gelowige is Christusgelykvormigheid (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:19).

▣ **“oorvloedig”** Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

### **VIR SPESIALE AANDAG: OORVLOEDIG (*PERISSEUŌ*)**

Paulus gebruik hierdie term dikwels:

1. Die waarheid van God oorvloediger tot sy verheerliking, Rom. 3:7
2. Vir baie oorvloedig, die gawe van genade deur Christus, Rom. 5:15
3. Gelowiges oorvloedig in hoop, Rom. 15:13
4. Sekere voedsels is nie ’n aanbeveling by God nie, hetsy in oorvloed of min daarvan, I Kor. 8:8
5. Gelowiges oorvloedig in opbou van die kerk, I Kor. 14:2
6. Gelowiges oorvloedig in die werk van die Here, I Kor. 15:58
7. Gelowiges se oorvloedige aandeel in Christus se lyding en vertroosting, II Kor. 1:5
8. Die bediening wat regverdig maak, te meer oorvloedig in heerlijkheid, II Kor. 3:9
9. Gelowiges se danksegging oorvloedig tot verheerliking van God, II Kor. 4:15
10. Gelowiges se oorvloed van vreugde, II Kor. 8:2
11. Gelowiges oorvloedig in alles—geloof, woord, kennis, ywer—ook met gawes vir die kerk in Jerusalem, II Kor. 8:7
12. Alle genade oorvloedig vir gelowiges, II Kor. 9:8
13. Gelowiges oorvloedig in danksegging aan God, II Kor. 9:12
14. Die rykdom van sy genade oorvloedig aan gelowiges betoon, Ef. 1:8
15. Dat die liefde van gelowiges nog meer oorvloedig mag wees, Fil. 1:9
16. Vertroue in en roem oor Paulus oorvloedig in Christus, Fil. 1:26
17. Soms oorvloed van lewensmiddele, soms gebrek, Fil. 4:12, 18
18. Gewortel in geloof en oorvloedig in danksegging, Kol. 2:7
19. Gelowiges moet mekaar toenemend en oorvloedig liefhê, I Tes. 3:12
20. Gelowiges moet oorvloedig wees in ’n Godgewyde leefstyl, I Tes. 4:1
21. Oorvloedig in liefde vir medegelowiges, I Tes. 4:10

Paulus se besef oor die kwaliteit van die genade van God in Christus noop hom om gelowiges ook daartoe aan te spoor. Dit is nodig vir gelowiges om ook hierdie buitensporige styl van genade en liefde in hulle lewens te handhaaf.

▣ **“vir almal”** God se liefde is so breed soos die wêreld (vgl. Joh. 1:29; 3:16; I Tim. 2:4; II Pet. 3:9); so ook moet ons wat Hom ken s’n wees.

**3:13 “harte”** Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 4:6.

- |   |                  |  |
|---|------------------|--|
| ▣ | <b>OAV</b>       | <b>“onberispelik te wees in heiligheid”</b>    |
|   | <b>NAV</b>       | <b>“onberispelik en heilig”</b>                |
|   | <b>NASB</b>      | <b>“without blame in holiness”</b>             |
|   | <b>NKJV</b>      | <b>“blameless in holiness”</b>                 |
|   | <b>NRSV, NJB</b> | <b>“in holiness that you may be blameless”</b> |
|   | <b>TEV</b>       | <b>“perfect and holy”</b>                      |

Heiligheid is sowel ’n gawe as ’n opdrag (INDIKATIEF en IMPERATIEF). Dit is kenmerkend van iemand bo verdenking, teen wie geen aantuigings gebring kan word nie (vgl. Ef. 5:27). Dit laat Satan met geen basis vir kritiek nie (vgl. Rom. 8:31,32,33). God se wil vir elke gelowige is Christelike heiligheid (vgl. 4:3; Rom. 8:28-29; Gal. 4:19; Ef. 1:4). Sien aantekening by II Tess. 4:3. Sien Vir Spesiale Aandag: Blaamloos by 2:10. Sien Vir Spesiale Aandag: Heiligmaking by 4:3.

▣ **“by die wederkoms van onse Here Jesus”** Dit toon Paulus se aangaande kommer oor eindtyd-gebeure (vgl. 2:19; 4:15-17; ook II Tessalonisense 2).

Die spesifieke verhouding tussen die gebeure van die wederkoms, die opstanding (vgl. I Tess. 4:13-18), die regstoel van Christus (vgl. II Kor. 5:10), en die wit regstroon (vgl. Mat. 25 en Openb. 20) is onseker. Paulus was net 'n sistematiese teoloog. Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

## VIR SPESIALE AANDAG: NT-TERME VIR CHRISTUS SE TERUGKOMS

Die eskatologiese klem op 'n spesiale komende dag wanneer mense vir Jesus sal ontmoet (as Verlosser en Regter) word op verskeie manier aangedui in Paulus se geskrifte:

1. “die dag van onse Here Jesus Christus” (vgl. I Kor. 1:8)
2. “die dag van die Here” (vgl. I Kor. 5:5; I Tess. 5:2; II Tess. 2:2)
3. “die dag van die Here Jesus” (vgl. I Kor. 5:5; II Kor. 1:14)
4. “die dag van Jesus Christus” (vgl. Fil. 1:6)
5. “die dag van Christus” (vgl. Fil. 1:10; 2:16)
6. “sy dag (Seun van die mens)” (vgl. Luk. 17:24)
7. “die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word” (vgl. Luk. 17:30)
8. “die openbaring van onse Here Jesus Christus” (vgl. I Kor. 1:7)
9. “die openbaring van die Here Jesus uit die hemel” (vgl. II Tess. 1:7)
10. “in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms” (vgl. I Tess. 2:19)

Daar is ten minste vier maniere waarop die NT-skrywers verwys na die wederkoms van Jesus:

1. *epiphaneia*, wat verwys na 'n verbysterende helderheid wat teologies (hoewel nie epistimologies nie) verwys na die ‘heerlikheid’. In II Tim. 1:10; Tit. 2:11 en 3:4 verwys dit na Jesus se eerste koms (d.w.s. die inkarnasie) en sy wederkoms. Dit word gebruik in II Tess. 4:8, wat al drie hoofterme vir die wederkoms insluit: I Tim. 6:14; II Tim. 4:1,8; Tit. 2:13.
2. *parousia*, wat teenwoordigheid impliseer en oorspronklik verwys het na ‘n koninklike besoek. Dit is die breedste gebruik van die term (vgl. Mat. 24:3,27,37,39; I Kor. 15:23; I Tess. 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; II Tess. 2:1,8; Jak. 5:7,8; II Pet. 1:6; 3:4,12; I Joh. 2:28).
3. *apokalupsis* (of *apocalypsis*), wat 'n onthulling van die doel van openbaring beteken. Dit is die naam van die laaste boek in die NT (vgl. Luk. 17:30; I Kor. 1:7; II Tess. 1:7; I Pet. 1:7; 4:13).
4. *phaneroō*, wat beteken om te verlig of duidelik te onthul of te manifesteer. Die term word dikwels in die NT gebruik vir baie aspekte van God se openbaring. Dit, nes *epiphaneia*, kan verwys na Christus se eerste koms (vgl. I Pet. 1:20; I Jn. 1:2; 3:5,8; 4:9) en sy wederkoms (vgl. Mat. 24:30; Kol. 3:4; I Pet. 5:4; I Joh. 2:28; 3:2).
5. Die baie algemene term vir ‘komend’, *erchomai*, word ook soms gebruik vir Christus se wederkoms (vgl. Mat. 16:27-28; 23:39; 24:30; 25:31; Han. 1:10-11; I Kor. 11:26; Openb. 1:7,8).
6. Dit word ook gebruik van die frase ‘dag van die Here’ (vgl. I Tess. 5:2), wat 'n OT-titel vir God se dag van seëning (opstanding) en oordeel is.

Die NT as 'n geheel is geskryf binne die wêreldsiening van die OT, wat die volgende aanvoer:

- a. 'n huidige boosheid, rebelse era
- b. 'n komende nuwe era van geregtigheid
- c. 'n era aangebring deur die Gees se agentskap deur die werk van die Messias (gesalfde Een)

Die teologiese aanname van progressiewe openbaring is nodig omdat die NT-skrywers Israel se verwagtinge 'n bietjie aanpas. In plaas van 'n militêre, nasionalistiese (Israel) wat van die Messias kom, is daar twee komste. Die eerste koms is die inkarnasie van godheid in die verwekking en geboorte van Jesus van Nasaret. Hy het gekom as die nie-militaristiese, nie-wettiese ‘lydende kneg’ van Jes. 53; ook die nederige ruiter op die vul van 'n donkie (nie 'n oorlogspêrd of koninklike os nie) van Sag. 9:9. Die eerste koms het die nuwe Messiaanse era ingelei, die koninkryk van God op aarde. In een sin is die koninkryk hier, maar natuurlik, in 'n ander is dit steeds ver in die toekoms. Dit is hierdie spnning tussen die twee komste van die Messias wat, in 'n sin, die oorkruising van die twee ongesiene Joodse eras is, of ten minste onduidelik, van die OT. In realiteit beklemtoon hierdie tweeledige koms JHWH se verbintenisse tot die verlossing van die mensdom (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5 en die prediking van die profete, veral Jesaja en Jona).

Die kerk wag nie vir die vervulling van OT-profesie nie, want die meeste van die profesieë verwys na die eerste koms (vgl. *How to Read the Bible for All Its Worth*, bl. 165-166). Wat gelowiges wel verwag is die glorieryke koms van die opgestane Koning van konings en Here van here, die verwagte historiese vervulling van die nuwe era van geregtigheid op aarde soos dit in die hemel is (vgl. Mat. 6:10). Die OT-voorstellings was nie onjuis nie, maar onvolledig. Hy sal weer kom, nes die profete voorspel het, in die mag en gesag van JHWH.

Die wederkoms is nie 'n Bybelse term nie, maar die konsep is die wêreldsiening en die raamwerk van die hele NT. God sal dit alles regstel. Vertrouensvriendskap tussen God en die mens na sy beeld gemaak sal herstel word. Boosheid sal veroordeel en weggevat word. God se doel sal nie, kan nie, faal nie.

■ “**sy heiliges**” ‘Heiliges’ is of (1) engele wat Jesus sal vergesel (vgl. Deut. 33:2-3; Sag. 14:5; Mat. 16:27; 25:31; Mark. 8:38; II Tess. 1:7; Openb. 19:4); of (2) sy mense, heiliges (vgl. I Tess. 4:14-16). Paulus het nooit engele ‘heiliges’ genoem nie, wat moontlik die ontledingsprobleem oplos. Daar sal moontlik engele sowel as heiliges saam met Hom op die wolke uit die hemel terugkeer. Hierdie kerk was onseker of die dooie heiliges sou deelneem in die eindtyd-gebeure.

Heiliges is tot heiligheid geroep (vgl. 4:3) deur die heilige Een (vgl. I Pet. 1:15)! Die doel van Christenskap is ‘heiligheid’ nou (vgl. Ef. 1:4), nie hemel wanneer ons doodgaan nie!



## VIR SPESIALE AANDAG: HEILIGES

Dit is die Griekse weergawe van die Hebreeuse *kadash*, wat basies beteken dat iemand óf iets óf 'n plek vir JHWH se eksklusiewe gebruik opsy gesit het. Dit dui op die Engelse begrip van 'the sacred'. Vanweë JHWH se aard (ewig, nie-geskape Gees) en sy eienskap van volmaak-morele goedheid, is Hy van die mensdom ook afgeskei. Hy is die standaard waarvolgens alles anders gemeet en beoordeel word. Hy is die Heilige, die Gans Ander.

Vir vertrouensvriendskap (fellowship) het God mense geskape, maar as gevolg van die sondeval (Gen. 3) het 'n verhoudingsbreuk en morele skeidsmuur tussen 'n Heilige God en sondige mensheid ontstaan. God se keuse was om sy skepping met die eienskap van geskape bewussyn te herstel; dis hoekom Hy op sy volk beroep doen om "heilig" te wees (vgl. Lev. 11:44; 19:2; 20:7, 26; 21:8). Deur 'n geloofsverhouding met JHWH word sy volk heilig danksy hulle verbondsverhouding met Hom; hulle word daarom ook geroep om heilig te lewe (vgl. Mat. 5:48).

Hierdie heilige lewe is moontlik omdat gelowiges ten volle aanvaar word en vergifnis ontvang deur Jesus se lewe en werk en deur die aanwesigheid van die Heilige Gees in hulle verstand en hart. Dit gee aanleiding tot 'n paradoksale situasie van

1. heilig wees danksy Christus se toegekende geregtigheid;
2. geroep om heilig te lewe deur die aanwesigheid van die Heilige Gees.
3. Gelowiges is 'heiliges' (*hagioi*) op grond van die teenwoordigheid van (1) die wil van die Heilige Een (die Vader); (2) die werk van die Heilige Seun (Jesus); en (3) die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Die NT verwys altyd na die heiliges in meervoud (behalwe Fil. 4:12, maar weereens maak die konteks dit MEERVOUD). Om gered te wees is om deel te wees van 'n familie, 'n liggaam, 'n gebou! Bybelse geloof begin met 'n persoonlike aanvaarding, maar verloop tot 'n liggaam van samesyn. Elkeen van ons het gawes ontvang waarmee die gesondheid, groei en welsyn van die liggaam van Christus – die kerk (vgl. I Kor. 12:7) – gedien kan word. Ons is gered om te dien! Die term 'heiligheid' is 'n kensketsing van 'geloofs familie' se karakter.

■ Sommige Griekse MSS voeg 'Amen' (d.w.s. MSS  $\aleph^{8,2}$ , A, D\*), maar ander baie vroeë weergawes laat dit uit (d.w.s. MSS  $\aleph^1$ , B, D<sup>2</sup>, F, G). Die UBS<sup>4</sup> is onseker oor die insluiting, maar Metzger dink dit is uitgelaat omdat oorskrywers gedink het 'Amen' in die middel van 'n brief is onvanpas.

Sien Vir Spesiale Aandag oor 'Amen' by Gal. 1:5.

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoekom was dit moeilik vir Paulus om alleen te wees?
2. Lys die verskillende betekenis van die term 'geloof'.
3. Is dit normaal vir gelowiges om te ly? Hoekom?
4. Is heiligmaking aanvanklik of progressief?
5. Verwys vers 5 na jou verlossing of jou vrugbaarheid? Hoe hou 2:1 en 3:5 verband met die gelykenis van die saaiër (vgl. Mat. 13:1-23)?

# I TESSALONISENSE 4

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>d</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
A Life Pleasing to God 4:1-8	Plea to Unity 4:1-8	Exhortations to the Purity 4:1-8	A Life that Praises God 4:1-8	Live in Holiness and Charity 4:1-2 4:3-8	'n Lewe volkome aan God toegewy 4:1-8
4:9-12	A Brotherly and Orderly Life 4:9-12	4:9-12	4:9-12	4:9-12	4:9-12
The Lord's Coming (4:13-5:11) 4:13-14 4:15-18	The Comfort of Christ's Coming 4:13-18	Questions Concerning the Coming of the Lord (4:13-5:11) 4:13-18	The Lord's Coming 4:13-14 4:15-18	The Dead and the Living at the Time of the Lord's Coming 4:13-18	Die opstanding uit die dood 4:13-14 4:15-17 4:18

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### UITGEBREIDE RAAMWERK VAN VERSE 1-12

- A. Inleidende opmerkings, 1-2
- B. Waarskuwings oor seksuele onsedelikheid, 3-8
  1. wees heilig, 3a
  2. weerhou van seksuele onsedelikheid, 3b
  3. wees seksueel selfgedissiplineerd, 4-5
  4. beoefen toepaslik seksualiteit deur nie jou verbondsbroer van sy seksuele regte te beroof nie
- C. Vermanings oor ander Christene, 9-12
  1. Christene moet mekaar liefhê, 9-10
  2. leef beter en beter, 10b
  3. leef rustige lewens, 11a
  4. bemoei julle met julle eie sake, 11b
  5. verrig jou eie arbeid, 11c
  6. sodat jy kan getuig vir die verlorenes, 12

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 4:1-8

<sup>1</sup>VERDER dan, broeders, vra en vermaan ons julle in die Here Jesus dat julle, soos julle van ons geleer het hoe julle moet wandel en God behaag, nog oorvloediger mag wees. <sup>2</sup>Want julle weet watter bevele ons julle deur die Here Jesus gegee het. <sup>3</sup>Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; <sup>4</sup>dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, <sup>5</sup>nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie; <sup>6</sup>dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het. <sup>7</sup>Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. <sup>8</sup>Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het.

**4:1 “Verder dan”** Dit is letterlik ‘vir die res’. Dit begin Paulus se praktiese afdeling. Die meeste van Paulus se briewe kan verdeel word in 'n doktrinale seksie en 'n praktiese seksie, hoewel dit moeilik is om te doen in I Tessalonisense. Paulus gebruik hierdie frase om die laaste hoofonderwerp in te lei, nie as 'n onmiddellike prelude tot 'n afsluiting nie (bv. II Kor. 13:11; Ef. 6:10; II Tess. 3:1).

☐ **“broeders”** Paulus gebruik dikwels hierdie term om 'n nuwe onderwerp in te lei (vgl. 1:4; 2:1,9,14,17; 3:7; 4:1,10,13; 5:1,4,12,14,25,26,27; II Tess. 1:3; 2:1,13,15; 3:1,6,13).

☐ **“vra en vermaan”** Paulus gebruik hierdie TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF om voortgaande aksie te beklemtoon en sy bevele te versag as 'n apostel (vgl. 4:2,11; II Tess. 3:4,6,10,12).

☐ **“soos julle van ons geleer het”** Dit is 'n AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF, wat dui op die tyd wat Paulus persoonlik by hulle was. Dit is die Griekse term vir ‘ontvang tradisionele opleiding van 'n ander’ (vgl. 2:13; I Kor. 15:1). Paulus het hulle nie net geleer hoe om gered te word nie (regverdigmaking), maar ook hoe om te lewe as verlore mense (heiligmaking).

☐ **“hoe julle moet wandel”** Dit is 'n TEENWOORDIGE INFINITIEF. ‘Wandel’ is 'n Bybelse metafoor vir lewenstylgeloof (vgl. 2:12; Ef. 2:10; 4:1,17; 5:2,15; Kol. 1:10; 2:6). Christenskap is oorspronklik ‘die weg’ genoem (vgl. Han. 9:2; 19:9,23; 22:4; 24:14,22; 18:25-26). Dit spreek van 'n gediensige lewenstylgeloof. Ons aanvanklike reaksie in aanvaarding en geloof moet gevolg word deur aangaande gehoorsaamheid en volharding. Ewige lewe het sigbare kenmerke! In Christus is elke dag heilig, spesiaal en gebruik vir aanbidding en bediening.

☐ **“en God behaag”** God se wil vir sy kinders is nie alleenlik hemel wanneer hulle doodgaan nie, maar Christelikheid nou (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:19; Ef. 1:4; 2:10; I Pet. 1:15).

- ☐ OAV [Uitgelaat]
- NAV “Julle doen dit ook”
- NASB “(just as you actually do walk)”
- NKJV [Uitgelaat]
- NRSV “(as, in fact, you are doing)”
- TEV “This is, of course, the way you have been living”
- NJB “as you are already living it”

'n Griekse manuskrippeleem word met hierdie frase verbind. Die frase is uitgelaat in die Griekse manuskripte D<sup>c</sup>, K, L en die Textus Receptus tekste. Dit kom wel in MSS  $\aleph$ , A, B, D\*, F, G en ook in die Siriese, Koptiese en Vulgaatvertalings voor. Dit is verrassend dat die vroeë manuskripte dit het en die lateres dit uitlaat. Dit impliseer dat dit per ongeluk uitgelaat is. Die UBS<sup>4</sup> gradeer die insluiting daarvan ‘A’ (seker).

Dit is óf 'n TEENWOORDIGE INDIKATIEF óf 'n IMPERATIEWE MODUS. Dit is waarskynlik INDIKATIEF daarin dat dit Paulus se vertroue in hulle Christelike lewenstyl uitdruk (vgl. NASB, NRSV, TEV en JB).

☐ **“nog oorvloediger mag wees”** Dit was besig om goed te gaan, maar Paulus moedig hulle aan om nog heiliger te wees (vgl. vers 10). Sien Vir Spesiale Aandag: Oorvloedig (*Perisseuō*) by 3:12.

- 4:2 OAV “bevele”
- NAV “voorskrifte”
- NASB, NKJV “commandments”
- NRSV, NJB, TEV “instructions”

Dit is 'n seldsame militêre woord vir gesaghebbende bevele wat deur die range afgevaardig word (vgl. I Tim. 1:5,18).

- ☐ OAV “deur die Here Jesus”
- NAV “op gesag van die Here Jesus”
- NASB “by the authority of the Lord Jesus”

Hierdie was nie Paulus se persoonlike idees nie, maar Jesus se lering. Paulus se apostoliese gesag het berus op Jesus se gesag (vgl. vers 8).

**4:3-6** Dit is een sin in Grieks.

**4:3 “Want dit is die wil van God”** Daar is nie ’n LIDWOORD nie en dus is hierdie een van God se wense (vgl. Ef. 5:17), ná verlossing (vgl. Joh. 6:40).

## **VIR SPESIALE AANDAG: DIE WIL (*THELĒMA*) VAN GOD**

### **DIE EVANGELIE VAN JOHANNES**

- Jesus het gekom om die Vader se wil te doen (vgl. 4:34; 5:30; 6:38)
- om op die laaste dag almal op te wek wat die Vader aan die Seun gegee het (vgl. 6:39)
- dat almal in die Seun sal glo (vgl. 6:29, 40)
- die doen van God se wil hou verband met gebedsverhoring (vgl. 9:31 en I Joh. 5:14)

### **DIE SINOPTIESE EVANGELIES**

- om God se wil te doen, is noodsaaklik (vgl. Mat. 7:21)
- om God se wil te doen maak mense tot broers en susters van Jesus (vgl. Mat. 12:50; Mark. 3:35)
- dit is nie God se wil dat iemand verlore gaan nie (vgl. Mat. 18:14; I Tim. 2:4; II Pet. 3:9)
- Golgota was die Vader se wil vir Jesus (vgl. Mat. 26:42; Luk. 22:42)

### **PAULUS SE BRIEWE**

- die volwassenheid en diensbaarheid van alle gelowiges (vgl. Rom. 12:1-2)
- dat gelowiges van hierdie bose eeu verlos word (vgl. Gal. 1:4)
- God se wil was sy verlossingsplan (vgl. Ef. 1:5, 9, 11)
- dat gelowiges deel kry aan ’n Gees-ervulde lewe (vgl. Ef. 5:17-18)
- dat gelowiges vervul word met alle kennis van God (vgl. Kol. 1:9)
- dat gelowiges volmaak en volkome in God se wil sal staan (vgl. Kol. 4:12)
- dat gelowiges heiligmaking sal nastreef (vgl. I Tess. 4:3)
- dat gelowiges in alles dankbaar sal wees (vgl. I Tess. 5:18)

### **PETRUS SE BRIEWE**

- gelowiges doen reg om aan owerhede onderdanig te wees en bring so die onkunde van dwase tot swye (vgl. I Pet. 2:15)
- kan die lyding van gelowiges tot gevolg hê (vgl. I Pet. 3:17; 4:19)
- dat gelowiges nie selfgesentreerde lewens sal lei nie (vgl. I Pet. 4:2)

### **JOHANNES SE BRIEWE**

- dat gelowiges ewig sal lewe (vgl. I Joh. 2:17)
- dat gelowiges vrymoedigheid oor gebedsverhoring sal hê (vgl. I Joh. 5:14)

■ **“julle heiligmaking”** Hierdie woord deel dieselfde wortel as ‘heilig’ en ‘heiliges’. Heiligmaking, nes regverdigmaking, is ’n aanvanklike, oombliklike genadehandeling (vgl. I Kor. 1:2,30; 6:11). Posisioneel is gelowiges in Christus. Dit moet egter ontwikkel tot lewenstylkarakter, progressiewe heiligmaking (vgl. vers 7; 3:13; Rom. 6:19-23). God se wil vir elke Christen is Christusgelykvormigheid!! Ons kan nie regverdiging en heiligmaking van mekaar skei nie!

## **VIR SPESIALE AANDAG: HEILIGMAKING**

Die NT verklaar dat wanneer sondears hulle met berou tot Jesus wend, hulle onmiddellik geregtig en geheilig word. Hulle ontvang ’n nuwe posisie in Christus. Sy geregtigheid word hulle toegereken (Rom 4). God verklaar hulle regverdig en heilig (’n forensiese handeling van God).

Maar die NT dring ook daarop aan dat gelowiges na heiligheid en heiligmaking moet strew. Danksy die voltooide werk van Christus is dit, naas ’n teologiese posisie, ook ’n roeping om in jou daaglikse lewe ’n Christus-gesindheid en handelswyse te vergestalt. Verlossing is ’n vrye gawe wat ’n lewe van volle oorgawe vereis. Dieselfde geld vir heiligmaking.

### **Aanvanklike reaksie**

Handelinge 20:32; 26:18  
Romeine 15:16  
I Korintiërs 1:2-3; 6:11  
II Tessalonisense 2:13  
Hebreërs 2:11; 10:10,14; 13:12  
I Petrus 1:2

### **Progressiewe vereenselwiging met Christus**

Romeine 6:19  
II Korintiërs 7:1  
Efesiërs 1:4; 2:10  
I Tessalonisense 3:13; 4:3-4,7; 5:23  
I Timoteus 2:15  
II Timoteus 2:21  
Hebreërs 12:14  
I Petrus 1:15-16

☐ **“onthou van hoerery”** Dit is letterlik ‘losbandigheid’. Voorhuwelike en buitewelike seks word in die OT deur verskillende woorde aangedui, maar hierdie woord se betekenis was breër in die NT. ‘Losbandigheid’ beteken alle onvanpaste seksuele aktiwiteit, insluitende homoseksualiteit en sodomie. Pagaanse aanbidding het dikwels seksuele aktiwiteit ingesluit (vgl. 5:22).

4:4 OAV “te verkry”  
NAV “moet saamlewe”  
NASB, NKJV “to possess”  
NRSV “to control”  
TEV “how to take”  
NJB “to use”

Dit is ’n TEENWOORDIGE MEDIUM [deponent] INFINITIEF. Dit is letterlik ‘om voortdurend te verkry of besit’.

☐ OAV “sy eie vrou”  
NAV “met sy vrou”  
NASB, NKJV “his own vessel”  
NRSV “your own body”  
TEV “a wife”  
NJB “the body that belongs to him”

Dit kan verwys na ‘sy eie liggaam’ of ‘sy eie vrou’. Theodorus van Mopsuestia, Augustinus, rabbynse gebruik, I Pet. 3:7 en die Septuaginta interpreteer dit in die sin van ‘vrou’ (vgl. TEV). Maar die vroeë kerkvaders (d.w.s. Tertullianus en Chrysostomus) interpreteer dit as ‘liggaam’ en dit pas die konteks die beste (vgl. NRSV, JB, NIV). ‘Vessel’ word gebruik in die sin van ‘liggaam’ in II Kor. 4:7.

☐ **“in heiligheid en eer”** Om Jesus te ken verander die manier waarop ’n mens lewe. Gelowiges is rentmeesters, afhanklik van ’n ander se wil. God se wil is om elke gelowige te gebruik om sy transformerende mag te wys vir ’n verlore wêreld. Christenhuwelik is ’n kragtige getuigenis in ’n gevalle, verwarde wêreld!

4:5 **“nie in hartstogtelike begeerlikheid”** Dit verwys na die gevalle mensdom se onvermoë om hulleself seksueel te beheer (pagaanse aanbidding). Selfbeheer is kenmerkend van ’n Geesgevolle, Geesgerigte lewe (vgl. Gal. 5:23).

☐ **“soos die heidene”** Dit is letterlik ‘die nasies’. Hier verwys dit egter nie na nie-Jode nie, maar na alle nie-Christene. Die lewenstyl van die pagane van Paulus se dag was baie onsedelik.

☐ **“wat God nie ken nie”** Dit sluit nie ‘natuurlike openbaring’ uit nie (vgl. Ps. 19:1-6 en Romeine 1-2), maar spreek van persoonlike kennis (vgl. Gal. 4:8-9). In die OT het ‘ken’ die konnotasie van intieme, persoonlike verhouding (vgl. Gen. 4:1; Jer. 1:5). Heidene is vervreem van God (vgl. Ef. 2:11-13; 5:8; Kol. 1:21).

4:6 **“bedrieg”** Die term beteken ‘om grense te oorskry’.

☐ **“benadeel”** Hierdie term beteken ‘om misbruik te maak van’. Dit hou verband met die term ‘gulsigheid’.

☐ **“sy broeder”** Dit kan verband hou met seksuele misbruik van ’n ander gelowige se familie (vgl. vers 9). Maar die term ‘broer’ in konteks kan verwys na ’n ander mens, nes ‘naaste’ (vgl. vers 12).

☐ **“in hierdie saak”** Dit het die BEPALENDE LIDWOORD en daarom verwys dit na verse 3-5 (d.w.s. seksuele suiwerheid). Die woord self verwys na besigheidskwessies. Daarom kan dit metafories gebruik word vir seksuele kwessies of Paulus verander van onderwerp in vers 6 en praat nou van finansiële sake. Ek dink die eerste opsie is die beste.

☐ **“omdat die Here ’n wreker is in al hierdie dinge”** Dit verwys na regverdige geregtigheid—beide temporeel (Rom. 1:24,26,28) en eskatologies (vgl. Mat. 25:31 e.v.) JHWH is ’n etiese God (vgl. Gal. 6:7). In verse 6, 7a en 8a word drie verskillende redes gegee hoekom gelowiges heilige lewens behoort te lei.

☐ **“soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het”** Dit is ’n sterk stelling oor seksuele suiwerheid (vgl. Heb. 13:4). Sien Vir Spesiale Aandag: Paulus se Gebruik van *Huper*-verbindings by Gal. 1:13.

4:7 **“God. . .geroep”** God neem altyd die inisiatief (vgl. Joh. 6:44,65) beide in verlossing en heiligmaking.

4:8 **“hy wat dit verwerp, verwerp nie ’n mens nie, maar God”** Dit is letterlik ‘hanteer asof van mindere waarde’. Paulus voer aan dat lewenstyl-imperatiewe saam met die waarheid van die evangelie gaan. Hierdie is God se waarhede, nie Paulus s’n nie, 2:13; 3:1-2.

■ **“wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het”** Dit is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE DEELWOORD. Dit verwys na die inwoning van die Gees as beide ’n inisiële en voortdurende ervaring (d.w.s. Han. 2:38; II Kor. 1:22; 5:5; I Joh. 3:24). Nes met die opstanding, so ook die belofte van heilige inwoning. Al drie persone van die Triniteit is betrokke in al die uitreddende gebeure. Gelowiges word ingewoon deur (1) die Gees (vgl. Rom. 8:9-10); (2) die Seun (vgl. mat. 28:20; Kol. 1:27); en (3) die Vader (vgl. Joh. 14:23).

#### OAV TEKS: 4:9-12

<sup>9</sup>Oor die broederliefde het julle nie nodig dat ons julle skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê; <sup>10</sup>en julle doen dit ook aan al die broeders in die hele Macedónië; maar ons vermaan julle, broeders, om oorvloediger te wees <sup>11</sup>en julle eer daarin te stel om rustig te lewe en julle eie sake te behartig en met julle eie hande te werk, soos ons julle beveel het, <sup>12</sup>sodat julle welvoeglik kan wandel teenoor die wat buite is, en aan niks behoefte mag hê nie.

4:9	OAV, NAV	“broederliefde”
	NASB	“love of the brethren”
	NKJV	“brotherly love”
	NRSV	“love of the brothers and sisters”
	TEV	“love for your fellow believers”
	NJB	“loving our brothers”

Dit is die Griekse term, *philadelphia*. Dit verwys na liefde vir verbondsgenote (vgl. Rom. 12:10; Heb. 13:1; I Pet. 1:23; II Pet. 1:7). Die balanserende stelling oor liefde vir die verlore is in vers 12 (vgl. 3:12).

■ **“het julle nie nodig dat ons julle skrywe nie”** Dit was Paulus se taktvolle manier om hulle te bevestig en tog aan te moedig om harder te probeer (vgl. vers 10c). Dit verwys nie na doktrinale kwessies nie (d.w.s. die wederkoms), maar na praktiese, etiese lewenstyl.

■ **“want julle is self deur God geleer”** Dit is TEENWOORDIGE TYD. Die opvoeding gaan voort as die inwoning van die Gees voortgaan (vgl. 5:1; Joh. 14:26; 16:13; II Kor. 9:1; I Joh. 2:20,27), wat ’n teken is van die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:33-34). Die Griekse term *theodidaktol* (slegs hier aangetref in die NT) beteken ‘God het geleer’ (vgl. Joh. 6:45) en die doel daarvan is om ‘mekaar lief te hê’ (vgl. Joh. 13:34; 15:12,17; I Joh. 2:7-8; 3:11,23; II Joh. 5).

4:10 **“en julle doen dit ook”** Dit is nog ’n TEENWOORDIGE WERKWOORD wat spreek van aangaande aksie (vgl. vers 17). Paulus bevestig hulle liefde, maar daag hulle uit om nog meer te doen (nes met hulle lewenstyl in vers 1).

■ **“om oorvloediger te wees”** Hulle doen goeie werk, maar moet selfs nog beter doen (vgl. vers 1). Liefde is die teken van God. Ons het nooit genoeg lief nie (vgl. 3:12). Sien Vir Spesiale Aandag: Oorvloedig by 3:12.

4:11	OAV	“en julle eer daarin te stel om rustig te lewe”
	NAV	“Laat dit vir julle ’n saak van eer wees om rustig te lewe”
	NASB	“to make it your ambition to lead a quiet life”
	NKJV	“that you also aspire to lead a quiet life”
	NRSV	“to aspire to live quietly”
	TEV	“Make it your aim to live a quiet life”
	NJB	“we do urge you, brothers, to go on making even greater progress and to make a point of living quietly”

Vers 11 is ’n reeks van vier TEENWOORDIGE INFINITIEWE gebruik as IMPERATIEWE, wat aangaande aksie beveel. Dit is moontlik uitlokkend van geduld en normaliteit in die opwindende atmosfeer van afwagting op die wederkoms (vgl. II Tess. 3:10-12). ‘Wees gereed en bly getrou,’ nie ‘kry gereed,’ nie, is die NT-boodskap op hierdie front.

Die term ‘ambisie’ beteken ‘sien as ’n eer’ of ‘streef’. Dit word ook gebruik in Tom. 15:20 en II Kor. 5:9.

■ **“met julle eie hande te werk”** Onthou, die brief is geskryf omdat sommige gemeentelede Paulus se leer oor die wederkoms misverstaan het en opgehou werk het om te wag vir Christus (vgl. II Tess. 2:1-4 en 3:6:15).

In Griekse kultuur is hande-arbeid gesien as die eksklusiewe werk van ’n slaaf. Maar in die Hebreuse kultuur het almal ’n amp nodig gehad—’n manier om hulleself te ondersteun, selfs rabbyne (vgl. Han. 20:35; I Kor. 4:17).

Sommige vroeë Griekse hooflettertekste  $\aleph^*$ , A, D (NRSV) voeg ‘werk met jou eie hande,’ by, maar ander ( $\aleph^2$ , B, D<sup>\*</sup>) laat dit uit. UBS<sup>4</sup> is onseker oor of dit ingesluit moet word (‘C’-gradering).

■ **“soos ons julle beveel het”** Dit is ’n sterk term vir ‘beveel’ (vgl. II Tess. 3:4,6,10,12).

4:12	OAV	“sodat julle welvoeglik kan wandel teenoor die wat buite is”
	NAV	“Dan sal julle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente afdwing”
	NASB, NRSV	“that you will behave properly toward outsiders”
	NKJV	“that you may walk properly toward those who are outside”

**TEV** “In this way you will win the respect of those who are not believers”  
**NJB** “so that you are seen to be respectable by those outside the Church”  
 Mense kyk. Ons is getuies (vgl. Mat. 5:13-16; Kol. 4:5; I Tim. 3:7; 5:14; 6:1; Titus 2:5).

- **OAV** “en aan niks behoefte mag hê nie”
- NAV** “en julle sal van niemand afhanklik wees nie”
- NASB** “not be in any need”
- NKJV** “that you may lack nothing”
- NRSV** “and be dependent on no one”
- TEV** “and will not have to depend on anyone for what you need”
- NJB** “though you do not have to depend on them”

Klaarblyklik het die Christene wat hulle werk bedank het van ander Christene verwag om aan hulle behoeftes te voorsien. Gelowiges behoort hulle eie hulpbronne te gebruik vir die behoeftes van die Christenfamilie (vgl. II Kor. 8-9; Ef. 4:28), maar nie vir diegene wat weier om te werk nie!

## **VIR SPESIALE AANDAG: RYKDOM**

- I. Die OT perspektief
  - A. God is die eienaar van alle dinge
    1. Genesis 1-2
    2. I Kronieke 29:11
    3. Psalms 24:1; 50:12; 89:11
    4. Jesaja 66:2
  - B. Mense is rentmeesters van rykdom vir God se doel
    1. Deuteronomium 8:11-20
    2. Levitikus 19:9-18
    3. Job 31:16-33
    4. Jesaja 58:6-10
  - C. Rykdom as deel van aanbidding
    1. die twee tiendes
      - a. Numeri 18:21-29; Deuteronomium 12:6-7; 14:22-27
      - b. Deuteronomium 14:28-29; 26:12-15
    2. Spreuke 3:9
  - D. Rykdom as gawe van God omrede verbondstrou
    1. Deuteronomium 27-28
    2. Spreuke 3:10; 8:20-21; 10:22; 15:6
  - E. Waarskuwing teen rykdom ten koste van ander
    1. Spreuke 21:6
    2. Jeremia 5:26-29
    3. Hosea 12:6-8
    4. Miga 6:9-12
  - F. Rykdom insigself nie sondige indien nie hoogste prioriteit
    1. Psalms 52:7; 62:10; 73:3-9
    2. Spreuke 11:28; 23:4-5; 27:24; 28:20-22
    3. Job 31:24-28
- II. Spreuke se unieke perspektief
  - A. Rykdom as aspek van persoonlike inspanning
    1. Traagheid en luiheid veroordeel – Spreuke 6:6-11; 10; 4-5,26; 12:24,27; 13:4; 15:19; 18:9; 19:15,24; 20:4,13; 21:25; 22:13; 24:30-34; 26:13-16
    2. Harde werk aanbeveel – Spreuke 12:11,14; 13:11
  - B. Geregtheid en afvalligheid geïllustreer deur rykdom versus armoede – Spreuke 10:1 e.v.; 11:27-28; 13:7; 15:16-17; 28:6,19-20
  - C. Wysheid (om God en sy Woord te ken en daarvolgens te leef) is beter as rykdom – Spreuke 3:13-15; 8:9-11,18-21; 13:8
  - D. Waarskuwings en vermanings
    1. waarskuwings
      - a. teen borgstaan vir buurman se lening – Spreuke 6:1-5; 11:15; 17:18; 20:16; 22:26-27; 27:13
      - b. vermy verryking deur verkeerde dade – Spreuke 1:19; 10:2, 15; 11:1; 13:11; 16:11; 20:10,23; 21:6; 22:16,22; 28:8
      - c. moenie leen nie – Spreuke 22:7
      - d. oppas, rykdom is vlietend en kortstondig – Spreuke 23:4-5
      - e. rykdom help niks op die oordeelsdag nie – Spreuke 11:4
      - f. rykdom lok baie kamtige “vriende” – Spreuke 14:20; 19:4

2. vermanings
  - a. milddadigheid is sterk aan te beveel – Spreuke 11:24-26; 14:31; 17:5; 19:17; 22:9,22-23; 23:10-11; 28:27
  - b. geregtigheid is beter as rykdom – Spreuke 16:8; 28:6,8,20-22
  - c. bid oor behoeftes, nie vir oorfloed nie – Spreuke 30:7-9
  - d. gee aan armes is gee vir God – Spreuke 14:31

### III. Perspektiewe van die NT

#### A. Jesus

1. die eenaardige manier van rykdom om vertroue in self en eie bronne te veroorsaak in plaas van vertroue op God en sy bronne –
  - a. Matteus 6:24; 13:22; 19:23
  - b. Markus 10:23-31
  - c. Lukas 2:15-21,33-34
  - d. Openbaring 3:17-19
2. God voorsien aan ons fisiese behoeftes
  - a. Matteus 6:19-34
  - b. Lukas 12:19-34
3. daar is 'n verband tussen saai en maai – geestelik en fisiek
  - a. Markus 4:24
  - b. Lukas 6:36-38
  - c. Matteus 6:14; 18:35
4. sondebelydenis se invloed op rykdom
  - a. Lukas 19:2-10
  - b. Levitikus 5:16
5. ekonomiese uitbuiting veroordeel
  - a. Matteus 23:25
  - b. Markus 12:38-40
6. die gebruik van rykdom onder oordeel in die eindtyd – Matteus 25:31-46

#### B. Paulus

1. 'n praktiese siening soos Spreuke (werke)
  - a. Efesiërs 4:28
  - b. I Tessalonisense 4:11-12
  - c. II Tessalonisense 3:8,11-12
  - d. I Timoteus 5:8
2. 'n geestelike denkwysie soos Jesus (dinge is vlietend en kortstondig, wees vergenoeg)
  - a. I Timoteus 6:6-10 (vergenoegdheid)
  - b. Filippense 4:11-12 (vergenoegdheid)
  - c. Hebreërs 13:5 (vergenoegdheid)
  - d. I Timoteus 6:17-19 (grootmoedigheid en vertroue op God, nie op rykdom nie)
  - e. I Korintiërs 7:30-31 (hierdie wêreld gaan verby)

### IV. Slotsom

- A. Daar bestaan nie 'n sistematies-Bybelse teologie oor rykdom nie
- B. Gevolglik word dié onderwerp nie spesifiek gedek nie en moet 'n begrip vanaf verskeie gedeeltes opgebou word, wat beteken dat waaksaamheid aan die dag gelê moet word om nie eie idees daarin te lees nie.
- C. Spreuke, wat deur wysheidsleraars saamgestel is, het 'n eie perspektief wat van ander Bybelse genres verskil. Dit is prakties van aard en gerig op individuele behoeftes. Dit is aanvullend tot ander skrifgedeeltes, maar moet ook deur ander skrifgedeeltes toegelig en in teologiese balans gehou word (vgl. Jer. 18:18).
- D. Die uitkyk en praktyke van ons dag aangaande voorspoed of rykdom moet in Bybelse lig ontleed word. Indien kapitalisme of kommunisme ons enigste rigsnoer is, gaan ons prioriteit gewoon skeef wees. Waarom, en hoe die sukses behaal is, is belangriker vrae as bloot hoe groot iemand se versamelde rykdom is.
- E. Verwerwing van rykdom moet met ware aanbidding en verantwoordelike rentmeesterskap gebalanseer word (vgl. II Kor. 8-9).

### OAV TEKS: 4:13-18

<sup>13</sup>MAAR, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. <sup>14</sup>Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. <sup>15</sup>Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. <sup>16</sup>Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. <sup>17</sup>Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. <sup>18</sup>Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.



**4:13-5:11** Die konteks van die wederkoms span dwarsdeur tot 5:11. Onthou die fokus is pastoraal. Doktrine word gegee, maar slegs omdat dit hier 'n heilige lewenstyl dien!

**4:13 “broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees. . .nie”** Dit is 'n algemene frase in Paulus se geskrifte (vgl. Rom. 1:13; 11:25; I Kor. 10:1; 12:1; II Kor. 1:8). Gewoonlik lei dit 'n belangrike stelling in, soortgelyk aan Jesus se gebruik van: ‘Amen, amen.’ Kennis van Christenwaarheid (doktrine en wêreldsiening) gee gelowiges stabiliteit in 'n gevalle wêreld.

▣ **“met betrekking tot”** Timoteus het moontlik 'n aantal vrae van die kerk oor die wederkoms met Paulus bespreek.

1. Wat van die gelowiges wat reeds dood is? Sal hulle deelneem in die eindtyd-gebeure?
2. Sal belowiges deur die wederkoms verras word en daardeur ongereed wees vir die eindtyd-gebeure?

Paulus gebruik dikwels hierdie VOEGWOORD, ‘oor’, om sy antwoorde tot die Korintiese kerk se vrae aan te dui (vgl. I Kor. 7:1,25; 8:1; 12:1; ook I Tess. 5:1).

▣	<b>OAV, NAV</b>	<b>“die ontslapenes”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“those who are asleep”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“those who have fallen asleep”</b>
	<b>NRSV, TEV, NJB</b>	<b>“those who have died”</b>

Griekse manuskripte verskil hier: (1) sommige hooflettertekste het 'n TEENWOORDIGE DEELWOORD – **Ν**, A, B, en (2) ander het 'n PERFECTUM DEELWOORD, soos D, F, G, K en L. Skribas het moontlik die oorspronklike TEENWOORDIG verander na 'n PERFECTUM na aanleiding van die gebruik in Mat. 27:52 en I Kor. 15:20 (d.w.s. Metzger, bl. 632).

Jesus gebruik die OT-eufemisme vir dood, ‘slaap’ (vgl. BDB 1011, d.w.s. II Sam. 7:12; I Kon. 22:40; verwysings in NT: Mat. 27:52; Joh. 11:11-13; Han. 7:60; I Kor. 7:39; 11:30; 15:18; II Pet. 3:4). Die term ‘begraafplaas’ word afgelei van hierdie Griekse woord.

Dit verwys nie na die doktrine van ‘sielslaap’, dat gelowiges onbewustelik wag tot die oordeelsdag, nie. Die NT praat van bewustelike, maar beperkte vertrouensvriendskap (vgl. Luk. 16:19-31; 23:43; II Kor. 5:8; Fil. 1:23) tot die oordeelsdag, die wederkoms.

▣ **“sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie”** Die werkwoord ‘treur’ is 'n TEENWOORDIGE PASSIEWE SUBJUNKTIEF (vgl. Ef. 2:12). Gelowiges moenie aanhou of te treur oor fisiese dood nie, want ons ken die waarhede van die evangelie.

1. Jesus het vir ons gesterf
2. die Gees wat Hom laat opstaan het sal ons ook laat opstaan
3. Hy kom terug vir ons
4. diegene wat dood is is reeds by Hom

Die pagaanse wêreld (d.w.s. ‘die res’, vgl. 5:16) het geen troos gehad as dit kom by die dood nie. Sokrates het gesê: “O, as daar die een of ander godelike woord was waarop ons meer versekerd en minder gevaarlik kon seil, op 'n sterker vaartuig.” Sien Vir Spesiale Aandag: Hoop by Gal. 5:5.

**4:14 “as”** Dit is 'n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE sin wat vir waarheid aanvaar word vanuit die skrywer se perspektief of ter wille van sy literêre doeleindes.

▣ **“ons glo”** Dit is die belangrike teologiese werkwoord (TEENWOORDIG AKTIEWE INDIKATIEF) vir mense wat hulle geloof in Christus plaas. Dit is die Griekse werkwoord *pisteuō*, wat vertaal word met ‘geloof’, ‘vertrou’ of ‘glo’. Sien Vir Spesiale Aandag: Glo by Gal. 3:6. Hierdie persoonlike vertrou is kenmerkend in die NT deur al die gewone Griekse WERKWOORDTYE te gebruik:

1. AORISTUS (verlede-eenvoudige handeling), Han. 15:11; Rom. 8:24; II Tim. 1:9; Tit. 3:5
2. TEENWOORDIG (aangaande proses), I Kor. 1:18; 15:2; II Kor. 2:15; I Tess. 4:14
3. PERFECTUM (verlede aksie wat tot 'n einde gekom het en voortduur as 'n stand van sake), Ef. 2:5,8
4. TOEKOMSTIG (in WERKWOORD TYD of konteks), Rom. 5:9,10; 10:99; 13:11; I Kor. 3:15; Fil. 1:28; I Tess. 5:8-9; Heb. 1:14; 9:28

Dit is 'n aanvanklike besluit, gevolg deur 'n lewenstyl van dissipelskap wat eendag volbring sal word in 'n ewige liggaam en aangesig-tot-aangesig vertrouensvriendskap met die Drie-enige God (vgl. I Joh. 3:2). Die teologiese progressie kan gesien word in Rom. 8:29-30, van uitverkieping tot regverdigmaking tot heiligmaking tot verheerliking.

▣ **“dat”** Hierdie *hoti*-sinsdeel gee doktrinale inhoud aan die evangelie. Sien Vir Spesiale Aandag: Geloof, E. #5.

▣ **“Jesus gesterwe en opgestaan het”** Hierdie is albei AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEWE wat geskiedkundige feite reflekteer. Hierdie evangeliese waarhede is die basis vir die gelowige se hoop: (1) eksplisiete plaasvervangende boetedoening (vgl. Jes. 53; Mark. 10:45; II Kor. 5:21) en (2) liggaamlike, fisiese, ewige opstanding (vgl. 1:10; I Kor. 15).

■ **“God. . .saam met Hom bring”** Dit is ’n moeilike frase, omdat die WERKWOORD (*agō*) so ’n wye semantiese veld (bring, lei, weglei, uitlei, gaan, weggaan, ens.) het. Impliseer dit dat die dooies by Jesus is in die hemel of dat die dooies deur Jesus se koms uit die dood sal ontwaak?

In konteks verwys die VOORNAAMWOORD na Jesus ten tye sy koms. Die Tessalonisense gelowiges het nie Paulus se prediking oor die wederkoms verstaan nie. Hulle wou weet of diegene van hulle kerk wat reeds dood was sou deelneem in die eindtyd-gebeure. Dit is Paulus se positiewe antwoord. Hulle sal nie bloot deelneem nie, hulle sal eers hulle nuwe liggame ontvang en Jesus op die wolke van die hemel vergesel.

Die NT is nie duidelik oor die stand van gelowiges tussen dood en die opstandingsdag nie. Wanneer hierdie passasie vergelyk word met II Kor. 5:6,8 word die werklikheid van ’n verontliggaamde tydperk ’n logiese noodsaaklikheid. Gelowiges is by die Here, maar het nog nie hulle opstandingsliggame nie.

**4:15 “Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here”** Paulus het nie sy persoonlike opinie gegee nie, maar Jesus se lering oorgedra (vgl. 4:2). Hierdie spesifieke lering van Jesus word egter nie in die evangelies opgeteken nie. Dit is onseker of dit verwys na

1. mondelinge Christenradisie (vgl. Han. 20:35)
2. Jesus se prediking, soos Mat. 24 of Mark. 13 of Luk. 21
3. indien dit deel van Jesus se persoonlike openbaring aan Paulus was in Arabië, Gal. 1:17
4. latere, direkte openbaring soos II Kor. 12:1 e.v.

Hierdie frase impliseer dat Paulus besig is om iets wat hy ontvang het daar te stel, wat beteken dat sy eskatologiese siening nie uniek tot hom was nie; hy dra oor wat hy ontvang het. Die probleem is dat ons moderne mense nie weet wat die bron van hierdie openbaring was of hoe wydverspreid dit bekend was nie.

■ OAV	<b>“ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here”</b>
NAV	<b>“Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here”</b>
NASB, NKJV	<b>“we who are alive <i>and</i> remain until the coming of the Lord”</b>
NRSV	<b>“we who are alive, who are left until the coming of the Lord”</b>
TEV	<b>“we who are alive on the day of the Lord comes”</b>
NJB	<b>“left alive until the Lord’s coming”</b>

Die gebruik van die VOORNAAMWOORD ‘ons’ kan beteken (1) Paulus het die Here terugverwag in sy leeftyd of (2) dit is die redaksionele gebruik van ‘ons’. Sien Vir Spesiale Aandag: Jesus se Terugkoms by 2:19 en 3:13. Hierdie verwagting van ’n ‘enige-oomblik’ terugkoms van die Here is die voorreg van enige generasie van gelowiges, maar die ervaring van slegs een. Dit beteken nie dat Paulus verkeerd was wat dus sy inspirasie sou bevrage nie.

Dit kan ook bloot ’n literêre tegniek wees, want in II Tessalonisense praat Paulus van ’n vertraagde wederkoms, nes Jesus het in Matteus 24 (en parallelle) en Petrus in II Petrus 3.

## **VIR SPESIALE AANDAG: DIE VERSKYNING VAN JESUS ENIGE OOMBLIK VERSUS NOG NIE**

- A. In die NT se eskatologiese dele word profetiese insigte van die OT aangetref in gebeure en taal van die OT.
- B. Mat. 24, Mark. 13 en Luk. 21 is besonder moeilik om uit te lê omdat hulle verskeie vrae tegelyk hanteer:
  1. wanneer sal die tempel verwoes word
  2. wat sal die teken van die Messias se wederkoms wees
  3. wanneer sal hierdie era eindig (vgl. Mat. 24:3)?
- C. Die eskatologiese gedeeltes van die NT is ’n stylsoort (genre) wat gewoonlik apokaliptiese en profetiese stowwe kombineer en doelbewus dubbelsinnig en hoogs simbolies aangebied word.
- D. Etlke gedeeltes in die NT (vgl. Mat 24; Mark. 13; Luk. 17; I en II Tess. en Openb.) handel oor die wederkoms. Hierdie gedeeltes beklemtoon:
  1. die presiese tyd van die gebeurtenis is onbekend, maar die gebeurtenis is seker;
  2. ons kan ’n algemene indruk hê van die tyd daarvan, maar sonder om spesifiek te weet;
  3. dit sal skielik en onverwags; en
  4. ons moet biddend, gereed en getrou wees in ons toegeskrewe opdragte.
- E. Daar is ’n teologiese spanning tussen (1) sy terugkeer enige oomblik (vgl. Luk. 12:40,46; 21:36; Mat. 24:27,44) en (2) die feit dat sommige geskiedkundige gebeure eers moet plaasvind.
- F. Die NT stel dat sekere gebeure eers sal plaasvind voor die wederkoms:
  1. Die evangelie aan die hele wêreld verkondig, Mat. 24:14; Mark. 13:10;
  2. Die groot geloofsversaking, Mat. 24:10-13,21; I Tim. 4:1; II Tim. 3:1 e.v.; II Tess. 2:3;
  3. Die openbaring van die “mens van sonde,” Dan. 7:23-26; 9:24-27; II Tess. 2:3;
  4. Die verwydering van wat/wie verhinder, II Tess. 2:6-7;
  5. Joodse herlewing, Sag. 12:10; Rom. 11.
- G. Lukas 17:26-37 het nie ’n parallel in Markus nie. Lukas stem egter gedeeltelik ooreen met Mat. 24:37-44.

■ OAV	<b>“nie sal vóór wees nie”</b>
NAV	<b>“hoegenaamd nie voor wees nie”</b>

<b>NASB</b>	<b>“will not precede”</b>
<b>NKJV, NRSV</b>	<b>“will by no means precede”</b>
<b>TEV</b>	<b>“will not go ahead”</b>
<b>NJB</b>	<b>“will not have any advantage”</b>

Dit is 'n sterk DUBBELE NEGATIEF: 'nooit—nee, nooit.' Daardie heiliges wat gesterf het sal ten volle deelneem in al die eindtyd-gebeure nes die gelowiges wat lewe gedurende die wederkoms. Die KJV se “prevent” is misleidend. In 1611-Engels het dit ‘voorgaan’ beteken. Geen mens kan die wederkoms voorkom nie.

**4:16 “die Here self”** Die Griekse teks beklemtoon dat Jesus persoonlik sal terugkom—nie 'n surrogaat nie (vgl. Joh. 5:25-28).

▣ **“sal van die hemel neerdaal”** Jesus sal die Vader se aangesig 'n tweede keer verlaat om die geloofsgemeenskap te red (vgl. Joh. 14:2-3).

- |   |                   |   |
|---|-------------------|---|
| ▣ | <b>OAV</b>        | <b>“met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God”</b>          |
|   | <b>NAV</b>        | <b>“Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklank”</b> |
|   | <b>NASB, NKJV</b> | <b>“with a shout, with the voice of <i>the</i> archangel and with the trumpet of God”</b>             |
|   | <b>NRSV</b>       | <b>“with a cry of command, with the archangel’s call and with the sound of God’s trumpet”</b>         |
|   | <b>TEV</b>        | <b>“There will be the shout of command, the archangel’s voice, the sound of God’s trumpet”</b>        |
|   | <b>NJB</b>        | <b>“at the trumpet of God, the voice of the archangel will call out the command”</b>                  |

Die vraag bly staan hoeveel hemelse persone betrokke is by hierdie drie parallelle gebeure. Daar is 'n kreet (hierdie woord word slegs hier in die NT aangetref), 'n stem en 'n trompetgeskal. Die JB veronderstel dat al drie deur die aartsengel gedoen word en dat Jesus dan afdaal. Ander vertalings impliseer die eerste ‘uitroep’, ‘opdrag’ of ‘kreet’ is van Jesus en dan roep die aartsengel vir die trompetgeskal.

Die hemel is voorbereid vir hierdie gebeurlikheid—dit is op die kalender. Die onsekerheid van wanneer en hoe die gebeure sal plaasvind is onbenullig met die kennis van Wie sal op pad wees. Jesus kom weer om sy eie te ontvang.

- |   |             |                               |
|---|-------------|-------------------------------|
| ▣ | <b>OAV</b>  | <b>“'n aartsengel”</b>        |
|   | <b>NAV</b>  | <b>“die aartsengel”</b>       |
|   | <b>NASB</b> | <b>“<i>the</i> archangel”</b> |

Geen VOORSETSEL verskyn nie, dus moet dit “'n aartsengel” wees. Hoewel Dan. 10:13 verskeie impliseer, maak die Bybel slegs melding van een: Migaël (vgl. Jud. 9). Hy is die nasionale engel van Israel.

- |   |             |                  |
|---|-------------|------------------|
| ▣ | <b>OAV</b>  | <b>“basuin”</b>  |
|   | <b>NAV</b>  | <b>“trompet”</b> |
|   | <b>NASB</b> | <b>“trumpet”</b> |

Die klank van trompetgeskal was 'n kulturele manier om die nadering van koninklikes aan te kondig in die Ooste (vgl. Heb. 12:18-19). Nietemin, dit werk ook op ander maniere.

1. heilige oordeel, Openb. 8:2; 11:15-19
2. opstanding, I Kor. 15:52
3. bymekaarmaak van die uitverkorenes deur engele, Mat. 24:31

Dit was 'n baie belangrike manier van kommunikasie in die OT, gebruik vir geloofs- en militêre-gebeure (vgl. Eks. 19:16; Jes. 27:13; Jool 2:1; Zef. 1:16; Sag. 9:14; I Kor. 15:52).

Twee tipes trompette kom voor in die OT: (1) silwer trompette (vgl. Num. 10:2,8-10; 31:6) en (2) die linkerhoring van 'n ram genaamd die *sjofar* (vgl. Eks. 19:16,19; 20:18; Lev. 25:9; Jos. 6).

Dit is moontlik dat al drie klanke (kreet, stem, trompet) verwys na die klanke van die engel, want in Openb. 4:1 word die engel se stem 'n trompetgeskal genoem (vgl. Openb. 1:10).

## **VIR SPESIALE AANDAG: DIE GEBRUIK VAN HORINGS IN ISRAEL**

In Hebreeus is daar vier woorde wat met die horing of trompet geassosieer word.

1. ‘die ramshoring’ (BDB 191) – omskep in ‘n instrument wat klank voortbring, vgl. Jos. 6:5. Dieselfde woord was gebruik in verband met Abraham en die ram gevang met horings in die bos wat in plaas van Isak geoffer sou word, Gen. 22:13.
2. ‘trompet’ (BDB 1051) – ‘n woord van Assiriese afkoms vir ‘n wilde skaap. Dit is die horing waarvan daar sprake is in Eks. 19:16,19 by berg Sinai/Horeb. Hierdie #1 en #2 het 'n parallel in Jos. 6:5. Dit het tye van aanbidding of gereedmaak vir oorlog aangekondig. Jerigo was 'n voorbeeld van beide, (vgl. 6:4).
3. ‘die ramshoring’ (BDB 385) – die Fenisiese woord vir ‘n ram (vgl. 6:4,6,8,13. Dit verteenwoordig ook die jaar van Jubilee (die Jubeljaar, vgl. Lev. 25:13,28,40,50,52,54; 27:17,18,23,24).

(Bogenoemde drie woorde word afwisselend gebruik met dieselfde betekenis. Die Misjna (RH 3.2) het enige dier se horing toegelaat – skaap, bok, of wildsbok, maar nie dié van 'n bees nie.)

4. ‘trompette’ (BDB 348) – moontlik van die WERKWOORD, ‘om uit te strek’, wat eintlik ‘n reguit been impliseer (nie gekrom soos ‘n dierhoring nie). Dit is van silwer gemaak (na die vorm van Egipte). Dit is gebruik vir:

- a. aanbiddingsrituele (vgl. Num. 10:2,8,10);
- b. militêre doeleindes (vgl. Num. 10:9; 31:6; Hos. 5:8; Esra 3:10; Neh. 12:35,41); en
- c. koninklike geleenthede (vgl. II Kon. 11:14).

So 'n metaalhoring verskyn op die Titus-boog in Rome; Josefus beskryf hulle ook in *Antiq.* 3.12.6.

■ **“en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan”** Hierdie frase veroorsaak verwarring oor waar die dooies gaan tussen hulle dood en die opstandingsdag. Hierdie vers impliseer dat hulle in die graf sal bly (vgl. Mat. 27:52-53). Nietemin, II Kor. 5:6,8 impliseer dat hulle by die Here is. Die oplossing lê moontlik in die idee van 'n ontliggaamde stand. Die fisiese liggaam bly in die graf, die lewenskrag gaan om by die Here te wees. Daar is baie onbeantwoorde vrae hierso. Die Bybel verskaf nie 'n duidelike leerstellige passasie oor hierdie onderwerp nie. Sien William Hendricksen, *The Bible On the Life Hereafter*.

Die meeste vertalings vertaal dit asof die heiliges by God/Jesus is en terugkom saam met Hom (vgl. NASB). 'n Ander siening word aangetref in TEV: “Those who have died believing in Christ will rise to life first.”

**4:17 “weggevoer word”** Ons teologiese konsep van ‘vervoering’ kom oorspronklik van hierdie WERKWOORD. ‘Vervoering’ is 'n Latynse rendisie van die Griekse WERKWOORD hier (*harpazō* – FUTURUM PASSIEWE INDIKATIEF), wat 'n kragtige ‘wegrapping’ impliseer (vgl. Joh. 6:15; 10:12,28-29). Hierdie gebeurtenis word ook genoem in I Kor. 15:51-52.

Vele stem nie saam oor hierdie eindtyd-gebeurtenis nie. Sommige verwag 'n geheime vervoering van gelowiges (vgl. Mat. 24:40-42) voor 'n duisend-jaar heerskappy van Christus op aarde. Dikwels word 'n sewe-jaar ontberingstydperk (vgl. Dan. 7:25; 9:27) hiermee geskakel. Sommige teoloë plaas die vervoering voor, in die middel, of na hierdie sewe-jaar tydperk. Die volgorde en aard van hierdie eindtyd-gebeure is dubbelsinnig ten beste. Dogmatisme is sonder twyfel hier onvanpas.

Gelowiges gaan die Here in die lug ontmoet, want in die NT word die lug gesien as Satansgebied (vgl. Ef. 2:2) en die Grieke het gedink die laer lug (atmosfeer) was onrein en daarom die gebied van onrein geeste. Gelowiges sal herenig word met hulle Here in die middel van Satan se koninkryk om te wys dat hy algeheel verslaan is.

■ **“saam met hulle”** Hierdie kerk het Paulus se prediking oor die wederkoms misverstaan. Paulus skryf sowel I as II Tessalonisense om hierdie vrae te beantwoord. Die kerk wou weet: (1) Sou die Christene wat dood is deelneem in eindtyd-gebeure? en (2) Wanneer sou dooie en lewende gelowiges herenig word? Hierdie onderwerp word verhaal in II Tess. 2:1.

■ **“in wolke”** Wolke is die tradisionele vervoermiddel van godheid (vgl. Dan. 7:13; Mat. 24:30; 26:64; Han. 1:9-11; Openb. 1:7). Die beeld roep die herinnering van die *Sjekina*-wolk van die OT-eksoduservaring op (vgl. Eks. 13:21,22; 14:19,20,24; 16:10; 19:9,16; 24:15,16,18; 34:5; 40:34-38) wat God se teenwoordigheid by sy mense simboliseer het.

## VIR SPESIALE AANDAG: SY KOMS OP DIE WOLKE

Hierdie frase is 'n duidelik verwysing na die wederkoms van Christus. Die aantog op die wolke is 'n belangrike eskatologiese teken. Daar is drie duidelik onderskeibare toepassings in die OT:

1. om God se fisiese aanwesigheid te toon, die *sjekina*, die wolk van heerlikheid (vgl. Eks. 13:21; 16:10; Num. 11:25);
2. om God se heiligheid te versluier sodat mense Hom nie sou aanskou en sterf nie (vgl. Eks. 33:20; Jes. 6:5);
3. om die godheid te vervoer (vgl. Jes. 19:1).

In Dan. 7:13 dien wolke om 'n heilige, menslike Messias aan te bring. Na hierdie profesie van Daniël word meer as 30 keer in die NT verwys. Hierdie samehang tussen wolke van die hemel en die Messias kom voor in Mat. 24:30; Mark. 13:26; Luk. 21:27; 14:62; Han. 1:9,11 en I Tess. 4:17.

■ **“tegemeet”** Dit is die Griekse woord *apanēsis*, wat gebruik word in die sin van om iemand te ontmoet en dan te vergesel (vgl. Mat. 25:6; Han. 28:15). Dus ontmoet gelowiges die Here en vergesel Hom na 'n hervormde aarde!

■ **“in die lug”** Die lug was die domein van die Satan en sy volgelinge (vgl. Ef. 2:2). Ons gaan die Here daar ontmoet om die volkome oorwinning te vertoon. Ek dink dat terwyl gelowiges met Christus verenig word in die lug, die profesie van reiniging en vernuwing in II Pet. 3:10 volbring sal word waar die hemel beskryf word as 'n vernieude tuin van Eden (vgl. Genesis 1-2 vergelyk met Openbaring 21-22).

■ **“en so sal ons altyd by die Here wees”** Niks kan verder gesê word nie (vgl. Ps. 23:6). Daar word na die wederkoms verwys in I Tessalonisense (vgl. 1:10; 2:19; 3:13; 4:13-18; 5:1-11). Let op dat Paulus nie in hierdie boek of in II Tessalonisense melding maak van 'n duisendjarige heerskappy nie, maar van ewige heerskappy (sommige sien I Kor. 15:25 as 'n verwysing na 'n aardse heerskappy), soos Dan. 7:13-14.

Paulus se terminologie impliseer dat die ewige koninkryk begin wanneer Jesus terugkeer. Al die ander eindtyd-gebeure word eenvoudig nie genoem soos in I Kor. 15:50-58 nie. Paulus impliseer nie eens dat Jesus volkome na die aarde sal terugkeer nie. In Robert G. Clouses se *The Meaning of the Millennium*, word al vier groot millenniale posisies deur verskeie outeurs gestipuleer. In die amillenniese antwoord maak George E. Ladd hierdie verrassende stelling: “Ek erken

dat die grootste probleem met enige voor-millennialisme die feit is dat die meeste van die Nuwe Testament die volbringingskats asof dit gebeur tydens Jesus se wederkoms,” (bl. 189-190). Dit is presies wat Paulus hier aanvoer sonder om daarvoor uit te brei.

**4:18** Dit, soos vers 13, toon die doel van Paulus se aanbieding van hierdie eindtyd-gebeure. Die gelowiges het baie bekommernisse gehad oor hulle mede-gelowiges wat reeds dood was. Sou hulle betrokke wees in die wonder van die Here se terugkoms? Paulus verseker hulle dat alle gelowiges, lewend en dood, uiteindelik betrokke sal wees in die wederkoms. Onthou dat hierdie passasie hoofsaaklik pastoraal is (soos I Kor. 15:58), nie didakties nie. Hoe dit betrekking het op ander eskatologiese passasies is onseker.

☐ **“Bemoedig”** Dit is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF.

## **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is ’n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ’n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Waar in die Bybel is die mees gedetailleerde bespreking van die wederkoms?
2. Hoekom het Paulus hierdie passasie geskryf?
3. Wat is die vervoering? Wie is betrokke? Wanneer sal dit plaasvind?

# I TESSALONISENSE 5

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>d</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Lord's Coming (4:13-5:11) 5:1-11	The Day of the Lord 5:1-11	Questions Concerning the Coming of the Lord (4:13-5:11) 5:1-11	Be Ready for the Lord's Coming 5:1-11	Watchfulness While Awaiting the Coming of the Lord 5:1-3 5:4-11	Die wederkoms van die Here 5:1-10 5:11
Final Exhortations and Greetings 5:12-15	Various Exhortations 5:12-22	Concluding Exhortations 5:12-22	Final Instructions and Greetings 5:12-13 5:14-15 5:16-18 5:19-22	5:12-13a 5:13b 5:14-18 5:19-22	Laaste opdragte 5:12-13 5:14-15 5:16-18 5:19-22
5:16-22	Blessing and Admonition 5:23-28	5:23-24 5:25 5:26-27	5:23-24 5:25 5:26 5:27 5:28	Closing Prayer and Farewell 5:23-24 5:25 5:26-27 5:28	5:23-24 5:25 5:26 5:27 5:28

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### KONTEKSTUELE INSIG TOT VERSE 1-22

- A. Verse 1-11 hou nou verband met 4:13-18. Let op die ooreenstemming in die eindes van 4:18 en 5:11. Hierdie passasies is hoofsaaklik pastoraal. Hulle kontekstuele doel is om te bemoedig, nie om doktrine te verskaf nie, hoewel Paulus dit wel doen.
- B. Dit voer die bespreking voort oor die wederkoms en hoe Christene in die lig van God se naderende terugkoms moet leef.
- C. Verse 13-22 het vyftien TEENWOORDIGE IMPERATIEWE wat spreek van aangaande lewenstyleienskappe wat van gelowiges verlang word in die lig van eindtyd-gebeure.

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 5:1-11

<sup>1</sup>MAAR oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; <sup>2</sup>want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. <sup>3</sup>Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barendood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. <sup>4</sup>Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. <sup>5</sup>Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. <sup>6</sup>Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees. <sup>7</sup>Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk. <sup>8</sup>Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid. <sup>9</sup>Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus <sup>10</sup>wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe. <sup>11</sup>Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.

**5:1 “MAAR oor”** Die onderwerp van die wederkoms word voortgevoer, maar 'n nuwe aspek van die gebeurtenis word behandel: die veroordeling van ongelowiges.

■ OAV	“die tye en geleenthede”
NAV	“die tyd en omstandighede”
NASB	“the times and the epochs”
NKJV, NRSV	“the times and the seasons”
TEV	“the times and occasions”
NJB	“times and seasons”

Hoewel gelowiges nie spesifieke tye behoort te vra nie (vgl. Mat. 24:36) moet hulle die tendense van die geskiedenis kan lees (vgl. Han. 1:7; Mat. 24:32-33). Die Griekse *chronōn*, vertaal as ‘tye’, beantwoord die vraag: “Hoe lank?” Dit spreek van die vergang van tyd. Die woord ‘kronologie’ word afgelei van hierdie Griekse wortel. *Katrōn*, vertaal as ‘geleenthede’, beantwoord die vraag: “Wanneer?” Dit spreek van spesiale gebeure.

■ **“broeders”** Dit word dikwels deur Paulus gebruik om 'n nuwe onderwerp in te lei (sien 4:1).

■ **“het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie”** Paulus kon nie vir hulle uitvoerige en voortgedrae inligting gee oor die wederkoms nie. Onthou, hy het net 'n kort tydjie in Tessalonika gebly, maar hy moes 'n paar keer oor hierdie onderwerp gepreek het. Hierdie frase impliseer nie dat die Tessalonisense gelowiges alle aspekte van die eindtyd-gebeure volkome verstaan het nie, maar dat die Gees hulle sou lei en sou inlig oor die nodige areas (vgl. Joh. 14:26; 16:13; I Joh. 2:20,27) veral waarhede wat betrekking het op: (1) die evangelie, en (2) die Christenlewe.

Die ander moontlike opsie is dat dit verwys na die nuwe verbond van Jer. 31:31-34, veral verse 33-34. Die nuwe era van regverdigheid word gekenmerk deur gelowiges wat God se intieme persoonlike weë ken. Hulle sal nie 'n leraar nodig hê nie, want God het sy woord op hulle harte geskryf deur die Gees.

**5:2 “die dag van die Here”** Dit stem ooreen met 'n OT-frase wat verwys na God of sy Messias wat in die geskiedenis inbreek om die nuwe era van geregtigheid in te stel (vgl. Joël 1:15; 2:11,31; Amos 5:18; Jes. 2:12). In die OT kon God se koms wees vir seëning of vir oordeel. Vir gelowiges sal dit die volbrengs van uitredding wees, maar vir ongelowiges die volbrengs van oordeel.

Die eskatologiese klem van 'n spesiale komende dag wanneer mense Jesus (as Redder en Regter) sal ontmoet word op verskeie maniere na verwys in Paulus se werk:

1. “die dag van die Here Jesus Christus” (vgl. I Kor. 1:8)
2. “die dag van die Here” (vgl. I Tess. 5:2; II Tess. 2:2)
3. “die dag van die Here Jesus” (vgl. I Kor. 5:5; II Kor. 1:14)
4. “die dag van Jesus Christus” (vgl. Fil. 1:6)
5. “die dag van Christus” (vgl. Fil. 1:10; 2:16)
6. “sy dag (Seun van die mens)” (vgl. Luk. 17:24)
7. “die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word” (vgl. Luk. 17:30)
8. “die openbaring van ons Here Jesus Christus” (vgl. I Kor. 1:7)
9. “die openbaring van die Here Jesus uit die hemel” (vgl. II Tess. 1:7)
10. “in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms” (vgl. I Tess. 2:19)

In die OT het die skrywers twee eras gesien, 'n bese era en 'n komende era van geregtigheid, die era van die Gees. God sou intree in die geskiedenis deur sy Messias om hierdie nuwe era in te stel. Die gebeurtenis het bekendgestaan as die “Dag van die Here”. Let op dat NT-skrywers dit aan Christus toeskryf. Sy eerste koms, die inkarnasie, was voorspel in baie OT-tekste. Die Jode het nie 'n heilige persoon verwag nie, net 'n heilige intreding. Die twee komste van die Messias, een as lydende kneg en redder, een as Regter en Here, was nie duidelik aan OT-mense nie. Sien Vir Spesiale Aandag: Die Twee Bedelings in Gal. 1:4.

■ **“kom net soos ’n dief in die nag”** Dit is ’n TEENWOORDIGE TYDMODUS gebruik as ’n FUTURUM. Hierdie ‘enige oomblik’ terugkoms is ’n herhalende tema in die NT (vgl. Mat. 24:42-44; 25:13; Luk. 12:40,45; 21:34-36; II Pet. 3:10; Openb. 3:3; 16:15). Sien Vir Spesiale Aandag by 4:15.

Daar was ’n Joodse tradisie dat die Messias sou kom teen middernag op Paasfees soos die doodsengel van die Eksodus.

**5:3 “Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid”** Dit was die boodskap van die vals profete van Jeremia se tyd (vgl. Jer. 6:14; 8:11,28). Menslike lewe en samelewing sal normaal voorkom voor God se intrede (vgl. Mat. 24:37-38; Luk. 17:26-27). Hulle sal nie die Messias verwag nie.

Die NT-klem is dat daar intense ontbering sal wees voor die wederkoms (vgl. Mat. 24:21; Mark. 13:19-20).

■ **“dan oorval ’n skielike verderf hulle”** Hierdie passasie tref ’n sterk onderskeid tussen “hulle” (vers 3) en “broeders” (vers 4). Hierdie verderf verwys nie na vernietiging nie, maar na ’n Bybelse metafoor vir God se oordeel (vgl. II Tess. 1:9; Dan. 12:2).

“Skielike” word slegs hier en in Lukas se weergawe van Jesus se Olyfbergrede aangetref (vgl. Luk. 21:34). Dit impliseer ’n skielike en onverwagse gebeurtenis.

■ **“barensnood”** Hierdie OT-metafoor van oordeel (vgl. Jes. 13:6-8; Jer. 4:31) het ’n NT-metafoor geword (d.w.s. geboortepyn van die nuwe era, vgl. Mat. 24:8; Mark. 13:8; Rom. 8:22). Dit spreek van die skielikheid, dog onsekerheid van ’n gebeurtenis, sowel as die verskriklike pyn wat dit behels.

- **OAV** “en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie”
- NAV** “en niemand sal ontkom nie”
- NASB** “and they will not escape”
- NKJV** “And they shall not escape”
- NRSV** “and there will be no escape”
- TEV** “They will not escape”
- JB** “and there will be no way for anybody to evade it”

Dit is ’n klemdraende DUBBELNEGATIEF: ‘Nooit, nee, nooit onder enige omstandighede nie.’

**5:4 “Maar julle, broeders, is nie in duisternis. . .nie”** God het openbaar—deur die OT-profete, Jesus en NT-skrywers—die basiese raamwerk van eindtyd-gebeure sodat daardie gelowiges wat lewe nie verras sal word deur die geleentheid nie. Dit is een manier waarop God vir sy volgers moed gee te midde die moeilikhede van hierdie lewe en die eindtyd-ontberingstydperk.

Een rede vir die herhalende verwarring tussen gelowiges oor hierdie gebeure is dat elke generasie van gelowiges probeer het om hierdie gebeure in hulle eie geskiedenis in te forseer.

## **VIR SPESIALE AANDAG: ESKATOLOGIE—HOEKOM HET CHRISTENE SOVEEL VERSKILLENDE DOGMATIESE INTERPRETASIES VAN OPENBARING?**

(Dit is geneem uit dr. Utley se kommentaar oor Openbaring, vol. 12, 1998.)

Deur die jare se studie van eskatologie het ek geleer dat die meeste Christene geen ontwikkelde, sistematiese, eindtyd kronologie het of wil hê nie. Daar is sommige Christene wat fokus op hierdie area van Christenskap om teologiese, sielkundige of denominasionele redes. Hierdie Christene word klaarblyklik obsessief oor hoe dit alles sal eindig en mis op die een of ander manier die dringende aard van die evangelie! Gelowiges kan nie God se eskatologiese (eindtyd) agenda beïnvloed nie, maar hulle kan deelneem in die evangeliemandaat (vgl. Mat. 28:19-20; Luk. 24:47; Han. 1:8). Die meeste gelowiges aanvaar die wederkoms van Christus en ’n voleinding waartydens die beloftes van God tot vervulling sal kom. Die meningsverskil ontstaan weens menslike onvermoë om die paradokse oor die tydspek daarvan te begryp.

1. die spanning tussen die OT-profetiese modelle en die NT-apostel-modelle
2. die spanning tussen monoteïsme se een God vir almal en Israel as uitverkore volk
3. die spanning tussen verbondsverpligtinge (as julle. . .dan) en die onvoorwaardelike trou van God wat betref die redding van ’n gevalle mensdom
4. die spanning tussen Midde-Oosterse literêre vorme en Westerse letterkundige modelle
5. die spanning oor die koninkryk van God wat ‘reeds gekom het’ en wat ‘nog kom’
6. die spanning oor die ‘nabye’ wederkoms van Christus, maar sekere gebeure moet dit voorafgaan.

Ons bekyk hierdie ‘spanninge’ een vir een.

**SPANNING EEN** (OT rassige, nasionalistiese en geografiese kategorieë vs. alle gelowiges oor die wêreld heen).

Die profete van die OT het ’n herstel van die Joodse koninkryk in Jerusalem voorspel waar al die nasies van die wêreld byeen sou kom om ’n Dawidiese regeerder te vereer, maar nie Jesus of die NT-apostels het ooit op hierdie agende gefokus nie. Is die OT nie geïnspireerd nie (vgl. Mat. 5:17-19)? Het die NT-skrywers kardinale eindtydgebure uitgelaat?

Daar is verskeie inligtingsbronne oor die einde van die wêreld:

1. profete van die OT (Jesaja, Miga, Maleagi)



2. apokaliptiese skrywers van die OT (vgl. Eseg. 37-39; Dan. 7-12; Sagaria)
3. intertestament nie-kanonieke boeke deur apokaliptiese skrywers (bv. I Henog, aangehaal in Judas)
4. Jesus self (vgl. Mat. 24; Mark. 133; Luk. 21)
5. geskrifte van Paulus (vgl. I Kor. 15; II Kor. 5; I Tess. 4-5; II Tess. 2)
6. geskrifte van Johannes (vgl. I Johannes en Openbaring)

Verskaf al hierdie bronne 'n duidelike eindtyd agenda (gebeure, kronologie, persone)? Indien nie, hoekom? Is hulle nie almal geïnspireerd nie (behalwe die Joodse intertestamentêre skrywers)?

Die Heilige Gees het aan OT-skrywers waarhede geopenbaar in terme en kategorieë wat hulle kon verstaan. Maar deur progressiewe openbaring het die Gees hierdie metafore tot begrippe van universele omvang uitgebrei ("die misterie van Christus," vgl. Ef. 2:11-3:13). Sien Vir Spesiale Aandag by 10:7. Hier volg enkele toepaslike voorbeelde:

1. Die stad Jerusalem word in die OT as metafoor vir die volk van God gebruik (Sion), maar dit word in die NT deurgegee as die simbool van God se aanvaarding van alle berouvolle, gelowige mense (die Nuwe Jerusalem van Openb. 21/22). So word Gen. 3:15 teologies uitgebou van fisiese stad tot 'n 'nuwe volk van God' (gelowige Jode en nie-Jode). Hierdie belofte van God het bestaan voordat daar sprake was van 'n Joodse volk en 'n Joodse hoofstad. Selfs die roeping van Abraham (vgl. Gen. 12:1-3) sluit duidelik die heidene in (vgl. Gen. 12:3; Eks. 19:5).
2. In die OT is die vyande van God se volk al die omliggende nasies van die Nabye Ooste, maar in die NT omvat die begrip al die ongelowige, ongodelikes wat deur Satan teen God aangespoor word.
3. 'n Belofte land wat integraal is tot die OT (die patriargale beloftes van Genesis, vgl. Gen. 12:7; 13:15; 15:7,15; 17:8;), omsluit nou die hele wêreld. Die Nuwe Jerusalem daal neer op 'n vernude aarde en nie net maar eksklusief op 'n stukkie Nabye Ooste nie (Openb. 21/22).
4. Ander uitgebreide OT-opvattinge is as volg
  - a. die nageslag van Abraham is die geestelik besnedenes (vgl. Rom. 2:28-29)
  - b. die verbondsgemeenskap sluit nou die (bekeerde) heidendom in (vgl. Hos. 1:10; 2:23; aangehaal in Rom. 9:24-26; asook 26:12 e.v.; Eks. 29:45; aangehaal in II Kor. 6:6-18 en Eks. 19:5; Deut. 14:2; aangehaal in Tit. 2:14)
  - c. die tempel is nou Jesus (vgl. 26:61; 27:40; Joh. 2:19-21) en deur Hom die plaaslike kerk (vgl. I Kor. 3:16) of die individuele gelowige (vgl. I Kor. 6:19)
  - d. selfs Israel en sy kenmerkende beskrywende OT-frases verwys nou na al die mense van God (d.w.s. 'Israel', vgl. Rom. 9:6; Gal. 6:16; d.w.s. 'koninkryk van priesters', vgl. I Pet 2:5,9-10; Openb. 1:6)

Die profetiese model is vervul, uitgebrei en is nou meer insluitend. Jesus en die apostelskrywers hanteer die eindtyd nie dieselfde as die OT-profete nie (vgl. Martin Wyngaarden, *The Future of the Kingdom in Prophecy and Fulfillment*). Hedendaagse skrifverklaarders wat probeer om die OT meer letterlik of normatief te verstaan, maak van die Openbaring 'n erg Joodse boek en dring 'betekenis' op aan losstaande mededeling van Paulus en Christus. Die NT-skrywers het nêrens die OT-profete teëgegaan nie, maar toon hulle uiteindelijke, universele betekenis aan. Daar bestaan nie so iets soos 'n logiese sisteem in Jesus en Paulus se eskatologie nie. Dit was in hulle geval merendeels van soteriologiese (reddende) of pastorale aard.

Maar spanning is daar selfs in die NT. Die eskatologie word nie sistematies aangebied nie. Dit is selfs verbasend hoe die Openbaringboek na die OT terugreik en nie van Jesus se leringe oor eskatologie gebruik maak nie (vgl. Mat. 24; Mark. 13)! Dit volg die literêre genre begin deur Esegïël, Daniël en Sagaria, maar ontwikkel gedurende die intertestament-tydperk (Joodse apokaliptiese literatuur). Dit was moontlik Johannes se manier om die ou en nuwe verbonde te skakel. Dit vertoon die eue-oue patroon van die mens se rebellie en God se verbintenis tot verlossing. Maar daar moet op gelet word dat, alhoewel die Openbaringboek OT-taal, -persoonlikhede en -gebeurtenisse gebruik, dit alles herinterpreteer word in die lig van eerste-eeuse Rome (vgl. Openb. 1:7).

#### **SPANNING TWEE (monoteïsme vs. 'n uitverkore volk)**

Die klem van die Bybel val op een persoonlike God wat Gees, Skepper en Verlosser is (vgl. Eks. 8:10; Jes. 44:24; 45:5-7,14,18,21-22; 46:9; Jer. 10:6-7). Op sy dag was die OT uniek omrede die monoteïsme. Alle volke rondom was politeïsties. Dat God Één is, was die hart van die OT-openbaring (vgl. Deut. 4:6). Die skepping dien as die verhoog waarop God sy vertrouensvriendskap met die mens, geskape na sy beeld, tot stand wou bring (vgl. Gen. 1:26-27). Maar die mens het oortree en teen God se liefde, leiding en doel vir hulle, gesondig (vgl. Gen. 3). God was egter met sy groot liefde en doel so vasberade dat Hy aan die gevallenes 'n belofte van komende verlossing gemaak het (vgl. Gen. 3:15).

Die spanning het ontstaan toe God een man, sy familie en een nasie gekies het om die boodskap aan die mensdom oor te dra. Sy verkiesing van Abraham en die Jode as 'n koninkryk van priesters het tot hoogmoed gelei eerder as diens, uitsluiting van mense eerder as insluiting. Die roeping van Abraham was daarop gemik om al die nasies te seën (vgl. Gen. 12:3). Hou in gedagte dat uitverkiesing in die OT op diens gerig was en nie redding nie. Israel se hoop op ewige verlossing was nie op geboortereg gebaseer nie (vgl. Joh. 8:35-59; Mat. 3:9), maar het saamgehang met persoonlike geloof en gehoorsaamheid (vgl. Gen. 15:6 aangehaal in Rom. 4). Israel se opdrag om 'n koninkryk van priesters te wees is aan die kerk oorgedra (vgl. Jes. 1:6; II Pet 2:5-9). Verkiesing is 'n mandaat en moenie in bevoorregting ontaard nie. Dis 'n indiensname, nie 'n spesiale status nie! God het een uitverkies ten einde almal te kies!

### **SPANNING DRIE** (voorwaardelike verbonde vs. onvoorwaardelike verbonde).

Daar is 'n teologiese spanning of paradoks tussen voorwaardelike en onvoorwaardelike verbonde. Dit is sekerlik waar dat God se verlossingsplan of doelwit onvoorwaardelik is (vgl. Gen. 15:12-21). Nietemin, die mandaat-menslike respons is altyd voorwaardelik!

Die "as...dan"-patroon kom dwarsdeur die Skrif in die OT en NT voor. God is getrou (onvoorwaardelik), maar die mens is ontrou (voorwaardes geld). Hierdie spanning (kontras) het tot baie verwarring aanleiding gegee. Uitleggers was geneig om net op een kant van die dilemma te fokus: oorbeklemtoning van God se getrouheid of die mens se aandeel, oorbeklemtoning van God se soewereiniteit of dat die mens 'n vrye wil het. Altwee kante van die saak is Bybelsgefundeerd en moet in ag geneem word.

Dit werp lig op God se beloftes aan Israel in die OT. Wat God ookal belof het, dit staan vas. God is aan sy beloftes gebonde. Dit gaan per slot van sake om sy reputasie (vgl. Eseg. 36:22-38). Die onvoorwaardelike en voorwaardelike van die verbonde word in Christus versoen en nie in Israel nie (vgl. Jes. 53). God se verbondstrou kom in verlossing tot uiting teenoor almal wat sonde bely en glo. Dit vra nie wie jou vader en moeder was nie. Israel (nageslag van Abraham) is nie die sleutel tot verlossing nie, maar al God se verbonde en beloftes word in Christus ontsluit. As daar 'n teologiese tussenstuk (parentese) in die Bybel voorkom is dit nie die kerk nie, maar Israel (vgl. Han. 7 en Gal. 3).

Die wêreldsending van die evangelie is aan die kerk oorgedra (vgl. Mat. 28:19-20; Luk. 24:47; Han 1:8). Dit is steeds 'n voorwaardelike verbond! Dit beteken nie dat God die Jode heeltemal verwerp het nie (vgl. Rom. 9-11). Daar mag 'n plek en 'n doel vir eindtyd, gelowige Israel wees (vgl. Sag. 12:10).

### **SPANNING VIER** (Literêre modelle van die Nabye Ooste vs. Westerse modelle).

Genre is 'n uiters belangrike element wanneer dit by Bybelontleding kom. Die kerk het in 'n Westerse (Griekse) kulturele milieu ontwikkel. Oosterse literatuur is veel meer figuurlik, metafories en simbolies as moderne, Westerse kulture se letterkundige modelle. Dit fokus op mense, ontmoetings en gebeure eerder as om die waarheid bondig te formuleer en aan te bied. Christene het al die fout begaan om hulle eie geskiedenis en literêre modelle te gebruik om Bybelse profesie (uit die OT sowel as NT) te ontleed. Elke generasie en geografiese entiteit het al sy kultuur, geskiedenis en letterlikheid gebruik om Openbaring te verklaar. Elkeen van hulle was verkeerd! Dit is arrogant om te dink dat moderne Westerse kultuur die fokus is van Bybelse profesie!

Die genre waarin die oorspronklike skrywer verkies het om te skryf, moet as 'n literêre kontrak met die leser beskou word. Die Openbaringboek is nie 'n geskiedkundige narratief nie. Dit is 'n samevoeging van briewe (hoofstukke 1-3), profesie en meestal apokaliptiese literatuur. Dit is net so verkeerd om die Bybel meer te laat sê as wat die oorspronklike skrywer se bedoeling was as wat dit is om die Bybel minder te laat sê! Ontleders se arrogansie en dogmatisme is slegs meer onvanpas in 'n boek soos Openbaring.

Die kerk kon nooit ooreenkom oor hoe Openbaring interpreteer moet word nie. My mening is dat na die Bybel in sy geheel geluister en daarvolgens gehandel moet word en nie net met voorkeur van gedeeltes nie. Die Bybel bied, weens sy Oosterse inkleding, waarheid in parestellings aan wat dikwels in spanning met mekaar verkeer. Ons Westerse manier om waarheid aan te bied, is nie ongeldig nie, maar ongebalanseerd. Ek is van mening dat die doodloopstraat waarin opeenvolgende geslagte hulle met uitleg van Openbaring bevind het die beste blyk uit die baie verskille in uitkoms van die uitleg. Vir die meeste uitleggers is dit volkome duidelik dat Openbaring in ooreenstemming met sy eie ontstaanstyd en genre uitgelê moet word. 'n Historiese uitleg moet afvra hoe die eerste lesers dit kon verstaan het en wat hulle daarin sou gehoor het. Vir baie hedendaagse uitleggers het die betekenis van veel van die simboliek in die boek verlore gegaan. Die hoofsaak van Openbaring was om verdrukke gelowiges te bemoedig. Soos in die profetisme, wou dit God se beheer in die geskiedenis beklemtoon; dit het bevestig dat die geskiedenis na 'n bepaalde punt van oordeel en seën (redding) aanbeweeg. Openbaring het in eerste-euse Joodse apokaliptiek die liefde van God aan die lesers voorgehou; sy teenwoordigheid, sy krag en oppermagtige heerskappy.

Dit, dan, is die teologie wat die Openbaringboek deur alle geslagte heen aan gelowiges deurgegee het. Die kosmiese stryd van goed en sleg word daarin vervat. Die agtergrondfeite van die eerste eeu mag vir ons verlore wees, maar nie die kragtige, vertroostende waarhede nie. Wanneer hedendaagse Westerse skrifverklaarders probeer om hulle eietydse historiese gebeure in Openbaring in te lees, val hulle daarmee in 'n vasgestelde patroon van valse uitleg vas!

Maar dit is heel moontlik dat vroeë besonderhede in die boek treffend vir die laaste geslag van gelowiges herhaal kan word met die opkoms van 'n leier wat 'n totaal anti-God kultuur sal voorstaan (vgl. II Tess. 2). Voordat voorspellings van Jesus (vgl. Mat. 24; Mark. 13; Luk. 21) en van Paulus (vgl. I Kor. 15:1; I Tess. 4-5; II Tess. 2) nie histories sigbaar word nie, kan niemand die letterlike vervulling van Openbaring aantoon nie. Raaiwerk, gissings en dogmatisme is hier volledig uit plek. Dit is na die aard van apokaliptiese literatuur om minder spesifiek en buigsam in aanbidding te wees. Wees daarom dankbaar teenoor God vir beeldryke, simboliese taal wat bo menings oor historiese gebeure uitstyg! Taal wat bloot sê dat God in beheer is! Hy regeer. Hy kom weer.

Die meeste moderne kommentare mis die punt van die genre! Moderne Westerse verklaarders soek dikwels 'n duidelike, logiese sisteem of teologie eerder as om regverdig te wees teenoor 'n dubbelsinnige, simboliese, dramatiese genre van Joodse apokaliptiese literatuur. Die waarheid word goed uitgedruk deur Ralph P. Martin in sy artikel: "Approaches to New Testament Exegesis," in die boek *New Testament Interpretation*, geredigeer deur I. Howard Marshall:

"Unless we recognize the dramatic quality of this writing and recall the way in which language is being used as a vehicle to express religious truth, we shall grievously err in our understanding of the Apocalypse, and mistakenly try to interpret its visions as though it were a book of literal prose and concerned to describe events of empirical and datable history. To attempt the latter course is to run in all manner of problems of interpretation. More seriously it leads to a distortion of the essential meaning of apocalyptic and so misses the great value of this part of the New

Testament as a dramatic assertion in mythopoetic language of the sovereignty of God in Christ and the paradox of his rule which blends might and love,” (vgl. 5:5,6; die Leeu is die Lam, bl. 235).

W. Randolph Tate in sy boek, *Biblical Interpretations*, redeneer as volg:

“No other genre of the Bible has been so fervently read with such depressing results as apocalypse, especially the books of Daniel and Revelation. This genre had suffered from a disastrous history of misinterpretation due to fundamental misunderstanding of its literary forms, structure, and purpose. Because of its very claim what is shortly to happen, apocalypse has been viewed as a road map into a blueprint of the future. The tragic flaw in this view is the assumption that the book’s frame of reference is the reader’s contemporary frame rather than the author’s. This misguided approach to apocalypse (particularly Revelation) treats the work as if it were a cryptogram by which contemporary events can be used to interpret the symbol of the text. . First the interpreter must recognize that apocalyptic communicates its messages through symbolism. To interpret a symbol literally when it is metaphoric is simply to misinterpret. The events may be historical; they may have really happened, or might happen, but the author presents events and communicates meaning through images and archetypes,” (bl. 137).

Vanuit *Dictionary of Biblical Imagery*, onder redaksie van Ryken, Wilhost en Longman III:

“Today’s readers are often puzzled and frustrated by this genre. The unexpected imagery and out of this world experiences seem bizarre and out of sync with most of Scripture. Taking this literature at face value leaves many readers scrambling to determine ‘what will happen when,’ thus missing the intent of the apocalyptic message,” (bl. 35).

### **SPANNING VYF** (die koninkryk van God as teenwoordig dog komend)

Die koninkryk van God is hier, maar ook nog toekomstig. Juis in eskatologie kom hierdie teologiese paradoks sterk na vore. As ‘n mens letterlike vervulling van alle OT-profesieë aan Israel verwag, sal die koninkryk oorwegend ‘n geografiese landskap moet wees vir besetting deur Israel. Dit sal ‘n teologiese voorvereiste moet wees. Die kerk sal stilweg in hoofstuk 5 uit die Boek moet verdwyn en die res van die hoofstukke sou oor Israel handel (let egter op Openb. 22:16).

Indien die fokus egter is op die koninkryk wat aangebring word deur die beloofde OT-Messias, dan is dit daar met Christus se eerste koms. Dan word die fokus die inkarnasie, lewe, leringe, dood en opstanding van Christus. Die teologiese klem is op ‘n huidige verslossing. Die koninkryk het gekom, die OT is vervul in Christus se aanbod van verlossing vir almal, nie sy duisendjaar regering oor sommige nie!

Dit is sekerlik waar dat die Bybel spreek van beide komste van Christus, maar waar behoort die klem geplaas te word? Vir my wil dit voorkom of die klem val op die eerste koms en die totstandkoming van die Messiaanse koninkryk (vgl. Daniël 2). In die OT is die fokus op die ewige heerskappy van God, maar die meganisme vir daardie heerskappy se manifestasie is die bediening van die Messias (vgl. I Kor. 15:26-27). Die vraag is nie watter een is waar nie; albei is waar, maar waar val die klem? Dit moet gesê word dat sekere verklaarders soveel fokus op die millenniale heerskappy van die Messias (vgl. Openbaring 20) dat hulle die Bybelse fokus op die ewige heerskappy van die Vader miskyk. Christus se heerskappy is ‘n voorlopige gebeurtenis. Nes die twee komste van Christus nie ooglopend was in die OT nie, is ‘n temporele heerskappy van die Messias ook nie!

Die koninkryk van God is die kern van Jesus se prediking. Dit is teenwoordig (in verlossing en diens) en toekomstig (in standhoudbaarheid en mag). Openbaring, indien dit fokus op ‘n Messiaanse millenniale heerskappy (vgl. Openbaring 20), is voorlopig, nie die uiteinde nie (vgl. Openbaring 21-22). Dit is nie duidelik uit die OT dat ‘n tydelike heerskappy nodig is nie; om die waarheid te sê, die Messiaanse heerskappy van Daniël 7 is vir ewig, nie millenniaal nie.

### **SPANNING SES** (die naderende koms van Christus vs. die vertraagde *Parousia*)

Die meeste gelowiges was leerstellig onder die indruk dat Christus spoedig sou kom, skielik en onverwags (vgl. Mat. 10:23; 24:27,34,44; Mark. 9:1; 13:30; Openb. 1:1,3; 2:16; 3:11; 22:7,10,12,20). Maar elke generasie se verwagtinge was sover verkeerd. Die spoedigheid van Jesus se wederkoms was die inspirerende hoop van elke geslag, maar die werklikheid daarvan sal net een geslag ervaar, en hulle sal ‘n vervolgte geslag wees. Gelowiges moet leef asof Hy môre kom, maar intussen die beplanning en uitvoering van die groot opdrag in werking stel (vgl. Mat. 28:19-20) indien Hy sy tyd vat.

Sommige gedeeltes in die evangelies (vgl. Mark. 13:10; Luk. 17:2; 18:8) en I en II Tessalonisense veronderstel ‘n vertraagde wederkoms (*Parousia*). Sekere historiese gebeurtenisse moet eers plaasvind.

1. wêreldwye evangelisasie (vgl. Mat. 24:14; Mark. 13:10)
2. openbaring van die ‘mens van sonde’ (vgl. Mat. 24:15; II Tess. 2; Openb. 13)
3. die groot vervolging (vgl. Mat. 24:21,24; Openb. 13)

‘n Doelbewuste dubbelsinnigheid is in die *Parousia* ingebou (vgl. Mat. 24:42-51; Mark. 13: 32-36)! Leef elke dag asof dit jou laaste is, maar beplan en maak gereed vir toekomsbediening!

### **KONSEKWENTHEID EN BALANS**

Dit is so dat die verskillende skole van eskatologiese verklaring almal iets van die waarheid beet het, miskien die spreekwoordelike ‘halwe waarheid’. Hulle verklaar en verduidelik wel sommige tekste. Die probleem ontstaan egter as konsekwentheid en balans ontbreek. Daar is dikwels ‘n reeks voorveronderstellings wat die Bybelse teks gebruik om die voorafbepaalde teologiese raamwerk uit te vul. Die Bybel onthul nie ‘n logiese, kronologiese, sistematiese eskatologie nie. Dit is soos ‘n familie-album. Die foto’s is eg, maar nie altyd in volgorde, in konteks of logies gegroepeer nie. Van die foto’s het uit die album uitgeval sodat latere generasies van familieledede nie weet presies hoe om hulle terug te plak nie. Die

sleutel tot 'n goeie interpretasie van Openbaring is die bedoeling van die oorspronklike skrywer soos aangetoon deur sy verkose literêre genre. Die meeste verklaarders probeer om hulle eksegetiese gereedskap en prosedures uit ander genres van die NT verkry ook te gebruik vir hulle interpretasie van Openbaring. Hulle fokus op die OT in plaas daarvan om die leringe van Jesus en Paulus toe te laat om die teologiese strukture daar te stel sodat Openbaring tot sy reg kan kom as illustrasie.

Ek moet toegee dat ek 'n verklaring van Openbaring met vrees en versigtigheid aanpak. Nie oor die vloek uitgespreek in 22:18-19 nie, maar oor die vlak van meningsverskil wat onder die kerklike gemeenskappe voorgekom het en nog steeds voorkom. Ek gee baie om vir God se openbaring. Dit is die waarheid in 'n mensdom vol leuenars (vgl. Rom. 3:4)! Neem die kommentaar as gedagteprikkend en nie bepalend nie; as 'n padteken, nie 'n padkaart nie; as 'n 'wat as', eerder as 'n 'so spreek die Here.' Ek het my tekortkominge, vooroordele en teologiese agenda in die gesig gestaar. Ek het ook dié van ander uitleggers gesien. Dit wil amper voorkom dat mense in Openbaring vind watookal hulle verwag om te vind. Die genre leen homself tot misbruik! Nietemin, dit is in die Bybel vir 'n rede. Sy plasing as die slotwoord is nie per ongeluk nie. Daar is 'n boodskap vir elke generasie van God se kinders. God wil hê ons moet verstaan! Laat ons saamstaan en nie kampe vorm nie; laat ons dit wat helder en sentraal is bevestig, nie alles wat dalk, miskien of moontlik waar kan wees nie. God help ons almal!

**5:5 “kinders van die lig en kinders van die dag”** Dit is twee Semitiese idioome vir die regverdiges (vgl. Luk. 16:8; Joh. 1:4-9; 3:17-21; 8:12; 11:9-10; 12:35-36,46; Ef. 5:8; I Joh. 1:5,7; 2:8-10). Hierdie metaforiese dualisme van lig teenoor donkerte is kenmerkend van die Antieke Nabye-Ooste. Dit is 'n herhalende tema in die apostel Johannes se geskrifte en in die Dooie-See Boekrolle.

**5:6 “Laat ons dan nie slaap”** Dit is 'n ander woord as 4:13 e.v. Dit word dikwels gebruik in die NT vir morele onverskilligheid (vgl. Mark. 13:36; Ef. 5:14). Let op die drie verskillende gebruike van 'slaap' (*katheudō*): (1) tekort aan morele waaksaamheid, (vers 6); (2) fisiese rus, (vers 7); (3) dood, (vers 10).

▣	<b>OAV, NAV</b>	<b>“soos die ander nie”</b>
	<b>NASB, NKJV, NRSV</b>	<b>“as others do”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“like the others”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“as everyone else does”</b>

Dit is letterlik 'die oorblyfsels' of 'die res'. Dit is dieselfde term wat in 4:13 gebruik word om ongelowiges te beskryf wat geen hoop het nie.

▣ **“laat ons waak en nugter wees”** Vers 6 het drie TEENWOORDIGE AKTIEWE SUBJUNKTIEWE. Die eerste is NEGATIEF: “Laat ons dan nie slaap nie.” Die volgende twee is POSITIEF: “Laat ons waak en nugter wees.” Hierdie beklemtoon voortdurende ywerigheid, maar met 'n element van toeval. Sommige gelowiges slaap en is nie waaksaam of nugter nie. Waaksaamheid is 'n algemene tema in die NT vir Christene wat betref die wederkoms (vgl. Mat. 24:42-43; 25:13; Mark. 13:34; Luk. 21:34). Beide “waak” en “nugter” word metafories gebruik. “Nugter” in verse 6 en 8 word gebruik van verstandelike waaksaamheid of selfbeheer (vgl. II Tim. 4:5; I Pet. 1:13; 4:7; 5:8).

**5:8 “met die. . .aan”** Dit is 'n AORISTUS MEDIUM-DEELWOORD wat kan lees 'wat eenmaal vir ons almal self aangesit het'. Hierdie gebruik is baie soortgelyk aan Rom. 13:12; Ef. 6:11-14 wat Jes. 59:17 reflekteer. Paulus gebruik hierdie militêre uitrustingsmetafoor dikwels, maar gebruik nie altyd wapenrusting om dieselfde Christen-eienskappe uit te beeld nie. Gelowiges moet persoonlik hulleself toerus met die geestelike wapenrusting deur Christus beskikbaar gestel. Volwassenheid se beskerming is nie outomaties nie (vgl. vers 7).

▣ **“geloof. . . liefde. . . hoop”** Dit was Paulus se gunsteling drie Christen-waardes (vgl. Rom. 5:2-5; Gal. 5:5-6; Kol. 1:4-5; I Tess. 1:3; Heb. 6:10-12; I Pet. 1:21-22). Hulle vorm 'n skakel vanaf aanvanklike geloof tot volbringde geloof.

▣ **“hoop”** Dit word dikwels gebruik om na die wederkoms te verwys, veral in I & II Tesselonisense. Sien Vir Spesiale Aandag: Hoop by Gal. 5:5.

**5:9 “om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus”** God se liefde vloei na ons slegs deur Christus. Hy is die enigste weg (vgl. Joh. 14:6); die deur (Joh. 10:1-3); die enigste tussenganger (I Tim. 2:5).

## **VIR SPESIALE AANDAG: GRIEKSE WERKWOORDTYE WAT VIR VERLOSSING GEBRUIK WORD**

Verlossing is nie 'n produk nie, maar 'n verhouding. Dit is nie afgehandel wanneer 'n mens tot vertrouwe in Christus kom nie; dit het maar net begin! Dit is nie 'n versekeringspolis teen 'brand' nie, ook nie 'n enkelkaartjie 'hemel toe' nie. Dit is 'n lewe waarin die gesindheid van Christus toenemend tot uitdrukking kom.

### **VERLOSSING AS AFGEHANDELDE AKSIE (AORISTUS)**

– Han. 15:11

- Rom. 8:24
- II Tim. 1:9
- Tit. 3:5
- Rom. 13:11 (waarin die AORISTUS met 'n FUTURUM gekombineer word)

#### **VERLOSSING AS 'N GEGEWE WERKLIKHEID (PERFEKTUM)**

- Ef. 2:5, 8

#### **VERLOSSING AS 'N VOORTGAANDE GEBEURTENIS (PRAESENS)**

- I Kor. 1:18; 15:2
- II Kor. 2:15
- I Pet. 3:21

#### **VERLOSSING AS 'N TOEKOMSTIGE DOELWIT (FUTURUM in die WERKWOORD of die konteks)**

- Rom. 5:9, 10; 10:9-13
- I Kor. 3:15; 5:5
- Fil. 1:28;
- I Tess. 5:8-9
- Heb. 1:14; 9:28
- I Pet. 1:5

Daarom begin verlossing met 'n aanvanklike geloofsbesluit (vgl. Joh. 1:12; 3:16; Rom. 10:9-13), maar dit moet in lewensstylgeloof uitloop (vgl. Rom. 8:29; Gal. 2:19-20; Ef. 1:4; 2:10), wat eendag sigtelik volbring sal word (vgl. I Joh. 3:2). Hierdie finale stand word verheerliking genoem. Dit kan uitgebeeld word as

1. aanvanklike verlossing---regverdigmaking (gered van die lot van sonde)
2. progressiewe verlossing---heiligmaking (gered van die mag van sonde)
3. finale verlossing---verheerliking (gered van die aanwesigheid van sonde)

**5:10 “wat vir ons gesterf het”** Dit gee uitdrukking aan die skokkende plaasvervangende opoffering wat Jesus ter wille van ons gemaak het (vgl. Jes. 53; Mark. 10:45; II Kor. 5:21).

▣ **“of ons waak en of ons slaap”** Daar is twee ontledingsopsies: (1) die kerk was bekommerd oor die lede van die verbond wat gesterf het of (2) Jesus het selfs vir daardie gelowiges gesterf wat nie waaksaam en nugter is nie.

▣ **“saam met Hom kan lewe”** Die hemel is sonder twyfel 'n plek (vgl. Joh. 14:2-3a), maar dit is hoofsaaklik saam met Jesus wees (vgl. Joh. 14:3c; II Kor. 5:6,8). Die hemel, soos verlossing, is 'n persoonlike verhouding!

**5:11 “bemoedig mekaar”** Dit is 'n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF. “Bemoedig” is van dieselfde wortel as ‘*paraciētos*’ (vgl. Joh. 14-16,26; 15:26; 16:17; I Joh. 2:1). Paulus se bespreking van die vervoering (vgl. 4:13-18) eindig in 'n etiese predikingsbekentenis (vgl. I Kor. 15:58; Ef. 4:13). Doktrine behoort 'n heilige lewensstyl aan te moedig (vgl. Luk. 12:48).

▣ **“en bou die een die ander op”** Dit is nog 'n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF. Die verwagting van Christus se terugkeer en die hemel behoort ons te motiveer om vir mekaar te preek, nie om te baklei oor mededingende menslike eskatologiese sisteme nie!

#### **VIR SPESIALE AANDAG: TOELIGTING**

Hierdie term *oikodomeō* en sy ander vorme word dikwels deur Paulus gebruik. Letterlik beteken dit ‘om 'n huis te bou’ (vgl. Mat. 7:24), maar later het dit metaforiese betekenis verkry:

1. Christus se liggaam, die kerk, I Kor. 3:9; Ef. 2:21; 4:16
2. opbou
  - a. swak broers, Rom. 15:1
  - b. bure, Rom. 15:2
  - c. mekaar, Ef. 4:29; I Tess. 5:11
  - d. die heiliges vir bediening, Ef. 4:11
3. ons bou op of lig toe deur
  - a. liefde, I Kor. 8:1; Ef. 4:16
  - b. persoonlike vryhede te beperk, I Kor. 10:23-24
  - c. spekulasie te vermy, I Tim. 1:4
  - d. sprekers is bedieningsdienste te beperk (sangers, leraars, profete, tongesprekers en interpreteerders), I Kor. 14:3-4,12
4. alle dinge behoort te toe te lig
  - a. Paulus se gesag, II Kor. 10:8; 12:19; 13:10
  - b. opsommende stellings in Rom. 14:19 en I Kor. 14:26

## OAV TEKS: 5:12-22

<sup>1</sup>MAAR ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; <sup>13</sup>en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar. <sup>14</sup>En ons versoek julle, broeders, vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes, wees lankmoedig teenoor almal. <sup>15</sup>Sorg dat niemand 'n ander kwaad vir kwaad vergeld nie; maar jaag altyd na wat goed is, teenoor mekaar sowel as teenoor almal. <sup>16</sup>Wees altyddeur bly. <sup>17</sup>Bid sonder ophou. <sup>18</sup>Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle. <sup>19</sup>Blus die Gees nie uit nie. <sup>20</sup>Verag die profesieë nie. <sup>21</sup>Beproof alle dinge, behou die goeie. <sup>22</sup>Onthou julle van elke vorm van kwaad.

**5:12 “broeders”** Dit word dikwels deur Paulus gebruik om 'n skuif na 'n ander onderwerp aan te dui (vgl. 4:13; 5:1), maar nie altyd nie (vgl. 5:14 en 25,26). Hier toon dit dat Paulus die hele kerk aanspreek.

- OAV, NAV “erken”
- NASB “appreciate”
- NKJV “recognize”
- NRSV “respect”
- TEV “to pay proper respect”
- NJB “be considerate”

Dit is 'n PERFECTUM INFINITIEF, letterlik: ‘om te ken’, gebruik in die sin van ‘om te waardeer’, ‘om respek te betoon’, ‘om die waarde van te erken’ of ‘die waarde van te ken’. Gelowiges moet gepas en respekvol teenoor Godgeroepe leierskap reageer (vgl. I Kor. 16:18; Fil. 2:29; I Tim. 5:17).

- OAV “die wat onder julle arbei”
- NAV “die mense wat so hard onder julle werk”
- NASB “those who diligently labor amongst you”
- NKJV, NRSV “those who labor among you”
- TEV “to those who work among you”
- NJB “those who are working amongst you”

Hierdie term vir ‘arbeid’ beteken ‘veeleisende moeite’ (vgl. I Kor. 16:16). Hierdie hele gedeelte blyk te verwys na 'n problematiese houding onder die kerklede teenoor sy leierskap.

1. “die wat onder julle arbei” (TEENWOORDIGE AKTIEWE DEELWOORD)
2. “en julle voorgangers” (TEENWOORDIGE MEDIUM DEELWOORD)
3. “en julle vermaan” (TEENWOORDE AKTIEWE DEELWOORD). Daar is een VOEGWOORD in die Griekse teks, gevolg deur hierdie drie beskrywende frases. Al die DEELWOORDE verwys na leierskap.

■ **“julle voorgangers in die Here”** Dit is letterlik ‘om voorgesit te word’. Hulle sal vir God vertel van hulle bediening (vgl. I Kor. 3:10-17; Heb. 13:17).

■ **“julle vermaan”** Dit is letterlik ‘sin insit’. Dit word gewoonlik vertaal met ‘die onordelikes vermaan’.

**5:12-22** Daar is 'n reeks van vyftien TEENWOORDIGE IMPERATIEWE wat gelowiges aanmoedig om gepas te lewe in 'n gevalle wêreld op die rand van vernietiging. Ons heilige lewens lei verlore mense na Christus.

- 5:13 OAV “en bewys hulle in liefde die hoogste agting”
- NAV “Betoon in liefde die hoogste agting”
- NASB, NKJV, NRSV “esteem them very highly in love”
- TEV “Treat them with the greatest respect and love”
- NJB “Have the greatest respect and affection for them”

Die SPRAAKVORM is 'n TEENWOORDIGE INFINITIEF wat voortgaande persoonlike optrede beklemtoon. Die BYWOORD is 'n trippel-saamgestelde term wat driekeer deur Paulus gebruik word (vgl. Ef. 3:20; I Tess. 3:10). Gelowiges behoort hulle leiers te respekteer (vgl. I Kor. 16:18; Fil. 2:29; I Tim. 5:17). Sien Vir Spesiale Aandag: Paulus se Gebruik van *Huper*-verbandings by Gal. 1:13.

■ **“ter wille van hulle werk”** Leierskap is 'n gawe van God (vgl. Ef. 4:11-13). Wanneer Hy die opdrag gee, vereer Hy die opdrag, nie noodwendig die persoon wat dit moet uitvoer nie. Die term vertaal as “werk” in vers 13 is verskillend van die een in vers 12. Hierdie hardwerkende groep leiers word moontlik teenoor dié gestel wat weier om te werk (vgl. vers 14 en II Tess. 3:6-11).

■ **“Hou vrede onder mekaar”** Dit is 'n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF, 'n blywende opdrag vir gelowiges en 'n algemene NT-vermaning (vgl. Mark. 9:50; Rom. 12:18; II Kor. 13:11). Dit weerspieël 'n algemene probleem in die kerke. Christenskap verwelkom mans en vrouens van baie verskillende agtergronde (vgl. Rom. 14:1-15:13; I Kor. 8:1-13; 10:23-33).

**5:14 “broeders”** Hierdie vers verwys waarskynlik hoofsaaklik na die leiers (vgl. vers 27), maar die dinge wat genoem word geld vir alle gelowiges. Dit is ook waar van I Timoteus 3. NT-Christenskap tref nie ’n onderskeid tussen ‘klerke’ en ‘leke’ nie. Ons is almal God-geroepe, Gees-gevulde dienaars van Jesus (vgl. Ef. 4:11-13). Vanuit hierdie familie van begaafde dienaars kies God leiers!

- ☐ OAV “vermaan die onordelikes”
- NAV “Wys die leeglêers onder julle tereg”
- NASB “admonish the unruly”
- NKJV “warn those who are unruly”
- NRSV “to admonish the idlers”
- TEV “warn the idle”
- NJB “warn the idlers”

Dit begin ’n reeks van TEENWOORDIGE IMPERATIEWE, wat dui op aangaande gedrag of gewoontes. Daar is vyftien IMPERATIEWE in verse 12-22. Hierdie een kan een van twee betekenisse hê: (1) ’n militêre term vir onordelike gedrag; of (2) gebruik in die Koine Griekse papirusse van Egipte vir ‘onordelikes’. Die tweede konnotasie pas die konteks van die brief beter (vgl. II Tess. 3:7-16).

- ☐ OAV “bemoedig die kleinmoediges”
- NAV “praat die kleinmoediges moed in”
- NASB, NRSV “encourage the fainthearted”
- NKJV “comfort the fainthearted”
- TEV “encourage the timid”
- NJB “give courage to those who are apprehensive”

’n TEENWOORDIGE MEDIUM [deponent] IMPERATIEF, dit is letterlik ‘klein-verstandig’. Die KJV het “feeble-minded”, maar dit is eintlik gebruik in die sin van “kleinmoediges” (vgl. Rom. 14:1-15:13; I Kor. 8; 10:23-33). Dit mag ’n heenwysing wees op Jes. 35:4 in die Septuaginta.

☐ **“ondersteun die swakkes”** Hierdie TEENWOORDIGE MEDIUM IMPERATIEF word gebruik in die sin van liggaamlike en/of verstandelike swakheid. Dit toon moontlik diselfde tipe Christen-eienskappe as Rom. 14:1-15:13 (d.w.s. I Kor. 8:7; 9:22) of dit kan verwys na ’n fisiese probleem.

☐ **“wees lankmoedig teenoor almal”** Dit is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF. Dit is ’n opdrag om immer geduldig te bly en nie kort van humeur te wees nie (vgl. I Kor. 13:4; Ef. 4:2). Dit is gerig op leiers sowel as gewone mense. Dit verskaf ons ook ’n blik op die probleme van die vroeë kerke.

Daar is twee Griekse terme wat as ‘lankmoedig’ vertaal word: (1) *makrothomia* en (2) *hupomonē*. Dit word saam gelys in II Kor. 6:6; Gal. 5:22; Kol. 1:11; II Tim. 3:10. Die eerste een word gebruik in hierdie teks. Dit kan verwys na ’n eienskap van God (vgl. LXX of Jes. 57:15; Rom. 2:4; 9:22; I Pet. 3:20; II Pet. 3:9). Gelowiges behoort die karakter (beeld) van die Vader na te boots.

Dit word ook gebruik van geduld met (1) iets, vgl. Heb. 6:12; Jak. 5:7,8 of (2) iemand, vgl. Mat. 18:26,29; I Kor. 13:1; I Tess. 5:14; Jak. 5:10. Dit is bewys van geestelike volwassenheid en ’n Christelik lewe.

**5:15 “Sorg dat niemand ’n ander kwaad vir kwaad vergeld nie”** Dit is nog ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF (vgl. Mat. 5:44; Rom. 12:17-21; I Pet. 3:9). Gelowiges moet anders reageer as ongelowiges. Gelowiges behoort uit liefde op te tree, nie uit woede nie. Moeilike en onregverdiges situasies is dikwels die mees effektiewe geleentheid vir getuienis.

- ☐ OAV “maar jaag altyd na wat goed is”
- NAV “Beywer julle liever altyd vir die belange”
- NASB “always seek after that which is good”
- NKJV “always pursue what is good”
- NRSV “always seek to do good”
- TEV “at all times make it your aim to do good”
- NJB “you must all think of what is best”

Hierdie TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF is letterlik ‘hou aan om die goeie na te streef’ (vgl. vers 21; Rom. 12:9). Die term ‘goed’ hier is *agathos*, wat gewoonlik ’n morele eienskap beklemtoon. Maar mens wonder hoe dit in verband staan met die volgende frase: “teenoor mekaar sowel as teenoor almal.” Die term *kalos* (goed of mooi) word gebruik in vers 21. Daar is ’n groot semantiese oorvleueling tussen hierdie twee terme in Koine Grieks. Behoort daar ’n onderskeid getref te word? Albei onmiddellike kontekste verwys na ‘boosheid’ (vgl. verse 15a, 22). Vers 15 hou verband met Christen-optrede teenoor gelowiges en ongelowiges (alle mense), maar vers 21 hou verband met die ontleding van Christenleiers of gawes. Ek dink op die oomblik dat hulle sinonieme is. Daar was ’n vereenvoudiging van grammatika en woordeskat in die Koine Grieks van Paulus se tyd. Vir ’n goeie bespreking van *kalos*, sien William Barclay se *New Testament Words*, bl. 151-161.

■ **“teenoor mekaar sowel as teenoor almal”** Dit is baie soos vers 14 en 3:12. Gelowiges moet die belange van die gemeenskap bo persoonlike belang plaas (vgl. Rom. 12:10; I Kor. 12:7; Fil. 2:1-5). Hoe gelowiges ander gelowiges behandel behoort veralgemeen te word tot die manier wat hulle nie-gelowiges ook behandel (vgl. Gal. 6:10).

**5:16 “Wees altyddeur bly”** Hierdie TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF is die tema van die Filippense-boek (vgl. 2:18; 3:1; 4:4,10). Dit is ’n wêreldsiening gebaseer op ons verhouding met Christus en ons verbondsverhouding met ander Christene, nie op omstandighede nie (vgl. Rom. 8:31-39).

**5:17 “Bid sonder ophou”** Nog ’n TEENWOORDIGE MEDIUM [deponent] IMPERATIEF, moet dit verwys na die lewenstylgebed, ’n oomblik tot oomblik vertrouensvriendskap met God (vgl. 1:3; 2:13). Paulus het ’n behoefte aan gebed ervaar en geglo dat dit sy bediening beïnvloed (vgl. vers 25; Ef. 6:18-19; II Tess. 3:1).

<b>5:18 OAV</b>	<b>“Wees in alles dankbaar”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Wees in alle omstandighede dankbaar”</b>
<b>NASB, NKJV</b>	<b>“in everything give thanks”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“give thanks in all circumstances”</b>
<b>TEV</b>	<b>“be thankful in all circumstances”</b>
<b>NJB</b>	<b>“for all things give thanks to God”</b>

Dit is nog ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF. Omstandighede moenie ons danksegging of ons vreugde bepaal nie (vgl. Rom. 8:26-30,31-39; Ef. 5:20). Onthou dat danksegging behoort te vloei nie ‘vir alle dinge’ nie, maar ‘onder alle omstandighede’. Sien Vir Spesiale Aandag: Paulus se lof, gebed en danksegging by Gal. 6:18. Sien Vir Spesiale Aandag: Danksegging by I Tess. 1:2.

■ **“die wil van God”** Dit is letterlik ‘’n wil van God’, soos Ef. 5:17. Die wil van God is dat gevalle mens in Christus sal go (vgl. Joh. 6:29). Hierna is daar verskeie ‘wille’ van God. Een is om te jubel en dankbaar te wees, selfs tydens ontberinge en konflik. Sien Vir Spesiale Aandag by 4:3.

<b>5:19 OAV</b>	<b>“Blus die Gees nie uit nie”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Moenie die Heilige Gees teenstaan nie”</b>
<b>NASB, NKJV, NRSV</b>	<b>“Do not quench the Spirit”</b>
<b>TEV</b>	<b>“Do not restrain the Holy Spirit”</b>
<b>NJB</b>	<b>“Never try to suppress the Spirit”</b>

Verse 19-20 is TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEWE met die NEGATIEWE DEELWOORD, wat gewoonlik beteken dat ’n handeling in proses gestop moet word. Die Williams-vertaling het “stop stifling the Spirit.” Die vyf IMPERATIEWE van verse 19-22 moet saamgaan. Die eerste twee NEGATIEWE IMPERATIEWE van verse 19 en 20 stel die grense vir die drie POSITIEWE IMPERATIEWE van 21-22. “Blus” beteken ‘om ’n vuur uit te sit’. Ons aksies affekteer die werk van die Gees (vgl. Jes. 63:10; Ef. 4:30).

## **VIR SPESIALE AANDAG: DIE HEILIGE GEES AS PERSOON**

In die OT was die “Gees van God” (*Ruach*) ’n krag ter uitvoering van JHWH se doelstellings, maar daar was geen aanduiding van persoonskap nie (vgl. monoteïsme). Die NT skryf egter ’n volledige persoonlikheid (of persoonskap) aan hom toe.

1. Daar kan teenoor Hom gelaster word (vgl. Mat. 12:31; Mark. 3:29)
2. Hy onderrig (vgl. Luk. 12:12; Joh. 14:26)
3. Hy lewer getuïenis (vgl. Joh. 15:26)
4. Hy veroordeel en gee leiding (vgl. Joh. 16:7-15)
5. Die VOORNAAMWOORD “wie” word gebruik om Hom aan te dui (bv. *Hos.* – Ef. 1:14)
6. Hy kan bedroef word (vgl. Ef. 4:30)
7. Hy kan “geblus” word (vgl. I Tess. 5:19)

Trinitariese tekste spreek ook van drie persone (hier is drie van vele).

1. Mat. 28:19
2. II Kor. 13:14
3. I Pet. 1:2

Die Gees word geassosieer met menslike aktiwiteit.

1. Han. 15:28
2. Rom. 8:26
3. I Kor. 12:11
4. Ef. 4:30

Heel aan die begin van Handeling word die aktiwiteit van die Gees beklemtoon. Pinkster was nie die begin van die werk van die Gees nie, maar ’n nuwe hoofstuk. Jesus het altyd die Gees gehad. Jesus se doop was nie die begin van die Gees se werk nie, eerder ’n nuwe hoofstuk. Lukas berei die kerk voor op ’n nuwe hoofstuk van effektiewe bediening. Jesus is steeds die fokus. Die Gees is steeds die effektiewe agent. Die Vader se liefde, vergifnis en herstel van alle mense om sy beeld te vertoon, is steeds die doel!



<b>5:20</b>	<b>OAV</b>	<b>“Verag die profesieë nie”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Moenie uitsprake van dié wat die boodskap van God verkondig, geringskat nie”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“do not despise prophetic utterances”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“Do not despise prophecies”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“Do not despise the words of prophets”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“do not despise inspired messages”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“never. . .treat the gift of prophecy with contempt”</b>

Die definisie van ‘profesie’ in die NT is veelbesproke. Die gawe word ingesluit in die lys van geestelike gawes in I Kor. 12:28-29 en Ef. 4:11. Hoe die Skrif-skrywende profete van die OT in verband staan met die post-apostoliese gawes van ‘profesie’ is onseker. Die meeste kundiges wil inspirasie/openbaring beperk tot die NT-tydperk (vgl. Judas 3,20).

NT-profete is duidelik nie sinoniem met OT-profete nie. Die NT-gawe hou normaalweg verband met praktiese toepassingskwessies, nie nuwe openbarende inligting nie. Nietemin, daar is ’n voorskrywende element in Han. 11:27-30 en 21:10-11. In I en II Korintiërs beteken profesie (vgl. I Kor. 13:1; 14:1,39) om die evangelie te verkondig. Presies hoe hierdie verkondiging verskil tussen apostels, profete, evangeliste, pastore en leraars is onseker.

Vers 20 is op ’n manier verwant aan vers 19. Presies hoe dit inpas by die Tessalonisense kerk is onseker. Gelowiges moet vals leraars ten uiterste verwerp, maar goddelike leraars geesdriftig verwelkom.

<b>5:21</b>	<b>OAV</b>	<b>“Beproof alle dinge”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“maar toets dit alles”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“examine everything carefully”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“Test all things”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“test everything”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“Put all things to the test”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“think before you do anything”</b>

Dit is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF. Dit is letterlik: ‘en alle dinge bewys.’ In konteks kan dit verwys na (1) kerkleiers, (2) geestelike gawes, (3) ’n geestelike boodskap, of (4) doktrine. Die woord (*dokimazō*, sien Vir Spesiale Aandag by 3:5) impliseer ‘om te toets om te verbeter’ (vgl. I Kor. 12:10; 14:29; I Joh. 4:1 e.v.) Sommige dinge skyn geestelike te wees, maar is eintlik nie (vgl. Mat. 7:21-23; Kol. 2:16-23).

### **VIR SPESIALE AANDAG: MOET CHRISTENE MEKAAR OORDEEL?**

Daar kan op twee maniere hierna gekyk word: allereers word gelowiges vermaan om mekaar nie te oordeel nie (vgl. Mat. 7:1-5; Luk. 6:37, 42; Rom. 2:1-11; Jak. 4:11-12); tog word gelowiges aangemoedig om leiers te evalueer (vgl. Mat. 7:6, 15-16; I Kor. 1:29; I Tess. 5:21; I Tim. 3:1-13; I Joh. 4:1-6).

Sekere kriteria mag vir evaluasie van nut wees:

1. evaluasie moet met die oog op bevestiging en aanvaarding gedoen word (vgl. I Joh. 4:1 – “toets” met die oog op aanvaarding)
2. evaluasie word met ’n nederige en vriendelike ingesteldheid gedoen (vgl. Gal. 6:1)
3. evaluasie moet nie op sake van persoonlike voorkeur fokus nie (vgl. Rom. 14:1-23; I Kor. 8:1-13; 10:23-33)
4. evaluasie moet daardie leiers in die kerk en gemeenskap identifiseer wat nie altyd reg is om te kritiseer nie (vgl. I Tim. 3).

■ **“behou die goeie”** “Behou” is nog ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF. Dit hou oënskynlik verband met die dinge wat beproef word. Dit is die Griekse term *kalos* (goed of beeldskoon), nie *agathos* soos in vers 15 nie.

**5:22 “Onthou julle van elke vorm van kwaad”** “Onthou” is ’n TEENWOORDIGE MEDIUM IMPERATIEF. “Kwaad” kan MANLIK of NEUTRAAL wees. Dit veroorsaak probleme in passasies soos Mat. 6:13, want die teks kan verwys na Satan of kwaad oor die algemeen. In hierdie konteks kan dit bese persone of boosheid oor die algemeen wees. Daar is geen klem op vals leraars in I Tessalonisense nie. Daarom is dit heel moontlik parallel met die generiese “goed” in vers 21.

Die frase “elke vorm van” kan op twee maniere verstaan word: (1) KJV vertaal dit as “every appearance of evil” soos in Lukas 9:29. Dit is ook die manier waarop die vroeë kerkvaders die term verstaan het; of (2) die *Didache* 3:1 gebruik klaarblyklik die term in ’n algemene sin vir ‘alle boosheid’, nie net oënskynlik nie, maar ware boosheid.

### **OAV TEKS: 5:23-24**

<sup>23</sup>En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! <sup>24</sup>Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen.

**5:23 “mag Hy, die God van vrede”** Dit is ’n algemene frase in die slotte van Paulus se briewe (vgl. Rom. 15:33; 16:20; II Kor. 13:11; Fil. 4:6; II Tess. 3:16). Wat ’n wonderlike, beskrywende titel vir godheid!

☐ **“heilig maak. . .bewaar word”** Hierdie is albei AORISTUS OPTATIEWE, wat die MODUS van wens of gebed is. Paulus het gebed dat gelowiges heilig gemaak en bewaar word deur God. Dit toon dat heiligmaking beide ’n gawe by verlossing en ’n aangaande taak is. Sien Vir Spesiale Aandag: Heiligmaking by 4:3.

☐ **“volkome heilig maak”** In hierdie sin word twee Griekse BYVOEGLIKE NAAMWOORDE, “volkome” en “geheel”, gekombineer met drie NAAMWOORDE, “gees”, “siel” en “liggaam” om die volmaaktheid van ons persone te beklemtoon, nie dat die mens ’n driediedige wese soos die Drie-enige God is nie. In Lukas 1:46-47 toon die parallelisme dat siel en gees sinoniem is. Mense het nie ’n siel nie—hulle is ’n siel (vgl. Gen. 2:7). Die frase beklemtoon gelowiges se roeping tot heiligheid op elke gebied van hulle lewens (vgl. Mat. 5:48; Ef. 1:4).

☐ **“mag julle gees en siel en liggaam geheel en al. . .bewaar word”** Dit is nie ’n bewysplaas vir ’n ontologiese driediedigheid in die mens nie (mens ’n drie-eenheid soos God), maar mense het ’n tweeledige verhouding met die planeet en God. Die Hebreeuse woord *nephesh* word gebruik van beide mensdom en diere in Genesis (vgl. Gen. 1:24; 2:19), terwyl “gees” (*ruach*) uniek gebruik word van die mens (die asem van lewe). Dit is nie ’n bewysplaas oor die aard van die mens as ’n driediedige wese nie, en so ook nie Heb. 4:12 nie. Die mens word hoofsaaklik in die Bybel as ’n eenheid voorgedoen (vgl. Gen. 2:7). Vir ’n goeie opsomming van die teorieë van die mens as driediedig, tweeledig of eenheid, sien Millard J. Erickson se *Christian Theology* (tweede uitgawe), bl. 538-557 en Frank Stagg se *Polarities of Man in Biblical Perspective*.

☐ **“onberispelik”** Hierdie term word slegs hier in die NT aangetref. Dit is gevind in inskrywings by Tessalonika. Dit beteken vry van blaam en daarom moreel suiwer. Dit reflekteer moontlik die OT-term, ‘blaamloos’, wat vry van afwyking beteken het en daarom beskikbaar vir offering. Sien Vir Spesiale Aandag by 2:10.

☐ **“by die wederkoms van onse Here Jesus Christus”** Dit is die teologiese fokus van die hele boek, die wederkoms (vgl. 1:10; 2:19; 3:13; 4:13-15:11; 5:23). Sien Vir Spesiale Aandag: Jesus se terugkeer by 2:19 en 3:13.

**5:24 “Hy. . .is getrou”** Dit is beide die tweede beskrywende titel (vgl. Deut. 7:9; Jes. 49:7; I Kor. 1:9; 10:13; II Kor. 1:18; II Tess. 3:3) en ’n kenmerk van JHWH (vgl. Ps. 36:5; 40:10; 89:1,2,5,8; 92:2; 119:90). Die gelowige plaas sy vertroue in die standvastige, onveranderende aard van JHWH (vgl. Mal. 3:6).

☐ **“Hy wat julle roep. . .Hy sal dit ook doen”** Die derde beskrywende titel, “Hy wat roep”, verwys altyd na God die Vader (vgl. 2:12; 4:7). Hierdie vers verwys na die gelowiges se uitverkiesing en verheerliking (vgl. Rom. 8:29-34). Dit fokus op die betroubare God wat inisieer en vervolmaak (vgl. Fil. 1:6; 2:13). Ons hoop is in God se getroue nakoming van sy beloftes.

#### **OAV TEKS: 5:25**

<sup>25</sup>Broeders, bid vir ons.

**5:25 “bid vir ons”** Paulus het ’n behoefte aan gebed ervaar (vgl. Rom. 15:30; Ef. 6:18-19; Kol. 4:3-4; Fil. 1:19). Gebed laat op ’n manier die mag van God vry vir effektiewe bediening. Die soewereine God het verkies om Homself te beperk in sekere areas van die gebede van sy kinders (vgl. Jak. 4:2). Wat ’n verantwoordelikheid plaas dit nie op elkeen van ons as Christene nie. Sien Vir Spesiale Aandag: Bemiddelaarsgebed by 1:2.

#### **OAV TEKS: 5:26-27**

<sup>26</sup>Groet die broeders almal met ’n heilige kus. <sup>27</sup>Ek besweer julle by die Here dat hierdie brief aan al die heilige broeders voorgelees word.

**5:26 “heilige kus”** Die ‘wie’, ‘waar’ en ‘hoe’ van die vroeë kerk se gebruik van hierdie tipe groet is onseker. Later het mans vir mans en vrouens vir vrouens op die wang gesoen (vgl. Rom. 16:16; I Kor. 16:20; II Kor. 13:23; I Pet. 5:14). Die heilige soen is opgeskort oor kulturele misverstand onder die pagane.

Dit was hulle kulturele teken van liefde, ondersteuning en gemeenskap. In ons dag in Amerikaanse kultuur funksioneer ’n drukkie of ’n warm handdruk op dieselfde manier. Dit dien as teken van ons eenheidsgevoel en samehörigheid!

**5:27** Hierdie vers spreek die leiers aan. Paulus se briewe was vir publieke lesing bedoel (vgl. Kol. 4:16) en om later aangestuur te word vir ander kerke. Paulus het verstaan dat sy geskrewe werk groter betekenis gehad het as hulle oorspronklike milieu en tyd.

#### **OAV TEKS: 5:28**

<sup>28</sup>Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle! Amen.

**5:28** Paulus het dit moontlik self geskryf om die brief outentiek te verklaar (vgl. II Tess. 3:17-18).

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Behoort ons die datum van Jesus se wederkoms te bepaal? Hoekom?
2. Definieer die frase: "Dag van die Here."
3. Hoekom word die wederkoms beskryf as: (1) 'n dief in die nag; en (2) 'n vrou in barensnood?
4. Waar anders in die Bybel word die Christen krygsuitrusting bespreek?
5. Watter van hierdie verse is geskryf aan die gemeente en watter aan die leiers?
6. Wat was moontlik die agtergrond by Tessalonika vir hierdie hoofstuk?
7. Hoekom is daar soveel teenwoordige imperatiewe in hierdie hoofstuk? Wat beteken hierdie grammatiese vorm vir ons?

# II TESSALONISENSE 1

## PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>4</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Salutation 1:1-2	Greetings 1:1-2	Salutation 1:1-2	Greetings 1:1 1:2	Address 1:1-2	1:1 1:2
The Judgment at Christ's Coming 1:3-12	God's Final Judgment and Glory 1:3-12	Thanksgiving 1:3-4 The Judgment of God 1:5-12	The Judgment at Christ's Coming 1:3-4 1:5-10 1:11-12	Thanksgiving and Encouragement. The Last Judgment 1:3-5 1:6-10	Die oordeel met die wederkoms van Christus 1:3-4 1:5-10 1:11-12

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### KONTEKSTUELE INSIG TOT VERSE 1-10

- A. II Tessalonisense ontwikkel die eskatologiese temas van I Tessalonisense.
- B. Verse 3-10 is een sin in Grieks. Hulle beskryf Paulus se vertroue in die gelowiges en vertroue in God se oordeel oor die ongelowiges. Dit is 'n baie sterk passasie oor God se finale oordeel. Die aardse rol, the geseëndes en ongesëendes, van die vervolger en vervolgte sal omgekeer word.
- C. Verse 11-12 is 'n opsomming van verse 3-10.

### WOORD- EN FRASESTUDIE

#### OAV TEKS: 1:1-2

<sup>1</sup>PAULUS en Silvánus en Timótheüs aan die gemeente van die Thessalonicense in God onse Vader en die Here Jesus Christus: <sup>2</sup>Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!

**1:1 “Paulus”** Saulus van Tarsus word die eerste keer Paulus genoem in Han. 13:9. Dit is waarskynlik dat die meeste Jode van die ‘diaspora’ 'n Hebreeuse naam en 'n Griekse naam gehad het. Indien wel, dan het Saulus se ouers hom hierdie naam gegee, maar hoekom verskyn “Paulus” dan skielik in Handeling 13? Moontlik

1. het ander hom op hierdie bynaam begin noem
2. hy het na homself begin verwys met die term ‘klein’ of ‘minste’

Die Griekse naam *Paulos* het ‘klein’ beteken. Verskeie teorieë is al voorgestel oor die oorsprong van hierdie Griekse naam.

1. die tweede eeuse tradisie dat Paulus kort, vet, kaalkop met geboeë bene, ruie wenkbroue en uitpeul oë was, is ’n moontlik oorsprong van hierdie naam, afgelei uit ’n nie-kanonieke boek uit Tessalonika genaamd *Paul and Thekla*.
2. passasies waar Paulus homself die ‘minste van die heiliges’ noem, omdat hy die kerk vervolg het, soos in Han. 9:1-2 (vgl. I Kor. 15:9; Ef. 3:8; I Tim. 1:15).

Sommige sien hierdie ‘minste’ as die oorsprong van die selfverkose titel. In ’n boek soos Galasiërs waar hy sy onafhanklikheid van en gelykheid met die Jerusalem-twaalf beklemtoon, is dit egter ietwat onwaarskynlik (vgl. II Kor. 11:5; 12:11; 15:10).

#### ■ “Silvanus” Silas

1. Hy word in Handeling Silas genoem en in die briewe, Silvanus.
2. Nes Barnabas was hy ’n leier in die Jerusalem-kerk (vgl. Han. 15:22-23)
3. Hy word nou geassosieer met Paulus (vgl. Han. 15:40; 16:19 e.v.; 17:1-15; I Tess. 1:1)
4. Hy was ’n profeet, nes Barnabas en Paulus (vgl. Han. 15:32)
5. Hy word ’n apostel genoem (vgl. I Tess. 2:6)
6. Soos Paulus was hy ’n Romeinse burger (vgl. Han. 16:37-38)
7. Soos Johannes Markus word hy ook met Petrus geassosieer, moontlik in die hoedanigheid van skriba (vgl. I Pet. 5:12)

#### ■ “Timoteus”

1. Sy naam beteken ‘een wat God eer’.
2. Hy was die kind van ’n Joodse moeder by ’n Griekse pa en het in Listre gewoon (vgl. Han. 16:1). Die Latynse vertaling van Origenes se kommentaar op Romeine 16:21 sê Timoteus was ’n burger van Derbe. Dit word moontlik uit Han. 20:4 ontleen.
3. Hy is in die Joodse geloof grootgemaak deur sy ma en ouma (vgl. II Tim. 1:5; 3:14-15).
4. Hy het Christus vertrou gedurende Paulus se eerste sendingreis (vgl. Han. 13:49-14:25).
5. Hy is gevra om Paulus en Silas se sendingspan op ’n tweede reis te vergesel (vgl. Han. 16:1-5). Hy is bevestig deur profesie (vgl. I Tim. 1:18; 4:14).
6. Hy is deur Paulus besny sodat hy met sowel Jode as Grieke kon werk (vgl. Han. 16:3).
7. Hy was ’n toegewyde metgesel en kollega van Paulus. Hy word meer as enige ander van Paulus se helpers by name genoem (17 keer in 10 briewe, vgl. Rom. 16:21; I Kor. 4:17; 16:10; Fil. 1:1; 2:19,22; Kol. 1:5; I Tess. 1:1; 2:6; 3:2; I Tim. 1:2,18; 4:14; II Tim. 1:2; 3:14-15).
8. Paulus noem hom met deernis: “my kind in die geloof” (vgl. I Tim. 1:2), “my geliefde seun” (vgl. II Tim. 1:2), en “my ware kind in ’n algemene geloof” (vgl. Titus 1:4).
9. Hy was klaarblyklik in Rome toe Paulus uit die tronk vrygelaat is en het hom op sy vierdie sendingreis vergesel (vgl. Kol. 1:1; Filemon 1).
10. Hy word ’n ‘apostel’ genoem (vgl. I Tess. 2:6).
11. Twee van die drie pastorale briewe is aan hom uitgemaak.
12. Hy word die laaste keer genoem in Heb. 13:32.

■ **“kerk”** Die Griekse term, *ekklesia*, beteken ‘die geroepenes’. Dieselfde term het verwys na stadsvergaderings in Griekse stede (vgl. Han. 19:32). Dit is in die Septuaginta gebruik om *qahal* te vertaal (BDB 874, d.w.s. Eks. 12:6; Lev. 16:17; Num. 20:4; Deut. 31:30) of ‘vergadering’ van Israel. Die vroeë Christene het hulleself as die vervulling en verlenging van OT-Israel gesien. Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 1:2.

■ **“in God onse Vader en die Here Jesus Christus”** Hierdie frase is een van die min verskille tussen die inleidings in I Tess. 1:1 en II Tess. 1:1. Gelowiges kan God “onse Vader” noem (vgl. Mat. 6:9). God is natuurlik nie ons vader in ’n fisiese voortbrengende of kronologiese sin nie, maar in die sin van ’n familiële verhouding. Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 1:1.

Die grammatiese struktuur (een VOORSETSEL “en” saam met twee OBJEKTIEWE, “Vader” en “Here”) is een van die maniere waarop NT-skrywers die Vader en die Seun met mekaar verbind (vgl. I Tess. 1:1). Hierdie konstruk sou hulle gelykheid en sodoende Jesus se godheid uitbeeld.

Paulus se gunsteling manier om gelowiges te benoem is “in Christus”, maar hier stel hy gelowiges ook in die Vader.

**1:2 “Genade vir julle en vrede”** Menigte sien dit as ’n kombinasie van die Griekse en Joodse groetredes. Die herhaalde frase: “van God onse Vader en die Here Jesus Christus” skakel die Vader en die Seun by die VOEGWOORD “en” en die ENKELE VOORSETSEL, wat Paulus se teologie van Jesus se godheid toon (nes in vers 1). Teologies gaan genade altyd vrede vooraf.

#### OAV TEKS: 1:3-12

<sup>3</sup>ONS moet God altyd oor julle dank, broeders, soos dit billik is, omdat julle geloof grootliks toeneem en die wederkerige liefde van elkeen van julle almal groter word, <sup>4</sup>sodat ons self in die gemeentes van God oor julle roem vanweë jul volharding en geloof onder al julle vervolgings en die verdrukkinge wat julle verduur—<sup>5</sup>n teken van die

regverdige oordeel van God, dat julle die koninkryk van God waardig geag mag word, waarvoor julle ook ly; <sup>6</sup>aangesien dit reg is by God om aan die wat julle verdruk, verdrukking te vergelde, <sup>7</sup>en aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele <sup>8</sup>in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie. <sup>9</sup>Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte, <sup>10</sup>wanneer Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo, in daardie dag; want ons getuienis het by julle geloof gevind. <sup>11</sup>Daarom bid ons ook altyd vir julle dat onse God julle die roeping waardig mag ag, en dat Hy alle welgevalle aan wat goed is, en *alle* werk van die geloof met krag volkome mag maak, <sup>12</sup>sodat die Naam van onse Here Jesus Christus in julle verheerlik kan word en julle in Hom, ooreenkomstig die genade van onse God en die Here Jesus Christus.

**1:3 “ONS moet God altyd oor julle dank”** Dit weerspieël Paulus se gebedslewe vir die kerke (vgl. vers 11; I Tess. 1:2; II Tess. 2:13 en Fil. 1:3-4; II Kor. 11:28). Paulus het gevoel hy moet altyd bid met danksegging (vgl. I Tess. 5:18). Sien Vir Spesiale Aandag: Danksegging by I Tess. 1:2.

- ▣ OAV “omdat julle geloof grootliks toeneem”
- NAV “want julle geloof neem sterk toe”
- NASB “because your faith is greatly enlarged”
- NKJV “because your faith grows exceedingly”
- NRSV “because your faith is growing abundantly”
- TEV “because your faith is growing so much”
- NJB “because your faith is growing so wonderfully”

Hierdie landboumetafoor word gebruik van plante wat vinnig en sterk groei (vgl. II Kor. 10:15; II Pet. 3:18). Sien Vir Spesiale Aandag: Paulus se gebruik van *Huper*-verbindings by Gal. 1:13. Paulus klap hande vir die ontwikkeling van hulle geloof en liefde. Dit is soortgelyk aan I Tess. 1:3. Maar let op dat ‘hoop’ weggelaat is. Daar was steeds baie onsekerheid in hierdie area (d.w.s. die wederkoms, sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 5:5).

▣ “en die wederkerige liefde van elkeen van julle almal” In die lig van die ewige broederskapsprobleme binne die kerk (vgl. I Tess. 3:12; 5:12-13; I Joh. 4:7,1,12,31) was hierdie bevestiging van hulle liefde vir mekaar belangrik.

▣ “groter word” Hierdie uitdrukking word metafories gebruik om beelde van swellende vloedwaters te skets.

**1:4 “ons self. . .oor julle roem”** Die klem van hierdie frase is op “ons self” teenoor “julle”. Die kerk het self swak gevoel (vgl. I Tess. 5:14). Paulus het hulle sterkpunte gesien en uitgedruk. Hulle Christelikheid onder druk was bewys van Paulus se effektiewe bediening en daardeur sy apostelskap (vgl. I Tess. 2:19).

- ▣ OAV, NAV “volharding”
- NASB “perseverance”
- NKJV “patience”
- NRSV “steadfastness”
- TEV “about the way you continue to endure”
- NJB “constancy”

Dit is letterlik ‘vrywillige, aktiewe, standvastige volharding’ (vgl. I Tess. 1:3). Dit verwys na sowel mense as omstandighede. Dit was nog ’n bewys van die Gees se werk in hulle lewens. Sien Vir Spesiale Aandag: Volharding by Gal. 5:4.

▣ “geloof” Hierdie term is in die OT gebruik van God se betroubaarheid en die mens se reaksie in vertroue (vgl. Hab. 2:4, sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 3:4). Hier word dit gebruik van hulle getrouheid te midde vervolging. Paulus bid vir hulle geloof in I Tess. 3:10 en prys hulle hier vir hulle geloof. Deur geloof word God se betroubaarheid gelowiges se betroubaarheid. Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 3:6.

▣ “onder al julle vervolginge en die verdrukkinge wat julle verduur” Lyding is normaal vir gelowiges in ’n gevalle wêreld (vgl. Mat. 5:10-12; Han. 14:22; Rom. 8:17-18; I Tess. 2:14; 3:3; Jak. 1:22-4; I Pet. 4:12-16). Dit is dikwels die rede vir ons geestelike groei (vgl. Heb. 5:8). Sien Vir Spesiale Aandag: Ontbering by I Tess. 1:110 en Hoekom Christene Ly? by I Tess. 3:3.

**1:5 “’n teken van die regverdige oordeel van God”** Dit verwys na God se toorn wat oor ongelowiges kom wat sy mense vervolg (vgl. Fil. 1:28).

Vir ’n woordontleding van ‘regverdig’, sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 2:21.

- ▣ OAV “dat julle. . .waardig geag mag word”
- NAV “dat Hy julle geskik geag het”
- NASB “so that you will be considered worthy”
- NKJV “that you may be counted worthy”

**NRSV** “is intended to make you worthy”  
**TEV** “because as a result of all this you will become worthy”  
**NJB** “you may be found worthy”

Dit is ’n AORISTUS PASSIEWE INFINITIEF, ‘om heilig verklaar te word’. Die PASSIEWE STEM impliseer dat God die Vader die agent is. Dit is een doel van lyding: dit bou karakter (vgl. vers 11; Rom. 5:3-4; Heb. 5:8).

Dit is ’n goeie voorbeeld van die teologiese onderskeid tussen ’n posisionele regverdigheid in Christus en tog ook die behoefte aan ’n ontwikkelende regverdigheid in die gelowige. Ons stand voor God is ’n gawe (INDIKATIEF), maar ook ’n mandaat (IMPERATIEF). Een manier om die waarheid uit te druk kan ’n atletiewe metafoor wees. Gelowiges het die resies gewen deur hulle geloofsverhouding met Christus. Nou moet hulle die resies hardloop vir Hom in getrouheid. Dankbaarheid, nie gevegrde optrede nie, dryf die Christen-goddelikheid (vgl. I Tess. 2:12; Ef. 4:1,17; 5:2).

■ **“die koninkryk van God”** Dit is ’n sleutel frase in die Sinoptiese Evangelies (sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 5:21). Jesus se eerste en laaste preke, sowel as die meeste van sy gelykenisse, gaan oor hierdie onderwerp. Dit verwys na die heerskappy van God in menseharte, nou! Dit is verrassend dat hierdie frase net tweekeer voorkom in die evangelie van Johannes (en nooit in Jesus se gelykenisse nie). In Johannes se evangelie is ‘ewige lewe’ ’n sleutelterm en –metafoor.

Die frase hou verband met die eskatologiese (eindtyd) dryfkrag van Jesus se lering. Hierdie ‘reeds, maar nog nie’-teologiese paradoks hou verband met die Joodse konsep van twee eras: die huidige, bese era en die regverdige era wat kom, wat ingelei sal word deur die Messias. Die Jode het slegs een koms verwag van ’n Gees-bemagtigde, militante leier (soos die rigters in die OT). Die wederkoms van Jesus het ’n oorvleueling van die twee eras veroorsaak (sien Vir Spesiale Aandag: die Twee Eras by Gal. 1:4). Die koninkryk van God het in menslike geskiedenis ingebreek met die inkarnasie by Betlehem. Nietemin, Jesus het nie as ’n militêre oorwinnaar van Openb. 19 gekom nie, maar as die lydende Knecht (vgl. Jes. 53) en nederige Leier (vgl. Sag. 9:9). Die koninkryk is dus ingelei (vgl. Mat. 3:2; 4:17; 10:7; 11:12; 12:28; Mark. 1:15; Luk. 9:9,11; 11:20; 21:31-32), maar nie vervul nie (vgl. Mat. 6:10; 16:28; 26:64).

<b>1:6</b>	<b>OAV</b>	<b>“aangesien dit reg is”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“God is tog regverdig”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“For after all it is <i>only</i> just”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“since <i>it is</i> a righteous thing”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“For it is indeed just”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“God will do what is right:”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“God will very rightly”</b>

Dit is ’n implisiete EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN, vir waarheid aanvaar vanuit die skrywer se perspektief of vir sy literêre doeleindes. God se oordeel is regverdig.

■ **“by God om. . .te vergelde”** Dit is ’n morele wêreldorde. God sal dinge regstel (sien volledige aantekeninge by Gal. 6:7).

**1:7 “saam met ons”** Paulus het ook gely (vgl. I Kor. 4:9-13; II Kor. 4:8-12; 6:4-10; 11:24-27).

■ **“in die openbaring van die Here Jesus”** Letterlik, ‘by die openbaring van die Here Jesus’. Daar is geen WERKWOORD nie. *Apokalipsis* beteken ‘om duidelik te openbaar’ (vgl. I Kor. 1:7). Dit verwys na die wederkoms van Jesus. Die tyd van God se regverdige oordeel (vgl. vers 5) sal teen die wederkoms/opstandingsdag/oordeelsdag wees (vgl. Mat. 25:31-46; Openb. 20:11-15). sien Vir Spesiale Aandag by I Tess. 3:13.

■ **“met sy magtige engele”** Dit is ’n algemene Bybelse tema (vgl. Deut. 33:2; Sag. 14:5; Mat. 16:27; 25:31; Mark. 8:38; Jud. 14; Openb. 19:14). Hy sal ook kom met sy heiliges (vgl. I Tess. 4:13-18). Mat. 13:41 en 24:31 impliseer dat engele bymekaar sal kom en die mensdom sal verdeel (vgl. Mat. 13:39-41; 24:31).

**1:8 “in vuur en vlam”** Dit is ’n simbool vir God se oordeel (vgl. Jes. 29:6; 30:27-30; 66:14-15; Dan. 7:9-10).

Dit is onseker of hierdie frase saam met verse 7 of 8 gaan. Indien dit by vers 7 hoort hou dit verband met die engele; indien dit by vers 8 hoort hou dit verband met oordeel. Die NKJV, NRSV en REB-vertalings plaas dit by vers 8.

## VIR SPESIALE AANDAG: VUUR

Vuur het positiewe sowel as negatiewe konnotasies in die Bybel.

### A. Positief:

1. maak warm (vgl. Jes. 44:15; Joh. 18:18)
2. versprei lig (vgl. Jes. 50:11; Mat. 25:1-13)
3. kook (vgl. Eks. 12:8; Jes. 44:15-16; Joh. 21:9)
4. suiwer (vgl. Num. 31:22-23; Spr. 17:3; Jes. 1:25; 6:6-8; Jer. 6:29; Mal. 3:2-3)
5. heiligheid (vgl. Gen. 15:17; Eks. 3:2; 19:18; Eseg. 1:27; Heb. 12:29)
6. God se leiding (vgl. Eks. 12:21; Num. 14:14; I Kon. 18:24)
7. God se bemagtiging (vgl. Han. 2:3)
8. beskerming (vgl. Sag. 2:5)

B. Negatief:

1. brand (vgl. Jos. 6:24; 8:8; 11:11; Mat. 22:7)
2. vernietig (vgl. Gen. 19:24; Lev. 10:1-2)
3. toorn (vgl. Num. 21:28; Jes. 10:16; Sag. 12:6)
4. straf (vgl. Gen. 38:24; Lev. 20:14; 21:9; Jos. 7:15)
5. vals teken van eindtyd (vgl. Openb. 13:13)

C. God se toorn oor sonde word uitgedruk in vuurmetafore:

1. sy toorn brand (vgl. Hos. 8:5; Sef. 3:8)
2. gloeiende toorn, gramskap soos 'n veldbrand (vgl. Nah. 1:6)
3. ewige vuur (vgl. Jer. 15:14; 17:4)
4. eindtyd-oordeel (vgl. Mat. 3:10; 13:40; Joh. 15:6; II Tess. 1:7; II Pet. 3:7-10; Openb. 8:7; 13:13; 16:8)

D. Soos dit die geval is met baie ander metafore in die Skrif (bv. suurdeeg of leeu) kan vuur, gegewe die konteks, seën of vloek voorstel.

<b>1:8</b>	<b>OAV</b>	<b>“wraak uitoefen”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“straf”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“dealing out retribution”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“taking vengeance”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“inflicting vengeance”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“to punish”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“to impose the penalty”</b>

Dit is 'n TEENWOORDIGE AKTIEWE DEELWOORD. Dit is nie 'n emosionele, wraaksugtige reaksie nie, maar 'vol geregtigheid vir almal'. God se skepping sal God se karakter weerspieël.

■ **“op die wat God nie ken nie”** Hierdie woord weerspieël die pagaan se wilsverwerping van lig (vgl. Ps. 79:6; Jer. 10:25; I Tess. 4:5; Joh. 3:17-21; Rom. 1:18,25; 2:14-15) en vervolging van die gelowiges by Tessalonika. Hierdie frase verwys nie net na kognitiewe waarheid oor God nie (Griekse konsep van 'ken'), maar ook na intieme vertrouensvriendskap met God (Hebreeuse konsep van 'ken'). Die term 'ken' het die Hebreeuse konnotasie van intieme vertrouensvriendskap (vgl. Gen. 4:1; Jer. 1:5; Mark. 14:71; Titus 1:16).

**VIR SPESIALE AANDAG: KEN (met meestal Deuteronomium as paradigma)**

Die Hebreeuse woord 'ken' (BDB 393) het verskeie betekenisse (semantiese velde) in die *Qal*.

1. om goed en kwaad te verstaan – Gen. 3:22; Deut. 1:39; Jes. 7:14-15; Jona 4:11
2. om te ken deur te verstaan – Deut. 9:2,3,6; 18:21
3. om te ken deur ervaring – Deut. 3:19; 4:35; 8:2,3,5; 11:2; 20:20; 31:13; Jos. 23:14
4. om te oorweeg – Deut. 4:39; 11:2; 29:16
5. om persoonlik te ken
  - a. 'n persoon – Gen. 29:5; Eks. 1:8; Deut. 22:2; 28:35,36; 33:9
  - b. 'n god – Deut. 11:28; 13:2,6,13; 28:64; 29:26; 32:17
  - c. JHWH – Deut. 4:35,39; 7:9; 29:6; Jes. 1:3; 56:10-11
  - d. seksueel – Gen. 4:1,17,25; 24:16; 38:26
6. 'n aangeleerde vaardigheid of kennis – Jes. 29:11,12; Amos 5:16
7. om oor wysheid te beskik – Deut. 29:4; Spr. 1:2; 4:1; Jes. 29:24
8. God se kennis
  - a. van Moses – Deut. 34:10
  - b. van Israel – Deut. 31:21,27,29

■ **“op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie”** Sommige kommentaarskrywers dink dit verwys na 'n tweede groep wat die Tessalonisense gelowiges vervolg; die eerste frase verwys na die pagane (“die wat God nie ken nie”) en die tweede na Jode.

**1:9 “as straf”** Dit is dieselfde wortel as “wraak” in vers 8.

■ **“ewige verderf”** “Ewig” (vgl. Mat. 18:8; 25:41; Mark. 3:29; Heb. 6:2; Jud. vers 7) deel 'n wortel met 'era' (vgl. Mat. 28:20; Heb. 1:2). In Mat. 25:46 beskryf dit sowel die hemel as die hel (vgl. I Tess. 2:16). 'n Persoon se reaksie op die evangelie in die huidige tyd (era) seël sy/haar toekomstyd (era).

Die term “verderf” (*olethros*) word ook in I Kor. 5:5; I Tess. 5:3; I Tim. 6:9 aangetref. Dit beteken ‘die verlies van alles wat waarde gee aan die lewe’ (Moulton, Milligan, bl. 445), maar nie vernietiging nie (*exolethreuō*, LXX van Deut. 18:19).



## VIR SPESIALE AANDAG: EWIG

Robert B. Girdlestone in sy boek, *Synonyms of the Old Testament*, spreek ‘n interessante mening uit oor die woord ‘ewig’.

“The adjective *aiōnios* is used more than forty times in the N.T. with respect to *eternal life*, which is regarded partly as a present gift, partly as a promise for the future. It is also applied to God’s endless existence in Rom. 16.26; to the endless efficacy of Christ’s atonement in Heb. 9.12, 13.20; and to past ages in Rom. 16.25, 2 Tim. 1.9, Titus 1.2.

“This word is used with reference to *eternal fire*, Matt. 18.8, 25.41, Jude 7; *eternal punishment*, Matt. 25.46; *eternal judgment* or *condemnation*, Mark 3.29, Heb. 6.2; *eternal destruction*, 2 Thess. 1:9. The word in these passages implies *finality*, and apparently signifies that when these judgments shall be inflicted, the time of probation, change, or the chance of retrieving one’s fortune, will have gone by absolutely and for ever. We understand very little of the future, about the relation of human life to the rest of existence, and about the moral weight of unbelief, as viewed in the light of eternity. If, on the one hand, it is wrong to add to God’s word, on the other we must not take away from it; and if we stagger under the doctrine of eternal punishment as it is set forth in Scripture, we must be content to wait, cleaving to the Gospel of God’s love in Christ, while acknowledging that there is a dark background which we are unable to comprehend,” (bl. 318-319).

■ **“weg van die aangesig van die Here”** Dit is die ergste aspek van die hel. In die KJV van Ps. 139:8 sê dit: “if I make my bed in hell, behold, thou art there,” maar in Psalms verwys dit na *Sheol* of *Hades* (die tydelike plek vir die gestorwenes, vgl. Mat. 11:23; 16:18; Luk. 10:15; 16:23; Openb. 1:18; 20:13,14), nie *Gehenna* nie, wat die plek van permanente afsondering van God is (vgl. Mat. 5:22,29,30; 10:28; 18:9; 23:15,33; Mark. 9:43,45,47; Luk. 12:5).

## VIR SPESIALE AANDAG: WAAR IS DIE GESTORWENES?

### I. Ou Testament

- A. Alle mense wat sterf, gaan na *She’ol* (etimologie onbekend), wat meestal in die wysheidsliteratuur en Jesaja op die dood of graf dui. In die OT is dit ‘n bewustelike, skaduagtige en vreugdelose voortbestaan (vgl. Job. 10:21-22; 38:17; Ps. 107:10, 14).
- B. Karakterisering van *She’ol*
  1. word geassosieer met oordeel van God (vuur), Deut. 32:22
  2. word met straf assosieer selfs voor die oordeelsdag, Ps. 18:4, 5
  3. word met *Abaddon* geassosieer, hoewel ook gerig op God, Job 26:5; Ps. 139:8; Amos 9:2
  4. geassosieer met die graf, Ps. 16:10; Jes. 14:15; Eseg. 31:15-17
  5. slegte mense daal lewend af in *She’ol*, Num. 16:30-33; Ps. 55:15
  6. gepersonifieer as ‘n dier met groot bek, Num. 16:30; Jes. 5:14; 14:9; Hab. 2:5
  7. die mense daar word “skimme” (“*Shades*”) genoem, Jes. 14:9-11

### II. Nuwe Testament

- A. Die Hebreeuse *She’ol* word deur die LXX vertaal as *Hades* (die ongesiene wêreld).
- B. Karakterisering van *Hades*
  1. dis ‘n verwysing na die dood, Mat. 16:18
  2. gekoppel aan dood, Openb. 1:18; 6:8; 20:13-14
  3. dikwels in dieselfde asem genoem as plek van permanente straf, *gehenna*, Mat. 11:23 ( OT aanhaling); Luk. 10:15; 16:23-24
  4. dikwels bloot die graf, Luk. 16:23
- C. Moontlik verdeel (aldus die rabbyne)
  1. waar geregtigheid heers, Paradys, ‘n ander naam vir hemel, 2 Kor. 12:4; Openb. 2:7; Luk. 23:43
  2. die bose gedeelte word *Tartarus* genoem, 2 Pet. 2:4, die aanhoudingsplek vir gevalle engele, (vgl. Gen. 6:1; Henog)
- D. *Gehenna*
  1. Reflekteer die OT-frase, “vallei van die seuns van Hinnom” (vgl. Jos. 15:8; 18:6; Jes. 31:9; 66:24 – suidekant van Jerusalem). Dit was die plek waar die Fenisiese god, Molog (BDB 574), vereer is met kinderoffers (2 Kon. 6:3; 21:6; 2 Kron. 28:3; 33:6), wat in Lev. 18:21 en 20:2-5 verbode verklaar is.
  2. Jeremia het die plek se rol verander van plek van heidenaanbidding tot plek van JHWH se oordeel (Jer. 7:32; 19:6-7). Dit word in Henog 90:26-27 en Sib. 1:103 ‘n plek van brandende, ewige oordeel.
  3. Die Jode was so met weersin vervul oor die plek waar hulle voorvaders aan afgodery en kinderoffers deelgeneem het, dat hulle dit in ‘n vullishoop vir Jerusalem omskep het. Baie van Jesus se metafore in verband met ewige oordeel kom van hierdie vuilgoedhope (vuur, rook, wurms, stank, vgl. Mark. 9:44, 46). Behalwe die uitsondering van Jak. 3:6, is dit net Jesus wat die term, *Gehenna*, gebruik.
  4. Jesus se gebruik van *Gehenna*
    - b. vuur, Mat. 5:22; 18:9; Mark. 9:43
    - c. vir altyd, Mark. 9:48 (Mat. 25:46)
    - d. plek waar siel en liggaam vergaan, Mat. 10:28

- e. dien as parallel met *She'ol*, Mat. 5:29-30; 18:9
- f. slegte mens word bestempel as “kind van die hel”, Mat. 23:15
- g. as uiteinde van vonnis, Mat. 23:33; Luk. 12:5
- h. as parallel met die konsep van die tweede dood (vgl. Openb. 2:11; 20:6, 14) of “brandende oond”, Mat. 13:42 (NAV); Openb. 19:20; 20:10, 14-15; 21:8). Dit is moontlik dat die “meer van vuur” die permanente verblyf word van mense uit *She'ol* en gevalle engele uit *Tartarus* (vgl. 2 Pet. 2:4; Jud. vers 6) of ‘onderwêreld’ (vgl. Luk. 8:31; Openb. 9:1-10; 20:1, 3).
- i. *Gehenna* was nie vir mense ontwerp nie, maar vir Satan en sy engele, Mat. 25:41

- E. Aangesien *She'ol*, *Hades* en *Gehenna* oënskynlik as sinonieme gebruik word, is dit moontlik dat
1. alle mense oorspronklik na *She'ol/Hades* gegaan het;
  2. wat hulle daar ondervind, goed of sleg, ná die oordeelsdag verskerp, maar die bose bly in dieselfde plek. Dis die rede waarom die KJV *hades* (graf) eerder as *gehenna* (hel) vertaal;
  3. die enigste teks wat spreek van lyding voor die oordeelsdag is die gelykenis van Lasarus en die Ryk Man in Luk. 16:19-31. *She'ol* word wel ook in Deut. 32:22 en Ps. 18:1-5 as plek van huidige straf beskryf, maar nogtans kan ‘n leerstelling nie op ‘n gelykenis gebaseer word nie.

### III. Die toestand tussen dood en opstanding

- A. Die NT leer nie die “onsterflikheid van die siel” nie, wat een van verskeie sieninge oor die hiernamaals is:
1. dat menslike siele voor hulle fisiese lewe bestaan
  2. menslik siele is ewig voor en na hulle fisiese bestaan
  3. die fisiese liggaam word as ‘n kerker beskou waaruit die siel deur die dood bevry word om na ‘n voorafbestaan terug te keer.
- B. Die NT suggereer dat daar ‘n liggaamlose staat is tussen dood en opstanding
1. Jesus spreek van ‘n geskeidenheid tussen siel en liggaam, Mat. 10:28
  2. Abraham bestaan tans liggaamlik, Mark. 12:26-27
  3. Moses en Elia het fisiese liggames op die berg van verheerliking gehad, Mat. 17
  4. Paulus verklaar dat gelowiges die eerste sal wees om hulle nuwe liggames by die wederkoms te ontvang, 1 Tess. 4:13-18
  5. Paulus verklaar dat gelowiges hulle nuwe geestlike liggaam op die opstandingsdag ontvang, 1 Kor. 15:23, 52
  6. Paulus verklaar dat gelowiges nie na *Hades* toe gaan nie, maar by afsterwe by Jesus is, 2 Kor. 5:6, 8; Fil. 1:23. Jesus het die dood oorwin en het die verlostes saam met Hom hemel toe gevat, 1 Pet. 3:18-22.

### IV. Die hemel

- A. Die term word in drie betekenisse in die Bybel gebruik:
1. die atmosfeer bokant die aarde, Gen. 1:1, 8; Jes. 42:5; 45:18
  2. die sterrehemel, Gen. 1:14; Deut. 10:14; Ps. 148:4; Heb. 4:14; 7:26
  3. die plek van God se troon, Deut. 10:14; 1 Kon. 8:27; Ps. 148:4; Ef. 4:10; Heb. 9:24 (die parallel van die derde hemel, 2 Kor. 12:2).
- B. Die Bybel openbaar nie veel omtrent die hiernamaals nie, waarskynlik omdat ‘n gevalle mensdom op geen manier in staat sal wees om dit te begryp nie, 1 Kor. 2:9.
- C. Die hemel is beide plek (vgl. Joh. 14:2-3) en ‘n persoon (vgl. 2 Kor. 5:6-8). Die hemel kan ook ‘n herstelde Tuin van Eden wees (Gen. 1-2; Openb. 21-22). Ook die aarde sal gereinig en herstel word (vgl. Han. 3:21; Rom. 8:21; 2 Pet. 3:10). In mense is die beeld van God deur Christus herstel (Gen 1:26-27). Daarmee word die intieme vertrouensvriendskap van die Eden-tuin weer herstel. Dat die hemel ‘n reuse kubusvormige stad (Openb. 21:9-27) is, mag bloot metafories bedoel wees en dus nie letterlik op te vat nie. 1 Kor. 15 beskryf die verskil tussen die fisiese liggaam en die geestelike liggaam met beeldspraak van saad tot die volgroeide plant. Weereens, 1 Kor 2:9 (‘n aanhaling uit Jes. 64:4 en 65:17) is ‘n wonderlike belofte van hoop! Gelowiges weet dat wanneer ons Hom sien, ons sal wees soos Hy is (1 Joh. 3:2).

### V. Nuttige bronne

- A. William Hendriksen, *The Bible On the Life Hereafter*
- B. Dr. M. Rawlings, *Beyond Death's Door*

■ **“en van die heerlijkheid van sy sterkte”** Dit kan ‘n heenwysing wees op Jes. 2:10,19,21. Gevalle mens sal die heerlike teenwoordigheid van die Heilige Een van Israel ontvlug. Die tragedie van die skepping is dat die mens se grootste behoefte vertrouensvriendskap met God is, maar as gevolg van sonde en rebellie, vrees ons Hom en vlug weg van Hom wat ons geskep het na sy beeld vir heerlike vertrouensvriendskap met Hom.

Die mees algemene Hebreeuse woord vir ‘heerlikheid’ in die OT (*khd*, BDB 458) was aanvanklik ‘n handelsterm (wat verwys het na ‘n weegskaal) wat beteken het ‘om swaar te wees’. Dit wat swaar was, was waardevol of het intrinsiek waarde gehad. Die konsep van helderheid is dikwels by hierdie woord gevoeg om God se majesteit uit te druk (vgl. Eks. 15:16; 24:17; Jes. 60:1-2). Hy alleen is waardig en eerbaar. Hy is te glansend vir gevalle mens om te betrag (vgl. Eks. 33:17-23; Jes. 6:5). God kan slegs waarlik geken word deur Christus (vgl. Jer. 1:14; mat. 17:2; Heb. 1:3; Jak. 2:1).

Die term ‘heerlikheid’ is ietwat dubbelsinnig: (1) dit mag parallel wees tot ‘die regverdigheid van God’; (2) dit mag verwys na die ‘heiligheid’ of ‘volmaaktheid’ van God; of (3) dit kan verwys na die beeld van God waarin die mens geskep is (vgl. Gen. 1:26-27; 5:1; 9:6), maar wat later deur rebellie vertroebel is (vgl. Gen. 3:1-22). Dit word die eerste keer van JHWH se teenwoordigheid by sy mense gebruik (vgl. Eks. 16:7,10; Lev. 9:23; Num. 14:10). Sien Vir Spesiale Aandag: Heerlikheid by Gal. 1:5.

<b>1:10 OAV</b>	<b>“om verheerlik te word in sy heiliges”</b>
<b>NAV</b>	<b>“om verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort”</b>
<b>NASB, NKJV</b>	<b>“to be glorified in His saints”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“to be glorified by his saints”</b>
<b>TEV</b>	<b>“to receive glory from all his people”</b>
<b>NJB</b>	<b>“to be glorified among his saints”</b>

Hierdie frase kan op ten minste twee maniere verstaan word:

- reflekteer ’n Hebreeuse idioom, die majesteit van die wederkoms sal maak dat Jesus verheerlik word deur sy volgelinge;
- reflekteer die normale betekenis van die Griekse VOORSETSEL, saam met die ongewone samestelling van die VOORSETSEL herhaal saam met die NAAMWOORD (verse 10,12) dat Jesus onder sy gelowiges verheerlik sal word.

“Heiliges” is letterlik ‘die wat heilig is’. Die term “heiliges” is altyd MEERVOUDIG behalwe eenkeer in Fil. 4:21, en selfs daar is dit korporeel. Om gered te wees plaas ons in Christus se liggaam en in sy familie. Sien Vir Spesiale Aandag: Heiliges by I Tess. 3:13.

Dit is nie soveel ’n ervaring as ’n posisie nie. Hopelik word ons posisie meer geaktualiseer in ons daaglikse lewens. Wanneer hy terugkeer sal ons verheerliking oombliklik en algeheel wees (vgl. I Joh. 3:2; Rom. 8:30). Jesus word verheerlik in die goddelike lewens van sy goddelikes (vgl. vers 12; I Tess. 2:12; Joh. 17:9-10).

☐ **“in daardie dag”** Hierdie klemdraende frase is ’n OT-metafoor van die tyd wanneer God na sy skepping sal terugkeer om te seën (gelowiges) of te oordeel (ongelowiges). Sien vollediger aantekeninge by I Tess. 5:2.

☐ <b>OAV</b>	<b>“en bewonder te word in almal wat glo”</b>
<b>NAV</b>	<b>“om eer te ontvang van almal wat glo”</b>
<b>NASB</b>	<b>“and to be marveled at among all who have believed”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“and to be admired among all those who believe”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“and to be marveled at. . .among all who have believed”</b>
<b>TEV</b>	<b>“and honor from all who believe”</b>
<b>NJB</b>	<b>“and seen in his glory by all who believe in him”</b>

Daar is twee dubbelsinnige frases in vers 10. Hulle kan beteken (1) die heiliges word verheerlik saam met Christus en dit verbaas hulle, of (2) die engele is verbaas oor wat God vir gelowiges doen (vgl. Ef. 2:7; 3:10; I Kor. 4:9).

☐ **“want ons getuienis het by julle geloof gevind”** Die gelowiges se reaksie was die teenoorgestelde van dié van die pagane in vers 8. Hulle het die evangelie ontvang as sowel ’n boodskap as ’n persoon (d.w.s. Joh. 1:12; 3:16,36; 6:40; 11:25-26; Rom. 10:9-13).

**1:11 “Daarom bid ons ook altyd vir julle”** Paulus het deurgaans vir hierdie kerke gebid (vgl. II Tess. 1:3; 2:12; I Tess. 1:2; 5:13-18). Sien Vir Spesiale Aandag: Bemiddelaarsgebed by I Tess. 1:2.

☐ <b>OAV</b>	<b>“dat onse God julle die roeping waardig mag ag”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het”</b>
<b>NASB</b>	<b>“God will count you worthy of your calling”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“God would count you worthy of this calling”</b>
<b>NRSV, NJB</b>	<b>“God will make you worthy of his call”</b>
<b>TEV</b>	<b>“God to make you worthy of the life he called you to live”</b>

God doen dit (vgl. Fil. 1:6; 2:13; Ef. 4:4), maar gelowiges moet Hom toelaat en saam met die Gees werk (vgl. Fil. 2:12; Ef. 4:1). Dit is die paradoks van God se soewereiniteit en die mensdom se vrye wil dat daar ’n aanvanklike en ’n progressiewe geloofsreaksie moet wees. In hierdie konteks is die klem op die Christen se lewe (vgl. Ef. 4:1; 5:2,15). Die evangelie is ’n persoon om te verwelkom, ’n boodskap om oor daardie persoon te glo en ’n lewe om soos daardie persoon s’n te leef.

## VIR SPESIALE AANDAG: GEROEP

Met liefdesverklarings neem God altyd self die inisiatief om deur roeping en uitverkiesing gelowiges na Hom te bring (vgl. Joh. 6:44,65; 15:16; I Kor. 1:12; Ef. 1:4-5,11). Die term “roep” word teologies op verskeie wyses verstaan:

- Sondaars word deur die genade van God, deur die voltooië werk van Christus en die oortuigingskrag van die Gees, tot verlossing geroep (bv. *klētos*, vgl. Rom. 1:6-7; 9:24, wat teologies identies is met I Kor. 1:1-2 en II Tim. 1:9; II Pet. 1:10).

- B. Sondaars roep na die Here om verlossing (bv. *epikaleō*, vgl. Han. 2:21; 22:16; Rom. 10:9-13). Hierdie stelling is 'n idioom uit Joodse aanbidding.
- C. Gelowiges word geroep om 'n Christelike lewe te lei (bv. *klēsis*, vgl. I Kor. 1:26; 7:20; 4:1; Fil. 3:14; II Tess. 1:11; II Tim. 1:9).
- D. Gelowiges word geroep om bedienings op te neem (vgl. Han. 13:2; I Kor. 12:4-7; Ef. 4:1).

■ **OAV** “en dat Hy alle welgevalle aan wat goed is, en *alle* werk van die geloof met krag volkome mag maak”

**NAV** “en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak”

**NASB** “and fulfill every desire for goodness”

Paulus het gebid dat hulle nuwe intensies geaktualiseer sou word (vgl. I Tess. 1:3). Saam met 'n nuwe hart (vgl. Eseg. 36:26-27) het hulle ook 'n nuwe mond, hande en voete gekry (vgl. Rom. 6:4; II Kor. 5:17; Kol. 3:10).

Paulus gebruik die konsep van 'goedheid' dikwels in die Tessalonisense briewe:

1. *agathos*, I Tess. 3:6; II Tess. 2:16-17;
  - a. *agathon*, I Tess. 5:15
  - b. *agathōsunē*, II Tess. 1:11
2. *kalon*, I Tess. 5:21
3. *eudokia*, II Tess. 1:11

**1:12 “die Naam van onse Here Jesus Christus. . .in Hom”** Hier is dit ooglopend vanweë die parallelle strukture dat “die Naam” die persoon verteenwoordig. Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

### VIR SPESIALE AANDAG: DIE NAAM VAN DIE HERE

Dit was die algemeen aanvaarde frase om die teenwoordigheid en almag van die Drie-enige God in die kerk aan te dui. Dit was geen magiese formule nie, maar bloot 'n aanduiding van totale afhanklikheid van God se geopenbaarde wesensaard.

Met dié frase word dikwels juis na die “Here” Jesus verwys (vgl. Fil. 2:11):

1. by belydenis van geloof in Jesus tydens die doop (vgl. Rom. 10:9-13; Han. 2:38; 8:12,16; 10:48; 19:5; 22:16; I Kor. 1:13,15; Jak. 2:7);
2. by duiweluitdrywing (vgl. Mat. 7:22; Mark. 9:38; Luk. 9:49; 10:17; Han. 19:13);
3. tydens genesing (vgl. Han. 3:6,16; 4:10; 9:34; Jak. 5:14);
4. wanneer Christene in barmhartigheid bedien (vgl. Mat. 10:42; 18:5; Luk. 9:48);
5. by die uitoefening van kerklike dissipline (vgl. Mat. 18:15-20);
6. wanneer prediking op heidene gerig word (vgl. Luk. 24:47; Han. 9:15; 15:17; Rom. 1:5);
7. in gebed (vgl. Joh. 14:13-14; 15:2,16; 16:23; I Kor. 1:2); en ook
8. as 'n spreekwyse sinoniem met “Christendom”.

Hoe ons ook al besig is as verkondigers, leraars, gemeentelede, ondersteuners, genesers, duiwel-uitdrywers, ens., ons doen dit in afhanklikheid van sy karaktereenskappe; sy almag; sy voorsienigheid – in sy Naam!

■ **“in julle. . .en julle in Hom”** Jesus word verheerlik in gelowiges en gelowiges word verheerlik in Hom.

■ **“ooreenkomstig die genade van onse God en die Here Jesus Christus”** Dit is algemeen in die Tessalonisense-briewe vir Paulus om die skakel tussen die Vader en die Seun te beklemtoon (vgl. I Tess. 1:1,3; 3:11,13; 5:18,23; II Tess. 1:1,2; 2:12; 2:13,16; 3:5).

Dit is moontlik dat hierdie frase verwys na Christus alleen. Indien wel sou dit in lyn wees met ander NT-tekste wat Jesus se godheid aanvoer (d.w.s. Joh. 1:1; 8:57-58; 20:28; Rom. 9:5; Fil. 2:6; Titus 2:13; Heb. 1:8; I Joh. 5:20; II Pet. 1:1,11).

### BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wat is die sentrale tema van hoofstuk 1? Hoe verskil dit van I Tessalonisense 1?
2. Hoekom is lyding normaal vir gelowiges? (vers 5)
3. Is God kleinlik en wraaksugtig? Indien nie, wat beteken vers 8?
4. Is die hel vir ewig?

## II TESSALONISENSE 2

### PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>4</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
The Man of Lawlessness	The Great Apostasy	The Day of the Lord	The Wicked One	The Coming of the Lord and the Prelude to it	Die wettelose mens
2:1-12	2:1-12	2:1-12	2:1-4 2:5-12	2:1-3a 2:3b-8 2:9-12	2:1-4 2:5-8 2:9-12
Chosen for Salvation	Stand Fast	Thanksgiving and Exhortation	You are Chosen for Salvation	Encouragement to Persevere (2:13-3:5)	Aan God die dank
2:13	2:13-17	2:13-15 2:16-17	2:13-15 2:16-17	2:13-17	2:13-14 2:15 2:16-17

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### KONTEKSTUELE EN TEOLOGIESE INSIGTE TOT VERSE 1-12

- A. Hierdie passasie is baie moeilik om te verklaar, soos die talle teorieë dwarsdeur die geskiedenis van die kerk illustreer.
- B. Bybelse Agtergrond
  1. As hoofstuk 1 handel oor die wederkoms van Christus en veroordeling van ongelowiges, handel hoofstuk 2:1-12 oor die koms en veroordeling van die Anti-Chris. Dit is die mees gedetailleerde beskrywing van hierdie persoon in die NT. Paulus gebruik nie die Johanniese term 'Anti-Chris' nie (I Joh. 2:18,22; 4:3; II Joh. 7), maar noem hom "die wettelose mens" in vers 3 en "die wettelose self" in vers 8.
  2. Die algemene agtergrond van hierdie passasie lê in die OT-geloof in 'n finale konfrontasie tussen die mense van God en die mense van die bose een (vgl. Ps. 2; 48:4-8; Eseg. 38-39; Dan. 7; Sag. 14). Hierdie konflik word vermenslik tot individuele leiers van beide kampe: God se Messias en die Anti-Messias (vgl. Gen. 3:15; Dan. 7; 9:23-27).
  3. Die verwante passasies in die NT is Matteus 24; Markus 13; Lukas 17,21; I Tessalonisense 4-5; I Johannes 2 en Openbaring.
  4. Drie tydselemente is in vers 1-12 betrokke.
    - a. huidige gebeure
    - b. toekomsgebeure, maar voor die wederkoms
    - c. toekomsgebeure betreffende die dag van die Here
- C. Dit is belangrik om te onthou dat die hele onderwerp van die terugkoms van Christus uiteengesit word in die Bybel in 'n dialektiese spanning. Aan die een kant word die onvermygbare wederkoms van die Here gebalanseer

met verskeie gebeure wat eers moet gebeur. Een van hierdie waarhede kanselleer of staan nie die ander teen nie. Sommige voorbeelde van die voorspelde voorgangergebeure sou wees:

1. die afvalligheid (vgl. Mat. 24:1-13; I Tim. 4:1; II Tim. 3:1 e.v. en II Tess. 2:3 e.v.)
2. die groot tribulasie (vgl. Mat. 24:21-22,29-31)
3. evangelie verkondig aan alle nasies (vgl. Mat. 24:24)
4. die openbaring van die Anti-Chris (vgl. Matteus 24, II Tessalonisense 2 en Openbaring 13)
5. verlossing van al die heidene en Jode (vgl. Rom. 11:11-36)

D. Vele sien hierdie hoofstuk as apokalipties van genre. Sien Vir Spesiale Aandag wat volg.

## **VIR SPESIALE AANDAG: APOKALIPTIESE LITERATUUR**

(Hierdie Vir Spesiale Aandag-onderwerp word geneem uit die kommentaar oor Openbaring.)

Openbaring is 'n uniek Joodse genre, genaamd apokaliptiek. In spanningsvolle tye het dit gedien om die boodskap oor te dra dat God in beheer van die geskiedenis is en dat Hy tot redding van sy volk sal kom. Hierdie literatuur word oorheers deur:

1. 'n sterk ontwikkelde besef dat God universeel in beheer is (monoteïsme en determinisme);
2. dat 'n stryd tussen goed en kwaad aan die orde is en uitloop op 'n nuwe era;
3. die gebruik van geheime kodewoorde, gewoonlik uit die OT en die Joodse apokaliptiese literatuur uit die inter-testamentêre tyd;
4. die gebruik van kleure, syfers, diere, soms dier/mens-samestellings;
5. die gebruik van engele as oorbrengrers van visioene en drome;
6. die fokus primêr op die eindtye ('n nuwe era);
7. die gebruik van bepaalde simbole om die eindtydboodskap oor te dra, wat nie as die werklikheid opgevat moet word nie;
8. enkele voorbeelde van dié tipe genre:
  - a. Ou Testament
    - (1) Jesaja 24-27, 56-66
    - (2) Esegieël 37-48
    - (3) Daniël 7-12
    - (4) Joël 2:28-3:21
    - (5) Sagaria 1-6, 12-14
  - b. Nuwe Testament
    - (1) Matteus 24; Markus 13; Lukas 21; I Korintiërs 15 (tot 'n mate)
    - (2) II Tessalonisense 2 (in die meeste opsigte)
    - (3) Openbaring 4-22
  - c. nie-kanoniek (geneem uit D.S. Russell, *The Method and Message of Jewish Apocalyptic*, bl. 37-38)
    - (1) I en II Henog (die geheime van Henog)
    - (2) Die Boek van Jubilee
    - (3) Die Sibileense Orakels, III, IV, V
    - (4) Die Testament van die Twaalf Patriarge
    - (5) Die Psalms van Salomo
    - (6) Die Opneem van Moses
    - (7) Die Martelaarskap van Jesaja
    - (8) Die Apokalips van Moses (die lewe van Adam en Eva)
    - (9) Die Apokalips van Abraham
    - (10) Die Testament van Abraham
    - (11) II Esdras (IV Esdras)
    - (12) Barug II en III
9. Daar is 'n sin van dualisme in hierdie genre. Dit sien realiteit as 'n reeks van dualismes, kontraste of spannings (so algemeen in Johannes se skryfwerk) tussen:
  - a. hemel – aarde
  - b. bese era (bose mense en bese engele) – nuwe era van regverdigheid (goddelike mense en goddelike engele)
  - c. huidige bestaan – toekomsbestaan

Al hierdie dinge beweeg na 'n voleinding aangebring deur God. Dit is nie die wêreld wat God bedoel het dit moet wees nie, maar Hy is deurgaans nog besig om sy wil vir 'n herstel van die intieme vertrouensvriendskap wat in die tuin van Eden begin het, te bewerk, te bemiddel en te projekteer. Die Christusgebeurtenis is die waterskeiding van God se plan, maar die twee komste het die huidige dualisme tot gevolg gehad.

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 2:1-12

<sup>1</sup>MAAR ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, <sup>2</sup>om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Christus al daar is. <sup>3</sup>Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, <sup>4</sup>die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. <sup>5</sup>Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? <sup>6</sup>En nou, julle weet wat *hom* teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. <sup>7</sup>Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; <sup>8</sup>en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, <sup>9</sup>hy wie se koms is volgens die werking van Satan met allerhande kragtige daade en tekens en wonders van die leuen <sup>10</sup>en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. <sup>11</sup>En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, <sup>12</sup>sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behaeg gehad het in die ongeregtigheid.

**2:1 “met die oog op die wederkoms”** Dit is die Griekse term *parousia* wat ‘teenwoordigheid’ beteken. Die kulturele agtergrond van die term was koninklike besoeke waarvoor hierdie woord dikwels gebruik is. Drie woorde word gebruik in die NT om die wederkoms te beskryf:

1. *parousia*, vgl. verse 1,8; I Tess. 2:19
2. *epiphaneia*, vgl. vers 8, ’n sigbare, gloeiende koms
3. *apocalypsis*, vgl. 1:6-7, wat ’n ‘ontsluiering’ beteken vir doel om te onthul

Die laaste woord word ook gebruik by die manifestasie van die Anti-Chris in verse 3,6,8.

‘Wederkoms’ is nie ’n Bybelse term nie. Dit is aanvanklik gebruik deur Justin Martyr. Sien Vir Spesiale Aandag: Jesus se Terugkoms by I Tess. 2:19 en NT-Terme vir Christus se Terugkoms by I Tess. 3:13.

■ **“ons vereniging met Hom”** Dit is ’n verwysing na die ‘vervoering’ van I Tess. 4:13-18. Vanuit die konteks word een koms bedoel (vgl. Mat. 24:27,31; 25:31 e.v; Mark. 13:27), nie twee nie. Vers 3 spreek van beide die heiliges wat ontberinge ervaar en van die openbaring van die Anti-Chris. Hierdie twee verse, 1 en 3, staan die siening van ’n voorontberings, voor-millenniale geheime vervoering van gelowiges teen.

Gewoonlik word Mat. 24:32-44 (vgl. Luk. 17:22-37) gebruik vir ondersteuning van ’n geheime vervoering van gelowiges terwyl die ongereddenes agterbly. Nietemin, in konteks (Noag se tyd) is die ongereddenes geneem om veroordeel te word. In Mat. 24:39 beskryf “vat hulle almal weg” diegene wat in die vloed vernietig is (vgl. verse 37-38).

Die regte teologiese doel van sommige teoloë vir ’n geheime vervoering van gelowiges onderskeibaar van ’n latere, sigbare wederkoms van Jesus is om die spanning tussen die naderende terugkoms van Jesus en die noodsaaklikheid dat sekere voorspelde gebeure moet plaasvind voordat die wederkoms en in die geval van dispensasionele pre-millennialisme, om die kerk van die aarde te verwyder sodat die OT-profesieë letterlik vervul kan word aan nasionale Israel, wat verrassend is in die lig van I Tess. 2:13-16.

<b>2:2</b>	<b>OAV</b>	<b>“om nie gou julle verstand te verloor”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Moenie so gou verward raak”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“not be quickly shaken from your composure”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“not to be soon shaken in mind”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“not to be quickly shaken in mind”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“do not be so easily confused in your thinking”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“please do not get excited too soon”</b>

Dit is ’n AORISTUS PASSIEWE INFINITIEF wat spreek van ’n verstandelike verwarring en agstigtheid veroorsaak deur ’n eksterne agent, hier ’n gees, of ’n boodskap. Hierdie woord kan letterlik ’n aardbewing of die koms van God of die Gees beskryf (vgl. Heb. 12:26-28). Figuurlik verwys dit na ’n verstandelike kondisie of weifelagtige lojaliteit (vgl. LXX van Ps. 15:8 en Han. 2:25).

“Gou” impliseer (1) Paulus se verbasing dat daar so gou nadat hy met hulle gepraat het soveel verwarring, vrees en spekulasie ontstaan het of (2) hulle geredelike aanvaarding van ’n ander persoon se opinie oor die onderwerp.

■ **“of verskrik te word nie”** Dit is ’n TEENWOORDIGE PASSIEWE INFINITIEF wat spreek van ’n aangaande handeling deur ’n eksterne agent, hier ’n gees of boodskap. Indien die eerste term in vers 2 verwys na hulle denkproses verwys hierdie seldsame term na hulle gevoelens. Hierdie term word slegs in eskatologiese kontekste aangetref (vgl. Mat. 24:6; Mark. 13:7).

■	<b>OAV</b>	<b>“deur gees of”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“of dit nou vir julle gesê word in ’n profetiese uitspraak”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“either by a spirit or”</b>

**NKJV, NRSV** “either by spirit or”  
**TEV** “by the claim. . .Perhaps this was said by someone prophesying”  
**NJB** “by any prediction or”

Paulus lys drie dinge (deur *metē* driekeer te gebruik) wat nie die Tessalonisense gelowiges behoort te ontstel nie (d.w.s. “’n gees”, “’n boodskap” en “’n brief”). Die eerste is die term “’n gees” (*pneumatos*) gebruik in die sin van ’n profetiese boodskap of ander bonatuurlike openbaring (vgl. I Joh. 4:1, wat ook *pneuma* met die Anti-Chris koppel).

- ☐ **OAV** “of deur woord”
- NAV** “of in ’n preek”
- NASB** “or a message”
- NKJV, NRSV** “or by word”
- TEV** “Or by someone preaching”
- NJB** “or rumor”

Hierdie term (*lagos*) kan vertaal word ‘deur iemand se persoonlike interpretasie’ of ‘deur iemand se uitspraak.’

- ☐ **OAV** “of deur brief wat van ons afkomstig sou wees”
- NAV** “of deur ’n brief wat sogenaamd van ons afkomstig sou wees”
- NASB** “or a letter as if from us”
- NKJV** “or by letter, as if from us”
- NRSV** “or by letter, as though from us”
- TEV** “Or it may have been said that we wrote this in a letter”
- NJB** “or any letter claiming to come from us”

Paulus het begin om sy briewe persoonlik te parafereer om egtheid te verseker (vgl. 3:17). Dit kan verwys na iemand se valse interpretasie van I Tessalonisense of Paulus se prediking by Tessalonika.

☐ “asof die dag van Christus al daar is” Dit is ’n PERFECTUM AKTIEWE INDIKATIEF, d.w.s. ‘Die dag van die Here het gekom.’ Hierdie hele teologiese kwessie oor askatologie was die hoofprobleem wat Paulus probeer aanspreek het. Die res van verse 3-12 is ’n verduideliking oor hoekom hierdie stelling nie waar kan wees nie (vgl. Mat. 24:23,26). Die gebeure wat die wederkoms gepaardgaan het nog nie begin nie (sien Inleiding van hierdie hoofstuk). Vir ’n volledige bespreking oor ‘die dag van die Here’, sien die nota by I Tess. 5:2.

- 2:3**
- OAV** “Laat niemand julle op enige manier mislei nie”
  - NAV** “Laat niemand julle wat watter manier ook al mislei nie”
  - NASB** “Let no one in any way deceive you”
  - NKJV** “Let no one deceive you by any means”
  - NRSV** “Let no one deceive you in any way”
  - TEV** “Do not let anyone fool you in any way”
  - NJB** “Never let anyone deceive you in this way”

Dit is ’n sterk DUBBELE NEGATIEF met ’n AORISTUS AKTIEWE SUBJUNKTIEF + *tis*, wat persoonlike agentskap impliseer. Klaarblyklik was doelbewuste misleiding aan die gang.

- ☐ **OAV** “want eers moet. . .”
- NAV** “sal nie aanbreek voordat”
- NASB** “for it will not come unless”

Dit is ’n DERDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN. Sommige gebeure moet eerste gebeur (vgl. Inleiding van hierdie hoofstuk, afdeling C). Hierdie wederkoms was nie immanent nie. In hierdie konteks word twee gebeure genoem: (1) die groot afvalligheid en (2) die openbaring van ‘die man van sonde’.

- ☐ **OAV** “eers moet die afval kom”
- NAV** “die laaste afvalligheid gekom het”
- NASB** “the apostasy comes first”
- NKJV** “the falling away comes first”
- NRSV** “the rebellion comes first”
- TEV** “the final Rebellion takes place”
- NJB** “the Great Revolt has taken place”

Hierdie samestelling, *apo* + *histēmi*, beteken letterlik ‘om weg te staan van’ (sien Vir Speciale Aandag: Afvalligheid by Gal. 5:4). Dit kan in ’n negatiewe sin gebruik word (rebellie) of in ’n positiewe sin (weg van sonde, vgl. II Tim. 2:19). Hierdie woord is gebruik in Griekse literatuur (Plutarg en Handeling 5:37) of politiese of militêre opstand, maar in die Septuaginta (vgl. Jos. 22:22) en Apokripa verwys dit dikwels na geestelike opstand. Wie rebelleer is onseker, maar hulle verwerp God en probeer Hom selfs vervang. Dit kan die pagane, die Jode of deel van die sigbare kerk wees (vgl. Mat. 24:3-12; I Tim. 4:1; II Tim. 3:1,8,13; I Joh. 2:18-19).

- ☐ **OAV** “die mens van sonde geopenbaar word”
- NAV** “die wettelose mens. . .sy verskyning maak nie”



**NASB** “the man of lawlessness is revealed”  
**NKJV** “the man of sin is revealed”  
**NRSV** “the lawless one is revealed”  
**TEV** “the Wicked One appears”  
**NJB** “the Rebel. . .has appeared”

Daar is ’n Griekse manuskrip probleem hier. ‘Wetteloosheid’ word aangetref in die Griekse hooflettertekste **Ⲙ**, **B**, die Koptiese en Armeniese vertalings en die Griekse tekste gebruik deur Origenes en Marsion, volgens Tertullianus, terwyl ‘sonde’ gevind word in manuskripte A, D, F, G, K, L, P en die Vulgaat en Siriese vertalings en was bekend aan die meeste vroeë kerkvaders. ‘Wetteloosheid’ (*anomias*) is raar in Paulus se geskrifte (vgl. Rom. 4:7; 6:19; Titus 2:14) en skribas het dit moontlik verruil vir die meer bekende term ‘sonde’ (*hamartias*). Die term ‘wetteloosheid’ word ook gebruik in verse 7 en 8. Die UBS<sup>4</sup> gradeer ‘wetteloosheid’ as ‘amper seker’ (B).

Satan word nie bedoel soos in vers 9 nie, maar sy voortgebronge dienaar, sy inkarnasie (’n parodie op Christus, vgl. Openb. 13:1-8). Paulus het nooit die term ‘Anti-Chris’ gebruik nie, maar I Joh. 2:18; 4:3; en II Joh. 7 (geskryf ná Paulus se dood) verwys na dieselfde persoon. In I Johannes word ‘sonde’ en ‘wetteloosheid’ vereenselwig (vgl. I Joh. 3:4).

Dit is moontlik dat Paulus se ‘man van wetteloosheid’ verwant is aan die Joodse apokaliptiese personifikasie van ‘die nuttelose een’ (*hellal*) tot ’n valse Messias, ’n Satanies-geïspireerde wêreldleier. Die term word moontlik in hierdie sin gebruik in

1. Deut. 13:13, een wat ander weglei van JHWH af na valse Gode toe
2. I Sam. 2:12, een wat JHWH nie ken nie
3. Nahum 1:15, verpersoonlikde boosheid
4. *Boek van Jubilee* 1:20, gepersonifieerde gees
5. *Ascension of Isaiah*, 4:18

Die WERKWOORD is ’n AORISTUS PASSIEWE SUBJUNKTIEF. Die PASSIEWE STEM impliseer ’n eksterne agent. God, nie Satan nie, is in beheer van die geskiedenis. In God se tyd (vgl. 2:6) sal hierdie parodie van Christus, hierdie inkarnasie van boosheid, hierdie dienaar van Satan toegelaat word om homself te manifesteer in die geskiedenis (die term ‘openbaar’ is gebruik van Christus se openbaring in 1:7).

Die SUBJUNKTIEWE MODUS impliseer nie dat dit moontlik nie sal gebeur nie, maar bevestig die dubbelsinnige, maar toekomstige, tyd van die openbaring (vgl. verse 6,8).

Let op die frases wat die eindtyd persoon beskryf:

1. die man van wetteloosheid
2. die seun van vernietiging
3. wat teenstaan
4. wat homself vereer
5. sodat hy sy sitplek inneem in die tempel van die Here
6. homself as God voordoen

Hierdie persoon staan God nie net teen nie, maar probeer om Hom te vervang! Die VOORSETSEL ‘anti’ het oorspronklik beteken ‘in die plek van’ en later ‘teen’. Beide van hierdie konnotasies pas hierdie man van wetteloosheid. Hy wil mag, beheer en aanbidding hê. Die essensie van die val, menslike en engelike onafhanklikheid, word gepersonifieer (vgl. Dan. 11:3,16,36).

Op soveel maniere karakteriseer hierdie beskrywings konings en regeerders. ’n Goeie voorbeeld is Nero!

▣ **OAV** “die seun van die verderf”  
**NAV** “wat vir die verderf bestem is”  
**NASB** “the son of destruction”  
**NKJV** “the son of perdition”  
**NRSV** “the one destined for destruction”  
**TEV** “who is destined to hell”  
**NJB** “the Lost One”

Die Hebreeuse idioom word letterlik vertaal as ‘die seun van verdoemenis’. Dit is gebruik van Judas Iskariot in Joh. 17:12. Hierdie eskatologiese persoon, soos Judas, sal geestelik verlore en verdoem tot ewige straf wees, hoewel hy diep betrokke sal wees in geloof (vgl. vers 4).

**2:4** **OAV** “wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is”  
**NAV** “Hy sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word”  
**NASB** “who opposes and exalts himself above every so-called God or that is worshiped”  
**NRSV** “He opposes and exalts himself above every so-called god or object of worship”  
**TEV** “He will oppose everything which men worship and everything which men consider divine”  
**NJB** “This is the Enemy, the one who claims to be so much greater than all that men call ‘god,’ so much greater than anything that is worshiped”

Hierdie is twee TEENWOORDIGE MEDIUM DEELWOORDE. Wat hier voorgedoen word is ’n bese teenkant en parodie op Christus wat verheerliking en aanbidding nastreef (vgl. Jes. 14:13-14; Eseg. 28:2; Dan. 7:25; 8:9-14; 9:27; 11:36-37; Mat. 24:15; Mark. 13:14; Openb. 13).

■ **“wat hom verhef bo”** Dit is die Griekse samestelling *huperairomai*. Sien Vir Spesiale Aandag: Paulus se gebruik van *Huper*-verbindings by Gal. 1:13.

■ **“sodat hy in die tempel van God as God sal sit”** Hierdie frase word dikwels gebruik deur diegene wat glo dat al die eskatologiese gebeure deur Jesus (vgl. Mat. 24; Mark. 13; Luk. 17,21) of Johannes (vgl. I Joh. 2; Openb.) genoem, toekomsgebeure is. Indien wel impliseer dit oënskynlik ’n herboude Joodse Tempel, moontlik op grond van Esegïel 40-48.

Ander verklaarders glo dat hierdie onthulde eskatologiese gebeure ‘gou’ sou plaasvind en daarom moet dit verwys na geskiedkundige gebeure van die eerste eeuse Mediterreense wêreld.

1. Caligula wat ’n standbeeld van homself in die Jerusalemtempel sit
2. die val van Jerusalem onder Titus in A.D. 70
3. Nero en Domitianus se angsregerings en vervolging van gelowiges

Andere van ons sien hierdie eskatologiese gebeure as verwysend na sowel gebeure uit die vervloë eerste eeu en toekomsgebeure. Die OT-profete het dikwels die gebeure van hulle dag gevat en dit op ’n toekomstige ‘dag van die Here’-situasie geprojekteer. Op hierdie manier het die NT ’n boodskap vir sy eie dag gehad, maar ook vir elke daaropvolgende geskiedkundige tydperk. Ons moet die geskiedkundige agtergrond van die oorspronklike skrywer ernstig opneem, maar so ook die verrassende 2000-jaar vertraging van die wederkoms.

Hierdie baie spesifieke en persoonlike passasie stel ’n toekomstige persoonlike historiese vervulling voor. Tog is hierdie teks ook dubbelsinnig. Noemenswaardig pas hierdie tipe taal (d.w.s. “abomination of desolation”, Daniël se naam vir hierdie godslastering) die Seleusiede (Antiochus Epifanus IV) en Romeine (Titus) invalle van Jerusalem waartydens pagaanse gode getroon is in die tempel area. Hierdie eindtyd figure stem ook ooreen met die trots en arrogansie van die konings van Babilon (Jes. 14) en Tirus (Eseg. 28), wat moontlik vorme van Sataniese verval was.

Die Griekse term vir ‘tempel’ (*naos*) is gebruik vir die heiligdom in die Joodse Tempel, hoewel daar geen sitplek in was nie. Die term is ook gebruik vir pagaanse tempels waar godhede gekroon is. Dit mag impliseer dat die Joodse tempel fisies herbou moet word (vgl. Dan. 9:24-27), moontlik na aanleiding van Esegïel 40-48, maar nie noodwendig nie. Onthou dat die Joodse tempel geen plek gehad het nie. Dit was net ’n Griekse tempel (d.w.s. Zeus s’n) wat ’n troon gehad het. Letterlik kon hierdie frase nie verwys na ’n Joodse plek van aanbidding nie.

Chrysostomus interpreteer ‘’n tempel’ as ’n algemene Pauliniese metafoor vir die kerk (vgl. I Kor. 3:16-17; 6:19; II Kor. 6:16; Ef. 2:21). Hierdie perspektief voer aan dat die Anti-Christus homself in die sigbare kerk sal manifesteer.

■ **“en voorgee dat hy God is”** Die wettelose een maak daadwerklik aanspraak op godheid. Hy is ’n parodie van Christus, hy is Satan geïnkarnear. In die Openbaring van Johannes is daar ’n Sataniese triniteit (dier van die see, dier van die land, wat die valse profeet is, en Satan). Die dier van die see is ’n parodie van Christus, d.w.s.

1. het ’n fatale wond, maar is lewendig, vgl. Openb. 13:3,14
2. titel ‘wat soos die dier is’ reflekteer JHWH se beskrywing in Jes. 40:18-22; 43:11; 44:6,8,9-20; 45:6
3. het groot tekens verrig, vgl. Openb. 13:13
4. gee ’n identifiseerbare merk aan sy volgelinge, vgl. Openb. 13:16, soos God se merk op Christus se volgelinge, vgl. Openb. 7:3

**2:5 “ek dit altyd vir julle gesê het”** Dit is ’n IMPERFEKTUM TYD wat aandui dat hierdie gelowiges herhaaldelik prediking of lering ontvang het oor hierdie onderwerp. Hulle het inligting gehad oor hierdie onderwerp wat moderne lesers nie het nie (vgl. vers 5: “Onthou julle nie” en vers 6: “julle weet”). Daarom is alle moderne interpretasies tot ’n mate onvolledig en verondersteld. Dogmatisme moet vermy word hoewel versigtige eksegetiese nuttig is. Dit is onseker of hierdie frase verwys na die inligting gegee in verse 1-5 of verse 6-12.

**2:6 “julle weet”** Dit impliseer dat (1) hierdie gelowiges geweet het na wie/wat Paulus verwys of (2) hulle was op daardie stadium besig om die mag/persoon in hulle lewens te ervaar.

- **OAV** “wat hom teëhou”  
**NAV** “wat hom nou teëhou”  
**NASB** “what restrains him now”  
**NKJV** “what is restraining”  
**NRSV** “what is now restraining him”  
**TEV** “there is something that keeps this from happening now”  
**NJB** “what is still holding him back”

Hierdie WERKWOORD kan beteken

1. “terughou” (vgl. Luk. 4:24; Filem. 13)
2. “vashou” (vgl. I Tess. 5:21; Luk. 8:15)
3. “weghou” (geen Bybelse voorbeeld)

Die konteks gee voorkeur aan ‘terughou’ of ‘weerhou’. Die regte vraag is wie of wat is hierdie terughouer? ’n Interessante grammatikale verandering vind plaas van die NEUTRAAL in verse 6 en 7. Dit impliseer ’n invloed in staat tot vermensliking. As gevolg hiervan is ten minste drie interpretasies moontlik:

1. wet teenoor anargie, gepersonifieer in die Romeinse keiser
2. engelegesag, gepersonifieer in ’n spesifieke engel(e), vgl. Openb. 7:1-3
3. God in die persoon van sy Gees of die Gees se bemagtiging van die verkondiging van die evangelie

Die eerste teorie is baie oud en deurlopend, aanvanklik deur Tertullianus gestel. Dit pas die kontekstuele kriteria dat die Tessalonisense Christene sou verstaan het. Paulus het ook van sy ervarings met, en die voordeel verbonde aan, die wet gepraat (vgl. Rom. 13:1 e.v.; Han. 17-18). Die tweede teorie is nouerwants. Dit gebruik Daniël 10 as bewysplaas vir engelebeheer en gesag oor nasies en hulle wetsisteme. Die derde teorie is 'n meer onlangse perspektief. Dit het veel om te bied, maar is ook baie voorveronderstellend. Dit word meestal deur spesifieke dispensasionaliste gebruik as ondersteuning vir 'n geheime afval.

Die gees van die Anti-Christus was altyd in die wêreld (vgl. I Joh. 2:18; 4:3; II Joh. 7), maar eendag sal hy totaal persoonifieer. Satan ken nie God se plan nie en het moontlik bese mense reg in elke era. Hierdie weerhoudende fors is uiteindelik bonatuurlik en onder God se beheer en plan (vgl. verse 6b-7).

☐ **“sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word”** Hierdie persoon/mag waarna verwys word word klaarblyk weerhou deur God. Op die aangewese tyd in die toekoms sal hy toegelaat word om homself te manifesteer.

**3:7 “die verborgenheid”** God het 'n verenigende doel vir die mens se verlossing wat selfs die val voorafgegaan het (vgl. Han. 2:23; 3:18; 4:28; 17:31; Luk. 22:22). Wenke van hierdie plan word onthul in die OT (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; en die universele passasies in die profete). Die volle agenda was egter onduidelik. Met die koms van Jesus en die Gees het dit meer ooglopend begin raak. Paulus gebruik die term ‘verborgenheid’ of ‘geheime’ om hierdie totale verlossingsplan te beskryf (vgl. I Kor. 4:1; Ef. 6:19; Kol. 4:3; I Tim. 3:9). Nietemin, hy gebruik dit op verskeie verskillende maniere.

1. 'n Gedeeltelike verharding van Israel om heidene toe te laat om ingesluit te word. Hierdie influks van heidene sal as 'n meganisme werk vir Jode om Jesus as die Christus van profesie te aanvaar (vgl. Rom. 11:25-32).
2. Die evangelie is bekendgemaak aan die nasies, wat alles ingesluit is in Christus en deur Christus (vgl. Rom. 16:25-27; Kol. 2:2).
3. Gelowiges se nuwe liggame by die wederkoms (vgl. I Kor. 15:5-57; I Tess. 4:13-18).
4. Die opsomming van alle dinge in Christus (vgl. Ef. 1:8-11).
5. Die heidene en Jode is mede-erfgename (vgl. Ef. 2:11-3:13).
6. Intimiteit van die verhouding tussen Christus en die Kerk beskryf in huweliksterme (vgl. Ef. 5:22-33).
7. Heidene ingesluit in die verbondsmense en inbelewe deur die Gees van Christus om sodoende Christelike volwassenheid teweeg te bring, dit wil sê, herstel die verwronge beeld van God in gevalle mens (vgl. Kol. 1:26-28).
8. Die eindtyd Anti-Christus (vgl. II Tess. 2:1-11).
9. Vroeë Christen-belydenis of -gesang (vgl. I Tim. 3:16).

Hierdie term kan ook gebruik word in die sin dat God 'n ‘geheime plan’ het vir die toekoms, maar so ook het Satan. Hierdie verse onthul hoe die persoonifikasie van boosheid Christus sal naboots.

☐ **“van ongeregtheid is al aan die werk”** Dit is 'n TEENWOORDIGE MEDIUM-INDIKATIEF. Dit is 'n konsep ook onthul in I Johannes (vgl. I Joh. 2:18-29; 4:3). Hierdie verbindingsvorm van die term ‘werk’ (*energeō*) word byna eksklusief gebruik van bonatuurlik agente (vgl. I Kor. 12:6,11; II Kor. 4:12; Gal. 2:8; 3:5; Ef. 1:11,20; 2:2; 3:7; 4:16; Fil. 2:13; 3:21; Kol. 1:29; I Tess. 2:13; II Tess. 2:9; I Tim. 2:12). Hierdie geestelike rebellie vind reeds plaas sedert die val. Die rebellie sal eendag vermenslik. Huidiglik weerhou God hierdie invloed. Die Skrif projekteer 'n eindtyd konfrontasie tussen persoonlike boosheid en God se Messias (vgl. Psalm 2).

- |   |             |  |
|---|-------------|--|
| ☐ | <b>OAV</b>  | <b>“net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is”</b>                   |
|   | <b>NAV</b>  | <b>“maar die een wat die wettelose teëhou, moet eers uit die weg wees”</b>     |
|   | <b>NASB</b> | <b>“only he who now restrains will do so until he is taken out of the way”</b> |
|   | <b>NKJV</b> | <b>“only He who now restrains will do so until He is taken out of the way”</b> |
|   | <b>NRSV</b> | <b>“but only until the one who now restrains it is removed”</b>                |
|   | <b>TEV</b>  | <b>“until the one who holds it back is taken out of the way”</b>               |
|   | <b>NJB</b>  | <b>“and the one who is holding it back has first to be removed”</b>            |

Dit is 'n TEENWOORDIGE AKTIEWE DEELWOORD met 'n AORISTUS MEDIUM (deponent) SUBJUNKTIEF. God (of sy agent) hou steeds aan om teë te hou, maar iewers in die toekoms sal hierdie teëhoudende invloed uit die weg geruim word. Vir die teorieë oor die identiteit van ‘die een wat teëhou’, sien vers 6. Wie of watookal dit is, God, nie die wettelose een nie, is in beheer van die geskiedenis.

**2:8 “en dan sal die ongeregte geopenbaar word”** Die tydselement is die vraag. Die teks impliseer onmiddellik nadat God die teëhoudende krag verwyder. Die volgende verse beskryf sy aktiwiteit (vgl. Dan. 7:13; 8:29; 9:24-27).

- |   |             |   |
|---|-------------|---|
| ☐ | <b>OAV</b>  | <b>“hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg”</b> |
|   | <b>NAV</b>  | <b>“sal Hy hom met die asem uit sy mond verdelg”</b>          |
|   | <b>NASB</b> | <b>“whom the Lord will slay”</b>                              |
|   | <b>NKJV</b> | <b>“whom the Lord will consume”</b>                           |
|   | <b>NRSV</b> | <b>“whom the Lord Jesus will destroy”</b>                     |
|   | <b>TEV</b>  | <b>“the Lord Jesus will kill him”</b>                         |
|   | <b>NJB</b>  | <b>“The Lord will kill him”</b>                               |

Daar is twee Griekse manuskrip-probleme in hierdie vers. Die eerste is die naam “Here” of “Here Jesus”. Die enkeltitel is in manuskripte B, D<sup>c</sup> en K. Die dubbeltitel is in manuskripte **ⲛ**, A, D<sup>\*</sup>, G, P en die Vulgaat, Siriese en Koptiese vertalings.

Die tweede probleem is die WERKWOORD. “Verdelg of “vernietig” is in manuskripte **ⲛ**, A, D<sup>\*</sup>, G en P sowel as die Vulgaat, Siriese en Koptiese vertalings. Paulus was moontlik besig om te verwys na Jes. 11:4 waar dieselfde WERKWOORD (‘doodmaak’) voorkom in die Septuaginta. Die ongewone term, ‘verbruik’, word aangetref in manuskripte F en G en ’n variante vorm in D<sup>c</sup> en K. Die wederkoms sal hierdie tydperk van rebellie beëindig.

▣ **“met die asem van sy mond”** Die OT-agtergrond vir hierdie is Job 4:9; 15:30 of Jes. 11:4; 30:28,33. Die NT-gebruik is Openb. 2:16; 9:15. Die Hebreëuse en Griekse terme kan verwys na beide wind, asem of gees, soos Joh. 3:8 aantoon, maar hier vereis die konteks ‘asem’. Dit kan verwys na (1) die mag van sy woorde (Johannes Calvyn) of (2) die mag van die gesproke woord in die OT (vgl. Genesis 1; Jes. 55:11).

- ▣ **OAV** “sal verdelg”
- NAV** “verdelg”
- NASB** “bring to an end”
- NKJV, NRSV** “destroy”
- TEV** “kill him”
- NJB** “will annihilate him”

Hierdie is ’n baie goeie woord vir Paulus. Hy gebruik dit meer as 27 keer. Hierdie frase beteken ‘om onoperasioneel te maak’ nie ‘om tot niet te maak’ of ‘te vernietig’ nie (vgl. Rom. 3:3; 6:6). Sien Vir Spesiale Aandag: Van Nul en Gener Waarde (*Kartargeō*) by Gal. 3:17.

- ▣ **OAV** “die verskyning”
- NAV** “sy verskyning”
- NASB** “the appearance”
- NKJV** “the brightness”
- NRSV** “the manifestation”
- TEV** “his glorious appearing”
- NJB** “his glorious appearance”

Hierdie term het baie moontlike vertalings: ‘helderheid’, ‘glans’, ‘glorie’, ‘heerlikheid’. Dit is ’n sterk bevestiging van ’n sigbare manifestasie van Christus se fisiese terugkeer na die aarde (vgl. I Tim. 6:14; II Tim. 1:10; 4:1,8; Titus 2:11,13; 3:4). Die Engelse ‘epiphany’ is ’n transliterasie van die Griekse term. Sien nota by 2:1. Sien Vir Spesiale Aandag by Christus se Terugkoms by I Tess. 3:13.

▣ **“van sy wederkoms”** Dit is die Griekse term *parousia* wat ‘teenwoordigheid’ beteken. In sy dag het dit verwys na ’n koninklike besoek. Dit is selfs later gebruik in Griekse literatuur om die koms van ’n god te beskryf. Dit word gebruik van Jesus in verse 1 en 8, maar van Satan se pion in vers 9. Sien Vir Spesiale Aandag: Jesus se Terugkeer by I Tess. 2:19.

**2:9 “volgens die werking van die Satan”** Die wettelose een is bemagtig en gerig deur Satan (sien Vir Spesiale Aandag: Persoonlike Boosheid by I Tess. 2:18; vgl. Openb. 13:2). Sedert die tyd van Theodorus van Mopsuestia word die Anti-Christus gesien as ’n aap of nabootser van Christus. Let op in hierdie konteks hoeveel soos Christus hierdie een is: “openbaar” of “verskyning”, verse 3,6,8; “wederkoms”, vers 9; “tekens”, vers 9; ‘hy sal ’n verbonde gevolg hê’, verse 10,12.

- ▣ **OAV** “met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen”
- NAV** “met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders”
- NASB** “with all power and signs and false wonders”
- NKJV, NRSV** “with all power, signs, and lying wonders”
- TEV** “with the power of Satan and perform all kinds of miracles and false signs and wonders”
- NJB** “there will be all kinds of miracles and a deceptive show of signs and portents”

Wonderwerke is nie outomaties ’n teken van God nie (vgl. Eks. 7:11-12,22; Deut. 13:1-5; Mat. 7:21-23; 24:24; Mark. 13:22; Openbaring 13). Satan vervals alles om die kinders van Adam te mislei en verwar. Vers 9 lyk of dit vers 8 kronologies voorafgaan. Ook verse 9-10 kan aansienlik tyd in beslag neem.

**2:10 “met allerhande verleiding van ongeregtheid”** Satan mislei ongelowiges (vgl. Mat. 13:19; II Kor. 4:4) sowel as gelowiges (Ef. 4:14) indien hulle geestelik onvolwasse bly.

▣ **“omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het. . .nie”** Dit is nie in die abstrakte sin nie, maar ’n verwysing na

1. die persoon en werk van Jesus, vgl. Joh. 14:6
2. die Gees, vgl. Joh. 14:17; 15:16; 16:13
3. die boodskap oor Jesus, vgl. Joh. 17:17

“Ontvang” word gebruik in I Tess. 1:6 en 2:13 in die sin van ‘persoonlik welkom as ’n gas’. Hierdie ongelowiges weier om die evangelie te glo en Jesus te verwelkom. Sien Vir Spesiale Aandag: Waarheid by Gal. 2:5.

☐ **“om gered te word”** In die OT beteken hierdie term ‘fisiese bevryding’ (vgl. Jak. 5:15). In die NT neem dit egter geestelike/ewige belang aan.

- 2:11** OAV “En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur”  
NAV “Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee”  
NASB “For this reason God will send upon them a deluding influence”  
NKJV “And for this reason God will send them strong delusion”  
NRSV “For this reason God sends them a powerful delusion”  
TEV “For this reason God sends the power of error to work in them”  
NJB “The reason why God is sending a power to delude them”

Dit is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF gebruik as ’n FUTURUM. Die hoofwaarheid hier is dat God in beheer is van alle dinge, selfs Satan (vgl. Job 1-2; Sag. 3). Hierdie sending is of: (1) God se aktiewe sending van oordeel oor diegene wat die waarheid verwerp (vgl. Rom. 11:7-10) of (2) God wat passief toelaat dat die gevolge van hulle ongeloof in hulle lewens manifesteer (vgl. Ps. 81:12; Hos. 4:17; Rom. 1:24,26 en 28). Hierdie dubbelsinnigheid bestaan ook in die OT-storie van Faraao waar dit gesê word, Faraao het sy eie hart verhard (vgl. Eks. 7:14; 8:15,32) en ook God het sy hart verhard (Eks. 4:21; 7:3,13; 9:12,35; 10:1,20,27; 14:4,8).

- ☐ OAV “om. . .te glo”  
NAV “sodat hulle. . .sal glo”  
NASB “so that they will believe”  
NKJV “that they should believe”  
NRSV “leading them to believe”  
TEV “so that they believe”  
NJB “and make them believe”

Die mens wat Christus weier word verwerp deur God (vgl. Hos. 5:6c; Joh. 3:17-21). Dit is nie dubbele predestinasie nie, maar die gevolge van aktiewe ongeloof (vgl. I Kon. 22:19-23).

- ☐ OAV, NAV “die leuens”  
NASB, NRSV, TEV “what is false”  
NKJV “the lie”  
NJB “what is untrue”

Dit is letterlik “die leuen” (vgl. Joh. 8:44; Rom. 1:25). Dit is in kontras met “die waarheid” van vers 10. In I Johannes is “die leuenaar” die een wat Jesus Christus ontken (vgl. 2:22). Hierdie leuenaar word die ‘antichris’ genoem.

- 2:12** OAV “sodat almal geoordeel kan word”  
NAV “en so sal almal. . .veroordeel word”  
NASB “in order that they all may be judged”  
NKJV “that they all may be condemned”  
NRSV “so that all. . .will be condemned”  
TEV “The result is that all. . .will be condemned”  
NJB “to condemn all”

Die KJV vertaal dit as ‘verdoem’. Hierdie term beteken ‘om regverdig geoordeel te word’ (nes ‘verdoem’ in AD 1611).

☐ **“maar behae gehad het in die ongeregtheid”** Hulle was nie net koud vir die waarheid nie, maar warm vir boosheid (vgl. Heb. 11:25).

## KONTEKSTUELE INSIG TOT VERSE 13-17

- A. Hierdie konteks is ’n gebed tot God vir sy inisiërende en uitverkiesende genade (teenoorgestelde van 2:11) in die lewens van die Tessalonisense Christene. As 1:3-4 ’n gebed van danksegging is vir die gelowiges, is hierdie ’n gebed vir God se voortdurende aktiwiteit in hulle lewens.
- B. Op baie maniere is die slot van hoofstuk 2 dieselfde as die slot van hoofstuk 1.
- C. Verse 13 e.v. is in ooglopende kontras tot die verdoeming van die ongelowiges in verse 11-12.
- D. Drie gedagte-eenhede kom voor in hierdie afdeling:
  1. Verse 13-14, die gelowige en heiligmaking
  2. Vers 15, die gelowige se volharding
  3. Verse 16-17, die gelowige se bemoediging en hoop kwessies raak ‘goeie dinge’ (in elke afdelings word God se inisiërende genade gebalanseer deur die mens se vanpaste reaksie)

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 2:13-15

<sup>13</sup>Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word, dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid, <sup>14</sup>waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry. <sup>15</sup>So dan, broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is of deur 'n woord of deur 'n brief van ons.

**2:13 “ons moet God altyd oor julle dank”** Dieselfde waarheid word uitgedruk in 5:18. Sien Vir Spesiale Aandag: Paulus se Lof, Gebed en Danksegging by Gal. 6:18.

■ **“God. . .Here. . .Gees”** Paulus verwys dikwels na die Drie-eenheid (vgl. Rom. 1:4-5; 5:1,5; 8:1-4,8-10; I Kor. 12:4-6; II Kor. 1:21; 13:14; Gal. 4:4-6; Ef. 1:3-14,17; 2:18; 3:14-17; 4:4-6; I Tess. 1:2-5; Titus 3:4-6). Dit word ook deur ander NT-skrywers veronderstel (vgl. Mat. 3:16-17; 28:19; Joh. 14:26; Han. 2:32-33,38-39; I Pet. 1:2 en Judas 20-21). Sien Vir Spesiale Aandag: Die Drie-eenheid by Gal. 4:4.

■ **“broeders wat deur die Here bemin word”** “Bemin” is die PERFECTUM PASSIEWE DEELWOORD-vorm van *agapaō*. Dit impliseer verkiesing (vgl. Rom. 1:7; Kol. 3:12; I Tess. 1:4). Die wonderlike Messiaanse titel, “My Geliefde” (vgl. Mat. 3:17; 17:5) het nou verteenwoordigend van sy volgelinge geword. Hulle is geliefdes of bemindes omdat hulle die waarheid liefhet (vgl. 2:10).

■ OAV	“dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid”
NAV	“en God het julle uitverkies om van die eerstes te wees wat gered word”
NASB	“because God has chosen you from the beginning for salvation”
NKJV	“because God from the beginning chose you for salvation”
NRSV	“because God chose you as the first fruits for salvation”
TEV	“For God chose you as the first to be saved”
NJB	“because God chose you from the beginning to be saved”

Dit is 'n AORISTUS MEDIUM INDIKATIEF wat beteken dat God self gelowiges gekies het (vgl. Ef. 1:4). Dit is die teologiese teenoorgestelde van 2:11. Die doktrine van uitverkiesing is (1) 'n roepe na heiligheid (Ef. 1:4), nie-gunstige stand; (2) nie teen die verlorene nie, maar vir die geredde. Dit word verskeie kere deur Paulus in die NT opgehaal (vgl. Rom. 9; I Kor. 7:7; Ef. 1:4-13; II Tim. 1:9). Dit word op heengewys in I Tess. 2:12 en 5:9. God se beheer oor reddenskap en geskiedenis is die fokus van hierdie konteks. Boosheid bestaan in die geestelike en fisiese dimensies, maar daar is nie dualisme nie. Hoewel gelowiges nie die geheimenis van verkiesing volkome kan verstaan nie, het hulle vertroue dat die Vader van ons Here Jesus Christus in totale en liefdevolle beheer van alle dinge is.

Uitverkiesing is 'n wonderlike doktrine. Dit is nietemin nie 'n roepe tot voorttrekking nie, maar 'n roepe om 'n kanaal, gereedskap of manier te wees vir ander se verlossing. In die OT word die term hoofsaaklik gebruik vir diens; in die NT word dit hoofsaaklik gebruik vir redding wat in diens uitloop. Die Bybel versoen nooit die oënskynlike teenstrydigheid tussen God se soewereiniteit en die mens se vrye wil nie, maar bevestig hulle albei! Twee goeie voorbeelde van die Bybelse spanning is Romeine 9 oor God se soewereine keuse en Romeine 10 oor die mens se noodsaaklike reaksie (vgl. 10:11,13).

Die sleutel tot hierdie teologiese spanning kan gevind word in Ef. 1:4. Jesus is God se verkose man en almal is potensieel gekies in Hom (Karl Barth). Jesus is God se ‘ja’ aan gevalle mens se behoefte (Karl Barth). Efesiërs 1:4 help ook om die kwessie te verhelder deur te stel dat die doel van voorafbestemming nie die hemel is nie, maar heiligheid (Christelikheid). Johannes 15:16 sê Jesus kies dat ons moet vrugdra! Ons is dikwels aangetrokke tot die voordele van die evangelie en ignoreer die verantwoordelikhede! God se roep (verkiesing) is vir tyd sowel as ewigheid.

Doktrines kom in relasie met ander waarhede, nie as enkel, onverwante waarhede nie. 'n Goeie analogie sou wees 'n konstellasie teenoor 'n enkele stêr. God stel waarhede in Oosterse genres, nie Westerse genres nie. Ons moenie die spanning veroorsaak deur dialektiese (paradoksale) pare verwyder nie.

Die teologiese konsep van ‘verbond’ verenig die soewereiniteit van God (wat altyd die inisiatief neem en die agenda opstel) met 'n verpligte aanvanklike en deurlopende rouvolle geloofsreaksie vir die mens. Wees versigtig om nie net een kant van die paradoks te proefteks ten koste van die ander nie! Wees versigtig daarvoor om slegs jou gunsteling doktrine of teologiese sisteem te verkondig.

Die frase “van die begin af” is van die Griekse manuskripte  $\aleph$ , D, K en L en die Pesjitta-vertaling (vgl. NEB). Maar manuskripte B, F, G en P, die Vulgaat en die Harclean Siriese vertalings het “eerste vrugte” (vgl. NIV, NAB). Die probleem is dat die frase, “van die begin af” nie elders deur Paulus gebruik word nie. A. T. Robertson dink dit was die oorspronklike bewoording, vgl. *Word Pictures in the New Testament*, vol. IV, bl. 54 en die UBS<sup>4</sup> gee dit 'n ‘B’-gradering (amper seker). Hy gebruik: “van die tye,” (vgl. Kol. 1:26) of: “voor die era,” (vgl. I Kor. 2:7). Nietemin, Paulus gebruik nooit die konsep van ‘eerste vrugte’ om verkiesing te illustreer nie.

Sien Bylaag 2 oor die Beginsels van Tekskritiek.

## VIR SPESIALE AANDAG: *ARCHĒ*

Die term “domein” kom van die Griekse *archē* wat ‘begin’ of ‘oorsprong’ beteken:

1. die begin van die geskape werklikheid (vgl. Joh. 1:1; I Joh. 1:1)
2. die begin van die evangelie (vgl. Mark. 1:1; Fil. 4:15)
3. eerste ooggetuies (vgl. Luk. 1:2)
4. aanvangstekens (vgl. Joh. 2:11)
5. eerste beginsels (Heb. 5:12)
6. begin van vertroue (Heb. 3:14)

Die uitdrukking se gebruik het later ‘regeer’ of ‘gesaghebbend’ aangedui, soos uitgeoefen deur:

1. mense as owerheids-ampdraers (vgl. Luk. 12:11; Luk. 20:20; Rom. 13:3; Tit. 3:1); of
2. bonatuurlike magte (Rom. 8:38; I Kor. 15:24; Ef. 1:21; 3:10; 6:10; Kol. 1:16; 2:10,15).

Hierdie valse voorgangers is vrydenkers wat alle gesag minag, ongeag of dit aards of hemels is. Hulleself en eiebelang geniet algehele voorkeur bo God, hemelwesens, die burgerlike samelewing en kerkleiers.

▣ **“in heiligmaking van die Gees”** Twee aspekte van die konsep van heiligheid doen hulself hier voor: (1) aanvanklike heiligheid is posisioneel in Christus en (2) progressiewe heiligheid is groei na Christelikeid (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:19). Die Gees lei ons na Christus, bevind ons skuldig van sonde en oortuig ons van die waarheid van die evangelie, doop ons in Christus en vorm Christus in ons (vgl. Joh. 16:8-16). Sien Vir Spesiale Aandag oor Heiligmaking by I Tess. 4:3.

▣ **“en geloof in die waarheid”** “Waarheid” in vers 13 is parallel tot “evangelie” in vers 14.

**2:14 “waartoe Hy julle geroep het”** Dit is nog beklemtoning van uitverkiesing (vgl. I Tess. 2:12; 5:9,24). Hierdie klein, vervolgte, ontmoedigde groep gelowiges was die uitverkore mense van God. Hulle is geroep tot heiligheid (vgl. Ef. 1:4), tot Christelikeid (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:9).

▣ **“deur ons evangelie”** Die evangelie is sowel ’n boodskap om geglo te word en ’n persoon om te ontvang. Dit is die manier waarop God se seën deurvloei tot gevalle mens. Daar is geen ander manier nie.

▣ **“om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry”** Dit is ’n herstelling van 1:12. “Heerlikheid” is moeilik om te definieer. Dit word op verskeie maniere gebruik in die OT. In hierdie konteks reflekteer dit gelowiges se roeping van die Vader om geheilig te word deur die Gees deur die werk van Christus (vgl. Ef. 1:4). Gelowiges moet soos Christus wees en by die wederkoms sal hulle deel in sy heerlikheid (vgl. I Joh. 3:2). Sien vollediger aantekeninge by 1:9 en Vir Spesiale Aandag: Heerlikheid by Gal. 1:5.

▣ **“Here”** Die verbondsnaam van God in die OT is JHWH. Hierdie WERKWOORD kan alternatief vertaal word as: ‘Ek sal wees wat ek veroorsaak om te wees,’ of: ‘Ek is wat Ek is.’ Die Jode was versigtig om hierdie naam hardop uit te spreek wanneer hulle die Skrif gelees het, in vrees dat hulle die Godsnaam ydelik sou gebruik (vgl. Eks. 20:7). Daarom ruil hulle die Hebreeuse woord, *adon*, wat ‘eienaar, eggenoot, baas of heer’ beteken daarvoor. Ons Engelse Bybels vertaal JHWH in hoofletters, HERE. Wanneer die NT-skrywers die term gebruik vir Jesus was dit een van hulle maniere om Hom te identifiseer met die God van die OT. Sien Vir Spesiale Aandag: Die Name vir Godheid by I Tess. 1:9.

▣ **“Jesus”** Wanneer opsigself gebruik was hierdie term die NT-skrywers se manier om te verwys na die menslikheid van Jesus van Nasaret.

▣ **“Christus”** Dit is ’n transliterasie van die Hebreeuse term vir ‘Messias’, wat letterlik ‘gesalfde een’ beteken. In die OT is drie verskillende tipes ampte gesalf: profete, priesters en konings. Dit was ’n simbool van God se roeping en toerusting vir spesiale diens. Jesus vul al drie OT-ampte (vgl. Heb. 1:2-3).

## VIR SPESIALE AANDAG: SALWING IN DIE BYBEL (BDB 603)

- A. Gebruik vir mooimaak (vgl. Deut. 28:40; Rut 3:3; II Sam. 12:20; 14:2; II Kron. 28:15; Dan. 10:3; Amos 6:6; Mig. 6:15)
- B. Gebruik vir gaste (vgl. Ps. 23:5; Luk. 7:38,46; Joh. 11:2)
- C. Gebruik vir gesondmaak (vgl. Jes. 61:1; Jer. 51:8; Mark. 6:13; Luk. 10:34; Jak. 5:14) [gebruik in higiëniese sin in Eseg. 16:9]
- D. Gebruik vir voorbereiding by begraving (vgl. Gen. 50:2; II Kron. 16:14; Mark. 16:1; Joh. 12:3,7; 19:39-40)
- E. Gebruik in ’n religieuse sin (van ’n voorwerp, vgl. Gen. 28:18; 31:13 [’n pilaar]; Eks. 29:26 [die altaar]; Eks. 30:26; 40:9-16; Lev. 8:10-13; Num. 7:1 [die tabernakel])
- F. Gebruik vir inhuldiging van leierskap
  1. Priesters
    - a. Aäron (Eks. 28:41; 29:7; 30:30)
    - b. Aäron se seuns (Eks. 40:15; Lev. 7:36)
    - c. standaardfrase oor titel (Num. 3:3; Lev. 16:32)

2. Konings
  - a. by God (vgl. I Sam. 2:10; II Sam. 12:7; II Kon. 9:3,6,12; Ps. 45:7; 89:20)
  - b. deur die profete (vgl. I Sam. 9:16; 10:1; 15:1,17; 16:3,12-13; I Kon. 1:45; 19:15-16)
  - c. by priesters (vgl. I Kon. 1:34,39; II Kon. 11:12)
  - d. by die ouderlinge (vgl. Rig. 9:8,15; II Sam. 2:7; 5:3; II Kon. 23:30)
  - e. van Jesus as Messiaanse koning (vgl. Ps. 2:2; Luk. 4:18 [Jes. 61:1]; Han. 4:27; 10:38; Heb. 1:9 [Ps. 45:7])
  - f. Jesus se volgelinge (vgl. II Kor. 1:21; I Joh. 2:20,27 [*chrisma*])
3. moontlik van profete (vgl. Jes. 61:1)
4. ongelowige instrumente van goddelike verlossing
  - a. Kores (vgl. Jes. 45:1)
  - b. Koning van Tirus (vgl. Eseg. 28:14, waar hy tuin van Eden-metafore gebruik)
5. term of titel 'Messias' beteken 'Gesalfde Een' (BDB 603)

**2:15 “broeders”** Dit toon ’n transisie na ’n opsommende stelling.

▣ **“staan vas”** Dit is die eerste van twee TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEWE. Paulus gebruik dikwels hierdie metafoor vir volharding (vgl. I Tess. 3:8; I Kor. 16:13; Ef. 6:11,13). Dit beklemtoon die behoefte van gelowiges om te volhard in die gesig van fisiese en verstandelike vervolging en valse lering. In I Kor. 15:1 word hierdie term gebruik vir ons posisie in Christus. Dit bring balans tot bogenoemde klem op uitverkiesing. Sien Vir Spesiale Aandag: Volharding by Gal. 5:4.

▣ **“hou”** Dit is nog ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF. Gelowiges moet aanhou om te klou aan die waarhede wat Paulus verkondig (vgl. I Kor. 11:2). Dit is die teologiese balans tot uitverkiesing.

▣ **“die voorskrifte”** Hierdie term (*pardosis*) word op verskeie maniere aangewend:

1. in I Kor. 11:2,23 vir evangeliese waarhede
2. in Mat. 15:6; 23:1 e.v; Mark. 7:8; Gal. 1:14 of Joodse tradisies
3. in Kol. 2:6-8 van gnostiese spekulاسies
4. Rooms-Katolieke gebruik hierdie frase as ’n Bybelse bewysplaas dat Skrif en tradisie dieselfde gesag het.

Nietemin, in heirdie konteks verwys dit na apostoliese waarheid, gesproke of geskrewe (vgl. 3:6).

### OAV TEKS: 2:16-17

**<sup>16</sup>En mag onse Here Jesus Christus self en onse God en Vader, wat ons liefgehad het en ’n ewige troos en goeie hoop in genade gegee het, <sup>17</sup>julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke!**

**2:16-17** Dit is ’n gebed, soos 1:2 en 3:16.

**2:16 “onse Here Jesus Christus self en onse God en Vader, wat ons liefgehad het en . . .gegee het”** In die Griekse teks is daar twee ONDERWERPE, maar met ’n intensiewe ENKELVOUDIGE VOORNAAMWOORD, “homself” en twee ENKELVOUDIGE AORISTUS DEELWOORDE (liefgehad en gegee). Let ook op dat Jesus eerste genoem word. Dit toon die eenheid en gelykheid van die ONDERWERPE (vgl. I Tess. 1:1,2; 3:11). Die Seun en die Vader het ons ewige troos en goeie hoop gegee. Sien Vir Spesiale Aandag: Vader by I Tess. 1:1.

▣ NASB	“ewige troos”
NAV	“blywende troos”
NASB, NRSV	“eternal comfort”
NKJV	“everlasting consolation”
TEV	“eternal courage”
NJB	“inexhaustible comfort”

Die gelowige se troos en hoop is gebaseer op die genade van God gesien en uitgevoer deur Christus. Let op die pastorale konteks van bemoediging, nes I Tess. 4:18. Paulus se insigte oor die wederkoms is nie gegee om ons kaarte of teorieë uit te vul nie, maar om ons daaglikse energie te gee vir Christelikheid (vgl. I Kor. 15:58).

▣ **“goeie hoop”** Hierdie spesifieke vorm word slegs hier in die NT gebruik. Die term ‘hoop’ word dikwels in die NT gebruik in die sin van die wederkoms (sien Vir Spesiale Aandag: Hoop by Gal. 5:5). Dit is veral waar in die Tessalonisense-briewe wat fokus op hierdie teologiese onderwerp. “Goeie Hoop” kom slegs deur God se genade.

**2:17** Jesus Christus en God die Vader het ons liefgehad en ons ewige troos en goeie hoop gegee deur Hulle genade, wat ontwerp is om

1. ons harte te vertroos
2. ons harte te versterk ten doel
  - a. elke goeie werk



b. elke goeie woord

Dit is dieselfde term in Grieks as ‘vertroos’ in vers 17. Hierdie twee verse vorm een sin in Grieks. Let daarop dat gelowiges aangemoedig word om ‘goeie dinge’ te sê en doen. Ons word nie gered deur goeie dinge te doen nie, maar ons word gered om goeie dinge te doen en sê. Ons verhouding met Christus moet lei na Christelikheid. Ons is geroep tot goeie werke (vgl. Ef. 1:4; 2:10). Die doel van elke gelowige is nie net hemel wanneer hulle doodgaan nie, maar Christelikheid nou. Hierdie goeie werke en woorde is om ons as gelowiges te help om diegene te bereik wat nog nie ons Verlosser ken nie.

▣ **“harte”** Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 4:6.

## **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoekom is die onderwerp van die wederkoms so ‘n geskilpunt in die Kerk?
2. Is die wederkoms naby of moet sekere gebeure eers plaasvind?
3. Veroorsaak God dat mense ongelowig raak?
4. Wat is ‘die leuen’?

## II TESSALONISENSE 3

### PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

UBS <sup>d</sup>	NKJV	NRSV	TEV	NJB	NAV
Pray for Us	Pray for Us	Closing Appeals, Rebukes and Prayers	Pray for Us	Encouragement to Perseverance (2:13-3:5)	Bid vir ons
3:1-5	3:1-5	3:1-5	3:1-2 3:3-4 3:5	3:1-5	3:1-2 3:3-4 3:5
Warnings Against Idleness	Warnings Against Idleness		The Obligation to Work	Against Idleness and Disunity	Die plig om te werk
3:6-15	3:6-15	3:6-13	3:6-10  3:11-12 3:13-15	3:6 3:7-9 3:10-12	3:6 3:7-10  3:11-12 3:13-15
		3:14-15			
Benediction	Benediction		Final Words	Prayer and Farewell Wishes	Seën
3:16	3:16-18	3:16	3:16	3:16	3:16
3:17-18		3:17-18	3:17	3:17-18	3:17a 3:17b
			3:18		3:18

#### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. vii)

#### *VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK*

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### KONTEKSTUELE INSIGTE TOT VERSE 1-18

- A. Paulus vra vir gebede vir sy evangelie-verkondiging (vgl. Ef. 6:19; Kol. 4:3). Hy soek die seën van God vir sy toekomsprekiking soos dit plaasgevind het in sy eerste booskappe aan hulle (vgl. vers 1).
- B. Paulus waarsku oor die ontwrigtende gevolg van valse leraars oor die wederkoms soos gesien in die gelowiges wat weier om te werk.

## WOORD- EN FRASESTUDIE

### OAV TEKS: 3:1-5

<sup>1</sup>VERDER, broeders, bid vir ons dat die woord van die Here sy snelle loop mag hê en verheerlik word net soos by julle; <sup>2</sup>en dat ons verlos mag word van die verkeerde en slegte mense, want die geloof is nie die deel van almal nie. <sup>3</sup>Maar die Here is getrou; Hy sal julle versterk en bewaar van die Bose. <sup>4</sup>En ons vertrou aangaande julle in die Here dat julle doen en ook sal doen wat ons julle beveel. <sup>5</sup>Mag die Here julle harte rig tot die liefde van God en die lydsaamheid van Christus!

**3:1 “VERDER”** Hierdie frase (‘vir die res’) word deur Paulus gebruik om sy laaste hoofwaarheid of onderwerp aan te dui (vgl. I Tess. 4:1). Dit is die begin van die gevolgtrekking. Dit is ook gebruik om sy slotstellings in te lei (vgl. II Kor. 13:11).

Die moontlikheid bestaan ook dat dit ’n literêre merker is vir die sentrale stukrag van die kruisiging (vgl. I Tess. 4:1).

■ **“bid vir ons”** Dit is ’n TEENWOORDIGE MEDIUM (deponent) IMPERATIEF. Paulus het ’n behoefte gehad aan gebed en het geglo dat dit effektiwiteit van sy bediening beïnvloed (vgl. I Tess. 5:25; Ef. 6:19; Kol. 4:3). Sien Vir Spesiale Aandag: Bemiddelaarsgebed by I Tess. 1:2.

■ **“dat die woord van die Here”** Paulus vra vir gebed vir die saak van die evangelie, nie vir homself nie.

In Genesis 15:1,4 verwys die frase “die woord van die HERE (JHWH)” na God se boodskap aan Abraham. Dit is gebruik in ’n profetiese sin in I Sam. 15:10 en Jes. 1:10.

In die NT kom dit in twee vorme voor:

1. gebruik *rhēma* (gesproke woord), Luk. 22:61; Han. 11:16; I Pet. 1:25
2. gebruik *logos*, Han. 8:25; 13:44,48,49; 15:35; 16:32; 19:10,20; I Tess. 1:8; 4:15

Daar blyk geen teologiese onderskeid tussen die twee vorme te wees nie.

■ OAV	“sy snelle loop mag hê en verheerlik word”
NAV	“vinnig mag versprei en oral in ere gehou mag word”
NASB, NRSV	“will spread rapidly and be glorified”
NKJV	“may have <i>free</i> course and be glorified”
TEV	“may continue to spread rapidly and receive glory”
NJB	“may spread quickly, and be received with honour”

Daar is twee TEENWOORDIGE SUBJUNKTIEWE. Die term “versprei” is letterlik ‘hardloop ’n resies’ (TEENWOORDIGE AKTIEWE SUBJUNKTIEF). Dit mag ’n heenwysing wees op Ps. 147:15. “Verheerlik” (TEENWOORDIGE PASSIEWE SUBJUNKTIEF) moet in hierdie konteks verstaan word as ‘eer’. Dit verwys na die evangelie wat ontvang en in gejubel word. Die evangelie word vereer wanneer gevalle mense gepas daarop reageer (vgl. vers 2) en daardeur verander word.

**3:2 “dat ons verlos mag word van die verkeerde en slegte mense”** Dit is ’n AORISTUS PASSIEWE SUBJUNKTIEF. Hierdie TYDSVORM en die VOORSETSEL met twee BYVOEGLIKE NAAMWOORDE, toon dat Paulus verwys na ’n spesifieke insident in sy lewe. Hierdie kerk verstaan watter insident hy bedoel (vgl. I Tess. 2:16). Paulus skryf uit Korinte waar hy baie ontberinge moes deurmaak (vgl. II Kor. 4:8-11; 6:4-10; 11:23-28).

■ **“want die geloof is nie die deel van almal nie”** Dit is letterlik ‘die geloof’. Dit kan verwys na (1) die persoonlike ervaring daarvan om die evangelie te ontvang of (2) die waarheid van die evangelie in ’n doktrinale sin. Boosheid vermom homself dikwels as goed (vgl. Mat. 7:21-23). Sien Vir Spesiale Aandag: Glo by Gal. 3:6.

**3:3 “Maar die Here is getrou”** Hier word die woord ‘getrou’ gebruik in sy OT-sin van ‘getrouheid’. Jesus is presies die teenoorgestelde van die bese mense van vers 2 (vgl. I Tess. 5:24). Sien Vir Spesiale Aandag: Glo in die OT by Gal. 3:6.

■ **“versterk”** In die Septuaginta (LXX) is hierdie gebruik van iets wat daargestel word, soos ’n stad. Dit is later metafories gebruik van totstandkoming of bevestiging van ’n persoon (vgl. Rom. 16:25; I Tess. 3:2; II Tess. 2:17; 3:3). Die getroue Here sal sy eie totstandbring en beskerm teen die boosheid, bese mense en die bese een.

■ **“bewaar”** Dit is een van baie militêre terme in hierdie hoofstuk (vgl. I Pet. 1:3-12; I Joh. 5:18).

■ **“van die Bose”** Hierdie verhoë Griekse vorm kan NEUTRAAL of MANLIK wees. Die Oosterse kerkvaders en Tertullianus interpreteer dit as MANLIK, terwyl die Westerse kerkvaders dit as NEUTRAAL interpreteer (vgl. Rom. 12:99). Die NT ondersteun klaarblyklik die MANLIKE interpretasie (vgl. Mat. 5:37; 6:13; 13:19,38; Joh. 17:15; Ef. 6:16; I Joh. 2:13-14; 3:12; 5:18-19). Sien Vir Spesiale Aandag: Persoonlike Boosheid by I Tess. 2:18.

Hierdie konteks het twee moontlike oriëntasies: (1) die valse leraars van Paulus se tyd (antichriste, vgl. I Joh. 2:18) of (2) die eskatologiese boosheid van die Anti-Christ (vgl. Openbaring 13). Boosheid is altyd aanwesig, maar so ook is die getroue Here! Hy sal sy volgelinge red en bewaar van bese mense en Hy sal hulle versterk en bewaak teen die bese een.

**3:4 “ons vertrou aangaande julle in die Here”** Dit is ’n PERFECTUM AKTIEWE INDIKATIEF, ’n aksie wat plaasgevind het in die verlede en nou ’n blywende toestand geword het. Paulus se vertrou was “in die Here,” maar ook in sy gelowiges. Dieselfde balans kan gesien word in Fil. 2:12-13. Verlossing is beide van ’n soewereine God en ’n reagerende mens (‘doen’ en ‘wil aanhou doen’). Al God se onderhandelings met mense behels onvoorwaardelike, tog voorwaardelike, verbondsbeloftes.

▣ **“beveel”** Dit is ’n militêre term. Dit word herhaaldelik in hierdie konteks gebruik (vgl. verse 4,6,10,12). Dit toon Paulus se gesag as apostel. Hierdie term kon verwys na (1) Paulus se prediking; (2) sy eerste brief, I Tessalonisense; of (3) sy huidige instruksies, II Tessalonisense.

**3:5 “Mag die Here. . .van God. . .van Christus”** Die dubbelsinnigheid van die term “Here” is duidelik. In die OT is dit altyd JHWH. NT-skrywers haal dikwels OT-passasies aan waar hulle aksies van JHWH aan Jesus toeskryf. Die vloeibaarheid is moontlik doelbewus, maar die oorspronklike, geïnspireerde NT-skrywer wou die godheid van Jesus bevestig tesame met die eenheidsaksie van die Drie-enige God (vgl. 2:16-17).

▣ **“rig”** Dit is ’n AORISTUS AKTIEWE OPTATIEF wat ’n gebed weerspieël (vgl. I Tess. 3:11-13). Dit is nog ’n militêre term, ‘maak reguit deur hindernisse te verwyder’. Dit is ’n heenwysing op die OT-metafoor, ‘uitgetrapte paaie van regverdigheid’ (vgl. Luk. 1:79; I Tess. 3:11). Let op die twee aspekte van hierdie gebed: (1) die liefde van God en (2) die standvastigheid van Christus.

▣ **“harte”** Dit word gebruik in die OT vir die hele persoon, maar kan ook gebruik word om na die verstand te verwys, wat die beste pas in hierdie konteks. Sien Vir Spesiale Aandag by Gal. 4:6.

▣ **“die liefde van God”** Hierdie GENITIEF-frase kan OBJEKTIEWELIK of SUBJEKTIEWELIK verstaan word. Dus, God se liefde vir ons en ons liefde vir Hom. In konteks pas God se liefde vir ons beter.

▣ **“die lydsaamheid van Christus”** Hierdie frase word nêrens anders in Paulus se geskryfte gebruik nie. Dit is ietwat dubbelsinnig. Dit is ’n aktiewe term vir ‘gewillige, standvastige volharding’. Vanweë Christus se voorbeeld van geduldige volharding (vgl. Fil. 2:6-11), kan gelowiges geduldig volhard.

Hierdie GENITIEF-frase kan beteken: ‘Die gelowiges se geduld soos Christus se geduld,’ of ‘Die geduld wat Christus gee vir gelowiges.’ Dit is moontlik ’n SUBJEKTIEWE GENITIEF, soos die vorige frase. In albei gevalle hou hierdie geduld verband met

1. hulle huidige vervolging
2. hulle reaksie op valse leraars en die gevolglike ledigheid aan die kant van sekere kerklede
3. die gelowiges se geduld, vertrou en verwagte geloofslewe in die lig van die enige-oomblik wederkoms en/of vertraagde wederkoms van Jesus (anders as diegene in vers 11)

### OAV TEKS: 3:6-15

<sup>6</sup>Ons beveel julle, broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus, dat julle jul onttrek aan elke broeder wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie. <sup>7</sup>Want julle weet self hoe julle ons moet navolg, want ons het ons nie onordelik onder julle gedra nie; <sup>8</sup>ook het ons nie brood by iemand kosteloos geëet nie; maar ons het met arbeid en inspanning nag en dag gewerk om nie iemand van julle tot las te wees nie. <sup>9</sup>Nie dat ons nie die reg het nie, maar om onself vir julle as ’n voorbeeld te stel, dat julle ons kan navolg. <sup>10</sup>Want ook toe ons by julle was, het ons julle dit altyd beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie. <sup>11</sup>Want ons hoor dat sommige onder julle onordelik wandel, dat hulle nie werk nie, maar bemoeisiek is. <sup>12</sup>Sulke mense beveel en vermaan ons deur onse Here Jesus Christus, om rustig te werk en hulle eie brood te eet. <sup>13</sup>En julle, broeders, moet nie in goedgevoel verflou nie. <sup>14</sup>En as iemand aan ons woord in hierdie brief nie gehoorsaam is nie, teken dié man en hou geen gemeenskap met hom nie, sodat hy skaam kan word. <sup>15</sup>En beskou hom nie as ’n vyand nie, maar vermaan hom as ’n broeder.

**3:6 “Ons beveel julle. . .in die Naam van onse Here”** Dit is die beleefde MEERVOUD wat Silas en Timoteus insluit, maar in werklikheid is dit ’n woord van Paulus die apostel. Hy erken sy inspirasie en gesag in Christus om te lei en te beveel (TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF) die kerk (vgl. verse 10,12). “In die Naam van” is ’n Hebreeuse idioom wat verwys na die karakter van ’n persoon.

▣ **“in die Naam van”** Hierdie is ’n Semitiese idioom wat ’n persoon se karakter verteenwoordig (vgl. 1:12). Paulus het nie vanuit sy eie gesag gespreek nie. Sien Vir Spesiale Aandag: Die Name van die Here by II Tess. 1:12.

▣ **“dat julle jul onttrek aan”** Dit is ’n TEENWOORDIGE MEDIUM INFINITIEF, dikwels gebruik in Koine Grieks as ’n IMPERATIEF: ‘Jy, self, hou aan om weg te bly van,’ (vgl. vers 14). Gelowiges behoort nie intieme persoonlike verhoudings te hê met diegene wat ongehoorsaam is nie (vgl. Rom. 16:17; I Kor. 5:11; II Tess. 3:14). Dit verwys nie na terloopse vriendskap met verlore mense en fouterende gelowiges nie (vgl. vers 15).

☐	<b>OAV</b>	<b>“onordelik wandel”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“wat leegle”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“leads an unruly life”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“walks disorderly”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“living in idleness”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“who are living a lazy life”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“who refuses to work”</b>

Dit is nog ’n militêre term, ‘wanordelike gedrag’ (vgl. verse 6,7,11). Dit word hier gebruik vir ydel, onsamewerkende gelowiges (vgl. I Tess. 4:11-12; 5:14). Die ooglopende nabyheid van die wederkoms het veroorsaak dat baie gelowiges hulle normale lewensaktiwiteite opgegee het. Hulle het verwag dat hulle deur ander kerklede onsteun sou word. Sien Vir Spesiale Aandag: Rykdom by I Tess. 4:2.

☐	<b>OAV</b>	<b>“wat hy van ons ontvang het”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“wat julle van ons ontvang het”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“which you received from us”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“which he received from us”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“that they received from us”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“that we gave them”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“we passed on to you”</b>

Daar is ’n Griekse manuskriptvariasie met betrekking tot die WERKWOORD:

1. *parelabosan* of *parelabon* (AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF, DERDE PERSOON MEERVOUD “they received” – NRSV)
2. *parelaben* (AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF, DERDE PERSOON ENKELVOUD) ‘he received’ – NKJV
3. *parelabete* (AORISTUS AKTIEWE INDIKATIEF, TWEDE PERSOON MEERVOUD) ‘you received’ – NASB, NJB

Daar is baie manuskriptvariasie in Paulus se briewe met betrekking tot VOORNAAMWOORDE.

**3:7 “hoe julle ons moet navolg”** Daar was geen geskrewe NT op hierdie stadium nie. Daardie gelowiges moes (1) Paulus se evangelie ontvang, en (2) sy voorbeeld volg (vgl. vers 9; I Kor. 4:16; Fil. 3:17; 4:9; I Tess. 1:6).

**3:8 “ook het ons nie brood by iemand kosteloos geëet nie”** Dit is ’n Hebreeuse idioom. Paulus, soos alle rabbyne, het gewerk vir sy daaglikse behoeftes (vgl. I Kor. 9:12,18; 11:7; II Kor. 11:9; 12:13-14; I Tess. 2:9). In die Grieks-Romeinse wêreld het baie reisende skelm en bedrieër op mense geteer. Paulus is dikwels daarvan beskuldig dat hy vir geld preek. Aangesien hy sensitief was oor hierdie aantuiging het hy selde geld aanvaar van diegene wat hom gehoor preek het.

☐ **“maar ons het met arbeid en inspanning nag en dag gewerk”** Vir die Grieke was handarbeid slegs vir slawe bedoel, maar die Bybel bevestig werk as van God. In Genesis is werk sowel voor die val as na die val (vgl. Gen. 2:15; 3:19; Eks. 31:3; 35:35; Deut. 5:13; Jes. 54:16). Die konsep van werk vir jou eie behoeftes is kardinaal in hierdie konteks. Sommige gelowiges het werk verwerp omdat hulle aangeneem het die wederkoms was naby.

☐ **“nag en dag”** Dit is die Joodse tydorde (vgl. Gen. 1:5,8,13,19,23,31). Dit is ’n idioom wat ‘voltyds werk’ beteken, nie letterlik 24 uur ’n dag nie.

**3:9 “Nie dat ons nie die reg het nie”** Paulus bevestig hiermee die konsep dat gelowiges hulle leiers moet ondersteun (vgl. I Kor. 9:4-17; Gal. 6:6). Nietemin, in hierdie spesifieke situasie het hy opgetree (1) om ’n voorbeeld te stel vir diegene wat werk laat vaar het en (2) om moontlike kritiek te vermy.

☐ **“voorbeeld”** Sien Vir Spesiale Aandag: Vorm by I Tess. 1:7.

**3:10 “het ons julle dit altyd beveel”** Dit is ’n IMPERFEKTUM AKTIEWE INDIKATIEF, wat in konteks moet beteken dat Paulus hulle oor en oor vertel het toe hy by hulle was. Hierdie bevel was nie nuwe inligting nie. Die probleem moes opgeduik het vroeg in die kerk, moontlik selfs voordat Paulus daar weg is.

☐ **“as”** Dit is ’n EERSTE KLAS KONDISIONELE SIN. Daar was mense soos hierdie in die kerk.

☐ **“iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie”** Dit is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF gevolg deur ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE IMPERATIEF. Dit is die punt van die hele hoofstuk. Dit spreek lewenstyl onaktiwiteit aan, nie tydelik werkloosheid nie. Ons moet dit balanseer met Paulus se ander briewe oor sy sorg vir die armes (vgl. Han. 24:17; Rom. 15:26-29; II Kor. 8-9; Gal. 2:10). Hierdie bevel kan verstaan word as (1) om nie diegene wat nie werk kos te gee nie of (2) uitsluiting van diegene uit die algemene Christenmaaltyd of liefdesfees (vgl. verse 13,14).

**3:11 “ons hoor”** Dit is ’n TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF, wat letterlik beteken ‘hou aan hoor’.

☐	<b>OAV</b>	<b>“maar bemoeisiek is”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“en hulle met ander se sake bemoei”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“but acting like busy-bodies”</b>

<b>NKJV</b>	<b>“but are busy-bodies”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“not doing any work”</b>
<b>TEV</b>	<b>“who do nothing except meddle in other people’s business”</b>
<b>NJB</b>	<b>“interfering with everyone else’s”</b>

Dit is ’n woordspel in die Griekse teks op die woord ‘werk’: ‘nie werk nie (*epgazomenous*), maar rondwerk (*periergazomenous*).’ Hulle ‘werk’ het begin inmeng met almal anders se besigheid (werk). Paulus gebruik die term ‘werk’ dikwels in hierdie hoofstuk (vgl. 3:8,10,11,12 en I Tess. 4:11).

**3:12** Paulus gebruik sterk woorde van verafskuwing

1. “beveel” TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF
2. “vermaan” TEENWOORDIGE AKTIEWE INDIKATIEF
3. “deur ons Here Jesus Christus”

Dit kon impliseer (1) dat die leegleërs Christene was of (2) dat dit in die naam van Jesus is dat Paulus hulle beveel.

☐ **“om rustig te werk”** Dit is ’n herhaaldelike vermaning van Paulus (vgl. I Tess. 4:11; I Tim. 2:2). Klaarblyklik beteken dit dat gelowiges nie onnodige aandag op hulleself moet vestig deur vreemde, ongewone gedrag nie, maar deur gepaste stil, sagmoedige, geduldige, morele, liefdevolle, sorgsame, werkslewens te leef (die teenoorgestelde van 3:11).

Gelowiges maak so dikwels in ons daaglikse lewens ‘voorbladnuus’, as gevolg van hulle vreemde gelowe of optrede! As Paulus ’n voorbeeld was van werk en getuig, so ook behoort moderne gelowiges te wees. Indien die boodskap konflik veroorsaak, kan dit nie verhelp word nie. Solank die konflik nie deur die boodskappers veroorsaak word nie!

☐	<b>OAV</b>	<b>“hulle eie brood te eet”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“hulle eie brood verdien”</b>
	<b>NASB, NKJV</b>	<b>“eat their own bread”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“do their own work”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“work to earn their own living”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“earning the food that they eat”</b>

Dit is ’n idioom wat beteken om jouself te ondersteun deur jou eie arbeid.

**3:13 “moet nie in goeddoen verflou nie”** Dit verwys na die kerk se stil, sagmoedige, daaglike lewens (vgl. Luk. 18:1; II Kor. 4:1; Gal. 6:9). Mense kyk en neem kennis van goddelike lewens.

**3:14 “as”** Dit is ’n EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN wat as waar veronderstel word vanuit die perspektief van die skrywer of ter wille van sy literêre doelstellings.

☐	<b>OAV</b>	<b>“teken dié man”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“sonder dan daardie man af”</b>
	<b>NASB</b>	<b>“take special note of that person”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“note that person”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“take note of those”</b>
	<b>TEV, NJB</b>	<b>“take note of him”</b>

Dit is ’n TEENWOORDIGE MEDIUM IMPERATIEF. Dit is letterlik ‘kenteken’ of ‘merk’. Dit is ’n metafoor vir ‘notisie neem van’ verstandelik.

☐ **“en hou geen gemeenskap met hom nie”** Dit is ’n TEENWOORDIGE MEDIUM (deponent) INFINITIEF gebruik in ’n IMPERATIEWE sin. Dit is dieselfde as ‘wegbeweeg van’ in vers 6. Dit is onseker wat dit behels:

1. ’n volle ban
2. ’n uitsluiting van die gemeenskaplike kerkmale (*agape* feeste)
3. ’n soort uitsluiting van leierskapsrolle of gemeenskapsituasies

Dit is soortgelyk aan I Kor. 5:9,11 (dieselfde woord, slegs hier en in I Kor. 5 aangetref), wat verwys na intieme vertrouensvriendskap. Paulus wou nie hê hierdie gelowiges moet die ander radikaliseer nie, maar hy wou ook nie hê dat hulle die gemeenskap van gelowiges moes verlaat nie (en moontlik ’n opponerende eskatologiese faksie vorm nie).

☐ **“sodat hy skaam kan word”** Die doel van kerkdissipline is verlossend sowel as dissiplinêr (vgl. vers 15; Gal. 6:1; I Tess. 4:15). Die doel is herstel!

### **OAV TEKS: 3:16**

**<sup>16</sup>En mag Hy, die Here van die vrede, julle altyd vrede gee op allerlei wyse! Mag die Here met julle almal wees!**

**3:16 “die Here van vrede”** Dit is ’n algemene titel vir God die Vader (vgl. Rom. 15:33; 16:20; II Kor. 13:11; Fil. 4:9; I Tess. 5:23; Heb. 13:20). Let op hoe die slot van II Tessalonisense ooreenstem met die slot van I Tessalonisense. Paulus is besig om sy skryfstyl te ontwikkel.

■ **“Mag die Here met julle almal wees!”** Die Griekse term “almal” (*pantos*) word tweekeer in hierdie vers gebruik en eenkeer in vers 18. Paulus se vermaning betrek selfs diegene wat oortree. “Here” kan verwys na Jesus of die Vader. Sien die parallel in I Tess. 3:11.

### **OAV TEKS: 3:17-18**

<sup>17</sup>Die groete van Paulus, met my eie hand, wat ’n teken is in elke brief; so skryf ek. <sup>18</sup>Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.

**3:17 “Die groete van Paulus, met my eie hand”** Paulus dikteer sy briewe aan ’n skriba, maar skryf die slotsin in sy eie handskrif om outeurskap te bevestig (vgl. 2:2; I Kor. 16:21; Gal. 6:11; Kol. 4:18; Filem. 19). Dit het moontlik die patroon daargestel vir al Paulus se daaropvolgende briewe.

**3:18** Die slot is baie soortgelyk aan I Tess. 5:28. Die meeste Griekse manuskripte sit “Amen,” by, maar dit is afwesig in **ⲛ** en B. Skribas was geneig om by elke boek aan te las.

### **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is ’n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ’n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoe behoort die kerk diegene in hulle midde te handel wat die Skrif verwerp?
2. Wat sê hierdie hoofstuk oor ons moderne welvaartstaat?
3. Hoekom is die waarheid van vers 16 so belangrik?

# BYLAAG EEN

## BONDIGE DEFINISIES VAN GRIEKSE GRAMMATIKALE TERME

Koine Grieks, dikwels ook Hellenistiese Grieks genoem, was die algemene spreektaal van die Mediterreense wêreld. Hierdie tydperk neem sy aanvang met die oorwinningsveldtog van Alexander die Grote (336-323 v.C.) en kom ongeveer agthonderd jaar later tot 'n einde (300 v.C.-500 n.C.) Dit was nie bloot 'n vereenvoudigde vorm van klassieke Grieks nie, maar op baie maniere 'n vernieude vorm van Grieks wat die tweede taal van die antieke nabye-Ooste en Mediterreense wêreld geword het.

Op sekere maniere was die Grieks van die Nuwe Testament uniek, omdat die sprekers daarvan – behalwe Lukas en die skrywer van Hebreërs – se eerste taal waarskynlik Aramees was. Gevolglik is die idiome en strukturelemente van Aramees in die Grieks van die NT geïnkorporeer. Hulle het ook uit die Septuaginta (Griekse vertaling van die OT), ook in Koine Grieks geskryf, aangehaal. Die skrywers van die Septuaginta was egter self Joodse geleerdes wat nie Grieks as eerste taal gepraat het nie.

Hierdie oorwegings moet ons herinner dat ons nie die Nuwe Testament in 'n eng grammatiese struktuur kan saampers nie. Dit is uniek, hoewel dit tog baie in gemeen het met die (1) Septuaginta; (2) Joodse geskryfte soos dié van Josephus; en (3) papiri in Egipte gevind. Hoe benader ons dan 'n grammatiese ontleding van die Nuwe Testament?

Die grammatiese elemente van Koine Grieks en Nuwe Testamentiese Koine Grieks is nie konstant nie. Op baie maniere was dit 'n tydperk van vereenvoudigde grammatika. Konteks sal vir ons bepalend wees. Woorde het slegs betekenis binne 'n breër konteks. Daarom kan grammatiese strukture slegs verstaan word in die lig van (1) 'n gegewe skrywer se skryfstyl; en (2) 'n gegewe konteks. Geen onweerlegbare definisie van Griekse vorme en strukture is moontlik nie.

Koine Grieks was hoofsaaklik 'n gesproke taal. Dikwels is die sleutel tot interpretasie die tipe en vorm van die werkwoord. Die werkwoord word meestal eerste geplaas in belangrike frases, wat dan dui op die gewigtheid van die stelling. Drie aspekte moet in ag geneem word in die ontleding van 'n Griekse werkwoord: (1) die basiese klem van die tydvorm (verlede, hede of toekomstig), vorm en modaliteit (vormleer of morfologie); (2) die basiese betekenis van die gegewe werkwoord (leksikografie); en (3) die vloei van die konteks (sintaksis).

### I. TYDVORM/TEMPUS\*

- A. Tydvorm is betrokke by die verwantskap tussen WERKWOORDE en afgehandelde aksie of onafgehandelde aksie. Dit word dikwels “perfektum” of “imperfektum” genoem (voltooid verlede tyd of onvoltooid verlede tyd).
1. Perfektum tydvorm fokus op die uitvoering van 'n handeling. Geen verdere inligting word gegee behalwe dat iets gebeur het nie! Die begin, verloop of einde is nie ter sprake nie.
  2. Imperfektum tydvorm fokus op die voortgaande proses van 'n handeling. Dit kan in terme van lineêre opvolgaksie, voortdurende aksie, progressiewe aksie, ens. beskryf word.
- B. Tydvorm kan gekategoriseer word in terme van die manier waarop die outeur die handeling as progressief beskou:
1. Dit het plaasgevind = AORISTUS (onbepaald verlede tyd)
  2. Dit het plaasgevind en die uitkoms is blywend = PERFECTUM (voltooid verlede tyd)
  3. Dit het in die verlede plaasgevind met afgehandelde gevolge, maar die gevolge is nie meer van toepassing nie = PLUPERFECTUM/PLUSQUAMPERFECTUM (volmaak verlede tyd/voorverlede tyd)
  4. Dit vind plaas = TEENWOORDIGE TYD (PRAESENS)
  5. Dit was besig om plaas te vind = IMPERFECTUM (onvoltooid verlede tyd)
  6. Dit sal plaasvind = TOEKOMSTIGE TYD (FUTURUM)
- 'n Grondige voorbeeld van hoe tydvorm interpretasie bemagtig is die term, “red”. Dit word in 'n aantal verskillende tydvorme gebruik en impliseer proses sowel as kulminasie (of hoogtepunt).
1. AORISTUS – “gered” (vgl. Rom. 8:24)
  2. PERFECTUM – “is gered en die resultaat duur voort” (vgl. Ef. 2:5, 8)
  3. PRAESENS – “word gered” (vgl. 1 Kor. 1:18; 15:2)
  4. FUTURUM – “sal gered word” (vgl. Rom. 5:9, 10; 10:9)
- C. Skrifgeleerdes fokus op WERKWOORDTYE om die bedoeling wat die oorspronklike skrywer gehad het, te bepaal. Die AORISTUS was die standaardvorm om die konteks die betekenis te laat bepaal. Dit was die gewone “nie-spesifieke”, “onbepaalde”, of “neutrale” WERKWOORDVORM en kon op 'n verskeidenheid maniere gebruik word wat deur die konteks gespesifiseer moes word. Dit stel bloot dat iets gebeur het. Die verledetydsvorm word dan in die AANTONENDE MODALITEIT uitgedruk. Die gebruik van enige ander TEMPUS plaas meer spesifieke klem, maar waarop?

\* Alle Afrikaanse aanhalings is uit die OAV tensy anders vermeld – vert.



1. PERFEKTUM. Hier gaan dit om 'n afgehandelde aksie met blywende gevolg. Hiervoor kombineer die AORISTUS met die PRAESENS. Die fokus is gewoonlik op die *blywende resultate* of die *afgehandelde aksie*. Voorbeeld: “uit genade is julle gered en [...] God het ons gemaak wat ons nou is” [NAV vers 10], (Ef. 2:5, 8, 10).
2. PLUPERFEKTUM: Dit was soos PERFEKTUM, maar die gepaardgaande resultaat *duur nie voort nie*. Voorbeeld: “Maar Petrus het buitekant by die deur bly staan,” (Joh. 18:16).
3. TEENWOORDIGE TYD (PRAESENS): Dit spreek van 'n onvoltooide of onvolledige handeling. Die fokus is gewoonlik op die *voortsetting* van die gebeurtenis. Voorbeeld: “Elkeen wat in Hom bly, sondig nie,”; “Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie,” (“Everyone abiding in Him does not continue sinning,” “everyone having been begotten of God does not continue to commit sin”) (1 Joh. 3:6, 9).
4. IMPERFEKTUM. In hierdie tyd is die verhouding met die TEENWOORDIGE TYD in ooreenstemming (analoog) met die verhouding tussen die PERFEKTUM en die PLUPERFEKTUM tye. Die IMPERFEKTUM TYDVORM spreek van onvoltooide handeling wat besig was om plaas te vind, maar nou opgehou het, of van die aanvang van 'n handeling in die verlede. Voorbeeld: “En Jerusalem. . . het uitgegaan na Hom toe” (“Then all Jerusalem were continuing to go out to him” or “then all Jerusalem began to go out to him”) (Mat. 3:5).
5. TOEKOMSTIGE TYD (FUTURUM): Hier is gewoonlik 'n handeling van iets wat vir die toekoms voorsien word, ter sake. Dit fokus op 'n potensiele gebeurtenis eerder as 'n werklike gebeurtenis. Dit verwys dikwels na die sekerheid waarmee hierdie gebeurtenis verwag word. Voorbeeld: “Salig is. . . want aan hulle” (“Blessed are. . . they will...”) (Mat. 5:4-9).

## II. VORM (Bedrywend, lydend, wederkerig)

- A. VORM beskryf die verhouding tussen die aksie van die WERKWOORD en sy ONDERWERP.
- B. AKTIEWE (BEDRYWENDE) VORM was die normale, verwagte, onbeklemtoonde manier om aan te toon dat die onderwerp besig was om die handeling van die WERKWOORD uit te voer.
- C. Die PASSIEWE (LYDENDE) VORM toon dat die ONDERWERP die ontvanger was van die handeling van die WERKWOORD, uitgevoer deur 'n eksterne bewerker. Hierdie eksterne bewerker word in die Griekse NT na verwys deur die volgende VOORSETSELS en gevalle:
  1. 'n persoonlike direkte agent/bewerker met '*hupo*' in die ABLATIEWE STATUS (vgl. Mat. 1:22; Han. 22:30);
  2. 'n persoonlike tussenvorm agent/bewerker met '*dia*' in die ABLATIEWE STATUS (vgl. Mat. 1:22)
  3. 'n onpersoonlike agent/bewerker gewoonlik met '*en*' by die INSTRUMENTIS STATUS; en
  4. soms óf 'n persoonlike óf onpersoonlike agent/bewerker, alleenlik in die INSTRUMENTIS STATUS
- D. Die MIDDELVORM (MEDIUM) beteken dat die ONDERWERP die handeling van die WERKWOORD voortbring, en ook direk daarby betrokke is. Dit word dikwels die VORM van verhoogde persoonlike belang genoem. Die konstruksie is 'n manier om die ONDERWERP van die frase of sin te beklemtoon. Hierdie konstruksie word nie in Engels aangetref nie, (maar wel in Afrikaans) en het 'n wye verskeidenheid moontlike betekenis in Grieks. Voorbeelde hiervan sluit in:
  1. REFLEKSIEF – die direkte handeling van die onderwerp op homself. Voorbeeld: “homself gehang” (“Hanged himself”) (Mat. 27:5).
  2. INTENSIEF – die onderwerp veroorsaak die handeling vir homself. Voorbeeld: “Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig” (“Satan himself masquerades as an angel of light”) (2 Kor. 11:14).
  3. WEDERKERIG – interaksie tussen twee onderwerpe. Voorbeeld: “En hou saam raad” (“They counseled with one another”) (Mat. 26:4).

## III. MODALITEIT

- A. Daar is vier MODALITEITE in Koine Grieks. Hulle dui op die verhouding van die WERKWOORD tot die werklikheid – die werklikheid volgens die outeur, ten minste. Die MODALITEITE word verdeel in twee breë kategorieë: dié wat verwys na realiteit (AANTONEND) en dié wat verwys na potensiaal (AANVOEGEND, ONBEPAALED en WENSEND).
- B. Die AANTONENDE MODALITEIT was die normale ASPEK om handeling te beskryf wat reeds gebeur het of besig was om te gebeur, weereens vanuit die perspektief van die skrywer. Dit was die enigste Griekse luim wat 'n definitiewe tyd aantoon, en selfs hier was dié aspek van sekondêre belang.
- C. Die AANVOEGENDE MODALITEIT dui op waarskynlike toekomshandeling. Iets het nog nie gebeur nie, maar die kans was goed dat dit sou. Dit het baie in gemeen met die TOEKOMSTIGE AANTONENDE MODALITEIT. Die verskil was dat die AANVOEGENDE MODALITEIT 'n sekere mate van twyfel aantoon. Dit is vergelykbaar met die gebruik van “could”, “would”, “may” or “might” in Engels, of “kan”, “sou” of “mag” in Afrikaans.

- D. Die WENSENDE MODALITEIT gee uitdrukking aan ‘n wens wat in teorie vervulbaar was. Dit is een stap verder weg van die realiteit as die AANVOEGENDE MODALITEIT. Die WENSENDE MODALITEIT dui op moontlikhede afhanklik van sekere voorwaardes. Dit kom selde voor in die Nuwe Testament, behalwe in Paulus se befaamde gesegde: “Nee, stellig nie!” – in totaal vyftien keer (vgl. Rom. 3:4, 6, 31; 6:2, 15; 7:7, 13; 9:14; 11:1, 11; 1 Kor. 6:15; Gal. 2:17; 3:21; 6:14). Ander voorbeelde word aangetref in Tess. 1:38; 20:16; Han. 8:20; en 1 Tess. 3:11).
- E. Die GEBIEDENDE MODALITEIT beklemtoon ‘n bevel wat uitvoerbaar was, maar die klem is op die bedoeling van die spreker. Dit stel slegs die begeerte tot ‘n moontlike uitkoms, maar is afhanklik van die besluite van ‘n ander. Daar was ‘n spesiale gebruik van die GEBIEDENDE MODALITEIT in gebede en derdepersoonsversoeke. Hierdie bevel word slegs in die PRAESENS en AORISTUS tye in die NT aangetref.
- F. Sommige taalkundiges klassifiseer die PARTISIPIUM of DEELWOORDE as ‘n verdere tipe MODALITEIT. Hulle is baie algemeen in die Griekse NT waar dit gewoonlik as ‘n BYWOORD bestempel word. DEELWOORDE word saam met die WERKWOORD waarmee hul ingespan is vertaal. As gevolg van die groot verskeidenheid vertalingsmoontlikhede van deelwoorde, is dit altyd wys om meer as een vertaling te raadpleeg. *The Bible in Twenty Six Translations*, uitgegee deur Baker, is van groot hulp op hierdie gebied.
- G. Die AORISTUS AKTIEF AANTONEND was die normale, “ongemerkte” manier om gebeurtenisse vas te lê. Enige ander tempus, vorm of modaliteit dra die een of ander boodskap oor wat die oorspronklike skrywer spesifiek wou kommunikeer.

IV. Vir diegene wat onbekend is met Grieks sal die volgende studie-hulpmiddels die nodige inligting verskaf:

- A. Friberg, Barbara and Timothy. *Analytical Greek New Testament*. Grand Rapids: Baker, 1988.
- B. Marshall, Alfred. *Interlinear Greek-English New Testament*. Grand Rapids: Zondervan, 1976.
- C. Mounce, William D. *The Analytical Lexicon to the Greek New Testament*. Grand Rapids: Zondervan, 1993.
- D. Summers, Ray. *Essentials of New Testament Greek*. Nashville: Broadman, 1950.
- E. Akademies geakkrediteerde Koine Griekse-korrespondensiekursusse word aangebied deur Moody Bible Institute in Chicago, IL.

## V. NAAMWOORDE

- A. Sintakties word NAAMWOORDE geklassifiseer in terme van NAAMVAL. Die NAAMVAL is daardie verbuiging van ‘n NAAMWOORD wat sy verhouding tot die WERKWOORD en ander dele van die sin aandui. In Koine Grieks het VOORSETSELS dikwels naamvalsfunksies oorgeneem. Aangesien die NAAMVALSVORM ‘n hele aantal verskillende verhoudings kon aandui, het VOORSETSELS ontwikkel om groter duidelikheid tussen hierdie verskillende funksies te bewerkstellig.
- B. Griekse NAAMVALLE word in ag kategorieë geklassifiseer:
1. Die NOMINATIEF is gebruik vir benoeming en is gewoonlik die onderwerp van die sin of bysin. Dit is ook gebruik vir PREDIKATIEWE NAAMWOORDE en BYVOEGLIKE NAAMWOORDE waar die WERKWOORDE “om te wees” of “word” die skakel vorm.
  2. Die GENITIEF is gebruik om iets te beskryf en het gewoonlik ‘n kenmerk of kwaliteit aan sy verwante woord toegeskryf. Dit beantwoord die vraag: “Watter soort?” en word dikwels uitgedruk deur die gebruik van die Engelse VOORSETSEL “of”; in Afrikaans “van”.
  3. Die ABLATIEF gebruik dieselfde verbuigingsvorm as die GENITIEF, maar is gebruik om skeiding te beskryf. Gewoonlik dui dit op ‘n skeiding tussen ‘n punt in tyd, ruimte, oorsprong of graad. Dit word dikwels uitgedruk deur die Engelse VOORSETSEL “from”, of “vanaf” in Afrikaans.
  4. Die DATIEF is gebruik om persoonlike belang te beskryf en kon ‘n negatiewe of positiewe aspek aantoon. Dit was dikwels die indirekte voorwerp. In Engels word dit dikwels uitgedruk deur die VOORSETSEL “to”; Afrikaans: “na”.
  5. Die LOKATIEF was dieselfde verbuigingsvorm as die DATIEF, maar beskryf posisie of plek in ruimte, tyd of logiese beperking. Dit word dikwels uitgedruk deur die Engelse VOORSETSELS “in”, “on”, “at”, “among”, “during”, “by”, “upon” of “beside” (“in”, “op”, “by”, “tussen”, “gedurende”, “deur”, “op”, “bo-op” of “langs”).
  6. Die INSTRUMENTIS was dieselfde verbuigingsvorm as die DATIEF en LOKATIEF. Dit toon manier of assosiasie. Die Engelse VOORSETSELS “by” of “with” dien as vertaling; in Afrikaans, “deur” of “met”.

7. Die AKKUSATIEF is gebruik om die uiteinde van 'n handeling te beskryf. Dit dui beperking aan en sy hoofgebruik was die direkte voorwerp. Dit beantwoord die vraag: "Hoe ver?" of "Tot watter mate?"
8. Die VOKATIEF as verbuiging word gebruik om direk aan te spreek.

## VI. VOEGWOORDE EN VERBINDINGSWOORDE

- A. Grieks is 'n baie eksakte taal, omdat dit so baie verbindingswoorde bevat. Hulle verbind denke (sinsdele/bysinne, sinne en paragrawe) en kom so algemeen voor dat hulle afwesigheid (asindeton) dikwels van groot belang is vir skrifuitleg. Hierdie voegwoorde en verbindingswoorde toon as't ware die rigting van die skrywer se denke aan, en is as sulks dikwels van kardinale belang om te bepaal wat presies die skrywer se bedoeling was met 'n gegewe teks.
- B. Sommige voegwoorde of verbindingswoorde en hulle betekenis word vervolgens gelys (die inligting is meestal verkry uit H.E. Dana en Julius K. Mantey se *A Manual Grammar of the Greek New Testament*):
  1. Verbindingswoorde van tyd.
    - a. *epei, epeid ē, hopote, hōs, hote, hotan* (subj.) – "wanneer" ("when")
    - b. *heōs* – "terwyl" ("while")
    - c. *hotan, epan* (subj.) – "wanneer ook al" ("whenever")
    - d. *heōs, achri, mechri* (subj.) – "totdat" ("until")
    - e. *priv* (infinitief) – "voordat" ("before")
    - f. *hōs* – "sedert", "wanneer", "as" ("since", "when", "as")
  2. Voegwoorde van Logika
    - a. Doel
      - (1) *hina* (subj.), *hopōs* (subj.), *hōs* – "sodat", "dat" ("in order that", "that")
      - (2) *hōste* (akkusatief infinitief fisies) – "daardie" ("that")
      - (3) *pros* (akkusatief infinitief fisies) of *eis* (akkusatief infinitief fisies) – "dat" ("that")
    - b. Resultaat (daar is 'n noue verwantskap tussen die grammatiese vorms van doel en resultaat)
      - (1) *hōste* (infinitief, hierdie een kom mees algemeen voor) – "sodat", "dus" ("in order that", "thus")
      - (2) *hiva* (subj.) – "sodat" ("so that")
      - (3) *ara* – "so"
    - c. Oorsaak of rede
      - (1) *gar* (oorsaak/gevolg of rede/gevolgtrekking) – "want", "omdat" ("for", "because")
      - (2) *dio, hotiy* – "want", "omdat" ("because")
      - (3) *epei, epeidē, hōs* – "aangesien" ("since")
      - (4) *dia* (met akkusatief) en (met beweging infinitief) – "omdat" ("because")
    - d. Afleiding
      - (1) *ara, poinun, hōste* – "daarom", "dus" ("therefore")
      - (2) *dio* (sterkste voegwoord van afleiding) – "op grond waarvan", "waarom", "daarom" ("on which account", "wherefore", "therefore")
      - (3) *oun* – "daarom", "so", "dan", "gevolglik" ("therefore", "so", "then", "consequently")
      - (4) *toinoun* – "dienooreenkomstig" ("accordingly")
    - e. Teenstelling of kontras
      - (1) *alla* (sterk teenstellend) – "maar", "behalwe", "tensy" ("but", "except")
      - (2) *de* – "maar", "egter", "alhoewel", "tog", "aan die ander kant" ("but", "however", "yet", "on the other hand")
      - (3) *kai* – "maar" ("but")
      - (4) *mentoi, oun* – "egter", "nietemin" ("however")
      - (5) *plēn* – "nietemin", "desnieteenstaande", "ten spyte hiervan" ("never-the-less") – meestal in Lukas
      - (6) *oun* – "egter", "nietemin" ("however")
    - f. Vergelyking
      - (1) *hōs, kathōs* (inleiding van vergelykende sinsnedes)
      - (2) *kata* (in samestellings, *katho, kathoti, kathōsper, kathaper*)
      - (3) *hosos* (in Hebreërs)
      - (4) *ē* – "as" ("than")
    - g. Voortsetting of reeks
      - (1) *de* – "en", "nou" ("and", "now")
      - (2) *kai* – "en" ("and")
      - (3) *tei* – "en" ("and")
      - (4) *hina, oun* – "dat" ("that")
      - (5) *oun* – "dan" ("then") – in Johannes
  3. Beklemtonend
    - a. *alla* – "sekerheid", "ja", "weliswaar" ("certainty", "yea", "in fact")
    - b. *ara* – "inderdaad", "sekerlik", "werklik/regtig" ("indeed", "certainly", "really")
    - c. *gar* – "maar regtig", "sekerlik", "inderdaad" ("but really", "certainly", "indeed")

- d. *de* – “inderdaad” (“indeed”)
- e. *ean* – “selfs” (“even”)
- f. *kai* – “selfs”, “inderdaad”, “regtig” (“even”, “indeed”, “really”)
- g. *mentoi* – “inderdaad” (“indeed”)
- h. *oun* – “regtig”, “ten alle koste” (“really”, “by all means”)

## VII. VOORWAARDELIKE SINNE

- A. ‘n VOORWAARDELIKE SIN bevat een of meer voorwaardelike sinsnedes of stellings. Hierdie grammatikale struktuur bevorder verklarings omdat dit die omstandighede, redes of oorsake verskaf wat die handeling van die HOOFWERKWOORD verduidelik hoekom dit (nie) plaasvind (nie). Vier tipes voorwaardelike sinne word onderskei wat beweeg tussen dit wat vir waarheid aangesien moet word vanuit die perspektief van die skrywer of om sy literêre doelstelling te bereik, tot dit wat bloot ‘n wens was.
- B. Die EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN gee uitdrukking aan handeling of bestaanswyse wat as waarheid aanvaar is vanuit die skrywer se perspektief of vir sy doelwit, selfs al vorm “indien” of “as” deel van die stelling. In verskeie kontekste sou dit as “aangesien” vertaal kon word (vgl. Mat. 4:3; Rom. 8:31). Dit beteken egter nie dat alle EERSTE KLASSE aan die werklikheid voldoen nie. Hulle is dikwels gebruik om ‘n punt te maak tydens ‘n argument, of om op ‘n denkfout te dui (vgl. Mat. 12:27).
- C. Die TWEDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN word dikwels as “feitelik teenstellend” bestempel. Dit stel ‘n onwaarheid om ‘n punt te bewys. Voorbeelde:
  1. “Hy, as Hy ‘n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak” (Luk 7:39).
  2. “Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?” (Joh. 5:46-47).
  3. “Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie ‘n dienskneg van Christus wees nie,” (Gal. 1:10).
- D. Die DERDE KLAS dui op moontlike toekomstige handeling. Dit aanvaar dikwels dat hierdie handeling waarskynlik sal plaasvind, maar hou gewoonlik die aspek van ‘n onvoorsiene situasie in gedagte. Die aksie van die hoof-WERKWOORD is afhanklik van die gebeure in die “dit”-sinsdeel. Voorbeelde: 1 Joh. 1:6-10; 2:4, 6, 9, 15, 20, 21, 24, 29; 3:21; 4:20; 5:14, 16.
- E. Die VIERDE KLAS is die mees onwaarskynlike van die vier en kom selde voor in die NT. Om die waarheid te sê, daar is geen volledige VIERDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN waarvan albei dele van die voorwaarde binne die definisie pas nie. ‘n Voorbeeld van ‘n gedeeltelike VIERDE KLAS is die aanvangsfrase in 1 Pet. 3:14. ‘n Voorbeeld van ‘n gedeeltelike VIERDE KLAS in die slotfrase kom voor in Han. 8:31.

## VIII. VERBODSBEPALINGS

- A. Die PRAESENS IMPERATIEF met  $M\bar{E}$  (PARTIKEL) beklemtoon dikwels (maar nie altyd nie) dat ‘n handeling wat reeds sy aanvang geneem het, gestaak moet word. ‘n Paar voorbeelde: “Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde nie,” (Mat. 6:19); “Moenie julle kwel oor julle lewe...” (Mat. 6:25); “En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie,” (Rom. 6:13); “En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing,” (Ef. 4:30); en “Moenie dronk word van wyn nie –” (Ef. 5:18).
- B. Die AORISTUS SUBJUNKTIEF met  $M\bar{E}$  PARTIKEL beklemtoon dat daar nie eens begin moet word met ‘n gegewe handeling nie. Voorbeelde: “Moenie dink dat...” (Mat. 5:17); “Daarom moet julle jul nie kwel...” (Mat. 6:31); “Skaam jou dan nie...” (2 Tim. 1:8).
- C. Die DUBBELE NEGATIEF saam met die SUBJUNKTIEWE MODUS is sterk ontkenend – “Nooit, nee nooit” of “onder geen omstandighede nie”. Voorbeelde: “sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie” (Joh. 8:51); “sal ek in der ewigheid geen” (1 Kor. 8:13).

## IX. DIE LIDWOORD

- A. In Koine Grieks was die gebruik van die BEPALENDE LIDWOORD “die” (“the”) soortgelyk aan die gebruik daarvan in Engels.\* Sy basiese funksie was dié van aanwyser, of ‘n manier om aandag te vestig op ‘n woord, naam of frase. Gebruik verskil tussen outeurs van die NT. Die BEPALENDE LIDWOORD kan ook gebruik word om:
  1. kontras te toon, soos ‘n aanwysende VOORNAAMWOORD;
  2. terug te verwys na ‘n ONDERWERP of persoon wat voorheen bespreek is;

\* En Afrikaans – vert.

3. die onderwerp in 'n sin met 'n WERKWOORD te verbind. Voorbeelde: “God is Gees” (Joh. 4:24); “God is lig” (1 Joh. 1:5); “God is liefde” (1 Joh. 4:8, 16).

B. Daar was nie in Koine Grieks 'n ONBEPAAALDE LIDWOORD soos die Engelse “a” of “an” (Afrikaans “’n”) nie. Die afwesigheid van die BEPALENDE LIDWOORD kon dui op:

1. 'n fokus op die kenmerke of kwaliteit van iets;
2. 'n fokus op die kategorie van iets.

C. Die NT skrywers verskil grootliks in hulle gebruik van die LIDWOORD.

## X. MANIERE OM TE BEKLEMTON IN DIE GRIEKSE NUWE TESTAMENT

A. Beklemtoningstegnieke verskil tussen NT skrywers. Die mees konsekwente en vaardigste skrywers was Lukas en die skrywer van Hebreërs.

B. Daar is voorheen gestel dat die AORISTUS AKTIEF AANTONEND 'n standaard skryfwyse was en nie vir beklemtoning van sake aangewend is nie, maar dat al die ander vorme van TEMPUS of MODALITEIT vir verklaring belangrik was. Dit beteken nie dat die AORISTUS AKTIEF AANTONEND nie dikwels in 'n belangrike grammatiese sin gebruik is nie. Voorbeeld: Rom. 6:10 (twee keer).

C. Woordorde in Koine Grieks

1. Koine Grieks met soveel verbuiging was nie soos Engels, en in 'n mate Afrikaans, van vaste woordorde afhanklik nie. Dus kon die skrywer die verwagte, normale woordorde na hartelus omkeer om aan te toon:
  - a. wat die skrywer aan die leser wou beklemtoon;
  - b. wat die skrywer gedink het vir die leser as verrassing moet kom;
  - c. wat vir die skrywer van groot belang was.
2. Wat normale woordorde in Grieks moet wees is steeds 'n onopgeloste kwessie. 'n Veronderstelde normale woordorde is as volg:
  - a. vir koppelwerkwoorde
    - (1) WERKWOORD
    - (2) ONDERWERP
    - (3) TOEVOEGSEL
  - b. vir oorganklike werkwoorde
    - (1) WERKWOORD
    - (2) ONDERWERP
    - (3) VOORWERP
    - (4) INDIREKTE VOORWERP
    - (5) VOORSETSELFRASE
  - c. vir naamwoordfrases
    - (1) NAAMWOORD
    - (2) WYSIGER
    - (3) VOORSETSELFRASE
3. Woordorde kan baie belangrik wees vir skrifuitleg. Voorbeeld:
  - a. “aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee” (Gal. 2:9). Die frase “regterhand van gemeenskap” is verdeel en vorentoe geskuif om te wys hoe belangrik dit is.
  - b. “met Christus” (Gal. 2:20) is eerste geplaas. Sy dood was sentraal.
  - c. “Nadat God baiekeer en op baie verskillende maniere” (Heb. 1:1) staan eerste. Dit was hoe God Homself openbaar het wat gekontrasteer is, nie die blote feit van openbaring nie.

D. Gewoonlik is 'n sekere mate van klem getoon deur:

1. die herhaling van die VOORNAAMWOORD wat reeds in die WERKWOORD se verbuiging voorgekom het. Voorbeeld: “En kyk, Ek is met julle...” (“I, myself, will surely be with you...”) (Mat. 28:20).
2. die afwesigheid van 'n verwagte VOEGWOORD of ander verbinding tussen twee woorde, frases, bysinne of sinne. Dit word 'n asindeton genoem (“ongebind”). Die verbindingswoord word verwag, dus sal sy afwesigheid aandag trek. Voorbeelde:
  - a. Die Saligsprekinge, Mat. 5:3 e.v. (beklemtoon die lys)
  - b. Joh. 14:1 (nuwe onderwerp)
  - c. Rom. 9:1 (nuwe gedeelte)
  - d. 2 Kor. 12:20 (beklemtoon die lys)
3. die herhaling van woorde of frases in 'n gegewe konteks. Voorbeeld: “tot lof van sy heerlijkheid” (Ef. 1:6, 12, 14). Hierdie frase is gebruik om te dui op elk van die Drie-Eenheid se werke.
4. die gebruik van idiomatiese uitdrukkings of klankspel.
  - a. eufemismes – vervang woorde met taboe onderwerpe soos “slaap” in plaas van dood (Joh. 11:11-14) of “voete” vir manlike geslagsorgane (Rut 3:7-8; 1 Sam. 24:3)

- b. omskrywings – ander woorde as God se Naam, soos “koninkryk van die hemel” (Mat. 7:21); of “’n stem uit die hemele” (Mat. 3:17).
  - c. beeldspraak
    - (1) onmoontlike oordrywings (Mat. 3:9; 5:29-30; 19:24)
    - (2) matige oordrywing (Mat. 3:5; Han. 2:36)
    - (3) personifikasie (1 Kor. 15:55)
    - (4) ironie (Gal. 5:12)
    - (5) poëtiese passasies (Fil. 2:6-11)
    - (6) klankspel tussen woorde
      - (a) “kerk” (“church”)
        - (i) “kerk” (“church”) (Ef. 3:21)
        - (ii) “roeping” (“calling”) (Ef. 4:1, 4)
        - (iii) “geroep” (“called”) (Ef. 4:1, 4)
      - (b) “vrye”
        - (i) “vrye vrou” (“free woman”) (Gal. 4:31)
        - (ii) “vryheid” (“freedom”) (Gal. 5:1)
        - (iii) “vry” (“free”) (Gal. 5:1)
  - d. idiomatiese taal – taal wat gewoonlik kultuur- of taal-spesifiek is:
    - (1) Dit was die figuurlike gebruik van “kos” (Joh. 4:31-34).
    - (2) Dit was die figuurlike gebruik van “Tempel” (Joh. 2:19; Mat. 26:61).
    - (3) Dit was ‘n Hebreuse idioom van barmhartigheid, “haat” (Gen. 29:31; Deut. 21:15; Tess. 14:36; Joh. 12:25; Rom. 9:13).
    - (4) “Almal” versus “baie” (“all” versus “many”). Vergelyk Jes. 53:6 (“almal”) met 53:11, 12 (“baie”). Die terme is sinoniem, soos Rom. 5:18 en 19 toon.
  - 5. die gebruik van ‘n volledige taalkundige frase eerder as ‘n enkele woord. Voorbeeld: “Die Here Jesus Christus” (“The Lord Jesus Christ”).
  - 6. die spesiale gebruik van *autos*
    - a. wanneer dit saam met die LIDWOORD (attributiewe posisie) as “dieselfde” vertaal is.
    - b. wanneer dit sonder die LIDWOORD (predikatiewe posisie) as ‘n INTENSIEWE REFLEKSIEWE VOORNAAMWOORD vertaal is – “homself”, “haarself” of “ditself” (“himself”, “herself”, “itself”).
- E. Die Bybelstudent wat nie Grieks ken nie, kan klem op verskeie maniere identifiseer:
1. Die gebruik van ‘n analitiese woordeboek en Engelse teks met Grieks tussen die lyne.
  2. Die vergelyking van verskillende vertalings, spesifiek vanuit verskillende vertalingsdenkskole. Voorbeelde: vergelyk ‘n “woord vir woord” vertaling (KJV, NKJV, ASV, NASB, RSV, NRSV) met ‘n “dinamiese ekwivalent” (Williams, NIV, NEB, REB, JB, NJB, TEV). ‘n Goeie hulpmiddel hier sou *The Bible in Twenty-Six Translations* wees, uitgegee deur Baker.
  3. Die gebruik van *The Emphasized Bible* deur Joseph Bryant Rotherham (Kregel, 1994).
  4. Die gebruik van letterlike vertalings:
    - a. *The American Standard Version* van 1901;
    - b. *Young’s Literal Translation of the Bible* deur Robert Young (Guardian Press, 1976).

Die studie van grammatika is uitputtend, maar noodsaaklik vir doeltreffende interpretasie. Die doel van hierdie bondige definisies, aanmerkings en voorbeelde is om nie-Grieks-magtige persone te ondersteun en toe te rus om die grammatiese notas wat in hierdie kommentaar verskaf word, te gebruik. Die definisies is sonder twyfel oorvereenvoudig. Hulle behoort nie dogmaties of rigied toegepas te word nie, maar eerder as hulpmiddel om tot ‘n beter verstaan van Nuwe Testamentiese sintaksis te kom. Hopelik sal hierdie definisies ook lesers in staat stel om ook aanmerkings in ander studiegidse, soos tegniese kommentare van die Nuwe Testament, te verstaan.

Ons moet daartoe in staat wees om ons interpretasie met Bybeltekste te ondersteun en te kontroleer. Grammatika is een van die mees nuttige hulpmiddels tot ons beskikking. Ander hulpmiddels sou insluit die historiese milieu, literêre konteks, woordkeuses van die dag en parallelle passasies.

# BYLAAG TWEE

## TEKSKRITIESE OPMERKINGS

Die doel van hierdie bylaag is om die tekskritiese notas wat in die kommentaar gemaak word, te verduidelik. As sulks sal die volgende raamwerk gebruik word:

- I. Die tekstuele bronne van die Engelse Bybel
    - A. Ou Testament
    - B. Nuwe Testament
  - II. Bondige verduideliking van die probleme en teorieë van “laer kritiek” oftewel “tekskritiek”.
  - III. Voorgestelde bronne vir verdere navorsing
- 
- I. Die tekstuele bronne van die Engelse Bybel
    - A. Ou Testament
      1. Masoretiese teks (MT) – Die Hebreuse hoofletterteks is saamgestel deur Rabbyn Aquiba in 100 n.C. Die vokaalpunktuasie, aksente, kantaantekeninge, leestekens en tekskritiese aantekeninge is sedert die sesde eeu n.C. aangevul en gefinaliseer in die negende eeu n.C. Dit is voltooi deur ‘n span Joodse geleerdes wat as die Masorete bekend gestaan het. Die teksvorm wat hulle gebruik het, was dieselfde as wat in die Mishnah, die Talmoed, die Targoems, die Peshitta en die Vulgaat gebruik was.
      2. Septuaginta (LXX) – Volgens tradisie en oorlewering word die Septuaginta se ontstaan aan 70 Joodse geleerdes toegeskryf wat dit in 70 dae sou saamgestel het. Dit was bedoel vir die biblioteek van Alexandrië onder opdrag en borgskap van Koning Ptolemeus II (285-246 v.C.) Die vertaling was op die versoek van ‘n Joodse leier wat, aldus die “Brief van Aristeia, op daardie stadium in Alexandrië gewoon het. Die LXX het meermale verskillende Hebreuse tekstradisies uit Rabbyn Aquiba se oorlewering opgeneem (MT).
      3. Dooie See Boekrolle (DSS – Dead Sea Scrolls) – Die Dooie See Boekrolle is gedurende die Romeinse tydperk deur ‘n Joods-separatistiese beweging, naamlik die “Essene” geskryf (200 v.C. tot 70 n.C.) Die Hebreuse manuskripte, wat op verskeie plekke rondom die Dooie See gevind is, toon ‘n ietwat verskillende Hebreuse tekstradisie as dié waarop beide die MT en die LXX berus.
      4. Sommige spesifieke voorbeelde van hoe die vergelyking van hierdie tekste ontleders help om die Ou Testament te verstaan sluit in:
        - a. Die LXX het vertalers en geleerdes gehelp om die MT te verstaan
          - (1) die LXX van Jes. 52:14, “As many shall be amazed at him.”
          - (2) die MT van Jes. 52:14, “just as many were astonished over you,” (vgl. OAV & NAV)
          - (3) in Jes. 52:15 word die voornaamwoord-onderskeid van die LXX bevestig
            - (a) LXX, “so will many nations marvel at him” (vgl. OAV)
            - (b) MT, “so he sprinkles many nations” (vgl. NAV)
        - b. Die DSS het vertalers en geleerdes gehelp om die MT te verstaan
          - (1) die DSS van Jes. 21:8, “then the seer cried, Upon a watchtower I stand...” (vgl. NAV)
          - (2) die MT van Jes. 21:8, “and I cried a lion! My Lord, I always stand on the watch tower by day...” (vgl. OAV)
        - c. Die LXX sowel as die DSS het gehelp om Jes. 53:11 te verduidelik
          - (1) LXX & DSS, “after the travail of his soul he will see light, he will be satisfied”
          - (2) MT, “he shall see. . .of the travail of his soul, He shall be satisfied”
    - B. Nuwe Testament
      1. Meer as 5,300 manuskripte van die volle of dele van die Griekse Nuwe Testament bestaan. Sowat 85 is geskryf op papyrus en 268 is manuskripte geskryf in hoofletters (die hoofletterskrif). Teen ongeveer die negende eeu n.C. is ‘n lopende skrif (kleinletterskrif) ontwikkel. Daar is omtrent 2,700 geskrewe Griekse manuskripte en daar bestaan ook sowat 2,100 kopieë van skrifdele, gebruik tydens aanbidding, wat (Bybel)-voorlesings (“lectionaries”) genoem word.
      2. Ongeveer 85 Griekse manuskripte wat dele van die Nuwe Testament bevat en op papyrus geskryf is, word in museums bewaar. Sommige dateer uit die tweede eeu n.C., maar die meeste is uit die derde en vierde eeue n.C. Geen van hierdie MSS bevat die volledige Nuwe Testament nie. Net omdat hulle die oudste kopieë van die Nuwe Testament is, beteken geensins dat hulle outomaties minder variante het nie. Baie hiervan is haastig vir plaaslike gebruik oorgeskryf en daar was nie juis sprake van kwaliteitsbeheer nie. Heelwat variasie het as ‘n gevolg ontstaan.
      3. Codex Sinaiticus, aangetoon deur die Hebreuse letter Ⲁ (*aleph*) of (01), wat by St. Catherine se klooster op Berg Sinai deur Tischendorf gevind is. Dit dateer uit die vierde eeu n.C. en bevat die LXX van die OT sowel as die Griekse NT. Dit is van “die Alexandrynse Tekse”-tipe.
      4. Codex Alexandrinus, bekend as “A” of (02) is ‘n vyfde eeuse Griekse manuskrip wat in Alexandrië in Egipte gevind is.

5. Codex Vaticanus, bekend as “B” of (03) is in die Vatikaan se biblioteek in Rome en dateer uit die middel van die vierde eeu n.C. Dit bevat beide die LXX van die OT en die Griekse NT. Dit is van “die Alexandrynse Teks”-tipe.
6. Codex Ephraemi, bekend as “C” of (04) is ‘n vyfde eeuse Griekse manuskrip waarvan ‘n deel vernietig is.
7. Codex Bezae, bekend as “D” of (05) is ‘n vyfde of sesde eeuse Griekse manuskrip. Dit is die belangrikste weergawe van wat ons “Die Westerse Teks” noem. Dit bevat heelwat toevoegings en was die hoofbron Griekse manuskrip vir die King James vertaling.
8. Die NT MSS kan verdeel word in drie, moontlik vier, teksfamilies wat sekere eienskappe deel:
  - a. Alexandrynse teks uit Egipte
    - (1) P<sup>75</sup>, P<sup>66</sup> (rondom 200 n.C.) het die evangelies geboekstaaf
    - (2) P<sup>46</sup> (ongeveer 225 n.C.) bevat Paulus se briewe
    - (3) P<sup>72</sup> (ongeveer 225-250 n.C.) bevat Petrus en Judas
    - (4) Codex B, ook die Vaticanus genoem (circa 325 n.C.) bevat die volledige OT en NT
    - (5) Oorspronklike aanhalings van hierdie tipe
    - (6) ander MSS wat hierdie tekstipe toon is Ɑ, C, L, W, 33
  - b. Westerse teks uit Noord-Afrika
    - (1) aanhalings uit Noord-Afrikaanse kerkvaders Tertullianus, Cyprianus en die ou Latynse vertaling
    - (2) aanhalings uit Irenaeus
    - (3) aanhalings uit Tatianus en ou Siriese vertalings
    - (4) Codex D “Bezae” volg hierdie tekstipe
  - c. Oos-Bisantynse teks van Konstantinopel
    - (1) hierdie tekstipe word weerspieël in meer as 80% van die 5 300 MSS
    - (2) aangehaal deur kerkvaders van Antiogië in Sirië: die Kappadosiërs, Chrysostomus en Therodorus.
    - (3) Codex A, alleenlik in die evangelies
    - (4) Codex E (agste eeu) vir volledige NT
  - d. die vierde moontlike tipe is “Caesareanies” van Palestina
    - (1) dit word hoofsaaklik gesien in Markus
    - (2) sommige getuies daarvoor is P<sup>45</sup> en W

## II. Die probleme en teorieë van “laer kritiek” of “tekstkritiek”

### A. Die ontstaan van die verskillende weergawes (variante lesings)

1. Onopsetlik of per ongeluk (groot meerderheid van gevalle)
  - a. die oog wat glip tydens handkopiëring wat die herhaling van ‘n soortgelyke woord opvang, en sodoende al die woorde tussenin uitlaat (homoioteleuton)
    - (1) glip van die oog waar ‘n dubbele letter, woord of frase uitgelaat word (haplografie)
    - (2) glip van die gedagtes waar ‘n frase of reël van ‘n Griekse teks herhaal word (dittografie)
  - b. glip van die oor tydens voorlesing waar ‘n spelfout plaasvind (itasisme). Dikwels veroorsaak die spelfout dat ‘n ander Griekse woord wat wel eenders mag klink, inglip.
  - c. die vroegste Griekse tekste het geen hoofstuk of vers-indelings, leestekens of verdeling tussen woorde gehad nie. Dit is moontlik om die letters op verskillende plekke van mekaar te skei en sodoende word verskillende woorde gevorm.
2. Doelbewus
  - a. veranderinge is aangebring om die grammatikale vorm van die gekopieerde teks te verbeter.
  - b. veranderinge om die teks in ooreenstemming met ander Bybeltekste te bring (harmonisering van parallele)
  - c. veranderinge is aangebring om die probleem van twee of meer variante lesings op te los in ‘n kombinasie tot een lang sin. (samesmelting)
  - d. verandering is aangebring om ‘n waargeneemde probleem te verbeter in die teks (vgl. 1 Kor. 11:27 en 1 Joh. 5:7-8)
  - e. sommige addisionele inligting oor die historiese agtergrond of gepaste uitleg van die teks is bygevoeg in die kantlyn deur een oorskrywer, maar daarna deur ‘n volgende oorskrywer opgeneem as deel van die teks (vgl. Joh. 5:4)

### B. Die basiese beginsels van tekstkritiek (logiese riglyne om die oorspronklike weergawe van ‘n teks te bepaal wanneer daar meer as een weergawe bestaan)

1. die vreemdste of grammaties mees onortodokse teks is waarskynlik die oorspronklike
2. die kortste teks is gewoonlik die oorspronklike
3. die ouer teks dra meer gewig omdat sy tydverloop histories nader was aan die oorspronklike teks, mits alle ander oorweginge of aspekte dit toelaat
4. MSS wat in geografiese konteks ooreenstem, bevat gewoonlik die oorspronklike weergawe
5. ontbrekende leerstelling, veral tekste wat verwantskap verraai met belangrike teologiese kwessies van ‘n tydperk van daardie manuskrip-aanpassing, geniet voorkeur (vgl. die Drie-Eenheid in 1 Joh. 5:7-8)
6. die teks wat die beste verduideliking bied in verband met die ontstaan van ander variante
7. twee aanhalings wat help om die balans te handhaaf indien problematiese variante bestaan:



- a. J. Harold Greenlee se boek, *Introduction to New Testament Textual Criticism*,  
 “No Christian doctrine hangs upon a debatable text; and the student of the NT must beware of wanting his text to be more orthodox or doctrinally stronger than is the inspired original” (bl. 68)
- b. W.A. Criswell het vir Greg Garrison van *The Birmingham News* gesê dat hy (Criswell) nie ‘n woord glo wat in die Bybel geïnspireer is nie, “at least not every word that has been given the modern public by centuries of translators.” Criswell sê: “I very much am a believer in the textual criticism. As such, I think, the last half of the 16<sup>th</sup> chapter of Mark is heresy: it’s not inspired, it’s just concocted. . . .When you compare those manuscripts way back yonder, there was no such thing as that conclusion of the Book of Mark. Somebody added it...”

Die patriarg van die SBC-voorstander van onfeilbaarheid van die Skrif, beweer dat “interpolasie” ook ooglopend is in Johannes 5, die opgawe van Jesus by die poel van Betesda. Hy bespreek ook die twee verskillende vertellings van die selfmoord van Judas (vgl. Mat. 27 en Han. 1): “It’s just a different view of the suicide,” Criswell said. “If it is in the Bible, there is an explanation for it. And the two accounts of the suicide of Judas are in the Bible.” Criswell added, “Textual criticism is a wonderful science in itself. It is not ephemeral, it’s not impertinent. It’s dynamic and central...”

### III. Manuskrip probleme (tekskritiek)

#### A. Voorgestelde bronne vir verdere navorsing:

1. *Biblical Criticism: Historical, Literary and Textual*, deur R.H. Harrison
2. *The Text of the New Testament: Its Transmission, Corruption and Restoration* deur Bruce M. Metzger
3. *Introduction to New Testament Textual Criticism*, deur J.H. Greenlee

# BYLAAG DRIE

## WOORDELYS

**Adopsionisme.** Dit was een van die vroeë sienings oor Jesus se verhouding tot godheid. Dit het basies aangevoer dat Jesus ‘n normale mens was in elke sin van die woord en dat hy op ‘n spesiale manier deur God aangeneem is tydens sy doop (vgl. Mat. 3:17; Mark. 1:11) of met sy opstanding (vgl. Rom. 1:4). Jesus het so ‘n voorbeeldige lewe gelei dat God op die een of ander stadium (doop of opstanding) Hom as sy “seun” aangeneem het (vgl. Rom. 1:4; Fil. 2:9). Dit was ‘n vroeë kerk- en agste eeuse minderheidsiening. Eerder as wat God ‘n mens word (die Inkarnasie) word die konsep omgedraai sodat ‘n mens God word!

Dit is moeilik om in woorde te stel hoe Jesus, Seun van God, voorafbestaande Godheid, beloon of verheerlik is vir ‘n voorbeeldige lewe. Indien Hy reeds God was, hoe kon Hy beloon word? As Hy voorafbestaande goddelike heerlikheid gehad het, hoe kon Hy nog meer verheerlik word? Hoewel dit moeilik vir ons is om dit te verstaan, het die Vader op die een of ander wyse vir Jesus op ‘n spesiale manier vereer vir sy volmaakte vervulling van die Vader se wil.

**Alexandrinus.** Hierdie vyfde-eeuse Griekse manuskrip van Alexandrië, Egipte, bevat die Ou Testament, Apokriewe en die grootse deel van die Nuwe Testament. Dit is een van ons belangrikste getuies vir die hele Griekse Nuwe Testament (behalwe sekere dele van Mattheus, Johannes en 2 Korintiërs). Wanneer hierdie manuskrip, wat ook bekend staan as “A”, en die manuskrip genaamd “B” (Vaticanus), ooreenstem oor ‘n passasie, word dit aanvaar as die oorspronklike weergawe deur die meeste geleerdes in die meeste gevalle.

**Alexandrynse Skool.** Hierdie metode van Skrifuitleg is ontwikkel in Alexandrië, Egipte in die tweede eeu n.C. Dit gebruik die basiese interpretatiewe beginsels van Philo, wat homself by Plato geskaar het. Dit word dikwels die allegoriese metode genoem en was van belang in kerkverband tot en met die tyd van die Hervorming. Die mees-bevoegde voorstanders van hierdie denkskool was Origenes en Augustinus. Sien Moises Silva, *Has The Church Misread The Bible?* (Academic, 1987).

**Allegorie.** Dit is ‘n tipe Skrifuitleg wat oorspronklik ontwikkel het binne Alexandrynse Judaïsme. Dit is gewild gemaak deur Philo van Alexandrië. Die stukrag van hierdie metode lê in die begeerte om die Skrif relevant te maak vir die leser se kultuur of filosofiese sisteem en in die proses die Bybel se historiese agtergrond en/of literêre konteks te ignoreer. Dit poog om versteekte of geestelike waarheid agter elke Skrifgedeelte te vind. Daar moet aanvaar word dat Jesus in Mattheus 13 en Paulus in Galasiërs 4, allegorie gebruik om waarheid te kommunikeer. Dit was egter in die vorm van tipologie, wat streng gesproke nie werklik allegorie is nie.

**Analitiese Woordeboek.** Dit is ‘n tipe navorsingshulpmiddel wat jou toelaat om elke Griekse vorm in die Nuwe Testament te identifiseer. Dit is ‘n samestelling, in Griekse alfabetiese volgorde, van vorms en basiese definisies. In kombinasie met ‘n interliniêre vertaling, stel dit gelowiges wat nie-Grieks-magtig is nie in staat om die Griekse grammatikale en sintaktiese vorme in die NT te ontleed.

**Analogie van Skrif.** Hierdie frase beskryf die siening dat die ganse Bybel geïnspireer is deur God en dit as ‘n gevolg komplementêr eerder as teenstellend is. Hierdie vooropgestelde standpunt vorm die basis vir die gebruik van parallelle passasies tydens die uitleg van Bybelse tekste.

**Antitetities.** Dit is een van drie beskrywende terme wat gebruik word om die verhouding tussen die versreëls van Hebreeuse poësie te beskryf. Dit is van toepassing op versreëls van gedigte wat met mekaar in teenstelling is (vgl. Spr. 10:1; 15:1).

**Antiogiese Skool.** Hierdie metode van Skrifuitleg is ontwikkel in Antiogië, Sirië tydens die derde eeu n.C. in reaksie op die allegoriese metode van Alexandrië, Egipte. Sy basiese stukrag is ontleen uit sy fokus op die geskiedkundige betekenis van die Bybel. Die Bybel is as normale, menslike literatuur geïnterpreteer. Hierdie skool het betrokke geraak by die “twee-nature” stryd in verband met die persoon van Christus. Het Christus twee nature gehad (Nestorianisme) of een natuur maar volledig God en volledig mens? Die Rooms-Katolieke Kerk het die Nestorianisme as dwaling bestempel sodat die beskouing na Persië uitgewyk het. Dié denkriktig het nooit veel steun gevind nie. Sy basiese hermeneutiese beginsels het later, egter, die riglyne vir Skrifuitleg van die Klassieke Protestantse Hervormers (Luther en Calvyn) geword.

**Antropomorfies.** Die betekenis van hierdie term is “met eienskappe kenmerkend van die mens” en word gebruik om ons geloofstaal oor God te beskryf. Dit word afgelei van die Griekse woord vir “mensdom” en beteken dat ons van God praat asof Hy ‘n man is. God word beskryf in fisiese, sosiologiese en sielkundige terme wat met mense geassosieer word (vgl. Gen. 3:8; 1 Kon. 22:19-23). Dit is natuurlik slegs ‘n analogie, maar daar is geen kategorieë in terme

waarvan ons God kan verstaan anders as dié van die mens nie. Daarom is ons kennis van God, ten spyte van die feit dat dit waar is, beperk.

**Apologeet (Apologetiek).** Die woord vind sy oorsprong in die Griekse stamwoord vir “wetlike verdediging”. Dit is ‘n spesifieke dissipline binne die teologie wat probeer om bewyse en rasonale argumente te verskaf vir die Christelike geloof.

**Apokaliptiese Literatuur.** Dit was hoofsaaklik, moontlik selfs uitsluitlik, ‘n Joodse genre. Dit was ‘n kriptiese skryfstyl, wat geheime of verborge beeldspraak gebruik. Dit was veral in gebruik tydens die inval en beset van Joodse grondgebied deur vreemde wêreldmagte. Dit aanvaar dat ‘n persoonlike, verlossende God die wêreld gemaak het en wêreldgebeure beheer, en dat Israel vir Hom van spesiale belang is en onder sy sorg staan. Hierdie literatuur belowe uiteindelik oorwinning deur God se besondere ingryping.

Dit is uiters simbolies en digterlik met heelwat geheime terme. Waarheid is dikwels in kleure, nommers, visioene, drome, engele, geheime kodewoorde en dikwels skerp dualisme tussen goed en kwaad uitgebeeld.

Sommige voorbeelde van hierdie genre is (1) in die OT, Esegël (hoofstukke 36-48), Daniël (hoofstukke 7-12), en Sagaria; en (2) in die NT, Mattheus 24; Markus 13; 2 Tessalonisense 2 en Openbaring.

**A priori.** Dit is basies sinoniem met die term “voorveronderstelling”. Dit beteken dat ‘n argument berus op vooringenome standpunte, definisies en beginsels wat as geldig aanvaar word, en nie blootgestel word aan verdere ondersoek of ontleding nie.

**Arianisme.** Arius was ‘n ouderling in die kerk van Alexandrië in Egipte tydens die derde en vroeë vierde eeue. Sy standpunt was dat Jesus vooraf bestaan het, maar dat Hy nie goddelik (van dieselfde wese as die Vader) was nie; moontlik op grond van Spreuke 8:22-31. Arius se grootste teenstander was die biskop van Alexandrië met wie hy hom in 318 n.C. ‘n stryd op die hals gehaal het wat jare lank aangehou het. Arianisme het amptelik in die geloofsbelydensisse van die Oosterse kerk voortgeleef. Die Sinode van Nicea het in 325 n.C. vir Arius veroordeel en die volle gelykheid van die Vader en die Seun bevestig.

**Aristoteles.** Hy was een van die filosowe van antieke Griekeland, ‘n student van Plato en leermeester van Alexander die Grote. Sy invloed, selfs tot vandag toe nog, strek tot in baie areas van moderne vakgebiede. Dit is omdat hy kennis deur waarneming en klassifikasie beklemtoon – ‘n belangrike uitgangspunt van die wetenskaplike metode.

**Bezae.** Hierdie is ‘n Griekse en Latynse manuskrip van die sesde eeu n.C. Dit word aangedui deur “D” en bevat die Evangelies en Handelingte sowel as sommige van die Algemene Briewe. Dit word gekenmerk deur ‘n aantal toevoegings deur oorskrywers en vorm die basis vir die “Textus Receptus” – die belangrikste Griekse manuskript-tradisie agter die King James Vertaling.

**Bybelse Gesag.** Hierdie is ‘n baie gespesialiseerde term. Dit behels ‘n grondige verstaan van wat die oorspronklike skrywer vir die mense van sy dag wou kommunikeer, en om daardie waarheid dan op die lewe van vandag toe te pas. Bybelse gesag word gewoonlik gedefinieer as ‘n siening dat die Bybel self ons enigste gesaghebbende gids is. In ag genome huidige, onaanvaarbare definisies het ek die konsep beperk tot die Bybel soos geïnterpreteer deur die uitgangspunte van die histories-grammatikale metode.

**Christosentries.** Dit is ‘n term wat gebruik word om die sentraliteit van Jesus te beskryf. Ek gebruik dit met betrekking tot die konsep dat Jesus die Here is van die hele Bybel. Die Ou Testament dui op sy koms, en Hy is dienooreenkomstig die vervulling én die doel van die Ou Testament (vgl. Mat. 5:17-48).

**Deduktiewe.** Hierdie metode van logiese argumentasie beweeg van algemene beginsels tot spesifieke toepassings. Dit is die teenoorgestelde van induktiewe redenering, wat die wetenskaplike metode weerspieël deur van waarneembare fenomene na algemene gevolgtrekkings (teorieë) te beweeg.

**Dialekties.** Dit is die metode van redevoering waarin dít wat teenstellend of paradoksaal is, gehandhaaf word in ‘n spanningsveld op soek na ‘n verenigende antwoord wat albei kante van die paradoks insluit. Baie Bybelse leerstellings verskyn in dialektiese pare: uitverkiesing en vrye wil; geloofsekerheid en volharding; geloof en werke; geloofsbeslissing en dissipelskap; Christelike vryheid en Christelike verantwoordelikheid.

**Diaspora.** Dit is die tegniese Griekse term gebruik deur Palestynse Jode om ander Jode te beskryf wat buite die geografiese grense van die Beloofde Land gebly het.

**Dinamiese Ekwivalent.** Dit is die naam van ‘n teorie van Bybelvertaling. Bybelvertaling kan gesien word as ‘n kontinuum. Aan die een kant van die spektrum staan “woord-vir-woord”-vertaling, wat ‘n soeke behels na ooreenstemmende woorde, waar byvoorbeeld ‘n Engelse (of ander taal) woord gevind moet word om elke Hebreeuse of Griekse woord te vertaal. Aan die ander kant vereis die “parafrese”-vertaling minder klem op die oorspronklike teks

(woordkeuse en sinskonstruksie) en slegs die idee word vertaal. Tussen hierdie twee teorieë staan “dinamiese ekwivalent” wat poog om die oorspronklike teks ernstig op te neem, maar steeds moderne grammatikale vorms en idiome te gebruik in die vertaling. ‘n Baie goeie bespreking van hierdie verskillende teorieë van vertalings is beskikbaar in Fee en Stuart se *How to Read the Bible For All Its Worth*, bl. 35.

**Dooie See Boekrolle.** Dit verwys na ‘n reeks van antieke tekste wat in Hebreeus en Aramees geskryf is en naby die Dooie See gevind is in 1947. Hulle was die geloofsbiblioteke van sektariese Judaïsme van die eerste eeu. Die druk van Romeinse besetting en die dweper-oorloë van die 60’s het hulle genoop om die rolle in lugdig-geseëde kleipotte te bêre en in grotte en gate te versteek. Hulle het ons gehelp om die historiese agtergrond van Palestina gedurende die eerste eeu beter te verstaan, en het die Masoretiese Teks bevestig as baie akkuraat, ten minste so ver terug soos die vroeë v.C. tydperk. Hulle word aangedui deur die afkorting “DSS”.

**Dubbelsinnigheid.** Dit verwys na die onsekerheid wat ontstaan in ‘n geskrewe dokument wanneer twee of meer betekenis moontlik is, of wanneer daar terselfdertyd na twee of meer dinge verwys word. Dit is moontlik dat Johannes doelbewus hiervan gebruik maak (meervoudige bedoeling).

**Eisegese.** Dit is die teenoorgestelde van eksegese. As eksegese ‘n “uit-lesing” van die oorspronklike skrywer se bedoeling is, dan impliseer hierdie term ‘n “in-lees” van ‘n vreemde idee of opinie.

**Eklekties.** Hierdie term word gebruik in verband met tekskritiek. Dit verwys na die praktyk om gedeeltes uit verskillende Griekse manuskripte te kies en sodoende tot ‘n teks saam te stel wat dan veronderstel meer ooreenstem met die oorspronklike skrywer se weergawe. Dit verwerp die siening dat ‘n familie van verwante Griekse manuskripte die oorspronklike beter kan rekonstrueer.

**Eksegese.** Dit is die tegniese term vir die praktyk om ‘n spesifieke passasie te interpreteer. Dit beteken “om uit te lei” (van die teks), wat impliseer dat ons doelstelling is om te verstaan wat die oorspronklike outeur se bedoeling was in die lig van die historiese milieu, literêre konteks, sintaksis en kontingente woordgebruik.

**Etimologie.** Dit is ‘n aspek van ‘n woordstudie wat poog om vas te stel wat die oorspronklike skrywer met ‘n woord bedoel het. Wanneer ‘n grondbetekenis gevind is kan bepaalde bedoelinge makliker vasgestel word. Tydens skrifondersoek is etimologie nie die hooffokus nie, maar eerder die hulpmiddel om kontingente betekenis en gebruike van ‘n woord vas te stel.

**Genre.** Hierdie is ‘n Franse term wat verskillende tipes literatuur aandui. Die stukrag agter die term is die verdeling van literêre vorme in kategorieë wat gemeenskaplike kenmerke deel: historiese narratief, poësie, spreuke, apokalipties en wetties.

**Gnostisisme.** Die meeste van ons kennis oor hierdie dwaling kom van die Gnostiese geskrifte van die tweede eeu. Die brongedagtes was egter al in omloop tydens die eerste eeu (en selfs vroeër).

Leerstellings van die Valenciaanse en Korinthise Gnostisisme van die tweede eeu sluit in: (1) materie en gees as mede-ewigdurend (‘n ontologiese dualisme). Materie is boos; gees is goed. God, wat gees is, kan nie direk betrokke wees in die vorming van beseerde materie nie; (2) daar is uitstralings (emanasies) (*eons* of engele-sfere) tussen God en materie. Die laaste, of laagste, een was JHWH van die OT, wat dan ook die wêreld gemaak het (*kosmos*); (3) soos JHWH was Jesus ‘n emanasie, maar van ‘n hoër rang, nader aan die ware God. Sommige plaas Hom as die hoogste, maar steeds minder as God, en sekerlik nie ‘n inkarnasie van die Godheid nie (vgl. Joh. 1:14). Aangesien materie boos is kon Jesus nie ‘n menslike liggaam hê en steeds goddelik wees nie. Hy was ‘n geestelike skim (vgl. 1 Joh. 1:1-3; 4:1-6); en (4) verlossing is bekom deur geloof in Jesus plus spesiale kennis wat slegs spesiale mense besit het. Kennis (kodewoorde) was nodig om deur die hemelse sfere te beweeg. Joodse wettiesheid was ook nodig om God te bereik.

Die Gnostiese valse leraars verkondig twee teenoorgestelde etiese sisteme: (1) vir sommige is lewenstyl onverwant aan verlossing. Vir hierdie groep was verlossing en spiritualiteit saamgesnoer in geheime kennis (kodewoorde) van die engele-sfere (*eons*); of (2) vir ander was lewenstyl bepalend van verlossing. Hulle beklemtoon ‘n asketiese lewenstyl as bewys van ware geestelikheid.

**Hermeneutiek.** Dit is die tegniese term vir die beginsels onderliggend aan eksegese. Dit is tegelyk ‘n stel spesifieke riglyne én ‘n kuns/gawe. Bybelse, of heilige, hermeneutiek word gewoonlik verdeel in twee kategorieë: algemene beginsels en spesiale beginsels. Hierdie beginsels hou verband met die verskillende tipes literatuur wat in die Bybel aangetref word. Elke verskillende tipe (genre) het sy eie unieke riglyne, maar deel ook sekere algemene aannames en prosedures van uitleg.

**Hoër Kritiek.** Dit is die prosedure van Bybeluitleg wat fokus op die historiese milieu en literêre struktuur van ‘n gegewe Bybelboek.

**Idioom.** Hierdie woord word gebruik vir die frase wat in verskillende kulture aangetref word en waarvan die toegekende betekenis nie verwant is aan die gewone betekenis van 'n spesifieke woord nie. Sommige moderne voorbeelde sluit in: "dit was vreeslik lekker" ("that was awfully good") of "jy gesel my" ("you just kill me"). Die Bybel bevat ook hierdie tipe frases.

**Illuminasie/Verligting.** Dit is die naam toegeskryf aan die konsep dat God met die mensdom gepraat het. Die volledige konsep word gewoonlik uitgedruk in drie terme: (1) openbaring – God het opgetree in menseheugenis; (2) inspirasie – Hy het die regte interpretasie van sy handeling en hulle belang vir die mensdom aan sekere uitverkore mans gegee om op te teken en (3) verligting (illuminasie) – Hy het sy Gees gestuur om die mensdom te help om sy self-openbaring te verstaan.

**Induktief.** Hierdie is 'n metode van logika of redenering wat beweeg van spesifieke gegewens tot 'n geheelbeeld. Dit is die empiriese metode van die moderne wetenskap en word normaalweg geassosieer met Aristoteles.

**Inspirasie.** Dit is die konsep dat God met die mensdom gepraat het deur die skrywers van die Bybel te lei om sy openbaring duidelik en akkuraat op te teken. Die volledige konsep word gewoonlik uitgedruk in drie terme: (1) openbaring – God het opgetree in menseheugenis; (2) inspirasie – Hy het die regte interpretasie van sy handeling en hulle belang vir die mensdom aan sekere uitverkore mans gegee om op te teken en (3) verligting (illuminasie) – Hy het sy Gees gestuur om die mensdom te help om sy self-openbaring te verstaan.

**Interliniër.** Dit is 'n tipe navorsingshulpmiddel wat diegene wat nie 'n Bybelse taal magtig is nie, in staat stel om tog die betekenis en struktuur te ontleed. Dit plaas die Engelse vertaling op 'n woord-vir-woord-vlak onmiddellik onder die oorspronklike Bybelse taal. Hierdie hulpmiddel, in samewerking met 'n analitiese woordeboek, sal die vorms en basiese definisies van Hebreeus en Grieks verskaf.

**Kanon.** Hierdie term beskryf geskrifte waarvan geglo word dat hul inspirasie van unieke aard was. Dit word gebruik om te verwys na beide die Ou- en Nuwe-Testamentiese Geskrifte.

**Kommentaar.** Dit is 'n spesialiteitsnavorsingsboek. Dit verskaf die algemene agtergrond van 'n Bybelboek en probeer dan om die betekenis van elke gedeelte van die boek te verduidelik. Sommige fokus op toepassing, terwyl ander op 'n meer tegniese wyse met die teks omgaan. Hierdie boeke is nuttig, maar behoort eers gebruik te word ná 'n persoonlike voorlopige studie uitgevoer is. Die kommentator se interpretasies behoort nooit onkritiese aanvaar te word nie. Dit is dikwels 'n goeie idee om verskeie kommentare vanuit verskillende teologiese perspektiewe met mekaar te vergelyk.

**Konkordansie.** Dit is 'n tipe navorsingshulpmiddel vir Bybelstudie. Dit lys elke woord wat in die Ou en Nuwe Testament voorkom. Dit help op verskeie maniere, naamlik: (1) dit dui die Hebreeus of Griekse woord agter 'n spesifieke vertaalde woord aan; (2) dit vergelyk teksgedeeltes waar dieselfde Hebreeus of Griekse woord voorkom; (3) dit toon waar verskillende Hebreeus of Griekse terme met dieselfde woord vertaal word; (4) dit toon die frekwensie waarmee sekere woorde voorkom in sekere boeke, of deur sekere skrywers gebruik word; en (5) dit help om teksgedeeltes in die Bybel op te spoor (vgl. Walter Clark se *How to Use New Testament Greek Study Aids*, bl. 54-55).

**Laer Kritiek.** Sien "Tekskritiek".

**Letterlik.** Dit is 'n ander naam vir die teksgefokusde en historiese metode van die hermeneutiek van Antiogië. Dit beteken dat interpretasie die normale en ooglopende betekenis van menslike taal behels, hoewel dit steeds die teenwoordigheid van figuurlike taal erken.

**Letterlike Uitleg (Proof-texting).** Dit is die praktyk in Skrifuitleg waar 'n vers aangehaal word sonder agting vir sy onmiddellike konteks of die breër konteks binne sy literêre eenheid. Dit verwyder die verse van die oorspronklike skrywer se bedoeling en word gewoonlik gebruik om 'n persoonlike opinie met Bybelse gesag te ondersteun.

**Literêre Genre.** Dit verwys na die onderskeie vorme van menslike kommunikasie, soos poësie of historiese narratief. Elke literêre tipe het sy eie spesiale hermeneutiese prosedures tesame met die algemene beginsels van alle geskrewe literatuur.

**Literêre Eenheid.** Dit verwys na die belangrikste gedagteverdelings in 'n Bybelboek. Dit kan bestaan uit enkele verse, paragrawe of hoofstukke. Dit vorm 'n selfstandige eenheid met 'n sentrale onderwerp.

**Manuskrip.** Hierdie term staan in verband met die verskillende kopieë van die Griekse Nuwe Testament. Gewoonlik word hulle verdeel in die verskillende tipes in terme van (1) materiaal waarop hulle geskryf is (papier, leer), of (2) die skryfstyl of -vorm (hoofletters of kleinletters). Dit word aangedui deur die afkorting "MS" (enkelvoud) of "MSS" (meervoud).

**Masoretiese Teks.** Dit verwys na die negende eeuse Hebreeuse manuskripte van die Ou Testament, opgestel deur generasies van Joodse geleerdes wat vokaalpunne (vokalisering) en ander tot aan die teks toegevoeg het. Dit vorm die basiese teks vir enige vertaling van die Ou Testament. Die MT se historiese betroubaarheid in terme van oorlewering is bevestig deur ander Hebreeuse MSS, veral Jesaja, bekend vanweë die Dooie See Boekrolle. Dit word afgekort as “MT”.

**Metonomie.** Dit is beeldspraak waarin die naam van een ding gebruik word om iets anders wat daarmee geassosieer word, voor te stel. As ‘n voorbeeld: “die ketel kook” beteken eintlik “die water binne-in die ketel kook”.

**Muratoriese Fragmente.** Dit is ‘n lys van die kanonieke boeke van die Nuwe Testament geskryf in Rome voor 200 n.C. Die sewe-en-twintig boeke wat gelys word, is dieselfde as dié in die Protestantse NT. Dit is dus ooglopend dat die plaaslike kerke in verskillende dele van die Romeinse Ryk die kanon voor die groot sinodes van die vierde eeu reeds erken het.

**Natuurlike Openbaring.** Dit is een kategorie van God se self-onthulling aan die mens. Dit het betrekking op die natuurlike orde (Rom. 1:19-20) en die morele gewete (Rom. 2:14-15). Daar word in Psalms 19:1-6 en Romeine 1-2 vermeld. Dit staan apart van besondere openbaring wat verwys na God se spesifieke selfopenbaring in die Bybel en by uitstek in Jesus van Nasaret.

Hierdie teologiese kategorie word nou opnuut beklemtoon deur die “ou aarde”-beweging onder Christenwetenskaplikes (bv. die literatuur van Hugh Ross). Hulle gebruik hierdie kategorie om te bevestig dat alle waarheid God se waarheid is. Die natuur is ‘n oop deur na kennis oor God; dit is anders as spesiale openbaring (die Bybel). Dit bied die moderne wetenskap die vryheid om die natuurlike orde te bestudeer. Myns insiens is dit ‘n wonderlike nuwe geleentheid vir die moderne Westerse wetenskap om aan die wêreld getuieis te lewer.

**Nestorianisme.** Nestorius was die patriarg van Konstantinopel tydens die vyfde eeu. Hy het sy opleiding ontvang in Antiogië in Sirië en het gekonstateer dat Jesus twee nature gehad het: een volkome mens en een volkome goddelik. Hierdie siening wyk af van die ortodokse enkelnatuur siening van Alexandrië. Nestorius se groot beswaar was die titel “moeder van God” wat aan Maria toegeskryf is. Nestorius is teengestaan deur Cyril van Alexandrië en dus deur sy eie Antiogiese opleiding. Antiogië was die middelpunt van die histories-grammatikale-benadering tot Skrifuitleg, terwyl Alexandrië die middelpunt was van die viervoudige (allegoriese) uitlegdenkskool. Nestorius is uiteindelik van sy amp onthef en verban.

**Oorspronklike Outeur.** Dit verwys na die werklike skrywers van die Skrif.

**Openbaring.** Dit is die naam toegeskryf aan die konsep dat God met die mensdom gepraat het. Die volledige konsep word gewoonlik uitgedruk in drie terme: (1) openbaring – God het opgetree in menseheugenis; (2) inspirasie – Hy het die regte interpretasie van sy handelinge en hulle belang vir die mensdom aan sekere uitverkore mans gegee om op te teken en (3) verligting (illuminasie) – Hy het sy Gees gestuur om die mensdom te help om sy self-openbaring te verstaan.

**Outograaf.** Dit is die titel wat verwys na ‘n oorspronklike skrywer van die Bybel. Hierdie oorspronklike, handgeskrewe manuskripte is almal verlore. Slegs kopieë van kopieë is agtergelaat. Dit is die bron van baie van die teksvariante in die Hebreeus- en Griekse-manuskripte en antieke weergawes.

**Papirus.** Dit is ‘n tipe skryfmateriaal uit Egipte. Dit word gemaak van riete uit die rivier en is die materiaal waarop ons oudste kopieë van die Griekse Nuwe Testament geskryf is.

**Paradoks.** Dit verwys na daardie waarhede wat oënskynlik teenstellend, maar tog albei waar is, hoewel in oënskynlike spanning met mekaar staan. Hulle omraam waarheid deur die pole, of teenoorgestelde kante, daar te stel. Baie Bybelse waarhede word aangebied in paradoksale (of dialektiese) pare. Bybelse waarhede is nie geïsoleerde sterre nie, maar eerder konstellasies in sterre-patrone.

**Parafrase.** Dit is die naam van ‘n teorie van Bybelvertaling. Bybelvertaling kan gesien word as ‘n kontinuum. Aan die een kant van die spektrum staan “woord-vir-woord”-vertaling, wat ‘n soeke behels na ooreenstemmende woorde, waar byvoorbeeld ‘n Engelse (of ander taal) woord gevind moet word om elke Hebreeuse of Griekse woord te vertaal. Aan die ander kant vereis die “parafrase”-vertaling minder klem op die oorspronklike teks (woordkeuse en sinskonstruksie) en slegs die idee word vertaal. Tussen hierdie twee teorieë staan “dinamiese ekwivalent” wat poog om die oorspronklike teks ernstig op te neem, maar steeds moderne grammatikale vorms en idioome te gebruik in die vertaling. ‘n Baie goeie bespreking van hierdie verskillende teorieë van vertalings is beskikbaar in Fee en Stuart se *How to Read the Bible For All Its Worth*, bl. 35.

**Paragraaf.** Dit is die basiese interpretatiewe literêre eenheid in prosa. Dit bevat een sentrale gedagte saam met die ontwikkeling daarvan. Indien ons op hierdie sentrale gedagte fokus, sal daar nie aandag op beuselagtighede verspil word en die bedoeling van die oorspronklike outeur misgekyk word nie.

**Parallele Passasies.** Hulle vorm deel van die konsep dat die ganse Bybel deur God geïnspireer is, en dus sy eie beste verklaarder en balanseerder van paradoksale waarhede is. Dit is van nut by die verklaring van onduidelike of dubbelsinnige gedeeltes. Dit help ook om die duidelikste bewysplaas oor 'n gegewe onderwerp te vind, sowel as meer duidelikheid te kry oor so 'n onderwerp op ander (parallele) plekke in die Skrif.

**Parogialisme.** Dit het betrekking op die vooroordele van 'n plaaslike teologiese/kulturele milieu. Dit herken nie die transkulturele aard van Bybelse waarhede of die toepassing daarvan nie.

**Plato.** Hy was een van die filosowe van antieke Griekeland. Sy filosofie het groot invloed op die vroeë kerk uitgeoefen deur die geleerdes van Alexandrië, Egipte, en later Augustinus. Hy was van oortuiging dat alles op aarde 'n illusie was en 'n blote kopie van 'n geestelike argetipe. Teoloë het later Plato se "vorms/idees" met die geestelike dimensie vereenselwig.

**Rabbynse Judaïsme.** Hierdie stadium van die lewe van die Joodse mense begin met die Babiloniese Ballingskap (586-538 v.C.) Toe die invloed van die priesters en die tempel, het die plaaslike sinagoge die middelpunt van Joodse lewe geword. Hierdie plaaslike sentrums van Joodse kultuur, vertrouensvriendskap, aanbidding en Bybelstudie het die fokus van die nasie se geloofslewe geword. In Jesus se tyd was hierdie "godsdiensige Skrifgeleerdes" van parallelle status met die priesters. Met die val van Jerusalem in 70 n.C. het die "skrifgeleerdheid", wat deur die Fariseërs oorheers is, die rigting van Joodse geloofslewe bepaal. Dit word gekenmerk deur 'n praktiese, wettiese interpretasie van die Torah (OT-wet) soos verduidelik in die mondelinge tradisies saamgevat in die Talmud.

**Semantiese Veld.** Dit verwys na die totale omvang van betekenis wat met 'n woord geassosieer word. Dit is basies die verskillende konnotasies van 'n woord binne verskillende kontekste.

**Septuaginta.** Dit is die naam wat aan die Griekse vertaling van die Hebreuse Ou Testament gegee is. Tradisioneel word die Septuaginta se oorsprong aan 70 Joodse geleerdes toegeskryf wat dit na oorlewering in 70 dae saamgestel het vir die biblioteek in Alexandrië, Egipte. Die tradisionele datum is rondom 250 v.C. (in werklikheid het dit heel moontlik oor die honderd jaar geneem om te voltooi). Hierdie vertaling is belangrik omdat (1) dit aan ons 'n antieke teks verskaf om te vergelyk met die Masoretiese, Hebreuse teks; (2) dit dui op die stand van Joodse Skrifuitleg tydens die derde en tweede eeue v.C.; (3) dit weerspieël die Joodse Messiasverwachting wat aan die verwerping van Jesus voorafgegaan het. Sy afkorting is LXX.

**Sinaiticus.** Dit is 'n Griekse manuskrip van die vierde eeu n.C. Dit is gevind deur die Duitse geleerde, Tischendorf, by St. Catherine se klooster op Jebel Musa, die tradisionele ligging van Berg Sinai. Hierdie manuskrip word aangedui deur die letter van Hebreuse alfabet genaamd "*aleph*" [א]. Dit bevat beide die Ou en die volledige Nuwe Testamente en is een van ons mees antieke hoofletter MSS.

**Sinoniem.** Dit verwys na terme met presies of baie ooreenstemmende betekenis (hoewel daar in werklikheid geen twee woorde bestaan wat presies semanties oorvleuel nie). Hulle is so naverwant dat hulle mekaar kan vervang in 'n sin sonder om die betekenis te verander. Dit word dikwels gebruik om een van die drie vorme van Hebreuse poëtiese parallelisme aan te toon. In hierdie sin verwys dit na twee reëls van poësie wat dieselfde waarheid uitdruk (vgl. Ps. 103:3).

**Sintaksis.** Dit is 'n Griekse term wat verwys na die struktuur van 'n sin. Dit hou verband met die manier waarop dele van 'n sin saamgevoeg word om 'n volledige gedagte te vorm.

**Sinteties.** Dit is een van die drie terme wat verwys na tipes Hebreuse poësie. Die term spreek van reëls van poësie wat op mekaar bou in 'n kumulatiewe sin, soms ook "klimakties" genoem (vgl. Ps. 19:7-9).

**Spiritualisering.** Die term is sinoniem met allegorisering in die sin dat dit die historiese en literêre konteks van 'n Skrifdeel ignoreer en dit interpreteer op grond van ander kriteria.

**Sistematiese Teologie.** Dit is 'n stadium van interpretasie wat probeer om die waarhede van die Bybel op 'n verenigde en rasonale manier met mekaar in verband te bring. Dit is 'n logiese, eerder as bloot historiese, voorstelling van Christen-teologie deur die gebruik van kategorieë (God, man, sonde, verlossing, ens.)

**Taal van Beskrywing.** Dit word gebruik in verband met die idiome waarin die Ou Testament geskryf is. Dit spreek van ons wêreld in soverre dit sintuiglik waarneembaar is deur die vyf menslike sinne. Dit is nie 'n wetenskaplik beskrywing nie, en was ook nooit as sodanig voorgehou nie.

**Talmud.** Dit is die titel van die kodifikasie van die Joodse mondelinge tradisie. Die Jode glo dit is mondelings deur God aan Moses op Berg Sinai gegee. In werklikheid blyk dit die kollektiewe wysheid van die Joodse leraars oor die loop van baie jare te wees. Daar is twee verskillende geskrewe weergawes van die Talmud: die Babiloniese en die korter, onvoltooide Palestynse.

**Tekskritiek.** Dit is die studie van die manuskripte van die Bybel. Tekskritiek is nodig omdat geen oorspronklikes meer bestaan nie en die kopieë van mekaar verskil. Die doel is om die variasies te verduidelik en so naby as moontlik aan die oorspronklike bewoording van die skrywers van die Ou en Nuwe Testamente te kom. Dit word dikwels ook “laer kritiek” genoem.\*

**Textus Receptus.** Hierdie benaming het ontwikkel tot Elzevir se weergawe van die Griekse NT in 1633 n.C. Dit is basies ‘n Griekse weergawe van die NT wat uit ‘n paar laat-Griekse manuskripte en Latynse weergawes van Erasmus (1510-1535) saamgestel is; Stefanus (1546-1559) en Elzevir (1624-1678). In *An Introduction to the Textual Criticism of the New Testament*, bl. 27 sê A.T. Robertson: “the Byzantine text is practically the Textus Receptus.” Die Bisantynse teks is egter die mins betroubare van die drie families van vroeë Griekse manuskripte (Westers, Alexandryns en Bisantyns). Dit bevat die ophoping van foute van eeue van handgeskrewe tekste, maar A.T. Robertson is van mening: “the Textus Receptus preserved for us a substantially accurate text” (bl. 21). Hierdie Griekse manuskrip-tradisie (veral Erasmus se derde uitgawe van 1522) vorm die basis van die King James Vertaling van 1611 n.C.

**Tipologie.** Dit is ‘n gespesialiseerde tipe uitleg. Gewoonlik gaan dit oor Nuwe-Testamentiese-waarhede wat in Ou-Testamentiese gedeeltes gevind word by wyse van simboliese analogie. Hierdie kategorie van hermeneutiek was ‘n belangrike element in die Alexandrynse metode. As gevolg van die misbruik van hierdie tipe uitleg is dit egter ‘n goeie idee om eerder die gebruik daarvan te beperk tot die voorbeelde opgeteken in die Nuwe Testament.

**Torah.** Dit is die Hebreeuse woord vir “leerstelling”. Dit het die amptelike titel van die geskrifte van Moses (Genesis tot Deuteronomium) geword en is vir die Jode die mees gesaghebbende gedeelte van die Hebreeuse kanon.

**Vaticanus.** Dit is die Griekse manuskrip van die vierde eeu n.C. Dit is in die Vatikaan se biblioteek gevind en het oorspronklik die volledige Ou Testament, Apokriewe en Nuwe Testament bevat. Sekere dele daarvan het egter verlore geraak (Genesis, Psalms, Hebreërs, die Herderlike Briewe, Filemon en Openbaring). Dit is ‘n baie nuttige hulpmiddel om die oorspronklike bewoording van die Bybelskrywers te help bepaal. Dit word aangedui deur ‘n hoofletter “B”.

**Vooringenome Standpunt (Bias).** Hierdie term word gebruik om ‘n sterk vooroordeel oor ‘n voorwerp of standpunt te beskryf. Dit is die instelling wat onpartydigheid met betrekking tot ‘n gegewe onderwerp of standpunt, onmoontlik maak.

**Voorveronderstelling.** Dit verwys na ons voorafbepaalde verstaan van ‘n saak. Dikwels vorm ons opinies of oordele oor kwessies voordat ons die Skrif self geraadpleeg het. Hierdie voorveronderstelling is ook bekend as ‘n vooroordeel, ‘n *a priori* standpunt of ‘n aanname.

**Vulgaat.** Dit is die naam van Hieronimus se Latynse vertaling van die Bybel. Dit het die basiese of “algemene” vertaling van die Rooms-Katolieke kerk geword en is ongeveer teen die jaar 380 n.C. gedoen.

**Wêreldbeeld en Wêreldbeskouing.** Hierdie terme is maats. Hulle is albei filosofiese konsepte verwant aan die skepping. Die term “wêreldbeeld” verwys na die “hoe” van die skepping terwyl “wêreldbeskouing” na die “Wie” verwys. Hierdie terme is belangrik vir die uitleg van Genesis 1-2 met die klem hoofsaaklik op die “Wie” vir die skepping verantwoordelik is en nie op die “hoe” nie.

**Wettiesheid (legalism).** Hierdie houding word gekenmerk deur ‘n oorbeklemtoning van (of beheptheid met) reëls en ritus. Dit maak dikwels staat op menslike werkverrigting of regulasies as ‘n manier om deur God aanvaar te word. Dit neig ook om verhouding tweede te stel – ondergeskik te stel aan prestasie – terwyl albei belangrike aspekte van die verbondsverhouding tussen ‘n heilige God en ‘n sondige mensheid is.

**Wysheidsliteratuur.** Dit was ‘n genre in die literatuur wat algemeen was in die antieke nabye-Ooste (en moderne wêreld). Dit was basies ‘n poging om ‘n nuwe generasie op te voed oor riglyne vir suksesvolle lewe deur digkuns, spreuke of opstelle. Dit het die individu aangespreek eerder as die samelewing in geheel. Dit het nie op geskiedkundige verwysings staatgemaak nie, maar eerder op lewenservaring en waarneming. In die Bybel, van Job tot en met Hooglied, veronderstel dit dat die aanbidding en aanwesigheid van JHWH alles goed laat verloop, maar hierdie godsdienstige wêreldbeeld is nie vanselfsprekend in elke menslike ervaring nie.

As ‘n genre het dit algemene waarhede verkondig. Hierdie genre kan egter nie in elke gegewe situasie gebruik word nie. Daar is algemene stellings wat nie altyd op elke individuele situasie van toepassing is nie.

---

\* In teenstelling met hoër kritiek – vert.



Hierdie wysgere het dit gewaag om die moeilike vrae van die lewe te vra. Hulle het dikwels tradisionele sienings oor geloof uitgedaag (Job en Prediker). Hulle vorm 'n balans en spanning teenoor die maklike antwoorde wat die tragedies van die lewe betref.

**JHWH.** Dit is die verbondsnaam van God in die Ou Testament. Dit word in Eks. 3:14 gedefinieer en is die OORSAAKLIKE vorm van die Hebreeuse woord “om te wees”. Die Jode was bang om die naam uit te spreek, omdat hulle dit nie ydellik wou gebruik nie. Daarom het hulle in stede die Hebreeuse term *Adonai* of “Here” (“Lord”) begin gebruik.

# BYLAAG VIER

## LEERSTELLIGE UITSPRAAK

Ek hou nie juis van stellings oor geloof of oortuiging nie. Ek verkies om die Bybel self te laat spreek. Maar ek beseft dat 'n leerstellige uitspraak diegene wat my nie ken nie sal help om my perspektief in sake van geloof te evalueer. In ons tyd van soveel teologiese mistasting en misleiding, is die volgende, kort opsomming van my teologiese standpunt moontlik gepas.

1. Die Bybel, Ou en Nuwe Testament ingesluit, is die geïnspireerde, onfeilbare, gesaghebbende en ewige Woord van God. Dit is die self-openbaring van God, opgeteken deur manne onder bonatuurlike leiding. Dit is ons enigste bron van helder waarheid oor God en sy doelstellings. Dit is ook die enigste bron van geloof en praktyk vir sy kerk.

2. Daar is slegs een ewige, skeppende, verlossende God. Hy is die skepper van alle dinge – sigbaar én onsigbaar. Hy het Homself aan ons openbaar as liefdevol en sorgsaam, hoewel hy ook regverdig en op geregtigheid ingestel is. Hy het Homself openbaar in drie onderskeie persone: Vader, Seun en Gees; waarlik apart en tog dieselfde in wese.

3. God is aktief in beheer van sy wêreld. Daar is 'n ewige, onveranderlike plan vir sy skepping, sowel as 'n individueel-gefokusde plan wat die mens vrye wil toelaat. Niks gebeur sonder God se wete en toelating nie, en tog laat Hy beide engele en mense toe om hulle eie keuses te maak. Jesus is die Vader se Uitverkore Man, en almal is potensieel in Hom uitverkies. God se voorkennis van gebeure bind nie die mens se lewe aan voorafbepaalde draaiboek nie. Ons bly almal verantwoordelik vir ons eie denke en dade.

4. Die mens, hoewel na die beeld van God geskape en vry van sonde, het nogtans besluit om teen God te rebelleer. Ten spyte van die feit dat hulle deur 'n eksterne agent verlei is, was Adam en Eva steeds verantwoordelik vir hulle selfsug en eiewilligheid. Hulle rebellie het die mens en die skepping geaffekteer sodat ons almal 'n behoefte het aan God se genade – vir ons gedeelde verantwoordelikheid met Adam, sowel as ons individuele wederstrewigheid.

5. God het vir die gevalle mensheid 'n manier gegee om vergifnis en herstel te bekom. Jesus Christus, God se unieke seun, het mens geword, 'n sondelose lewe geleë, en het deur middel van sy plaasvervangende dood die skuld van die mens se sondes afgehandel. Hy is die enigste weg tot herstel van ons vertrouensverhouding met God. Daar is geen ander manier om verlossing te bekom anders as deur geloof in sy verdienste nie.

6. Elkeen van ons moet God se aanbod van vergifnis en herstel in Jesus persoonlik aanvaar. Dit word bewerkstellig deur 'n wilsbesluit om God se beloftes in en deur Jesus te vertrou en deur gewilliglik van gekende sonde weg te draai.

7. Ons almal is ten volle vergewe en herstel deur ons vertrou in Christus en inkeer van sonde. Maar bevestiging van hierdie nuwe verhouding moet egter in 'n veranderde en veranderende lewe merkbaar word. Die doel van God vir die mens is nie bloot om eendag in die hemel te kom nie, maar om daaglik Christus-gelykvormig te lewe. Diegene wat werklik gered is, selfs al sondig hulle steeds nou en dan, sal voortgaan in geloof en inkering vir die res van hulle lewens.

8. Die Heilige Gees is “die ander Jesus”. Hy is in die wêreld aanwesig om verlorene na Christus te lei, en om 'n Christus-gesindheid in dié wat gered is, te ontwikkel. Die gawes van die Gees word gegee by verlossing. Die gawes is die lewe en bediening van Jesus wat tussen die lede van sy liggaam – die kerk – verdeel word. Die gawes, wat basies die gesindheid en motiewe van Jesus is, kom tot uiting in die vrug van die Gees. Die Gees is so aktief vandag soos Hy was in Bybelse tye.

9. Die Vader het die opgestane Jesus Christus die regter van alle dinge gemaak. Hy sal terugkeer aarde toe om oordeel uit te spreek oor die mensdom. Dié wat Jesus vertrou het en wie se name in die Lam se boek van die lewe geskryf staan, sal hulle ewige, verheerlikte liggame ontvang met sy wederkoms. Hulle sal vir ewig saam met Hom wees. Maar diegene wat Hom verwerp het en weier om te reageer op God se waarheid, sal vir ewig afgesny wees van die geluk en vertrouensverhouding met die Drie-Enige God. Hulle sal verdoem wees saam met die duiwel en sy engele.

Hierdie is sekerlik nie volledig of omvattend nie, maar ek hoop dat dit jou die teologiese kleur van my hart wys. Ek hou van die volgende stelling:

“In noodsaaklikhede – eenheid; in dinge rondom – vryheid; in alle dinge – liefde.”  
 (“In essentials – unity, In peripherals – freedom, In all things – love.”)